Ten Geleide ........ 14
Woord Vooraf ........ 17
Inleiding ........ 18
§ 1 Inleiding ........ 18
AFDELING I - Die Voor-Israelitiese Geskiedenis ........ 19
Die Skepping ........ 20
§ 2 Die skepping van hemel en aarde (Gen. 1:1, 2) ........ 20
§ 3 Die eerste dag (Gen. 1: 3-5) ........ 21
§ 4 Die tweede dag (Gen. 1: 6-8) ........ 21
§ 5 Die derde dag (Gen. 1: 9-13) ........ 22
§ 6 Die vierde dag (Gen. 1:14-19) ........ 23
§ 7 Die vyfde dag (Gen. 1: 20-23) ........ 23
§ 8 Die sesde dag (Gen. 1: 24-31) ........ 24
§ 9 Die sewende dag (Gen. 2 :1-3) ........ 25
§ 10 Oorsig ........ 26
§ 11 Slotopmerking ........ 26
§ 12 Buite-Bybelse skeppingsverhale ........ 27
Die Mens in die Tuin van Eden ........ 28
§ 13 Die begin van die geskiedenis (Gen. 2:4-6) ........ 28
§ 14 Die formering van die mens (Gen. 2:7) ........ 28
§ 15 Sy plek en taak (proefgebod) (Gen. 2:8-20) ........ 29
§ 16 Die skepping van die vrou (Gen. 2:21-25) ........ 30
§ 17 Paradystradisies ........ 31
Die Val van die Mens in die Sonde ........ 32
§ 18 Die versoeker (Gen. 3 :1-5) ........ 32
§ 19 Die vrou eet en verlei haar man (Gen. 3:6, 7) ........ 33
§ 20 Die vonnis (Gen. 3:8-21) ........ 34
§ 21 Die mens uit die tuin van Eden verjaag (Gen. 3:22-24) ........ 36
§ 22 Die reaksie van die mens (Gen. 3:20) ........ 36
§ 23 Die posisie van die vrou ........ 37
Die Oudste Mensgeslagte ........ 38
§ 24 Die eerste kinders gebore (Gen. 4 :1, 2) ........ 38
§ 25 Die offerandes van Kain en Abel (Gen. 4:3-15) ........ 38
§ 26 Die geslag van Kain (Gen. 4 :16-24) ........ 40
§ 27 Kultuur ........ 40
§ 28 'n Ander kind in die plek van Abel (Gen. 4:25 - 5:23) ........ 41
§ 29 Chronologiese beskouing ........ 42
Noag en die Vloed ........ 45
§ 30 Die ou wêreld (Gen. 6:1-4) ........ 45
§ 31 Noag bou 'n ark (Gen. 6:5-22) ........ 46
§ 32 Die ondergang van die ou wêreld (Gen. 7:11-24) ........ 47
§ 33 Noag gaan uit die ark (Gen. 8) ........ 47
§ 34 Sondvloedverhale ........ 48
Begin en Uitbreiding van die Tweede Mensheid ........ 51
§ 35 Nuwe verordeninge (Gen. 9 :1-17) ........ 51
§ 36 Noag en sy wingerd (Gen. 9:18-29) ........ 52
§ 37 Die uitbreiding van die tweede mensheid (Gen. 10) ........ 52
§ 38 Die toring van Babel (Gen. 11:1-9) ........ 57
§ 39 Tempeltorings ........ 58

§ 40 Nimrod ........ 59
AFDELING II - Die Ontstaan en Vorming van die Volk Israel ........ 60
Abraham ........ 61
§ 41 Abram geroep (Gen. 12:1) ........ 61
§ 42 Ur van die Chaldeërs ........ 62
§ 43 Abram geseën (Gen. 12: 2,3) ........ 62
§ 44 Abram vertrek uit Haran (Gen. 12: 4-7) ........ 63
§ 45 Abram in Egipte (Gen. 12: 8-20) ........ 63
§ 46 Abram en Lot skei van mekaar (Gen. 13) ........ 64
§ 47 Abram as krygsman (Gen. 14 :1-16) ........ 65
§ 48 Abram en Melgisedek (Gen. 14 :17-24) ........ 66
§ 49 Verbond van God met Abram (Gen. 15) ........ 67
§ 50 Abram en Hagar (Gen. 16) ........ 69
§ 51 Die instelling van die besnydenis (Gen. 17) ........ 70
§ 52 Sara luister na die woorde van die Here (Gen. 18 :1-15) ........ 72
§ 53 Die verwoesting van Sodom (Gen. 18 :17-19,29) ........ 72
§ 54 Soutpilaar ........ 74
§ 55 Abraham in Gerar (Gen. 20) ........ 74
§ 56 Die plek van Genesis 20 en die volgorde van die gebeurtenisse ........ 75
§ 57 Die geboorte van Isak (Gen. 21:1-7) ........ 75
§ 58 Hagar en haar seun word weggejaag (Gen. 21: 8-21) ........ 76
§ 59 Verbond tussen Abraham en Abimeleg (Gen. 21: 22-34) ........ 77
§ 60 Die offerande op Moria (Gen. 22 :1-19) ........ 77
§ 61 Die dood van Sara (Gen. 23) ........ 80
§ 62 'n Vrou vir Isak (Gen. 24) ........ 80
§ 63 Die dood van Abraham (Gen. 25:7-9) ........ 81
Isak ........ 81
§ 64 Isak in Gerar (Gen. 26 :1-14) ........ 81
§ 65 Die volgorde van die gebeurtenisse ........ 82
§ 66 Die geboorte van Esau en Jakob (Gen. 25:19-26) ........ 82
§ 67 Die eersgeboortereg van Esau (Gen. 25:27-34) ........ 83
§ 68 Jakob verkry die seën van die eersgeborene (Gen. 27) ........ 83
Jakob ........ 85
§ 69 Jakob vlug vir Esau (Gen. 27:41-28:22) ........ 85
§ 70 Jakob by Laban (Gen. 29 en 30) ........ 86
§ 71 Jakob vertrek uit Paddan-Aram (Gen. 31) ........ 88
§ 72 Jakob by Pniël (Gen. 32) ........ 89
§ 73 Jakob en sy seuns (Gen. 34,35,38) ........ 90
Josef ........ 93
§ 74 Josef word as slaaf verkoop (Gen. 37) ........ 93
§ 75 Josef in die gevangenis (Gen. 39,40) ........ 95
§ 76 "'n Egiptiese man" (Gen. 39:1) ........ 96
§ 77 Josef onderkoning van Egipte (Gen. 41; 47:13-26) ........ 96
§ 78 Die broers van Josef in Egipte (Gen. 42-45) ........ 97
§ 79 Die laaste jare van Jakob (Gen. 46:50) ........ 98
§ 80 Chronologiese tabel van die lewe van die aartsvaders ........ 102
Israel uit Egipte Uitgelei ........ 103
§ 81 Harde slawerny in Egipte (Ex. 1) ........ 103
§ 82 Datering van die uittog ........ 104
§ 83 Beknopte oorsig van die geskiedenis van Egipte ........ 105

§ 84 Die geboorte van Moses (Ex. 2 :1-10) ....................106
§ 85 Moses vlug (Ex. 2 :11-25) ....................106
§ 86 Die roeping van Moses (Ex. 3,4,6) ....................107
§ 87 Die naam "HERE" ....................109
§ 88 Moses verskyn voor die Farao (Ex. 4 :18-7:13) ....................110
§ 89 Slangebeswering ....................111
§ 90 Die tien plae oor Egipte (Ex. 7 :14-11:10) ....................111
§ 91 Pasga en uittog (Ex. 12 :1-13:22) ....................113
§ 92 Deurtog deur die Skelfsee (Ex. 14 :1-15:22) ....................115
Op Pad na Sinai ....................116
§ 93 Mara (Ex. 15:22-26) ....................116
§ 94 Elim (Ex. 15:27) ....................116
§ 95 Brood uit die hemel (Ex. 16) ....................116
§ 96 Water uit die rots (Ex. 17 :1-7) ....................117
§ 97 Amalek (Ex. 17:8-16) ....................117
§ 98 Jetro besoek Moses in die woestyn (Ex. 18) ....................118
Die Wetgewing op Sinai ....................119
§ 99 Israel die eiendom van die HERE (Ex. 19 :1-8) ....................119
§ 100 Die HERE verskyn aan Sy volk om die Tien Gebooie af te kondig (Ex. 19: 9-20:21) ....................119
§ 101 Die HERE verskyn aan Moses om die Boek van die Verbond af te kondig (Ex. 20:22-23:33) ....................120
§ 102 Die Dis van die Verbond (Ex. 24 :1-11) ....................120
§ 103 Wette van die erediens (Ex. 24 :12-31:18) ....................121
Die Goue Kalf ....................123
§ 104 Gode wat voor ons uit trek (Ex. 32 :1-6) ....................123
§ 105 Die toorn van die HERE en die pleidooi van Moses (Ex. 32: 7-14) ....................124
§ 106 Moses straf die volk (Ex. 32 :15-30) ....................124
§ 107 Die voortgesette pleidooi van Moses (Ex. 33) ....................125
§ 108 Die vernuwing van die verbond (Ex. 34) ....................126
§ 109 Die tabernakel (Ex. 35-40) ....................126
Van Sinai na Kades ....................127
§ 110 Die boek Levitikus ....................127
§ 111 Die optog na Paran (Num. 10 :11-36) ....................127
§ 112 Tabera (Num. 11:1-3) ....................128
§ 113 Kibrot-Hattaäwa (Num. 11: 4-35) ....................128
§ 114 Haserot (Num. 12) ....................129
§ 115 Die twaalf verkenners (Num. 13,14) ....................129
Verblyf in Kades en Omgewing ....................131
§ 116 Oproer van Korag, Datan en Abiram (Nuin. 16) ....................131
§ 117 Die staf van Aäron (Num. 17) ....................132
§ 118 Meriba (Num. 20:2-13) ....................133
Van Kades af op Mars na die Oos-Jordaanland ....................134
§ 119 Boodskappers na Edom (Num. 20 :14-21) ....................134
§ 120 Die dood van Aäron (Num. 20:22-29) ....................135
§ 121 Die koning van Arad (Num. 21:1-3) ....................135
§ 122 Die koperslang (Num. 21: 4-10) ....................135
§ 123 Sihon en Og (Num. 21:11-35; Deut. 2: 24-3: 22) ....................136
§ 124 Bileam (Num. 22-25) ....................136
§ 125 Die wraak op Midian (Num. 31) ....................138

§ 126 Josua word as opvolger van Moses aangewys (Num. 27:12-23) .......................... 139
§ 127 Die dood en begrafnis van Moses (Deut. 34) ................................................ 140
Deurtog deur die Jordaan ................................................................................ 140
§ 128 Die bevel tot die opmars (Jos. 1) ........................................................... 140
§ 129 Twee verkenners word uitgestuur (Jos. 2) ............................................... 140
§ 130 Die water van die Jordaan bly staan (Jos. 3 en 4) .................................... 141
§ 131 By Gilgal (Jos. 5) .................................................................................... 142
Die Verowering van die Wes-Jordaanland ......................................................... 143
§ 132 Die Leërowerste van die HERE (Jos. 5 :13-15) ......................................... 143
§ 133 Die val van Jerigo (Jos. 6) ...................................................................... 143
§ 134 Jerigo ..................................................................................................... 144
§ 135 Die val van Ai (Jos. 7:1-8: 29) ................................................................ 144
§ 136 Ai ........................................................................................................... 145
§ 137 Die altaar op die berg Ebal (Jos. 8:30-35) ................................................ 146
§ 138 Die Gibeoniete (Jos. 9) ........................................................................... 146
§ 139 Onderwerping van Suid-Kanaän (Jos. 10) ................................................ 147
§ 140 Onderwerping van Noord-Kanaän (Jos. 11) .............................................. 148
§ 141 Die resultaat van die veroweringe van Josua (Jos. 12,13) .......................... 148
Die Verdeling van die Land .............................................................................. 149
§ 142 Die verdeling in Gilgal (Jos. 14-17) ......................................................... 149
§ 143 Die verdeling in Silo (Jos. 18 en 19) ........................................................ 149
§ 144 Verdere verdeling (Jos. 19:49-21: 45) ...................................................... 150
§ 145 Die vertrek van die Oos-Jordaniërs (Jos. 22) ............................................ 150
§ 146 Datering van die intog ............................................................................ 151
Die Eerste Tyd ná Josua .................................................................................. 152
§ 147 Die einde van die lewe van Josua (Jos. 23 en 24) ..................................... 152
§ 148 Voortsetting van die stryd (Rigt. 1) .......................................................... 152
§ 149 Miga en sy heiligdom (Rigt. 17 en 18) ..................................................... 153
§ 150 Gruwel in Gibea en sy gevolge (Rigt. 19-21) ............................................ 154
§ 151 Afval en afgodery in Israel (Rigt. 2) ........................................................ 155
Begin van die Rigtertyd .................................................................................... 156
§ 152 Die omringende lande ............................................................................ 156
§ 153 Otnlël (Rigt. 3:5-11) ................................................................................ 157
§ 154 Ehud (Rigt 3 :12-30) ............................................................................... 157
§ 155 Barak en Debora (Rigt. 4 en 5) ............................................................... 158
Gideon ............................................................................................................ 159
§ 156 Gideon geroep (Rigt. 6 :1-32) .................................................................. 159
§ 157 Neerlaag van die Midianiete (Rigt. 6:33-8:21) .......................................... 160
§ 158 Die skouerkleed van Gideon (Rigt. 8:22-35) ............................................. 161
§ 159 Die koningskap van Abimeleg (Rigt. 9) .................................................... 161
Jefta ............................................................................................................... 163
§ 160 Verdrukking deur die Ammoniete (Rigt. 10) ............................................. 163
§ 161 Jefta as aanvoerder gekies (Rigt. 11:1-11) ................................................ 164
§ 162 Neerlaag van die Ammoniete (Rigt. 11:12-33) .......................................... 164
§ 163 Die gelofte van Jefta (Rigt. 11: 30, 31, 34-40) ........................................... 165
§ 164 Burgeroorlog met Efraim (Rigt. 12 :1-7) ................................................... 165
§ 165 Die tyd ná Jefta (Rigt. 12:8-15) ............................................................... 165
Simson ............................................................................................................ 165
§ 166 Die geboorte van Simson (Rigt. 13) ......................................................... 165
§ 167 Huwelik van Simson (Rigt. 14:1-15:8) ...................................................... 166

§ 168 Die vrou van Simson (Rigt. 15) ....................168
§ 169 Die slag by Legi (Rigt. 15:8-20) ....................168
§ 170 Roepersfontein (Rigt. 15 :18-20) ....................168
§ 171 Simson in Gasa (Rigt 16:1-3)....................169
§ 172 Simson en Delila (Rigt. 16:4-21) ....................169
§ 173 Die dood van Simson (Rigt. 16:22-31) ....................170
Rut ....................170
§ 174 Elimeleg trek na Moab (Rut 1)....................170
§ 175 Rut tel are op (Rut 2)....................171
§ 176 Die plan van Naomi (Rut 3)....................172
§ 177 Boas in die poort (Rut 4:1-12)....................173
§ 178 Die nakomelinge van Rut (Rut 4 :13-22) ....................174
Eli....................175
§ 179 Eli hoëpriester in Silo (1 Sam. 1 en 2 :12-25)....................175
§ 180 Die oordeel oor die huis van Eli aangesê (1 Sam. 2:27-3 :18)....................176
§ 181 Die oordeel kom (1 Sam. 4) ....................176
§ 182 Die verbondsark by die Filistyne (1 Sam. 5 en 6)....................177
§ 183 Die ark terug in Israel (1 Sam. 6 :13-7 :1) ....................178
Samuel ....................179
§ 184 Die geboorte van Samuel (1 Sam. 1)....................179
§ 185 Die lofsang van Hanna (1 Sam. 2:1-10)....................179
§ 186 Die eerste Godsopenbaring aan Samuel (1 Sam. 3)....................180
§ 187 Samuel in Mispa (1 Sam. 7: 2-14)....................180
§ 188 Chronologiese oorsig van dk tyd van die rigters....................181
AFDELING III - Die Staat Israel, die Ryke Juda en Israel ....................183
Die Vestiging van die Koningskap....................184
§ 189 Die volk wil 'n koning hê (1 Sam. 8) ....................184
§ 190 Die koning word gesalf (1 Sam. 9 en 10)....................184
§ 191 Die koningskeuse in Mispa (1 Sam. 10 :17-27)....................186
§ 192 Die houding van Samuel (1 Sam. 12) ....................187
Koning Saul ....................188
§ 193 Stryd met Nahas (lSam. 11) ....................188
§ 194 Stryd met die Filistyne (1 Sam. 13 en 14)....................189
§ 195 Saul se koningskap in die krisis (1 Sam. 13:8-15)....................190
§ 196 Jonatan (1 Sam. 14)....................191
§ 197 Gibea ....................192
§ 198 Stryd teen Amalek (1 Sam. 15) ....................192
Saul en Dawid....................195
§ 199 Dawid tot koning gesalf (1 Sam. 16 :1-13) ....................195
§ 200 Die gemoedstoestand van Saul (1 Sam. 16 :14-23) ....................196
§ 201 Dawid en Goliat (1 Sam. 17:1-18:13)....................197
§ 202 Die verhouding tussen Saul en Dawid (1 Sam. 10-20) ....................198
§ 203 Priestermoord (1 Sam. 21 en 22)....................200
§ 204 Dawid in Kehila (1 Sam. 23 :1-13) ....................201
§ 205 Laaste ontmoeting van Dawid en Jonatan (1 Sam. 23:16-18)....................202
§ 206 Dawid in Maon (1 Sam. 23 :19-28)....................202
§ 207 Dawid in Engedi (1 Sam. 24)....................202
§ 208 Laaste ontmoeting tussen Saul en Dawid (1 Sam. 26)....................203
Die Einde van Saul ....................203
§ 209 Die Filistyne trek op na Israel (1 Sam. 27; 29) ....................203

§ 210 Saul in die uiterste nood (1 Sam. 28) ........ 204
§ 211 Die dood van Saul (1 Sam. 31) ........ 206
§ 212 Die berig van die dood van Saul aan Dawid (2 Sam. 1:1-16) ........ 206
§ 213 "Hoe het die helde geval" (2 Sam. 1:17-27) ........ 207
Koning Dawid ........ 207
§ 214 Dawid word koning (2 Sam. 2 :1-11) ........ 207
§ 215 Burgeroorlog tussen Juda en Israel (2 Sam. 2 :12-3 :1) ........ 208
§ 216 Isboset en Abner (2 Sam. 3) ........ 208
§ 217 Isboset word vermoor (2 Sam. 4) ........ 209
§ 218 Dawid as koning oor Israel gesalf (2 Sam. 5 :1-5) ........ 209
§ 219 Die residensie van Dawid (2 Sam. 5:*6*—9; 1 Kron. 11:4-8) ........ 210
§ 220 Die onderwerping van die Filistyne (2 Sam, 5 :17-25 e.a.) ........ 211
§ 221 Die onderwerping van ander vyande (2 Sam. 8) ........ 211
§ 222 Dawid in Jerusalem (2 Sam. 5-7; 1 Kron. 14-17) ........ 212
§ 223 Dawid en die huis van Saul (2 Sain. 9 en 21) ........ 214
§ 224 Oorlog met Ammon (2 Sam. 10) ........ 216
§ 225 Batseba (2 Sam. 11) ........ 216
§ 226 "U is die man!" (2 Sam. 12 :1-25) ........ 218
§ 227 Amnon en Tamar (2 Sam. 13) ........ 219
§ 228 Terugkeer van Absalom (2 Sam. 14) ........ 219
§ 229 Absalom gryp na die kroon (2 Sam. 15:1-18:18) ........ 220
§ 230 Dawid rou oor Absalom (2 Sam. 18:19-19: 8) ........ 223
§ 231 Terugkeer van Dawid na Jerusalem (2 Sam. 19:8b-40) ........ 224
§ 232 Die opstand van Seba (2 Sam. 19:41-20:22) ........ 225
§ 233 Die telling van die volk (2 Sam. 24; 1 Kron. 21) ........ 226
§ 234 Die sameswering van Adonia (1 Kon. 1) ........ 228
§ 235 Die betekenis van koning Dawid ........ 230
§ 236 Die einde van Dawid (1 Kon. 2; 1 Kron. 28,29) ........ 231
Koning Salomo ........ 231
§ 237 Die bevestiging van die koningskap van Salomo (1 Kon. 2 :12-47) ........ 231
§ 238 Verskyning van die HERE aan Salomo by Gibeon (1 Kon. 3:4-15; 2 Kron. 1:1-13) ........ 232
§ 239 Die mag en heerlikheid van Salomo (1 Kon. 4 e.a.) ........ 232
§ 240 Die tempel van Salomo (1 Kon. 5-8; 2 Kron. 2-7) ........ 234
§ 241 Die voorwerpe in die tempel (1 Kon. 7; 2 Kron. 4) ........ 234
§ 242 Die inwyding van die tempel (1 Kon. 8; 2 Kron. 5-7) ........ 235
§ 243 Die wysheid van Salomo (1 Kon. 4:29-34) ........ 236
§ 244 Die koningin van Skeba (1 Kon. 10 :1-13; 2 Kron. 9:1-12) ........ 236
§ 245 Skeba ........ 237
§ 246 Die einde van Salomo (1 Kon. 11) ........ 237
Die Ryk Geskeur ........ 238
§ 247 Ontevredenheid in Israel oor die huis van Dawid (1 Kon. 12:1-4; 2 Kron. 10 :1-4) ........ 238
§ 248 Die optrede van Jerobeam (1 Kon. 11: 26-40) ........ 238
§ 249 Die krenkende antwoord (1 Kon. 12: 5-20; 2 Kron. 10:5-19) ........ 239
§ 250 Rehabeam wil die verlore ryk terugwin (1 Kon. 12: 21-24; 2 Kron. 11: 1-4) ........ 240
§ 251 Versterking van posisie aan albei kante (1 Kon. 12:25; 2 Kron. 11: 5-17) ........ 240
§ 252 Die kalwerdiens in Israel (1 Kon. 12:26-33) ........ 241
§ 253 Die oordeel oor Jerobeam (1 Kon. 12: 33-13 :10) ........ 242
§ 254 Die ou profeet van Bet-el (1 Kon. 13:11-32) ........ 243

§ 255 Abia, die seun van Jerobeam (1 Kon. 14 :1-20) ... 244
§ 256 Die sonde van Rehabeam (1 Kon. 14:21-24; 2 Kron. 12 :14) ... 246
§ 257 Die inval van Sisak (1 Kon. 14: 25-2S; 2 Kron. 12:2-12) ... 246
§ 258 Sisak ... 247
§ 259 Abia verslaan Israel (2 Kron. 13 :13-20) ... 247
§ 260 Die "vroomheid" van Abia (2 Kron. 13:4-12) ... 248
Asa en sy Tydgenote in Israel ... 248
§ 261 Asa reformator (1 Kon. 15:9-15; 2 Kron. 14 :1-5; 15) ... 248
§ 262 Asa verslaan die Kusiete (2 Kron. 14: 9-15) ... 249
§ 263 Nadab koning van Israel (1 Kon. 15:25-32) ... 250
§ 264 Baesa koning van Israel (1 Kon. 15:32-16:7; 2 Kron. 16 :1) ... 250
§ 265 Die sewedaagse koningskap van Simri (1 Kon. 16:8-20) ... 251
§ 266 Omri koning van Israel (1 Kon. 16:21-28) ... 252
§ 267 Samaria ... 252
§ 268 Die Mesasteen ... 253
§ 269 Asa se siekte (1 Kon. 15: 23,24; 2 Kron. 16:12-14) ... 253
§ 270 Nuwe situasie ná die dood van Asa (2 Kron. 17:1; 18:1) ... 253
Die Stryd van Elia teen die Baäldiens van Agab ... 254
§ 271 Die toestand in Israel onder die regering van Agab (1 Kon. 16:29-34) ... 254
§ 272 Die optrede van Elia (1 Kon. 17 :1) ... 255
§ 273 Elia by die spruit Krit (1 Kon. 17: 2-6) ... 255
§ 274 Elia in Sarfat (1 Kon. 17:7-16) ... 255
§ 275 Die seun van die weduwee (1 Kon. 17 :17-24) ... 256
§ 276 Elia vertoon hom aan Agab (1 Kon. 18 :1-19) ... 257
§ 277 God antwoord met vuur (1 Kon. 18: 20-40) ... 258
§ 278 Die reën kom *i* (1 Kon. 18:41-46) ... 260
§ 279 Elia by die berg Horeb (1 Kon. 19 :1-18) ... 260
§ 280 Elisa geroep (1 Kon. 19:19-21) ... 262
§ 281 Benhadad soek moeilikheid (1 Kon. 20 :1-12) ... 262
§ 282 Onverwagte aankondiging van uitredding (1 Kon. 20:13, 14) ... 263
§ 283 Die Arameërs vlug (l Kon. 20:15-22) ... 263
§ 284 Hernuwing van die stryd (1 Kon. 20: 22-33) ... 264
§ 285 'n Verbond tussen Agab en Benhadad (1 Kon. 20:34) ... 265
§ 286 Die vermomde profeet (1 Kon. 20:35-42) ... 265
§ 287 Die houding van Agab (1 Kon. 20: 43) ... 266
§ 288 Profeteseuns (1 Kon. 20: 35) ... 266
Die Moord op Nabot ... 267
§ 289 Die aanleiding tot die moord (1 Kon. 21:1-4) ... 267
§ 290 Die plan van Isébel (1 Kon. 21: 5-16) ... 268
§ 291 Die oordeel van God oor Agab en Isébel (1 Kon. 21:17-26) ... 269
§ 292 Die berou van Agab (1 Kon. 21: 27-29) ... 269
Die Laaste Jare van Agab ... 270
§ 293 Agab en Josafat (1 Kon. 22:1-4; 2 Kron. 18 :1-3) ... 270
§ 294 Advies van profete (1 Kon. 22:4-18; 2 Kron. 18:4-17) ... 270
§ 295 Lig oor die konflik tussen waarheid en leuen (1 Kon. 22:19-28; 2 Kron. 18 :18-27) ... 272
§ 296 Die opmars na Ramot in Gilead (1 Kon. 22:29-40; 2 Kron. 18: 28-34) ... 273
§ 297 Agab by Karkar ... 274
§ 298 Die tuiskoms van Josafat (2 Kron. 19 :1-3) ... 275
Die Regering van Koning Josafat ... 275

§ 299 Reformatoriese optrede (1 Kon. 22:41-47; 2 Kron. 17:1-6) ................................275
§ 300 Onderwys en regspraak (2 Kron. 17:7-9; 19: 4-11) .............................................276
§ 301 Die voorspoed van Josafat (2 Kron. 17 :10-19) ........................................................276
§ 302 Josafat roep 'n vasdag uit (2 Kron. 20:1-19) ............................................................276
§ 303 Die HERE gee uitredding (2 Kron. 20:20-30) ............................................................277
§ 304 Ofirvaart (1 Kon, 22:4&-50; 2 Kron. 20:35-37) ........................................................277
Ahasia Koning van Israel ..........................................................................................................278
§ 305 Sy lewenshouding (1 Kon. 22: 52-54; 2 Kon. 1: 2, 3) ..............................................278
§ 306 Die oordeel oor Ahasia (2 Kon. 1: 3-18)....................................................................278
Joram Koning van Israel..............................................................................................................279
§ 307 Sy lewenshouding (2 Kon. 3 :1-3) ..............................................................................279
§ 308 Israel, Juda en Edom trek op teen Moab (2 Kon. 3:4-19) ........................................280
§ 309 Die wonderbare uitredding (2 Kon. 3:20-26)..............................................................281
§ 310 'n Menseoffer (2 Kon. 3:27)........................................................................................281
Joram Koning van Juda ..............................................................................................................282
§ 311 Sy lewenshouding (2 Kon. 8 :18; 2 Kron. 21:1-7; 11)...............................................282
§ 312 Die Edomiete van Juda afvallig (2 kon. 8:20 22; 2 Kron. 21: 8-10).........................283
§ 313 Strooptog van Filistyne en Arabiere (2 Kon. 8:22; 2 Kron. 21:10,16,17) ...............284
§ 314 Brief van Elia (2 Kron. 21:12-15) ..............................................................................284
§ 315 Ahasia volg Joram op (2 Kon. 8:25-29; 2 Kron. 22:1-5) ..........................................284
§ 316 Tabel..............................................................................................................................285
Elisa ..............................................................................................................................................285
§ 317 Elia in die hemel opgeneem (2 Kon. 2 :1-18) ............................................................285
§ 318 Die water wat gesond geword het (2 Kon. 2 :19-22) ................................................287
§ 319 Die vloek van die HERE oor spottende seuns (2 Kon. 2: 23-25)...............................287
§ 320 Die vol kanne (2 Kon. 4 :1-7) ....................................................................................288
§ 321 Die vermoënde vrou in Sunem (2 Kon. 4:8-37)..........................................................289
§ 322 Die dood in die pot (2 Kon. 4:38-41) .........................................................................291
§ 323 Eet en oorhou (2 Kon. 4:42-44) ..................................................................................291
§ 324 Naäman word van sy melaatsheid genees (2 Kon. 5:1-19) .......................................292
§ 325 Gehasi word melaats (2 Kon. 5:19-27) .......................................................................294
§ 326 Elisa laat die yster drywe (2 Kon. 6 :1-7) ..................................................................295
§ 327 Die wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is (2 Kon. *6:*8-23).........................295
§ 328 Samaria beleër maar deur die HERE verlos (2 Kon. *6:*24-7:20) ..........................296
§ 329 Die Sunamitiese doen 'n beroep op die koning (2 Kon. 8:1-6) ..................................298
§ 330 Elisa in Damaskus (2 Kon. 8:7-15) ............................................................................299
Jehu Koning van Israel ................................................................................................................300
§ 331 Oorsig van die gelyktydige konings............................................................................300
§ 332 Jehu gesalf (2 Kon. 9:1-10).........................................................................................300
§ 333 Jehu as koning gehuldig (2 Kon. 9:11-13) .................................................................301
§ 334 Die sameswering van Jehu (2 Kon. 9:14-26) .............................................................301
§ 335 Die dood van Ahasia (2 Kon. 9: 27-29; 2 Kron. 22:7-9) ...........................................302
§ 336 Die dood van Isébel (2 Kon. *9*: 30-37).....................................................................302
§ 337 Samaria kapituleer (2 Kon. 10 :1-11)..........................................................................303
§ 338 Die broers van Ahasia (2 Kon. 10 :12-14) .................................................................304
§ 339 Jonadab, die seun van Regab (2 Kon. 10 :15,16)......................................................304
§ 340 Uitroeiing van die Baäldiens (2 Kon. 10 :17-28).......................................................305
§ 341 Atalia regeer in Juda (2 Kon. 11:1-3; 2 Kron. 22:10-12)..........................................305
§ 342 Die lewenshouding van Jehu (2 Kon. 10:29-36).........................................................306
§ 343 Jehu op die knieë voor Salmaneser III .......................................................................307

Joas Koning van Juda ........................................................................................307
§ 344 Die verheffing van Joas tot koning (2 Kon. 11: 4-21; 2 Kron. 23) ......................307
§ 345 Die lewenshouding van Joas (2 Kon. 12:1-16; 2 Kron. 24:1-22) .........................308
§ 346 Strafgerigte teen Joas (2 Kon. 12:17,18; 2 Kron. 24:23, 24) ...............................309
Joahas Koning van Israel ....................................................................................310
§ 347 Sy Iewenshouding (2 Kon. 13 :1-4) ...................................................................310
§ 348 Die vernedering van Israel onder Joahas (2 Kon. 13:7,8)....................................310
Joas Koning van Israel.........................................................................................311
§ 349 Oorsig...................................................................................................................311
§ 350 Die lewenswandel van Joas van Israel (2 Kon. 13: 9-11)....................................311
§ 351 Joas by die sterfbed van Elisa (2 Kon. 13 :14-19) ...............................................311
§ 352 Die gebeente van Elisa (2 Kon. 13:20,21) ..........................................................312
§ 353 Joas van Israel en Benhadad van Aram (2 Kon. 13:22-25)..................................312
§ 354 Joas deur Amasia van Juda uitgedaag (2 Kon. 14:8-14; 2Kron.25:17-24) ...........312
Amasia Koning van Juda.......................................................................................313
§ 355 Sy lewenshouding (2 Kon. 14 :1-4; 2 Kron. 25 :1,2)...........................................313
§ 356 Die begin van sy regering (2 Kon. 14:5,6; 2 Kron. 25:3,4) ................................313
§ 357 Amasia verslaan die Edomiete (2 Kon. 14:7; 2 Kron. 25:5-13)..........................314
§ 358 Amasia vereer die gode van Edom (2 Kron. 25 :14-16) .......................................314
§ 359 Die einde van Amasia (2 Kon. 14 :17-21; 2 Kron. 25:25-28)..............................315
Ussia en Jotam Konings van Juda .........................................................................315
§ 360 Die Iewenshouding van Ussia (Asarja) (2 Kon. 15 :1-4; 2 Kron. 26: 4,5) ...........315
§ 361 Die voorspoed van Ussia (2 Kon. 14:22; 2 Kron. 26:6-15) ................................315
§ 362 Asarja en Tiglat-Pileser.......................................................................................316
§ 363 Die sonde van Ussia (2 Kon. 15:5; 2 Kron. 26 :16-21).........................................316
§ 364 Besonderhede .......................................................................................................317
§ 365 Jotam (2 Kon. 15:32-38; 2 Kron. 27).................................................................317
Jerobeam II Koning van Israel................................................................................317
§ 366 Sy lewenshouding (2 Kon. 14:23,24)...................................................................317
§ 367 Jerobeam se oorwinnings (2 Kon. 14:25,28).......................................................318
§ 368 Die goedgunstigheid van God jeens die sondige Israel (2 Kon. 4: 26, 27)...........318
§ 369 Die profeet Amos ................................................................................................318
§ 370 Die profeet Hosea.................................................................................................318
§ 371 Die profeet Jona ..................................................................................................319
§ 372 Die bekering van Ninevé......................................................................................319
Die Opvolgers van Jerobeam II...............................................................................319
§ 373 Sagaria koning oor Israel (2 Kon. 15:8-12).........................................................319
§ 374 Oorsig van die huis van Jehu ..............................................................................320
§ 375 Sallum koning oor Israel (2 Kon. 15 :13-15) .......................................................320
§ 376 Menahem koning oor Israel (2 Kon. 15 :16-22)...................................................320
§ 377 Pul (2Kon.l5:19)..................................................................................................320
§ 378 Pekahia koning van Israel (2 Kon. 15:23-26) .......................................................321
Peka van Israel en Agas van Juda...........................................................................321
§ 379 Hul lewenshouding (2 Kon. 15:28; 16:1-4) .........................................................321
§ 380 Oorlog tussen Peka en Agas (2 Kon. 16:5; 2Kron.28:5-15;Jes.7) .......................322
§ 381 Die verloop van die oorlog (2 Kon. 16:5; 2 Kron. 28: 5-8; 16-18).......................322
§ 382 Die profeet Oded (2 Kron. 28: 9-15)...................................................................323
§ 383 Die Immanuel-teken (Jes. 7 :1-25).......................................................................323
§ 384 Die einde van die oorlog (2 Kon. 15:29; *16*: 9) ...................................................324
§ 385 Agas vasal van die koning van Assirië (2 Kon. 16:10-20; 2 Kron. 28: 20-27).....324

Die Einde van die Tienstammeryk ........................................................................325
§ 386 Hosea laaste koning van Israel (2 Kon. 17:1,2) ..................................................325
§ 387 Die val van Samaria(2Kon.l7:3-6) ..........................................................................326
§ 388 Die oorsake van die ondergang van Israel (2 Kon. 17: 7-23) ...............................326
§ 389 Die toestande in Israel ná die val van Samaria (2 Kon. 17: 24-41).......................326
§ 390 Die Samaritane .........................................................................................................327
§ 391 Oorsig........................................................................................................................328
Hiskia Koning van Juda........................................................................................................328
§ 392 Sy lewenshouding (2 Kon. 18:1-6; 2 Kron. 29:2).................................................328
§ 393 Die politieke bedrywighede van Hiskia (2 Kon. 18:8; 20 :12-19; 2 Kron. 32: 31) ....................................................................................................................................329
§ 394 Padi...........................................................................................................................329
§ 395 Die aanval van Sanherib (2 Kon. 18:13 e.v.; 2 Kron. 32; Jes. 36)........................330
§ 396 Die optrede van Jesaja (2 Kon. 19 :1-7; 2 Kron. 32:20; Jes. 37:21-35)................330
§ 397 Die neerlaag van die Assiriërs (2 Kon. 19: 35; 2 Kron. 32: 21)...........................331
§ 398 Die siekte van Hiskia (2 Kon. 20 :1-11; 2 Kron. 32:24; Jes. 38).........................331
§ 399 Die Siloa-tonnel.......................................................................................................332
§ 400 Letterkundige belangstelling van Hiskia..............................................................332
§ 401 Die boek Job.............................................................................................................333
§ 402 Die profeet Jesaja ....................................................................................................334
§ 403 Die profeet Miga .....................................................................................................334
Manasse en Amon Konings van Juda................................................................................334
§ 404 Hul lewenshouding (2 Kon. 21:1-7; 20-22; 2 Kron. 33:1-7, 12-17, 21-23)..........334
§ 405 Die regering van Manasse (2 Kon. 21:16; 2 Kron. 33:11-20)..............................335
§ 406 Assirië in die tyd van Manasse...............................................................................335
§ 407 Amon (2 Kon. 21:19-26; 2 Kron. 33 :21-25) .......................................................336
Josia Koning van Juda ..........................................................................................................336
§ 408 Sy lewenshouding (2 Kon. 22:1,2,25; 2 Kron. 34 :1,2) .......................................336
§ 409 Sy reformatoriese optrede (2 Kon. 22:3-7; 23: 4-20,24; 2 Kron. 34:3-13)...........336
§ 410 Die wetboek gevind (2 Kon. 22:8-23:3; 2 Kron. 34:14-33).................................337
§ 411 Die pasga van Josia (2 Kon. 23: 21-23; 2 Kron. 35:1-19) ...................................338
§ 412 Die dood van Josia (2 Kon. 23:29, 30; 2 Kron. 35:20-27)...................................338
§ 413 Josia in die lys van sy tyd.......................................................................................339
Die Einde van die Koninkryk Juda.....................................................................................339
§ 414 Joahas koning van Juda (2 Kon. 23:31-33; 2 Kron. 36:1-4) ...............................339
§ 415 Jojakim koning van Juda (2 Kon. 23:34-24:6; 2 Kron. 36:5-8) ...........................340
§ 416 Jojagin koning van Juda (2 Kon. 24:8-16; 27-30; 2 Kron. 36:9,10) ....................341
§ 417 Sedekia, die laaste koning van Juda (2 Kon. 24 :17-25: 21; 2 Kron. 36 :11-21; Jer. 52)...............................................................................................................................342
§ 418 Die Lagisbriewe ......................................................................................................344
§ 419 Oorsigte ...................................................................................................................344
§ 420 Gedalja (2 Kon. 25: 22-26; Jer. 40:7-43: 7)..........................................................345
Die Profete Tydens die Laaste Jare van die Ryk Juda.......................................................346
§ 421 Jeremia .....................................................................................................................346
§ 422 Sefanja......................................................................................................................348
§ 423 Nahum .....................................................................................................................349
§ 424 Obadja .....................................................................................................................349
§ 425 Tabel van die konings van Juda en Israel..............................................................350
AFDELING IV - Die Volk in Ballingskap en sy Terugkeer .................................................351
Die Ballingskap .......................................................................................................................352

§ 426 Die lewe van die Jode in die ballingskap ........ 352
§ 427 Die profeet Esegiël ........ 353
§ 428 Daniël aan die koninklike hof in Babel (Dan. 1) ........ 354
§ 429 Die droom van Nebukadnesar oor die groot beeld (Dan. 2) ........ 354
§ 430 Die goue beeld in die dal Dura (Dan. 3) ........ 355
§ 431 Die droom van Nebukadnesar oor die groot boom (Dan. 4) ........ 356
§ 432 Slotbeskouing oor Daniël 2-4 ........ 358
§ 433 Beltsasar en Belsasar (Dan. 5) ........ 358
§ 434 Babel ........ 360
§ 435 Daniël en Darius (Dan. 6) ........ 361
Die Terugkeer uit die Ballingskap ........ 362
§ 436 Die edik van Kores (Esra 1:1-4) ........ 362
§ 437 Die eerste bereidwilliges (Esra 1: 5-2:30) ........ 363
§ 438 Die brandofferaltaar word gebou (Esra 3:1-45) ........ 364
§ 439 Die fondament van die huls van die Here gelê (Esra 3:7-13) ........ 364
§ 440 Vertraging in die tempelbou (Esra 4) ........ 365
§ 441 Voltooiing van die tempelbou (Esra 5 :1-6 :19) ........ 366
§ 442 Paasfeesviering en ongesuurde brode (Esra *6 :*19-22) ........ 367
§ 443 Die profeet Haggai ........ 367
§ 444 Die profeet Sagaria ........ 367
Die Jode onder Ahasveros ........ 367
§ 445 Die begin van die regering van Ahasveros (Esra 4:6) ........ 367
§ 446 Die fees van Ahasveros (Ester 1) ........ 368
§ 447 Ester word koningin (Ester 2:1-18) ........ 368
§ 448 Mordegai in die poort van die koning (Ester 2 :19-23) ........ 369
§ 449 Haman gunsteling van koning Ahasveros (Ester 3) ........ 369
§ 450 Die bemiddeling van Ester (Ester 4:1-8:2) ........ 370
§ 451 Die teenmaatreëls van Ester en Mordegai (Ester 8:3—10:3) ........ 373
§ 452 Die betekenis van die geskiedenis van Ester ........ 373
Die Jode onder Artasasta ........ 374
§ 453 Esra gaan na Jerusalem (Esra 7 en 8) ........ 374
§ 454 Die werk van Esra in Jerusalem (Esra 9 en 10) ........ 375
§ 455 Nehemia kom in Jerusalem (Neh. 1 en 2) ........ 376
§ 456 Nehemia bou die mure en poorte van Jerusalem op (Neh. 2-7) ........ 377
§ 457 Sosiale misstande (Neh. 5) ........ 379
§ 458 Die samekoms by die Waterpoort (Neh. 8 :1-13) ........ 379
§ 459 Die huttefees (Neh. 8 :14-19) ........ 380
§ 460 Vas-en biddag (Neh. 9) ........ 380
Israel wag op vrymaking. ........ 380
§ 461 'n Vaste verbond op 'n verseëlde stuk (Neh. 10) ........ 380
§ 462 Die tweede verblyf van Nehemia in Jerusalem (Neh. 13) ........ 381
§ 463 Die profeet Maleagi ........ 382
§ 464 Elephantine ........ 382
Donker Eeue ........ 382
§ 465 Die einde van die Persiese ryk ........ 382
§ 466 Alexander die Grote. ........ 383
§ 467 Die Jode onder die Ptolemeërs ........ 383
§ 468 Die Jode onder die Seleucide ........ 383
§ 469 Die Makkabeërs ........ 384
Aanhangsels ........ 385

§ 470 Bybelse chronologie....385
§ 471 Mate en gewigte....386
§ 472 Die indeling van die jaar....387
Naslaanregister....387

# Ten Geleide

DIE SELFGETUIENIS van die Skrif vestig ons aandag telkens weer op die hoë belang van die Woord van God. "Dit sal nie leeg na My terugkeer nie," spreek die Here, "maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur" (Jes. 55:11). "Is My woord nie só, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?" (Jer. 23:29). "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Hebr. 4:12). "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:16, 17).

Hierdie waarheid het in bepaalde periodes van ons volksgeskiedenis vlees en bloed aangeneem, vir sover ons voorgeslagte tereg die volk met die Boek genoem is. Hoe het 'n man soos president Kruger nie daaruit geput nie, en wat van hom gegeld het, is ook van toepassing op talle van ons voorgeslagte.

Waar ons rede het om te vrees dat die Bybel nie meer die sentrale plek onder ons inneem wat dit vroeër ingeneem het nie, is daar aan die ander kant tog ook weer 'n oorsaak tot vreugde, vir sover daar in ons tyd ontsaglik veel gedoen word om die Skrif vir ons verstaanbaar te maak. Meer as dertig jaar gelede het ons die heuglike gebeurtenis van die ingebruikneming van die Bybel in Afrikaans beleef. Sedertdien is gearbei aan 'n reeks populêre verklaringe veral van Nieu-Testamentiese boeke. In 1958-1959 het die belangrike Bybel met Verklarende Aantekeninge die lig gesien. Terselfdertyd het dit ons nie ontbreek nie aan allerlei boeke vir die Sondagskool en Katkisasie, waarin voortreflike oorsigte van die Bybelse geskiedenis gebied word. Verskillende uitgewers het ook gesorg vir die bewerking of vertaling van sogenoemde Kinderbybels. Ons het ook met belangstelling en dankbaarheid kennis geneem van die poging om geskikte handboeke vir Bybelse onderrig op die skole beskikbaar te stel. Ons kan dus nie kla oor die tekort aan materiaal om die Bybel nader aan elkeen van ons te bring nie.

Wat ons predikante en teologiese studente betref, beleef ons in sekere sin 'n bloeitydperk op die gebied van die bestudering van die Skrif. Allerlei faktore is hiervoor verantwoordelik, maar miskien die meeste nog die verrassende resultate van die opgrawings-wetenskap. Deur die omvangryke en betekenisvolle argeologiese vondste het die kontoere van die lewe in die ou kultuurlande vir ons duideliker geword, en is dit vir ons moontlik om die gebeurtenisse, wat in die Bybel self beskryf word, beter in die omlysting van dié tye te verstaan. Die navorsing op die gebied van die Bybelse argeologie het dus vanself tot 'n vernieude en verhewigde belangstelling in die bestudering van die Skrif gelei.

Hierdie omstandighede het vir ons meer wetenskaplike Skrifstudie implikasies na twee kante toe. Aan die een kant beteken dit dat kostelike handboeke van 'n dertig, veertig jaar gelede op belangrike punte as verouderd beskou moet word. Aan die ander kant is nie alle moderne handboeke oor die Bybelse geskiedenis vir ons as Bybelgelowige Christene aanvaarbaar nie, omdat die gang van die Bybelse geskiedenis in dié handboeke in sommige opsigte aan 'n vir ons ontoelaatbare rekonstruksie onderwerp word.

Op Suid-Afrikaanse bodem bly daar dus die behoefte aan 'n handboek oor die Bybelse

geskiedenis wat ten minste aan drie vereistes sal voldoen: dit moet "modern" wees in die goeie sin van die woord; dit moet nie onnodig ingryp op die beskrywing van die geskiedenis soos ons dit in die Bybel vind nie, en dit moet bevatlik en helder geskryf wees, sodat selfs diegene onder ons wat die Bybelse idioom nie meer ken nie, dit tog met vrug sal kan gebruik.

Ondergetekendes kan die onderhawige handboek van professor Kroeze met groot vrymoedigheid aanbeveel, juis omdat dit op voortreflike wyse aan die genoemde drie vereistes beantwoord. Professor Kroeze is 'n deskundige op die gebied van die Ou-Testamentiese wetenskap, en daarom ook iemand wat homself op die hoogte gehou het *met* die nuwere ontwikkelinge op hierdie gebied. Daarby kom ons deurgaans onder die indruk dat hier 'n man aan die woord is wat eerbied vir die Bybel en sy boodskap het. En ten slotte is professor Kroeze 'n boeiende verteller, wat die kuns verstaan om die aandag van sy leser van die begin tot die einde te behou.

Die skrywer sê in sy "Woord Vooraf" dat hierdie boek bedoel is vir mense wat 'n studie wil maak van die Heilige Skrif, soos studente wat Bybelkunde neem, onderwysers wat Bybelonderrig op die skole moet gee, teologiese studente, predikante by hulle voorbereidingswerk vir preek en kategese. Verder hoop hy dat ook ander gemeentelede hierdie boek gaan gebruik om die Bybel beter te leer ken.

Ondergetekendes is daarvan oortuig dat die uitvoerige en grondige behandeling van die Bybelse geskiedenis in hierdie handboek, al die genoemde groepe in hul bestudering van die Skrif ten goede sal kom en hulle sal help om die Bybel en sy boodskap beter te verstaan.

Ons wens professor Kroeze van harte geluk met hierdie waardevolle publikasie, en wil die hoop uitspreek dat dit ook mag bydra om ons volk weer die volk van die Boek te maak!

PROF. P. A. VERHOEF, PROF. F. C. FENSHAM
Stellenbosch,
21 Junie 1965.

DIT IS 'N verheugende gebeure dat ons nou in Afrikaans 'n oorsigtelike Bybelse geskiedenis van die hand van 'n vakgeleerde kan begroet. Prof. Kroeze van Potchefstroom het die leeftyd bereik dat hy sy emeritaat aanvaar het, maar daarmee het sy werksaamhede nie opgehou nie; veeleer sou ons kan sê dat hy in hierdie werk die resultaat van sy lewenstudie saamgevat het en dit diensbaar gemaak het vir almal wat die Bybel lief het. Dat 'n mens nog in die gryse ouderdom (al is prof. Kroeze nog nie so oud en grys nie) vrugte kan dra (Psalm 92:15) stem tot dankbaarheid.

Ons besit van die skrywer verskillende werke; as gevolg van sy vakbekwaamheid is prof. Kroeze besonder geskik om 'n handboek te skryf oor die Bybelse geskiedenis en wel so te skryf dat 'n wye leserskring daarvan voordeel kan trek. Juis omdat die Bybelse geskiedenis nie geskiedenis is in die gewone sin van die woord nie, maar wel heilsgeskiedenis, die geskiedenis van God se doen aan en spreek tot die mens, is dit geen gemaklike taak en opset nie. Tog slaag hy baie goed in die taak wat hy hom gestel het. As gevolg van 'n lewenslange omgang met die Heilige Skrif en daarby die jare van rypheid, weet hy waar die Bybelleser worstel met uitsprake in die Skrif en steek hy juis daar die lig op waar dit vir ander dikwels donker is. Naas die beklemtoning dat die Skrif heils- of openbaringsgeskiedenis is, word eweseer die band gelê met die geskiedenis van die volke rondom Israel. Hy laat sien dat

Israel kind van sy tyd was, maar dat Israel ook volk van God was, geroep deur God en met 'n opdrag van God. Israel was een van die volke van die Midde-Ooste, dog tegelyk 'n geheel enige volk.
Mag die verskyning van hierdie eerste deel van die Bybelse geskiedenis menigeen aanspoor om die Bybel self ook te gaan lees.

Pretoria, Junie 1965.
PROF. E. S. MULDER

## Woord Vooraf

HIERDIE BOEK is bedoel vir mense wat 'n studie wil maak van die Heilige Skrif, soos studente wat Bybelkunde neem, onderwysers wat Bybelonderrig op die skole moet gee, teologiese studente, predikante by hulle voorbereidingswerk vir preek en kategese. Verder hoop ek dat ook ander gemeentelede hierdie boek gaan gebruik om die Bybel beter te leer ken.

In verband met hierdie bestemming gaan hierdie boek uit van die Afrikaanse Bybelvertaling sonder om rekening te hou met moontlike ander vertalings, al of nie gegrond op ander lesings van die oorspronklike teks.

Die Bybel is as die Woord van God die enigste boek wat die betroubare bron is vir ons lewens- en wêreldbeskouing en rigsnoer vir ons lewensgedrag. Daarom wil ek hierby ook sê dat hierdie boek die Bybel nie moet vervang nie. Dit moet die leser juis daartoe bring om die Bybel self ter hand te neem. Die behandelde Skrifgedeeltes word met "vers en kapittel" aangedui en dikwels word na ander Skrifuitsprake verwys. Origens is die boek ook so geskryf dat dit die leser sal prikkel om die Skrif op te slaan en te kyk: Wat staan daar?

Lees die Bybel self!

DIE SKRYWER

# Inleiding

## § 1 Inleiding

IN DIE TITEL van hierdie boek is sprake van *Bybelse geskiedenis.* Die Bybelse geskiedenis is dié geskiedenisse, dié gebeurtenisse wat in die Bybel vermeld word. Daar het meer gebeur as wat in die Bybel staan (algemene geskiedenis), en in die Bybel staan meer as net geskiedenis (psalms, wysheidsboeke, ens.). Die geskiedenis wat in die Bybel staan, beskryf wat God *gedoen* het om Sy verlossingswerk in Christus Jesus voor te berei (Ou Testament) en te volbring (Nuwe Testament). In Sy voorsienigheid het God daarvoor gesorg dat dit opgeteken is en dat dit aan ons as openbaring, as getuienis, van Sy heil verkondig word.

Die openbaring van Sy heil is ryker as net dit wat in die Bybelse geskiedenis aan die lig tree, en word ook verkondig in profesieë en briewe. Die Bybelse geskiedenis is by wyse van vergelyking die bedding waardeur die stroom van die openbaring die eeue deur gevloei het. Die sistematiese bestudering hiervan is die taak van die openbaringsgeskiedenis. By die behandeling van die Bybelse geskiedenis kom ons egter ook in aanraking met die beskrywing van God se verlossingswerk, dus ook met openbaringsgeskiedenis.

Die voorbereiding van die heil sien ons in die geskiedenis van Israel, die volk waaruit Christus gebore is. Uiteraard maak die Bybelse geskiedenis in die Ou Testament melding van wat God met Israel self en met Israel in sy aanraking met die wêreld gedoen het. Tog vermeld die Bybel ook wat gebeur het, en wat God daarin met die oog op die heil gedoen het voordat Hy Sy volk Israel geformeer het.
So kom ons tot die volgende indeling:

I. Die voor-Israelitiese geskiedenis.
II. Die ontstaan en vorming van die volk Israel.
III. Die staat Israel, die ryke Juda en Israel.
IV. Die volk in ballingskap en sy terugkeer.

## AFDELING I - Die Voor-Israelitiese Geskiedenis

## Die Skepping

### § 2 Die skepping van hemel en aarde (Gen. 1:1, 2)

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. So begin die Bybel! Dis die eerste wat ons moet weet en aan ons geopenbaar word. Dis ook die eerste wat Christene in die Apostoliese Geloofsbelydenis bely: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.

Wanneer het God dit gedoen? In die begin! God self was toe reeds daar. Hy is voor alle dinge (Kol. 1:17). Hy is ewig. In Sy bestaan is daar geen opeenvolging van momente, soos ons dit in ons lewe ken nie. By Hom is "geen hede, toekoms of vergange" nie (Ps. 118:14, beryming). Maar as Hy hemel en aarde skep, begin daarmee tegelyk ook die tyd. Dié begin wat in Genesis 1:1 genoem word, is die verste grens van die verlede.

Hoe het God dit gedoen? Hy het geskep! Skep is 'n besondere manier van werk, soos net God dit kan doen. Hy roep die dinge wat nie bestaan nie, asof hulle bestaan (Rom. 4: 17b); dus: deur Sy Woord (Ps. 33:6, 9). In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:1-3). Hierin toon God Sy almag. Hy is God, die Almagtige. Daarom kan ons die skeppingswerke van God nie begryp nie, maar moet ons dit *glo.* Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (Hebr. 11 :3).

Wat het God geskep? Die hemel en die aarde! Die woord hemel. beteken in die Bybel nie altyd dieselfde nie; soms beteken dit die wolkehemel (1 Kon. 18:45), die terrein van die voëls (1 Kon. 14:11); soms die sterrehemel (Ps. 8:4); soms die woonplek van God, waar ook die engele bly (1 Kon. 8:27; Matt. 6:9, 10). Omdat die hemel in laasgenoemde betekenis "die derde hemel" genoem word (2 Kor. 12:2), word soms gepraat van "eerste hemel" (wolkehemel) en "tweede hemel" (sterrehemel) en "derde hemel" (die woonplek van God). Wanneer in die Heilige Skrif hemel en aarde tesame genoem word, word met hemel soms die sterrehemel bedoel (Jes. 51:13; Sag. 12:1), maar soms ook die woonplek van God (Ps. 115:16; Pred. 5:1). Dit is ook die geval in Gen. 1:1. Die skepping van die sg. eerste en tweede hemel is mos die werk van die tweede dag (kyk by § 4).

In die hemel wat die woonplek van God is, bly ook die engele. Hulle is ook skepsele (Kol. 1:16). Wanneer hulle geskape is, word nêrens gesê nie, maar in elk geval behoort hulle tot "alle dinge" wat deur God ontstaan het (Joh. 1:3). Wel was hulle by die grondlegging van die aarde teenwoordig (Job 38:7). Hulle is dus reeds vroeg geskape, waarskynlik gelyktydig met hulle woonplek, die hemel, waar ook God woon. Dié hemel is nie ewig nie en kan God ook nie bevat nie (1 Kon. 8:27), maar is deur God geskep tot openbaring van Sy heerlikheid. Dit is die geestewêreld.

Met hemel en aarde in 1:1 word dan bedoel die geestelike en die stoflike wêreld. Altwee is skeppinge van God, altwee in die begin geskape en daardeur ook aan mekaar verbonde. Daar is kontak tussen hulle: engele verskyn op aarde, mense kom in die hemel (Henog en Elia). Hul belewenisse val saam in Christus, by wie se geboorte daar eer is aan God in die hoogste

hemele en vrede op aarde (Luk. 2:14). Die mens self het deel sowel aan die stoflike as aan die geestelike wêreld.

Die eerste berig van die Bybel bestryk dus 'n veelomvattende terrein. Dan gaan die skeppingsverhaal verder met die woorde: En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. Die verhaal sê dus wel dat die hemel ook geskape is, maar vertel verder net van die aarde; die verhaal gaan voort met die stoflike wêreld, en daar word gesê hoe die aarde gelyk het: dit was wêreldvloed, waters, woes en donker; daaroor die Gees (of asem) van God. Uit hierdie tekening blyk dat die aarde nie aantreklik was nie. Dit moet nog aantreklik gemaak word. Dít het God gedoen in die ses skeppingsdae. Hoe lank die aarde so gelê het voordat God daarmee begin, word nie gesê nie. Daar is egter 'n sekere tydsduur, kort of lank, want die tyd was reeds daar.

## § 3 Die eerste dag (Gen. 1: 3-5)

God begin Sy werk met lig in die duisternis op die wêreldvloed te bring. Dis nie dieselfde lig wat God omgewe nie, want dit is ontoeganklik (1 Tim. 6:16). God is lig (1 Joh. 1:5). Die lig wat God oor die donker aarde te voorskyn roep, is wel toeganklik. Dis die eerste ding wat God te voorskyn roep om die aarde aantreklik te maak. Hy doen dit deur net te sê: Laat daar lig wees! Hierdie woorde is die uiting van Sy wil, en deur Sy Goddelike krag word die wil ook tot werklikheid: En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was. Daar is nou iets goeds op die aarde.

Ook by die volgende skeppingswerke gee God die uitspraak van goedkeuring en voldaanheid oor Sy werk. Tog nie by almal nie; nie by die tweede nie (die uitspansel) en nie by die laaste nie (die mens). Of dit 'n rede het of dat die weglating onopsetlik is en slegs bewys dat die skrywer hom nie aan dwingende reëlmaat in sy verhaal wil bind nie, weet ons nie; daar kan egter nie uit afgelei word dat dié skeppingswerke nie goed was nie, want aan die einde word gesê dat alles wat Hy gemaak het, baie goed was. Dit beteken dat Hy bereik het wat Hy beoog het.

Daar is nou dus, behalwe duisternis, ook lig, en God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis. Hulle is twee afsonderlikhede, waaraan Hy ook nog spesiale name gee, om daarmee te sê wat hulle funksies is: die lig het Hy *dag* genoem; die lig moet die dag maak; en die duisternis het Hy *nag* genoem; die duisternis maak die nag.

Hierdie eerste roepstem van God oor die woeste, donker aarde het in die tyd geskied. Daarvan sien ons 'n bewys in die koms van 'n aand en 'n môre. Dit is tydverskynsels. Solank die aarde in duisternis was, was die tydsverloop nie ingedeel nie, maar nou dat daar naas duisternis ook lig is en God die twee van mekaar skei, is daar wel indeling: daar was 'n aand en 'n môre. Die tyd van hierdie hele werk van God, nl. die roeping van die lig en die skeiding van lig en duisternis en die naamgewing of vasstelling van hulle funksies, word die eerste dag genoem.

## § 4 Die tweede dag (Gen. 1: 6-8)

God gaan verder met Sy werk deur net weer te spreek; Hy sê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. Hierdie woorde is weer

'n wilsuiting wat deur Sy Goddelike krag tot werklikheid word. Nou dat aan die duisternis perke gestel is deur die lig, wend God Hom tot die waters en weer deur skeiding tussen hulle aan te bring. Die woorde van God klink maar eenvoudig, maar die skeiding tussen die waters was 'n geweldige groot saak wat groot veranderinge teweeggebring het. Deur die skeiding toon God Sy mag, Sy beheer oor die waters.

Wat word met *uitspansel* bedoel? Behalwe in Genesis 1 word nog op 'n paar plekke in die Skrif van die uitspansel gewag gemaak; nie so dikwels nie! Dit verkondig die werk van Sy hande (Ps. 19:2), vertoon 'n glinsterende glans (Dan. 12:3) en is sterk (Ps. 150:1). In Esegiël word dit ook genoem, maar in visioene. Uit die genoemde tekste blyk dat die uitspansel hom aan ons oog vertoon as ons in die veld opkyk as die lug skoon is. Hoe dit veroorsaak word dat die uitspansel hom aan ons vertoon, is 'n saak van die wetenskap. Daarmee bemoei die Bybelskrywer hom nie, en daarmee bemoei ons ons in die gewone spreektaal ook nie. Maar ons sien 'n hemelgewelf, ons sien 'n firmament, net soos die digter van Psalm 150 en Job 37:18; en dit straal en dit glans! Wat dit ook al mag wees en wat God ook al gedoen het om dit te veroorsaak - God het dit gemaak om die waters te skei. In aansluiting by die spraakgebruik van eerste, tweede en derde hemel kan ons by die uitspansel dink aan die sg. eerste en tweede hemel.

Die skeiding tussen die waters wat onder die uitspansel is en die waters wat bo die uitspansel is, is die eintlike werk van die tweede dag. Vantevore was dit dus nie so nie. Dit gee ons 'n nuwe trek om 'n denkbeeld te vorm van die massale woestheid van die aarde van v. 2.

As die werk gedoen is, gaan God weer 'n naam gee. Hy noem die uitspansel "hemel"; dit is die agtergrond waarteen ons son en maan en sterre geprojekteer sien. Die tyd waarin God gewerk het, het inmiddels voortgegaan; daar was 'n aand en daar was 'n môre, die tweede dag.

## § 5 Die derde dag (Gen. 1: 9-13)

God is egter nog nie klaar met die waters nie. Van die waters bo die uitspansel sê Genesis 1 verder niks nie. Ons hoor van hulle o.a. in die sondvloed-verhaal. Genesis 1 vertel verder net van die waters onder die hemel. God sê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word. Op die woord van Sy almag was dit so. Die woorde van God klink weer eenvoudig. Ons moet ons egter voorstel dat by die volbrenging daarvan weer geweldige veranderinge plaasgevind het. Die droë grond word nou sigbaar. Dit was dus tevore nie so nie. Die aarde van v. 2 het die aanblik van net water gehad. Dit was 'n woeste watermassa van benedewaters en bowaters deurmekaar wat die grond heeltemal bedek het (2 Pet. 3:5). Toe die eerste lig gestraal het, het dit net op water geskyn.

Nou gaan God weer name gee aan Sy pas verrigte werke. God het die droë grond aarde (=land) genoem; hier word die woord aarde dus in enger sin gebruik as in v. 1. Die versameling van die waters het Hy see genoem. God het dus ook die see gemaak (Ps. 146:6). Hoe iets geweldigs die skepping van die see was, leer ons uit Job 38:8-11.

Toe sien God dat dit goed was.

Maar God het op dieselfde dag nog meer gedoen. Wat Hy reeds op hierdie dag gedoen het, is 'n werk wat ewe belangrik is as die werke van die eerste en die tweede dag: skeiding tussen lig en duisternis, skeiding tussen die waters, skeiding tussen land en see. Wat God nog meer

op die derde dag doen, is ook groot en omvangryk. God het op hierdie dag twee groot werke gedoen; die tweede is die voortbrenging van plante. God sê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. Op God se magswoord geskied dit. Die aarde het dit alles voortgebring, volgens hulle soorte, d.w.s. in allerlei verskeidenheid.[1] In hierdie verband staan nie dat God die plante gemaak of geskep het nie, maar dat die aarde dit voortgebring het. Dit het die aarde gedoen deur die kragte wat God daarin gelê het, en op Sy bevel. Die plantewêreld is ook 'n skepping van God. Dit is die werke van die derde dag.

## § 6 Die vierde dag (Gen. 1:14-19)

Met die vierde dag begin die tweede drietal van die ses skeppingsdae, en God begin die tweede drietal net soos die eerste drietal, naamlik met werke in verband met die lig. Hy sê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel (d.w.s. die uitspansel wat die hemel is). *Ligte* - dis dieselfde woord wat ook gebruik word vir die kandelaar in die tabernakel. (Psalm 74 praat van hemelligte *en* son deur God vasgestel, v. 16.) Die ligte moet skeiding maak tussen die dag en die nag (v. 14), tussen lig en duisternis (v. 18). Die skeiding was daar reeds (v. 4), maar word nou deur die ligte gereguleer. Die eerste dag van die eerste drietal en die eerste dag van die tweede drietal staan in noue verband met mekaar.

Die ligte moet lig gee op die aarde. Daar was reeds lig op die aarde, van die eerste dag af, maar die twee groot ligte kry nou elkeen sy eie bestemming: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig (die kleinste van die twee groot ligte) om te heers oor die nag. Op die vierde dag word daar dus ook lig beskik vir die nag! (vgl. v. 5). Vervolgens het die ligte ook betekenis vir die tydsindeling. Hulle moet dien as tekens sowel vir vaste tye asook vir dae sowel as jare. Daar was op die eerste drie dae ook reeds tydsindeling, soos blyk uit die aande en die môres. Nou word die tydsindeling deur die ligte gereël.

Hoewel dit nie gesê word nie, is dit tog duidelik dat met die ligte die son en die maan bedoel word (kyk Ps. 136:7-9). In Genesis 1 word by die werk van die vierde dag alleen die sterre uitdruklik genoem (v. 16, slot).

Omdat hierdie verse handel oor die lig en sy verspreiding en oor die tyd en sy indeling, hoef ons hierin nie noodwendig te lees dat son en maan en sterre eers op die vierde dag geskape is nie. Hulle skepping kan wel plaasgevind het by die skepping wat in v. 1 verhaal word, terwyl hulle op die vierde dag hul taak en funksie kry. As dit so is, dan getuig ook hierdie verse van diep ingrypende werkinge van God in die heelal, soos ons ook by die werke van die vorige dae opgemerk het**.**

## § 7 Die vyfde dag (Gen. 1: 20-23)

Op die vyfde dag het God gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel. God skenk nou weer aandag aan die waters en aan die ruimte bo die aarde (Sy werk van die tweede dag). God wil

[1] Die woord *soort* is hier natuurlik nie bedoel as natuurwetenskaplike term uit die hedendaagse plantkunde nie. Linnaeus (1707-1778) het in die agtiende eeu die lewende wesens gerangskik as: stamme, klasse, ordes, families, geslagte, soorte. In dié sin word die woord *soorte* in Genesis 1 nie bedoel nie, en ons mag dit daarom nie in dié sin opvat nie.

dat daar lewende wesens kom. Dié is nog nie daar nie; op die droë grond is net plante.

By die woord voeg God die daad (v. 21). God het die groot seediere geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte (kyk § 5, noot 1). Dis die eerste keer ná v. 1 dat die woord *geskape* weer gebruik word; ook weer in v. 27, maar in v. 25 weer *gemaak*, net soos in v. 7 en 16. Daar is dus geen rede om te sê dat *om te skep* veral by lewende wesens gebruik word nie; ook nie om 'n wesenlike verskil tussen "maak" en "skep" te soek nie. In 2:3 staan: " ... al Sy werk wat God geskape het deur dit te maak". Dit is net variërende woordgebruik.

As die diere geskape is, sien God dat dit goed is (v. 21). God het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder. Dit is nou die eerste keer dat iets wat gemaak of geskep is, 'n besondere seën ontvang. Saam met die seën gaan die opdrag om te vermeerder.

## § 8 Die sesde dag (Gen. 1: 24-31)

Op die sesde dag wend God Hom tot die aarde - die droë grond wat Hy op die derde dag sigbaar gemaak het (v. 10). Nou dat die aarde weer ter sprake kom, word die woord *voortbring* weer gebruik (kyk by v. 11). Die aarde moet lewende wesens voortbring volgens hulle soorte; dit beteken weer: in ryke verskeidenheid (v. II): vee, kruipende en wilde diere. En dit was so: die aarde het dit voortgebring, maar tegelykertyd sê v. 25 dat God hulle gemaak het. Dat hierdie nadere verklaring nie by die voortbrenging van plante deur die aarde gevind word nie, beteken nie dat by die plante die aarde uit eie krag sou gewerk het nie. Ons het dit reeds opgemerk (§ 5).

As die diere daar is, sien God dat dit goed is. Van 'n besondere seën en opdrag, soos by die diere van die vyfde dag, lees ons nie by die landdiere nie. Dit beteken nie dat hulle nie vrugbaar moet wees en nie vermeerder nie. Dit is eerder, ook sonder vermelding, iets vanselfsprekends.

Met die woorde: "Toe sien God dat dit goed was", is die berig oor die sesde dag nog nie beëindig nie. Net soos op die laaste dag van die eerste drietal dae doen God ook op die laaste dag van die tweede drietal *twee* skeppingswerke. Die tweede is een waaraan Hy besondere aandag bestee. Hy laat daaraan 'n afsonderlike oorweging, 'n samespreking met ander, voorafgaan. Hy sê: Laat Ons mense maak. Die "ander" met wie God beraadslaag, kan nie die engele wees nie, want God sê verder: na ons beeld, en die mens is nie na die beeld van die engele geskape nie. Selfs is die engele self ook nie na die beeld van God geskape nie. Die woorde "laat Ons" moet beteken dat God in Sy eenheid 'n "meerheid" het. Verder in die Bybel word daarvan meer aan ons geopenbaar, naamlik dat God drie-enig is.

Die méns wil God nou maak na Sy beeld en na Sy gelykenis; dit is twee sinonieme uitdrukkinge. In v. 27 word alleen van die bééld van God gepraat, en in Genesis 5:1 staan alleen "gelykenis". "Na ons beeld" beteken dat daar tussen God en die mens so 'n ooreenkoms bestaan as wat daar ook tussen iemand en sy afbeelding is. "Na ons gelykenis" voeg daaraan toe dat die afbeelding ook inderdaad gelykend is.

Dit is die beeld van God wat die mense van die diere onderskei.

Tot die beeld van God behoort verskillende trekke, byvoorbeeld dat die mens verstand het en 'n wil. Ander trekke van die beeld van God kom eers weer te voorskyn by die herskepping of die wedergeboorte, omdat hulle deur die sonde verlore gegaan het. Hierdie trekke is *kennis* (Kol. 3:10), *geregtigheid* en *heiligheid* (Ef. 4:24). Hulle word die beeld van God in engere sin genoem; eersgenoemdes is die beeld van God in ruimere sin. Dit het nie deur die sonde verlore gegaan nie. Ook die mense van vandag is gemaak na die gelykenis van God (Jak. 3:9; 1 Kor. 11:7). Die mens ná die sondeval bly mens en word nie dier nie.

God volvoer wat Hy oorweeg het; Hy skep die mens na Sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape. Wat ons nie vroeër in Genesis 1 gelees het nie, maar wat natuurlik wel daar was, is die seksuele onderskeidenheid van die lewende skepsele. By die skepping van die mens word dit egter vermeld. Oor die wyse waarop God dit gedoen het, word later (Gen. 2) meer vertel.

Dieselfde seën wat die seediere en die voëls gekry het en stellig ook vir die landdiere bedoel was, kry die mens ook: vrugbaar wees en vermeerder en die aarde vul. Daarby kry die mens nog 'n besondere opdrag: hy moet die aarde onderwerp. Hierdie seën en opdrag word nie net óór hulle uitgespreek nie, maar tót hulle. God spreek die mens toe. Hy ontvang hier die eerste openbaring, en die eerste openbaring is 'n opdrag wat ons kultuuropdrag kan noem, want die onderwerping van die aarde beteken dat hy die aarde onder sy gesag moet bring deur kultuur. Die mens moet heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Dat vee en wilde diere (v. 24) nie genoem word nie, beteken nie dat die mens net die kruipende diere moet onderwerp nie. In v. 26 word die vee wel genoem, die wilde diere nie. Die skeppingsverhaal is nie met notariële nougesetheid opgestel nie. Ons het dit in vorige verse ook al bemerk. Maar die drie gebiede wat deur die skeidingmaak van God ontstaan het - see, hemel, aarde - word uitdruklik genoem.

Ten slotte spreek God tot die mens oor die voedsel van hom en van die diere wat met hom op die sesde dag geskep is. Daar is onderskeid tussen die voedsel van mens en dier. Aan die mens gee God al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die boom-vrugte. Aan die diere gee God die groen plante (vgl. Gen. 9:3).

## § 9 Die sewende dag (Gen. 2 :1-3)

Toe God alles sien wat Hy gemaak het en dat dit baie goed was en op die sewende dag alles voltooi was, het Hy op daardie dag gerus van al Sy werk. Dit beteken dat God op die sewende dag geen nuwe skeppingswerk onderneem het nie. Hemel en aarde met hul ganse leërmag was mos voltooi en baie goed. Sy rus is: nie meer skep nie. Daardie sewende dag van God duur nog altyd voort. Van hierdie dag word ook nie gesê: dit was aand en dit was môre nie. Wel is God besig met Sy skepping. Hy hou dit in stand en regeer dit; as die sonde opgetree het, verlos Hy dit uit die mag van die sonde. Daarom sê Jesus: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook" (Joh. 5:17). Die ses skeppingsdae was werkdae van God, die sewende dag is die rusdag van God. Op die skeppingsweek volg daar vir Hom nie 'n nuwe week nie. Anders is dit met die mens. Die laaste skeppingsdag van God is die eerste lewensdag van die mens. Vir hom volg daar nou dag op dag, gereël deur die ligte van die vierde dag. In die opeenvolgende dae van die mens bring God ritme deur telkens die sewende te seën en te heilig. Daardeur is daar in die lewe van die mens telkens 'n besondere dag: die sewende. Op dié dag moet hy rus, omdat God ook op die sewende dag gerus het. Sy werk was voltooi. Die mens mag ook voltooiing van sy werk, van sy kultuuropdrag verwag; daarvan is die sewende dag as rusdag 'n belofte. In die ritme van ses dae werk en een dag rus en in die verwagting

van die voltooiing van sy werk leef die mens as beelddraer van God.

Helaas, die mens het deur ongehoorsaamheid die voltooiing van sy werk gemis. In genade het God ter wille van Sy eie eer Christus gegee om dit nou vir ons te doen. En Hy hét dit gedoen en die rus verwerf. Dit gedenk en vier ons nou op die dag van die HERE, die dag van Sy opstanding, die eerste dag van die week (Matt. 28:1), in dankbaarheid oor die verkreë verlossing - totdat die volheid kom en ons tydelike en tydgebonde lewe in die ewige Sabbat oorgaan.

Die onderhouding van die rusdag staan uitdruklik in die wet van die Tien Gebooie. Dis die vierde gebod, en sy motief is dan ook, in Exodus 20: 11: "Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus."

## § 10 Oorsig

Hier volg 'n oorsig van die ses skeppingsdae en die agt skeppingswerke waaruit die parallellie tussen die eerste drietal en die tweede drietal skeppingsdae duidelik blyk.

***Eerste dag***

1. LIG

***Tweede dag***

2. UITSPANSEL: skeiding tussen die waters

***Derde dag***

3. SKEIDING VAN LAND EN SEE
4. VOORTBRENGING VAN PLANTE

***Vierde dag***

5. LIGTE

***Vyfde dag***

6. LEWENDE WESENS IN DIE WATERS EN LANGS DIE UITSPANSEL

***Sesde dag***

7. VOORTBRENGING VAN DIERE OP DIE AARDE
8. SKEPPING VAN DIE MENS

## § 11 Slotopmerking

Die skeppingsverhaal is nie bedoel as 'n wetenskaplike verhandeling nie, maar is 'n openbaring van wat ons deur ondersoek nooit sou kan vasstel nie. 'n Vergelyking van die skeppingsverhaal met 'n wetenskaplike verhandeling oor die ontstaan van die heelal is daarom 'n vergelyking van onvergelykbare groothede. Trouens, so 'n wetenskaplike verhandeling het vroeër anders gelui as vandag en wie sal sê dat dit later nie wéér anders sal lui nie? Ons kan tog die skeppingsverhaal nie in elke eeu op 'n ander "Procrustesbed" lê om dit in ooreenstemming met die wetenskap te bring nie! Die wetenskap moet deurgaan met sy ondersoek en sal steeds nuwe dinge ontdek. Ook die gelowige kan daaraan deelneem of daarvan kennis neem. Daar is baie wat nie in Genesis 1 staan nie. Vraagstukke soos die ouderdom van die aarde, die ouderdom van die mensheid, afstande in die heelal word in hierdie hoofstuk nie beantwoord nie. Die wetenskap mag dit ondersoek. Maar wat God ons in hierdie hoofstuk geopenbaar het, moet geglo word. Daarom kan ons geen wetenskaplike beweringe aanvaar wat teen die openbaring ingaan nie, soos byvoorbeeld evolusionistiese

teorieë, Want Genesis 1 openbaar aan ons dat God die Skepper is van alle dinge. Aan die ander kant hoef ons ook nie alles te glo wat mense uit Genesis 1 opgediep het sonder dat dit werklik daar staan nie. In bostaande bespreking van die skeppingshoofstuk is getrag om net Genesis 1 te laat praat en daarna te *luister.* God is die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid (Rom. 1:25).

### § 12 Buite-Bybelse skeppingsverhale

Die volke van die oudheid het ook hulle skeppingsverhale. Daar is Indiese, Egiptiese, Babiloniese, ens.

In die Egiptiese is Ptah die skeppergod; hy is die *oerwater,* waaruit die hemelgod (Sjoe) en die sonnegod (Aton) en alle gode, verder ook mense en diere, deur sy wysheid voortgekom het. Sjoe het dan weer hemel en aarde van mekaar *geskei.*

Die Babiloniese verhale trek die meeste aandag. Hulle is gevind by die opgrawings in Ninevé. waar die biblioteek van koning Assurbanipal te voorskyn gekom het. Net nadat dit gevind was, was die geleerdes so opgetoë dat hulle gedink het dat alles wat in die Bybel staan, uit Babel afkomstig was. Hierdie pan-Babilonistiese neiging is inmiddels, en tereg, weer laat vaar. In die Babiloniese skeppingsverhaal word eers vertel hoe die gode ontstaan het (dit is die teogonie); dan dat daar 'n groot stryd tussen ouere en jongere gode ontstaan het. Mardoek, die jongste van die gode, is oorwinnaar op Tiamat, die godin wat identiek is met die *wêreldvloed.* Hy splyt haar liggaam in twee helftes en maak van die een helfte die hemeldak *(uitspansel);* van die ander helfte seker die aarde, maar dit staan nie daarby nie. Vervolgens maak hy die hemelliggame (dus ná die aarde!) en *stel tye en jare vas.* Dié god wat as die oorsaak van die stryd bevind word, word doodgemaak, Uit sy bloed word die mense gemaak.

Inderdaad is daar enkele trekke van ooreenkoms met Genesis 1 (kyk die kursief gedrukte woorde), maar die verskille is baie groter. Die heidense verhale spreek nie van een ewige God nie, maar van baie gode, wat uit die water ontstaan het en wat met mekaar in 'n heftige stryd geraak. Dié verhale is dus politeïsties. Verder val die ontstaan van die gode saam met die ontstaan van die wêreld (die kosmogonie is ook teogonie). God wat Hom in Genesis 1 openbaar, bestaan vóór alle dinge.

Die trekke van ooreenkoms kan verklaar word as herinneringe aan baie vroeg ontvange openbaringe oor die eerste dinge wat deur die leiding van God vir Sy volk Israel suiwer bewaar gebly het, maar by ander volke met hulle eie gedagtes vermeng is.

## Die Mens in die Tuin van Eden

### § 13 Die begin van die geskiedenis (Gen. 2:4-6)

In Genesis 2:4 begin 'n nuwe gedeelte met 'n eie opskrif: die geskiedenis van die hemel en die aarde. Nou kom die verhaal van wat met die geskape wêreld gebeur het. Eers kom daar enkele mededelinge oor die plantegroei op die aarde voordat die mens daar was om die grond te bewerk. Dan volg die eintlike verhaal oor die geskiedenis van die mensheid. Allereers word vertel dat die mens nog nie daar was nie, dat daar geen struike in die veld (veldgewas) was nie en dat daar geen plante van die veld uitgespruit het nie. Hierdie beskrywing hoef nie te beteken dat ons moet dink aan die toestand voor die tweede werk van die derde dag nie; dit beteken veeleer dat die skrywer in hierdie nuwe gedeelte die aarde beskryf vanuit die gesigspunt van die kultuur, van die akkerkultuur. Hy begin mos met die geskiedenis van die mensheid. Vir die kultuur is arbeid en reën nodig, maar dit was nog nie daar nie - wel was daar 'n mis wat opgetrek het uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig het.

Maar nou word die mens geskep! Die skrywer gaan dit nou vertel. Dit is die tweede keer dat die skepping van die mens meegedeel word: die eerste keer as slot en hoogtepunt van die skeppingsverhaal, die tweede keer as beginpunt van die geskiedenis van die geskape wêreld - van die hemel en die aarde, soos die opskrif lui. Die geskiedenis vind op die aarde plaas, maar die hemel staan in die nouste verband daarmee. Gedurig gryp God in, en dit is juis die geskiedskrywing wat nou volg, die "Bybelse geskiedenis", wat dit op die voorgrond stel.

### § 14 Die formering van die mens (Gen. 2:7)

Die skepping van die mens word in Genesis 2 ook anders belig as in Genesis 1. Daar het alle nadruk op die beeld van God geval. Nou word gesê: Die HERE God (in Genesis 1 staan steeds net *God)* het die mens geformeer uit die stof van die aarde. Die woord "formeer" moet ons nie op die gedagte bring dat God hier soos 'n pottebakker opgetree het en 'n kleipop gemaak het nie. Ook Job 10:9 en 33:6 sluit dit nie in nie. *Formeer* is 'n sinoniem van *maak* en van *skep,* Die HERE is Skepper en Formeerder en Maker van Israel (Jes. 43:1; 44:2). Hy formeer ook die lig en skep die duisternis (Jes. 45:7).

Die bedoeling is dat die mens gemaak is uit bestanddele wat in die aarde voorkom. Dit is sy verwantskap met die aarde. Daarnaas sê v. 7: God het in sy neus die asem van die lewe geblaas. Dit kom regstreeks van God af. Deur hierdie twee werkinge: formering uit die bestanddele van die aarde en inblasing van die lewensadem word die mens 'n lewende siel, dit is 'n lewende wese. Die woorde wat hier met "lewende siel" vertaal is, is in die oorspronklike taal dieselfde wat in Genesis 1:20 en 24 met "lewende wesens" vertaal is. Ons kan dus ook hier sê: So het dan die mens 'n lewende wese geword. Hierdie kensketsing word nie aan die plante gegee nie, hoewel hulle tog ook lewe het; net aan diere en mense. Tog is daar verskil tussen diere en mense. Ons het dit reeds opgemerk by die skepping van die mens na die beeld van God (§ 8). In Genesis 2 blyk dit ook uit die besondere aksie van God by die formering van die mens, naamlik die inblasing van die lewensasem. Dit het God by die diere nie gedoen nie. Hulle is deur die aarde voortgebring (1:24); dit is die manier waarop God hulle gemaak het (v. 25), net soos die plante, wat ook deur die aarde voortgebring is (v. 11, 12). Daarin staan die diere weer op een lyn met die plante: hulle is net verwant met die aarde; die mens

nie. Die besondere aksie van God in die formering van die mens wys op die aandeel van die mens in die geestelike wêreld. Dit word gewoonlik uitgedruk met die woorde: die mens is liggaam en siel.

### § 15 Sy plek en taak (proefgebod) (Gen. 2:8-20)

God laat die mens nie sommerso op die wye aarde rondswerf om vir homself 'n geskikte plek te soek nie - in 'n hol of 'n vallei of 'n bos of op 'n berg. God máák vir hom 'n plek, 'n plek wat aangenamer en ryker voorsien was as die aarde in die algemeen (vgl. v. 5). God plant vir hom 'n tuin met allerhande bome, begeerlik om te sien en goed om van te eet. Ons noem die plek gewoonlik die paradys; die Ou Testament self gebruik die woord egter nie, maar noem dit net 'n tuin en sê dat dit geplant is in Eden. Waar Eden gelê het, weet ons nie. "In die Ooste", sê die Skrif, maar hierdie aanduiding is baie ruim. Die name van die riviere, wat die aantreklikheid van die tuin verhoog het, gee ook maar 'n vae aanduiding. Van die vier riviere is die eerste twee onbekend; die laaste twee is die Tigris en die Eufraat, maar hulle is groot riviere, wat deur 'n uitgestrekte gebied stroom. Hierdie aanduiding sê darem iets!

Van die bome wat God in die tuin geplant het, word twee - wat in die middel van die tuin staan - by name genoem: die boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad; ons sou kan sê die lewensboom en die kennisboom. Omdat al die bome in die tuin goed was om van te eet en dus vir lewensonderhoud dien, moet die lewensboom betekenis hê vir 'n lewe in besondere sin. Later sal blyk dat dit die ewige lewe is (3:22). Die kennisboom het betekenis vir die kennis van goed en van kwaad. Van hierdie boom mag die mens nou nie eet nie, alléén omdat God dit, sonder enige motivering, verbied. Die bedoeling is dat om daar wel van te eet *kwaad*, *kwaaddoen* sal wees. So word die mens, rondom wie alles goed is, in kennis gebring met die moontlikheid van die kwaad, en God gebied hom om hom daarvan te onthou. Oortreding van die gebod sal "kwaad", sal *sonde* wees.

Hierdie gebod noem ons die proefgebod. Dit stel die mens op die proef of hy hom gewillig sal onderwerp aan die wil van God, of hy ook kwaad sal noem wat God kwaad noem, of hy gehoorsaam sal wees aan God. As hy dit doen, sal hy God daarmee as die Wetgewer erken. In sy verhouding teenoor God as skepsel teenoor sy Skepper aan wie hy alles te danke het, is die gehoorsaamheid en onderwerping nie 'n vernedering nie, maar dit kan as vernedering gevoel word sodra die mens sy verhouding teenoor God vergeet en vra waarom dit nou verkeerd sou wees om van die boom te eet. Dan wil hy nie meer kwaad noem wat God kwaad noem nie, dan wil hy self die wet bepaal, outonoom wees. Dan ontstaan die hoogmoed in sy hart. Dan het hy tegelykertyd met God, die God van sy lewe, gebreek. Dan verloor hy die lewe. God waarsku hom daarvoor en sê aan hom: Want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. En dit is nie omdat die vrug dodelik is nie, maar omdat die *daad* dodelik is.

God gee aan die mens ook 'n opdrag: hy moet die tuin bewerk en bewaak. Hy moet werk. Om te werk, behoort tot die lewensontplooiing van die mens. Die tuin moet ook bewaak word. Daar dreig dus gevaar! Daar is 'n mag wat die tuin wil binnedring en verwoesting aanbring. Die mag het hom ook inderdaad vertoon.

Hierdie taak van bewerking en bewaking is die kultuurtaak van die mens. Reeds die skeppingsverhaal het dit genoem (1:26); in die verband van die verhaal van Genesis 2 word die taak enger gestel: nie die aarde nie, maar die tuin, as die sentrale plek, is die werkplek van die mens. Dat sy werk nie net handearbeid is nie, sien ons as die mens vir ons in sy lewe en

werke beskryf word (v. 19). God bring die diere na hom toe om te sien hoe hy hulle sou noem. Om name te gee, wil sê die wese en eienaardighede van die diere uit te druk. Daartoe moet die mens hom in die werke van God verdiep en die diere bestudeer. Hierin blyk die hoë posisie van die mens: hy staan bo die diere, deursien hulle, en wat hy bevind en uitdruk in die name wat hy gee, is beslissend: net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle name wees. So sien ons die eerste mens reeds besig met verstand en oordeel; hy beskik ook oor die spraak, oor die taal, om sy gedagtes in uitsprake uit te druk. Hierin toon die mens die beeld van God, waarna hy geskape is, want ook God gee name" aan Sy werke (Gen. 1:5, ens.) en bring Sy gedagtes in die name tot uitdrukking.

### § 16 Die skepping van die vrou (Gen. 2:21-25)

By sy ondersoek van die skepping moet die mens 'n opvallende ontdekking gedoen het: die leeu het 'n leeuin, die ram 'n ooi, die haan 'n hen, maar hy self is alleen, sonder gesellin. God self sien dit ook en sê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas, Daar is dus ook iets in die skepping nie goed nie. Maar op die punt wat ons nou bespreek, is die skepping ook nog nie heeltemal gereed nie. Die uitspraak van God - dat alles baie goed was - kom aan die einde van die sesde dag, toe God man en vrou geskape het. So ver is die verhaal van Genesis 2 nog nie. Wanneer ons die skeppingsverhaal (Genesis 1) en die verhaal van die begin van die geskiedenis (Genesis 2) langs mekaar lê, sien ons dat wat in Genesis 2 vermeld word, op die sesde dag moet plaasgevind het. Daarby is Goddelike werke: formering van die mens, planting van die tuin; maar ook menslike werke: die mens begin met sy kultuurtaak, bestudeer die diere, gee hulle name. Die vraagstuk van die duur van die skeppingsdae het ons nie bespreek nie. Hier merk ons op hoe vol werk die sesde dag was, ook van menslike, tydvereisende werke! Na wat ons genoem het, volg dan die skepping van die vrou. God het 'n diepe slaap op die mens laat val; dit is 'n buitengewone slaap waarin God een van sy ribbebene wegneem en die plek daarvan toemaak met vlees. Van die rib bou Hy 'n vrou. Dis 'n wonderwerk van God. Die vrou is uit die man geneem, die twee vorm 'n eenheid. Self bring God die vrou tot die mens. Met vreugde begroet hy haar en roep in jubel uit:

Dis nou eindelik been van My gebeente
en vlees van My vlees.
Sy sal mannin genoem word,
want sy is uit die man geneem.

Die woorde van v. 24: daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees wees, is nie deur die mens in Eden gespreek nie, maar is 'n toepassing van die geïnspireerde Bybelskrywer. Dit moet as openbaring van God aanvaar word. Jesus het daaruit afgelei dat egskeiding teen die bedoeling van God ingaan: Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie (Matt. 19:6).

So leef die mens dan met sy gesellin in die tuin in Eden, en hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hulle nie geskaam nie.

Skaamte ontstaan as 'n mens so selfbewus word van homself dat hy besef dat hy meer, hetsy geestelik of liggaamlik, van sy eienskappe en eienaardighede laat sien as wat hy eintlik wou. Hierdie verskynsel ontstaan nie as die verhoudinge suiwer is nie, om die eenvoudige rede dat dit by volkome harmoniese verhoudinge nie voorkom dat wat 'n mens doen of sê, meer is as wat hy eintlik wou nie. Maar waar is die verhoudinge so? In die tuin in Eden was dit so! Die

verhoudinge tussen die mens en sy God, tussen die twee mense onderling was volkome harmonies. Wat sou daar wees wat die mense vir God of vir mekaar sou wil verberg? Hulle was in 'n staat van volkomenheid, daar was niks vreemds of verkeerds wat rede tot skaamte kon wees nie. Dat hulle hul nie geskaam het nie, is bewys van hulle volmaaktheid.

## § 17 Paradystradisies

Soos ons by ou volke tradisies oor die skepping aantref (§ 12), is dit ook die geval met betrekking tot "paradys" en lewensboom. Die oudste volk waarvan ons skriftelike getuienisse van duisende jare gelede het, die Sumeriërs, vertel van 'n rein en helder land, Dilmoen, aan die kus van die Persiese Golf (dus *in die Ooste).* Die God van die water laat soet water uit die aarde opkom ('n *mis?).* Die moedergodin skenk sonder smarte geboorte aan godinne wat plante laat opskiet; die god van die water *eet* hulle egter *op.* Nou vervloek die moedergodin hom, sodat hy siek word. Een van sy siek liggaamsdele is 'n *rib.*

Latere verhale maak melding van lewenskruid, wat egter nooit in die blywende besit van die mens kom nie.

Behalwe die verskil, dat Dilmoen 'n godetuin is en nie vir mense nie, is die trekke wat in die verte aan die Bybelse verhaal laat dink, so versnipper en verward, dat van afhanklikheid van die Bybelse berig van hierdie ou mites geen sprake kan wees nie - hoogstens van vervaagde herinnering, vermeng met menslike gedagtes.

## Die Val van die Mens in die Sonde

### § 18 Die versoeker (Gen. 3 :1-5)

Van al die diere is nog nie een by name genoem nie. Dit gebeur nou vir die eerste keer; en dié dier wat dan by name genoem word, is die slang. Die mens het hom vir seker geken en vir hom 'n gepaste naam gegee. Hy is listiger as al die diere van die veld. In die lig van die uitspraak van God in 1:25, dat die diere goed was, kan ons dit opvat as 'n goeie eienskap.

Die slang ontmoet die vrou in die middel van die tuin. Dit skyn asof sy alleen was, sonder haar man. As die slang die vrou sien, begin hy met haar praat. Dit is iets ongewoons. Diere praat nie. Tog het die vrou nie geskrik nie. In daardie prille paradystyd, waarin alles so heeltemal anders was as vandag, was die grens tussen gewoon en ongewoon miskien nog nie so skerp getrek nie. Die vrou openbaar ook verder nie 'n enkele teken van verbasing of ontsteltenis nie. Die slang was toe nog nie die weersinwekkende skuifelaar wat hy ná die vonnis van God oor hom geword het nie (v. 14, 15). In elk geval kan God diere laat praat. Hy het die bek van die esel van Bileam geopen, sodat hy 'n gesprek met sy eienaar gevoer het. Ook kan God aan iemand anders toestaan om 'n dier te laat praat. Dit is wat hier gebeur. Iemand anders praat hier deur en in die slang. Dit moet iemand wees wat dit aandurf om God te weerspreek. Dit kan ons nie van "net-'n-dier" verwag nie. Wat die slang sê oor "wees soos God" en "nie sterwe nie" en "opening van die oë", is dinge wat ver uitgaan bo die lewensfeer van 'n dier, hoe skrander ook. Die vermoede dat daar agter die slang iets anders steek, word bevestig deur die verdere inhoud van die Heilige Skrif. In die versoeking van Jesus word die duiwel of Satan ook *versoeker* genoem. Hy is ook in Eden die eintlike versoeker wat werk deur middel van die slang; hy gebruik die slang, wat vanweë sy eienskappe vir hom 'n geskikte instrument is. Na sy instrument word hy self die ou slang genoem (Openb. 12:9; 20:2). Die Satan is die hoof van die gevalle engele, en hier verskyn hy om ook die mens tot 'n val te bring. Dit is hy wat hier in en deur die slang spreek.

Hy begin met 'n vraag. Dit lyk altyd baie onskuldig, maar kan ook twyfel opwek. Met die vraag: Is dit ook so . . . vra die slang na die bekende weg - die proefgebod - om die vrou te bring op die weg van twyfel aan die billikheid van die gebod. Om sy doel beter te bereik, bring hy oordrywing aan in sy vraag; hy praat van ál die bome. Hy weet wel, dit blyk later, dat daar maar een so 'n boom is. Deur die oordrywing gee die Satan 'n verkeerde voorstelling van die gebod van God, sodat die vrou geredeliker op sy woorde sal ingaan. As die vrou maar begin praat, het die Satan al mooi gevorder!

Die vrou gaan inderdaad op die voorstelling van die Satan in. Haar antwoord is in hoofsaak korrek. Sy weerspreek die oordrywing van die Satan en sê dat daar maar een boom is' waarvan hulle nie mag eet nie. Tog is daar in haar antwoord enkele opmerklike dinge. Sy dik die verbod 'n bietjie aan met die woorde: en dit nie aanroer nie, maar sy verswak die waarskuwing: die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe, deur "sekerlik" weg te laat. Voorts vermy sy om die naam van die betrokke boom te noem en praat van "die boom wat in die middel van die tuin is". Is dit alleen veroorsaak deurdat sy die proefgebod nie regstreeks van God gehoor het nie, maar deur middel van mededeling van haar man? In elk geval het die Satan gehoop dat sy om hierdie rede makliker deur hom bedrieg kon word. Maar in haar woorde steek ook so 'n ietsie kritiek op die gebod van God, naamlik nie aanroer nie; ook iets van verdoeseling van die erns van die saak deur die betekenisvolle naam van die boom te

verswyg.

Nou is dit tyd vir die slang, vir die Satan wat in hom spreek, om deur te stoot! Nou kom hy met 'n volle leuen te voorskyn. Hy begin met te weerspreek dat die mens ná oortreding sal sterwe, en gee 'n gans ander voorstelling van sake. Hy sê: As julle daarvan eet, sal julle oë oopgaan. Hy bedoel: Julle is nou nog dom, maar deur van die boom te eet, sal julle 'n beter insig kry. Met hierdie woorde wek hy in die vrou 'n gevoel van minderwaardigheid op en 'n strewe om uit die minderwaardigheid uit te kom. Die slang sê ook waarin die beter insig sal beslaan: in die kennis van goed en kwaad. Dit ontleen hy aan die naam van die boom. Die vrou het die naam nie genoem nie, maar dit blyk dat die slang die naam tog wel ken. En, so vleg die slang - of eintlik die Satan - nog in sy woorde in, om goed en kwaad te ken, sal bewerk dat julle soos God sal wees. Hierdie woorde moet dien om die begeerte in die hart van die vrou na 'n hoëre staat as waarin sy geplaas is, op te wek. Daardie begeerte is die begin van hoogmoed.

Hoe 'n opeenstapeling van leuens het ons hier! Wat in die woorde van die Satan *skyn* waar te wees, naamlik die verkryging van die kennis van goed en kwaad en daardeur soos God te wees, is 'n karikatuur van die waarheid. Die kennis van goed en kwaad wat die mens deur oortreding sal verkry, is anders as die kennis wat God daarvan het. Die mens sal die kennis kry deurdat hy kwaad doen en die gevolge daarvan in liggaam en siel ondervind. God het die kennis omdat Hy die norme van goed en kwaad vasgestel het. Die Satan hou die vrou iets voor wat nie waar is nie en wat ook nie sal gebeur nie. Die mens sal nie soos God wees nie.
Boonop verklaar die Satan ook nog dat God wel weet dat as die mens van die verbode boom eet, sy oë sal oopgaan. God hou dus volgens die Satan, opsetlik die oë van die mens toe en belet hom dat hy beter insig kry en aan God gelyk word.

Die versoeker sê dat God die mens mislei!

### § 19 Die vrou eet en verlei haar man (Gen. 3:6, 7)

Die slang het gespreek. Dit word nou stil in die tuin. Nou moet die vrou praat. Wat 'n spanning, in die hemel en op die aarde! Wat sal die vrou sê? Sal sy voortgaan om die slang te weerlê, soos sy begin het? Sal sy voortgaan met verdraaiing van die saak, soos sy ook begin het?

Die vrou sê niks. Sy kyk. Sy kyk na die boom van die kennis van goed en kwaad. Sy sien dat die boom goed was om van te eet, dat hy 'n lus was vir die oë. Sy dink: daar makeer niks met die boom nie!

Maar dit het God ook nie gesê nie. God het net gesê: nie daarvan eet nie, omdat Ek jou dit verbied. Maar die woorde van God word vergeet, en slegs die woorde van die slang staan voor haar aandag. Sy sien dat die boom 'n boom was wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry. Sy neem van sy vrugte en eet! Sy gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet!
In hierdie paar woorde beskryf die Skrif 'n vreeslike gebeurtenis: die val van die mens in die sonde van ongehoorsaamheid. Die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom (1 Tim, 2:14). Daarna gee sy ook aan haar man by haar. Hy is die verantwoordelike persoon! Soos die slang die vrou verlei het, so verlei nou die vrou die man. Daarmee val ook die man in die sonde. Hoe dit gebeur het, word nie gesê nie. Of die vrou dit op lieftallige of boosaardige wyse, met bedrog of met ronde woorde gedoen het, word nie gesê nie. Die man

vergeet sy leiersposisie en laat hom lei, laat hom verlei. Hy moes die tuin bewaak (2:15), maar het die taak versaak.

Nou word alles anders. Die sonde het in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en die dood het tot alle mense deurgedring (Rom. 5:12). Vrede en geluk is weg; in die plek daarvan kom die vloek van die toorn van God. Die mens en sy vrou het dit ook onmiddellik besef. Toe gaan altwee se oë oop; maar op 'n ander manier as wat die slang beweer het. Al wat hulle sien, is dat hulle naak is. Dit hinder hulle nou. Hulle voel nou behoefte aan 'n bedekking; daarom het hulle vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak. Die behoefte aan bedekking is die bewys van innerlike ontwrigting, van skuldgevoel.

### § 20 Die vonnis (Gen. 3:8-21)

Terwyl hulle so ontsteld en verwar in die tuin sit, hoor hulle die nadering van die HERE God. Vroeër was dit 'n bekende en vertroude belewing; maar nou skrik hulle. Hoe sal hulle die HERE kan ontmoet? Hoe voor Sy oë verskyn? Hulle verberg hulle tussen die bome van die tuin. Weer dieselfde neiging: bedekking soek, verborge wil wees. Die bome moet dieselfde diens doen as die vyeblare. Maar dit help nie. Die HERE roep en sê: Waar is jy? Die mense moet te voorskyn kom.

Die HERE stel die vraag egter nie aan die vrou nie, maar aan die man. Hy is die verantwoordelike persoon, en hy sê: Ek het U geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

Die mens noem nie die eintlike rede van sy vrees nie; hy noem nie sy sonde nie, net die gevolge van die sonde. Sy besef van naak wees, sy skaamte daaroor het 'n oorsaak, maar dit verswyg hy. Die HERE gaan daar nou op in. Die mens was mos altyd naak, hoekom het dit nou plotseling 'n probleem geword? "Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is?" Wie? Agter die heie situasieverandering staan iemand - dit weet God. Die Regter wat hier optree, weet alles, en met vrae bring Hy die mense tot bekentenis. Hy vra: Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? Nou kon die mens met 'n enkele woord, met "Ja", sy skuld bely het. Maar hy doen dit nie. Hy werp die skuld op die vrou en indirek selfs op God. Hy sê: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee en ek het geëet, Eers met die laaste woorde erken hy sy skuld.

Nou kom God met Sy vraag tot die vrou: Wat het jy gedoen? Sy werp die skuld op die slang, maar moet ten slotte ook erken: Ek het geëet.

Nou kom God by die slang. Aan hom stel Hy geen vrae nie. God begin nou die vonnisse vel. Hy sê vir die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe. Dis 'n vernedering vir die skranderste van alle diere. Hier sien ons dat God ook diere straf. Dit blyk ook uit Gen. 9:5 en Ex. 21 :28. Trouens, óns doen dit ook.

Die vernedering in die stof is nie die hele straf nie. God gaan voort: Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou. Daar wás nie vyandskap tussen die vrou en die slang nie. Toe die slang met sy leuenagtige woorde kom, het die vrou haar nie verset nie, maar na die slang geluister en volgens sy woorde gehandel; daardeur het sy die prooi van die Satan se liste geword. Die houding van die vrou was eintlik vriendskap: die Satan het 'n bondgenoot in haar

gekry. Dit is die fout van die vrou, maar vir die Satan lyk dit na 'n oorwinning. Nou sê God dat Hy daaraan 'n einde sal maak deur vyandskap te stel tussen die slang en die vrou. Dit is 'n neerlaag vir die Satan, maar vir die vrou het hierdie woorde 'n gunstige betekenis. Sy het 'n verkeerde pad opgegaan. Dit het sy nou alreeds ingesien, maar sy kan nie terug nie; die sonde is gedoen. Maar die woord van die HERE gewaag tog wel van verandering!

Die vyandskap sal nie net tussen hierdie vrou en hierdie slang wees nie, maar ook "tussen jou saad en haar saad"; die vyandskap sal tot in geslagte voortduur, en die einduitslag sal die neerlaag van die slang wees: die kop van die slang sal vermorsel word!

Hierdie vonnis word uitgespreek oor die slang, en dit is ook wel op die slang van toepassing; daar is by mense 'n ingewortelde afkeer van slange. As hierdie woorde egter alleen op die slang as dier van toepassing is, sou hulle niks meer beteken nie as dat die mens die slange in die natuur sou uitroei. Ons het egter reeds opgemerk dat in en agter die slang 'n ander mag werksaam is. Dit blyk ook uit die vonnis: Hy sal jou die kop vermorsel. Hy! Dit is 'n nakomeling van die vrou, een uit haar saad. Jou! Dit is die slang met wie die vrou gepraat het en hom wat in en deur die slang werk. Die *saad van die vrou* wat die kop van die slang sal vermorsel, is die *Seun van die mens*, ons *Here Jesus Christus.* Die slang sal ook stry en volhou en die vrouesaad in die hakskeen byt; baie mense sal hom volg en vriende van hom wees. Hulle is die saad van die slang. Hulle het die duiwel as vader (Joh. 8:44). Veral as Christus op aarde kom, toon die Satan sy woede. Hy bestry en versoek Hom, maar Jesus val nie. Die Satan dink dat hy wen as Jesus gekruisig word, maar juis deur die versoening van die sonde en deur Sy opstanding uit die dood, wen Jesus, soos sal blyk in die eindgerig.

In die vonnis oor die slang beluister ons dus die evangelie van die verlossing van die sonde deur Christus Jesus. Ons moet daar goed op let: in die oordeel oor die slang! Die evangelie klink reeds voordat die vonnis oor die mens gevel is. Ons noem hierdie eerste evangelie die *moederbelofte,* d.w.s. daardie belofte wat die moeder is van alle volgende beloftes. Die Skrif staan vol heilsbeloftes, en hulle is almal gegrond op en vloei voort uit hierdie belofte: dat die saad van die vrou die kop van die slang sal vermorsel.

Hierdie moederbelofte is nie regstreeks aan die mens gegee nie, maar sydelings, terloops, in die oordeel oor die slang. Die mens staan en luister na die oordeelsuitsprake van God en wag sy eie vonnis nog af, maar daar hoor hy reeds van verlossing. Dit kom omdat dit hier gaan om die saak van God self. Die mens is nie hoofsaak nie! Die teenpartye is God en die Satan, en God kondig eers aan die Satan sy neerlaag aan. Maar die mens is by die stryd tussen God en die Satan betrokke. Hy moes party kies en het verkeerd gekies. Dit is God se genade dat Hy weer vyandskap stel, en daardie vyandskap moet die mense bewys deur teen die sonde te stry. Nadat die vonnis oor die slang uitgespreek is, wend God Hom tot die vrou. Met moeite en smart sal sy kinders baar; met moeite en smart, maar sy sal kinders baar! Dis 'n belofte van lewe, in die oordeel!

Vervolgens spreek God tot die mens, tot die verantwoordelike persoon. Eers spreek die Regter die beskuldiging uit: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie ... Dit is die sonde. Duidelik is die teenstelling tussen: "die stem van jou vrou" en "waarvan Ek jou beveel het". Die mens het na die verkeerde spreker geluister en daardeur sy God verwerp. Teen hierdie beskuldiging kan geen verontskuldiging ingebring word nie.

Ná die beskuldiging volg die vonnis.

Ten eerste: Vervloek is die aarde om jou ontwil. Die val van die mens het gevolge vir die hele aarde.

Ten tweede: Met moeite sal jy daarvan eet. Met moeite! Daarmee is ook die vrou gestraf. Maar die mens sal eet! Die werk sal egter swaar wees, want die vervloekte aarde bring dorings en distels voort. Die straf lê nie in die werk nie, maar in die moeite van die werk. Die mens sal eet, maar in die sweet van sy aangesig.

Ten derde: Tot stof sal jy terugkeer. In plaas van soos God te word, word hy teruggestoot na die aarde, waaruit hy geneem is. Dit is die dood! Dit noem God die allerlaaste.

Voorlopig word die lewe gespaar. Die dood sal sekerlik kom, maar word uitgestel, sodat die werk van die genade van God tot ontplooiing kan kom in 'n wêreld wat tot die dood gedoem is, maar waaroor in Christus die lewenslig weer opgaan. So is die oordeel van God regverdig, maar ook vol genade. Vir die Satan is daar geen genade nie; vir die mens wel. Dit blyk uit wat God doen: Hy ruk die vyeblare nie van die mense af weg om hom in sy skaamte aan die kaak te stel nie, maar gee hulle iets beters: Hy maak rokke van vel en trek hulle dit aan. Die mens moes inderdaad bedekking hê. God gee hom dit: die klere. Die klere is dus vir die mens bewys èn van sonde èn van genade. Natuurlik is die klere nie ,'n afdoende bedekking nie (Luk. 12:2, 3). As God in die gerig verskyn, sal die mense dit besef en angstig uitroep: Berge, bedek ons en, heuwels, val op ons (Hos. 10: 8; Luk. 23:30; Openb. 6:16). Maar ook dit sal nie help nie. Die enigste afdoende bedekking is die onskuld en volkome heiligheid van ons Middelaar (Heidelb. Kat., antw. 36; kyk ook antw. 81). Dit is die klere van die heil en die mantel van die geregtigheid (Jes. 61:10).

### § 21 Die mens uit die tuin van Eden verjaag (Gen. 3:22-24)

Die HERE God oorsien die nuut ontstane situasie en sê: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. "Een van Ons" - hierdie woorde wys, net soos dié van 1 • 26, heen na die meerheid van persone in die wese van die enige God. God herhaal nou die karikatuur van waarheid in die woorde van die slang. Die mens is nie soos God nie! Hy ken goed en kwaad op 'n heeltemal ander manier as waarop God dit ken. Die mens wou self bepaal wat goed en kwaad is en homself outonoom maak. Daarvoor moet hy nou sterwe! Daarom mag hy nie eet van die lewensboom nie. Dat hy deur van die lewensboom te eet in ewigheid sou lewe, is ook nie anders waar as wat hy deur die eet van die kennisboom kennis gekry het nie. God spot met die sondewaan van die mens. Hy stuur hom weg uit die tuin, weg van die boom van die lewe. Nou begin sy harde werk: die grond bewerk waaruit hy geneem is.

Gérubs bewaak die toegang tot die boom van die lewe. Gérubs is engele, hier voorsien van swaarde wat vlam en flikker.

### § 22 Die reaksie van die mens (Gen. 3:20)

In hierdie hoofstuk staan ook iets oor die reaksie van die mens op die vonnisse wat God uitgespreek het, naamlik in v. 20. Die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe. Hier sien ons die mens ook ná die val besig in sy werk van

naamgewing. Aan homself word in die Heilige Skrif die naam Adam gegee, dit is die Hebreeuse woord vir "mens".

Die naam wat Adam aan sy vrou gee, sluit aan by die woorde van God dat sy kinders sal baar. Die genade wat daar in die vonnisse opgesluit lê, word aangegryp. So het die mens die aarde buite die tuin ingegaan met versagtende troos: hy sal, hoewel die arbeid swaar sal wees, tog eet; die lewe sal in stand gehou word, en die vyand wat hulle bedrieg het, sal vernietig word.

## § 23 Die posisie van die vrou

Die posisie van die vrou as hulp wat by die man pas, was steeds sodanig dat sy nie eerste was nie, maar tweede. Deur die sonde is haar posisie op ongunstige wyse verander: die man heers oor haar. Veral in die ou Oosterse lewe het dit pynlik uitgekom, ook by die volk Israel, selfs in godsdienstige opsig. Die teken van die verbond is so bepaal dat die vrou daarin geen deel kon hê nie en in die (Herodiaanse) tempel was net die voorhof van die vroue vir haar toeganklik.

Jesus het die posisie van die vrou herstel. In Sy lewe op aarde tree gelowige vroue op die voorgrond. Die eerste van Sy dissipels waaraan die Heiland ná Sy opstanding verskyn, is 'n vrou: Maria Magdalena.

Dit pas Christene nie om uit die hoogte op die vrou neer te sien nie. "Die man het ook in sonde geval! In die Nuwe Testament is die teken van die verbond ingestel vir altwee geslagte; Paulus vergelyk die verhouding tussen man en vrou met dié wat daar is tussen Christus en Sy gemeente (Ef. 5:22-33). In dié verhouding is weer Christus eerste en Sy gemeente tweede.

## Die Oudste Mensgeslagte

### § 24 Die eerste kinders gebore (Gen. 4 :1, 2)

Die geskiedenis van die mens wat uit die tuin van Eden verjaag is, begin met die geboorte van kinders. Die eerste kind wat gebore word, is Kain, en die eerste moeder ervaar en waardeer die seun as 'n geskenk van die HERE. In haar uitroep lê sy veral nadruk op die feit dat die kind 'n seun is: Ek het 'n man verkry (met die hulp) van die HERE. Sy noem hom reeds *man:* dit sal hy tog word! Dit is hy tog in wese! *Ot* sy aan die belofte van "haar saad" (Gen. 3:15) gedink het, is nie met sekerheid uit haar woorde af te lei nie, maar wel dat 'n ideaal haar voor oë staan. Verder skryf sy die hele nuwe ervaring van 'n kind te hê toe nie aan die natuurlike proses van gemeenskap en bevrugting nie, maar aan die HERE. Dit getuig van haar geloofsinsig. Die klank van die naam Kain laat dink aan die Hebreeuse woord vir "ek het gekry".

Die geesdrif van Eva oor Kain is later bitter gedemp. Daarin sien ons nou alreeds hoe die weg van die mens sal wees: hy verheug hom dikwels te vroeg! Die weg waarlangs die HERE geluk en heil gee, is lank en gaan deur dieptes; ons is nie dadelik op die hoogtepunt nie!

Daarna het Eva weer 'n seun gebaar; dit was Abel. By hierdie geboorte word niks van blydskap vermeld nie, en die naam van die kind is Abel - "nietigheid" - 'n naam sonder geesdrif!

### § 25 Die offerandes van Kain en Abel (Gen. 4:3-15)

As die twee seuns groot is, begin hulle werk. Tot nog toe het Adam alleen die grond bewerk (3:23); Kain het dieselfde werk gaan doen en landbouer geword. Abel het ingesien dat 'n mens ook op 'n ander manier kan werk om 'n bestaan te maak: hy het skape en bokke (kleinvee) gevat, mak gemaak, laat wei en versorg; hy het 'n skaapherder geword.

As hulle die vrugte van hulle arbeid oes - vrugte van die land en eersgeborenes van die kleinvee - gaan hulle 'n offerande aan die HERE bring. Kain doen dit eerste, daarna Abel! Ons sou 'n ander volgorde verwag het, omdat Abel regverdig was, maar Kain nie, soos later blyk. Kain het nie uit vroomheid geoffer nie, want hy was nie vroom nie. Waarom het hy dan geoffer? Die enigste antwoord is dat dit reeds gewoonte was om te offer, dat Adam ook reeds geoffer het. Abel het hom ook by die gewoonte aangesluit, maar hy het dit in vroomheid gedoen. Daardeur was daar verskil tussen die offers. Die offer van Abel was beter as dié van Kain (Hebr. 11:4) omdat daar verskil was tussen die offeraars. God, die Kenner van die harte, merk die verskil op, en Hy het Abel en sy offer genadig aangesien, maar Kain en sy offer nie aangesien nie (Spr. 21 ; 27a).

Die twee seuns van Adam en Eva was dus prinsipieel verskillend: die werke van Kain was boos en dié van sy broer regverdig; Kain was uit die Bose (1 Joh. 3:12). Nouliks is daar 'n klein begin van mensheid op die aarde aanwesig of hierdie verskil tussen die paar wat daar is, is ook daar!

Kain het toe baie kwaad geword. Hy merk dus op dat die HERE sy offer nie aansien nie, maar

dié van Abel wel. Hoe kon hy dit opmerk? Omdat God oor die gawes van Abel getuienis gegee het! (kyk Hebr. 11:4). Hierdie getuienis is iets geesteliks van aard wat Abel tevrede en gelukkig gemaak het, wat sy lewe met blydskap vervul het. 'n Mens kon dit aan Abel sien, Kain ook; hy het in die bestaan van Abel iets opgemerk wat hy self nie gehad het nie. So gewaar hy by homself 'n gemis. Sonde is 'n gemis! In die getuienis wat Abel oor sy gawes gekry het, het ook 'n getuienis oor homself gelê, naamlik dat hy regverdig was. Ook dit het Kain nie gehad nie. Deur die geloof het Abel ná sy offer 'n hartlike vreugde in God, maar in die siel van Kain is net leegte en gemis en dit kon 'n mens aan hom ook sien, want hy het sy hoof laat hang.
God het Kain egter nie aan sy lot oorgelaat nie, maar met hom gepraat en hom verduidelik hoe dit met hom ook goed kon gaan: As jy goed doen! Van dié kant pak God die saak aan; nie van die innerlike kant nie, naamlik dat Abel geloof gehad het en Kain nie, dat Abel regverdig was en Kain uit die Bose was - nee, Hy roep Kain tot bekering! In die werke wat na buite tree, sal die innerlike gesteldheid mos wel blyk! En wat is Kain se werke nadat die HERE met hom gepraat het? Hy slaan Abel dood! Dis "die weg van Kain" (Judas v. 11).

Weer het die HERE met Kain gepraat. Hy stel weer 'n vraag: Waar is jou *broer* Abel? Met hierdie vrae wil God Kain tot inkeer bring, maar Kain kom nie tot inkeer nie, hy verhard hom en sê: Is ek my broer se wagter? Hy bedoel dat hy dit nie is nie en dat hy niks met sy broer te make het nie. Dis die teenstelling van die gebod van die liefde: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde is die harmonie van die skepping, maar die sonde bring verdeeldheid, skeuring, egoïsme. Die band van die liefde was in Kain lankal stukkend; die eindresultaat is dat hy Abel doodslaan.

God wéét wat Kain gedoen het, want die stem van die bloed van Abel roep na Hom van die aarde af; die stem roep om reg, om wraak.

Die eerste mens wat sterf, is 'n regverdige, en hy sterf deur moord.

Die dood is die straf op die sonde, en God sal die straf voltrek - op 'n wyse waarop Hy wil. Maar as die bose die regverdige doodslaan, tree die sonde daarmee al spoedig in sy verskriklikste gedaante op.

Nou moet die bose sy vonnis aanhoor. Dis swaarder as die vonnis oor Adam. Adam is nie vervloek nie, slegs die aarde om sy ontwil. Maar Kain word wel vervloek. Adam sou die grond bewerk en met moeite eet; maar as Kain die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan hom nie meer gee nie. Hy sal 'n swerwer en vlugteling wees op die aarde, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van sy broer uit sy hand te ontvang.

Kain het so dikwels as wat die HERE met hom gepraat het, nooit om vergifnis gevra nie; nou ook nie, maar hy word wanhopig. Hy sê: My misdaad is te groot om dit te dra. Hy weet dus dat hy skuldig is, maar dit is geen skuldbesef met berou nie, dit is die wroeging van die verharde. Die gewete van Kain sê: Elkeen wat my kry, sal my doodslaan. Dis nou die getuienis wat Kain uit die stem van sy gewete ontvang. Tog het die dag van die toorn wat Kain met wanhoop gevrees het, nie onmiddellik gekom nie. Die HERE gee hom nog 'n tyd lank lewe en lewensmoontlikhede. Hy gee hom 'n teken sodat nie elkeen wat hom kry, hom sal doodslaan nie. So is daar vir Kain nog 'n lewensontplooiing. Hy het dit benut in 'n sondige lewensontwikkeling (§ 26). Ook dit was volgens die raad van God. Die geslag van Kain gaan die dag van toorn tegemoet (Rom. 2:5); dan word dit vir ewig van die aarde verban en sal die sagmoediges die aarde beërwe (Ps. 37:9; Matt. 5:5).

## § 26 Die geslag van Kain (Gen. 4 :16-24)

Kain gaan weg van die aangesig van die HERE na die eensaamheid van die vervreemding van God. Hy gaan woon in die land Nod, aan die oostekant van Eden. Hy kry 'n seun en bou 'n stad, d.w.s. 'n versterkte plek, 'n sentrum van veiligheid. Groot was die moeilikhede waarmee Kain onder die druk van sy vervloeking te kampe gehad het. Dat hy 'n stad bou, is op sigself nie 'n sondige gedagte nie. God self konsentreer die heilsvoorstelling ook in die beskrywing van 'n stad (Hebr. 11:10, 16; 12:22). Wat is egter die agtergrond van die gedagte? By Kain is dit om sonder God, ja, teen God en Sy vervloeking in, homself te handhaaf. Hy wil nie 'n swerwer en vlugteling wees nie. Weer kan ons sê: Dis die weg van Kain (§ 25). Dat Kain daarin slaag, is onder die toelating van God, omdat God die sonde-ontwikkeling opgeneem het in Sy plan wat tot die koms van die nuwe Jerusalem lei (Openb. 21:2).

Kain noem sy stad na sy seun: Henog. In die seun en in die stad is dieselfde gedagte beliggaam: selfhandhawing! Ná Henog het die geslag nog voortbestaan in verskillende stamvaders wat almal die stryd van Kain voortgesit het: Irad, Mehujael, Metusael, Lameg. In die seuns van Lameg kom die kultuur tot hoë ontwikkeling. Lameg het die skeppingsorde verbreek en twee vroue geneem - Ada, die moeder van Jabal en Jubal, en Silla, die moeder van Tubal-Kain. Haar dogter was Naéma (=die lieflike). In die tydperk tussen Eva en Sara is hulle die enigste vroue van wie die name vermeld word; in hulle seuns beleef hulle die oorwinning van die geslag van Kain.

Waar is die wanhoop van Kain? Lameg ken dit nie meer nie. Hy het nie nodig dat die HERE hom sewevoudig wreek nie; hy sal homself sewe-en-sewentig maal wreek: Ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes.

Jabal was die vader van die tentbewoners en die veeboere.

Jubal was die vader van almal wat op siters en fluite speel.

Tubal-Kain was 'n smid; hy vind die erts en maak daarvan allerhande werktuie. Al hierdie kuns en vernuf was egter nie tot eer van God nie; dit was die triomf van mense in die waan dat hulle hul onder die vloek van Kain uitgewerk het.

## § 27 Kultuur

In die geslag van Kain ontluik die kultuur as resultaat van die stryd teen die vervloeking. Die kultuur is nie teen die wil van God nie, maar die eerste kultuurstigters het gewerk en gestreef om hulle aan God te ontworstel. Wel sal God hulle werk in Sy diens en tot Sy doel gebruik, maar die strewe van Lameg en sy seuns was selfsug en eie roem. Dat God die eerste kultuur juis in die geslag van Kain laat opkom, bly vir ons eienaardig. Dit het egter al die eeue maar so gegaan. Wetenskap en kuns, bouwerke, irrigasie, handel, skeepvaart, mynbou is van die oudste tye af deur heidene gedoen, maar daardeur is 'n lewensterrein en ontwikkelingsvlak bereik waarop God die stryd vir Sy koninkryk kon stry en waarvan Hy vir Sy heilswerk gebruik gemaak het.

## § 28 'n Ander kind in die plek van Abel (Gen. 4:25 - 5:23)

Ná die dood van Abel het Adam en Eva weer 'n seun gekry (Gen. 4:25). In hierdie verband lees ons vir die eerste keer die eienaam *Adam;* tot nog toe is hy "die mens" genoem. Die naam Adam beteken "mens".

Adam en Eva het seuns en dogters gehad; slegs drie seuns word by hulle naam genoem. As Set gebore word, sê Eva: God het my 'n ander kind geskenk in die plek van Abel. Weer sien sy die geboorte van 'n kind as 'n gawe van God (4:1). Oor hierdie seun word nou met tersydestelling van Kain en sy nakomelinge die stamboom van Adam gegee: Adam, Set, Enos, Kenan, Mahalalel, Jered, Henog, Metusaleg, Lameg, Noag.

In hierdie geslag tree ander verskynsels op as in dié van Kain!

Toe Enos gebore is, het hulle die Naam van die HERE begin aanroep. Hulle het ook swaar gekry op die vervloekte aarde (Gen. 3:17). Hulle het die dood van Abel anders gesien as Kain, naamlik met droefheid en smart as die eerste slag van die toorn van God, maar dit het hulle in ootmoed na God gedryf: in aanroeping van die Naam van die HERE.

Die sewende van Adam af in die geslag van Kain was Lameg. Die sewende van Adam af in die geslag van Set was Henog (Jud. v. 14). Hulle is teëvoeters. Die Lameg uit die geslag van Kain staan in eie krag. Die Henog uit die geslag van Set het met God gewandel. Die woord *wandel* beteken "lewe", "jou lewe leef" (Gen. 17:1). Dit het Henog gedoen met God; sy lewe was 'n gedurige gemeenskap met God. Hy het nie behalwe 'n "gewone" lewenswandel óók met God gewandel nie; so 'n dualisme bestaan nie; hy het altyd met God gewandel, gelewe. Dit het hy ook laat blyk in sy lewensopenbaring, want hy het geprofeteer: Kyk, die HERE het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hul goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het (Judas v. 14, 15). Teen die selfverheffing van Lameg uit die geslag van Kain getuig hy van die gerig van God. Klaarblyklik het die nakomelinge van Kain en dié van Set nie van mekaar geskeie bly woon nie; ook in sy eie geslag kan Henog afdwaling opgemerk het.

Henog het nie so oud geword as die ander patriarge nie: al die dae van Henog was driehonderd-vyf-en-sestig jaar. Die meeste van die aartsvaders het leeftye van om en by negehonderd jaar bereik; die oudste was die seun van Henog, Metusalag, wat negehonderd-nege-en-sestig jaar geword het. Die lewe van Henog op die aarde is gouer beëindig, omdat God hom weggeneem het: "hy was daar nie meer nie"! By al die ander lees ons die doodsberig: "en hy het gesterwe"; by Henog nie. Dit was deur die geloof: Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het (Hebr. 11:5).

Die stamboom van Adam oor Set het ook sy Lameg gehad, maar een wat 'n ander geluid laat hoor as die Lameg wat uit Kain was. As hy 'n seun kry, noem hy hom Noag en bedoel met hierdie naamgewing dat dié seun hulle sou troos oor hulle werk en oor die moeitevolle arbeid van hulle hande wat voortkom uit die aarde wat die HERE vervloek het.

Die troos waarvan hierdie Lameg praat, is die teenstelling van die roem in eie krag waarvan die ander Lameg gepraat het. Die mense van Set het dit ook moeilik gehad op die vervloekte

aarde; hulle moes ook 'n opdraande pad gaan, maar het daarin die oordeel van God gesien en uitkoms verwag, nie deur die vloek weg te werk nie, soos Kain en sy geslag gewaan het, maar deur troos te verwag in hulle moeite. Hierdie Lameg was in hierdie verwagting die sagmoedige wat die aarde sal beërwe. Die verwagting is vervul in Noag en sy seuns (Gen. 9:1), maar deur gerig!

## § 29 Chronologiese beskouing

Die getalle uit Genesis 5 word oorsigtelik in die volgende tabel:

| Jare ná die skepping van die mens: | | |
|---|---|---|
| | 1 | Skepping van die mens |
| | 130 | Geboorte van Set |
| | 235 | Geboorte van Enos |
| | 325 | Geboorte van Kenan |
| | 395 | Geboorte van Mahalalel |
| | 460 | Geboorte van Jered |
| | 622 | Geboorte van Henog |
| | 687 | Geboorte van Metusalag |
| | 874 | Geboorte van Lameg |
| | 930 | Dood van Adam |
| | 987 | Opneming van Henog |
| | 1042 | Dood van Set |
| | 1056 | Geboorte van Noag |
| | 1140 | Dood van Enos |
| | 1235 | Dood van Kenan |
| | 1290 | Dood van Mahalalel |
| | 1422 | Dood van Jered |
| | 1556 | Geboorte van Sem |
| | 1651 | Dood van Lameg |
| | 1656 | Dood van Metusalag. Die sondvloed (Gen. 7:11) |

Moet ons uit hierdie gegewens aflei dat die sondvloed 1,656 jaar ná die skepping van die mens plaasgevind het? Voordat ons die vraag beantwoord, wil ons die genealogie van Genesis 11 ook in tabelvorm gee; daarby dring 'n soortgelyke vraag by ons op. Die tabel van Genesis 11 lyk soos volg:

| **Jare ná die vloed:** | | |
|---|---|---|
| | 2 | Geboorte van Arpagsad |
| | 37 | Geboorte van Selag |
| | 67 | Geboorte van Heber |
| | 101 | Geboorte van Peleg |
| | 131 | Geboorte van Rehu |
| | 163 | Geboorte van Serug |
| | 193 | Geboorte van Nahor |
| | 222 | Geboorte van Tera |
| | 292 | Geboorte van Abraham |
| | 340 | Dood van Peleg |
| | 341 | Dood van Nahor |
| | 350 | Dood van Noag |

| | |
|---|---|
| 367 | Vertrek van Abraham uit Haran |
| 370 | Dood van Rehu |
| 392 | Geboorte van Isak |
| 393 | Dood van Serug |
| 427 | Dood van Tera |
| 440 | Dood van Arpagsad |
| 452 | Geboorte van Jakob en Esau |
| 470 | Dood van Selag |
| 502 | Dood van Sem |
| 531 | Dood van Heber |

Wanneer ons hierdie tabelle nader bekyk, word ons aandag deur baie eienaardige verskynsels getref: die aartsvaders van Adam tot Lameg het (korter of langer) gelyktydig gelewe; Metusalag sterf in die jaar van die sondvloed! Het hy daarin omgekom? Toe Abraham gebore is, was al sy voorvaders van Sem af nog in die lewe. Sem het selfs nog gelewe toe Jakob en Esau gebore is!

Kan dit inderdaad die bedoeling van die Bybelse gegewens wees? Dit is stellig nie die geval nie, en ons sal die tabelle *anders* moet verklaar.

Dikwels word in Bybelse stamlyste geslagte oorgeslaan. 'n Treffende voorbeeld daarvan is die geslagsregisters van Jesus. In Mattheüs word drie maal veertien geslagte genoem, naamlik van Abraham tot Jesus; in Lukas elf maal sewe, naamlik van Adam tot Jesus. Hierin skuil 'n sekere kunsmatigheid met die doel om heilige, simboliese getalle te verkry. Dat in die lys van Genesis 11 wel geslagte oorgeslaan is, blyk reeds daaruit dat Lukas tussen Sela en Arpagsad ene Kainan vermeld wat in Genesis 11 nie voorkom nie.

'n Ander blyk van kunsmatigheid in die chronologie in die Ou Testament is dat die tyd van Abraham tot die tempelbou presies twaalf eeue is. (Abraham is 100 jaar oud as Isak gebore word; Isak is 60 as Jakob en Esau gebore word; Jakob is 130 as hy in Egipte kom; Israel was 430 jaar in Egipte, Ex. 12:40; die tempel is 480 jaar ná die uittog gebou, 1 Kon. 6:1.) Dit is 'n opmerklik ronde en simboliese getal, waarmee die openbaring die gedagte van 'n sekere volheid van tyd wil uitdruk.

By die tempelbou het ons intussen chronologies vaste grond onder die voete gekry (kyk § 470). Op dié grond kan die datum van die tempelbou gestel word in 974 v.C. Voeg ons hierby die twaalf eeue en die 292 jaar tussen die sondvloed en die geboorte van Abraham (Gen. 11; kyk die tabel) en 1,656 jaar (kyk die tabel van Gen. 5), dan kry ons die tradisionele "veertig eeue" van die tyd voor Christus. Met die byna 2,000 jaar van ons Christelike jaartelling daarby moet die ouderdom van die mensheid gestel word op 6,000 jaar. (N.B. Die ouderdom van die mensheid. Oor die ouderdom van die aarde handel ons nie; die mens het as die laaste van alle skepsele op die aarde verskyn.) In die lig van ons argeologiese kennis is die tyd veels te kort, ook die tyd van die sondvloed tot Abraham. Ons weet dat in dié tyd ou kulture reeds ontwikkel het en selfs ook weer verdwyn het. Dit het langer geduur as 292 jaar!

Ons kom dus weer uit by die vraag: Hoe moet ons die hierbo vermelde tabelle interpreteer?
Die beste antwoord lyk vir ons dit: Die Ou Testament wil berig dat die mensheid uit opeenvolgende reekse van geslagte ontstaan het. Om dit duidelik voor oë te stel, word uit die opeenvolging telkens 'n hooffiguur of stamhoof, 'n persoon wat soos 'n bergtop bo sy omgewing uitgesteek het, genoem. Vir die tyd ná die sondvloed is die reeks "bergtoppe" dan:

Arpagsad -(Kainan!) - Selag, ens. Historiese besonderhede aangaande hulle lewe of tyd word, behalwe by Peleg (Gen. 10 :25), nie vermeld nie; hulle is net manne wat nuwe geslagte verwek, vaders met 'n seun en daarby ander seuns en dogters; hulle vorm die stam in die wyd vertakte boom van die mensheid. Hiermee word aan die vermelding van jaartalle die historiese waarde nog nie ontsê nie. Dat, om 'n voorbeeld te noem, Arpagsad, toe hy 35 jaar oud was, die vader van 'n seun geword het, sal heeltemal juis wees, maar die seun kry *in die genealogie* van Genesis 11 die naam van die opvolger van Arpagsad as stamhoof, anders sou die genoemde aartsvaders tegelykertyd geleef het (kyk die tabel), terwyl dit tog kennelik die bedoeling is dat hulle ná mekaar geleef het. Die tydruimte tussen Arpagsad en Selag is dan nie 35 jaar nie, maar ruim vier eeue (Gen. 11 :13). By hierdie opvatting van die genealogie van Genesis 11 Verkry ons baie eeue tydwins vir die periode van die sondvloed tot Abraham.
Dieselfde interpretasie kan ook toegepas word op die genealogie van Genesis 5, waardeur ons weer baie tydwins verkry vir die tyd voor die sondvloed. Dat hierdie tyd lank geduur het, word ook gesê deur Babiloniese tradisies wat melding maak van konings voor die vloed wat tienduisende jare geregeer het. Nòg van Genesis 5 nòg van die Babiloniese koningslyste kan egter afgelei word hoe oud die mensheid is.

Hoofstukke 5 en 11 van Genesis bedoel nie om te sê hoe oud die mensheid is nie, maar teken ons voor oë hoe die mensheid geslag ná geslag uit een bloed ontspruit het (Hand. 17:26). Die tydwins wat ons uit bostaande interpretasies verkry, is wel van gewig, maar tog nie hoofsaak nie. Die moderne wetenskap kan maar met sy navorsing voortgaan. Dit benader die saak van 'n ander kant as wat die Ou Testament dit doen. Wat die mense self deur ondersoek kan vasstel (en wat gedurig getoets en krities aanvaar moet word!), het God ons nie geopenbaar nie. Maar wat ons nie kan vasstel nie, dit het Hy vir ons geopenbaar. Dit is dat Hy die Skepper is van alle dinge, en besonderlik in die genealogieë van Genesis 5 en 11, dat Hy die mensheid laat uitbrei het tot een punt waar Hy begin met Sy spesiale heilswerk, naamlik in Abraham; en hierdie spesiale heilswerk is weer bestem om vanuit hierdie punt weer uit te brei tot al die geslagte van die aarde (Gen. 12:3).

## Noag en die Vloed

### § 30 Die ou wêreld (Gen. 6:1-4)

Al die aartsvaders van Adam af tot Lameg toe het, behalwe die by sy naam vermelde opvolger in die stamboom, seuns en dogters gehad. Hoewel dit nie uitdruklik vermeld word nie, het dit in die geslag van Kain ook maar so gegaan, want die manne uit die geslag kon vroue neem, en Lameg spreek van man en seun in sy omgewing (4:23). Vanuit twee sentra het die mense dus begin vermeerder, en ons hoef ook nie aan te neem dat die twee groepe mense, dié van Kain en dié van Set, altyd afsonderlik van mekaar bly woon het nie.
As die mense vermeerder, is daar vir hulle ook dogters gebore; natuurlik! In hoofstuk 5 staan dit telkens, en uit hoofstuk 4 blyk dit ook. Dat die geboorte van dogters in 6:1 opsetlik vermeld word, dui aan dat hulle in die ou samelewing 'n besondere betekenis gekry het Dit was hieraan te danke dat hulle mooi was! Naéma, die dogter van Lameg, was nie die enigste in haar soort nie; oral het "Naémas" hulle verskyning gemaak.

Nou was daar onder die mense ook seuns van God, d.w.s. mense wat in 'n besondere betrekking tot God gestaan het, naamlik deur hulle vroomheid. Hulle het behoort tot die geslag van Set en Enos (4:26); 'n besondere voorbeeld is Henog. Ook op ander plekke in die Skrif word die vromes seuns of kinders van God genoem (Ex. 4:22; Deut. 32:5; Hos. 1:10; 11:1; Ps. 73:15; Joh. 1:12). Die seuns van God sien dat die dogters van die mense mooi was en het toe vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Uit v. 3 blyk dat die HERE dit afkeur en wil straf. Die verkeerde in die gedrag van die seuns van God was dat hulle hul in hul huwelikskeuse nie deur 'n religieuse norm laat lei het nie, maar deur die aantreklikheid van uiterlik skoon. Die woorde van die Skrif gee ook grond om te vermoed dat poligamie op groot skaal beoefen is.

Die HERE straf dit deur Sy Gees aan die mense te onttrek. Dit beteken hulle einde! Die mense is vlees en sal soos vlees vergaan. Hulle het hulle mos ook vleeslik gedra! Dat sy dae honderd-en-twintig jaar sal wees, beteken nie dat die hoë leeftye tot op daardie getal ingekort sal word nie, want hoë leeftye het later nog dikwels voorgekom (kyk Gen. 11:10 e.v.), maar dat God in Sy lankmoedigheid die mense nog honderd-en-twintig jaar uitstel gee voordat die ondergang kom (1 Pet. 3:20).

Die aangekondigde straf kom oor die *mense.* Hieruit blyk dat ook mense die skuldiges was. Ons noem dit omdat soms gedink word dat die seuns van God engele was. Dit is waar dat die uitdrukking "seuns van God" soms engele aandui (Job 1:6; 2:1). Ons kan egter nie aanneem dat engele op die aarde gekom het of aanwesig was om die mooi dogters te neem nie. Engele trou nie (Matt. 22:30); dit behoort nie tot hul geestelike bestaan nie. As hier van engele sprake was, moes daar ook straf oor die engele kom. Hier is egter sprake van straf oor die mense. Net hulle staan skuldig.

Die mense van die ou wêreld was sterk mense, soos reeds uit **hul** hoë ouderdomme kan blyk. Die vermenging het hulle lewe laat opbruis tot hoogtes van krag en geweld en drifte. Daar was reuse! Die skrywer van Genesis het hulle mare verneem: hulle was die geweldiges uit die ou tyd, manne van naam! Ook buite-Bybelse geskrifte maak melding van konings voor die vloed wie se krag afgelei kan word uit hul hoë ouderdomme van duisende jare (§ 29) en van heroë. Die aarde van die ou wêreld was vol geweld, en God gaan die mense saam met die

aarde verdelg.

### § 31 Noag bou 'n ark (Gen. 6:5-22)

Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was, en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens gemaak het, en daar was smart in Sy hart (vers 6).

Ons lees ook in die Skrif dat God geen berou ken nie (Num. 23:19; 1 Sam. 15:29; Jer. 4:28; Jak. 1:17). Hiermee word bedoel dat Hy trou is aan Sy woord; Hy is geen mens dat Hy sou lieg nie; Hy wyk nie van Sy raad af nie; by Hom is geen verandering of skaduwee van ommekeer nie. Maar dit sluit nie in dat Hy onaandoenlik is vir die gedraginge of lotgevalle van die mense nie. Dikwels word Hy toornig oor hulle sondes, hoewel Hy vantevore geweet het dat hulle sal sondig; ook ken Hy medelye met Sy volk (Ex. 32:14; Rigt. 2:18; 2 Sam. 24:16; Jer. 26:13, 19; Amos 7:3, 6); ook kan Hy verheug wees (Jer. 32 :41; Sef. 3:17) en aangenaam getref (Gen. 8:21). So kan daar ook smart in Sy hart wees (vgl. Jes. 63:10; Ef. 4:30). Dit is die geval as Hy die verdorwenheid op aarde sien. Sy berou is sy reaksie op die gedrag van die mense (sien ook § 105) en in die reaksie bly Hy aan sy wese getrou. Deur vermenging van die seuns van God met die dogters van die mense het die aarde verdorwe geword. En so sal dit voortgaan! Die hele geskiedenis roep om Sy Seun, om Christus: Hy is die enigste wat alles kan regmaak!

Diep teleurgesteld besluit die HERE om die mens te verdelg, ook die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; Hy gaan hulle saam met die aarde verdelg.

Een van die mense, Noag, het egter genade gevind in die oë van die HERE. Hy was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote en hy het, net soos Henog, met God gewandel. Daarom gee die HERE aan Noag opdrag om 'n ark, dit is 'n vaartuig, te maak, want daar sal 'n watervloed kom om alle vlees te verdelg. Noag moet egter in die ark gaan, en nie net Noag nie, maar ook sy drie seuns - hulle was toe manne van ongeveer honderd jaar oud (Gen. 5:32; 7:11) — en die vroue van hierdie vier mans. Hierdie agt mense is 'n familie-eenheid. Petrus spreek van "die agttal van Noag" (II, 2 :5) waarmee hy bedoel: die naam Noag omvat agt mense wat by mekaar behoort.[2] Met hulle sluit die HERE 'n verbond.

Dit is die eerste keer dat ons van 'n verbond lees. Dit is nie 'n verbond van twee gelykwaardige partye nie; dit is net 'n besluit, 'n optrede van God (Jer. 33:20; Hos. 2:17) ten aansien van Noag en sy huisgesin. Net vanweë die vastheid en sekerheid daarvan word dit 'n verbond genoem. Noag van sy kant moet egter glo en die ark bou.

Noag het toe die ark gebou: driehonderd el lank, vyftig el breed en dertig el hoog; net soos God hom beveel het, so het hy gedoen, en hy het dit gedoen deur die geloof (Hebr. 11:7). Geloof was ook nodig! Hy het 'n Goddelike waarskuwing ontvang en dit nie in die wind geslaan nie. Die ander mense wel! Hulle het nie geglo dat daar 'n watervloed sou kom nie, hoewel Noag daarvan gepredik het (2 Pet. 2:5) en deur die ark te bou die erns van sy prediking getoon het. Niks het op so 'n vloed, wat ook iets heeltemal ongehoords sou wees, gedui nie. Die mense was wel boos, maar hulle het 'n voorspoedige en normale lewe gelei:

[2] Afrikaanse Bybel: "Noag met sewe ander", maar dit was nie sewe willekeurige mense uit die tydgenote van Noag nie, maar sy gesin (ogdo-on).

hulle het geëet en gedrink, getrou en is in die huwelik gegee (Luk. 17:27). In ongeloof en verharding het hulle daarmee aangegaan tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het. Noag het geglo en gebou met eerbiedige vrees, nie met 'n innerlike vermaak in die ramp wat sou kom en almal sou tref nie, maar onder indruk van die waarskuwing van God én van die genade wat God aan hom sou bewys. Met die eerbied en vrees vir die gerig van God het hy ook gepredik en daarmee die ongelowige wêreld veroordeel en self erfgenaam geword van die geregtigheid wat volgens die geloof is (Hebr. 11:7).

As die ark gereed is, kom al die diere, deur Goddelike werking, na hom toe om in die ark te gaan - van al die rein diere sewe paar, van die diere wat nie rein is nie, twee-twee, 'n mannetjie en 'n wyfie; ook van die voëls (6:20; 7:2, 8, 9). Noag het ook voedsel in die ark geneem. Daarna gaan hy, sy agttal, self in, en die HERE het agter hom toegesluit! Dit is die troue, sorgende hand van God vir die paar mense (1 Pet. 3:20). As Noag verneem hoe God self agter hom toesluit, weet hy dat hy en al wat in die ark is, veilig is. Op allerlei vrae soos: Hoe kon al die diere en die agt mense dit so lank - meer as 'n jaar - in die ark uitgehou het; hoe is dit dat die ark nie verongeluk het nie? is die antwoord: Dieselfde hand van God wat die ark toegesluit het, het die logge skip ook behoed. Die verblyf van 'n jaar lank in die ark was ewe 'n groot wonder as die veertigjarige verblyf van Israel in die woestyn (Deut. 29:5b). God verdelg die aarde met al wat daarop is, maar Hy hou Sy mense, Sy volk, in stand en volbring Sy raad met die wêreld.

## § 32 Die ondergang van die ou wêreld (Gen. 7:11-24)

In die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, toe Noag in die ark gegaan het, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank; die waters het vermeerder en het die ark opgehef sodat dit opgerys het bo die aarde en op die waters gedryf het. Die waters het heeltemal die oorhand gekry, sodat die berge bedek was; vyftien el bo die hoogste berge het die water gestaan. En alle vlees wat op die aarde was, het weggesterwe: vee, voëls, wilde diere, al die gedierte en al die mense; alles het doodgegaan, alles is verdelg van die aarde af.

Die sondvloed was 'n geweldige, katastrofale gebeurtenis, 'n gerig van God, die ondergang van die ou wêreld. Maar dit was nie 'n eindgerig nie. Die aarde het weer droog geword.

## § 33 Noag gaan uit die ark (Gen. 8)

Honderd-en-vyftig dae lank het die waters die oorhand behou oor die aarde, maar God dink aan Noag en al die diere by hom in die ark. Hy laat 'n wind waai, sodat die waters sak; die fonteine van die watervloed en die sluise van die hemel gaan toe en die stortreëns hou op; toe het die waters geleidelik van die aarde teruggegaan. Die eerste blyk daarvan is dat die ark tot stilstand gekom het op die gebergte van Ararat. Die naam kom ook voor in 2 Kon. 19:37 en Jer. 51:27; dit is die Assiriese Urartu, teenswoordig Armenië. Daar is hoë berge, maar op watter een daarvan die ark gerus het, kan nie gesê word nie. Die tweede blyk is dat die toppe van die berge weer sigbaar geword het. Daarna laat Noag voëls uitvlieg. Die kraai, wat genoeg aas gevind het, het gedurig heen en weer gevlieg; die duif kom eerste terug, een keer met 'n olyfblaar in sy bek; sewe dae later stuur Noag die duif weer uit; toe het dit nie weer teruggekom nie.

In die seshonderd-en-eerste jaar, in die tweede maand, op die sewe-en-twintigste dag van die maand, dus ná een jaar, was die aarde droog. Toe het God met Noag gespreek en gesê: Gaan uit die ark. Eers op bevel van God gaan hy uit. Toe het Noag 'n altaar vir die HERE gebou. Dit is die eerste keer dat ons in die Ou Testament van 'n altaar lees, wat nog nie beteken dat Kain en Abel sonder altaar geoffer het nie. Op die altaar offer Noag brandoffers van al die rein diere wat in die ark was. Dit was 'n kosbare offer, want daar was van elk maar sewe paar. Ook die feit dat hulle pas uit die vloed gered is, het Noag nie weerhou om daarvan vir sy offer te neem nie. Met hierdie offer het Noag sy dankbaarheid aan God vir die groot verlossing betoon. Dit was vir God aangenaam, en Hy het in Sy hart gesê dat Hy nie weer ter wille van die boosheid van die mens die aarde sou vervloek nie, en nie weer al die lewende wesens sou tref soos Hy nou gedoen het nie.

Hierdie woorde van God is nie 'n verbygaande opwelling van Sy gemoed onder die invloed van die lieflike geur van die brandoffer van Noag nie, maar 'n openbaring van Sy raad. Hy gee ook 'n motief daarby: die versinsel van die mens se hart is sleg van sy jeug af, d.w.s. die mense word deur gerigte nie beter nie! God sou telkens weer die mens moet verdelg. Inderdaad het die mense ná Noag weer in sonde verval. Sal God dan niks doen nie? Nee, Hy het 'n ander plan. Wat dit is, sê Hy nie hier nie. Tog lê dit in die lyn van hierdie gebeure: Noag was 'n regverdige, opregte man en het daarom genade gevind in die oë van die HERE; dat die HERE die reuk van sy offer lieflik gevind het, was ook, so leer ons uit die geskiedenis van Kain en Abel, vanweë hierdie geregtigheid van hom. As die mense so is, hoef hulle nie verdelg te word nie. Die sondvloed getuig sowel van redding as gerig. En God wil red! In gereddes het Hy 'n behae soos in 'n lieflike geur (Eseg. 20:41); die gereddes is 'n aangename geur (2 Kor. 2:15), maar hulle is dit as geur van Christus (2 Kor. 2:15), want Christus het Hom vir ons oorgegee as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur (Ef. 5:2). Die hele geskiedenis roep om Christus (§ 31). Die gelowiges bring geestelike offers wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus (1 Pet. 2:5). So is daar vir die mens nog weggelê 'n volmaking in goeie werke wat welbehaaglik is voor God deur Jesus Christus. Dit is die plan van God soos Hy dit later geopenbaar en volbring het. Dit is die redding wat God bewerk deur die offer van Christus.

Dieselfde gedagtes van gerig en redding lê in die doop, wat die teëbeeld van die sondvloed is (1 Pet. 3:21). Dat die dopeling ónder gaan in die water, beteken sy ondergang in die dood weens die sonde: hy word in die dood van Christus gedoop; maar dat hy oprys uit die doopwater, dui op sy opstanding met Christus tot 'n nuwe lewe.

Omdat God hierdie genadeplan het, beloof Hy dat die waters van die sondvloed nie weer oor die aarde sal gaan nie, wat so 'n vloed blykbaar moet uitsluit. Van nou af sal, al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie.

## § 34 Sondvloedverhale

Uit die Ou Testament weet ons dat daar 'n sondvloed was. Ook by ander volke is daar oorleweringe van so 'n groot vloed waarin alle mense omgekom het en slegs 'n enkele of 'n paar gered is. Die vernaamste punt van verskil is dat alleen in die Ou Testament die sondvloed 'n gerig is vanweë die verdorwenheid van die mense. Ons kan aanneem dat al die verhale teruggaan op 'n oorspronklike verhaal waarvan deur die voorsienigheid van God in die Ou Testament opgeneem is wat die Heilige Gees besluit het.

Die bekendste verhaal is die Babiloniese, wat ons vind in die elfde sang van die Gilgamesj-epos. Die heros Gilgamesj het ná 'n moeisame reis die eiland bereik, waar Uta-napisjtim, die enigste wal aan die sondvloed ontkom het, woon. Dié vertel hom wat gebeur het: Die gode was bymekaar in Sjurippak (op die plek van hierdie ou stad lê Fara teenswoordig, waar ook opgrawings gedoen is). Hulle besluit om 'n stortvloed te stuur. Ea, die god van die wysheid en beskermer van Uta-napisjtim, maak die plan heimlik aan hom bekend en gee hom die raad om 'n skip te bou. Die raad word opgevolg en goud en silwer, familie, vee en wild en knegte in die skip gelaai. Op 'n tydstip wat Sjamasj, die Sonnegod, vasgestel het, breek die storms los, so erg dat Uta-napisjtim bang was om daarna te kyk. Die stormgod (Adad) en sy heroute trek oor berge en vlaktes, die sluispale word uitgeruk, die studam loop oor; die orkaan het gewoed, die storm geloei; die water het op die berge gestaan en die dood het die mense oorval. So vreeslik was dit alles dat die gode self bang geword het vir die storm wat hulle ontketen het en by die hemelgod Anoe skuiling gesoek het. Soos honde het hulle daar by 'n muur weggekruip. Deur die water is alles in klei verander. Ses dae en sewe nagte het orkaan en stortvloed aangehou; toe het die wind gaan lê. Uta-napisjtim vertel verder: Toe ek opkyk, was daar stilte rondom, maar die mensegeslag het klei geword. Sy skip het vasgesit op die berg Nisir. Hy laat voëls uitvlieg: 'n duif en 'n swaweltjie wat teruggekom het, 'n kraai wat nie teruggekom het nie. Toe het hy uit sy skip gegaan en geoffer. Die gode het dit geruik en soos vlieë op die geur afgekom. Maar een van die gode, Enlil, is vreeslik kwaad toe hy sien dat daar iemand ontkom het. Deur Ea tot besinning gebring, klim hy op die skip, gryp Uta-napisjtim by die hand, laat hom en sy vrou neerkniel, raak hulle voorkoppe aan en skenk hulle die onsterflikheid met die woorde: Eers was Uta-napisjtim 'n sterflike mens; voortaan sal hy en sy gade met ons, gode, gelykstaan en ver weg by die monding van die strome woon.
Die verskille met die Bybelse verhaal is opvallend.

Ouer as hierdie Babiloniese verhaal is die Sumeriese. (Die Sumeriërs het voor die Semiete in Babilonië gewoon.) Hiervan is slegs fragmente bekend, waarin ook iets vertel word van die tyd voor die vloed, naamlik dat die koningskap toe uit die hemel neergedaal het en dat daar vyf stede was: Eridu, Bad-tibira, Larak, Sippar en Sjurippak. Een van die konings is vroom en godvrugtig; sy naam is Ziusudra (hiervan kom die naam Xisouthros, wat deur Berossus, die Grieksskrywende Babiloniese priester uit die tyd van Alexander die Grote, gebruik word). Ook hy hoor heimlik van die plan van die gode om die menslike saad te vernietig. Hy gaan dan bou - natuurlik 'n groot skip, maar die teks is geskend. Hy doen dit nederig, gehoorsaam en eerbiedig (! ! vgl. "met eerbiedige vrees", Hebr. 11:7). Toe het die vloed oor die heilige stede geraas, sewe dae en sewe nagte lank. Dan kom die Sonnegod weer te voorskyn en begin die plante weer groei. Ziusudra slag 'n bees en 'n skaap. Die gode An en Enlil het hom toe ewige asem gegee en laat woon in Dilmoen, die plek waar die son opkom.

As die kleitablet in sy geheel sou gevind gewees het, sou dit miskien moontlik gewees het om groter ooreenkoms of verskil tussen die Babiloniese en die Bybelse verhaal vas te stel.

In die Griekse literatuur vind ons die verhaal van Deukalion en Pyrrha, wat tydens 'n groot vloed weens die boosheid van die mense op die top van die Parnassus gespaar is, omdat hulle regverdig was. As enigste gereddes was hulle natuurlik baie eensaam. Hulle raadpleeg 'n orakel, wat sê dat hulle "die beendere van hul moeders agter hulle moet gooi." Hulle begryp dat hiermee klippe bedoel word. As hulle aan die versoek van die orakel voldoen, word die klippe van Deukalion manne en dié van Pyrrha vroue.

Ten slotte kan ons nog melding maak van die Indiese sage van Manu en die vis en van die

Mexikaanse waarvolgens een egpaar 'n vloed wat die hele aarde bedek het, in 'n uitgeholde boomstam oorleef het.

Die sondvloed was 'n geweldige gebeurtenis waaraan die herinnering by verskillende volke bewaar gebly het.

## Begin en Uitbreiding van die Tweede Mensheid

### § 35 Nuwe verordeninge (Gen. 9 :1-17)

Ná die sondvloed begin daar op dieselfde aarde van voor die vloed en met dieselfde, in Noag en sy gesin gespaarde, mensheid 'n nuwe periode. God het die aarde nie vir goed verdelg nie (6:13), maar in Sy Goedheid en lankmoedigheid hervat Hy Sy werk daarmee. Onveranderd is Sy bevel aan die mense om te vermeerder en die aarde te vul (vgl. 1:28, met 9:1,7). Daar is egter ook nuwe verordeninge, soos die verhouding tot die dierewêreld. Voor die sondeval moes die mens oor die diere heers (1:26). Wat hiervan ná die sondeval tereggekom het, weet ons nie, maar nou, ná die vloed, sê God aan die tweede mensheid: Die vrees en die skrik vir julle sal oor al die diere wees. Hulle is in julle hand oorgegee. Aangesien dit hier as iets nuuts gestel word, was dit klaarblyklik vir die eerste mensheid nie die geval nie. Deurdat dit nou wel die geval sal wees, word die stryd van die mens teen die natuur ligter gemaak: waar mens en kultuur verskyn, trek die wilde diere terug na onbewoonde gebiede. Ook mag die mens nou diere slag en eet. Oorspronklik het God die mense slegs plantaardige voedsel toegestaan (1:29); nou ook dierlike voedsel, vleis. Ook dit is 'n verruiming van sy bestaansmoontlikheid. In hierdie verordening word geen verskil tussen rein en onrein diere gemaak nie; dit kom eers later as God vir Hom 'n eie volk verkies het. Daar is egter 'n ander beperking, een wat wel vir alle mense geld: net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie. Die bloed is die siel, die lewe (Lev. 17:11): die bloed is met die siel verbind (Lev. 17:14). God gee die diere wel in die hand van die mense oor, maar dit bly tog Sy diere, en die mens moet respek bewaar vir die lewe, wat God alleen, ook aan diere, kan gee. Ten aansien van die mens eis God nog meer respek vir sy bloed, omdat die mens na Sy beeld gemaak is. Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word. So sal dit maar gaan! (Matt, 26:52). En so moet dit ook gaan, deur bloedwraak of owerheid (Openb. 13:10; Rom. 13:4). Doodstraf op doodslag! Dit lei die wilde wraaksug van Lameg (Gen. 4:23, 24) in meer wettige bane.

Die belangrikste verandering is die intoming van die waters. Terstond ná die vloed het God Hom dit voorgeneem en daarby ook gedink aan 'n reëlmatige opvolging van die jaargetye (8:21, 22); nou kondig Hy dit af in die vorm van 'n verbond (net soos in 6:18), waardeur die vastheid van die nuwe verordening beklemtoon word. As teken daarvan stel God Sy boog in die wolke, die reënboog. Dit ontstaan deur breking van die lig in die reëndruppels, 'n kleurryke verskynsel in die dampkring, wat moontlik verband hou met die verandering wat God nou aanbring, miskien ook reeds daarvoor aanskou is; in elk geval word dit nou tot 'n teken van die nuwe verordening gemaak.

God rig die verbond op met alle mense en alle diere, tussen Hom en alle vlees wat op die aarde is, tussen Hom en die aarde en ook vir ewige geslagte. Hy noem dit 'n ewige verbond, d.w.s. so lank as die aarde bestaan. Gewoonlik word dit deur ons die natuurverbond of die Noagitiese verbond genoem. God bewerk daarmee 'n tempering van die vloek wat op die sonde gevolg het, 'n beperking van geweld in die menslike samelewing, 'n versterking van die posisie van die mens in die natuur. God doen dit in Sy lankmoedigheid, want die mense bly sondaars. Ook die tweede mensheid slaan 'n sondige weg in. Tog gee God 'n nuwe orde met natuurlike weldade en seëninge, 'n orde van *algemene genade* waarin mens en dier opgeneem is, sodat die skeppingslewe kan voortbestaan - totdat Sy gerig kom in en deur Christus, in wie 'n nuwe mensheid gered word.

## § 36 Noag en sy wingerd (Gen. 9:18-29)

Aan die begin van die geskiedenis van die tweede mensheid staan weer 'n boom in die middelpunt, en weer is dit tot sonde, en weer word daarby die skande van die naaktheid vertoon.

Noag het die boom, 'n wingerdstok, self geplant. Hy het die taak van Adam, die bewerking van die grond, weer opgevat en word 'n landbouer. Die kultuur waarmee hy begin, is agrikultuur. Hy plant 'n wingerd, hy pluk druiwe, hy maak wyn. Dit is die ontwikkeling van 'n proses. Toe hy van die wyn gedrink het, het hy dronk geword en naak in sy tent gelê. Onbekende kragte het oor hom geheers: die krag van sy eie produk was vir hom te veel. Hy het daaroor nie heerskappy gevoer nie en in skandelike knegskap lê hy daar!

Gam het dit gesien. Uitdruklik word gesê: Gam, die vader van Kanaän. Agt mense het uit die ark gekom, in die jare wat sindsdien verbygegaan het, het hulle al vermeerder. Kanaän is die eerste wat genoem word.

As Gam sy vader sien lê, het hy dit aan sy broers daarbuite te kenne gegee, klaarblyklik met spot en vermaak. By hom is geen ontsteltenis oor die skande van sy vader nie. Die slegte verheug hom in die kwaad (Spr. 2:14). Maar Sem en Jafet het die naaktheid van hul vader bedek (1 Kor. 13:7) sonder om daarna te kyk. So is daar verskillende geaardhede onder die seuns van Noag (vgl. § 25).

Noag het later verneem wat gebeur het en doen dan profetiese uitsprake oor die verskillende gedraginge van sy seuns. Oor sy eie sonde praat hy nie; dit hoef hy met sy seuns ook nie te doen nie; dis 'n saak tussen hierdie vrome" en sy God. Dat Gam die sonde van sy vader openbaar gemaak het, is 'n sonde op sigself.

Noag sê: Vervloek is Kanaän! As seun wat sy vader gesmaad het, word Gam ook in sy seun gestraf. Verder sê Noag: 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers. Omdat Gam met die knegskap van sy vader gespot het, is die straf ook knegskap, en dit tref hom in een van sy seuns. Die vervloeking gaan dus nie oor alle nakomelinge van Gam nie, maar oor die Kanaäniete, wat later aan Israel diensbaar geword het. In besondere sin geld dit van die Gibeoniete (Hewiete; Jos. 9).

Die goeie wat Noag aan Sem toesê, lê opgesluit in die woorde: Geseënd (d.w.s. geprys) is die HERE, die God van Sem. Hiermee word gesê dat God in besondere sin die God van Sem is, dat daar 'n besondere relasie tussen Sem en God is; en wat God as God van Sem sal doen, is lofwaardig: uit die geslag van Sem is Abraham geroepe en in die heil van Abraham sal Jafet ook lewensruimte hê.

## § 37 Die uitbreiding van die tweede mensheid (Gen. 10)

In Genesis 10 vind ons 'n opsomming van die nakomelinge van Noag. Hierdie opsomming bevat wel name van persone, maar baie meer van volke. Daarom word hierdie hoofstuk ook die *volketafel* genoem. Die stamboom van Noag gee die geslagte van die seuns van Noag volgens hulle afstamming in hulle nasies, en uit hulle het die nasies hulle ná die vloed verdeel

(v. 32). Onweerspreeklik word hiermee te kenne gegee dat die hele mensheid uit een stamvader afkomstig is (Hand. 17:26). Die uitbreiding blyk oorsigtelik in die volgende tabelle (vgl. ook 1 Kron. 1:23):

## SEM

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Elam | Assur | *Arpagsad* | Lud | Aram |
| | | *Selag* | | Us |
| | | *Heber* | | Hul |
| | | *Peleg* (Gen. 11) | Joktan | Geter |
| | | | Almodad | Mas |
| | | | Selef | |
| | | *Rehu* | Hasarmawet | |
| | | | (Hadramaut) | |
| | | | Jerag | |
| | | | Hadoram | |
| | | | Usal (Eseg. 27:19) | |
| | | *Serug* | Dikla (=dadelpalm) | |
| | | | Obal (Ebal, 1 Kron. 1:22) | |
| | | | Abimael | |
| | | | Skeba | |
| | | *Nahor* | Ofir (1 Kon. 9:28) | |
| | | | Hawila (Gen. 2:11) | |
| | | | Jobab | |
| | | *Tera* | | |
| | | Abraham + Hagar | Nahor + Milka | Haran |
| | | | (Gen. 22:20-24) | Lot |
| | | Ismael | Us | Moab |
| | | (Gen. 25:12-25) | | |
| | | Nebajot | Bus (Jer. 25:23) | Ammon |
| | | Kedar | Kemuel | Milka |
| | | Adbeël | **Aram** | (Gen. 11:29) |
| | | Mibsam | Kesed (Chaldeërs) | |
| | | Misma | Haso | Jiska |
| | | Duma | Pildas | |
| | | Massa | Jidlaf | |
| | | Hadad | Betuel | |
| | | Tema | Rebekka | |
| | | Jetur | Laban | |
| | | Nafis | **Lea** | |
| | | Kedma | Ragel | |
| | | Abram + Ketura | Nahor + Reüma | |
| | | (Gen. 25 :1-4) | Tebag | |
| | | Simran | Gaham | |
| | | Joksan | Tahas | |
| | | Skeba | Maäga (Deut. 3:14) | |
| | | Dedan | | |
| | | Assuriete | | |
| | | Letusiete | | |
| | | Leümiete | | |
| | | Medan | | |
| | | Midian | | |
| | | Efa | | |

Efer
Henog
Abida
Eldaä
Jisbak
Suag
*Abram* + Sarai
*Isak* + Rebekka

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Jakob* + Lea | Ruben | Esau + Judit | |
| | Simeon | (Gen. 6:34) | |
| | Levi | +Ada | Elifas |
| | Juda | +Basmat | Rehuel |
| | Issaskar | (Gen 26:34, | |
| | Sebulon | 36:3 | |
| + Silpa | Gad | +Oholibama | Jehus |
| | **Aser** | | Jaelam |
| + Ragel | Josef | | Korag |
| | Manasse | | |
| | Efraim | | |
| | Benjamin | | |
| + Bilha | Dan | | |
| | Naftali (Gen. 35: 23-26) | | |

## GAM

| Kus (Ethiopië) | Misraim (Egipte) | Put | Kanaän |
|---|---|---|---|
| Seba | Ludiete | | Sidon |
| Hawila | Anamiete | | Het |
| Sabta | Lehabiete | | Jebusiete |
| Raema | Naftuhiete | | Amoriete |
| Skeba | Patrusiete | | Girgasiete |
| Dedan | Kasluhiete | | Hewiete |
| Sabtega | Filistyne | | Arkiete |
| Nimrod | Kaftoriete | | Siniete |
| Babel | | | Arwadiete |
| Ereg | | | Semariete |
| Akkad | | | Hamatiete |
| Kalne | | | |
| Assur | | | |
| Nineve | | | |
| Rehobot-Ir | | | |
| Resen | | | |
| Kalag | | | |

## JAFET

| Gomer | Magog | Madai | Jawan | Tubal | Meseg | Tiras |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (Kimmeriërs) | | (Mediërs) | (Ionië, Grieke) | | | |
| Askenas | | | Elisa | | | |
| Rifat | | | Tarsis | | | |
| Togarma | | | Kittiërs | | | |
| | | | Dodaniete | | | |
| | | | (Rodaniete) | | | |

## § 38 Die toring van Babel (Gen. 11:1-9)

Die volketafel van Genesis 10 is nie 'n geskiedverhaal nie, maar 'n ou oorkonde wat deur die samesteller van dié boek Genesis tussen die verhaal van Noag en sy wingerd en die verhaal van die toring van Babel ingelas is. In die volketafel staan dan ook reeds enkele dinge wat in die verhaal van die toringbou nadere toeligting kry, soos die vermelding van die verdeling van die aardbewoners in die dae van Peleg, die vierde stamvader ná Sem, en dat die drie volksgroepe - Jafet, Gam en Sem - elkeen afsonderlik sy lande, tale, geslagte en nasies gehad het (10:5, 20, 31).

Vanaf die Armeniese berge (Ararat), waar Noag uit die ark gegaan het, het hulle na die ooste, presieser: in suidoostelike rigting, getrek en gaan woon in 'n laagte in die land Sinear. Dit is dus die eerste woonplek van die tweede mensheid: in die vrugbare vlakte tussen die Eufraat en die Tigris. Die vlakte was deur oorstromings ryk aan water. Hierdie omstandigheid het die mense tot kultuurontwikkeling gedwing, naamlik om besproeiingskemas uit te dink en in die werk te stel. Om dit tot stand te bring, was ook orde en samewerking nodig wat weer tot ontplooiing van die sosiale samelewing bygedra het. Die grond het bestaan uit aansliksel van die riviere en dit was ook geskik om stene daarvan te bak. In die loop van die tyd kom hulle op die gedagte om 'n stad te bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel sou reik. Die kleiteëls word in die son of in die vuur gebak. Hulle het hiervan al geweet; rotse waaruit klippe gekap kon word, was daar nie in die laagte nie; hulle moes met bakstene werk. Hulle wil die kuns nou intensiewer toepas en vervolmaak: die stene goed brand. As bindmiddel om die bakstene op mekaar te messel, was die lymgrond (asfalt, bitumen) besonder geskik.

So gaan hulle dus 'n stad bou. So het Kain ook begin! Hulle wil ook 'n naam vir hulle maak en nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. Kain wou ook nie rondswerf nie. Dit is in wese dieselfde sondigheid as wat daar in die eerste mensheid was: eie grootheid soek deur kultuurontwikkeling, hierdie keer op die terrein van die boukuns. Hul strewe om rondom een sentrum te konsentreer, is heeltemal teen die wil van God, wat gesê het: Vul die aarde!

Dat mense groot en magtig word, is vir God nie 'n beswaar nie, as dit maar in Sy diens en Sy weg is. Hy het Salomo groot gemaak, sodat niemand onder die konings soos hy was nie (1 Kon. 3:13). Hy het ook Jerusalem verkies: selfs vir die idee van 'n stad is daar plek in die plan van God (2 Kron. 6:6). Maar wat die mense daar in Sinear beoog, is om God na die kroon te steek. Dit kan Hy nie sy gang laat gaan nie!

Natuurlik kan God van die hemel af sien wat daar op die aarde gebeur, maar tog kom Hy kyk. Hy het neergedaal om die stad en die toring te besien. Dit is weer 'n beskrywing van God waarin - net soos in die uitdrukking dat Hy berou het (§ 31) - blyk dat Hy nie 'n starre onbeweeglikheid is nie, maar 'n God vol lewensbeweging en geïnteresseerdheid, en as Hy sê: Dit is net die begin van hul onderneming, nou sal niks meer vir hulle onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie, dan klink dit selfs sarkasties (vgl. Gen. 3:22). In Sy almag spot Hy 'n bietjie met die waan van die mense. Hy sal dit dan ook met een slag vernietig. Hy verwar hulle taal sodat die een die taal van die ander nie kon verstaan nie.

Die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. Dit was 'n skeppingsgawe van God aan die mensheid en het behoort tot die harmonie van die skepping. Ook in die eenheid van taal waardeur mense met mekaar, ja, God en mense met mekaar gemeenskap kon hê, kom die harmonie van die skepping tot uiting. Nou vernietig God dit omdat die mense 'n

eenheid soek tot eie roem en grootheid. Hy verstoor Sy eie skeppingswerk om die mense te belet om voort te gaan in hul aanmatiging teen Hom. Daarom het ons hier nie te doen met 'n differensiasie wat miskien tog sou gekom het nie, maar met 'n strawwende ingryping van God. As Skepper kan Hy dit doen. Hy kan Sy skepsele laat praat (Gen. 3:1; Num. 22:28) en nie laat praat nie (Luk. 1:20); Hy kan gewoon en buitengewoon laat praat (1 Kor. 14:4 e.v.). Hy gee taal en verwar taal.

Sy maatreël het ook gehelp. Die mense is verstrooi - wat hulle nie wou nie, en hulle het opgehou om die stad te bou.

Deur Sy heilswerk in Christus vernuwe God die deur sonde en gerig ontredderde skepping, wat ten volle tot uiting sal kom in die groot stad, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal (Openb. 21:10). Ook die verwarring van die taal sal God herstel soos Hy reeds by die uitstorting van die Heilige Gees in Sy gemeente getoon het, toe elkeen in sy eie taal kon hoor wat die gemeente oor die groot dade van God gespreek het (Hand. 2:8, 11).

Die geskiedenis van toringbou en spraakverwarring word verbind aan die naam Babel, wat in hoofstuk 10 as die begin van die ryk van Nimrod genoem is; hy was 'n geweldige jagter, maar ook 'n geweldige stedebouer; miskien het hy behoort tot die bouers in Sinear.

## § 39 Tempeltorings

Die strewe om hoë torings te bou, was van die vroegste tye af by die ou volke en in die ou stede by die Eufraat aanwesig. Die opgrawings het reste daarvan aan die lig gebring. By die opgrawings in Ur, die bekende stad van Abraham, is twee terrasse van so 'n toring teruggevind. Die torings het naamlik uit enkele op mekaar rustende terrasse bestaan, waarvan die onderste die grootste was en elke volgende een steeds kleiner. Op die boonste het **'n** tempel of altaar gestaan. Langs die sykante van die terrasse is trappe aangebring. Latere konings het by die weeropbou van vervalle of verwoeste torings die getal van die terrasse tot sewe opgevoer.

Die Babiloniërs noem so 'n toring 'n "siqquraat". Hierdie woord kan met "bergtop" vertaal word. Uit die altaar of tempel op die boonste laag blyk dat die torings 'n sakrale of religieuse bestemming gehad het. Daarom praat ons van "tempeltorings". Waarskynlik was die vlaktebewoners uit bergstreke (Armenië) afkomstig en wou hulle in hulle godsdiens die ou omgewing naboots, in die mening dat die gode dan beter benader kon word.

Die "siqquraat" van Ur, wat uit die derde millennium dateer, was gewy aan die maangod Nanna of Nannar, deur die Semiete Sin genoem.

Ook Babel het sy "siqquraat" gehad. Dit moet ongeveer 300 voet hoog gewees het en het gedien vir die verering van Mardoek. Die Sumeriese naam van hierdie "siqquraat" was: E-TEMEN-AN-KI ( = huis van die grondslag van hemel en aarde); die naam van die tempel op sy top was: E-KUR ( = berghuis), en die tempel langs hom heet E-SAG-ILA (huis met die spits in die hemel)! Ons kan die tempeltorings rekonstrueer, omdat reeds die oudheid afbeeldings daarvan gemaak het, onder andere op seëls. Trouens, van E-TEMEN-AN-KI het Herodotus 'n noukeurige beskrywing gegee (1.181).

Uit Babiloniese geskrifte blyk dat die fondament van hierdie tempel reeds in ou tye gelê is,

maar nie voltooi is nie. Verskillende op mekaar volgende konings het daaraan gebou. Die Assiriese koning Sanherib, die hater van Babel, het dit verwoes, maar sy opvolgers het stad en toring weer opgebou, en Nebukadnesar het dit voltooi (§ 434).

Onwillekeurig lê ons in ons gedagtes verband tussen die Babiloniese tempeltorings en die Bybelverhaal van die toringbou in die vlakte van Sinear. **Sou** beide dieselfde strewe weerspieël? Merkwaardig is wel dat van beide torings gesê word dat hulle nie voltooi is nie! Tog is daar groot verskille: die "siqqurate" was sakraal, en daarvan blyk in Genesis 2 niks nie - of sou dit deurskemer in die woorde: waarvan die spits tot in die hemel reik? Dié wat wel sulke verbande lê, meen dat die Bybelskrywer die sakrale betekenis van die toring van Genesis 11 sou ignoreer. Maar waarom sou hy dit doen?

## § 40 Nimrod

Midde tussen die volke wat in Genesis 10 as afkomstig van Kus, die seun van Gam, vermeld word, staan ook 'n persoonsnaam: Nimrod. Hierdie vermelding bewys dat hy inderdaad 'n wyd en syd vermaarde man was. Hy is die stigter van Babiloniese en Assiriese stede (10 :10). Sy naam leef tot vandag toe voort in die pleknaam Birs Nimrud, die moderne naam van die plek waar Kalag (Kalchu) eenmaal gelê het (Gen. 10 :11, 12).

Die naam Nimrod is die verhebraïsering van 'n vreemde naam. Dit kan die naam Nimurta wees, die naam van die Sumeriese god van jag en oorlog. Aan die geweldenaar is dan later deur die mense 'n plek onder die gode gegee.

# AFDELING II - Die Ontstaan en Vorming van die Volk Israel

# Abraham

## § 41 Abram geroep (Gen. 12:1)

Wat die Skrif oor die geskiedenis van die mensheid in die algemeen meedeel, dus die voor-Israelitiese Bybelse geskiedenis (Gen. 1-11), is toegespits op een familie waartoe die man behoort waaruit die volk Israel voortgekom het en met wie die geskiedenis van die allereerste begin van Israel dus 'n aanvang neem; dit is die familie van Tera, 'n regstreekse nakomeling van Sera (kyk § 37).

Tera woon in Ur van die Chaldeërs, 'n baie ou stad op die plek waar in die oudheid die Eufraat in die Persiese Golf uitgemond het. (Die plek is teenswoordig baie verder van die see af deurdat grond by die uitmondings van die Eufraat en die Tigris uilgespoel het, waardeur die see teruggedring is.)

Tera het drie seuns gehad: Abram, Nahor en Haran. Laasgenoemde het in sy geboorteland gesterwe voordat sy familie weggetrek het; hy het egter wel kinders gehad: Lot en twee dogters, Milka en Jiska. Die ander seuns van Tera het ook getrou: Abram met Sarai, sy half-suster, naamlik 'n dogter van sy vader, maar van 'n ander moeder (Gen. 20:12), en Nahor met Milka, sy niggie. Van Jiska die suster van Milka, lees ons verder niks. Hoewel die stad ongetwyfeld vir huwelikskeuse genoeg inwoners gehad het, het Abram en Nahor hulle vrouens tog binne die familieverband gesoek. Dit lyk asof hulle hul min of meer van hul stadgenote geïsoleer het - vandaar ook hul bereidheid om te trek? Of kennis van die HERE die oorsaak van so 'n isolering was, kan ook nie veronderstel word nie, omdat hulle daar wel "ander gode gedien het" (Jos. 24:2).

Van hierdie familie word berig dat hulle onder leiding van Tera uit Ur weggetrek het om na die land Kanaän te gaan. Of Tera Nahor ook saamgeneem het, word nie gesê nie, maar later blyk dat die nageslag van Nahor en Milka ook in Haran is (Gen. 27:43; 28:10; 29:4). So het die hele familie dan getrek en gekom tot by Haran, 'n belangrike stad aan 'n linkersyrivier van die Eufraat in die noorde van Mesopotamië, 'n kruispunt van handelsweë. Die mening word teenswoordig soms gehuldig dat handelsrelasies iets met die trek van Tera te doen gehad het. Die rede van die trek word in Genesis 11 nie vermeld nie. Dit word egter gedoen in 12:1: die HERE het aan Abraham gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. As Abram aan die roeping gevolg gee, vertrek hy uit Haran (12:4). Tog het die roeping reeds in Ur tot hom gekom (Gen. 15: 7; Neh. 9:7; Hand. 7 :2, 3). Stéfanus sê dat God tot Abraham gesê het: Trek uit jou land en uit jou familie. Maar sy familie het saamgegaan - om een van die hierbo veronderstelde redes? Die HERE het egter 'n plan met Abram alleen, met hom persoonlik (Jes. 51:2), en Haran was slegs 'n voorlopige eindpunt. Vir Tera was dit ver genoeg, maar nie vir Abram nie, en daarom het God die roeping in Haran herhaal, nou in skerper bewoording: Uit jou land en uit jou familie en *uit jou vader se huis.* Hierdie laaste bevel het Abram nog nie gehoorsaam nie!

Stéfanus stel dit so voor dat Abram, gehoorsaam aan die roeping, weggetrek het uit Ur en in Haran gaan woon het; ná die dood van sy vader het hy verder getrek. In Genesis 11:26 lees ons egter dat Tera in die tyd dat sy seuns gebore is, 'n man van sewentig jaar was en dat Abram uit Haran getrek het toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was. Sy vader was dus toe honderd-vyf-en-veertig jaar oud. Volgens 11:32 het Tera egter gesterwe toe hy tweehonderd-en-vyf jaar oud was. Dan het Abram dus nie op die dood van sy vader gewag om Haran te verlaat nie. Was Stéfanus nou verkeerd? Of is die getalle uit Genesis 11 foutief ? Ja, sterker nog, kán daar iets verkeerd wees in die Heilige Skrif ?

Hierdie kwessie kan vreeslik aangedik word, sodat die geloofwaardigheid van die Skrif in die gedrang kom. Maar dit is glad nie nodig nie! Daar is meer gevalle van dergelike aard in die Heilige Skrif, maar aan die *waarheidsverkondiging* van die Skrif doen hulle geen skade nie. Die Bybel het nie kant en klaar uit die hemel kom val nie; God het vir die teboekstelling van die Skrif gebruik gemaak van mense en hul aanleg en studie (Luk. 1:3). Hierdie werkwyse van God noem ons die organiese inspirasie. Stéfanus het sy" gegewens gehad vir sy bewering en die skrywer van Genesis syne. Hulle lewe met eeue tussen hulle in! Tradisies, oorleweringe, berigte uit ou tye, mondeling of skriftelik, kan van mekaar afgewyk het. Maar - én dit is vir ons, sekure Westerlinge, miskien moeilik om te begryp - die outeur van die Skrif, die Heilige Gees, reken dit nie tot Sy taak om soos 'n korrektor dergelike afwykinge reg te stel nie; dit gaan by Hom om die heilsverkondiging. Die Woord het vlees geword - in sekere sin ook in die geskrewe Woord - en kom ook daar "in die gelykheid van die sondige vlees" (Rom. 8:3).

## § 42 Ur van die Chaldeërs

Ur was 'n baie ou stad wat in die tyd van Abram sy grootste bloeityd reeds beleef het, omdat die aanslikking van die riviere die stad toe reeds van die see en die Eufraat geskei het. Dit was 'n Sumeriese stad wat die Sumeriese kultuur en hegemonie die langste teenoor die Semiete gehandhaaf het. Sy konings het hulle "koning van Sumir en Akkad" (Gen.10:10) genoem. Die tempeltoring van Ur was gewy aan die maangod Nannar en sy gemalin Ningal. Dis opmerklik dat die plek waarheen Tera trek, Haran, ook 'n sentrum van maanverering was. Ur en Haran is die twee vernaamste plekke van hierdie kultus. Hy word beskou as die god van die wysheid en van die lewe; hy word voorgestel as 'n jong bul, waarskynlik weens die ooreenkoms tussen die sekelmaan en 'n stel horings.

Die opgrawings in Ur het goue en silwerskatte van hoë kunswaarde te voorskyn gebring. Dit is in grafte gevind. Uit die vondste blyk ook dat by die dood van gesiene persone die dienspersoneel hulle in die dood moes volg om hulle te dien. Koningin Sjubad bv. is begrawe met haar sierade van bladgoud, lapis lasuli en karneool en haar dienaresse met haar in soortgelyke tooi.

## § 43 Abram geseën (Gen. 12: 2,3)

As God Abram roep, maak Hy hom ook beloftes van groot seëninge. Die belofte is dat Abram 'n groot nasie sal word en dat God sy naam groot sal maak. Dit is wat die afvallige mensheid op eie weë gesoek het (Gen. 11:4); Abram kry dit van God! Sy seën is egter nie tot Abram beperk nie; as geseënde sal hy ook 'n seën wees. Sinds die sonde was daar vloek op die aarde; nou kom daar seën, in die persoon van Abram, wat tot verwerkliking van die seën uit Ur moet uitgaan. Die seën is ook aan sy persoon verbonde en kan sonder hom nie verkry word nie. Om geseën te word, moet 'n mens Abram seën, d.w.s. hom hoog ag, hom geneë wees, hom prys en huldig, maar as iemand Abram minag, sy besondere posisie nie erken nie, maar hom vloek - God sal hóm vloek! Ver sal die seën wat vir Abram bedoel is, strek: tot al die geslagte van die aarde. Die roeping van een man het universele strekking! Deur Abram te roep en sy nakomelingskap af te sonder, laat God die mensheid in sy geheel nie los nie. Hy sal die seën oor Abram weer tot alle geslagte van die aarde uitbrei. Wat die mens deur die sonde oor die aarde gebring het - vloek - sal deur God dus in Abram gekeer word. Dis 'n diep ingrypende daad van God in die gang van sake op aarde; dis 'n wending in die lot van die mens; dis 'n Goddelike genadedaad van alomvattende strekking (Gal. 3:8). Ons is mos besig met die geskiedenis van die hemel en die aarde! (2:4). Omdat God dit altyd beoog het, kon Hy in Sy oordeel oor die slang reeds die aldus genoemde moederbelofte invleg (§ 20). Nou begin God met die uitvoering van die plan. Die volle verwerkliking kom in Christus. Die seën aan Abram is die Messiaanse heil (Hand. 3:25).

## § 44 Abram vertrek uit Haran (Gen. 12: 4-7)

Gehoorsaam aan die roeping vertrek Abram uit Haran. Hy het Lot ook met hom laat saamgaan, omdat hy sy broerskind was. Lot het egter geen deel in die roeping en seëning van Abram gehad nie; daarom het God later 'n skeiding tussen die twee gemaak (13:4 e.v). Abram neem sy vrou en besittings, slawe en vee saam. Die geskiedskrywer sê dat die doel van die reis was om na Kanaän te gaan en ook dat hulle daar aangekom het. Hy sê dit omdat hy dit weet, maar Abram moes nog afwag waarheen die HERE hom sou lei!

In die trek van Abram het ons te doen met 'n wonder van die genade van God, en God doen die wonder van Sy genadebetoning deur tegelykertyd ook in die mense aan wie Hy genade betoon, 'n wonder te verrig. Dit sien ons in die gehoorsaamheid van Abram. Hy moes alles verlaat, land en gode, want land en gode is vir die Semiet saamverbonde. Daarom het Tera in Haran kon woon, waar, net soos in Ur, Sin (die maangod) vereer is. Maar Abram breek met vaderlike huis en gode en trek weg. Waarheen weet hy nie. En wie is nou sy God? Ken hy Hom? Hy het in Ur ander gode gedien (Jos. 24:2). Maar Abram het 'n Goddelike roeping ontvang en in die God wat hom geroep het, geglo. Deur die geloof het Abram, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom (Hebr. i 1:8). en dit is hom tot geregtigheid gereken (Jak. 2:23). Dis die wonder wat God in die hart van Abram bewerk, en hierdie wonder van wedergeboorte en geloof moet God deur Sy Gees nog in elkeen werk wat Hy tot Sy heil roep. God het Abram verkies (Neh. 9:7) en hom deur die geloof aan Homself verbind. Abram is die *vriend van God (2* Kron. 20:7; Jes. 41:8: Jak. 2:23).

As Abram by Sigem by die terpentynboom More kom, verskyn die HERE weer aan hom. Hy is daar te midde van die Kanaäniete, maar die HERE sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee. Nou is Abram aan die einde van sy trek. Hy bou 'n altaar vir die HERE wat aan hom verskyn het.

Nie aan Abram self nie, maar aan sy nageslag gee God die land. Nou woon daar nog ander mense soos die Kanaäniete; tussen hulle is Abram 'n vreemdeling en bywoner (23:4), maar ook dit het hy deur die geloof aanvaar (Hebr. 1!:9).

Die boom tot waar Abram trek, het 'n eienaam: More. Dit was dus 'n besondere boom. Die woord *more* beteken "leraar", "waarsêer". By daardie boom het die Kanaäniete die orakel gevra en 'n antwoord verwag (uit die geritsel van die blare van die boom?). Eeue later, in die tyd van Moses (Deut. 11:30), was daar die terpentynbome - dus verskeie bome van More. Ons moet dus blykbaar dink aan geboomte, 'n bos. As ons in Jos. 24:25 lees van die eikeboom by Sigem wat by die heilige plek van die HERE is, en in Rigt. 9:27 van die eik van die towenaar (ook by Sigem), het ons wel met dieselfde bos te doen, wat al die eeue deur 'n orakelplek gebly het. Of dit 'n terebint of 'n eik was, is moeilik om uit te maak; die Hebreeuse woorde lyk baie na mekaar, maar altwee dui 'n groot boom aan.

Dáár bou Abram sy altaar om sy religie langs en teenoor die heidense te stel, en daar het God aan hom verskyn. Op die plek van die Kanaänitiese orakel het Abram die Godspraak van sy God verneem; so word dit 'n heilige plek van die HERE, die eerste in Kanaän.

## § 45 Abram in Egipte (Gen. 12: 8-20)

Abram bly nie in Sigem nie, maar trek verder. Dit was volgens die wil van die HERE (13:17). Hy gaan na die gebergte oos van Bet-el en slaan sy tent op tussen Bet-el en Ai; hy het daar ook 'n altaar vir die HERE gebou en die Naam van die HERE aangeroep. Bet-el het toe nog die naam Lus gehad, maar die geskiedskrywer gebruik reeds die nuwe naam (Gen. 28:19). Daarna het Abram al verder getrek en in die Suidland (die Negeb) gekom. Die naam Negeb beteken "droë land"; die reënval was daar baie gering; tog het die Negeb sy beskawing of

beskawingstydperke gehad, reeds baie vroeg, in die Chalkolitiese tydperk en daarna in die midde-Bronstyd, wat in die jare 2100 tot 1550 val. In hierdie tyd val ook die verblyf van Abram aldaar. Landbou en veeteelt is toe daar beoefen. Terwyl Abram daar was, kom daar egter hongersnood. Hy wat deur God geroep is en in die weg van God gaan, kry tog dieselfde teenslae wat elke ander mens te wagte is, en moet te midde daarvan in sy geloofsroeping volhard.

Abraham besluit om na Egipte te gaan. Die noordelike deel van Egipte was vrugbaar en ryk bewater deur die Nyl; dit was met reg 'n "koringskuur". Abram gaan daar as vreemdeling vertoef om daar gasvryheid te geniet. Op die vraag of dit goed was van Abram om dit te doen, gee die Skrif die nugtere antwoord: want die hongersnood was swaar in die land; die nood het gedwing, en Abram moes van die beskikbare middele gebruik maak. Moontlik het ander bewoners van die deur honger geteisterde land met hom saamgetrek, sodat hulle 'n sterk karavaan kon vorm om die reis, wat nie sonder gevare was nie, gesamentlik te onderneem. Dit was in daardie tyd geen ongewone verskynsel nie; 'n Egiptiese grafskildering gee 'n afbeelding van so 'n trek van Semiete na Egipte. Die Skrif vertel egter net van Abram.

Abram en Sarai was toe, gesien die leeftyd wat hulle sou bereik (resp. 175 en 127 jaar), nog in die krag van die lewe, en Sarai in besonder was 'n vrou wat mooi van aansien was. Maar dit gee Abram bekommernis: die Egiptenaars kon haar begeer, en een van hulle kon Abram doodslaan, sodat hy Sarai dan tot sy vrou kon neem. 'n Man, so was mos die sede, kon tot vrou neem wie hy verkies, solank sy maar nie die vrou van iemand anders is nie! In daardie geval was die enigste oplossing om die man dood te maak! Abram het gevrees dat dit sy lot kon word, en daarom sê hy vir Sarai: Sê tog jy is my suster! Dit was 'n halwe waarheid (20:12), maar dat hy verswyg dat sy sy vrou is, is 'n hele leuen. Omdat hulle kinderloos was, kon hy die lis toepas. Abram bereik hiermee ten opsigte van Sarai niks nie; inteendeel, sy kon nou soveel te makliker deur iemand gevat word. Hy soek vir homself lewensbehoud met opoffering van hul huweliksgeluk. Die Skrif teken Abram hier vir ons in sy swakheid.

Wat Abram gevrees het, gebeur inderdaad, en dit is selfs die Farao wat haar neem en na sy paleis bring. Blykbaar het Sarai woord gehou en niks gesê nie. Sy het haar posisie opgeoffer om haar man te red.

Aan die "broer" van sy nuwe vrou gee die Farao groot geskenke. Maar die HERE het die Farao en sy huis met groot plae besoek (Ps. 105:14). Hy kom agter dat Sarai die vrou van die gas is. Nou laat hy Abram roep en verwyt hom wat hy gedoen het. Abram het niks om te antwoord nie. Hier staan die geloofsheld beskaam voor 'n aardse koning! Dit is die gevolg van sy lafhartige handelwyse. Die Farao laat Abram met sy vrou en sy hele besitting deur 'n gewapende mag die land uitsit. Hiermee is die gevaar verby! God het deur die plae ingegryp en Abram genadig uitgehelp uit die moeilikhede waarin hy hom self gestort het.

## § 46 Abram en Lot skei van mekaar (Gen. 13)

Teruggekeer uit Egipte gaan Abram weer na die Suidland en daarvandaan weer na Bet-el, waar weer (12:7) 'n godsdienstige plegtigheid plaasvind: die Naam van die HERE word aangeroep.

Lot, van wie ons in die vorige geskiedenis nie gehoor het nie, is daar in Bet-el weer by Abram. Hulle was altwee ryk aan beeste en kleinvee, en hulle veewagters het met mekaar getwis oor die wei- en drinkplekke. Daarom vind Abram dit beter dat hulle van mekaar skei. Hulle is ten slotte in 'n vreemde land, die Kanaäniete en Feresiete woon daar, en moeilikhede moet vermy word.

Terwyl hulle op die hoogte van Bet-el staan en suidwaarts kyk, is regs die bergland, links die

vrugbare vlakte van die Jordaanstreek - 'n verloklike mooi land soos die tuin van die HERE (2:8), soos Egipteland. Dis die streek waar Sodom lê, waarvan die inwoners sleg en groot sondaars voor die HERE was. Lot kyk net na die stoflike en kies wat in sy oë die voordeligste is. So het hulle dan die een van die ander geskei. Nou is Abram heeltemal alleen, inderdaad 'n eenling (Jes. 51:2), soos die HERE dit wou hê. Die HERE herhaal dan al Sy beloftes (kyk 12:2 en 7), tot twee maal toe (13:15, 17). Abram moet die hele land maar besigtig as sy toekomstige besit. Hy het toe al verder getrek en sy tente opgeslaan by Hebron, in die suide van die land. Ook hier bou hy 'n altaar; oral wil hy 'n geleentheid hê vir die verering van sy God.

Hebron is dieselfde as Kirjat-Arba (Gen. 23:2), dit is, die stad van Arba (Jos. 14:15). Die teenswoordige (Arabiese) naam is El-Chaliel en beteken "die vriend". Dit is 'n benoeming van die stad na sy belangrikste bewoner, Abram, wat mos "die vriend van God" genoem is (sien § 44). Ook die Mohammedane het blykens hierdie naamgewing hulle stamvader (via Ismael!) so genoem.

## § 47 Abram as krygsman (Gen. 14 :1-16)

Abram het ook een keer as krygsman opgetree. Dan sien ons hom in 'n heeltemal ander hoedanigheid as wat gewoonlik die geval is. Hy is nou nie 'n rondtrekkende herdervors en koopman nie, maar 'n strydbare held. Die idilliese sfeer wat hom gewoonlik omring, word plotseling verbreek: daar kom oorlog en verwoesting; vreemde konings verskyn op die toneel. Hierdeur kom ons in aanraking met die wêreld uit die tyd van Abram en kry ons 'n blik in die politieke omstandighede van sy tyd. Dit is egter slegs 'n op homself staande berig, 'n "momentopname", sonder dat ons lig kry oor die verband van die situasie van daardie oomblik met die wêreldpolitiek van daardie tyd. Ons verneem van vier konings wat 'n strafekspedisie teen konings in Kanaän onderneem. Hulle is dus tydgenote en bondgenote. Hulle name is gedeeltelik wel bekend, maar daarom is die persone nog nie bekend nie, omdat verskillende konings uit die ou tyd een van die name gedra het. Ook van die lande of stede waarvandaan hulle kom, is slegs twee (miskien!) bekend, naamlik Sinear en Elam. Sinear is 'n naam vir Babilonië (Gen. 1Q: 10; 11:2, 9). Elam is die naam van die hoogvlakte oos van Mesopotamië. Die Elamiete was 'n krygslustige volk, wat reeds lank voor die tyd van Abraham 'n magsposisie in die ou Ooste verower het. Daar is wel name van Elamitiese konings bekend; sommige daarvan is teofoor, d.w.s. saamgestel met godename. Een van die gode was Lakamar; hierdie naam vind ons terug in *Kedor-Laomer*, terwyl *Kedor* ook weer 'n bestanddeel is in ander Elamitiese koningsname. Tog is dit tot nog toe nie moontlik om Kedor-Laomer met 'n bekende koning uit ou bronne te identifiseer nie. Uit die mededeling dat die vyf genoemde konings in vers 2 Kedor-Laomer twaalf jaar lank gedien het, en dat dit Kedor-Laomer is wat saam met die konings wat by hom was, teen daardie konings opgetrek het, kan ons aflei dat Elam toe die opperheerskappy gehad het. Watter koning van Sinear met Amrafel bedoel word, is nog altyd 'n raaisel. Ariog is 'n naam wat meer voorkom (Dan. 2:14), maar oor die land of stad Ellasar is die menings verdeel. Dudhalia is 'n naam van verskillende Hetitiese vorste. Tideal kan die Hebreeuse vorm van hierdie naam wees. As dit reg is, moet ons onder die nasies, waarvan Tideal koning was, die Hetiete verstaan.

Die Ou Testament is die enigste bron waar ons name leer ken van konings van kleinere stede soos Sodom en Gomorra, Adma en Seboïm (kyk Gen. 10:19). Dit is dieselfde stede wat later deur die HERE omgekeer is (Gen. 19; Deut. 29:23). Hulle was geleë in die Jordaanstreek, waarheen Lot gegaan het en waar hy sy tente tot by Sodom opgeslaan het. Lot moet nou ook die lot van daardie stede deel: die strafekspedisie van die oorheerser; hy word selfs saam met sy nabure gevange geneem.

Wat die tog van Kedor-Laomer betref, lees ons dat dit nie net teen die vyf genoemde stede gerig was nie, maar dat die vier konings met 'n wye boog om hulle getrek het en langs die pad verskillende volke (ook in die Negeb) verslaan het. Ten laaste kom die vier konings op Sodom en Gomorra, Adma en Seboïm en Bela af. Hierdie stede het besluit om gesamentlik weerstand te bied. Die slag vind plaas in die laagte Siddim, dit is die Soutsee (v. 3), ook wel see van die Vlakte (2 Kon. 14:25) of Oostelike See (Joël 2:20) genoem. Die kerkvader Hieronymus het later die naam Dooie See ingevoer. Die laagte Siddim was toe nog nie Soutsee nie, maar het ná die katastrofe van Genesis 19 'i» deel van die Soutsee geword. Gesien die rigting van die trek van Lot (Gen. 13), moet die plek van Sodom en Gomorra en van die dal Siddim tog wel in die noordelike streke by (tans in?) die Dooie See gesoek word (kyk § 54).

Die konings van Sodom en Gomorra, die twee grootstes van die vyf stede, het die slag verloor, en hulle vlug. Op hul vlug word hulle deur 'n bykomende ramp getref. Die laagte was vol gate in die lymgrond. Nog altyd kom asfalt (bitumen) in die Dooie See boontoe. Die lymgrond vol gate sal ook wel iets met asfalt-ontginning te doen hê. Die vlugtelinge val daarin; ander vlug na die gebergte. Die vier konings plunder Sodom en Gomorra; Lot was ook onder die gevangenes. Nou wag op hom slawerny in die verre Elam, nog verder weg as Ur, die stad van sy vaders.

Toe kom daar een wat vrygeraak het, en vertel aan Abram, die Hebreër, wat gebeur het. So was hy in sy omgewing bekend: die Hebreër; al is dit die enigste plek in die Ou Testament waar hy so genoem word. So word Israeliete later ook deur nie-Israeliete genoem (Gen. 43:32; Jona 1:9). Abram het toe by Hebron (13:18), by die terpentynbome van Mamre, gewoon. Mamre en sy twee broers, Aner en Eskol, was Amoriete en bondgenote van Abram. Hieruit blyk dat ons ons van die isolement van die vreemdeling Abram (23:4) geen oordrewe voorstelling moet maak nie.

Lot het hom van Abram afgeskei, maar Abram laat Lot nie aan sy lot oor nie. Oombliklik laat hy sy geoefende manne, wat in sy huis gebore is, uittrek. Ons weet dat hy slawe gehad het (12:5, *16);* hulle was veewagters (13:7) en aan 'n harde lewe gewoond. Hy soek die bestes uit, driehonderd-en-agttien man! Sy totale aantal slawe was dus nog groter. Dit gee ons 'n beeld van sy rykdom en van sy sterk posisie. Geen wonder dat Mamre en sy broers hom tot bondgenoot wou hê nie.

Om teen vier magtige konings te veg, was driehonderd-en-agttien man maar 'n geringe mag, maar die drie Amoriete het saamgegaan, natuurlik ook met hulle manskappe. Volgens 'n dikwels toegepaste strategie (Job 1:17; Rigt. 7:16; 9:34; 1 Sam. 11:11) val Abram die vyande van verskillende kante aan. Die aanval is by nag gedoen en Abram het die verbonde leërs verslaan en ver agtervolg. Die buit is terug verower, ook Lot en sy goed. God het die vyande in Abram se hand gegee (v. 20).

## § 48 Abram en Melgisedek (Gen. 14 :17-24)

Op sy terugtog het Abram 'n merkwaardige ontmoeting: in die laagte Sawe, wat ook Koningslaagte genoem word, nie ver noord van Jerusalem nie (waar Absolom later sy gedenkteken opgerig het, 2 Sam. 18:18), kom die koning van Sodom hom tegemoet. Hy het 'n voorstel oor die verdeling van die terug verowerde buit, wat nou feitlik die eiendom van Abram is. Wat die ontmoeting so merkwaardig maak, is dat daar nog 'n koning by is van wie ons in die hele geskiedenis van hierdie hoofstuk nog niks gehoor het nie en wat hier plotseling te voorskyn tree, naamlik Melgisedek, die koning van Salem, 'n priester van God, die Allerhoogste. Hierdie priester-koning tree met groot waardigheid op; hy bring aan Abram 'n huldeblyk: brood en wyn. Om brood en water te bring, is hulpbetoon (Jes. 21:14); om

brood en wyn te bring, is huldebetoon. Ook seën hy hom! Die verhaal skep die indruk dat die koning van Sodom, Bera, of, as Bera omgekom het, sy opvolger, daarby teenwoordig is en dat hy met sy onderhandelinge met Abram oor die buit moet wag tot Melgisedek klaar gepraat het. Melgisedek is in hierdie ontmoeting die hooffiguur.

Oor Melgisedek is daar veel te sê wat moeilik is om te verklaar (Hebr. 5:11). Sy naam beteken "koning van geregtigheid". Sy stad is Salem, wat "vrede" beteken; die naam is dieselfde as die langer naam Jerusalem. Eeue later is daar weer 'n koning van Jerusalem wat die bestanddeel "sedek" in sy naam het (kyk Jos. 10:1). Dis 'n vraag of die naam dan nog so sinvol opgevat moet word as wat dit in die brief aan die Hebreërs met die naam Melgisedek gedoen word (7:2). Daar is die naam van koning en stad die kombinasie van twee heilsbestanddele, naamlik geregtigheid en vrede, wat tot die oorspronklike heilstaat behoort het, deur die sonde verlore gegaan het, maar deur die verlossing in Christus weer terugkeer. Dat Melgisedek tegelyk priester en koning is, is in die ou Oosterse wêreld nie buitengewoon nie; die koning van die land was die hoofpriester van die god van die land. Die God van wie Melgisedek priester is, word die Allerhoogste genoem (v. 18; Hebr. 7:1); dit is ook die God van Abram, wat in hierdie ontmoeting spreek van die HERE, God, die Allerhoogste. Ook in hul Godskennis kom Abram en Melgisedek in soverre ooreen dat hulle altwee saamstem dat hulle God die Skepper van hemel en aarde is. Daar is dus in die heidense land waar Abram vreemdeling is, ook 'n stadskoning wat die ware God ken en dien. Dit is verrassend, maar nietemin 'n feit!

Die oorwinning van Abram is die aanleiding waarvan God gebruik maak om Abram Melgisedek te laat ontmoet. Dit is vir Abram 'n ontmoeting met sy meerdere, want Melgisedek seën Abram en neem van hom tiendes aan. Hy is 'n regstreekse verteenwoordiger van die God wat Abram geroep het en dit was vir Abram in sy geloofsgehoorsaamheid tot groot bemoediging. Melgisedek het 'n priesterskap van 'n besondere, van 'n eie orde. Daardie orde word na hom genoem: die orde van Melgisedek (Ps. 110:4), en volgens hierdie orde sal die Here van Dawid, die Christus (Matt. 22:41—46), vir ewig priester wees. Tog is in Abram ook 'n priesterskap verteenwoordig, naamlik dié van Levi. Dit is die priesterskap van die versoening, maar die priesterskap van Melgisedek is meer, dit is die priesterskap van die toewyding aan God, wat met geregtigheid en vrede gepaard gaan; dit herinner aan verhoudinge uit die tyd voor die sonde, aan verhoudinge soos na die sonde 'n man as Henog in sonde-oorwinning te sien gegee het. So was die mens in die tuin priester van sy Skepper. Christus was ook wel priester om te versoen, maar Hy was nie uit die stam van Levi nie. As Hy die versoening volbring het, verval die priesterskap van Aäron. Dan is Christus ewig priester, volgens die ordening van Melgisedek; dan gee Hy ook aan Sy verlostes daardie priesterskap, want die gelowiges is geen priesters om versoening te bewerk nie, maar om hulle ewig aan God toe te wy (Heidelb. Kat., vr. 32). Van hierdie priesterskap is Melgisedek 'n tipe. Ons kan die priesterskap van Aäron die buitengewone priesterskap noem, omdat dit tydelik in werking kom weens die buitengewone toestand, wat deur die sonde ontstaan het. Maar dan is die priesterskap van Melgisedek die gewone priesterskap wat in die skepping gegrond is; en die gewone is meer as die buitengewone, want die gewone is ewig. Teenoor die koning van Sodom is Abram die vername herdersvors wat niks van hom wil aanneem nie (v. 23), maar teenoor Melgisdek is hy die mindere wat seëning ontvang en tiendes gee. Abram staan aan die begin van die weg van God tot heil; Melgisedek, altyddeur priester, gelykgestel (Hebr. 7 :3) aan die Seun van God, vertoon die einddoel van die heilsweg - in Salem, die stad wat God in die dae van Dawid sal verkies om daar te woon!

## § 49 Verbond van God met Abram (Gen. 15)

Vir die derde keer verskyn die HERE nou aan Abram gedurende sy verblyf in Kanaän - eers

by Sigem (12: 7), toe by die skeiding van Lot (13:14—17), hierdie keer ná die krygstog en dus waarskynlik in Hebron (13:18; 14:13). Dit is hierdie keer 'n besonder belangrike verskyning, want die verhouding waarin die HERE Abram jeens Hom geplaas het, word vasgelê in 'n verbond, en die plegtige seremonieel daarvan maak hierdie verskyning indrukwekkend.

Die HERE begin deur te sê dat Abram nie moet vrees nie, want Hy, die HERE, is vir hom 'n skild, d.w.s. 'n beskerming (Ps. 18:3; 33:20; 84:10,12 e.a.). Ook sal sy loon groot wees; sy selfverloëning wat hy in die gehoorsaamheid aan die Goddelike roeping betoon het, sal God beloon (Ps. 19:12; Matt. 5:12). Tot sover het Abram op die beloftes van God met geloofsdade geantwoord. Nou egter spreek hy woorde waaruit blyk dat hy oor die beloftes van God nagedink het en dat daarin vir hom probleme gelê het. God het telkens van sy nageslag gespreek, maar hy het geen kinders nie! Daarom sê hy: Here HERE, wat sal U my gee, wat sal dit baat om my iets te gee, want dit sal alles wees vir 'n vreemde, vir die bediende van my huis, wat 'n Damaskener is, Eliëser. Hy is my erfgenaam.

Ons kan hier vra of Lot dan nie sou erf nie; kom die vreemde kneg voor 'n broerskind? Op hierdie vraag kry ons miskien antwoord uit die tekste van Mari en Nuzi. Hierdie name klink onbekend, omdat die Ou Testament geen melding van hulle maak nie, maar dit was belangrike stede in die Eufraat-Tigris-gebied - Mari aan die Eufraat, ongeveer halfpad van Babel na Haran, teenswoordig Tell-el-Hariri; Nuzi aan die oostekant van die Tigris, suidoos van Ninevé. Hierdie stede was veral in die tyd waarin die aartsvaders moet geleef het, belangrike kultuursentra. Uit die kontrakte van Nuzi blyk dat daar adopsiereg bestaan het vir ouers sonder kinders; die aangenome seun word dan ook erfgenaam, tensy daar later tog 'n kind vir die eers kinderlose ouers gebore word. Het Abram volgens hierdie reg gehandel en Eliëser geadopteer? Omdat daar meer gevalle is van treffende ooreenkoms tussen gebruike wat daar geheers het en dade van die aartsvaders (kyk o.a. § 50), kan hierdie vraag miskien bevestigend beantwoord word.

Op sy vraag sê die HERE aan Abram dat inderdaad 'n *eie* seun van hom sy erfgenaam sal wees. Om sy woord te bevestig, wys die HERE hom op die sterre: so ontelbaar sal sy nageslag wees! 'n Vorige keer het die HERE die stof van die aarde as voorbeeld geneem (13:6), hierdie keer die sterre van die hemel. Abram het toe in die HERE geglo; hy was ten volle oortuig dat die HERE ook mag het om te doen wat Hy beloof het (Rom. 4:21). En die HERE het hom die geloof tot geregtigheid gereken (Rom. 4:3; Gal. 3:6; Jak. 2:23). Tog vra Abram om 'n teken. 'n Teken kan uit ongeloof gevra word (Matt. 12:39), maar Abram vra dit tot bevestiging van sy geloof (soos Gideon, Rigt. 6, en Hiskia, 2 Kon. 20:8, later ook gedoen het). Die HERE sal Abram 'n teken gee. Hy moet offerdiere neem, 'n driejaar-oud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram, waardevolle diere, en 'n tortelduif en 'n jong duif. Abram doen dit en sny die diere middeldeur - sonder twyfel op bevel van die HERE. So word mos by verbondsluitings gedoen (Jer. 34:18, 19); die partye loop tussen die stukke deur, en as hulle die verbond nie hou nie, sal hulle self in stukke gesny word (vgl. Matt. 24:51; Luk. 12:46, Afr. vert., ed. 1936).

Daar sit Abram by die dooie diere. Roofvoëls kom daarop af. Abram moet dus lank wag voordat daar iets gebeur. Dit begin donker word. Die toneel met die dooie diere word nou huiweringwekkend. Daarby val daar ook 'n diepe slaap op Abram; nie 'n gewone slaap nie, maar 'n diepe slaap, soos ook op Adam geval het (Gen. 2:21); dit is 'n toestand wat God oor Abram bring, en in dié toestand oorval skrik en groot duisternis hom. Hy rus dus nie, maar is angstig en gespanne en deur die groot duisternis heeltemal geïsoleer. In dié toestand word hy deur God toegespreek en kry hy 'n benouende openbaring aangaande die lot van sy nageslag: hulle sal in 'n vreemde land vierhonderd jaar verdruk word! Daarna sal die vierde geslag egter uittrek na die land waarheen God Abram geroep het.

Dit sal met sy nageslag dus gaan van lyde tot heerlikheid. Self sal Abram in vrede na sy vaders gaan, d.w.s. in vrede sterwe, maar ná hom sal die weg van God met sy volk 'n diepe weg wees, 'n weg van diensbaarheid aan 'n vreemde nasie. Maar God sal daardie nasie

oordeel, en dan sal die nageslag uittrek met baie goed. Wanneer God so in besonderhede aan Abram meedeel wat met sy nageslag sal gebeur, is dit vir hom 'n bewys waaraan hy sal weet dat die nageslag ongetwyfeld sal kom, al is hy nou kinderloos!

Veel in die openbaring is vaag en onseker. Die naam van die nasie van verdrukking (Egipte!) word nie genoem nie; die getalle vierhonderd jaar en die vierde geslag (klaarblyklik sinonieme!) gee die duur van die verdrukking slegs by benadering aan. Volgens Ex. 12 :40 was die Israeliete 430 jaar in Egipte, maar hulle was nie al die tyd in verdrukking nie (Hand. 7:6; Gal. 3:17). Ook in die aanduiding "die vierde geslag" (wat dan ná vierhonderd jaar verskyn) bespeur ons 'n sekere stilering van tydsopgawe; in Ex. 6:15-18 en Num. 26:57-59 kom dieselfde voor: Levi-Kehat-Amram-Moses! Daar is tussengeslagte wat nie genoem word nie. Tog kry Abram 'n duidelike beeld van die toekoms. Die ryke beloftes by sy roeping sal nie sonder lyde kom nie. Dit is vir Abram 'n nuwe gedagte, 'n verdieping van sy toekomsverwagting. Sy nageslag was hierin 'n tipe van Christus, wat ook deur lyde tot heerlikheid moes gaan (vgl. Hos. 11:1b met Matt. 2:15). Dit is vanweë die gerig op die sonde waardeur Hy van die sonde verlos. Ook in Sy genadebetoning bly God die regverdige Regter. As God ná die openbaring die verbond met Abram sluit en Hy tussen die offerstukke deurgaan, dan doen Hy dit in die gestalte van 'n rokende oond en 'n vurige fakkel, dus as *vuur!* Daarin vertoon Hy hom as Regter (Ps. 97:3; Jes. 66:15; Hebr. 12:29). Die weg tot verlossing gaan deur gerig! God rig met Abram nou 'n verbond op; dit is die ewige verbond van genade en versoening, waarvan die grondslag die dood van Christus is: dit is gerig! Gerig oor die Seun wat Hy uit Egipte roep!

Die gedagte van 'n verbond is vir Abram nuut. Daarvan het God nog nie voorheen gespreek nie. Die HERE herhaal Sy belofte: aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier. In die dae van Dawid en Salomo was dit inderdaad so (en ook 'n kort tyd onder die Makkabeërs) (§ 469).

Die gelowige en gehoorsame Abram ontvang op hierdie dag ná etlike jare van omswerwing, honger en stryd die bevestiging van die heilsplan van God met hom. Hy weet nou met meer sekerheid as in Ur of in Haran of in Sigem wat God met hom en sy nageslag wil. Hy is ingelei in die heilsgeheime van God. Dit is die betekenis van Genesis 15.

## § 50 Abram en Hagar (Gen. 16)

Tien jaar is Abram nou in Kanaän, maar van die belofte van God het nog niks gekom nie. Sarai word nou ongeduldig en gee hoop op; daar moet nou ander maatreëls getref word! Sy het 'n Egiptiese slavin (miskien nog een van die geskenke van die Farao, 12:16) en stel aan Abram voor dat hy haar moet neem om 'n kind te verwek. Daardie kind van haar slavin sal dan geld as haar eie kind (vgl. 30:3).

Die plan van Sarai lyk eienaardig vir ons opvattinge, maar dit was heeltemal volgens die gebruike van daardie tyd. In 'n huwelikskontrak uit Nuzi (§ 49) lees ons: As Gilimninu (die bruid) nie kinders kry nie, moet sy 'n slavin as vrou vir Sjennima (die bruidegom) gee. Gilimninu mag die kinders van die slavin nie verstoot nie.

Die voorstel van Sarai is egter nie uit die geloof gebore nie, en dat Abram na Sarai luister, is ook nie 'n bewys van geloof nie.

Intussen word gemaak soos Sarai gesê het. Hagar raak swanger! Toe het haar meesteres veragtelik in haar oë geword. Dit kan Sarai nie verdra nie. Sy oorlaai Abram met onbillike verwyte en waag dit selfs om die oordeel van die HERE tussen haar en haar man in te roep. Hagar het egter, ondanks alles wat gebeur het, die slavin van Sarai gebly. Sarai het haar maar net aan Abram gegee om "by haar in te gaan". Daarom sê Abram sonder om op die verwyte van sy vrou in te gaan: Sy is jou slavin en in jou mag; doen met haar soos dit goed is in jou

oë. Sarai het haar daarop sleg behandel, haar verneder, haar goed laat verstaan dat sy slavin is en bly. Maar nou kom die trots van Hagar bo: sy laat haar so 'n behandeling nie welgeval nie en vlug weg. Dit kan egter nie die end van die saak wees nie! God neem die saak baie ernstig op. Wat gedoen is, is verkeerd, maar dit is gedoen en moet in sy konsekwensies aanvaar word. Dit gaan hier om 'n kind van Abram en die seën van Abram kan hier nie somaar willekeurig stopgesit word nie. Die erns wat God met die saak maak, blyk hieruit dat Hy "die Engel van die HERE" stuur om na Hagar te kyk. Die Engel van die HERE is meer as 'n gewone engel. Hy spreek woorde asof Hy self God is (v. 10). Hy is 'n verskyning van God soos ons dit later meermale teëkom (Gen. 22:11; Ex. 3:2; Num. 22:22; Rigt. 6:11 e.a.). Die Christelike kerk het van ouds af in hom die tweede persoon van die Goddelike wese gesien. Hagar en die te verwagte kind - dit is Abram se kind - staan onder die besondere sorg van die Seun van God. Die kind en sy nakomelinge het later 'n belangrike rol in die wêreldgeskiedenis vervul!

Die Engel van die HERE vind Hagar by 'n fontein in die woestyn op pad na Sur, oos van Egipte; sy het dus blykbaar besluit om na haar geboorteland terug te keer. Die Engel spreek haar aan as slavin van Sarai en wys haar daarmee op haar maatskaplike posisie wat sy besig is om te verbreek. Sy moet egter na haar meesteres teruggaan en haar verneder onder haar hande! By hierdie harde bevel voeg die Engel egter 'n belofte wat heeltemal in die lyn van die belofte aan Abram (12:2) lê. Hy is mos die vader van die te verwagte kind. Ek, so sê die Engel en betoon Hom daarin as God, Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder. Uit Genesis 25:12-18 blyk dat die belofte ook vervul is. Verder sê die Engel dat Hagar sy verskyning moet sien as 'n verhoring van God in haar ellende. In die woorde blyk dat God haar toestand beter deursien as wat sy self doen. In trotse selfgevoel vlug sy weg en daar by die fontein besef sy nie wat haar op haar verdere tog as vrou alleen in die woestyn bo die hoof hang nie. God wil haar daarvan red; daarom moet sy haar seun Ismael noem: "God hoor". Ook gee die Engel 'n tipering van die seun wat gebore sal word: hy sal 'n wilde-esel van 'n mens wees, d.w.s. 'n Bedoeïenelewe lei (kyk Job 39:8-11), onafhanklik en met almal in gewapende vrede. Ons hoor later van die optrede van Ismaeliete in die geskiedenis van Josef (Gen. 37:25; 39:1) en in dié van Gideon (Rigt. 8:24). Eeue later het die Mohammedaanse Arabiere hulle afkoms via Ismael van Abram afgelei. Die ongeloofsdaad van Abram het vir sy ander (geestelike) nakomelinge, die Christengelowiges, vérstrekkende gevolge gehad; die teenstelling Christendom-Islam was meestal fel en leef vandag weer op.

Hagar het geluister na die woorde van die Engel van die HERE en érken dat dit God was wat na haar omgesien het. Dankbare erkentenis spreek uit die naam waarmee sy God noem: *'n God wat sien!* Die fontein waarby dit alles gebeur het, dra voortaan die naam "Put van Lagai-Roï" (= put van die Lewende wat my sien). Merkwaardig dat Isak later daar gewoon het! (25:11).

Hagar keer terug en het blykbaar alles aan Abram vertel, want toe die kind gebore is, het Abram sy seun uit Hagar Ismael genoem, soos die Engel van die HERE Hagar beveel het.

## § 51 Die instelling van die besnydenis (Gen. 17)

Vir die vierde keer verskyn die HERE aan Abram gedurende sy verblyf in Kanaän (kyk § 49). Die eerste woorde wat die HERE by hierdie verskyning spreek, is 'n herhaling en bevestiging van vroeëre beloftes, naamlik dat God Sy verbond met Abram sluit en dat Hy hom buitengewoon sal vermeerder. Abram het die bemoediging ongetwyfeld nodig gehad. Dat die spanning van verwagting van die vervulling van die belofte van God by Abram en Sarai verswak het, blyk duidelik uit die beskikbaarstelling van Hagar deur Sarai aan Abram, en deurdat toe inderdaad vir Abram 'n seun gebore is, het die verwagting heeltemal laat verslap. Daar wás mos nou 'n seun! Dertien jaar het die seun inmiddels oud geword en voor die oë van

Abram en Sarai opgegroei. Hulle kon nou mos tevrede wees?

Die vierde verskyning bevat egter ook enkele nuwe elemente wat nuwe lewe moet bring in die ingesonke geloofslewe van Abram en Sarai. Die eerste daarvan is die naamsverandering: Abram sal voortaan Abraham genoem word, "vader van 'n menigte van nasies", en Sarai sal Sara, "vorstin", genoem word. Abraham sal uit haar ook 'n seun hê en sy sal tot nasies word; konings van volke sal uit haar voortkom. Ons kan hierby dink aan die latere konings van Israel en Juda, selfs aan dié van Edom. Abraham en Sara mag dus nie met Ismael tevrede wees nie. God wil iets groters gee as wat Abram self bewerk het - iets wat uit die geloof is en nie uit die vlees nie (Hebr. 11:11). Maar dan moet die krag van die geloof groot wees, en daartoe word Abraham nou opgewek. 'n Gelowige mag nie, omdat die geloofsinspanning vir hom te groot word, tevrede wees met minder as wat God wil gee omdat die mindere gawe makliker verkry word nie. Tog is Abraham tevrede met Ismael. Die belofte dat Sara 'n seun sal hê, pas eintlik nie meer in sy gedagtewêreld nie. Hy val eerbiedig voor God neer, maar lag oor die woorde van God en dink: Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, 'n kind gebore word? Of kan Sara, wat negentig jaar oud is, baar? Nee, hy het al sy hoop op Ismael gevestig en sê: Ag, mag Ismael lewe voor U aangesig! Hy wil sê: Ek is tevrede met Ismael; wees U nou ook met hom tevrede; laat U beloftes maar in hom vervul wees!

Maar nou spreek God duideliker as ooit tevore. Hy noem die naam van die kind: Isak; Hy noem die tyd van sy geboorte: aanstaande jaar op hierdie tyd. Die belofte word nou baie konkreet. Abraham moet bly glo! En wat Ismael betref - God verhoor Abraham aangaande hom; hy sal ook 'n groot nasie word, maar met Isak het God besondere planne. Sy verbond rig Hy op met hóm. Nie Ismael nie, maar Isak is die kind van die belofte. Die verbond met Abraham word voortgesit in Isak, die ewige verbond van genade en versoening, wat Christus bevestig het.

Daar is nóg 'n nuwe element in hierdie vierde verskyning: God stel 'n verbondsteken in, naamlik die besnydenis. Die besnydenis op sigself is nie 'n nuwigheid nie. Lank voor Abraham is dit reeds in Egipte gedoen. In 'n graf by Saqqara uit die tyd van die Ou Ryk is 'n duidelike tekening van hierdie operasie gevind. Vir Hagar was die besnydenis dus nie iets vreemds nie. Die nuwigheid is dit dat die besnydenis gemaak word tot teken van die verbond. Abraham moet die besnydenis toepas op homself en op sy seun Ismael en op almal wat in sy diens is, hetsy in sy huis gebore of met geld gekoop; later het hy ook Isak besny. Al wat manlik is, moet besny word. As die doop later in die plek van die besnydenis kom, kan hierdie Nieu-Testamentiese verbondsteken ook aan die vroulike geslag gegee word. Ook in ander opsigte oortref die doop die besnydenis: die besnydenis wys heen na die dood wat straf is op die sonde en na die doding van die ou mens (Jer. 4:4), maar die doop wys op dood en wederopstanding in gemeenskap met Christus.

Hoewel God Sy verbond met Isak oprig, moet al die manne in die huis van Abraham besny word. Ismael ook! Hulle word nie buite die verbond geplaas nie, en daar is baie verbondsgoedere waarin hulle deel het. Maar die Christus sal uit Isak gebore word, die seun van die belofte wat deur die geloof gebore is. En die heil van Christus is vir dié wat in Hom glo. Nie hulle is kinders van God wat kinders van die vlees is nie, nòg van Ismael nòg van Isak, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag, die nageslag van Isak deur die wondergeboorte deur die Gees van God (Rom. 9:8). Intussen is die vleeslike besnydenis van so groot betekenis dat wie nie besny is nie, uit sy volksgenote uitgeroei moet word, want nalating van die verbondsteken is verwerping van die verbond. Tog sê Paulus met die oog op die geestelike inhoud: die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks nie (1 Kor. 7:19); die ware besnydenis is 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, maar deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus (Jer. 4:4; Kol.

2:11).

## § 52 Sara luister na die woorde van die Here (Gen. 18 :1-15)

Kort op die vierde verskyning van die HERE volg die vyfde. Die bedoeling van hierdie verskyning is dat ook Sara die belofte uit die mond van die HERE sal hoor.

Abraham woon nog steeds in Hebron by die terpentynbome van Mamre. Eendag sit hy by die ingang van die tent op die warmste van die dag. Toe het die HERE aan hom verskyn. Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom. Hoewel al drie met Abraham praat (v. 9), word tog van een van die drie, as Hy praat, gesê: "Toe sê die HERE." Later lees ons dat die HERE weggaan en die twee engele in Sodom aankom. Die HERE verskyn hier dus aan Abraham in geselskap van twee engele, wat ná die ontmoeting met Abraham nog 'n besondere opdrag moet vervul. Sowel die HERE as die twee engele het dus vir hierdie verskyning (teofanie) die gestalte van 'n man aangeneem.

As Abraham die manne sien, bewys hy hulle vriendelike gasvryheid (Hebr. 13:2). Terwyl sy gaste daarvan geniet, vra hulle waar Sara is. Sonder om haar te ontbied, wil hulle tog hê dat sy in die gesprek betrek word. Dit gebeur dan deurdat sy in die tent agter die gaste by die ingang staan en luister. Sy hoor dan dat Hy, die HERE, sê: Ek sal oor 'n jaar sekerlik weer na jou toe kom, dan sal jou vrou Sara 'n seun hê. Dit is dieselfde berig as van die vorige verskyning, maar die HERE wil hê dat sy dit self hoor en dat Hy haar reaksie daarop verneem. Die reaksie is dieselfde as by Abraham: sy lag ook en dink dat hulle altwee te oud is vir die vervulling van hierdie belofte. Die HERE verneem dit wel en vra waarom sy so dink - omdat iets vir die HERE te wonderbaar sou wees? Om haar daarop te wys dat niks vir die HERE te wonderbaar is nie, herhaal Hy: Hierdie tyd, oor 'n jaar, sal Ek na jou terugkom, en Sara sal 'n seun hê. Toe het Sara bang geword; sy besef dat sy op verkeerde gedagtes betrap is, en nou neem sy die toevlug tot 'n leuen en sê: Ek het nie gelag nie. Maar Hy sê: Nee, maar jy het gelag! Deur hierdie kort maar felle gesprek het die HERE Sara ongetwyfeld gehelp om vleeslike oorlegginge te laat vaar en meer aan die wondermag van die HERE te dink. Die geloof het weer in haar wakker geword en sy het God getrou geag om Sy woord te volbring.

Ons merk hierby op dat die heilswerk van God van die begin af 'n wonderwerk is. Die nageslag van die belofte is gebore uit 'n verstorwene! (Hebr. 11:11, 12).

## § 53 Die verwoesting van Sodom (Gen. 18 :17-19,29)

Abraham doen sy gaste uitgeleide. Hulle gaan nou na Sodom. By die skeiding van sy vriend Abraham (Jes. 41:8) word God vir ons beskryf in die lewendigheid van sy planne en oorweginge (§ 38). Hy dink aan wat nou moet gebeur: 'n swaar gerig! Moet Hy dit nie aan Abraham meedeel nie? Hy is tog sy vriend en boonop 'n profeet (20:7; kyk ook Amos 3:7). Ook moet hy die vader word van 'n volk wat die weg van die HERE moet bewaar. Moet hy nie weet wat die gevolge sal wees as sy nageslag ongeregtigheid doen nie? (vgl. Deut. 29:23; Amos 4:11). Daarom besluit God om Abraham Sy planne mee te deel, en Hy sê dat Hy na Sodom gaan om te sien of hulle werklik gehandel het soos die geroep oor hulle is (vgl. Gen. 11:1-9). Weet die HERE dit dan nie? Ongetwyfeld wel. Maar Hy is die regverdige Regter wat aan die gerig die skuldigverklaring vooraf laat gaan en die skuldigverklaring op onbetwyfelbare bewyse laat rus. Ons sien God hier weer as 'n God vol beweging en oorweging wat wel hoog woon, maar met Sy skepping gedurig in kontak staan. God is nie abstrak en veraf nie, maar lewendig en naby.

Abraham is daarvan oortuig dat as God gaan kyk hoe groot die sondes van Sodom is, daar alle rede sal wees om die voorgenome gerig inderdaad uit te voer. Hy verbly hom nie daarin

nie. Jona sou graag die verwoesting van "Ninevé aanskou het. Dit was sy enge, partikularistiese opvatting van die genade. Abraham daarenteë bid vir die redding van Sodom, nie omdat hy die sonde wat daar heers, minder groot ag nie; sy pleidooi is dat daar miskien nog regverdiges in die stad is. God sal tog die regverdige nie saam met die goddelose ombring nie? Abraham spreek met groot aandrang: Sal die Regter van die ganse aarde geen reg doen nie? Hier merk ons 'n tweede trek van die Godskennis van die uit Ur geroepe vreemdeling op. Die eerste was dat hy sy God ken as die Skepper van hemel en aarde (Gen. 14:22), die tweede dat hy Hom ken as Regter van die ganse aarde.

Die HERE beloof Abraham op sy dringende pleidooi dat Hy Sodom nie sal verwoes nie, ook al is die getal regverdiges slegs tien. Toe het die HERE weggegaan en Abraham het begryp dat die stad verwoes sou word. Hy het Lot in sy gesprek met die HERE nie genoem nie, maar tog seker aan hom gedink. Die enigste hoop in sy bekommernis oor sy broerskind is dat die HERE die regverdige nie saam met die goddelose sal ombring nie.

Inmiddels het die twee engele in die aand in Sodom aangekom. Lot sit in die poort. As hy die laat reisigers sien, nooi hy hulle in sy huis. Hy is gasvry soos Abraham. Hoewel die manne eers teenstribbel, laat hulle hul tog oorreed. Lot weet wel - en dit blyk later ook - aan watter gevare hulle hul blootstel deur op die plein te vernag. Lot laat 'n maaltyd gereed maak, en die engele eet, net soos hulle by Abraham gedoen het. Die menslike gedaante waarin hulle verskyn, is blykbaar heeltemal eg. Nou kom die manne van Sodom op die huis van Lot aangestorm; hulle begeer die gaste van Lot tot bevrediging van hul onnatuurlike luste (Rom. 1:27); jonk en oud, die hele bevolking, dring saam by die deur van sy huis. Daar is regtig nie tien regverdiges in die stad nie! Lot probeer hulle weerhou. Gasvryheid is 'n dure plig waarvoor 'n mens jou eie belange moet opoffer. Lot offer die eer van sy dogters op om sy gaste te beskerm (vgl. Rigt. 19:24). Gelukkig word sy offer nie aanvaar nie. Die manne van Sodom word kwaad en verwyt Lot, die vreemdeling in hulle midde, dat hy gedurig wil baasspeel. Die verhouding tussen Lot en die mense van Sodom was dus lankal onaangenaam (2 Petr. 2:7, 8). Hierdie keer lyk dit asof dit tot 'n uitbarsting wil kom. Daarmee het die manne van Sodom die bewys vir hulle skuldigverklaring en vonnis gelewer; hulle handel werklik soos die geroep oor hulle wat tot God gekom het. Die engele gryp nou in. Hulle trek Lot in die huis en sluit die deur toe; daarna slaan hulle die manne van Sodom, klein en groot, met blindheid, sodat hulle tevergeefs na die deur gesoek het. Lot is nou veilig vir die woede van die manne van Sodom, maar nie vir die ramp wat kom nie. Die engele deel hom mee dat hulle die stad gaan verwoes en dat hy met sy hele familie, ook sy aanstaande skoonseuns, uit die plek moet uitgaan. Dit was ook so in die geval van Noag en toe het almal - al agt - in die redding gedeel. Die aanstaande skoonseuns van Lot was egter ongelowig; Lot was in hulle oë soos een wat gekskeer. Intussen gaan die nag verby, en Lot moet gou maak, so sê die engele; maar Lot bly talm. Toe gryp die manne hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand, omdat die HERE hom wou verskoon. Die HERE sal die regverdige nie saam met die goddelose ombring nie. Die engele lei hulle uit na buite, buitekant die stad en waarsku hulle ernstig om nie om te kyk nie en nie te bly staan nie, maar na die gebergte te vlug. Nog aarsel Lot. In plaas van gou na die gebergte te vlug» vra hy om na Soar te mag gaan. Soar is een van die vyf stede wat verwoes moes word (Deut. 29:23); die stad is naby en klein! Die engele is Lot ter wille. So word dan tog 'n stad gespaar ter wille van 'n regverdige. Die son het oor die aarde opgegaan toe Lot in Soar aankom, maar die vrou van Lot het op die pad omgekyk - sy het met haar hart Sodom nie verlaat nie. Sy het 'n soutpilaar geword (Luk. 17:32).

Die HERE het toe swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën en hierdie stede omgekeer en die hele Jordaanstreek, ook Adma en Seboïm (Deut. 29:23), dieselfde stede wat in Genesis 14 genoem word, die sogenaamde Pentapolis - alleen Bela is gespaar. Dit is Soar genoem, omdat die naam baie lyk na die Hebreeuse woord vir *klein.* God het tog gedink aan die

pleidooi van Abraham en Lot gespaar.

Lot is wel gered, maar het weinig lewensvreugde gehad. Hy was bang om in Soar te bly en het in 'n spelonk van die gebergte gaan woon. Om in 'n spelonk te bly, was by die leefwyse van daardie tye nie so ongewoon nie, maar tog nie 'n bewys van welvaart nie (vgl. 1 Sam. 22:1). Veral vir die dogters van Lot was die toekoms uitsigloos: hul mans het omgekom! Die middel wat hulle te baat neem om tog die geslag van hul vader in die lewe te behou (19:1-38), toon dat die verblyf in Sodom hul gevoel vir sedelikheid nie ongerep gelaat het nie. Die seun van die oudste dogter, Moab, het die vader van die Moabiete geword; dié van die jongste, Ben-Ammi, van die Ammoniete.

## § 54 Soutpilaar

In die gebergtes rondom die Dooie See word verskeie spits toppe aangetref wat bestaan uit sout, aangekors met mergel. Hulle neem grillige vorme aan waarin die fantasie van die toeskouer allerlei gestaltes meen te kan herken. By die berg Oesdoem ( = Sodom) het so 'n uitstekende top 'n vorm wat na 'n vrouefiguur lyk. Josefus skryf dat hy die soutpilaar van die vrou van Lot gesien het. Hierdie souttorings verander egter gedurig van vorm, maar nie alleen hierom is die berig van Josefus sonder waarde nie, want die plek van Sodom en Gomorra kan nie met sekerheid aangewys word nie, selfs nie die plek van Soar nie, al blyk uit Jes. 15:5 dat dit 'n Moabitiese grensstad was. Ook die naam Oesdoem van die reeds genoemde berg is nie 'n betroubare bewys dat die stad vroeër op die plek van dié berg geleë was nie. Die spitse van sout maak alleen duidelik by watter natuurverskynsel God aangesluit het toe Hy deur Sy almag die vrou van Lot hierdie dodelike gedaanteverandering, plotseling of langsamerhand, laat ondergaan het

Lank het die argeoloë gedebatteer oor die vraag waar Sodom en die ander plekke (die Pentapolis=Vyfstede-gebied) gelê het - aan die noorde - of aan die suidekant van die Dooie See. Aan altwee kante is opgrawings gedoen. Aan die noordekant, oos van die Jordaan, by Teleilat Ghassoel, is ruïnes van 'n groot stad met 'n hoë kultuur wat voor Abraham reeds daar moet gewees het, ontdek, en in die omgewing ruïnes van ander groot stede. Uit niks egter blyk watter ou stad in hierdie ruïnes bedolwe lê nie, allermins dat dit Sodom is. Dat die Pentapolis aan die suidekant lê, kan maklik beweer word as aangeneem word dat die Dooie See, wat in die suide minder diep is, hom in dié rigting uitgebrei het en die ruïnes oorspoel het. Dit moet egter nie tegelyk met die ramp nie maar eeue later gebeur het, want Abraham sien die verwoeste plek as *land* van waar rook optrek en ook Jesaja weet blykens 3:19-22 niks van so 'n oorspoeling nie. Wel is ten suide van die Dooie See ook stede opgegrawe wat reeds voor die twintigste eeu voor Christus bestaan het en nie lank daarna nie verdwyn het. Ons kan slegs sê dat die Jordaanstreek - en dit geld ook van die Negeb - voor en tydens Abraham dig bewoon en goed gekultiveer was.

## § 55 Abraham in Gerar (Gen. 20)

Abraham trek weg van Hebron na die suide, na die Negeb, en vertoef as vreemdeling in Gerar, ruim vier uur suidoos van Gasa. Hier het hy soortgelyke belewenisse as wat hy in Egipte gehad het (12:10-20), maar daar is ook belangrike punte van verskil tussen die twee gebeurtenisse. Die begin is egter gelyk: Sara moet weer sê dat sy die suster van Abraham is. Isak het later ook so gemaak (26:7). Dit was blykbaar 'n gebruiklike listigheid (kyk § 45). Hierdie beveiligingsmaatreël vir die man stel egter die vrou bloot aan willekeurige behandeling. Sara ondervind dit nou vir die tweede keer: Abimeleg, die koning van Gerar, laat haar haal! Deur 'n ongeloofsdaad van Abraham kom Sara in gevaarlike omstandighede. God moet haar daaruit red en in Sy goedheid doen Hy dit ook: in die nag kom God by Abimeleg, in 'n droom, en dreig hom met die dood; die vrou wat hy laat haal het, is 'n getroude vrou! Hierdie droomgesig het Abimeleg nie dadelik gekry nie, maar ná verloop van tyd, want hy gee Sara onmiddellik ná die droom aan Abraham terug, en dán maak God Abimeleg en sy vrou en sy slavinne gesond, sodat daar weer geboortes kan plaasvind. Dat geboortes opgehou het, is egter 'n saak wat eers ná verloop van tyd gekonstateer kan word. God het sowel die koning as sy vroue getref met 'n siekte waardeur voortplanting onmoontlik was. Deur die droomgesig waarin hy met die dood bedreig word, verneem Abimeleg eers wat hy in die onskuld van sy hart gedoen het, Die HERE hou daarmee rekening en het opsetlik nie

toegelaat dat Abimeleg Sara aanraak nie. Tog is die saak so ernstig dat Abraham moet bid dat God Abimeleg en sy vrou en sy slavinne gesond maak. Dat Abraham dit moet doen, bewys hoe hy in besondere sin die guns van God geniet (vgl. Job 42:8). God sê in hierdie verband ook dat Abraham 'n profeet is. Dit is die eerste keer dat ons in die Ou Testament van 'n profeet lees en die enigste keer dat Abraham so genoem word.

Die Godspraak tot Abimeleg het 'n diep indruk op hom gemaak. Wanneer hy Abraham egter roep om die saak volgens die bevel van God reg te maak, wys hy hom op sy onbehoorlike gedrag en sê: Dinge wat nie mag gebeur nie, het jy my aangedoen. Abraham moet weer (12:18, 19) 'n vermaning van 'n heidense vors aanhoor! Hy verdedig hom met die opmerking wat vir Abimeleg nie baie vleiend moes gewees het nie, nl. dat hy gedink het dat daar in Gerar regtig geen vrees vir God sou wees nie. Maar daar was meer vrees as wat hy gedink het. Die houding van Abimeleg getuig van hoë sedelike besef. Verder verdedig Abraham hom met die feit dat Sara inderdaad sy suster was, naamlik 'n dogter van sy vader (maar nie van sy moeder nie). [3]

Wat Abimeleg van die verweer van Abraham dink, word nie gesê nie; wel dat hy 'n welwillende houding teenoor Abraham aanneem; hy stuur hom nie met 'n gewapende mag die land uit, soos die Farao gedoen het nie, maar laat hom toe om as gas in sy land te vertoef. Sy respek vir die profeet wat as sy voorbidder opgetree het, was blykbaar so groot dat hy hom baie geskenke gee en boonop duisend sikkels silwer as 'n bedekking van die oë van Sara, d.w.s. as 'n boetegif van sy kant om Sara in elke opsig te regverdig. As hy egter sê: Dit gee ek jou broer, skuil in die woord *broer* tog iets van verontskuldiging van homself.

## § 56 Die plek van Genesis 20 en die volgorde van die gebeurtenisse

In Genesis 18 staan dat Sara oor 'n jaar 'n seun sal hê. In Genesis 21 staan die geboorte van die seun vermeld. Tussen die verhale van hierdie twee hoofstukke lê dus 'n tydruimte van een jaar. As die plek van hoofstuk 20 chronologies juis is, dan het Sara in dié belangrike lewensjaar van bevrugting en swangerskap 'n tyd lank in die harem van 'n heidense koning vertoef; dan het Abraham juis in die belangrike omstandighede waarin hulle die hoogtepunt van hul lewe, van hul geloofslewe, sou bereik, sy vrou aan 'n groot gevaar blootgestel. Ons verstaan nie dat Abraham toe so kon doen nie. Daar word nie eens melding gemaak van 'n swaar hongersnood wat hom sou gedwing het om weg te trek, soos dit met sy tog na Egipte (§ 45) die geval was nie. Ons moet wel rekening hou met die moontlikheid dat die volgorde van die hoofstukke nie chronologies is nie, dat die samesteller van die boek Genesis ook nog hierdie verhaal oor Abraham geken het en dat hy dit hier ingevoeg het, terwyl die inhoud van die verhaal eerder, toe Sara nog baie jonger was en haar woorde uit hoofst. 18:11 en 12 nog nie van toepassing was nie, plaasgevind het.

## § 57 Die geboorte van Isak (Gen. 21:1-7)

Die berig van die geboorte van Isak begin met 'n juigkreet, 'n digterlike juigkreet. Die vernaamste kenmerk van die Hebreeuse poësie, die sg. parallelisme van die sinsdele, waardeur eenselfde gedagte twee keer uitgedruk word, vind ons ook hier:

> die HERE het Sara besoek soos Hy beloof het;
> die HERE het aan Sara gedoen soos Hy gespreek het.

Sara het bevrug geword. Daar sal dus volgens dié natuurlike gang van sake 'n kind gebore word, maar die wonder van God is hier dat die natuurlike gang van sake plaasvind by 'n vrou met wie dit nie meer volgens die reël van die vroue gaan nie (18:11) en wie se man oud is (18:12). Desondanks het Sara krag ontvang om bevrug te word. Die krag het sy ontvang deur die geloof in God, wat dit beloof het (Hebr. 11:11). Isak is gebore deur die belofte (Gal. 4:23).

---

[3] In latere wetgewing is huwelike met halfsusters verbied (Lev. 18:9, 11; Deut. 27 :22; Eseg. 22:10a; kyk egter ook 2 Sam. 13:13b).

Volgens die bevel van God (17:19) noem Abraham die seun Isak. Hierdie naam hou verband met die Hebreeuse woord wat "lag", "om te lag" beteken; en die bevel van God om die seun Isak te noem, volg onmiddellik op Abraham se lag waarmee hy die belofte ontvang het. Dit was 'n lag van twyfel, en die HERE gryp hom aan in die lag deur die bevel om die seun "lag" - Isak - te noem, sodat Abraham daar gedurig aan herinner sal word dat sy lag van toe ten onregte was, maar dat hy tog sal lag, omdat God 'n ware rede gee om van blydskap te lag. Dit is Sara wat dit openlik erken. Sy het ook gelag (18:12). Ook vir haar is die naam 'n herinnering aan haar lag van twyfel, 'n beskuldigende herinnering; maar sy lag nou anders, naamlik van blydskap. 'n Moeder is mos bly! (Ps. 113:9). God het die blydskap vir haar berei, en elkeen wat dit hoor, sal oor haar lag. Dit beteken nie spottend lag nie - dit doen Ismael later - maar bly wees oor Sara. Sara self spreek haar blydskap uit as sy sê: Wie kon ooit aan Abraham voorspel het: Sara soog kinders? Want ek het 'n seun gebaar in sy ouderdom. Daar is nou vreugde in die tent van Abraham, meer as toe Ismael gebore is. Almal wat na die vlees uit Abraham gebore is, is nog nie die saad van die belofte nie. God rig Sy verbond op met Isak (17:21). Om sy besondere geboorte en om sy besondere betekenis in die heilsplan van God word Isak dan ook, ondanks 'n groot aantal vleeslike broers (16:25: 25:2), tog die eniggeborene genoem (Gen. 22:2; Hebr. 11:17). Hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie (Rom. 9:6). Die eintlike saad van Abraham is Christus (Gal. 3:16), wie se geboorte nog wonderbaarliker was as dié van Isak, en almal wat aan Hom behoort (Gal. 3:29) deur die wonder van geloof en wedergeboorte.

In die geboorte van Isak het Abraham die dag van Christus gesien en hy het hom verbly (Joh. 8:56).

## § 58 Hagar en haar seun word weggejaag (Gen. 21: 8-21)

Die spening, die afwenning van die sooggewoonte, is 'n groot gebeurtenis vir 'n jong kind en ook vir sy ouers. Dit vind gewoonlik plaas as die kind reeds 'n paar jaar oud is (1 Sam. 1:21-24) en die gevare van kindersiektes en kindersterfte verby is. Meestal word daarby fees gevier, 'n groot maaltyd aangerig. Abraham het dit ook gedoen toe Isak gespeen is. Tydens die fees sien Sara dat Ismael besig is om te spot. Volgens die oorspronklike woord is dit ook 'n soort lag, maar nou in ongunstige sin. Telkens sien ons die gestalte van Isak omring met gelag, öf met die blye geloofslag èf met die spottende ongeloofslag. Daarin blyk tweërlei gevoelens en houdinge teenoor die seun van die belofte. Ismael was toe oud genoeg, ongeveer sewentien jaar (vgl. 16:16 met 21:5), om iets te weet en te verstaan van die belofte van God aangaande Isak; maar hy het dit geminag en sy eie vleeslike posisie voortrefliker gevind. Nog altyd is dit die tweërlei houding teenoor "die saad van Abraham", dit is die Christus, en sy heil. Christus self lok uit tot kleurbekenning met Sy woorde: "Wat dink julle van die Christus?"

Sara het die spot van Ismael opgemerk, en oombliklik reageer sy daarop met die eis dat Abraham die slavin en haar seun moet wegjaag. Die seun is egter volgens haar eie wens gebore, maar nou dat sy self 'n kind het, verwerp sy alles wat sy met Hagar beoog het. Sy wil nie dat die seun van die slavin saam met haar seun sal erwe nie. Ongetwyfeld het Sara hierby nie alleen aan die stoflike nie maar ook aan die geestelike erfenis gedink; in elk geval het die HERE daaraan gedink as Hy Sara gelyk gee (v. 12).

Die woorde van Sara was egter baie verkeerd in die oë van Abraham vanweë sy seun. Hy hang nog aan Ismael. Abraham sien die antitese tussen vleeslike saad en saad van die belofte nie so skerp as Sara nie. Boonop was die eis van Sara in stryd met die gewoontereg van daardie tyd (kyk by § 50). Maar God sê aan Abraham dat hy moet luister na Sara in alles wat sy verlang, want deur Isak sal daar vir hom 'n nageslag gebore word, in Isak volg God die lyn

van die verbond. God laat Hom nie weerhou deur gewoontereg, hoe internasionaal dit ook in daardie tyd was nie. Die vaderlike gevoelens van Abraham sal God gedenk: Ismael sal ook 'n nasie word, omdat hy Abraham se kind is; maar Hagar en Ismael moet, soos Sara sê, weggejaag word.

Abraham doen dit, maar hy versorg Hagar so goed moontlik; hy gee haar brood en 'n sak ('n bokvel) met water en die kind. Die woord kind is hier aanduiding van 'n groot seun en lê 'n gevoelvolle nadruk op die moeder-kind-verhouding.

Hagar dwaal rond in die woestyn van Berseba. (Abraham het dus toe in Berseba gewoon, die sentrum van die Suidland, halfpad van Kades na Hebron.) Dit duur nie lank nie of die water is op. Die seun hou nie so lank uit as die moeder nie. Sy soek beskutting teen die hitte in die skaduwee van 'n bos (vgl. 1 Kon. 19:4). Wat sal van hulle word? Sy kan die lyde van haar kind nie verdra nie; dit maak haar moederhart seer; tog kan sy nie weggaan nie en gaan sit op 'n afstand so ver as 'n boog kan skiet, sonder om te weet wat om te maak.

Dis 'n hartverskeurende toneel. Hard is die lot van dié wat die verbond verag; streng is die HERE in die skeiding van gelowiges en ongelowiges. Tog is daar nog die erbarming van God. Abraham het geweet dat Ismael nie sou omkom nie, want God het aan hom gesê dat Hy hom tot 'n nasie sou maak (v. 13). Hoe dit sou gebeur met die seun wat die woestyn ingestuur word, moes hy aan God oorlaat. En God het na die woestyn van Berseba gekom. Hy het die ellende gesien, die gejammer gehoor. Daar roep die Engel van God tot Hagar en open haar oë sodat sy 'n put sien, 'n put deur die woestynbewoners as hulle kostelikste besit noukeurig gekamoefleer! Nou kan hulle drink! Nou is hulle gered. Die Engel van God sê aan hulle: Ek sal hom 'n groot nasie maak. *Ek.* Die Engel is dus weer (16:7) 'n verskyning van God self.

God was met die seun, en hy het opgegroei in die woestyn en 'n boogskutter geword. Hagar het in haar geboorteland - Egipte - 'n vrou vir hom gesoek. Sy woonplek was die woestyn Paran, nog meer suid as Kades. Sy nageslag word vermeld in Gen. 25:12-18. Dit is die Arabiere.

In Gal. 4:20-31 het Paulus die geskiedenis van die twee seuns van Abraham - die seun uit die slavin en die seun uit die vrye - sinnebeeldig (allegories) verklaar.

## § 59 Verbond tussen Abraham en Abimeleg (Gen. 21: 22-34)

In Genesis 14 het ons Abraham leer ken as krygsman, nou as politikus: hy sluit 'n verbond met 'n koning. In die tyd - dit is die tyd ná die geboorte van Isak - het Abimeleg, die koning van Gerar, na Abraham gekom. Sy leërowerste, Pigol, is saam met hom. Dit gee aan die verbondsluiting 'n militêre karakter. Abimeleg het opgemerk dat Abraham deur sy God geseën word en hy wil hom nou van die vriendskap van hierdie invloedryke man verseker deur 'n verbond met hom te sluit. Abraham stem toe. Hy het Abimeleg leer ken as 'n man van hoë moraliteit. Nadat klein moeilikhede uit die weg geruim is (v. 2, 26), word die verbond plegtig met die slag van skape en beeste en met eedswering gesluit. Die plek waar dit geskied, kry die naam Berseba, d.w.s. put van eedswering. (Die skrywer het die naam reeds in v. 14 gebruik!) Ter herinnering aan die gebeurtenis plant Abraham daar 'n tamarisk en roep hy die Naam van die HERE, aan. Baie dae lank was Abraham 'n gasvriend in die land van die Filistyne.

## § 60 Die offerande op Moria (Gen. 22 :1-19)

Terwyl Abraham in Berseba vertoef (21:31-34; 22:19), het God hom op die proef gestel met die opdrag dat hy sy seun moet offer. Om alle misverstand uit te skakel, sê God: jou enigste, wat jy liefhet, Isak. Om hierdie opdrag te vervul, moet hy na die land Moria gaan, waar God

een van die berge sal aanwys. Eers moes hy alles verlaat om te gaan na die land wat God sou wys, nou moet hy sy seun offer op 'n berg wat God sal wys. Hy het te doen met 'n God wat by Sy ryke beloftes algehele volgsaamheid eis.

Die naam Moria kom nog een keer voor in die Ou Testament, nl. 2 Kron. 3:1, waar dit die naam is van die plek waar Salomo die tempel bou (kyk ook 1 Kron. 21). In beide gevalle kan dieselfde plek bedoel wees. Die afstand van Berseba na die Tempelberg is wel baie groot - minstens sestien of agttien uur loop - maar Abraham het reeds vroeg in die môre vertrek, en op die derde dag sien hy die plek van ver af.

Abraham het dus dadelik gaan doen wat God hom opgedra het en dit terwyl die opdrag tog vreemd en onbegryplik, ja, selfs verskriklik was! Vreemd is die opdrag omdat dit tog lyk asof God die mense-offer vra wat Hy Sy volk later so streng verbied het (Lev. 18: 21; 20:2; Deut. 12:31; Jer. 7:31; 19:5). Wat God hier aan Abraham beveel, moet iets anders wees as 'n menseoffer in die gewraakte sin van die woord. Die vreemde opdrag moet stellig 'n ander karakter dra. Die opdrag van God aan Abraham was verder ook onbegryplik, omdat dit ingaan teen die bedoeling van God met Isak. Deur die wonderwerking van God is Isak gebore en juis met hom wil die HERE Sy verbond voortsit. Hoe kan God hom nou wil doodmaak? Of behoort dit tog tot die weg waarmee die seën van Abraham verwerklik moet word? Die opdrag was ook verskriklik vir Abraham se vaderhart! Tog het hy nie 'n woord teëgepraat nie: hy gaan! Ongetwyfeld is daar in sy kop 'n verwarring van gedagtes, in sy hart 'n verwarring van gevoelens; hy kon dit alleen beteuel deur gehoorsame onderwerping aan die opdrag van sy God. Hy het nie daaroor gepraat nie; twee, drie dae het hulle gereis sonder om oor die doel van die reis te praat. Op die derde dag, as hy die plek sien waarheen hy moet gaan, laat hy die knegte agterbly; met Isak alleen gaan hy verder. Aan die knegte sê hy dat hy en sy seun gaan aanbid en dan terugkom! Hulle twee sal terugkom; dit sê hy; en dit is tog 'n uiting van sy gedagtes. Wat die gedagtes was, word in Hebr. 11:18 gesê: want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek. Abraham is dus werklik van plan om sy seun te offer. Die hout wat hy gekloof het, sit hy op sy seun. Hy was dus nie te klein nie! Hy neem die vuur, 'n pan met gloeiende kole; en die mes!

So het hulle twee dan saamgeloop.

Op hierdie laaste deel van die reis verbreek Isak die stilswye. Hy het ook gedagtes gehad en spreek dit nou uit. "My vader", so sê hy. En Abraham antwoord: "Hier is ek, my seun!" "My seun" - in hierdie woorde lê al Abraham se liefde en al sy innerlike stryd. Waar is nou die lag van Isak se lewe?

Isak vra kinderlik-krities: "Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?" Abraham antwoord: "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." Uit hierdie ontwykende antwoord blyk dat Abraham homself en sy seun oorgee aan die sorg van God. Hy verstaan nie wat God wil nie, maar hy doen wat God sê, en God sal vir alles sorg. Tog sê hy vir Isak minder as wat hy dink; oor teruggawe uit die dood spreek hy nie met hom nie. Dat hulle na die knegte sou terugkeer, het hy sy vader hoor sê. Dat hy hom moet slag, sê hy nie. Hy rig die gedagtes van Isak op God: mag die kind met die oog op God die weg, wat ook vir hom so raaiselagtig lyk, verder vervolg.

So het hulle twee dan saamgeloop.

Toe kom hulle op die plek wat God aangewys het. Nou moet die daad van gehoorsaamheid gedoen word. Abraham gaan dit doen, handeling ná handeling: hy het die altaar gebou, van klippe; hy het die hout daarop reg gelê; van stap tot stap gaan hy voort, langsaam, bedagsaam, onweerstaanbaar deur die drang van gehoorsaamheid aan God. Hy bind sy seun Isak vas. Nou weet ook Isak waar die lam vir die brandoffer is. Hy laat hom bind; daarin

moet Isak ingewillig het. Daar was iets in die handelwyse van sy vader wat hom oorweldig het. Daarna het Abraham sy seun op die altaar bo-op die hout geplaas. Hy was dus nie te groot nie.' Nou kom die laaste handeling, onverbiddelik in die reeks van handelinge: Abraham neem die mes om sy seun te slag. Maar daar klink van die hemel af 'n geroep: Abraham, Abraham! Die Engel van die HERE roep hom, twee keer. Die mes is al gerig op die keel van die kind. Waarlik, Abraham *het* Isak geoffer, soos die Nuwe Testament sê (Hebr. 11:17; Jak. 2:21). Op die plotselinge, dringende geroep van sy naam antwoord Abraham: Hier is ek! Hy luister soos hy ooit geluister het! Die Engel van die HERE sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. Toe sien Abraham meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het.

God het vir Homself die ram vir 'n brandoffer voorsien!

Abraham het die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. *In die plek van sy seun.* Die seun moes dus wel geoffer word! Die offer van die ram is 'n *plaasbekledende* offer. Dat Isak geoffer moes word, was nie 'n willekeurige bedenksel van God nie. Dit was Sy eis van gerig wat as 'n beproewing tot Abraham gekom het, maar wat van God gekom het as 'n noodsaaklikheid ten aansien van die kind van belofte. God kan die kind van die verbond - van natuur 'n sondige mensekind - nie genade bewys sonder gerig nie. Geen versoening sonder voldoening nie! Die genadeverbod sluit die gerig nie uit nie. God moes die dood van Isak eis, maar Hy leer Abraham hier dat Hy self in 'n offer sal voorsien.

God het hierdie onderrig reeds in die besnydenis begin. Hierdie teken van die verbond spreek ook van gerig en genade. Die besnydenis is mos 'n insnyding in die liggaam, bloedstorting. As dit voortdurend aanhou, veroorsaak dit die dood. Maar dit hou juis nie aan nie; dit is maar gering en daarmee sê God: Jy is as sondaar die dood skuldig, maar as kind van die verbond kry jy genade, kry jy die lewe. Maar nou moet Abraham nie dink dat die besnydenis genoeg is nie; dit is alleen genoegsaam as dit ten volle geskied, tot die dood toe. Dit het met Christus geskied! Hy is nie net op die agtste dag besny nie, maar Hy het aan die kruis gesterf. Dit is die besnydenis van Christus (Kol. 2:11). In Hom is alle gelowiges besny deur die gemeenskap van Sy dood en dié wat van die oordeel gered word, moet tog sterf deur die liggaam van die sondige vlees af te lê. Dit is 'n algehele besnydenis wat nie met hande verrig word nie, maar geestelik, in die gelykvormigheid aan die dood van Christus (Rom. 6:5). So kom die lewensbehoud deur die dood heen. So ook was dit met Isak. Abraham het hom so te sê uit die dode terug ontvang: Isak word gered omdat 'n ander in sy plek geoffer word: die ram, ja, 'n Ander: Christus Jesus. Die ram is tipe van Christus! Nou sien ons dat die opdrag van God aan Abraham iets anders was as 'n menseoffer in die gewraakte betekenis van die woord. Dit het 'n ander karakter en die onbegryplike eis dat Isak gedood moet word, behoort inderdaad tot die weg waarmee die seën van Abraham verwerklik moet word. Die seëninge van die verbond kan nie kom as die sonde nie versoen is nie. Maar God self skenk die Middelaar en Verlosser, wat dit kan doen omdat Hy waaragtig en regverdig mens is en tegelykertyd ook waaragtig God. God sal voorsien!

Die beproewing van Abraham het plaasgevind om te sien hoe hy sou reageer op hierdie bittere eis, dat die verbond van die genade ook die dood inhou. Abraham het hierop gereageer met gelowige gehoorsaamheid: God was reg. Hy doen geen onreg nie (Sef. 3:5). En in die geloofsgehoorsaamheid van Abraham oorwin God, al is dit ook deur God self gewerk. "Nou weet Ek dat jy God vrees! " Nou kan God Sy heil skenk. God sal voorsien - dit kan op Golgota bo die kruis van Christus staan.

Ná die beproewing herhaal God al sy beloftes aan Abraham. Hy sweer by Homself, omdat Hy nie by 'n meerdere kon sweer nie.

Abraham en Isak het saam na die knegte teruggekeer en weer na Berseba gegaan en Abraham het in Berseba bly woon. Daar het Isak grootgeword.

## § 61 Die dood van Sara (Gen. 23)

Abraham het Berseba ná 'n langdurige verblyf aldaar verlaat en woon nou weer (13:18) by Hebron of, soos die ou naam van die stad is, Kirjat-Arba, d.w.s. stad van Arba (Jos. 14:15). Vroeër het Abraham met die Amoriete daar saamgewoon (14: 13), nou het "die seuns van Het", Hetiete, hulle daar gevestig en daar eiendomme gehad. Die Hetiete het dus toe reeds uitgeswerm; later het hulle nog meer op die voorgrond getree en 'n ryk gestig wat gedurende 'n paar eeue (1500-1200) tot die groot moondhede van die antieke Ooste behoort het.

By Hebron het Sara gesterwe; sy was toe honderd sewe-en-twintig jaar: Isak was toe dus ongeveer sewe-en-dertig jaar oud (Gen. 17:17). Abraham het toe gekom, d.w.s. die tent binnegegaan, om oor Sara te rouklaag en haar te beween, om volgens die gebruik in rougewaad by die dode te sit en kla. Daarna staan hy op om haar te begrawe. Dit is die eerste keer dat ons van 'n begrafnis lees. Aan Abraham is 'n begrafnis in goeie ouderdom toegesê (15:15), self doen hy dit met Sara. So wil die HERE blykbaar dat met die dode gedoen moet word. Maar Abraham het geen eiendom of besitting in die land, geen plek om sy dode te begrawe nie. Hy gaan daarom na die Hetiete in wie se midde hy woon. Hulle wil hom met alle vriendelikheid toelaat om Sara in die beste graf wat hulle het, te begrawe, maar Abraham wil 'n eie graf besit en het die oog op die spelonk van Magpela wat aan Efron, die Hetiet, behoort. Met Oosterse omslagtigheid maar intussen met inagneming van Hetitiese kontrakvorms, word die koop gesluit, en die grond met die spelonk en al die bome daarby word die eiendom van Abraham. Hierdie laaste sin klink soos 'n klousule uit 'n Hetitiese kontrak waarvan voorbeelde gevind is.

Dit is Abraham se eerste besitting: 'n graf! Hy was 'n vreemdeling wat 'n vaderland gesoek het, naamlik 'n hemelse (Hebr. 11:14-16). Sara is toe begrawe in die spelonk van Magpela, in die land Kanaän, soos die geskiedskrywer opsetlik hierby voeg.

Later het die Mohammedane bo-op die spelonk van Magpela 'n groot moskee gebou, die "Masjdjid-el-Anbia", die heiligdom van die aartsvaders. Abraham, Isak en Rebekka, Jakob en Lea is mos ook hier begrawe (Gen. 25:9; 49:31; 50:13). Die Mohammedane sê dat die patriarge nog almal daar lê, met die oë oop! Maar hulle laat niemand toe om in die spelonk in te gaan nie; die geheime van die spelonk bly verborge, ook nadat 'n Engelse offisier in 1917 in die grot was, egter sonder om dit te besef. Al wat 'n besoeker wat ná die formaliteite toestemming kry om die moskee te besoek, mag sien, is die senotawe (graf-monumente) wat in die moskee opgerig is presies bo-op die grafte in die spelonk onder die moskee; ook mag hy deur 'n opening in die vloer in die spelonk kyk.

Volgens die Mohammedane is Josef ook hier begrawe; die berig van Jos. 24:32 beskou hulle as onjuis. Dit laat ons dink aan die rede van Stefanus voor die Joodse Raad (Hand. 7:16), waarin hy sê dat Jakob in Sigem begrawe is. Dit geld egter alleen van Josef. (Kyk bl. 76.)

## § 62 'n Vrou vir Isak (Gen. 24)

Toe Abraham oud geword het en ver op sy dae, het hy met groot erns begin oorweeg waar Isak 'n vrou kon werf. Nie 'n dogter van die Kanaäniete onder wie hy woon nie, het hy gesê. Hulle verstaan niks van sy posisie as vreemdeling en bywoner in hulle midde, niks van sy verhouding tot die HERE nie; hulle leef in ongeregtigheid en afgodery (15:16). Abraham het die oog gerig op sy familie wat met hom saamgegaan het uit Ur en nog in Haran vertoef en verwag dat 'n dogter uit hierdie familie 'n beter lewensgesellin vir sy seun sal wees. Hy stuur sy dienaar, die oudste van sy huis, wat die opsig oor al sy goed gehad het (waarskynlik Eliëser, 15:2), na Mesopotamië (= Aram Naharajim), na die stad van Nahor, die broer van Abraham, om 'n vrou vir Isak te neem.

Die dienaar het hierdie delikate taak in vertroue op die HERE, die God van Abraham, sy heer, onderneem en volbring. Op treffende wyse vertel Genesis 24 van sy wedervaringe. Die HERE het hom op die weg gelei na die broers van sy heer (v. 27) en hom daar die dogter van Betuel, die seun van Nahor en Milka (§ 37), laat ontmoet. Sy is dus een generasie jonger as Isak. Haar naam is Rebekka. Haar broer, Laban, en haar vader het op die vraag, of hulle hul toestemming gee, geantwoord: Van die HERE kom die saak! Hulle sê: Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy 'n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die HERE gespreek het. Die verwagting van Abraham, dat by sy familie in Haran nog erkenning van die beskikkinge van die HERE gevind sou word, word nie beskaam nie! Ook Rebekka self verklaar haar bereid om onmiddellik met die dienaar van Abraham saam te gaan. Hulle het toe Rebekka en haar oppasster, Debora (Gen. 35:8), laat trek. Die oppasster is die voedster wat, volgens die gewoonte van daardie tyd, gedurende haar hele lewe die kind wat sy gevoed het, behulpsaam bly, ook as dit reeds groot is. Verder neem Rebekka haar diensmeisies saam, soos net 'n dogter van 'n aansienlike familie kon doen.

Die ontmoeting met Isak vind plaas by Lagai-Roï (16:14), want Isak het in die Suidland gaan woon. As die karavaan nader, is dit aand en Isak het in die veld uitgegaan om te peins: sy gedagtes is seker besig met die taak wat die dienaar van sy vader vir hom doen. Meteens sien hy die karavaan aankom! .En Rebekka sien 'n man hulle tegemoetloop! Sy vra: Watter man is dit wat ons tegemoetloop? Die dienaar antwoord: Dit is my heer. Rebekka het al van die kameel afgeklim; dit sou nie gepas wees om so "uit die hoogte" met haar bruidegom te praat nie. Ook het sy haar gelaat met haar sluier bedek, soos dit toe betaamlik was.

Isak het Rebekka in die tent van sy moeder Sara ingebring, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad. God het met Sy hand Isak se vrou na hom toe gelei!

In die geskiedenis van die aartsvaders is die huwelik van Isak en Rebekka die monogame huwelik by uitstek.

### § 63 Die dood van Abraham (Gen. 25:7-9)

Ná die dood van Sara het Abraham nog drie-en-veertig jaar gelewe. In die eindperiode van sy lewe het hy die tweelingseuns van Isak en Rebekka sien opgroei (vgl. § 29); waarskynlik val in dié periode ook sy huwelik met Ketura. Aan sy seuns by haar het hy geskenke gegee en hulle van sy seun Isak af na die ooste laat wegtrek (25:6). Isak was sy eintlike erfgenaam. Daarna het Abraham in goeie ouderdom gesterwe. Hy is deur Isak en Ismael begrawe in die spelonk van Magpela, waar ook Sara begrawe was.

Met die dood van Abraham is die genadewerk van God in hom nie beëindig nie. Ná die dood van Abraham het God Isak geseën (v. 11). Die genadeverbond gaan voort van kind tot kind, tot almal wat deur die geloof kinders is van die vader van alle gelowiges.

## Isak

### § 64 Isak in Gerar (Gen. 26 :1-14)

Hongersnood het in die suide van Kanaän dikwels voorgekom. Abraham het dit ondervind en toe na Egipte afgetrek (12:10). Isak gaan na Gerar, na Abimeleg (20:2; 21:23-34), wat nou die koning van die Filistyne genoem word. Miskien was hy ook van plan om verder af te trek, na Egipte. In elk geval sê God dat hy dit nie moet doen nie. Die HERE gee by hierdie bevel ryke beloftes aan Isak, in hoofsaak dieselfde wat Hy ook reeds aan Abraham gegee het. Die rede van die beloftes is die gehoorsaamheid van Abraham(v. 5). So het Isak dan in Gerar gebly.

Terwyl hy daar is, trek Rebekka, wat mooi was, die aandag van die manne van Gerar; maar Isak durf nie sê dat sy sy vrou is nie, omdat hy bang was dat die manne van Gerar hom sou doodslaan om Rebekka te kan neem (kyk § 45, 55). Hy sê dat sy sy suster is. By Abraham was dit nog 'n halwe waarheid. Rebekka is egter baie minder na aan Isak verwant. Toe hy al 'n lang tyd daar was, kyk Abimeleg, die koning van die Filistyne, deur die venster en sien hoe Isak met Rebekka speel. Die Hebreeuse woord wat hier met *speel* vertaal word, is weer 'n woordspeling met die naam Isak, wat mos "hy lag" beteken. Die "spelery" met Rebekka was van so 'n aard dat Abimeleg daaruit kon aflei dat hule iets meer was as net broer en suster! Net soos Abraham moet Isak nou uit die mond van 'n heiden 'n vermaning oor sy verkeerde gedrag aanhoor. Abimeleg waarsku die manne van sy stad dat hulle nòg Isak nòg Rebekka mag aanraak, sodat daar geen skuld oor sy gebied kom nie.

Isak het toe in daardie land gesaai. Nomade kan dit nie doen nie en Isak het hom deur die saaiery vaster in Gerar gevestig. God het hom met 'n seldsame groot oes geseën: hy het honderdvoudig gewen; ook sy kuddes het baie uitgebrei, sodat hy aldeur groter (ryker) geword het en die Filistyne hom beny het.

## § 65 Die volgorde van die gebeurtenisse

Dat Rebekka sy suster was, kon Isak ná die geboorte van Esau en Jakob nie beweer nie. Tog is die geboorte van die seuns reeds in hoofst. 25 vermeld. Ons moet dus aanneem dat die verhaal van Genesis 26:1-4 voor Genesis 25:19-26 geplaas moet word. Ons het reeds opgemerk dat Abraham die geboorte van Esau en Jakob belewe het, maar dan was Abraham ook nog in die lewe toe Isak na Gerar getrek het. Dat Abraham saamgaan, lees ons nie. Vader en seun het dus nie steeds bymekaar gebly nie.

Ook die dood van Abraham staan reeds in hoofst. 25 vermeld. Die verhaaltrant van die Bybelskrywer is dus nie strak gebonde aan die historiese volgorde nie. Tog val nie alles wat in hoofstuk 26 staan voor hoofstuk 25 nie, soos die stryd om die putte, wat die Filistyne *ná die dood* van Abraham toegestop het. In hierdie stryd neem Isak 'n goedaardige houding aan; tog win hy die situasie, omdat die HERE met hom was. Dit is by die put wat hy Rehobot noem. Daarna het Isak weer na Berseba gegaan (v. 23). Dit was dus wel ná die geboorte van sy seuns.

By Berseba het Isak 'n soortgelyke ontmoeting gehad as wat Abraham daar gehad het (21:22-34), naamlik met Abimeleg en Pigol; nou is daar nog 'n derde persoon by, Ahussat, die vriend van Abimeleg (26:26-29). Hierdie Abimeleg kan dieselfde persoon wees as die een aan die begin van hoofst. 26, maar seker nie dieselfde persoon as dié van hoofst. 20 en 21 nie. Verskillende mense het ná mekaar dieselfde name gedra, of: die oorlewering het dieselfde gebeurtenis een keer in die lewe van Abraham en een keer in die lewe van Isak laat plaasvind (vgl. § 41, slot). Die bykomende omstandighede is egter verskillend genoeg om aan twee gebeurtenisse te kan dink.

## § 66 Die geboorte van Esau en Jakob (Gen. 25:19-26)

Net soos Abraham en Sara is Isak en Rebekka deur die HERE beproef met 'n huwelik wat gelyk het asof dit kinderloos sou bly. Isak het die HERE gesmeek om tog 'n nakomelingskap te mag hê en, ná twintig jaar, het die HERE die gebede verhoor. Isak was toe sestig jaar.

Die op sigself reeds wonderlike ervaring om vir die eerste keer 'n kind te verwag, het vir Rebekka met besondere verskynsels gepaard gegaan: die kinders het teen mekaar gestoot binne-in haar. Dit het haar blykbaar verontrus, en daarom gaan sy om die HERE te raadpleeg. Hoe sy dit gedoen het, word nie gesê nie, maar die HERE het haar geantwoord. Ook hiervan word nie gesê hoe hierdie openbaring van God aan haar geskied het nie. Ons kan hieruit egter wel aflei dat Rebekka in geloofsgemeenskap met die HERE geleef het. Die antwoord van die HERE is baie duidelik en ook belangrik: daar is twee nasies in haar skoot. Daaruit kan Rebekka begryp dat die tweeling twee seuns is wat ook 'n toekoms het: hulle word nasies, volke. Hulle sal egter nie gelyk ontwikkel nie: die een volk sal sterker wees as die ander volk en die oudste sal die jongste dien. In die geskiedenis het hierdie voorsegging waarheid geword in die oorwinning van Israel op die Edomiete deur Dawid (2 Sam. 8:14; 1 Kon. 11:16; 1 Kron. 18:13) en deur Amasia (2 Kon. 14:7; 2 Kron. 25:11, 12). Soms het die

Edomiete die juk van Israel afgeruk (Gen. 27:40; 2 Kron. 21:8). Die verhouding tussen die twee volke (wat reeds in die moederskoot teen mekaar gestoot het) was gedurig vyandig (Obadja v. 10). In die eeue tussen die Ou en die Nuwe Testament het die Jode Edom die genadeslag toegedien (kyk § 469). In die lig van die openbaring sien ons dat hierdie vyandskap 'n diep agtergrond het: God sit Sy genadeverbond voort in Jakob en nie in Esau nie. Dit is Sy vrymagtige, verkiesende genade en die vrymagtige optrede van God is in hierdie geval besonder skerp. In die gesin van Abraham was Isak, wat deur God verkies is, die seun van Sara, en Ismael was die seun van die slavin. Maar Esau en Jakob is altwee gebore op die gebed van Isak; hulle was 'n tweeling, en tog verkies God net een van hulle. Waarom? Maleagi gee die antwoord; die HERE sê deur hom: Esau is die broer van Jakob; tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat (1:2, 3; kyk ook Rom. 9:13); en aan Moses sê Hy: Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm (Ex. 33:19).

Toe die tyd van die geboorte aangebreek het, is die eerste wat gebore word, rooi en ruig van hare; hy was geheel en al soos 'n mantel van hare. Daarom het hulle hom Esau genoem. Daarna is sy broer gebore, terwyl hy die hakskeen van Esau vashou, asof hy hom die voorrang in die geboorte wil belet! Daarom het hulle hom Jakob genoem.

## § 67 Die eersgeboortereg van Esau (Gen. 25:27-34)

Terwyl die seuns opgroei en grootword, bly Jakob daarna streef om die eersgeboortereg aan sy broer te ontneem. Uit die openbaring wat sy van God ontvang het, weet Rebekka dat die regte en beloftes wat aan die eersgeborene toekom, vir Jakob bestem is (v. 23), en sy het dit ongetwyfeld ook aan haar lieflingskind meegedeel. Jakob het nie gewag om te sien hoe God dit vir hom sou gee nie, maar self middele bedink om dit te verkry.

Esau het 'n ervare jagter geword; hy was 'n man van die veld en ontwikkel in dieselfde rigting as Ismael (wat hy as vyftienjarige seun op die begrafnis van Abraham kon ontmoet het!). Die wildsvleis waarmee Esau telkens by die huis gekom het, was na die smaak van Isak. Net soos Abraham baie van Ismael gehou het (Gen. 17:18), het Isak 'n voorliefde vir Esau gehad. Die moeders het egter met fyn geloofsintuïsie die wil van die HERE met hul seuns verstaan!

Eendag het Esau moeg uit die veld gekom. Jakob het juis 'n kooksel lensies voorberei. Toe sê Esau vir Jakob: Laat my tog sluk van die rooigoed daar! (Daarom het hulle hom Edom (rooi) genoem.) Geslepe benut Jakob die situasie en sê: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my. Op daardie moment het Esau die waarde van die eersgeboortereg geminag. Hy voel hom letterlik doodmoeg en wil liewer eet om sy uitputting te bowe te kom. Jakob laat hom sweer; hy wil verhoed dat Esau die saak later ongedaan sou wil maak. Inderdaad het Esau later besef dat Jakob hom onderkruip het (Gen. 27:36), maar God het hom aan sy onheilige.(Hebr. 12:16) verkoop van die eersgeboortereg gehou. [4]

## § 68 Jakob verkry die seën van die eersgeborene (Gen. 27)

Toe Isak oud geword het, wou hy Esau seën. Hy sou nog baie ouer word, maar dit het hy natuurlik nie geweet nie; hy was byna blind, en dit het sy gevoel van oud wees vererger. Uit 'n vergelyking van verskillende tekste met mekaar kan ons bereken dat hy nog veertig jaar gehad het om te lewe (Gen. 41:46, 47; 45:6; 47:9 1eer ons dat Jakob byna tagtig jaar oud was toe hy sy vader mislei het. Isak was toe dus nog nie honderd-en-veertig jaar oud nie (Gen. 25:26), en hy het gesterwe op die ouderdom van honderd-en-tagtig jaar (Gen. 35:28). Hy het

---

[4] Ook in die reeds genoemdc tekste van Nuzi (§ 49) lees ons van 'n man wat sy eersgeboortereg verkoop (vir drie skape). Die eersgeboortereg was dus in daardie kultuur 'n voorreg *wat verkoop kon word!*

die terugkeer van Jakob nog belewe (Gen. 35:27)).

'n Aartsvaderlike seëning, waarvan ons reeds by Noag 'n voorbeeld gesien het, dra 'n profetiese karakter. God self werk daarin met openbaringsingewing, sodat die seëning 'n toekomstige werklikheid verkondig. So 'n seëning geskied dan ook voor die aangesig van die HERE (V. 7) en word uitgespreek, ook in die geval van Isak, deur die geloof (Hebr. 11:20). Die eersgeboorteregseën wat Isak wil gee, is, wat sy inhoud betref, dan ook heeltemal na die wil van God; wat egter die persoon betref aan wie hy die seëning wil gee, handel Isak nie volgens die wil van God nie. Hierdie wil van God was aan Rebekka bekend, en ons kan moeilik aanneem dat Isak hiervan nie geweet het nie. Ook met die minagting wat Esau vir sy eersgeboorte betoon het (§ 67), hou hy geen rekening nie. Hy laat hom lei deur sy persoonlike voorliefde vir Esau en sy lekker wildsvleis! Hy gee Esau opdrag om 'n stuk wild te gaan jag, dit vir hom te berei soos hy dit graag wil hê; dan sal hy hom seën voordat hy sterf.

Esau het dit dadelik gaan doen, maar Rebekka het die gesprek tussen vader en seun gehoor. Onmiddellik besef sy wat hier op die spel staan: haar lieflingskind (25:28) sal op hierdie manier die seën van die eersgeborene nie kry nie! En God het tog aan haar geopenbaar dat die oudste die jongste sal dien! In plaas van die saak met Isak te bespreek of minstens gelowig te wag en te kyk hoe God sal sorg dat Sy woord en wil in vervulling gaan, gryp sy self in met 'n listige plan. Sy self sal 'n lekker ete vir Isak berei en Jakob moet dit vir hom bring asof hy Esau is; dan kan Isak hóm seën! Jakob moet na die kleinvee gaan en twee mooi bokkies vir sy moeder gaan haal.

Teen hierdie bedrog op sigself het Jakob geen beswaar nie; hy is net bang dat sy vader sal ontdek dat hy Jakob is en dat hy hom dan sal vervloek in plaas van seën. Maar Rebekka neem die vloek op haar. Sy sal alles reg maak; van die bokkies het sy 'n lekker ete gemaak; sy trek Jakob die klere van Esau aan, sodat hy soos Esau ruik, en trek die velle van die bokkies oor sy hande en oor die gladdigheid van sy nek. So uitgedos kom Jakob met die lekker ete en die brood by sy blinde vader.

Verras vra Isak: Wie is jy, my seun?

Jakob antwoord: Ek is Esau, u eersgeborene!

Met hierdie leuen wil hy die seën gryp. Hy wil nou Esau wees! Hy sê dat hy gedoen het wat Isak hom beveel het en dat sy vader nou moet eet van sy wildsvleis sodat hy hom kan seën.

Agterdogtig vra Isak: Hoe het jy dit so gou gekry?

Vals-vroom antwoord Jakob: Omdat die HERE, U God, my dit laat teëkom het. Hy stapel leuen op leuen.

Nog nie tevrede nie, wil Isak hê dat Jakob nader moet kom, dat hy hom kan betas. Die sagte bokvelle tref hulle doel, maar die gehoor van die ou blinde waarsku hom: Die stem is Jakob se stem, maar die hande is Esau se hande. Weer vra hy: Is jy waarlik my seun Esau? Weer lieg Jakob: Ja! Toe het Isak die hande, wat harig gevoel het, meer geglo as die stem en nie ontdek dat dit Jakob was nie. As hy geëet en gedrink het en die seën sal uitspreek, sê hy vir Jakob: Kom tog nader en soen my, my seun! Toe ruik Isak die geur van sy klere, die geur van die veld, die geur van Esau! Toe het Isak die eersgeboorteseën uitgespreek en die seun daar voor hom toegesê die dou van die hemel en die vet van die aarde en oorvloed van koring en mos, en hy het aan hom al sy broers, Edom en ander verwante volke, as dienaars gegee.

Die lis het geslaag. Rebekka seëvier en Jakob gaan van sy vader af weg. Kon daar vreugde in hulle hart gewees het?

Skaars is Jakob van sy vader af weg of hulle hoor die voetstappe van Esau en sy gewerskaf

met die wildsbok. Rebekka en Jakob het doodstil gebly! Hulle hoor dat Esau na sy vader gaan, dat die vader vra: Wie is jy en dat Esau sê: Ek is u seun Esau, u eersgeborene; hulle hoor dat hy skreeu met 'n baie groot en bitter geroep as Isak sê dat 'n ander gekom het en geseën is en ook geseën sal bly. Hulle hoor die welslae van hulle bedrog, maar daar is ook dreiging in die goddelose welslae. Sou hulle hom Jakob noem, sê Esau, omdat hy my nou twee maal onderkruip het? Hy dra sy naam met reg!

Hoewel Rebekka en Jakob bedrieglik gehandel het, moet ons tog versigtig wees in ons meegevoel met die bedroë Esau. As hy aan sy vader sê: Ek is u seun Esau, dan is dit waar, maar as hy daaraan toevoeg: u eersgeborene, dan ignoreer hy dat hy onverskillig en vrywillig die eersgeboortereg verkoop het: dan maak hy asof hy nog besit wat hy met 'n eed aan sy broer afgestaan het. Hy handel ook bedrieglik! In Hebr. 12:17 staan kort en bondig dat hy toe verwerp is, naamlik deur God; en wat betref sy groot en bitter geroep, staan daar: want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, d.w.s. hy kon nie tot 'n ware berou kom nie; hy het nie van hart verander nie! Hy het wel spyt gehad oor sy onverskilligheid en toe die eersgeboorteseën met trane vurig begeer. Hy het sy stem verhef en geween (Gen. 27:38). Maar alle trane is nie dieselfde nie! Daar is 'n droefheid volgens die wil van God én 'n droefheid van die wêreld (2 Kor. 7:10). Die droefheid van die wêreld is spyt omdat sake verkeerd loop; daarby is geen berou oor eie skuld nie. Maar die droefheid volgens die wil van God, wat die werk van die Heilige Gees is, werk 'n onberoulike bekering tot verlossing. Die droefheid van die wêreld werk die dood. Die geween van Esau is die geween van die buitenste duisternis (Matt. 8:12), die wroeging van die hel.

Isak het nog 'n seën vir Esau gehad, ook deur die geloof (Hebr. 11:20)! In dié seën het hy die toekoms van die volk Edom voorspel.

So het Jakob dan die seën, wat wel vir hom bestem was, deur leuen en bedrog verkry. Hy is geseën, maar vir sy bedrog moet hy boet. Deur die kastyding van sy God moet Jakob geheilig word tot 'n Israeliet "in wie daar geen bedrog is nie" (Gen. 32:24-31).

## Jakob

### § 69 Jakob vlug vir Esau (Gen. 27:41-28:22)

Nadat Esau deur Jakob bedrieg is, is hy hom vyandig gesind. Hy sal wag tot sy vader dood is, maar dán wil hy Jakob doodmaak.

Rebekka verneem van Esau se planne en sê aan Jakob dat hy moet vlug na Haran (Paddan-Aram), na haar broer Laban, en dat hy daar 'n rukkie moet bly tot die woede van Esau bedaar het; sy sal Esau in die oog hou en Jakob laat haal as sy dit veilig ag. Na alle waarskynlikheid het sy Jakob egter nooit weer gesien nie (35:27).

So moet Jakob dan, as gevolg van sy bedrog, vlug uit die land van belofte waarmee sy lewe vol teëspoed (47:9) begin.

Aan Isak sê Rebekka dat Jakob tog nie 'n vrou uit die dogters van Het moet neem nie. As dit gebeur, so sê sy, waarvoor lewe ek dan? Isak stem hierin met haar saam en beveel Jakob om nie 'n vrou van die Kanaäniete te neem nie, maar liewers na die familie van sy moeder te gaan, na die Arameërs in Haran. (Esau het toe 'n dogter van Ismael as vrou geneem! Vergelyk vir die vroue van Esau Gen. 26:34,35; 28:9; 36:1-3.)

As Jakob vertrek, seën Isak hom met die seën van Abraham (v. 4); hy het blykbaar tot die insig gekom dat hierdie seën volgens die bedoeling van God tog vir Jakob bestem was.

Op een van die dae van sy lang reis van Berseba, waar Isak nog steeds gewoon het (26:23-

25), na Haran, gebeur dit weer dat die son ondergaan en hy maar in die veld moet slaap, sy kop op 'n klip. Dit was by Lus. Hy wou liewer veilig in 'n tent slaap (25:27) as in die veld. Maar hy wou mos Esau wees! Nou kan hy soos Esau in die veld vertoef! In daardie nag het Jakob gedroom: hy sien 'n leer, opgerig op die aarde, die spits reik tot aan die hemel. Die engele van God het daarlangs opgeklim en neergedaal. Daar is verkeer tussen die hemel en die aarde! Bo-aan die leer het die HERE gestaan. Hy het met Jakob gepraat en gesê:

> Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak.
> Die land waar jy op lê en slaap,
> sal Ek aan jou en jou nageslag gee;
> en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde,
> en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word.
> En kyk, Ek is met jou,
> en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan,
> en Ek sal jou terugbring in hierdie land;
> want Ek sal jou nie verlaat nie,
> totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het.

As Jakob ontwaak, is hy diep onder die indruk van die droom. Hy het gehuiwer en gesê: Waarlik, die HERE is op hierdie plek, en ek het dit nie geweet nie. Hoe vreeslik is hierdie plek! Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie, en dit is hier die poort van die hemel.

Ons beluister in hierdie woorde van Jakob duidelik sy ontsteltenis oor die aanwesigheid van God, wat hy blykbaar aan daardie plek verbonde ag. Sonder dat hy dit geweet het, het hy juis op die plek gaan slaap! En God het Hom in die droom aan hom getoon. Sy ontsteltenis vloei hieruit voort dat hy tot nou toe sonder God geleef en gehandel het. Wanneer God nou egter in sy lewe inkom, doen Hy dit nie as Bestraffer van sy bedrog nie. Dit sal God later doen (§ 72). God openbaar Hom aan hom as die God van Abraham en Isak en begin om hom op die weg van die verbond te plaas en hom aan die beloftes van die verbond te herinner. Op dié weg moet Jakob wandel, en op dié weg sal God hom heilig in die belewenisse wat voorlê.

Die eerste vrug van die bemoeienis van God met Jakob is dat hy op die belofte van God met 'n gelofte antwoord: dié God, wat so met hom sal doen, sal sy God wees! Jakob het sy God gevind - omdat sy God hom gesoek het!

Die klip waarop hy geslaap het, word as 'n gedenksteen (masseba) opgerig: dit is 'n huis van God, sê hy; en soos Abraham tiendes gegee het aan die priester van God, die Allerhoogste (Gen. 14:20), so beloof ook Jakob die tiendes van al wat sy God hom sal gee. Lank voordat die wet van Moses tiendes geëis het, was dit reeds 'n vroom gebruik.

## § 70 Jakob by Laban (Gen. 29 en 30)

As Jakob in die omgewing van Haran aankom, is dieselfde Ragel wat later sy geliefde vrou geword het, die eerste van die familie van sy moeder wat hy ontmoet. Haar vader, Laban, neem hom gasvry in sy huis op. Ná verloop van 'n maand het Laban opgemerk dat sy gas hom baie goeie dienste sal kan bewys by sy veeboerdery. En Jakob het verlief geraak op Ragel! So ontstaan die ooreenkoms dat Jakob sewe jaar vir Laban sal werk en dan Ragel tot vrou sal kry. Die sewe jaar was in sy oë - naamlik by die sluiting van die ooreenkoms! - soos 'n paar dae: deur sy liefde vir Ragel vergeet hy die langdurigheid van die dienstyd. Laban het egter 'n goeie prys vir sy dogter beding! As die sewe jaar om is, wil Jakob Ragel hê. Nou was Ragel nie die oudste dogter van Laban nie; haar ouer suster was Lea. Van Lea word nie, soos van Ragel, gesê dat sy skoon van gestalte en mooi van aansien was nie, wél dat sy dowwe oë

gehad het en nie die glansende oë waarvan die Oosterling so baie hou nie. As Laban nou die aand van die eerste bruilofsdag sy dogter aan Jakob moet afgee, neem hy Lea. Jakob het dit deur die donker en die sluier nie bemerk nie, ook nie aan die stem nie! Nou ondervind Jakob self wat dit beteken om bedrieg te word! Hy sê vir Laban: Waarom het u my bedrieg? Maar die slimme bedrieër het sy antwoord gereed: Dit is hier by ons nie die gewoonte om die jongste voor die oudste weg te gee nie. Hy het egter 'n oplossing: Hou die volle bruidsweek met haar. Die bruidsweek is die sewe feesdae van die bruilof. As 'n man in dié tyd sy bruid verlaat, word die huwelik as verbreek beskou (Rigt. 14:19, 20). Jakob het toe die volle bruidsweek met Lea gehou en toe ook Ragel gekry op voorwaarde dat hy ook vir haar weer sewe jaar sou dien. Hy het dus die twee susters tegelykertyd gekry. ('n Huwelik met twee susters is later deur die wet verbied; Lev. 18:18.)

Jakob het Ragel meer liefgehad as vir Lea. Lea het dit ook wel geweet (29:33). Sy het egter die voldoening gehad dat sy kinders gekry het: vier seuns: Ruben, Simeon, Levi en Juda. Ragel het nie kinders gekry nie. Sy het toe Bilha, haar slavin, aan Jakob gegee, net soos Sara vroeër ook gedoen het (§ 50). Op hierdie manier kon sy tog twee kinders as haar eie beskou, want Bilha het twee seuns gekry: Dan en Naftali. Toe Lea sien dat sy nie meer kinders kry nie, volg sy die voorbeeld van Ragel en gee Silpa, haar slavin, aan Jakob. Twee seuns word gebore: Gad en Aser.

Ruben het intussen so groot geword dat hy die veld ingaan. Hy vind daar geurige vrugte, wat hy na sy moeder Lea bring. Sy herken dit: dit is liefdesappels - 'n vrug wat swangerskap sou bevorder. Ook Ragel het dit geglo en wou die vrugte graag hê. Sy het dit tog meer nodig as Lea! Daarom sê sy vir Lea: Gee my tog jou seun se liefdesappels. Jaloers antwoord Lea: Is dit nie genoeg dat jy my man geneem het nie? Lea voel haar agtergestel by Ragel omdat Jakob háár liefhet. En nou wil die bevoorregte Ragel ook nog haar liefdesappels hê! Maar Ragel sê: Vir die liefdesappels mag hy vannag by jou slaap! Ons sou sê dat Jakob die toestemming van Ragel hiervoor nie nodig gehad het nie, maar moontlik het Lea opgehou met baar (v. 9), omdat Jakob steeds by Ragel was en Lea veronagsaam het. Dit kon in so 'n mate gewoonte geword het dat Jakob nie meer na Lea kon gaan sonder dat Ragel daaroor gegrief gevoel het nie. Sulke pynlike verhoudinge vloei uit veelwywery voort! Die vroue is mekaar se mededingsters (1 Sam. 1:6). Lea gaan op die voorstel in, en toe Jakob die aand uit die veld kom, gaan Lea hom tegemoet met die woorde: Jy moet na my kom, want ek het jou eerlik gehuur, m.a.w. jy hoef hierdie keer nie bang te wees dat Ragel jou dit sal kwalik neem nie.

Lea het toe Issaskar gebaar en later ook nog Sebulon. Sonder liefdesappels! En Ragel met haar liefdesappels bly kinderloos. God toon haar dat die geboorte van kinders nie deur liefdesappels verkry kan word nie, maar dat seuns 'n erfdeel van die HERE is (Ps. 127:3). Daarna het Lea nog 'n dogter gebaar: Dina.

God het ook aan Ragel gedink. Sy kry 'n seun en noem hom Josef. In dié naam gee sy uitdrukking aan die wens dat die HERE vir haar nog 'n seun byvoeg.

Op hierdie tydstip - die sewe diensjare vir Ragel is nou seker om - wil Jakob teruggaan na sy woonplek en sy land. Laban het egter opgemerk dat die verblyf van Jakob by hom 'n baie geseënde tyd was; daarom wil hy hom graag in sy diens behou. Jakob kan vir loon by hom bly werk. Jakob wil dit wel doen. Hy het met sy veertienjarige diens vroue en kinders verwerf, maar geen besittings nie; hy is in die letterlike sin van die woord 'n proletariër: iemand wat niks besit nie as net sy *proles*, sy kroos, en daarom wil hy nou vir sy huis werk. Hy wil van Laban nie 'n presies bepaalde betaling hê nie, maar 'n sodanige aandeel in die wins van die bedryf van Laban dat daar 'n bietjie speling in skuil; hy vra as loon dié skape en bokke wat van die gewone kleur af wyk: die swart skape en die bont bokke. Laban vind dit goed; maar Jakob ken die kunsgrepe van sy vak (30:37-42) en het baie ryk geword aan

kleinvee, slavinne en slawe en kamele en esels.

## § 71 Jakob vertrek uit Paddan-Aram (Gen. 31)

Ses jaar het Jakob volgens die afgesproke ooreenkoms by Laban gewerk (v. 41). Die verhoudinge het egter steeds slegter geword. Dat Laban nie van die kunsgrepe van Jakob by die vermeerdering van die kuddes gehou het nie, is te begryp; hy voel hom benadeel en verander die afspraak "tien maal", d.w.s. telkens weer. Jakob kon die ontevredenheid van Laban op sy gesig lees. Inderdaad het Jakob sy eie voordeel gesoek en sy skoonvader afgeskeep met swak vee (30:42). Daar kom nog iets by: die seuns van Laban sê: Jakob het alles geneem wat ons vader s'n was; daardeur het hy so ryk geword.

Ons het nog nie vroeër van seuns van Laban gehoor nie. Moontlik is hulle baie later as die dogters gebore, maar hulle het inmiddels ook grootgeword en begin saampraat. Hulle besef hul belange by die erfgoed en voel hulle ook benadeel deur die optrede van hulle swaer.

In hierdie situasie sê die HERE aan Jakob dat hy nou moet teruggaan na die land van sy vaders. Nie op 'n aanwysing van sy moeder nie (27:45), maar op bevel van die HERE gaan Jakob terug. Die HERE gee hom hierby weer (28:15) die belofte dat Hy met hom sal wees.

Ook Lea en Ragel is ontevrede oor die optrede van hulle vader. Hoewel Laban heeltemal in sy reg was om die arbeidskrag van Jakob as huweliksprys vir sy dogters te eis - hy het mos nie iets anders gehad nie - het die inhalige manier waarop hy daarvan gebruik gemaak het, tog vir hulle die gevoel gegee dat hulle as vreemdelinge verkoop is. Laban was inderdaad hebsugtig; dit het al geblyk by die besoek van Eliëser (Gen. 24:30).

Toe maak Jakob hom klaar en vlug met sy vroue en kinders en met al sy vee na sy vader Isak in die land Kanaän. Hy doen dit terwyl Laban weg is om sy skape te skeer. Dit was 'n ontsnapping! Hy het sy skoonvader uitoorlê! Van die afwesigheid van haar vader maak Ragel gebruik om die huisgode (terafim) te steel en saam te neem.

Dit is hier die eerste keer dat ons van terafim lees. Hulle is klein beeldjies en kan in 'n kameelsaal weggesteek word (v. 34). Behalwe dat hulle by private godsdienstige plegtighede (ver van 'n tempel af) gebruik is, het hulle, soos uit die tekste van Nuzi blyk, nog hierdie besondere betekenis, dat hulle besit 'n waarborg van erfregte was. Dit is die rede waarom Ragel hulle wou hê en Laban hulle wou terug hê. Die terafim in die huis van Laban bewys dat die Aramese familie in Haran heidense gebruike gehad het.

Jakob trek die Eufraat deur (Haran lê oos van hierdie rivier) en buig dan af in suidelike rigting na Gilead in Transjordanië (tans Jordanië). Gilead is die gebied tussen die twee grootste riviere wat in die Oos-Jordaanland na die Jordaan stroom - die Jarmoek (in die Bybel nie genoem nie), wat naby die suidpunt van die see van Galilea in die Jordaan uitmond, en die Jabbok (wel in die Bybel genoem) en wat baie verder suid stroom. Die gebied was baie vrugbaar.

Toe Jakob reeds drie dae weg is, kry Laban berig van sy vlug. Hy jaag hom agterna en kry hom in Gilead, maar God het in die nag na Laban, die Arameër, in 'n droom gekom en vir hom gesê: Pas nou op dat jy met Jakob geen goed of kwaad spreek nie, d.w.s. nòg met goeie nòg met kwaai woorde mag jy hom na Haran probeer terugneem. Wel is daar tussen Laban en Jakob baie reguit gepraat en oor en weer het hulle mekaar met verwyte oorlaai (v. 26-42), maar Laban het in die vertrek van Jakob berus. Hy wil 'n verbond sluit met Jakob. Jakob het toe 'n klip geneem en dit as 'n gedenksteen (masseba) opgerig: nie een van die twee partye mag hierdie kliphoop verbysteek om die ander kwaad aan te doen nie. Ook spreek die vaderhart van Laban tog as hy tegelykertyd beding dat Jakob sy dogters goed moet behandel.

Hy eis selfs dat Jakob nie vroue by sy dogters sal neem nie (v. 50). Hierdie eis stel hy op grond van die huweliksregte wat in Nuzi gegeld het. In huwelikskontrakte wat daar gevind is, word dieselfde voorwaarde ook gestel. Die vader van die bruid stel hierdie eis met die bedoeling dat die besittings van die man net aan sy dogter en haar seuns sal toeval.

Daar word geoffer en geëet (verbondsmaaltyd!); daarna is hulle in vrede uitmekaar.

Verskillende name herinner aan hierdie gebeurtenis: Jegar-Saha-duta, Gal-ed en Mispa.

## § 72 Jakob by Pniël (Gen. 32)

Ná die ontmoeting met Laban het Jakob verder gereis. Toe het die engele van God hom ontmoet. Net soos by Bet-el, aan die begin van sy ballingskap buite die land van belofte, gebeur dit nou weer by Mahanaim aan die einde van die periode. Dit was swaar jare vir Jakob en hy het wel deur sy eie toedoen daarin beland, maar sy lewe was deur engele omring (Ps. 34:8; Matt. 18:10; Hebr. 1:14).

As die moeilikheid met Laban in Gilead verby is, duik 'n nuwe. moeilikheid op: die ontmoeting met Esau! Dit is baie erger. Twintig jaar lank kon Jakob dit uit sy gedagte sit. In Paddan-Aram was hy veilig. Maar nou moet hy Esau ontmoet, en tussen hom en Esau lê sy bedrog. Die Esau wat hy ontvlug het, wou hom doodmaak. Wat wil die Esau doen wat hy nou sal ontmoet? Twintig jaar lank het hy die seën besit wat hy op bedrieglike wyse verkry het; hy het ook die seën ondervind, want God wou hom die seën gee (28:13-15). God het hom mos liefgehad! (Mal. 1:2). Maar sou God die bedrieglike wyse waarop hy die seën verkry het, oor die hoof sien? Of sou God hom nog leer om sy eiewillige en voorbarige greep ná die seën los te laat en dieselfde seën as 'n genadegif van sy Verbondsgod te ontvang?

Dit kom nou!

Terdeë bewus van die moeilikhede wat kom, gaan Jakob aanvanklik voort op sy eiewillige weg en probeer hy weer met listighede daaruit loskom. Hy begin deur sy voelhorings uit te steek om vas te stel wat die stemming van Esau is. Dit kon miskien nogal meeval!

Esau het hom inmiddels in Seïr gevestig. Hierdie gebied, ten suide van die Dooie See, is die land sonder dou wat sy vader hom toegesê het en waar hy van sy swaard leef (27:39, 40). Daarheen stuur Jakob boodskappers om sy koms aan te kondig. Van Laban het hy stilletjies weggegaan. In Esau se nabyheid durf hy egter nie vrymoedig verskyn nie. Hy noem hom eerbiedig "my heer" en homself "u dienaar". Hy spog 'n bietjie met sy besittings, sodat Esau nie te min van hom moet dink nie en - dit is die kern van sy boodskap - "Ek laat my heer dit weet, sodat ek guns mag vind in u oë." Oor die rede waarom hy as vreemdeling by Laban vertoef het, swyg hy natuurlik. Daar is nie die minste skuldbesef - ten minste nie in sy woorde nie! Weer sien ons hier hoe die kind van God - deur sy eie optrede - in sy dop moet kruip voor die vyand van God (vgl. § 45, 55, 64).

Die berig van die boodskappers is angswekkend: Esau is al aan die kom en vierhonderd man saam met hom. Toe het Jakob bang geword, baie bevrees en benoud. Wat beteken die koms van vierhonderd man wat op hulle swaard leef, anders as 'n roofaanval? Maar Jakob is slim: hy verdeel sy besittings in twee laers en dink: As Esau op die een laer afkom en dit verslaan, sal die ander een vryraak. Tog bid Jakob ook! Geen skuldbelydenis nie, maar hy pleit op God se beloftes en dat God self gesê het dat hy moes teruggaan na sy land. Ná die gebed kies hy bokke en skape, kamele, koeie en erelinne uit om dit as geskenke Esau tegemoet te stuur; nie alles tegelyk nie, nee, in afsonderlike troppe, met tussenposes, sodat Esau *telkens weer* boodskappers met 'n geskenk sal teëkom. Jakob het gedink: Laat ek hom versoen met die geskenke, miskien sal hy my in guns aanneem.

Jakob hoop op die guns van Esau!

Dit alles het nog ten noorde van die Jabbok gebeur. Esau nader vanuit die suide. Intussen is die dag verby; môre sal Esau seker daar wees. Maar daar is geen ongunstiger plek vir Jakob om oorval te word as wanneer hy juis besig is om oor die Jabbok met sy steil oewers te trek nie. Daarom besluit hy om in die nag deur die rivier te trek. Dit is ook gevaarlik, maar dan is hy môre ten minste weer in die oop veld en sit hy nie in die lokval van die drif waardeur hy moet gaan nie. Jakob self het alleen agtergebly, bang en benoud; dis nag. Die nag maak alles nog benouder! Slegs een gestalte staan voor sy benoude gees: Esau! En inderdaad, daar is ook 'n man wat in die duisternis op hom afkom! Die man gryp hom aan met sterk hande en worstel met hom; maar Jakob worstel ook; hulle worstel tot dagbreek, die ganse nag. Die man kon Jakob nie oorwin nie. Gewone mannekrag was teen Jakob nie opgewasse nie. Toe gebruik die man meteens meer as gewone mannekrag: hy slaan Jakob op sy heupbeen, sodat dit uit lit geraak het. Nou is Jakob se mannekrag gebreek en hiermee wil die man, wat dus nie 'n gewone man is nie, die worsteling beëindig met Jakob as verloorder! Maar Jakob, wat intussen begryp met wie hy te doen het, hou nou ondanks sy besering nog vol sodat die man moet sê: Laat my gaan, want die dag het aangebreek, d.w.s. dit het nou lank genoeg geduur. Die man vra dat Jakob hom laat gaan! Maar Jakob sê: Ek sal u nie laat gaan nie, tensy dat U my seën. In Hosea lees ons dat Jakob met die Engel geworstel het en die oorhand gekry het; dat hy geween en hom gesmeek het (12:5); gesmeek om die seën, om dit nou uit God se hande te ontvang. Want die Engel was die Engel van God, die worsteling was 'n worsteling met God. God het Homself in Jakob se pad gestel en hom belet om verder te gaan. Maar Jakob het volgehou. God prys hom straks en sê: Jy het geworstel met God en met die mense, en jy het oorwin. Maar een ding was verkeerd, en daarom vra God: Hoe is jou naam? Dit het Isak ook gevra en toe het Jakob gesê: Ek is Esau. Nou klink die vraag weer in sy ore en nou sê hy: Jakob. Dis in sy mond 'n bekentenis! En hierdie bekentenis is die bieg van sy lewe! Nou kry hy die seën, van God self, in die verandering van sy naam: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel. Die nuwe naam is die kenmerk van sy nuwe, geheiligde lewe (Openb. 2:17).

Ook Jakob vra na die naam van die Goddelike worstelaar, maar God hoef geen bekentenis te doen nie! Trouens - die naam is tog wonderlik (Rigt. 13:17; kyk ook Ex. 3:14, § 87).

Jakob noem die plek Pniël, want, sê hy: Ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered (Ex. 33:28). Net toe hy Pniël verby was, het hy die son sien opgaan; en hy was mank aan sy heup. As stryder met vleeslike middele was hy die verloorder, maar met gebed en smeking het hy die seën verkry.

Die Israeliete eet die heupsening (van hulle slagvee) nie; ook by die hedendaagse rituele slagting *(kosjer)* word dit weggesny.

Natuurlik lê die ontmoeting met Esau nog voor, maar die HERE maak dit nou maklik. Sewe maal buig Jakob na die aarde as hy Esau tegemoetgaan, en Esau het Jakob omhels en gesoen; en hulle het geween. Daarna het Esau teruggegaan na Seïr. Jakob bly in die omgewing waar hy 'n huis vir hom gebou het en takkrale (sukkot) vir sy vee. Daarom het hy die plek Sukkot genoem. Later gaan hy na Sigem en koop daar grond van Hemor, die vader van Sigem. Hy is dus nou op die plek waar Abraham ook eers aangekom het (12:6). Abraham het daar 'n altaar gebou; Jakob doen dit ook en noem die altaar: "Die God van Israel is God."

## § 73 Jakob en sy seuns (Gen. 34,35,38)

Die jongste kind van Lea was 'n dogter: Dina (Gen. 30:21). Sy het gedurende die jare dat Jakob in Sukkot en Sigem was, volwasse geword en toon 'n ondernemende gees: sy het

uitgegaan om die dogters van die land te leer ken. Die seuns van Jakob, almal ouer as sy, uitgesonder Benjamin, was lankal volwasse manne en by die vee in die veld (34:5). Die geskiedenis van die verbond is nie langer die geskiedenis van een man, Abraham of Isak of Jakob nie, maar van 'n groot huisgesin wat tot 'n volk gaan uitbrei. Die gevaar waarvoor hierdie steeds groter wordende familie bewaar moes word, is vermenging met die Kanaäniete. Hoe dreigend die gevaar is, sien ons in die optrede van Dina. Sy wil die dogters van die land leer ken, maar 'n seun van die land leer haar ken! Hy is Sigem, die seun van Hemor, die Hewiet (kyk Gen. 10:17). Hy kry haar lief en wil met haar 'n huwelik aangaan, waarop hy intussen reeds vooruitgegryp het. Volgens Kanaänitiese sedes was dit blykbaar nie so erg nie, maar die seuns van Jakob noem dit hoerery (34:31). Die saak kry ook nog 'n ander aspek soos blyk uit die plan van Hemor. Hy sien verder as net hierdie een geval en wil dit tot 'n presedent maak; hy sê: "Verswaer julle met ons." Dit is nou juis wat God nie wou hê nie en waarvoor Abraham (Gen. 24) en Isak (Gen. 28:1) so sterk op hulle hoede was.

God het dan ook die plan van Hemor verhinder.

Die verhindering geskied deur 'n verraderlike optrede van die broers van Dina. Hulle praat misleidend met Hemor en Sigem en sê dat hulle net op een voorwaarde kan inwillig: hulle moet almal besny word. Die Sigemiete gaan op die voorwaarde in en besny hulself. Op die derde dag, toe hulle in pyn was, neem Simeon en Levi - volle broers van Dina, seuns van Lea - elkeen sy swaard en oorval die sorgelose stad en slaan almal dood, ook Hemor en Sigem. Daarna het die ander seuns ook gekom en die stad geplunder. Die rede is dat Sigem hulle suster onteer het, nie die vermenging met die Hewiete nie; dit het hulle nie as argument gebruik nie (v. 16). Dat deur die moord op die manne van Sigem vermenging van Israel met die Kanaaniete verhinder is, is geen verontskuldiging van die skandelike handelwyse van die seuns van Jakob nie. Jakob het dit afgekeur, hoewel net met opportunistiese motiewe (v. 30). Op sy sterfbed het hy egter hul toorn vervloek (Gen. 49:5-7).

In hul eie kring was die seuns van Jakob op die gebied van die huwelik ook nie altyd ewe kieskeurig nie. Die sonde. van Ruben met Bilha (Gen. 35 :22) was groter as dié van Sigem; hy het daarmee dan ook sy eersgeboorteseën verspeel (Gen. 49 :4). Wie die vroue van die seuns van Jakob was, word ons net in enkele gevalle meegedeel, en dit is juis in gevalle dat hulle Kanaänitiese vroue geneem het, byvoorbeeld Simeon (46:10) en Juda (Gen. 38). Miskien mag ons uit hierdie berigte aflei dat dit uitsonderinge was. Jakob het meer dogters gehad as net Dina (37:35; 46:7); huwelike met halfsusters was, soos ons reeds gesien het, in die tyd van die aartsvaders nie ongewoon nie. Moontlik het sommige seuns van Jakob vroue gekry uit die nakomelinge van Laban. In elk geval is die Israelitiese bloed reeds in die oudste tyd met Kanaänitiese vermeng. Om Sy volk suiwer te hou, moes God dit ten slotte na Egipte in afsondering bring; en daar het selfs nog die groot stamme Efraim en Manasse ontstaan uit vermenging met Egiptiese bloed.

Ná die misdaad van Simeon en Levi het God self aan Jakob gesê dat hy uit die omgewing moes weggaan en na Bet-el moet gaan. Ook moet God self sê dat Bet-el die plek is waar Hy aan hom verskyn het toe hy op die vlug was vir Esau en dat hy daar 'n altaar moes bou. Jakob het daar toe ernstige beloftes gedoen (28:20-22); hy was egter nie haastig om dit te vervul nie. Voor hy na Bet-el gaan, suiwer hy egter sy gesin van vreemde gode (terafim) en begrawe dié onder die terpentynboom by Sigem (kyk Gen. 12:6). By Bet-el het God weer aan Jakob verskyn en die verbondsbeloftes herhaal. Jakob het toe 'n gedenksteen opgerig en daarop 'n drankoffer uitgegiet en olie daarop gegooi. Daarna gaan hy van Bet-el weg na Efrat. Op hierdie reis het Ragel gesterwe by die geboorte van Benjamin. Ook het Jakob sy vader Isak gaan besoek, wat inmiddels na die ou plek van Abraham, Mamre, by Kirjat-Arba (Hebron), gegaan het. Dit was seker nie sy eerste besoek aan sy vader ná sy terugkeer van Laban nie,

maar dit staan stellig in verband met die naderende einde van Isak. Hy was toe honderd-en-tagtig jaar en het gesterwe. Sy seuns, Esau en Jakob, het hom begrawe (vgl. Gen. 25:9) in die spelonk van Magpela(Gen.49:31).

Meestal sien ons die seuns van Jakob in mekaar se geselskap, maar een keer het Juda 'n tyd lank die saamhorige kring verlaat en vriendskap gesluit met 'n man van Adullam met die naam Hira. Adullam lê in die gebergte van Juda na aan die Laeveld (Sjeféla); dit is dieselfde plek waar Dawid later voor Saul gevlug het. Juda sien daar die dogter van Sua, 'n Kanaäniet, en trou met haar. Hulle kry drie seuns: Er, Onan en Sela. Toe Er groot is, gee Juda hom 'n vrou met die naam Tamar. Maar Er het die HERE mishaag, en die HERE laat' hom sterwe. Juda laat nou sy tweede seun, Onan, die swaershuwelik met Tamar sluit. Die swaers- of leviraatshuwelik; (dit is die moderne wetenskaplike benaming en afkomstig van die Latynse woord *levir* = broer van die eggenoot) blyk hier reeds 'n Kanaänitiese gebruik te wees. In die wette van Moses is dit later opgeneem (Deut. 25:5-10). Dit mag plaasvind as 'n man sterf sonder dat hy 'n seun het; origens is die huwelik met die vrou van jou broer in die wet verbied (Lev. 18:16); dit is bloedskande (Lev. 20:21). Die bedoeling van die leviraatshuwelik is dat die eerste seun wat uit dié huwelik gebore word, gereken word as seun van die oorlede broer, sodat sy naam nie uit Israel uitgedelg word nie. Die huwelik van Onan met Tamar is dus heeltemal wettig. Wel is Onan nie verplig om dit te doen nie (Deut. 25:7), maar hy maak nie beswaar nie. Tog het hy besware; hy weet dat as 'n seun gebore word, dit nie syne sal wees nie; daarom gaan hy op so 'n manier met sy vrou om dat sy nie swanger word nie. Dit was verkeerd in die oë van die HERE! Navolging van die praktyke van Onan, ook op moderne wyse, word hiermee veroordeel. Die HERE ag die sonde van Onan so groot dat Hy hom laat sterwe. Juda hou nou net een seun oor, Sela, en dié moet nou die swaershuwelik met Tamar aangaan (Matt. 22:24-27). Juda beloof Tamar dat hy dit sal bewerkstellig; Sela is nog net te jonk! In werklikheid egter wil Juda sy laaste seun nie aan 'n huwelik met Tamar waag nie: anders sterwe hy ook soos sy broers! Tamar wag lank, maar sien wel dat Sela grootgeword het en dat sy nie aan hom as vrou gegee word nie. Om haar reg te verkry, bedink sy 'n oneerbare plan. Sy het verneem dat die vrou van Juda dood is en dat Juda ná die gebruiklike rou-seremonies (vgl. Gen. 23:2, 3) met sy vriend Hira na Timna gaan om - wat altyd 'n feestelike bedrywigheid was (I Sam. 25:8) - sy skape te skeer. Sy veronderstel dat Juda in 'n gemoedstemming sal wees wat vir haar plan bevorderlik is en stel haar voor as 'n ontugtige vrou; sy trek die klere van haar weduweeskap uit en bedek haar met 'n sluier. Die sluier is juis 'n kenmerk van eerbaarheid (Gen. 24:65), maar dit is ook gedra deur die tempelprostitute in die Kanaänitiese Baäldiens. Sy lyk dan nie na 'n weduwee nie waardeur die gevaar dat Juda haar sal herken, vermy word. So gaan sit sy langs die pad waarmee Juda moet kom (Jer. 3:2; Eseg. 16:25).

Juda sien haar en hou haar vir 'n hoer; gretig gryp hy die kans om sy sinlike luste te bevredig. Natuurlik moet hy daarvoor betaal: 'n boklam van die kleinvee bied hy haar aan. Tamar is tevrede as Juda haar 'n pand gee totdat hy die boklam stuur. Dit is juis wat sy eintlik wil hê. Juda gee as pand sy seëlring met die bandjie en sy staf - vir 'n man twee waardevolle besittings! Toe het Juda met haar gemeenskap gehad. Hy vertrap die eerste beginsels van die sedelikheid (1 Kor. 6:15, 16). Tegelykertyd begaan hy ook 'n nog groter sonde: sy is sy skoondogter! Later in die wet het God dit uitdruklik verbied (Lev. 18:15). Juda het egter nie gesien dat die vrou langs die pad sy skoondogter is nie. Hierdie kant van hul sedemisdryf staan heeltemal op die rekening van Tamar!

Juda stuur Hira om die boklam te bring en die seëlring en die staf terug te bring. Maar Hira kan haar nie vind nie, en so bly Tamar in besit daarvan. Ook verder slaag Tamar in haar bedoeling: sy word swanger! Tereg verklaar die mense dit as hoerery. Sy was mos 'n tuissittende weduwee en wagtende op Sela, dus eintlik nie "ontslae van die wet van die man"

nie (Rom. 7:2). Hulle berig dan ook aan Juda, as die vader van Sela: Tamar, jou skoondogter, het gehoereer, en sy is ook swanger deur hoerery.

Nou is Juda plotseling baie streng en oordeel dat sy verbrand moet word. Dit is 'n swaar straf, ook as die skuldige eers gestenig word en die lyk daarna verbrand word. In die wet van Moses word later ook wel verbranding as straf op hoerery genoem, maar slegs in besonder ernstige gevalle (kyk Lev. 20:14 en 21:9). Die gewone straf is egter tog ook maar die doodstraf, deur steniging (Deut. 22:23,24).

Tamar word uitgebring buitekant die poort om haar vonnis te ondergaan. Op hierdie kritieke moment toon sy die seëlring en die staf van Juda voor die oë van almal met die woorde: By die man aan wie hierdie dinge behoort, is ek swanger!

Nou word die saak meteens heeltemal anders. In die eerste plek blyk nou wie in hierdie oortreding die manlike skuldige is, wat in sulke gevalle dikwels onbekend bly. En die manlike skuldige is die skoonvader! Nou begryp almal ook waarom Tamar so gehandel het; sy wou te kenne gee dat sy in haar huweliksregte te kort gedoen is! Juda erken dit onmiddellik. Ter wille van dié bedoeling word die straf nie volvoer nie, nie aan Tamar nie, maar ook nie aan Juda nie! Volgens die latere wet moes die man, die skoonvader, ook gestraf word (Lev. 20: 12), en die latere wet is stellig 'n kodifikasie van ouere regsgebruike; dit was ook die geval in die Babiloniese wet van Hammoerabi (157). Juda het hom van verdere omgang met Tamar onthou.

Tamar bring daarna 'n tweeling in die wêreld, twee seuns. Net soos die tweeling van Rebekka (Gen. 25:26), stry die twee seuns by hulle geboorte om eerste te wees. Die een verdring die ander een van wie die handjie reeds sigbaar was, en word eerste gebore. Die vroedvrou verwelkom hom met die woorde: Hoe kragtig het jy deurgebreek.

Daarvolgens word hy Peres genoem. Daarna word sy broer gebore: Serag (die voorvader van Agan, Jos. 7).

Peres behoort tot die voorvaders van Dawid (en van Christus - kyk Rut 4:18; Matt. 1:3; Luk. 3:33). Die Christus moes uit die stam van Juda gebore word; hoewel Juda verskeie seuns gehad het (1 Kron. 4:1), het God gewil dat Peres, wat in bloedskande en hoerery verwek is, tot die geslagsregister van Jesus behoort. Ook was Tamar 'n Kanaänitiese. Die stamboom van Dawid en van Christus is nie wat ons "suiwer" en "sonder smet" sou noem nie. In die vervolg van die geskiedenis is daarvan nog meer voorbeelde. In sy aanneming van die menslike natuur het die Seun van God, hoewel Hy self sonder sonde was, die gelykheid van die sondige vlees (Rom. 8:3) ten volle aanvaar.

## Josef

### § 74 Josef word as slaaf verkoop (Gen. 37)

In die geskiedenis van Jakob en sy seuns vervul Josef nou verder die hoofrol. Deur sy lotgevalle bewerk God dat Israel in Egipte (Hos. 11:1) in isolement (in Gosen) tot 'n volk uitgroei (vgl. (Gen. 15:13).

Die onderkoningskap van Josef in Egipte, die wêreldmag van daardie tyd in die suide gedurende die prilste begin van die volk Israel, toon - eweas die koninklike kroon van Ester in die wêreldryk van daardie tyd in die noorde by die ondergang van Israel as staat - hoe die koninkryk van God in Israel bo alle magte verhewe is!

As Josef in die Bybelse verhale optree, is hy sewentien jaar oud. Sy vader is dan reeds elf jaar uit Haran terug (Gen. 30:25 e.v.), jare wat deurgebring is in Sukkot, Sigem, Bet-el, Migdal-

Eder (35:21) en Hebron. Hiervandaan het Josef vertrek om na die welstand van sy broers en van die vee te verneem (v. 14). Isak het toe nog gelewe (§ 80).

Josef was gewoonlik by die seuns van Bilha (Dan en Naftali) en Silpa (Gad en Aser) in die veld om die kleinvee op te pas (v. 2). Blykbaar was al die broers nie altyd bymekaar nie. Eendag het die broers van Josef (sonder hom) met die kuddes na Sigem gegaan. By hulle is Ruben en Juda. Na húlle word Josef deur sy vader gestuur. Hy kry hulle nog verder as Sigem, naamlik by Dotan.

Die broers het nie van Josef gehou nie. Dit was verkeerd van hulle, maar tog wel verklaarbaar. Jakob tog het Josef liewer gehad as al sy seuns (Benjamin was toe dus nog nie gebore nie); hy gee hom mooier klere as vir sy ander seuns ('n rok met lang moue, vgl. 2 Sam. 13:18, 19). Ook het Josef die slegte gerug oor sy broers na hulle vader oorgebring. Vervolgens het Josef drome gehad - en aan sy broers vertel - waarin hy self die middelpunt van eerbewyse is (kyk v. 5-9). Natuurlik val dit by die broers nie in goeie aarde nie; ook sy vader het hom daaroor hard bestraf. Tog het hy die saak wel in gedagte gehou! Veral die drome het by die broers kwaad bloed geset. As hulle hom dan sien aankom, sê hulle vir mekaar: Daar kom daardie dromer aan; laat ons hom doodmaak en in een van die putte (wateropgaarbakke) gooi en sê: 'n Wilde dier het hom opgeëet. Dan sal ons sien wat van sy drome word.

Die broers van Josef staan hier op die punt om 'n gruwelike misdaad te pleeg: 'n broedermoord. Een van hulle onderskei hom egter gunstig van die ander, naamlik Ruben. Hy sê: Moenie bloed vergiet nie; gooi hom lewend in hierdie put. Hy was van plan om Josef later daar uit te haal en na sy vader te laat terugkeer. Die broers maak so. Hulle trek sy mooi rok uit, en sonder om hulle aan sy benoudheid en smeking (42:21) te steur, gooi hulle hom in die leë put; daarna het hulle gaan sit om brood te eet. Die plan van Ruben misluk egter. Daar kom juis 'n handelskaravaan verby uit Gilead; die kamele is gelaai met speserye, balsem (Jer. 8:22; 46:11) en gom; die karavaan is op pad na Egipte, waar die produkte van Gilead gesogte artikels is as medisyne en reukwerk en as benodigdhede by die balseming van lyke. So kry ons hier 'n beeld van die handelslewe uit daardie tyd. Die kameel - "die skip van die woestyn" - is die transportdier; een-een loop hulle in rye agter mekaar, met toue aan mekaar gekoppel; vooraan gaan die touleier op 'n esel. Met wêreldveragtende langsaamheid lê hulle groot afstande af. Die manne by die karavaan word Ismaeliete genoem, wat ook die ruimer betekenis van kooplui kan hê.

Dit skyn asof daar tegelykertyd ook Midianiete op die toneel verskyn het. Terwyl die broers verder daarvandaan eet om die gejammer van Josef nie te hoor nie, haal hulle Josef uit die put en verkoop hom vir twintig sikkels silwer aan die karavaan. So kon Josef later sê dat hy uit die land van die Hebreërs gesteel is (40:15). Met die openbare veiligheid was dit dus ook maar swak gesteld; 'n mens moes in geselskap en gewapend reis! Intussen kom Ruben te laat by die put om Josef te red! Die broers slag 'n bok en steek die mooi rok van Josef in die bloed; toe laat hulle dit na hul vader bring met die boodskap: Dit het ons gevind. Kyk tog goed of dit die rok van u seun is of nie. Jakob herken die rok en glo dat Josef deur 'n wilde dier verskeur is. Sy seuns laat hom in die waan bly. So word Jakob weer bedrieg! Dae lank rou hy oor Josef. Al sy seuns en dogters wou hom troos. By die seuns was dit 'n huigelagtige gedoente: hulle het beter geweet.

Josef word deur die kooplui (Midianiete, 37:36, of Ismaeliete, 39:1?) na Egipte gebring. Daar staan hy op die slawemark. Potifar, 'n hofdienaar van die Farao, die owerste van die lyfwag, koop hom.

## § 75 Josef in die gevangenis (Gen. 39,40)

Potifar gebruik Josef as huisbediende. In die werk wat hy nou moet doen, was hy voorspoedig, want die HERE was met hom. Sy heer het dit ook opgemerk, en met blydskap, want die seën van die HERE wat op die werk van Josef gerus het, was in sy voordeel. Daarom het hy steeds meer aan Josef toevertrou, sodat Josef bestuurder geword het van sy hele huis en dus, hoewel slaaf, tog 'n aansienlike posisie beklee het.

Die mededeling uit hoofstuk 39:6, dat Josef skoon van gestalte en mooi van aansien was, dien as inleiding op die verhaal van Josef en die vrou van Potifar. Dié het naamlik op die knap huisbestuurder verlief geraak en hom dag ná dag probeer verlei. Josef bied daarteen weerstand. Hy wil die vertroue wat sy heer in hom stel, nie skend nie en ook nie teen God sondig nie. Die vrou hou egter aan, en eendag gryp sy hom by sy kleed! Om aan haar gevaarlike geselskap te ontkom, vlug hy buitentoe, maar sy hou die kleed van Josef vas, sodat hy dit in haar hand laat. Josef se weiering is vir haar 'n beledigende vernedering; haar sondige begeerte keer om in woede (vgl. 2 Sam. 13:15). Sy gebruik die kleed van Josef as bewysstuk teen hom en toon dit aan Potifar. Wat kon dié anders as om haar te glo? Hy sit Josef in die gevangenis. Die lot van Josef word steeds swaarder: gesteel, verkoop en nou onskuldig in die gevangenis! Maar die HERE was ook nou weer met Josef en weer, net soos in die huis van Potifar, kry Josef, hoewel 'n gevangene, 'n aansienlike posisie in die gevangenis. Die lewe van Josef gaan telkens uit die diepte opwaarts.

Terwyl Josef in die gevangenis is, word daar eendag twee nuwe gevangenes ingebring; hulle is vername mense, hofdienaars van die Farao - die voorman van die skinkers en die voorman van die bakkers. Hulle het hul misgaan jeens hul heer en moet hul vonnis in die gevangenis afwag. Die gevangenis word genoem: die huis van die owerste van die lyfwag. Dit is nie sy woonhuis nie (39:4), maar die huis wat onder sy gesag as owerste van die lyfwag gestaan het, dit is die gevangenis. Die owerste van die lyfwag was Potifar (37:36; 39:1; 40:3, 4). Josef bly dus in die hande van Potifar, wat hom in sy goeie kwaliteite ken en hom aanstel om die hooggeplaaste gevangenes te bedien. So kom Josef daagliks met hulle in aanraking, en op 'n oggend sien hy dat hulle bedruk en neerslagtig lyk. Die oorsaak hiervan is dat hulle elkeen 'n droom gehad het en geen uitlêer het nie. Ooreenkomstig die algemeen geldige opvatting van daardie tyd het hulle in drome voorspellings van die toekoms gesien. God het van daardie opvatting gebruik gemaak sowel vir Sy kinders (Gen. 28:12; 31:10) as vir heidene (Gen. 20:6; Rigt. 7:13). Om die toekoms te weet, was vir daardie twee gevangenes baie belangrik. Wat sou die Farao oor hulle beslis? En dan dat hulle in dieselfde nag elkeen 'n droom het en dat die drome so gelyksoortig is - al was dit alleen maar weens die getal "drie" - bring groot spanning in hulle gemoedere teweeg. Des te erger is dit dat hulle geen uitlêer het nie. Om drome te verklaar, was 'n professie, en in die gevangenis was sulke beroepsmense buite hulle bereik. Josef sê vir hulle dat die uitlegging van drome 'n saak van God is, waarmee hy bedoel dat die droomuitlêers met hulle breed uitgewerkte "droomboeke" geen betekenis het nie. Gód verklaar drome, en die God is sy God, wat reeds vroeër in drome tot hom gespreek het. Vertel my tog, sê Josef. Eers vertel die skinker sy droom (40:9-11), en Josef sê dat die droom 'n gunstige betekenis het: Binne drie dae sal die Farao jou hoof verhef - jou in jou rang herstel. Tegelykertyd vra Josef die skinker om hom tog in gedagte te hou en van hom melding te maak by die Farao sodat hy uit die gevangenis kan uitkom. Daarna vertel die bakker sy droom (40:16, 17). Josef sê dat ook sy hoof verhef sal word! Maar dit is 'n bittere woordspeling: die Farao sal hom aan 'n paal ophang! (Dieselfde woordspeling in Joh. 3:14; 8:28; 12:32, 33.)

Drie dae later is dit die verjaardag van die Farao. Tot die weldadighede wat hy op so 'n dag bewys, behoort ook dat hy amnestie verleen. Hy doen dit nou ook, met grillige willekeur: hy

verhef die hoof van die skinker en die hoof van die bakker te midde van sy dienaars. Hier weer dieselfde wrange humor: hy het die voorman van die skinkers herstel in sy skinkersamp, maar die voorman van die bakkers het hy laat ophang.

Die voorman van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, maar hom vergeet...

## § 76 "'n Egiptiese man" (Gen. 39:1)

Dis opvallend dat Potifar "'n Egiptiese man" en (v. 2) "die Egiptenaar" genoem word. Spreek dit nie vanself nie? Miskien tog nie! Dit hang af van die antwoord op die vraag in watter tydvak van die geskiedenis van Egipte Josef daar was. Tussen die sogenoemde Middelryk en Nuwe Ryk (kyk § 83) het Egipte 'n tyd van inval deur vreemdes belewe, wat Hyksos genoem is. (Die naam Hyksos is die Griekse vorm van die Egiptiese naam "hka hswt" wat *vreemdelingheersers* beteken.) Hulle was Semiete van afkoms wat ten gevolge van ander volkverskuiwings in beweging geraak het. Hiertoe behoort die opmare van die Hurriete vanuit die Kaukasus. Hierdie Hyksos het 'n einde gemaak aan die Middelryk en hulle in die Nyldelta gevestig; die hoofstad was Avaris, dit is dieselfde stad as Soan (kyk o.a. Ps. 78:12), in Grieks: Tanis. Ná die Hyksostyd het Ramses 2 die stad herbou en Ramsesstad genoem (Ex. 1:11). Onder die Hyksos-Farao's (die dinastieë 15-17 van 1720 tot 1550) het egter ook Egiptenare aansienlike ampte bly beklee. Dit is waarskynlik in hierdie tyd dat Josef in Egipte was, wat dan verder inhou dat die trek van Jakob en sy seuns na Egipte ook met die algemene trek van die Semiete na Egipte verband hou. Dan het dit sin om van die heer van Josef te sê dat hy 'n Egiptiese man was: 'n Egiptenaar wat onder Hyksos-heerskappy 'n "goewermentspos" beklee het. Dan word die berig uit Ex. 1:8 ook besonder kleurryk: Toe staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie. Dit is dan die eerste koning van die nuwe (18de) dinastie, wat die Hyksos verjaag het; hiermee begin in Egipte die Nuwe Ryk. Die juistheid van hierdie opvatting hang egter weer saam met ander chronologiese probleme, soos die datering van uittog en intog, naamlik of dit onder die 18de of 19de dinastie plaasgevind het (vgl. § 82 en 146).

## § 77 Josef onderkoning van Egipte (Gen. 41; 47:13-26)

Twee volle jare moes Josef in die gevangenis uithou voordat daar verandering in sy lot kom. God het dit op Sy tyd bewerk. Hy begin deur die Farao te laat droom en daarmee 'n voorspelling van die toekoms te doen. Die môre ná die drome was die gees van die Farao onrustig. In sy drome was wel mooi trekke: vet koeie en vet are; maar ook onheilspellende trekke: lelike en maer koeie wat die vettes opeet; maer en deur die oostewind verskroeide are, wat die vol are opeet. Die Farao het toe al die towenaars en al die wyse manne van Egipte laat roep (vgl. Dan. 2:2, ens.), maar niemand kon die drome vir die Farao uitlê nie. Nou dink die skinker aan Josef, en hy vertel aan die Farao hoe 'n Hebreeuse kneg van die owerste van die lyfwag die drome van hom en die bakker verklaar het en dat sy verklaring ook reg was, soos uit die feite geblyk het. Sy woord het uitgekom! (Ps. 105:19). Die Farao laat Josef roep. Toe het Josef hom geskeer; die vorm van die haredrag was by die Semiete heeltemal anders as by die Egiptenare. Die Semiete het baarde gehad, die Egiptenare was kaal geskeer. Om voor die Farao te verskyn, moes Josef hom by die hofetiket aanpas.

Dat Josef hom moes skeer, word gebruik as argument teen die opvatting dat hy gedurende die Semitiese Hyksos-periode in Egipte was. Ander argumente teen hierdie opvatting is dat Josef as Egiptiese vors nie met sy broers saam eet nie (43:32) en dat die Egiptenaars van Josef se tyd ook 'n afkeer van herders van kleinvee gehad het. Dit kan tog nie van Semitiese Hyksos verwag word nie! Op hierdie gronde word die verblyf van Josef in Egipte dan aan die einde van die Middelryk gestel. Daarteen word dan weer ingebring dat die Hyksos heeltemal Egiptiese allures aangeneem het. So bly die tydsbepaling van Josef se verblyf in Egipte 'n moeilikheid (kyk verder § 82). Aan onjuisthede in die verhaal kan nie gedink word nie, want die verteller toon in sy woordgebruik dat hy met die lewe in Egipte goed op die hoogte is.

Josef het ook ander klere aangetrek en so kom hy by die Farao.

Op die vleiende opmerking van die Farao: Ek het van jou gehoor dat jy 'n droom net hoef te hoor om dit uit te lê, antwoord Josef vroom en beskeie: Niks vir my nie! God sal die Farao 'n gunstige antwoord gee. Of die antwoord inderdaad gunstig sal wees, weet Josef op daardie moment nie, maar dit is hoflikheid teenoor die Farao om van die goeie gewag te maak.

Die Farao het toe sy drome aan Josef vertel, en Josef het hulle uitgelê: Daar kom sewe jare van groot oorvloed, maar daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek, en al die oorvloed sal deur die hongersnood verswelg word. Aan sy verklaring van die drome voeg Josef 'n wyse raad toe. Hierin toon hy sy organisatoriese aanleg en aangebore leierskapstalent, waaraan hy ook sy vroeëre opgang by Potifar te danke gehad het. Hy raai die Farao aan om uit te kyk na 'n verstandige en wyse man wat aan die hoof van opsigters in die sewe jare van oorvloed die vyfde deel van die opbrengs van Egipteland moet hef en dit wegbêre, dat dit 'n voorraad kan wees vir die sewe jare van hongersnood.

Die Farao vind dit goed en meen dat Josef self die aangewese man is. Hy sê: Jy moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy.

So word Josef onderkoning van Egipte. Die Farao trek sy seëlring van sy hand en sit dit aan die hand van Josef; hy laat hom fyn linneklere aantrek en hang die goue ketting om sy hals; hy laat hom ry op sy tweede rytuig en hulle het voor hom uitgeroep: Pas op! Verder het die Farao hom 'n nuwe naam gegee: Safenat-Paneag. Ook gee hy hom 'n vrou van hoë afkoms: Asenat, die dogter van Potifera, die priester van On. Dit was 'n belangrike priesterstad in Noord-Egipte, die sentrum van die sonnekultus, deur die Grieke daarom Heliopolis, deur Jeremia Bet-Semes (43:13) genoem. Altwee name beteken "sonnehuis".

Uit die huwelik van Josef is twee seuns gebore, eers Manasse, daarna Efraim.

Josef was by sy aanstelling as onderkoning dertig jaar oud. Hy het die hele Egipteland deurgetrek en in alle stede voedselvoorrade opgebou. Toe die sewe jare van hongersnood aangebreek het en die inwoners van Egipte na die Farao geroep het om brood, het die Farao vir hulle gesê: Gaan na Josef, doen wat hy julle sê. Josef het toe die koring aan hulle verkoop en die geld in die paleis van die Farao gebring. Toe die geld van die mense op was, het hy die koring gegee vir hulle vee; toe die vee op was, het Josef koring gegee vir hulle grond. so het die land die Farao se eiendom geword.

Uit hierdie berig skemer iets deur omtrent die sosiale struktuur van Egipte en van 'n verandering wat daarin deur Josef aangebring is. Die verandering het die Farao tot alleenheerser en alleenbesitter gemaak, die volk tot slawe. In die ouere tye (Middelryk) was dit nie die geval nie en het landeienaars 'n selfstandige posisie gehad. Die toestand wat deur die maatreëls van Josef ontstaan, tref ons aan in die Nuwe Ryk; alleen die priesterstand is daarop 'n uitsondering (47 :22).

Die naam van Josef word nêrens in Egiptiese inskripsies vermeld nie. Miskien word op hom gesinspeel in die sogenoemde papirus Harris, wat in die graf van Ramses III gevind is. Daarin word melding gemaak van 'n hongersnood en van 'n man uit Palestina wat as bestuurder opgetree het en die hele land skatpligtig gemaak het. Hierdie berig het egter betrekking op gebeurtenisse wat gedurende die 18de dinastie plaasgevind het, naamlik ná die religieuse hervormings van Amenofis IV. As hier inderdaad van Josef gespreek word, dan val sy verblyf in Egipte gedurende die Nuwe Ryk!

## § 78 Die broers van Josef in Egipte (Gen. 42-45)

Die verhale oor Josef behoort tot die mooiste uit die Heilige Skrif en is op 'n voortreflike wyse te boek gestel. Die ontmoetings van Josef met sy broers kan ons gerus in die Bybel self lees. Hier volg slegs enkele opmerkinge by die Bybelteks.

Dat mense uit Asië na Egipte gaan om koring te koop, word deur Egiptiese inskripsies berig; dat die seuns van Jakob ook vir dié doel na Egipte gaan, is dus glad nie buitengewoon nie.

Dat Josef hard teen sy broers optree, is nie omdat hy hom op hulle wil wreek nie (kyk 45:5), maar omdat hy wil ondersoek of hulle nog dieselfde harde en onverskillige mense van vroeër

is.

Om van spioenasie beskuldig te word, bring 'n mens in 'n gevaarlike posisie. Egipte moes om sy begeerlike rykdomme altyd vir spioenasie op sy hoede wees. Die broers weerlê die beskuldiging deur te sê dat hulle almal seuns is van een man: een man sal tog nie tien seuns op een slag aan so 'n gevaarlike onderneming waag nie?

Josef besef hoe moeilik dit vir die broers sal wees om hulle vader te oorreed om Benjamin met hulle saam te stuur. Tog stel hy die eis om vas te stel of sy broers nog so liefdeloos is as wat hulle vroeër teenoor hom was. Die honger sal hulle wel dwing om te kom, maar om seker te wees, hou Josef 'n gyselaar agter. Die oudste sou hiervoor in aanmerking kom; dit is Ruben, maar Josef het uit hulle onderlinge gesprekke wat hy, sonder dat sy broers dit vermoed, natuurlik kan verstaan, verneem dat by Ruben skuldbesef aanwesig is. Daarom neem hy die tweede oudste. Oor die skuldbesef het Josef hom verbly.

Dat Josef beveel om elkeen se geld weer in sy sak te sit, is nie om hulle van diefstal te beskuldig nie. Dit het Josef ook nooit gedoen nie, maar dit was omdat hy van sy eie mense geen geld wou aanneem nie.

Die aanbod van Ruben aan sy vader dat hy sy twee seuns kan doodmaak, is miskien goed bedoel, maar tog van geen waarde nie; Jakob gaan daar dan ook nie op in nie. Meer beteken die borgstelling van Juda (43:9). Uit sy stam sal die Borg van ons almal later gebore word!

Die geskenk wat Jakob saamgee (43:11), is nie voedingsmiddele nie, maar van die fynste boomvrugte wat ook in droë tyd ryp kan word. Dit word ook genoem in 37:25 en word in Egipte besonder gewaardeer; dit is Israel se uitvoerprodukte (Eseg. 27:17).

Dat die Egiptenare nie saam met. die Hebreërs (en ander mense) wil eet nie, het 'n religieuse agtergrond. Die Egiptenare het hulle heilige diere gehad wat hulle nie eet nie; hulle wil selfs nie 'n mes van 'n Griek gebruik nie, omdat dié daarmee miskien so 'n dier geslag het.

Josef laat sy opsigter praat van die beker waarmee hy altyd waarneem (44:5). Dit behoort tot sy rol om hom as 'n egte Egiptenaar aan te stel. Een van die vorme van waarsêery was die kuklomantie of kelkwaarsêery: in die beker met water of wyn weerkaats ligstrale; of daar word olie bygegooi wat in verskillende figure versprei; uit dié verskynsels word die toekoms gelees. Josef neem die skyn aan asof hy daarmee werk en daardeur so baie van die broers weet (hulle ouderdomme ens.). Die kennis het egter 'n veel natuurliker oorsaak! Dis heeltemal nie nodig om te dink dat Josef kuklomantie toegepas het en dat dit die invloed van sy vrou, die priesterdogter, sou wees nie. Josef sien Gód se hand in die dinge wat gebeur (45:7).

Ná die diep gevoelde pleitrede van Juda (kyk veral die slotwoorde, 44:33) sien Josef dat die lewenshouding van sy broers tog inderdaad heeltemal verander en verbeter het. Toe het hy hom aan sy broers bekend gemaak.

Psigologies juis is die vermaning van Josef dat die broers nie op die pad vir mekaar moet kwaad word nie; dat hulle mekaar nie moet verwyt nie. God het alles ten goede gelei (45:8).

Sy organisatoriese talent toon Josef weer as hy dadelik sy planne reg het. Hy dink aan die vyf jare van honger wat nog kom én sê dat hulle vir sy vader moet sê: Kom na my af, en u kan in die land Gosen woon. Gosen is 'n vrugbare streek ten ooste van die Nyl, by die ingang van Egipte.

## § 79 Die laaste jare van Jakob (Gen. 46:50)

Ná 'n lewe vol teëspoed, ná jare van knaende verdriet oor die gemis van Josef, beleef Jakob 'n

oorstelpende vreugde as hy hoor dat Josef nog leef en dat hy regeerder ïs in die hele Egipteland. Sy hart het beswyk, hy kon dit nie glo nie, maar as sy seuns hom vertel wat Josef gesê het en as hy die Egiptiese waens sien, het sy gees lewendig geword. In sy moeite en verdriet moet ons die kastydinge van die HERE sien waarmee Hy Jakob, wat Hy liefgehad het, oor sy sondes moes tugtig. Maar nou is dit genoeg - so voel Jakob dit self aan (45:28). Sy God wil hom nou nog vertroos: hy mag Josef sien voordat hy sterf (46:30). Hy gaan op reis en kom eers in Berseba. Hy was immers nog in Hebron (35:27; 37:14). Berseba is vol herinneringe aan Abraham en Isak (21:19; 26:23). Isak het daar 'n altaar gebou; Jakob offer nou daar aan die God van sy vader Isak. Dit is die kontinuïteit in die godsdiens van die aartsvaders: hulle dien almal dieselfde God, en dié God is ook die God van die volk wat uit hulle voortgekom het (Ex. 6:2) èn van die Nieu-Testamentiese gemeente (Hand. 3:13). Daar in Berseba het God aan Jakob verskyn om hom te bemoedig vir sy groot reis na die vreemde land. Hy kan gerus die beloofde land verlaat, want in Egipte sal God hom tot 'n groot nasie maak, en dan sal dié volk weer uit Egipte optrek, soos God ook reeds aan Abraham gesê het (Gen. 15:13-16).

Van Berseba af het Jakob toe die groot reis na Egipte onderneem, hy en sy hele geslag met hom; ook al hulle vee en besittings wat hulle in Kanaän verwerf het. Al die siele van die huis van Jakob wat in Egipte gekom het, was sewentig siele. In hoofstuk 46:8-27 word hulle almal opgesom.

In die opsomming tref ons enkele merkwaardighede aan! Allereers die totaalgetal sewentig (v. 27). In handelinge 7:14 staan: vyf-en-sewentig siele. Dit kom deurdat Stefanus sy kennis put uit die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint), wat vyf seuns en kleinseuns van Efraim en Manasse in sy lys opneem.

Sewentig is 'n heilige getal waarvan in die Skrif dikwels gebruik gemaak word (Gen. 4:24; Ex. 24:1; Jer. 25:11, 12; Matt. 18:22; Luk. 10:1, 17, ens.). Ook die volke van die volketafel (Gen. 10) kan só getel word dat die getal sewentig die einduitkoms is (Deut. 32:8?). Wanneer ons die getalle van die vier groepe waarin die familie van Jakob ingedeel word, naamlik die groep van Lea, van Silpa, van Ragel en van Bilha, dus 33 (v. 15), 16 (v. 18), 14 (v. 22) en 7 (v. 25) bymekaartel, kry ons inderdaad die som van 70. Maar hulle het nie almal in letterlike sin met Jakob in Egipte gekom nie (v. 8 en 27), want Josef en sy twee seuns was reeds daar. Daarmee skyn v. 26 rekening te hou; hierdie vers praat egter nie van 67 nie, maar van 66 siele! Dit is ook 'n getal met simboliese betekenis (Lev. 12:5; vgl. ook Openb. 13:18).

Ons gaan nou die vier groepe nader bekyk, eers dié van Lea. Aan Ruben word vier seuns toegeken. Hy het inderdaad vier seuns gehad (Ex. 6:13; Num. 26:5, 6), maar dit was in 'n later stadium; in hierdie stadium het hy nog maar twee gehad (Gen. 42:37). Simeon het ses seuns, Levi drie; Juda het vyf seuns gehad, van wie twee in Kanaän gesterf het (§ 73). In hulle plek word dan twee seuns van Peres genoem, maar hulle moes ongetwyfeld nog gebore word! Aan Issaskar word vier en aan Sebulon drie seuns toegeken; tesame 25. Hulle word seuns van Lea genoem. Hierby kom die vaders van die 25, naamlik die ses seuns wat Lea self gebaar het: 31. Ook Dina word meegereken. Dit gee 32 siele. Vers. 15 sê: 33! As oplossing kan veronderstel word dat by hierdie groep Jakob self ingesluit is; dan word diegetal33.

Die siele van die slavin van Lea, Silpa, is 16. Dit is presies die helfte van die siele van Lea. Ook by Ragel is die getalle so: Ragel self: 14, Bilha sewe siele. By die getal 16 is egter een kleindogter inbegrepe (vers 17), die enigste in die hele register! Het Jakob net een kleindogter gehad? Verder weer twee kleinseuns.

Wat Ragel betref - ons het reeds opgemerk dat die vermelding van Josef en sy seuns in 'n opsomming van nakomelinge van Jakob wat na Egipte gaan, nie tuis hoort nie. Maar Ragel

moet in die lys twee keer soveel kinders as Bilha hê! Hoe kan dit? Wel, Benjamin het tien seuns! Die jeugdige Benjamin! En nog wonderliker word dit as uit Numeri 26:38-40 blyk dat twee van die tien eintlik kleinseuns van Benjamin was; hier kan met sekerheid gesê word (wat in sommige bogenoemde gevalle met waarskynlikheid gesê kon word) dat hulle in Egipte gebore is en nie met Jakob op die reispad na Egipte was nie - tensy "in sy heup"!

Wat leer ons uit hierdie merkwaardige berekeninge?

Volgens ons Westerse korrektheid kan daar op die opsomming nogal baie aangemerk word. Maar dié maatstaf moet ons hier nie aanlê nie. Daar het nie iemand gestaan en tel toe die karavaan van Jakob uit Berseba vertrek het nie! Maar 'n latere geleerde het met die gegewens wat hy gehad het, die lys opgestel en op hierdie plek in die "wordende" boek Genesis ingevoeg. Dié metode is met Oosterse begrippe van teboekstelling nie in stryd nie. Dit doen aan die waarheid van die Woord van God nie skade nie, maar leer ons hoe om die Bybel te lees! In sy organiese inspirasie maak God ook van hierdie metode gebruik en daarby word ons oog gerig op aspekte soos bo genoem wat ons anders sou ontgaan!

Nadat Jakob in Gosen aangekom het, span Josef sy wa in om sy vader te ontmoet; hy het hom om sy hals geval en lank aan sy hals geween - van blydskap en ontroering!

Die Farao het die familie van Josef baie welwillend ontvang. Met vyf van sy broers verskyn Josef voor hom en die Farao gee hulle die beste van die land, naamlik Gosen. En - sê die Farao vir Josef - as jy weet dat daar onder hulle bekwame manne is, stel hulle dan aan as vee-opsigters oor my eiendom. Ook Jakob self word deur Josef aan die Farao voorgestel: 'n eenvoudige veeboer voor die troon van die magtige Farao! Maar hy staan daar as 'n verteenwoordiger van die koninkryk van God, as die meerdere en die mindere word deur die meerdere geseën (Hebr. 7:7). Jakob groet die Farao met 'n seënwens, as hy inkom en as hy weggaan. Die vraag van die Farao aan Jakob - hoe oud hy is - klink soos 'n konvensionele beleefdheidsvraag, maar Jakob gee daarop 'n diep gelowige antwoord as hy praat van die jare van sy vreemdelingskap. So sien hy die lewe (Hebr. 11:13-16); dit is sy belydenis voor die Farao: nie die ryk Egipteland is nou sy tuiste nie; sy tuiste bly die hemelse vaderland (Hebr. 13:13-16).

Nog sewentien jaar het Jakob in Egipte die rus van sy ouderdom geniet, maar hy wou nie daar begrawe word nie. Josef moet vir hom sweer dat hy dit nie sal doen nie (47:29-31). Jakob wil begrawe word in die spelonk van Magpela, met sy vaders! Nie aan Egipte voel hy verwant nie, hoeveel van die goeie hy daar ook mag geniet; sy verwantskap is met die vaders van die verbond (49:29-32).

Die laaste daad van Jakob is die seëning van sy seuns. Hy sterf as profeet en sien by die lig van die Gees van Openbaring die toekoms van sy geslag, nie alleen in historiese besonderhede nie, maar veral as die volk waardeur God die heil, aan Abraham belowe, sal skenk.

Eers kom Josef met sy twee seuns by die siekbed van sy vader. Later sal Josef in die ry van die broers sy seën ontvang; nou seën Jakob hom afsonderlik in sy twee seuns en neem die twee seuns aan as sy eie. As Josef voor hom staan, gaan die gedagtes van Jakob terug na Ragel, sy mees geliefde vrou, vir wie hy by Laban 'n tweede sewetal jare diens moes volbring, Ragel wat geworstel en gebid het om kinders en gesterf het by die geboorte van haar tweede seun. Hy dink aan haar dood; innig was hy aan haar verknog. Ragel - sê hy - het *by my* gesterwe; dit was 'n verbreking van hulle saamlewe. Nou staan haar seun Josef by hom, en hy neem sy seuns aan as syne, as seuns van Ragel! Tegelykertyd kry Josef daardeur in sekere sin die dubbele deel (Deut. 21:17) van die eersgeboortereg (kyk 1 Kron. 5:1,2).

Jakob sien met profetiese blik dat die jongste, Efraim, groter sal wees as die eersgeborene.

Efraim is die leidende stam in die latere tienstammeryk; dink aan die teenstelling Juda-Efraim (bv. Hos. 5:12, 13); daarom lê hy sy regterhand, die hand van voorkeur, op die kop van die jongste, terwyl hy oor altwee (feitlik oor Josef - 48:15) dieselfde seën uitspreek. Josef dink dat dit verkeerd is, maar Jakob doen dit doelbewus. Sy vader Isak het hom, Jakob, nie so doelbewus nie maar onder verkeerde indruk die eersgeboorteregseën gegee! Vir daardie bedrog is Jakob genoeg getugtig! Maar dit is sy rehabilitasie: self mag hy deur die gees van die profesie gelei, opsetlik die jongste gee wat volgens die wil van God nie vir die oudste bestem was nie!

Daarna het Jakob al sy seuns geseën. Hy het hulle geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae (d.w.s. in die toekoms) sal wedervaar. Sy seëninge is voorspellinge, bevele (49:33), sy laaste wil wat hy uitspreek in profetiese gemeenskap met die wil van God.

Jakob begin by die oudste, Ruben, maar kan nie aan hom die seën van die eersgeborene gee nie, want Ruben het die bed van sy vader beklim (Gen. 35:22). Sy stam het in die geskiedenis van die volk baie min beteken. Hulle woonplek was ook ver van die sentrum af weg - in die suide van die Oos-Jordaanland - en maklik in die greep van die Moabiete. Simeon en Levi is manne van heftige toorn en harde grimmigheid, soos geblyk het uit hulle optrede teen Sigem (Gen. 34). Jakob het daarvan 'n afkeer: "Laat my siel nie kom in hulle raad nie." Sy laaste wil aangaande hulle is dat hy hulle sal verdeel en verstrooi. Simeon het dan ook in Juda opgegaan, in wie se midde hulle gewoon het (Rigt. 19:9; 1 Kron. 4:27). Levi is ook verstrooi onder Israel, maar ná hulle optrede by die sonde van die volk met die goue kalf (Ex. 32:26-28) het dit 'n eerbare verstrooiing geword, want hulle is afgesonder om die dienswerk van die tabernakel te verrig; hulle kry geen erfdeel nie (Jos. 13:14), maar volgens bevel van Moses (Num. 35:2) kry hulle hul stede dwarsdeur die land (Jos. 21:41). Nou volg Juda in die ry. "Juda, jy is dit! " roep Jakob uit. Hy kom nou by die seun aan wie hy ruimskoots, feitlik onbeperk, seëninge kan toewens. Hy is 'n jong leeu, oorwinnaar en heerser, in hoogste sin in Silo, d.i. die Messias, wat immers uit die stam van Juda gebore is (Openb. 5:5).

Verskillende seuns word in hierdie seëninge met diere vergelyk: Issaskar met 'n esel; die esel is die uitgesoekte lasdier; die stam van Issaskar woon in die vlakte van Jisreël, waardeur die handelsroete van Babilonië na Egipte gaan; blykbaar het Issaskar met transportdienste 'n goeie inkomste gemaak. Dan word vergelyk met 'n slang; Simson is uit sy stam. Naftali word vergelyk met 'n wildsbok; Benjamin met 'n wolf wat verskeur. Josef word in ons vertaling (49:22) vergelyk met 'n jong vrugteboom - vgl. egter ook Deut. 33:17. Hy is die uitverkorene onder sy broers en sal in die stryd staande bly deur die hulp van die Magtige van Jakob. Van Sebulon word eintlik alleen gesê waar hy sal woon: by die see. Aser, met sy koninklike lekkernye, lê egter nader aan die see! Van Gad word voorspel sy stryd en sy oorwinnings (vgl. 1 Kron. 5:11-22); Jefta is uit die stam van Gad afkomstig.

As Jakob klaar sy bevele gegee het, sterf hy. Om te sterf, is nie 'n daad van ons nie, maar 'n lot wat God oor ons beskik. Daar is net een mens vir wie die dood 'n daad is, naamlik Christus. Hy het mag om die lewe uit Homself af te lê en om dit weer te neem (Joh. 10:17, 18). Ook oor Jakob kom die dood as Goddelike lotsbestemming, maar hy gedra hom daarby so resoluut dat ons kan sê: hy gaan nou sterf! Hy trek sy voete terug op die bed. Sittende op die koppenent van die bed het hy sy seuns geseën; nou gaan hy lê en sterf. Hy is tot sy volksgenote versamel (kyk v. 29; ook 15:15; 25:8, 17; 35:29; Num. 20:24; 27:13; 31:2). Daar kon ook gestaan het: het teruggekeer tot die stof waaruit hy geneem is (Gen. 3:19), maar dit staan hier nie, nie omdat dit nie so is nie, maar omdat daar tog 'n ander aspek aan die dood is. Dit word hier uitgespreek! Oud-Testamentiese maar daarom tog diep gedagtes lê in hierdie uitdrukking verhul (kykMatt.8: 11; 22:32).

Diep bedroef het Josef sy vader beween. Daarna het hy aan sy dienaars, die geneeshere, bevel gegee om sy vader te balsem. Die balseming van lyke behoort tot die geneeskunde en het ook op sy beurt die geneeskunde bevorder; die ingewande is uit die liggaam uitgehaal en die leë plek met balsem gevul. Dit was 'n bewerking wat veertig dae geduur het. Omdat Jakob die vader was van so 'n aansienlike Egiptiese heer (Ps. 105 :21, 22), het die Egiptenare hom beween, sewentig dae lank. Dit was van staatsweë! Maar Jakob sal nie in Egipte begrawe word nie. Die Farao vergun Josef om sy vader in Kanaän te begrawe. Ook dit geskied met staatseer: al die dienaars van die Farao, die oudstes van sy huis en al die oudstes van Egipteland, het met die seuns van Jakob saamgegaan en dit alles onder militêre geleide, sodat dit 'n baie groot trek was. Die doel van die reis was natuurlik Hebron, maar merkwaardig is dat die deftige stoet nie regstreeks na Hebron gaan nie, maar deur die Oos-Jordaanland. Om van Egipte na Hebron te gaan, het 'n mens niks met die Oos-Jordaanland te make nie; die pad gaan regstreeks oor Berseba!

Daar, in die Oos-Jordaanland, hou die stoet op bevel van Josef sewe dae lank 'n groot en baie swaar rouklag. Dit was by die Steekdoringdorsvloer. 'n Dorsvloer is vanweë sy ruimte en sy hard geworde oppervlak 'n geskikte vergaderplek. Daar is die seremonies van die roubedryf gehou. Op die omwonendes het dit 'n diep indruk gemaak. Uit hulle uitroep: Dit is 'n swaar rou vir die Egiptenaars, blyk dat die hele seremonieel volgens Egiptiese patroon uitgevoer is. In dieselfde omgewing waar Jakob met God en mense geworstel en oorwin het (Gen. 32), ontvang hy nou vorstelike eer. Die presiese ligging van die met steekdorings omheinde dorsvloer is egter nie bekend nie.

Daarna het die Egiptiese staatsverteenwoordigers teruggekeer en het die seuns van Jakob hulle vader weggebring na Hebron (hulle moes daarvoor die Jordaan oorsteek!) en hom begrawe in die spelonk van Magpela.

Ná die dood van Jakob was die broers van Josef bang dat hy nou wraak sou neem. Dit het Josef seergemaak dat hulle hom so verkeerd begryp, maar hy het hulle volkome gerusgestel, getroos en na hulle hart gespreek.

Ruim vyftig jaar het Josef nog ná die dood van sy vader gelewe en sy nageslag gesien: die kinders van Magir, die seun van Manasse, is op sy knieë gebore. Hierdie uitdrukking kan beteken dat hierdie kinders deur hom as sy eie geadopteer is (Gen. 30:3).

Ná die dood van Josef het, so kan ons ons maar voorstel, 'n gevoel van verlatenheid die kinders van Israel aangegryp. Die sterk skakel tussen hulle en die vreemde volk te midde waarvan hulle woon, het weggeval. Maar ook hiervoor het Josef voor sy sterwe nog 'n trooswoord gehad. Ek gaan sterwe, het hy vir hulle gesê, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het. As blyk van sy vaste geloof dat dit sal gebeur, laat hy sy broers sweer dat hulle sy gebeente uit Egipte na Kanaän sal saamneem. Dit het ook gebeur (Ex. 13:19).

Die liggaam van Josef is in Egipte gebalsem en in 'n kis, in 'n sarkofaag, gesit.

So bly dan die nakomelinge van die aartsvaders in Egipte agter!

God sal op hulle ag gee!

## § 80 Chronologiese tabel van die lewe van die aartsvaders

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gen. 12:4 | Abram 75 jaar (Sara 65; 17:17). Vertrek uit Haran. |
| 2 | Gen. 16:16 | Abram 86 jaar. Geboorte van Ismael. |
| 3 | Gen. 17:24 | Abram 99 jaar (Ismael 13). Instelling van die besnydenis. |
| 4 | Gen. 21:5 | Abraham 100 jaar. Geboorte van Isak. |

| | | |
|---|---|---|
| 5 | Gen. 23:1 | Abraham 137 jaar. Dood van Sara (127 jaar); Isak 37 jaar. |
| 6 | Gen. 25:26 | Abraham 160 jaar. Isak 60 jaar. Geboorte van Esau en Jakob. |
| 7 | Gen. 25:7 | Dood van Abraham, 175 jaar, Jakob is nou 15 jaar. |
| 8 | Gen. 28:5 | Jakob vlug na Laban, is nou 76 jaar (kyk punt 12). |
| 9 | Gen. 31:41 | Hy bly daar 20 jaar; in die 14de jaar word Josef gebore. Jakob is dan 90 jaar. As hy vlug uit Paddan-Aram, is hy 96 jaar. |
| 10 | Gen. 37:2 | Josef is 17 jaar; van sy sesde jaar af in Kanaän. In daardie tyd was Jakob in Sukkot, Sigem, Bet-el en Hebron. Inmiddels is Benjamin gebore. |
| 11 | Gen. 47:9 | Josef staan voor die Farao; is 30 jaar oud. |
| 12 | Gen. 47:9 | Jakob staan voor die Farao; is nou 130 jaar. Dit is ongeveer tien jaar nadat Josef voor die Farao verskyn het (sewe jaar van oorvloed en enkele jare van honger). Josef is nou dus 40 jaar. Dus: Jakob 90 jaar by die geboorte van Josef en 76 jaar toe hy na Laban gevlug het (kyk punt 9). |
| 13 | Gen. 35:28 | Dood van Isak, 180 jaar. Jakob is nou 120 jaar en Josef 30 jaar. Hy was toe lankal in Egipte. Isak het dus die vermissing van Josef nog belewe. |
| 14 | Gen. 47:28 | Dood van Jakob, 147 jaar. Hy was 17 jaar in Egipte. Josef is nou 57 jaar. |
| 15 | Gen. 50:22 | Josef leef nog 53 jaar ná die dood van sy vader. |

Die hele tydvak van die drie aartsvaders in Kanaän - van die roeping van Abraham tot die vertrek van Jakob na Egipte - duur dus 215 jaar, naamlik 25 jaar (vgl. punt 1 en 4) + 60 jaar (vgl. punt 6) + 130 jaar (vgl. punt 12).

# Israel uit Egipte Uitgelei

## § 81 Harde slawerny in Egipte (Ex. 1)

Die familie van Jakob in Egipte van sewentig siele het baie uitgebrei; dit word met sterk bewoording gesê (v. 7). Daar was iets wonderbaarliks in hulle groei; dit was trouens niks anders as die vervulling van God se beloftes aan die aartsvaders nie (Gen. 12:1; 15:5;

26:24; 46:3). Die Egiptenaars sien dit met lede oë aan, want hulle vertrou die Israeliete nie as daar oorlog kom nie. Die Hyksostyd is inmiddels verby! Die Semiete is nie meer vriende nie. Invalle uit die Ooste, van Semiete dus, sou steun by die Israeliete daar in Gosen kan kry, en dan sou hulle uit die land kan optrek. Dit wou die Egiptenare blykbaar ook nie hê nie (v. 10). Hulle het die Israeliete reeds - so kan ons hieruit aflei - tot hulle eie voordeel gebruik!

'n Nuwe koning, wat niks van Josef geweet het nie, beraam nou 'n slim plan, sodat hulle nie kan vermeerder nie. Die plan is om hulle swaar arbeid te laat verrig. Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel, en hulle moes vir die Farao die voorraadstede Pitom en Raamses bou. Hierdie mes sny na twee kante. Aan die een kant gaan die Egiptenare die arbeidskrag van die Israeliete uitbuit; aan die ander kant sal die harde arbeid hulle kragte verswak en hulle groot getalle uitdun. Die groot bouwerke van die oudheid moes deur handearbeid tot stand gebring word, en dit het altyd baie menselewens geëis.

Die slim plan het egter nie gehelp nie. Hoe meer die Israeliete verdruk is, hoe meer het hulle vermenigvuldig, sodat die Egiptenaars vir hulle bang geword het.

Dat hulle onder en ondanks die verdrukking tog uitbrei, kon nie binne 'n paar jaar gekonstateer word nie, maar het in die loop van enkele geslagte geblyk. Die verdrukking het dus lank geduur. In dié tyd is die lewe vir die Israeliete steeds moeiliker gemaak (v. 14). As niks help nie, gaan die Farao - 'n latere as dié van v. 8? - tot bloedige maatreëls oor: Sifra en Pua, die Hebreeuse vroedvroue, moet die seuntjies wat gebore word, doodmaak! Maar die vroedvroue het God gevrees en die seuntjies laat lewe. As die Farao dit bemerk, roep hy hulle ter verantwoording; maar hulle het hom met 'n uitvlug om die bos gelei. Nou word die

maatreëls nog meer verskerp: die Farao gee aan sy hele volk bevel en sê: Al die seuns wat gebore word, moet julle in die Nyl werp, maar die dogters kan julle laat lewe.

As die verdrukking tot hierdie hoogtepunt gestyg het, word Moses gebore, wat tagtig jaar later (Ex. 7:7) optree om die Israeliete uit te lei. Ook die laaste gedeelte van die verdrukking het nog lank geduur (vgl. vir die duur van die verdrukking Gen. 15:13-16). Ons kan dan ook eintlik nie van "die Farao van die verdrukking" praat nie, maar liewer van "die Farao's van die verdrukking". Wel kan ons praat van "die Farao van die uittog".

## § 82 Datering van die uittog

Omdat ons uit buite-Bybelse geskiedbronne die name van die Farao's ken, die dinastiee waartoe hulle behoort het, en naastenby ook hulle datering, uitgedruk in ons Christelike jaartelling, wil ons graag weet wie die Farao van die uittog was (kyk § 29, 83, 146, 470).

Op grond van 1 Kon. 6:1 én omdat die koningsgeskiedenis in jaartalle van ons tydrekening uitgedruk kan word, kan ca. 1440 as die datum van die uittog aangeneem word. Hierdie jaar val in die regeringstyd van Amenhotep (of Amenofis) II, wat van 1449-1423 geregeer het. Hy kan dus die Farao van die uittog wees. Hy is die sewende regeerder van die 18de dinastie. Met hierdie dinastie begin die Nuwe Ryk, wat op die verdrywing van die Hyksos gevolg het. Hoeveel jaar moet ons nou terug reken om by die vertrek vair Jakob na Egipte te kom? Volgens Gen. 15:13-16 vier eeue of vier geslagte, volgens Ex. 12:40 vierhonderd-en-dertig jaar; dan kom ons by 1840 of 1870. Toe was die Hyksos nog nie in Egipte nie; dit was toe nog in die sg. Middelryk, waarin die Farao's met die name Amenemhet en Sesostris mekaar opgevolg het. Of moet ons 215 jaar terug reken? Dit is ook moontlik! Die getal 430 vind ons ook in Gal. 3:17, maar dan as die getal van die jare wat verloop het tussen die beloftes aan Abraham en die wetgewing op Sinai, d.w.s. die tydvak van die patriarge wat 215 jaar geduur het (§ 80) plus die verblyf van Israel in Egipte, wat dan ook 215 jaar geduur het. Moontlik het Paulus gelyk, want 'n ou teks van die Pentateug lees in Ex. 12:40: Die tyd wat die kinders van Israel en hulle vaders in die land Kanaan en in Egipte gewoon het, was 430 jaar. As ons hiervan uitgaan, het Jakob in (1440 + 215 =) 1655 in Egipte gekom; dit is wel in die tyd van die Hyksos.

Hierdie berekening is om verskillende redes aanneemlik. Die nakomelinge van Jakob het dan ongeveer 'n eeu lank in Egipte die beskerming van die Semitiese Hyksos geniet. Die "nuwe koning wat niks van Josef geweet het nie", is dan die verdrywer van die Hyksos en die stigter van die Nuwe Ryk (1580). Hy en sy opvolgers is dan die Farao's van die verdrukking. Een van die opvolgers was 'n koningin met die naam Hatsjepsoet. Sy was die dogter van Totmes (of Toetmoses) I, die derde koning van die 18de dinastie, die vrou van Totmes II en die stiefmoeder van Totmes III, 'n vrou vol energie. Die "dogter van Farao" wat die koninklike bevel weerstreef het deur Moses in die lewe te behou, kan ons ons ook nie anders voorstel as 'n vrou met wilskrag en durf nie. Moontlik het ons hier met dieselfde persoon te doen. Die geboortejaar van Moses, naamlik 1440 + 80 = 1520, val inderdaad in die regeringstyd van Totmes I (1541-1516). Die naam wat die dogter van hierdie Farao aan die kindjie gee wat sy in die Nyl vind, is 'n bestanddeel van die naam van haar vader! In sy tyd het die verdrukking dus tot die hoogte gestyg dat die seuntjies in die Nyl gegooi moes word. Omstreeks 1400, toe die intog in Kanaan plaasgevind het, was Egipte verswak deur die verwaarlosing van die staatsake deur 'n Farao wat meer belang in religieuse hervorminge gestel het (die "Ketterkoning", Ichnaton, die derde opvolger van Amenhotep II), en kla die Palestynse vorste oor oorlas van "Habiri". Dit kán verband hou met die intog van die "Hebreërs". Ten slotte nog dit: 'n baie latere Farao, Merneptah (1234-1214), beroem hom daarop dat hy weer veroweringe in Palestina gemaak het en ook die volk Israel geteister het. Israel was toe dus reeds in Kanaan.

Tog word teen hierdie voorstelling besware ingebring. Dit sou nie rekening hou met die berig dat die Israeliete die voorraadstede Pitom en Raámses moes bou nie en die laasgenoemde stad wys met sy naam aan dat dit 'n bouwerk is van 'n Farao met die naam Ramses. Gewoonlik word dan gedink aan Ramses II, wat geregeer het van 1300-1234. Hy het die Israeliete laat bou terwyl sy seun, die reeds genoemde Merneptah, die Farao van die uittog is. Hy het dan op sy krygstog na Palestina 'n *volk* Israel geteister wat hom nog nie vas gevestig het nie, nog geen *land* gehad het nie. Terloops merk ons op dat as Jakob 400 (of 430) jaar voor daardie tyd in Egipte gekom het, dit in elk geval in die tyd van die Hyksos was; die berig van Ex. 12:40 kan dan gehandhaaf word.

'n Ander beswaar is dat uit argeologiese ondersoek geblyk het dat die Oos-Jordaanland eeue lank deur nomade bewoon is - Edomiete, Moabiete en Ammoniete - wat nie voor die dertiende eeu tot die bou van stede en die stigting van koninkryke oorgegaan het nie. Israel het egter die koninkryke daar by sy intog in die beloofde land aangetref. Dan moet die intog plaasgevind het ná die dertiende eeu en nie in 1400 nie. Die jaartal ca. 1440 is verkry op grond van chronologiese gegewens uit die Ou Testament, maar van dié gegewens word dan gesê dat hulle nie volgens die maatstaf van Westerse eksaktheid in berekening gebring moet word nie.

Die vasstelling van die datum van die uittog bly een van die moeilikste probleme van die ou geskiedenis (kyk ook § 146).

## § 83 Beknopte oorsig van die geskiedenis van Egipte

Om bostaande § 82 en ook ander, soos 76, 146, 258 ens., te verduidelik, volg hier 'n beknopte oorsig van die geskiedenis van Egipte.

| | | |
|---|---|---|
| Dinastieë I-XI | OU RYK. Piramidebouers<br>Eindig met verval en verdeeldheid | 3000-2000 |
| Dinastieë XII-XIV | MIDDELRYK<br>Die konings van die 12de dinastie heet beurtelings Amenemhet en Sesostris<br>Sesostris III onderwerp Palestina<br>Dinastieë XII en XIV: verswakking | 2050-1780<br><br><br>1850 |
| Dinastieë XV-XVII | Die HYKSOS<br>Hoofstad Avaris in die Nyldelta | 1720-1550 |
| Dinastieë XVIII-XX | NUWE RYK | 1550-950 |
| | 18de dinastie:<br>Amasis verjaag die Hyksos<br>Amenhotep (Amenofis) I<br>Toetmoses I<br>Toetmoses II<br>Hatsjepsoet<br>Toemoses III ('n magtige veroweraar; slag by Megiddo)<br>Amenhotep II<br>Toetmoses IV<br>Amenhotep III<br>Amenhotep IV (Ichnaton; "Ketterkoning"; Amarnatyd)<br>Toetankamon<br>Horemheb | |
| | 19de dinastie:<br>Ramses I<br>Sethos I<br>Ramses II (1300-1234; vredesverdrag met die Hetiete, 1278)<br>Merneptah (krygstog teen Palestina. 1220)<br>Sethos II | |
| | 20ste dinastie:<br>Ramses III (verslaan die "Seevolke"; die Filistyne vestig hulle langs die kus)<br>Ramses III-XII | |
| Dinastie XXI | Tydgenote van Dawid en Salomo | |
| Dinastie XXII | Libiese dinastie. Sisak (1 Kon. 14:25) | |
| Dinastieë XXIII en XXIV | Tydperk van verswakking | |
| Dinastie XXV | Kusitiese oorheersing. Pianki; Tirhaka (2 Kon. 19:9) Egipte deur Assirië verower | |
| Dinastie XXVI | Saïtiese dinastie<br>Psammetigus I; Nego I; Psammetigus II,<br>Nego II (2 Kon. 23:29); Hofra (Apriës, Jer. 44:30) | |
| Egipte deur die Perse verower (Cambyses, 525) | | |
| Egipte deur Alexander die Grote verower (332); ná sy dood, 323, regeer die Ptolemeërs waarvan Kleopatra die laaste is. | | |
| Egipte deur die Romeine verower (31 v.C). | | |

## § 84 Die geboorte van Moses (Ex. 2 :1-10)

God wou deur Abraham al die geslagte van die aarde seën; dit is Sy heilsplan deur die saad van Abraham, dit is Christus (Gal. 3:1). In die voltooiing van hierdie plan doen die Satan baie aanvalle om dit te verhinder en namate die heilsplan vorder, tree hy heftiger op. Noudat daar 'n volk uit die aartsvaders ontstaan het, rig hy 'n grootskeepse aanval op daardie volk deur middel van die verdrukking deur die Egiptenare, maar God beskik uitredding vir Sy volk; Hy doen dit deur Moses, wat die volk uit Egipte uitlei, dit deur die woestyn lei, dit tot 'n volk vorm wat in verbondsverhouding tot sy God staan.

Midde-in die ellende en verdrukking van sy volk is Moses gebore. Altwee sy ouers was uit die stam van Levi, en volgens 6:19 was sy moeder, Jogebed, 'n tante van sy vader, Amram. Tante beteken die suster van die vader. Die huwelik tussen Amram en Jogebed was in stryd met later afgekondigde wetsbepalinge (kyk Lev. 19:12).

Moses was nie die oudste kind nie. Aaron was drie jaar ouer as hy (7:7; kyk ook Num. 26:59). Toe Moses gebore is, was die wet van die Farao dat alle seuntjies in die Nyl gegooi moes word - daardie onmenslike wet - reeds geldig. Hoe diep steek daarteen af die menslik gevoelige woorde: Toe sy sien dat hy mooi was, het sy hom drie maande lank weggesteek. Dit was haar moederliefde, maar ook nog iets anders: haar geloof (Hebr. 11:23). Spoedig word die kind te groot om weggesteek te word. Toe het Jogebed 'n mandjie van biesies (papirus) geneem en dit met lymgrond (asfalt, bitumen) en pik waterdig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit in die riete aan die kant van die Nyl gesit. Sy self kan die kind nie langer teen die woede van die Farao beskerm nie; mag God dit doen! Dit was haar gelowige gebed. Intussen moet Mirjam (Ex. 15 :20) op 'n afstand gaan staan om te wete te kom wat met die kindjie sou gebeur.

God hét die kindjie bewaar! As die dogter van die Farao in die Nyl gaan bad, sien sy die mandjie en stuur 'n slavin om dit te gaan haal. Nadat sy dit oopgemaak het, sien sy die kind, en kyk, dit was 'n seuntjie wat huil! Die dogter van die Farao begryp dadelik wat hier aangaan: Dit is een van die kinders van die Hebreërs, sê sy. Sy het hom jammer gekry. Nou kom ook Mirjam te voorskyn en bring met 'n skrandere vraag die dogter van die Farao op 'n idee: Sal ek vir u 'n pleegmoeder uit die Hebreeuse vroue gaan roep, dat sy vir u die seuntjie kan soog? In hierdie vraag lê 'n plan opgesluit: dat die kind vir die dogter van die Farao grootgemaak sal word! Die dogter van die Farao kan maar net "ja" sê. En sy sê dit. Nou gaan Mirjam haar moeder haal, wat nou die seuntjie soog, in opdrag van die dogter van die Farao, wat haar ook nog haar loon daarvoor sal gee. Tog moet Jogebed haar seuntjie eendag afstaan. As hy groot is, d.w.s. nadat hy gespeen is, as hy ongeveer drie jaar oud is, bring sy hom na die Farao se dogter. Toe het hy haar seun geword! So kom die toekomstige volksleier van Israel aan die Egiptiese hof. Hy kry 'n Egiptiese naam, Moses, en word opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars. Ook is hy aan die hof geen weggestoke beskermling van die dogter van die Farao nie, maar 'n man wat op die voorgrond tree, magtig in woorde en dade (Hand. 7:22). Die vyande self moes Moses onder die beskikking van God oplei en vorm tot sy toekomstige taak!

## § 85 Moses vlug (Ex. 2 :11-25)

Toe Moses veertig jaar oud was (Hand. 7:23), het hy na sy broers uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien. Hy vergeet sy afkoms en sy volksgenote nie (Hebr. 11:24-26). Terwyl hy by sy broers is, sien hy dat 'n Egiptiese man - seker 'n opsigter van dwangarbeid (1:11) - 'n Hebreeuse man slaan. Dit is een van sy broers! Nou kook Moses se bloed: hy slaan die Egiptenaar dood! Dit is sy breuk met Egipte! Hy wil sy volk verlos, maar hulle het dit nie verstaan nie (Hand. 7:25). Dit was ook nóg nie God se tyd nie. Die volgende dag het Moses

weer na sy broers uitgegaan; sy daad het hom nie laat skrik nie, maar hy volhard in sy geneentheid tot sy broers. Hierdie keer sien hy dat twee Hebreeuse manne met mekaar veg. Hy stel vas wie van hulle ongelyk gehad het en vra hom: Waarom slaan jy jou naaste? Die vraag klink outoritêr. Hy tree op as regter en ook as leier wanneer hy hulle vermaan om vrede te maak omdat hulle tog broers is. Moses besit die eienskappe wat hy vir sy latere taak nodig het, maar hy het die bevoegdheid om dit uit te oefen nog nie ontvang nie. Daar skuil waarheid in die vraag van die Hebreër: Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel? Verder sê die man: Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar omgebring het? Nou skrik Moses; nou verstaan hy dat die saak bekend geword het; nou word hy in sy voortvarendheid gestuit. Die Farao hoor ook van die saak en probeer om Moses dood te maak. Toe het Moses gevlug.

Volgens Hebr. 11:27 moet ons die vlug as 'n geloofsdaad sien. Moses kon mos ook die besoeke aan sy broers maar staak en hom met die Farao versoen; maar hy het Egipte verlaat omdat hy dit nie wou doen nie. Hy wou hom blywend stel aan die kant van sy broers sonder om die toorn van die koning te vrees, d.w.s. hy vlug met die wete dat die toorn hom agtervolg (Ex. 4:19). Hy het volgehou, ook onder die voortdurende bedreiging van die toorn van die Farao: soos een wat die Onsienlike sien.

Moses vlug na Midian. Hierdie gebied lê suid van Kanaän; ook die noordwestelike deel van die Sinaïtiese skiereiland en die berg Sinai self word by Midian gereken. Die bewoners is verlangs verwante van Moses, naamlik "Keturene" (Gen. 25:2). Hy word dan ook vriendskaplik ontvang; origens bly hy binne die magsfeer van Egipte!

Eendag sit Moses daar in Midian by 'n put. Daar kom sewe herderinne aan, almal susters, om die kleinvee van hulle vader te laat drink. Moses sien dat ander veewagters die meisies wegjaag. Toe staan Moses op en help die meisies. Hy is hier weer die moedige helper van verdruktes! Die meisies kom hierdeur dié dag gou by die huis, tot verwondering van hulle vader. Sy dogters vertel hom dan van 'n Egiptiese man - so het Moses dus, deur kleding en spraak, gelyk. Die vader sê dat hulle die man nie by die put moet laat nie; hulle moet hom gaan roep, dat hy brood kan eet. So kom Moses by die vader, wat 'n priester van Midian was. Sy naam is Rehuel (= Vriend van God; 2:18) of ook Jetro (3:1). Op grond van sy relasies met Abram kan ons aanneem dat hy met dié se God bekend was, soos ook uit Ex. 18:12 kan blyk. Moses het dus nie in 'n te erg verheidenste sfeer beland nie. Hy het ingewillig om by die man te bly en sy kleinvee op te pas; ook trou hy met een van die sewe dogters, Sippora. Die eerste seun kry die naam Gersom; met hierdie naamgewing gee Moses uitdrukking aan sy gevoel van vreemdelingskap in 'n vreemdeland.

Lank het Moses daar gebly. Die Farao wat hom wou doodmaak, het inmiddels gesterf, maar die verdrukking van die Israeliete het voortgeduur, sodat hulle moes sug en weeklaag en kerm vanweë die slawerny. Maar God het dit gehoor en gedink aan Sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. God het hulle aangesien en hulle geken, naamlik as Sy volk. Die verlossing is nou naby.

## § 86 Die roeping van Moses (Ex. 3,4,6)

Eendag het Moses met die kudde van sy skoonvader tot anderkant die woestyn gegaan, d.w.s. die hele steppe deurgetrek en verder as gewoonlik in suidwestelike rigting gegaan, sodat hy by die gebergte Sinai uitgekom het, waar in die laagtes tussen die bergrugge ook in die somer kos vir sy vee was. So kom hy by Horeb. Horeb en Sinai is twee name vir dieselfde berg. Horeb word hier reeds "berg van God" genoem, omdat die geskiedskrywer weet wat alles daar sal gebeur (kyk ook 1 Kon. 19:8). As Moses daar is, verskyn die Engel van die HERE aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. Nadat God tot Jakob gespreek het by sy vertrek na

Egipte (Gen. 46:2-4), is dit die eerste verskyning, ná vier eeue. Moses het nie dadelik geweet dat hy hier met 'n Godsverskyning (teofanie) te doen het nie. Droë takke kan deur die hitte van die son ontvlam en daarom was 'n brandende doringbos niks snaaks nie. Maar so 'n doringstruik brand dan gou uit en dit is hier nie die geval nie en dit is die wonderbaarlike. As Moses weer kyk, brand die doringbos nog steeds! Nuuskierig gaan Moses nader om dit te bekyk. Dan kom 'n stem tot hom uit die doringbos wat hom roep en sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond. Dis die stem van God, wat Hom hier aan Moses openbaar deur te sê: Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. Met hierdie bekendstelling van Homself trek God die verbindingslyn van die verlede na die hede waarin Hy aan Moses verskyn. God trek die lyn agteruit, want Hy begin deur te sê: die God van jou vader (vgl. Gen. 46:3); dit is Amram! En dié is die God van die aartsvaders. God neem dus aan dat Moses geweet het wie die God van sy vader is en ook dat hy geweet het van Abram, Isak en Jakob. Dit is van betekenis om daarop te let, want watter opvoeding het Moses gehad? In die wysheid van die Egiptenare! Daartoe het sekerlik nie onderrig insake die verbond met Abraham behoort nie! Wel het Moses geweet dat hy 'n kind van die Hebreërs is en bewus vir sy volk gekies. Volgens die brief aan die Hebreërs (11:24 e.v.) was dit 'n keuse vir die volk van Gód. Hiermee gaan hy in die lyn van sy ouers, want hy het net so min soos hulle vir die koning van Egipte gevrees. Die spanning in die eerste gedeelte van sy lewe tussen twee dinge: òf om die seun van die Farao se dogter te wees en 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, òf om saam met die volk van God sleg behandel te word, het tot 'n breekpunt gekom toe hy die Egiptenaar doodgeslaan het. Hieruit blyk dat hy, hoewel Egipties opgevoed, tog kennis van die God van Israel gehad het. Wanneer God nou in die doringbos aan hom verskyn, besef Moses dat dit sy God is, die God van die vaders en van homself. Hiermee is vier eeue van duisternis en ellende oorbrug.

God sê aan Moses dat Hy die ellende van sy volk gesien het en dat Hy neergedaal het om hulle te verlos; en - Moses moet dit nou in opdrag van God gaan doen.

In treffende woorde word beskryf hoe God met die ellende van Sy volk bekend is. Hy hoor die jammerklagte en sien die ellende. Tog moes die volk eeue lank die verdrukking verduur! Hiervoor gee die Skrif geen ander verklaring as dat die ongeregtigheid van die Amoriete vol moes word nie (Gen. 15:16). Ook vir Israel moes daar 'n volheid van die tyd (Gal. 4:4) kom.

As Moses verneem watter taak op hom gelê word, is hy onwillig om dit te doen. Veertig jaar (Hand. 7:30) tevore sou hy dit graag gedoen het - in eie krag! Nou het hy besware; nou sê hy. Wie is ek dat ek na die Farao sou gaan en dat ek die kinders van Ismael uit Egipte sou lei? Maar God sê: Ek sal met jou wees. Moses hou egter aan om besware te opper. Hy sien dit aankom dat die Israeliete hom sal vra wie die God van die vaders is wat hom gestuur het, en wat Sy naam is; hy dink blykbaar dat "die God van die vaders" vir hulle nie 'n duidelike aanduiding sal wees nie. Die volk het mos in Egipte wel tot afgodery verval (Jos. 24:14; Eseg. 20:5-10). Moses wil nou 'n naam hê (hy ken self ook nie een nie) waarmee hy sy God by die volk kan aandien.

Nou het ons reeds eerder opgemerk - in die geskiedenis van Jakob in Pniël, Gen. 32:29 - dat God daar nie van hou dat mense na Sy Naam vra nie (vgl. ook Rigt. 13:17, 18). Ook hierdie keer lyk dit asof God nie 'n naam wil noem nie. Hy sê aan Moses: "Ek is wat Ek is." Dit is nie 'n mededeling van Sy Naam nie, maar 'n antwoord waarmee God bedoel dat Hy Sy Naam nie hoef te noem nie, en daarin lê uitgedruk dat Hy verhewe is bo en anders is as die gode wat name het. Tog kom God in Sy goedheid die behoefte van die volk (en van Moses) tegemoet om 'n naam vir God te hê, en neem daarvoor 'n gedeelte van die ontwykende antwoord, naamlik die woord "EK IS" (Hebr. "ehejeh"); dit beteken dan: Ek is die aan julle van ouds

bekende God wat nie nodig het om te sê wat Sy Naam is nie. Oombliklik daarna gaan God dan ook voort om Homself nie net die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob te noem nie, maar die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob. Die woord HERE (JHWH) kom dus by! Dit was nie die geval toe God Hom by die doringbos aan Moses bekend gemaak het nie (Ex. 3:6). Hierdie "HERE" is, ook blykens Ex. 6:1,2 wat ook tot 'n berig van die roeping van Moses behoort, tog iets nuuts in God se selfopenbaring. Hy sê daar dat Hy Hom aan Abraham en Isak en Jakob nie met Sy Naam HERE bekend gemaak het nie; Hy het aan hulle verskyn as God, die Almagtige (El Sjaddaj). Dit is ook so - kyk Gen. 17:1; 28:3; 35:1. Maar nou sê Hy aan Moses: Ek (is) JHWH (= die HERE). Dit is iets nuuts en tog word hierdie Naam in die Ou Testament, voor Exodus 6, reeds baiekeer gebruik, nie net in verhale nie - dit sou hieruit verklaar kan word dat 'n Bybelskrywer by voorbaat van die Naam gebruik maak - maar ook deur die aartsvaders (Gen. 15:2; 26:22) en selfs deur God self (Gen. 15:7; 18:14, 19; 28:13). Dit is eintlik nie in ooreenstemming met Ex. 6:2 nie. Maar - die Naam HERE word ook gebruik deur persone buite die engere kring van die verbond van God met Abraham, soos Lot (Gen. 19:14), Laban (24:31), Abimeleg (26:28) e.a. Daarom kan as verklaring aangeneem word dat die Naam HERE wel in gebruik was, maar eers by die roeping van Moses deur God afgekondig word om Homself daarmee aan Sy volk bekend te maak.

Ook Moses kry nou opdrag om God by die Israeliete so te noem (Ex. 3:16). Hierdie beswaar van Moses is dus weggeneem, maar nou kom hy met ander besware: Sy volk sal hom miskien nie glo nie, maar sê: Die HERE het nie aan j$_0$u verskyn nie. Nou gee God aan Moses tekens om te doen en daarmee te bewys dat die God van die vaders hom gestuur het: sy staf kan in 'n slang verander word en weer terug in 'n staf; die hand i$_n$ sy boesem word melaats en weer gesond. En as hulle ook hierdie tekens nie glo nie, kan hy nog 'n derde teken toon: as hy van die Nyl se water op die droë grond uitgooi, sal dit bloed word. Maar Moses het telkens weer besware; nou is dit dat hy nie 'n man van woorde is nie. Maar God sê dat Hy Moses sal leer wat hy moet sê. As Moses dan nie meer nuwe besware kan uitdink nie, sê hy: Ag, HERE, stuur tog deur wie U wil stuur! Dit wil sê: Stuur wie U wil; net nie vir my nie! Moses *wil* dus nie. Toe ontvlam die toorn van die HERE teen Moses. God sê nog dat sy broer Aäron Moses tegemoetgaan; hy kan goed praat en sal vir Moses met die volk praat. God druk die staf waarmee hy die tekens moet doen, in sy hand en sê: Gaan dan nou heen!

Toe gaan Moses weg.

Dit is die einde van die verskyning van die HERE in die doringbos by Horeb.

## § 87 Die naam "HERE"

Die nuwe openbaringsnaam "HERE" word as die Hebreeuse letters in ons letterskrif getranskribeer word, so geskryf: JHWH. Dit is 'n woord van vier konsonante en word die *tetragrammaton* genoem. Watter vokale in hierdie woord inpas, is onbekend. Die akademiese uitspraak is "Jahwe", nie omdat dit as juis vasstaan nie, maar volgens vermoede en konvensie. Die Hebreeus is lank sonder vokaaltekens geskryf, en toe vokaaltekens agt eeue ná Christus ingevoer is, het die tetragrammaton sy tekens nie gekry nie, want in oordrewe opvatting van die derde gebod het die Jode die tetragrammaton nie uitgespreek nie, maar in die plek daarvan 'n ander Godsnaam, naamlik "Adonaj", wat gewoon heer, my heer, meneer beteken, gebruik. Om die leser daarop opmerksaam te maak, is die vokaaltekens van Adonaj onder die tetragrammaton geplaas. Ongelukkig het sommige lesers dit nie begryp nie en in plaas van Adonaj te lees, het hulle die vokale van Adonaj met die konsonante van JHWH verbind, waardeur die uit stigtelike liedere bekende naam *Jehowa* ontstaan het. Dit is dus 'n mengsel van konsonante van die een woord met vokale van 'n ander woord. Hoe geliefd die woord Jehowa ook mag wees, dit het, as woord, uit 'n foutiewe kombinasie ontstaan.

Ewemin as ons weet hoe JHWH uitgespreek moet word, weet ons wat hierdie naam beteken. Daar is ooreenkoms tussen "ehejeh" en JHWH en seker ook verband tussen Ex. 3:4 en 6:1, 2. JHWH kan opgevat word as 'n selfstandige naamwoord of 'n werkwoordsvorm van 'n woordwortel wat "om te wees" beteken. Deurdat

JHWH as Adonaj gelees word, word dit ook so vertaal: HERE. Sodoende word twee heeltemal verskillende Godsname op dieselfde manier vertaal. Om die verskil aan te dui, word in die geval van JHWH hoofletters gebruik: HERE, en in die geval van Adonaj net Here geskryf. Soms kom die twee name saam voor: Here HERE (Gen. 15:2).

Die oordrewe wetsvervulling van die Jode het ten gevolg gehad dat die miskien karakteristieke betekenis van 'n Godsnaam, JHWH, skuil gegaan het agter die baie gewoner naam Heer.

## § 88 Moses verskyn voor die Farao (Ex. 4 :18-7:13)

Moses het vir sy skoonvader Jeter (= Jetro, Rehuel) gesê dat hy na sy broers wat in Egipte is, wil teruggaan. Waarskynlik het sy vader, wat honderd sewe-en-dertig jaar oud geword het (Num. 6:19), ook nog gelewe. Hy neem sy seuns (Gersom en Eliëser, 18:3, 4) saam. Later het hy hulle teruggestuur (18:2). Voor sy vertrek na Egipte het God nog dikwels met Moses gespreek en voorspel dat die Farao die volk nie sou laat trek nie. God het dit reeds vroeër gesê (3:19), maar nou voeg Hy daaraan toe dat dit so is omdat God self sy hart sal verhard, d.w.s. versterk, Die onwil van die Farao is verset teen God. God kan so 'n verset maklik breek, maar Hy kan dit ook versterk, sodat die stryd van die Farao teen God feller word. Dit is juis die bedoeling van God, dat Hy in die stryd teen die Farao sy krag kan toon (Rom. 9:3 7). God sê dit (deur Moses) ook aan die Farao self (Ex. 9:16). Dit is die hele rede van die Farao se bestaan, dat God aan hom Sy krag kan toon. Ons lees dan ook ewe goed dat die Farao self sy hart verhard het (o.a. 8 :15). Hy bly verantwoordelik vir sy dade.

Verder sê God dat Moses die tekens waarmee hy die volk van sy sending moet oortuig, ook voor die Farao moet doen en dat hy die Farao met die dood van sy eersgebore seun moet dreig. Dit sal dan vergelding wees, want Israel is God se eersgebore seun (Hos. 11:1).

God het ook met Aäron gespreek en aan hom gesê dat hy Moses tegemoet moet gaan. Die plek waar hulle mekaar kry, is die berg van God (3: 1).

As Moses en Aäron in Egipte aankom, versamel hulle die oudstes van die Israeliete. Dat daar oudstes is, bewys dat die volk toegelaat is om hulle inwendige sake self te reël, dat hulle van die geleentheid gebruik gemaak het en dat die groeiende volk onder die gesag van die hoofde van die stamme en geslagte georganiseer is. Hulle deel aan die volk mee wat die HERE by Horeb aan Moses gesê het, en doen die tekens waartoe die HERE aan Moses die mag gegee het. Die eerste reaksie van die volk is dat hulle glo en in aanbidding neerbuig.

Daarna gaan Moses en Aäron na die Farao om in die Naam van die HERE te eis dat die volk mag trek om in die woestyn 'n fees te hou.

Die Farao weier! Wel bewus bind hy onmiddellik die stryd met die HERE aan. Hy sê: Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister? Ek ken die HERE nie, en ek sal Israel nie laat trek nie. Hy sê dat die volk lui is en daarom na leuenagtige woorde luister. Die arbeid moet verswaar word: hulle moet self die strooi, wat in die bakstene verwerk word en wat aan hulle verskaf is, gaan soek. Dit is 'n groot teleurstelling vir die volk wat so hoopvol na Moses geluister het. Die stemming slaan om, en hulle roep die wraak van God in oor Moses en Aaron, omdat hulle die volk gehaat gemaak het in die oë van die Farao. Moses en Aaron het toe die volk bemoedigend toegespreek en weer na die Farao gegaan. Hulle het die tekens gedoen: die staf het hulle voor die Farao en sy dienaars neergegooi, en dit het 'n slang geword. Maar die Egiptiese towenaars kon dit ook doen! Toe blyk die groter mag van die HERE: Aaron se staf het húlle stawe verslind! Maar die Farao se hart was verhard. Nou sal die volk sien wat die HERE aan die Farao sal doen. Hy sal deur 'n sterk hand gedwing word, naamlik deur die tien plae.

### § 89 Slangebeswering

Dat God Moses na die Farao stuur met die teken om sy staf, die staf van God (Ex. 4:20), in 'n slang te laat verander, is nie maar 'n willekeurig gekose kunsgrepie nie. In Egipte is die slang beskou as 'n heilige dier wat nie gedood mog word nie. Hy was gevaarlik, maar kon deur magiese spreuke (towerspreuke) getem en tot 'n beskermer van die mens gemaak word. In hierdie hoedanigheid het hy die embleem van die Farao geword: voor op sy kroon pryk 'n slangafbeelding, die "uraeus".

Dat die Egiptiese towenaars die wonderteken van Moses kan nadoen, word toegeskryf aan húl towerkunste. Die demoniese magte strek ver! Kyk 7:22 en 8:7! Maar daar is 'n grens (8:18). Die slang van Moses verslind die slange van die towenaars. Dit bewys dat God oorwinnaar is oor Sy vyande en oor die mag wat hulle met duiwelse kuns en slangebeswering kan opbou.

Dat die slang in die stryd tussen God en die Farao so op die voorgrond tree, kan ons sien teen die agtergrond van die vyandskap wat God gestel het tussen die slang en die saad van die vrou (Gen. 3:15).

Die name van die Egiptiese towenaars is bewaar en bekend in die vergriekste vorm Jannes en Jambres (2 Tim. 3:8).

### § 90 Die tien plae oor Egipte (Ex. 7 :14-11:10)

Voor die oë van die Farao, wat na die Nyl uitgegaan het, slaan Aäron met sy staf op die water, en dit word bloed! Dit geskied omdat die Farao nie geluister het nie en dat hy sal weet wie die HERE is van wie hy nie wou weet nie. Die Egiptiese towenaars het met hulle towerkunste dieselfde gedoen met water in opgaarbakke. Die Farao het die teken dan ook nie ter harte geneem nie en huis toe gegaan. Sewe dae lank moes die Egiptenare die ongerief verdra en putte grawe om water te kry.

Omdat die Farao nie geluister het nie, dreig Moses op bevel van die HERE met 'n nuwe plaag: paddas sal Egipteland oordek! Weer kon die towenaars dit óók doen. Tog maak hierdie plaag indruk op die Farao, en hy laat Moses en Aäron roep en sê vir hulle: Bid tot die HERE dat Hy die paddas wegneem. Dit is des te treffender, omdat die Egiptenaars gewoonlik vir paddas 'n soort verering gehad het en hulle beskou het as simbole van vrugbaarheid. Hul godin van die vrugbaarheid, Heket, het hulle soms met 'n paddakop afgebeeld. Nou moet hulle vra om van die paddas verlos te word. Moses is dadelik bereid om die versoek van die Farao in te willig en sê selfs dat die Farao die tyd maar moet bepaal. "Teen môre", sê die Farao, en Moses sê: Dit sal wees volgens u woord! Hy voeg daarby: Sodat u kan weet dat daar niemand is soos die HERE onse God nie. Toe die paddas egter weggesterf het uit die huise, van die plase af en uit die veld, het die Farao weer sy hart verhard. Daarom volg nou die derde plaag: muskiete. Op sigself gesien, is muskiete nie iets buitengewoons vir Egipte nie; hulle broei uit in stilstaande water wat ná oorstromings van die Nyl agterbly. Hierdie keer ontstaan hulle uit droe stof en dus nie op natuurlike wyse nie. Die towenaars, wat hierdie wonder nie kan nadoen nie, sê vir die Farao: Dit is die vinger van God! Maar die Farao se hart was verhard.

By die vierde plaag word meer gepraat as by die derde: die Farao word vantevore gewaarsku; ook sê die HERE dat hierdie plaag Sy volk in Gosen nie sal tref nie. Die plaag kom en bestaan uit dik swerms steekvlieë. Dit bewerk verandering in die houding van die Farao: hy wil Israel toestaan om die offerfees te hou, maar dan in Egipte. Dit kan nie, sê Moses, want dit sou 'n gruwel wees vir die Egiptenaars. Israel se offerdiere, bulle en ramme, was by die Egiptenaars heilige diere! Moses herhaal die eis: Laat ons drie dagreise ver die woestyn in trek, dat ons aan die HERE onse God kan offer soos Hy ons sal beveel. Benepe klink die toestemming van

die Farao: Julle moet maar net nie te ver weggaan nie. Wantrouig antwoord Moses: Ek sal die HERE bid dat die steekvlieë môre weggeneem word; die Farao moet ons egter net nie langer bedrieg nie. Maar die Farao het Moses weer bedrieg. Hy het ook hierdie keer sy hart verhard en die volk nie laat trek nie.

Die vyfde plaag is pes onder die vee. Die Farao word weer vantevore gewaarsku. Ook kondig Moses aan dat die vee van die Israeligte nie sal doodgaan nie. Die HERE stel 'n bepaalde tyd: môre. Maar die Farao steur hom nie daaraan nie, en die plaag kóm. Die Farao stuur na die Israeliete om te ondersoek of die vee daar werklik nie getref word nie en bevind dat dit so is. Tog bly sy hart verhard.

Die sesde plaag is erger omdat dit nie net die vee maar ook die mense tref. Moses moet twee handevol roet uit die oond neem en dit voor die oë van die Farao na die hemel uitstrooi. Dit word dan fyn stof wat aan mense en diere swere veroorsaak. Ook die towenaars word getref, sodat hulle voor Moses nie kon staan vanweë die swere nie. Moses en Aaron open die tekens dus nie op veilige afstand nie, maar in die teenwoordigheid van die Farao en die towenaars. Hieruit blyk hoe fel en persoonlik die stryd tussen die verteenwoordigers van die HERE en die verteenwoordigers van die gode van Egipte gestry word. Die Farao beswyk egter nie. Die HERE verhard sy hart, sodat die stryd nog kan toeneem èn in heftigheid èn in vernietiging van Egipte. Dit sê God ook reguit aan die Farao, naamlik by die aankondiging van die sewende plaag. Hy kon hom alreeds vernietig het, maar Hy laat hom bestaan, dat Hy aan hom Sy krag, kan toon. Daar kom nou dan ook 'n baie ernstige plaag: baie swaar hael met vuur daarin. Die HERE sal die Farao daarmee in sy hart tref (9:14), in sy verharde hart. Tog betoon God ook weer sparende genade deur te waarsku om die vee wat in die veld is, onder beskutting te bring. Sommige Egiptenaars het die woord van die HERE leer vrees en hulle slawe en diere in die huise laat vlug. Oor wie Hom vrees, is God genadig. Ander het op die woorde van Moses geen ag geslaan nie. As Moses sy staf na die hemel uitsteek, kom daar donder en hael wat groot verwoesting aanrig. Net in die land Gosen was geen hael nie.

Dit lyk asof hierdie slag die Farao murf maak; hy erken selfs sy sonde, dat die HERE reg is en dat hy self ongelyk het. Met "sonde" bedoel hy dat hy tog verkeerd gehandel het deur nie na die waarskuwing te luister nie. Van ontsag vir die HERE is egter geen sprake nie (9:30). Toe die donder en hael ophou, het die Farao nog verder gesondig op sy weg van verharding en Israel nie laat trek nie. Die verharding dien tot nuwe tekens van die HERE, sodat ook Israel kan weet dat sy God die HERE is. Dit sê die HERE vir Moses by die aankondiging van die agtste plaag: sprinkane (10:2). Dit is een van die verskriklikste plae wat Oosterse lande kan tref (Joël 1:4-20). Deur bitter ervaring geleer, dring die dienaars van die Farao by hom aan op toegewinge. Taamlik skerp sê hulle: Weet u nog nie dat Egipte te gronde gaan nie? Hierin lê die erkenning van die verwoestende karakter van die vorige plae. As daar nou nog sprinkane bykom, sal daar geen groenigheid oorbly nie! Hulle sê: Laat die manne trek. Onder die invloed van hierdie woorde begin die Farao nou op 'n kleinsielige wyse met Moses en Aaron onderhandel en verwyt hulle dat hulle 'n verkeerde ding voor oë het, naamlik dat hulle die land geheel en al sal verlaat. "Nie so nie," sê hy, d.w.s. dit sal nie gebeur nie!

Die vermoede van die Farao dat die volk vir goed sal wegtrek, is reg. Tog het God dit nie van hom geëis nie. Hoe God dit sou gedoen het as die Farao sou ingewillig het om 'n offerfees in die woestyn te hou, weet ons natuurlik nie; maar God het begin deur die Farao met 'n geringe saak op die proef te stel, en reeds hierin het hy hom halsstarrig betoon; des te groter is sy sonde!

Dit verbaas ons dat 'n despoot soos die Farao van Egipte Moses nog telkens te woord gestaan het en dat hy hom nie gedood het nie. Dit moet toegeskryf word aan die karakter van die stryd wat hier gestry word, soos dit blyk uit die verharding van die Farao se hart. Dis 'n

persoonlike stryd tussen God en die Farao! Maar terwyl die stryd voortgaan, word die verhouding tussen die Farao en Moses steeds slegter: in hierdie geval het die dienaars van die Farao Moses en Aäron van hom weggedrywe. Dan kom die agtste plaag: 'n sprinkaanswerm soos daar tevore nie gewees het nie en daarna nie weer sou voorkom nie. Alles is opgevreet.

Weer beken die Farao sy sonde. Hierdie keer vra hy selfs om vergewing. Toe het Moses gebid, en die HERE het die oostewind wat die sprinkane aangebring het, laat omslaan in 'n westewind, wat hulle in die Skelfsee gedrywe het. Maar die Farao het die kinders van Israel nie laat trek nie. Dit is die hardnekkige refrein in die verhaal van die stryd tussen die Farao en die HERE.

Die negende plaag is 'n duisternis so dik dat 'n mens dit so te sê kon voel. Die duisternis is blyk van die toorn van God (vgl. Matt. 27:45). Egipte moet diep onder *die* indruk daarvan gekom het. Die vernaamste god uit die Egiptiese Pantheon is die sonnegod Amon of Re, die draer van alle lewe. Maar die HERE, die God van Israel, stel hom volkome tersyde - by die Israeliete was dit lig in hulle woonplekke. Wie is nou die God van die lig? Dit is hier 'n oorwinning van God op god! Die Farao sê dan ook vir Moses: Gaan heen, dien die HERE; net julle vee moet agtergehou word. Maar Moses wil nie kwansel nie: die vee moet saamgaan - daar mag geen klou agterbly nie. Inteendeel, Moses eis nou dat die Farao self offerdiere moet saamgee. Namate die Farao iets van toegeeflikheid betoon, word Moses vermeteler in sy eise. Dan verhard die Farao sy hart natuurlik weer. Hy word kwaad en jaag Moses weg met die bedreiging dat hy hom sal doodmaak as hy hom weer sien! Moses antwoord: U het reg gepraat. Ek sal u aangesig nie weer sien nie. Dit is geen oorwinning vir die Farao nie, maar die verbeuring van sy laaste kans om sy saak met die HERE in die reine te bring.

Die HERE kom nou met Sy laaste, verpletterende slag, waarvan Hy reeds gespreek het toe Hy Moses na Egipte gestuur het (4:23): die dood van die eersgeborenes, ook van die Farao se eie eersgeborene. Hy sê nou aan Moses dat die Farao nou inderdaad Israel sal laat trek, ja, dat hy die volk sal wegdrywe; ook moet Israel by hulle uittog silwer en goud eis. Ná al wat gebeur het, het die Egiptenaars groot ontsag vir Moses gekry; die man Moses was baie groot in Egipteland, ook in die oë van die Farao en sy dienaars en in die oë van die volk van Egipte. Dis duidelik dat hy die oorwinnaar is!

Dit skyn asof Moses tog nog weer voor die Farao verskyn het om hom die oordeel van die tiende plaag aan te kondig. Hierby het Moses toornig geword! So baie kere het hy nou al voor die Farao gestaan, en altyd het die Farao hom maar weer bedrieg (8:29). Hy raak nou ongeduldig en sê: Julle sal my versoek om uit te trek; en dan sal ek uittrek! Toe het hy van die Farao weggegaan in gloeiende toorn. Maar die Farao het nie geluister nie. Die laaste plaag staan voor die deur!

## § 91 Pasga en uittog (Ex. 12 :1-13:22)

Sowel by die Egiptenaars, wat deur slag op slag getref is, as by die Israeliete, wat telkens nuwe magsdade van God aanskou het, het die spanning hoog gestyg. Moses het aangekondig dat die HERE omtrent middernag dwarsdeur Egipte sal trek om alle eersgeborenes, van hoog tot laag, te dood; en tog laat die Farao die Israeliete nie trek nie. 'n Vreeslike nag bedreig Egipte! En wat van Israel in daardie nag? Hulle word verskoon, maar nie soos by vorige plae sonder 'n geloofsdaad van hulle kant nie (Hebr. 11:28). Op bevel van die HERE sê Moses vir die oudstes van Israel dat hulle moet sorg dat elke huisgesin 'n lam slag en die bloed van die lam met 'n bossie hisop - 'n plantjie waarvan maklik 'n sprinkelkwassie gemaak kan word (1 Kon. 4:33) - aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte stryk. As die HERE dan deur Egipte trek en die bloed sien, sal Hy by daardie deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om daar in te gaan om te slaan nie.

Die Israeliete het dit gedoen. Dit was 'n geloofsdaad. Middernag het die HERE toe al die eersgeborenes in Egipteland getref, van die eersgeborene van die Farao af tot die eersgeborene van die slavin agter die handmeul, ja, tot die eersgeborene van die gevangene toe wat in die gevangenis was, en al die eersgeborenes van die diere.

Toe staan die Farao in die nag op en al die Egiptenaars, en daar was 'n groot gejammer in Egipte, want daar was geen huis waar daar nie 'n dooie in was nie. Die Farao gee toe bevel aan Moses en Aäron dat hulle met die Israeliete moet wegtrek; en die vee moet saamgaan. Hy stel nou nie meer voorwaardes nie, maar sê: Seën my ook! Hulpeloos klink hierdie vraag uit die mond van die hardnekkige Farao. En die Egiptenaars het by hom sterk aangehou - om hulle gou uit die land uit te stuur. Die Israeliete het toe op bevel van die HERE van die geleentheid gebruik gemaak om silwer en goue ware en klere van die Egiptenaars te eis, en die Egiptenaars het dit graag gegee, as hulle maar net wil maak dat hulle wegkom! Egipte was bly toe hulle uittrek, want die vrees vir Israel het op hulle geval (Ps. 105:38). Haastig trek die Israeliete nou weg, op hulle skouers die deeg wat, voordat dit ingesuur was, in hulle mantels toegebind is. So trek hulle weg van Raamses, die plek van hulle dwangarbeid (1:11; kyk ook Gen. 47:11), en gaan na Sukkot. Dit is 'n ander Sukkot as dié waar Jakob 'n tyd lank gebly het (Gen. 33:17). Sukkot is 'n Egiptiese stad, waarvan die Egiptiese naam (Zekoe) vir Israelitiese ore ongeveer soos die Hebreeuse woord vir hutte (sukkot) klink. Die stad lê ongeveer 30 myl van Raamses in suidoostelike rigting. Dit is nie die regte rigting om gou in Kanaän te kom nie; dan moes hulle meer suiwer ooswaarts langs die kus van die Middellandse See gaan. Dis "die pad na die land van die Filistyne", 'n pad waarlangs hulle seker nie ongehinderd kon getrek het nie, omdat Egipte sterk grensvestings daar gehad het. Hulle gaan, deur God gelei, op die pad na die Skelfsee. Die leiding van God blyk in die wolkkolom wat voor hulle uit getrek het en wat snags 'n vuurkolom was.

Die getal van die Israeliete wat Egipte verlaat het, word vermeld as omtrent seshonderdduisend manne te voet buiten die kinders (kyk Ex. 38:26; Num. 1:46; 2:32; 11:21). Ook baie nie-Israeliete het saamgegaan, waarvan die meeste ongetwyfeld Egiptenaars was wat die toekoms vir hulle verwoeste land donker ingesien het en miskien ook ontsag vir die God van Israel gekry het (kyk 9:20). In Lev. 24:10 lees ons van die aanwesigheid van 'n Egiptenaar in die laer van Israel. Dat die Israeliete tegelykertyd ook "verfoeisels en drek-gode" van Egipte saamgeneem het, word nie in Exodus vermeld nie, maar blyk uit Eseg. 20:7, 8.

Ondanks die haas van die uittog het die Israeliete log nie onordelik gevlug nie, maar in goeie orde, "goed gewapen" (13:18). Hulle het selfs die gebeente van Josef saamgeneem (kyk Gen. 50 :25; Jos. 24:32). So het hulle dan van Sukkot af weggetrek en laer opgeslaan in Etam, aan die kant van die woestyn.

• Hierdie uittog uit Egipte is die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van Israel, die begin van sy vry en selfstandige bestaan as die volk van God. En die nag waarin die eersgeborenes van die Egiptenaars gedood is, maar Israel verskoon is omdat die verderwer die huis waar bloed aan die deurposte was, *verbygegaan* het, is 'n nag om plegtig onderhou te word tot eer van die HERE, omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het (12:42). Die slag van die lam moes elke jaar in dieselfde maand herhaal word en dit moes sindsdien as die eerste maand van die jaar gereken word, want toe het 'n nuwe begin begin! (kyk § 472). Dit is die maand Abib (Deut. 16:1). Die herhaling moet die karakter dra van 'n fees, en die fees is die *pasga* van die HERE. Die Hebreeuse woord pasga beteken "verbygaan", "verskoon", "spaar" en dui aan dat die HERE wel die Egiptenaars gedood het, maar die Israeliete verskoon het. *Pasga* het in ons mond *paas* geword; daarom praat ons van *paasfees* (34:25) en *paasoffer* (12:27). Onmiddellik by die paasfees sluit die eet van ongesuurde brode aan, sewe dae lank,

van die veertiende tot die een-en-twintigste van die maand. Dit herinner aan die haastige uittog uit Egipte (Deut. 16:3). Paulus sien in die ongesuurde brode 'n beeld van die heiligmaking en noem Christus ons Paaslam (1 Kor. 5:7-8).

Omdat die HERE die eersgeborenes van Egipte gedood het, maar Israel gespaar het, offer die Israeliete op bevel van die HERE (13:1-16) sy eersgeborenes aan Hom - die eersgeborenes van die diere in letterlike sin, behalwe onrein diere, soos die esel, wat nie geoffer mog word nie; dit moes losgekoop word deur 'n lam of anders moes die nek gebreek word (N.B. gedood word sonder bloedstorting). Die eersgeborenes van mense word losgekoop. Die eersgeborenes is myne, sê die HERE; hulle moet vir Hom geheilig word! Later het die Leviete in die plek van die eersgeborenes gekom (Num. 3:13; 8:16-19).

## § 92 Deurtog deur die Skelfsee (Ex. 14 :1-15:22)

Terwyl hulle reeds in Etam is, aan die kant van die woestyn (en waarskynlik aan die goeie, die oostelike, kant van die see om na Horeb te gaan) moet Moses op bevel van die HERE aan die Israeliete sê dat hulle moet *omdraai.* Hoe die posisie van hulle laer dan word, word noukeurig beskryf (14 ; 2), maar dit kan tog nie noukeurig op die kaart aangewys word nie, omdat die genoemde plekke nie met sekerheid geïdentifiseer kan word nie. Die plek waar Israel deur die see getrek het, kan daarom ook nou nie meer met sekerheid aangewys word nie, te meer omdat deur die bou van die kanaal van Suez terreinveranderings ontstaan het. Die see waardeur Israel getrek het, heet die Skelfsee. Die woordjie *skelf* (schelf, Schilf) beteken "riet". Die letterlike vertaling van die Hebreeuse naam is dan ook Rietsee of Rietmeer. In die Nuwe Testament word gepraat van die Rooi See (Hand. 7:36; Hebr. 11:29).

Dat Israel op die pad moet omdraai, is 'n eienaardige bevel van God, waardeur hulle in 'n benarde posisie kom, maar dit was 'n lokval van die HERE om die Egiptenaars in die waan te bring dat hulle verdwaal het, sodat hulle die volk sou agtervolg. Dit het ook gebeur.

As die volk dit sien, het hulle baie bang geword en gemurmureer (kyk ook by 5 :21), maar Moses het hulle aangespoor om vas te staan. Toe het hy op bevel van die HERE sy staf oor die see opgehef en dit gekloof: Israel kon op die droë deurgaan, maar toe die Egiptenaars hulle ook in die see begeef het, het die HERE die waters laat terugvloei, sodat hulle verdrink het. Die verhaal van Exodus 14 sê nie uitdruklik dat die Farao self ook verdrink het nie; Psalm 136:15 sê dit wel.

By hierdie verskilpunt herinner ons aan die verskillende opinies oor die datum van die uittog (§ 82): Was dit onder Amenofis II of onder Merneptah? Dit is opmerklik dat die mummies van altwee hierdie Farao's gevind is; aan dié van Amenofis kan ons sien dat hy 'n groot, sterk man was; dié van Merneptah lê langs die van sy vader in die museum van Kaïro.

Hoewel daar van 'n sterk oostewind melding gemaak word, kan die deurtog deur die see nie op natuurlike wyse verklaar word nie. Dit is God wat juis in daardie nag oor die wind beskik het; dit is die Engel van God wat voor die leër van Israel uit getrek het, wat nou tussen die leër van die Egiptenaars en die leër van Israel gaan staan het. Die HERE het die leër van die Egiptenaars in verwarring gebring. Hy wou Hom aan die Farao verheerlik!

Ná die redding het Moses en die kinders van Israel 'n lied tot eer van die HERE gesing. Die begin van die lied (15:1):

> Ek wil sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe;
> die perd en sy ruiter het Hy in die see gewerp,

is die refrein van die koordanse van die vroue van Israel wat met tamboeryne agter Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, gegaan het (v. 20, 21).

# Op Pad na Sinai

## § 93 Mara (Ex. 15:22-26)

Nadat die Israeliete deur die Skelfsee getrek het, begin die groot reis. Hulle trek eers na die woestyn Sur (reeds vermeld in Gen. 16:7; 20:1), in Num. 33:8 die woestyn van Etam genoem. *Sur* beteken "muur"; die woestyn ontleen sy naam aan die Egiptiese grensvestings wat hier gebou is; Etam is een van die vestings (Ex. 13:20). Die Israeliete bevind hulle dan nog in die noordelike deel van die skiereiland Sinai. Die Skelfsee het aan sy noordelike uiteinde twee groot seearms: die een strek hom uit in oostelike rigting, waar Elat (1 Kon. 9:26) lê, die ander in westelike rigting na Egipte en heet tans Golf van Suez. Daar tussenin lê die skiereiland Sinai soos 'n driehoek op sy punt. In daardie suidelike punt lê indrukwekkende berge, en daarheen trek die Israeliete nou.

Die groot probleem by die opmars van groot groepe mense en leërs is die voedselvoorsiening en verdere versorging. Ook by Israel het die probleem ontstaan, maar God los dit op. Hy het veertig jaar vir Sy volk gesorg; hulle klere en hulle skoene het nie verslyt nie (Deut. 8:4, 15; 29:5); dit het Hy deur Sy wondermag bewerk. Ook vir voedsel het Hy gesorg. Die volk was egter te swak in die geloof om te wag en te sien hoe God die probleem sou oplos, en het begin murmureer. Die eerste wat hulle ondervind, is watergebrek; en as hulle ná drie dae water kry, dan is dit bitter. Die HERE wys vir Moses 'n stuk hout; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword! Dit was nie 'n besondere stuk hout wat die eienskap gehad het dat dit bitter water soet kon maak nie; dit was 'n gewone stuk hout wat 'n sinnebeeld of 'n instrument van die krag van God was, waardeur Moses die wonder kon doen (2 Kon. 4:38-41). Die HERE verbind aan hierdie wonder die belofte dat Hy Sy gesondmakende genade steeds aan Sy volk sal bewys - as hulle maar in gehoorsaamheid wandel (v. 26).

## § 94 Elim (Ex. 15:27)

Daarna het hulle by Elim (= groot bome) aangekom. Daar was dit aangenaam: daar was twaalf waterfonteine en sewentig palmbome!

## § 95 Brood uit die hemel (Ex. 16)

Daarna kom die Israeliete in die woestyn Sin ('n ander een as dié van Num. 20:1) Daar ondervind hulle voedselgebrek en verlang hulle terug na Egipte met sy vleispotte. Lankmoedig verdra die HERE die ondankbare ongeloofstaal. Sy antwoord op hulle murmurering is dat Hy Hom in die wolk in Sy heerlikheid vertoon en aan Moses sê dat Hy vir brood en vleis sal sorg. In die aand het daar toe kwartels gekom en die laer oordek. Die kwartels is trekvoëls wat in die lente na die noorde trek. Die HERE laat so 'n swerm op die laer neerstryk, sodat die volk hulle kan vang en eet.

Baie groter as die wonder van die vleis is die wonder van die brood. Die HERE het gesê; Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; die volk kan dan uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel. Die vleis was maar een keer daar, maar die brood elke môre totdat hulle in 'n bewoonde land by die grens van Kanaän gekom het (Jos. 5:12). By die belofte dat Hy vir brood sal sorg, het die HERE egter ook nog 'n besondere bedoeling daarmee. Dit is natuurlik wel gegee om Sy volk te versorg, maar ook om hulle te beproef of hulle in Sy wet sal wandel of nie. Hierby het die HERE veral die oog op die sewende dag as rusdag. Op die sesde dag sal die ingesamelde vir twee dae voldoende wees! Hiermee wil God nou Sy volk beproef of hulle met geloof en met inagneming van Sy wet die daaglikse wondergawe sal ontvang.

Die volgende môre vind die wonder vir die eerste keer plaas: daar was 'n doulaag rondom die laer, en nadat die dou opgetrek het, het daar oor die woestyn iets gelê wat fyn en korrelrig was, fyn soos ryp op die grond. Toe sê Moses vir hulle: Dit is die brood wat die HERE julle gee om te eet; samel daarvan in 'n gomer vir elke persoon, en elke dag sal daar weer nuwe brood wees. Sommige het egter daarvan laat oorbly tot die môre toe, maar toe was daar wurms in; wat hulle vir die sewende dag bewaar het, het egter nie bederf nie. En wie op die sewende dag iets wou insamel, het niks kon vind nie. Moses sê: Die HERE gee julle op die sesde dag brood vir twee dae! So het die volk dan op die sewende dag gerus. In die patriarge-geskiedenisse het ons nooit iets van hierdie paradysinstelling gehoor nie, maar nou maak Moses weer daarvan gewag. Later sal dit uitdruklik in die wet bepaal word.

Die Israeliete het dit "man" (man = wat? Wat is dit? - v. 15) genoem; die Nuwe Testament, en bygevolg ook ons vertaling van die Ou Testament, spreek van *manna.* Dit was wit soos koljandersaad en het gesmaak soos heuningkoek (Num. 11 ; 7). In die Psalms word dit hemelbrood (105:40) of koring van die hemel, brood van die engele genoem (78:24, 25). As Josefus skryf dat daar in sy tyd nog manna op die skiereiland Sinai gevind word en moderne reisigers daar die sogenaamde tamirisk-manna vind, is dit heeltemal iets anders as die manna wat Israel ontvang het. Die tamarisk-manna ontstaan op takke van die tamarisk onderinwerking van insekte en val in druppels op die grond. Dit is eetbaar en word deur die Arabiere hemelmanna genoem, ongetwyfeld in herinnering aan die manna van Israel, wat egter nie langs natuurlike weg nie maar op wonderbaarlike wyse ontstaan het, ses dae van die week en een dag nie! Ook uit die bederwing van gespaarde manna, behalwe op die sewende dag, blyk dat ons hier nie met 'n natuurproduk te doen het nie, maar met 'n wonder van God.

## § 96 Water uit die rots (Ex. 17 :1-7)

Israel het daarna uit die woestyn Sin getrek en by Rafidim gekom. Blykens v. 6 is hulle dan reeds naby die berg Horeb. Daar was geen water vir die volk om te drink nie. Toe kom die volk na Moses met bitter verwyte; hulle dreig om hom te stenig. Weer gee die HERE uitkoms: Moses moet die oudstes van Israel saamneem en met sy bekende staf, die staf van God (4:20), op die rots slaan. Die HERE sal voor hom by die rots op Horeb staan; dan sal daar water uit die rots kom. Dit het so gebeur, en die volk kon drink. Moses noem die plek Massa en Meriba; dit beteken "Versoeking" en "Twis". Die volk het nie gelowig om hulp gevra nie, maar met Moses getwis en God versoek deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie? Hulle bedoel: As die HERE werklik in ons midde is, sal ons geen dors hoef te ly nie. Hulle dwing God om water te gee, en God gee water omdat Hy die volk ter wille van Sy saak wil red, maar hulle mog die HERE nie so versoek nie! (Deut. 6:16). Dit gaan ook hier weer nie net daarom dat die HERE Sy volk wil versorg nie, maar ook dat Hy hulle wil leer om alles van Hom te verwag. Hy maak aan Sy volk bekend - so sien Moses dit (Deut. 8:3)- dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan. So is dit ook met die water. Agter die weldade in die woestyn staan Christus; Hy is die brood van die lewe (Joh. 6:35); Hy les alle dors (Joh. 7:37). As Paulus oor die weldade in die woestyn spreek, sê hy: " . . . en die rots was Christus" (1 Kor. 10:1-4).

## § 97 Amalek (Ex. 17:8-16)

By Rafidim het Amalek gekom om teen Israel te veg. Amalek is die eerste vyand op Israel se pad. Die Amalekiete is nakomelinge van Esau (Gen. 36:12); hulle woon in die Suidland (Num. 13:29), maar het ver rondgeswerf om weiding vir hul vee te soek. In die koms van die Israeliete sien hulle 'n bedreiging van hul weivelde. Ook afgesien hiervan is hulle as Esauskinders die Jakobskinders vyandig gesind. Op verraderlike wyse het hulle Israel

aangeval (Deut. 25:18). Moses besluit om die stryd met hulle aan te bind en dra die bevel aan Josua op. Dit is die eerste keer dat ons van Josua hoor, maar hy word in hierdie verhaal as 'n bekende krygsman genoem; op ander plekke lees ons dat hy uit die stam van Efraim afkomstig was (1 Kron. 7:27) en dat hy eers die naam Hosea gehad het, wat deur Moses verander is in Josua (Num. 13:16). Dikwels word hy aangedui as Josua, die seun van Nun (Jos. 1:1).

Moses besef dat sy volk, wat nie aan stryd gewoond is nie, hier voor 'n moeilike proef te staan kom en waarin hulle alleen met die hulp van God kan slaag. Met die staf van God in sy hand, wat 'n teken van die hulp van God is, gaan Moses op die top van 'n heuwel in die nabyheid staan en hou sy hand met die staf omhoog. Solank as wat hy dit doen, is Israel die sterkste, maar as hy sy hand laat sak, is Amalek die sterkste - 'n bewys dat Israel sonder die hulp van God nie teen Amalek opgewasse is nie. Maar Moses kon moeg word; daarom het Aäron en Hur sy hande ondersteun, en so het sy hande opgehef gebly tot sononder.

Ook Hur tree in hierdie verhaal plotseling na. vore, maar verder lees ons selde van hom (24:14) en dan steeds in geselskap van Aäron. (Volgens die latere Joodse verhale was hy die man van Mirjam.)

Deur die hulp van God het Josua Amalek toe met die skerpte van die swaard geslaan, d.w.s. hy het hulle 'n bloedige neerlaag toegedien. Dit is 'n besonder belangrike gebeurtenis, omdat Amalek 'n besondere vyand was: Hulle vrees God nie (Deut. 25:18) en staan aan die spits van die vyandskap teen Israel (Num. 24:20); hulle nagedagtenis moet onder die hemel uitgeroei word (Ex. 17:14; Deut. 25:19). Die belangrikheid van hierdie gebeurtenis blyk daaruit dat dit as 'n aandenking in 'n boek geskryf moet word. Dit is die eerste keer dat ons van so 'n opdrag aan Moses lees. Verder het Moses daar 'n altaar gebou en dit DIE HERE IS MY BANIER genoem; Sy strydleuse word 'n godsdiensleuse:

> Waarlik, die hand op die troon van die HERE!
> Oorlog het die HERE teen Amalek van geslag tot geslag.

## § 98 Jetro besoek Moses in die woestyn (Ex. 18)

Die gerug van die redding van die Israeliete het wyd versprei en verbasing gewek (Ex. 15:14; Jos. 2:9, 10). Jetro het dit ook gehoor. Hy neem sy dogter Sippora, die vrou van Moses, en haar twee seuns en bring hulle na Moses in die woestyn waar hy met die laer by die berg van God staan. By sy vertrek het Moses net gesê dat hy wou gaan kyk of sy broers nog lewe en nie van die Goddelike roeping, om hulle uit te lei, gerep nie. Later het Jetro alles gehoor wat God aan Moses en aan sy volk Israel gedoen het. Moses deel hom nou 'n omstandige verhaal daarvan mee, en Jetio verheug hom oor wat gebeur het. Hy was nie onbekend met die God van Abraham nie (§ 85) en beken nou dat die HERE groter is as al die gode. As priester bring hy offers tot eer van God, en saam met hom het Aäron en al die oudstes van Israel as verteenwoordigers van die volk brood geëet voor die aangesig van God, d.w.s. in die vrees van God. Dit was 'n godsdienstige maaltyd tot eer van God en in dank aan Hom.

Tegelykertyd sien Jetro wat in die laer gebeur: almal kom met hulle moeilikhede na Moses, en hy moet in alle sake, groot en klein**,** regspraak uitoefen. Dit is nie goed nie, sê Jetro; die saak is te swaar vir jou. Op raad van Jetro het Moses toe bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat, aangestel om in die klein sake reg te spreek. Die groot sake kon die volk dan na Moses bring; hy bly die verteenwoordiger van die volk by God; hy onderrig die volk in die insettinge en die wette; hy maak hulle die weg bekend waarop hulle moet gaan. Hoewel daar *oudstes* was (3:16; 18:12), het die volk hulle blykbaar nie geraadpleeg nie en het hulle self nie genoeg gesag gehad nie. Die manne wat Moses aanstel, het daardeur meer gesag gehad. Hulle was *owerstes* oor duisend, oor honderd, oor

vyftig en oor tien, owerstes dus met kleiner en ander met groter gesagsgebiede; bo almal het Moses self gestaan. So word 'n goed deurdagte organisasie van die regspraak ingestel. Dit skyn of Moses dit nie self kon regkry nie; hy was daarvoor seker te sagmoedig! (Num. 12:3). Sy skoonvader het dit vir hom bewerk en daarmee 'n groot diens aan die volkslewe van Israel bewys.

## Die Wetgewing op Sinai

### § 99 Israel die eiendom van die HERE (Ex. 19 :1-8)

In die derde maand ná die uittog het die Israeliete in die woestyn Sinai gekom en daar laer opgeslaan, teenoor die berg. Dis al aanduiding wat die Skrif gee: in die woestyn Sinai teenoor die berg. Bedoel word die berg van God, by Horeb, waar die Engel van die HERE die eerste keer aan Moses verskyn het. Aan die bergagtige suidpunt van die skiereiland Sinai is verskillende toppe wat die plek kan gewees het waar die HERE Hom geopenbaar het - watter een dit was, is moeilik om te sê. Daar is 'n berggroep met die Arabiese naam *Dsje-bel Moesa* (= Mosesgebergte), maar dié naam is van jongere datum (uit die Arabiese tydvak) en bewys slegs dat latere oorlewering die berg van God daar aangewys het. Hierdie berggroep het weer verskillende toppe; by een daarvan, Ras-es-sufsafeh (ras = top) is 'n gelykte (Er-raha, wat die woestyn Sinai, v. 1, kan wees), wat groot genoeg is dat 'n talryke volk daar laer kan opslaan. Hierdie top is nie die hoogste nie, maar wel die indrukwekkendste en kan as die berg van die verskyning van God beskou word.

Terwyl die volk daar gelaer staan, het Moses opgeklim na God toe. Van die berg af het die HERE Moses toegeroep wat hy aan die huis van Jakob moet sê en aan die kinders van Israel moet verkondig. Dit moet 'n gewigtige boodskap wees! Die volk het nou by die HERE aangekom; dit was die doel van die uittog. Wat die HERE sê, is ook gewigtig: dit is die kern van die verhouding tussen God en Israel. Die HERE sê: *Julle sal My eiendom uit alle volke wees.* Dit is wat die HERE by Sy eerste verskyning aan Moses reeds beloof het (6:6): Ek sal julle as My volk aanneem en vir julle 'n God wees. Nou word dit werklikheid. God wys daarop dat Hy self die volk na Hom toe gebring het, dat Hy hulle op arendsvlerke gedra het. Wat hier nou werklikheid word, is dus heeltemal die werk van God self en van Hom alleen! Maar die volk moet na die stem van God luister! Die hele aarde is myne, sê die HERE; maar Israel sal vir Hom 'n eiendom uit al die volke wees, 'n besondere eiendom, 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie.

Omdat hierdie boodskap so belangrik is, sê die HERE daarna nog: Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

As Moses die oudstes bymekaarroep en hierdie woorde meedeel, antwoord die hele volk eenparig: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen. Toe het Moses hierdie antwoord van die volk weer aan die HERE oorgebring. Hy is die middelaar tussen God en die volk.

### § 100 Die HERE verskyn aan Sy volk om die Tien Gebooie af te kondig (Ex. 19: 9-20:21)

Nadat die HERE die volk as Sy eiendom aangeneem het, sal Hy ook aan Sy volk verskyn. Moses moet die verskyning aankondig: op die derde dag sal die HERE voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal; die volk moet hulle gereed hou, hulle heilig, hulle klere was. Tot die heiliging behoort ook seksuele onthouding. Die berg mag hulle ook nie aanraak nie; dit moet afgebaken word.

As die HERE dan op die derde dag verskyn, gebeur dit op verhewe en indrukwekkende wyse

en gepaard met magtige verskynsels: donderslae, blitse, wolke en baie sterk basuin-geluid. In vuur het die HERE op die berg neergedaal, die berg het gerook en gebewe. In die brief aan die Hebreërs word die verskyning ook beskryf (12:12-21) en daarby word vertel dat Moses gesê het: Ek is verskrik en ek sidder. In Exodus (19:19) staan ook dat Moses by die verskyning gespreek het; dit was dus woorde van ontsag en vrees. God het hom ook geantwoord, telkens, hardop, d.w.s. met donderslae; daar was dus gemeenskap tussen die HERE en Moses, maar groots en verhewe, ontsagwekkend. Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. En dan volg die Tien Gebooie (die tien woorde, Ex. 34:28; Deut. 4:13), die *dekaloog*, soos ons dit in navolging van die Griekse kerkvaders noem.

Toe verskillende ou wette (Babiloniese, Assiriese, Hetitiese, Egiptiese) teruggevind is, het die wet (en wette) van Moses in die sentrum van die belangstelling van die geleerdes gekom. 'n Ou opvatting van hulle wat die waarheid van die Bybel nie aanvaar nie, naamlik dat in die dae van Moses 'n geskrewe wet ten gevolge van 'n te lae ontwikkelingspeil onbestaanbaar geag moes word, was toe vir goed afgedaan. Die geleerdes het toe die Mosaïese wet geringgeskat deur dit as afhanklik van die ou teruggevonde wette te verklaar; veral die wet van Hammoerabi, koning van Babel, ca. 1700, sou die bron wees waaruit die wette van Israel afkomstig sou wees. Nadere bestudering en besinning het egter tot die erkenning gebring dat die wet van Moses by velerlei ooreenkomstigheid, tog sy eie hoogstaande karakter dra, sowel op godsdienstige as op sedelike gebied.

Ons moet die dekaloog beskou as die openbaring van die wil van God ten aansien van die godsdienstige en sedelike lewe van sy volk. Daardie wil van God was altyd reeds geldig - heidene het daarvan nog 'n besef gehad (Rom. 2:14, 15) - maar nou openbaar die HERE dit opnuut aan sy volk.

Ná die afkondiging van die wet het die volk gebewe, maar met verbasing opgemerk dat God met die mens spreek en hy in die lewe bly! Dit is die reddende genade van Hom wat 'n verterende vuur is; dit is Sy liefde vir die volk wat Sy eiendom is (Deut. 5:24-33). Tog is hulle bevrees om dit weer te moet ervaar en vra dat die HERE tot Moses alleen spreek en hy die woorde van die HERE dan aan hulle oorbring. So het die volk dan op 'n afstand gebly en Moses het nader gegaan na die wolkedonkerheid waar God was.

## § 101 Die HERE verskyn aan Moses om die Boek van die Verbond af te kondig (Ex. 20:22-23:33)

In die wolkedonkerheid waarin Moses ingegaan het, spreek God weer tot hom en gee Hy hom ander wette van allerlei aard. Verpligtinge jeens God en naaste wat uit die Tien Gebooie voortvloei, word nou meer in besondere trekke omskryf (20:22-23:33). Dit is 'n versameling van allerlei wette wat in 24:7 saamgevat word onder die naam: Boek van die Verbond (vgl. 2 Kon. 23:2). Moses het die wette aan die volk oorgebring, en die volk het gesê: Al die woorde wat die HERE gespreek het, sal ons doen. Daarna het Moses al die woorde van die HERE opgeskryf (24:4).

## § 102 Die Dis van die Verbond (Ex. 24 :1-11)

Die ontmoeting van God met Sy volk gaan nou weer 'n stap verder en bereik 'n hoogtepunt in 'n offer met 'n maaltyd! Terwyl Aäron en sy seuns Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel teen die berg mag opklim, kom die volk aan die voet van die berg bymekaar. Daar het Moses 'n altaar gebou en twaalf gedenkstene, volgens die getal van die stamme, opgerig. Jong manne - eersgeborenes? (§ 91) - het brandoffers en dankoffers vir die HERE geslag. Moses bewaar die helfte van die bloed in komme en gooi die ander helfte teen die altaar uit. Daarna lees hy die woorde van die Boek van die Verbond. Die volk antwoord hierop met die woorde: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister. Dit is hulle betuiging van die verbondsgehoorsaamheid. In alle verbonde is twee dele! Toe neem

Moses die bloed wat in die komme was en gooi dit op die volk uit en sê: Dit is die bloed van die verbond (kyk Mark. 14:24 e.a.) wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde.

Uitgesoektes uit die volk. Aäron en sy seuns en sewentig oudstes, het teen die berg opgeklim. Nie die owerstes van tien en vyftig ens. nie (§ 98) - hulle is 'n regsorganisasie - maar die oudstes verteenwoordig die volk (vgl. 19:7). Hulle beleef nou 'n meer nabye ontmoeting met God as dié wat in 19:17 (§ 100) beskryf is: hulle het die God van Israel gesien soos Hy Homself daar laat sien het; en onder Sy voete was dit net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self; hulle het God aanskou en is nie gedood nie. Daarop het hulle geëet en gedrink. Die bloed van die brandoffers was tot versoening. Die vleis van die dankoffers (vredeoffers) is by die maaltyd van die verbond geëet. Dit was die seremonie van die verbondsluiting, die dis van die verbond!

## § 103 Wette van die erediens (Ex. 24 :12-31:18)

Ná die sluiting van die verbond volg die reëling van die erediens. Moses moet op die berg klim: God wil daar aan hom die kliptafels gee. Van hierdie kliptafels is tot dusver nog nie gewag gemaak nie, maar Moses weet blykbaar wat die HERE bedoel. Dit is die Tien Gebooie wat daarop geskryf sal wees (Deut. 4:13; 5:22); die Boek van die Verbond was reeds op skrif gestel (Ex. 24:4). Josua gaan saam met Moses op die berg; Aaron en Hur bly by die volk agter.

Toe Moses die berg opklim, het 'n wolk die berg oordek en die heerlikheid van die HERE het op die berg Sinai gebly, ses dae lank. Ook nou weer is die ontmoeting van die HERE met Moses in majesteit gehul. Ses dae lank het die wolk die berg oordek. So lank moes Moses wag. Op die sewende dag het die HERE uit die wolk na Moses geroep. God volg hier weer dieselfde ritme as by die skepping! Wat die volk van die verskyning van die HERE aan Moses kon sien, was soos 'n verterende vuur op die top van die berg. Moses het binne-in die wolk ingegaan en was veertig dae en veertig nagte op die berg. Die HERE SOU aan hom die kliptafels gee, en dit het ook gebeur; as Moses van die berg afkom, het hy die twee tafels van die Getuienis, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God, in sy hande. Maar die HERE het in die veertig dae en veertig nagte baie meer gedoen: Hy het aan Moses noukeurige voorskrifte gegee oor die bou van 'n heiligdom, dat Hy in die midde van die volk sou kan woon. Dit is die sentrale gedagte van die heiligdom, die "tabernakel": die HERE woon daar (29:45, 46), te midde van Sy volk (Num. 5:3). Die woord wat met tabernakel vertaal is, beteken net "woonplek". Omdat die volk trek en die HERE saam met hulle trek (40: 36-38), moet die woonplek dan ook verplaasbaar wees. Met groot noukeurigheid het die HERE. die voorskrifte vir die bou van Sy woonplek gegee, ja, vir Moses selfs 'n voorbeeld getoon (Hebr. 8:5), sowel van die geheel (25:9) as van die verskillende dele (25:40; 26:30; 27:8).

In Sy opdrag aan Moses gedurende die veertig dae en veertig nagte op die berg kom 'n groot aantal sake aan die orde in die volgende (soms onverwagte) volgorde:

1. 'n Offergawe wat bestaan uit die kosbare metale en stowwe wat vir die vervaardiging van die tabernakel nodig is (25:1-7).

2. 'n Ark met versoendeksel en gerubs (25:10-22); vanaf die versoendeksel sal die HERE met Moses spreek. Dit is die troon van die HERE in Sy huis.

3. Die tafel van die toonbrode met skottels, rookpanne, kanne en bekers (25:23-30); op die tafel moet altyd brood wees, verder wierook en wyn. (Op die triomfboog van Titus in Rome is 'n afbeelding van die tafel uit die Herodiaanse tempel, verwoes in 70 n.C, te sien.) Die brood is 'n gawe van God wat die lewe onderhou. In Sy huis hou die HERE Sy

volk in die lewe, in die diepste sin deur Christus, wat die brood van die lewe is.

4. Die kandelaar van suiwer goud met voetstuk en stam, met kelkies, knoppe en blomme, soos 'n bloeiende tak, alles een stuk dryfwerk (25:31-40). Alleen met besondere hulp van die HERE (31 ; 4) kon dit gemaak word (31:4). (Ook van die kandelaar is 'n afbeelding op die Titusboog te sien, weer natuurlik van dié uit die tempel uit die dae van Jesus.) Die kandelaar bring lig in die huis van die HERE; die lig is Christus (Openb. 21:23), en Sy gelowiges, die kinders van die lig (Joh. 12:36).

5. Die "tabernakel" (hfst. 26), die woonplek (tent, v. 14), deur 'n voorhangsel verdeel in die Heilige en die Allerheiligste. Die voorhangsel bestaan uit stowwe in verskillende kleure, naamlik wit (linne), pers, purperrooi en bloedrooi. In die Heilige moet die tafel staan, aan die noordekant, en die kandelaar, aan die suidekant. Eers in 30:1-10 word van die reukofferaltaar melding gemaak; dit moet ook in die Heilige staan, in die middel, reg voor die voorhangsel. Die reukwerk is sinnebeeld van die gebede van die heiliges (Openb. 5:8). In die Allerheiligste moet die versoendeksel op die ark gelê word.

6. Die brandofferaltaar van koper met sy gereedskappe: aspotte, skoppe, komme, vurke en vuurpanne; dit staan in die voorhof (27:1-8).

7. Die voorhof (27:9-19); dit was noodsaaklik, omdat die toegang tot die HERE in Sy eintlike woning alleen vir die priesterskap oop was; om egter in die voorhowe van die HERE te mag vertoef, was vir die gewone Israeliet 'n groot vreugde (Ps. 84:3).

8. Die olie vir die kandelaar (27:20, 21), suiwer, uitgestampte olyfolie.

9. Die priestergewade (28:1-43). Vir Aäron moet die volgende hoëpriesterlike gewade gemaak word: 'n borstas en 'n skouerkleed (efod); hierdie twee gewade, vervaardig van goud en stowwe in dieselfde kleure as die voorhangsel (kyk by 5), vorm een geheel: die borstas word met goue ringe en goue toutjies aan die skouerstukke van die efod vasgemaak. Elk van die twee gewade dra die twaalf name van die seuns van Israel in edelsteen voor die aangesig van die HERE om hulle in gedagtenis te bring wanneer die hoëpriester die heiligdom ingaan: die skouerkleed op twee oniksstene, elk met ses name; die borstas op twaalf edelstene, elk met een naam daarop. In die borstas moet Moses die Urim en die Tummim sit; so moet Aaron dan die beslissing vir die kinders van Israel gedurigdeur voor die aangesig van die HERE op sy hart dra. Daarom word die borstas die borstas van beslissing genoem. *Beslissing* beteken "reg", "regsuitspraak"; dit staan in noue verband met die "in gedagtenis bring voor die aangesig van die HERE" van die edelstene: die HERE, die God van die verbond, gedenk Sy volk, in die priester, met 'n regsuitspraak van vryspraak. Dit spreek nog meer tot ons as ons bedink dat die woord wat so konkreet met *borstas* vertaal word, slegs die algemene betekenis - "iets moois", "iets heerliks" - het, dus "die mooi voorwerp". Dit is die hoofgedagte van wat in die priestergewaad tot uitdrukking gebring word: die heerlike gedagte van regverdigverklaring (deur versoening).

   Onder die efod dra die hoëpriester gewade wat aan die daaglikse kleding ontleen is, maar dan in die fynste vorm: die mantel en die kunstig bewerkte rok (tuniek, hemp); die mantel is van pers stof en aan die soom daarvan granaatjies (in die kleure van die voorhangsel) en tussenin goue klokkies. Verder moet 'n tulband gemaak word waarop 'n goue plaat is (in die vorm van 'n blom) met die woorde: HEILIG AAN DIE HERE daarop gegraveer. Dit is die hoofbedekking; voetbekleding is daar nie: die priesters loop kaalvoet uit eerbied. 'n Gordel van veelkleurige werk voltooi die kleding van die hoëpriester.

   Vir die seuns van Aaron moet die volgende gewone priesterlike gewade gemaak word: rokke (tunieke), gordels, musse en linnebroeke.

10. Die wyding van die priesters (29:1-37): wassing, die aantrek van die priesterklere, offerandes met handoplegging, bloedsprinkeling en die stryk van die bloed aan die regteroorlel, die regterduim en die regtergroottoon.
11. Die daaglikse brandoffers (29:38-46): een lam in die môre en een in die aand, daarby fynmeel met olie en wyn. Dit dien tot versoening voordat die HERE met Sy volk kan saamkom; daarom staan die brandofferaltaar in die voorhof.
12. Die reukaltaar (30:1-10) (kyk by 5).
13. Die heffing van die versoeningsgeld (30:11-16): 'n halfsikkel vir elkeen wat twintig jaar oud geword het; arm en ryk gee ewe veel.
14. Die koperwaskom (30:22-33) moet ook in die voorhof staan tussen die tent van samekoms en die brandofferaltaar: op die regverdigmaking volg die heiligmaking.
15. Salfolie (30:22-33); dit bestaan uit mirre, kaneel, kalmoes, kassie gemeng met olyfolie en dien om die heilige persone en voorwerpe te salf.
16. Reukwerk (30:34-38); dit bestaan uit storaksgom, naeltjies, galbanum, wierook en sout. Dit word op die reukaltaar verbrand.
17. Die aanstelling deur God van kunstenaars wat Hy self bekwaam gemaak het om al die mooi voorwerpe en klere te vervaardig. Hulle name is Besaleël en Oholiab (31:1-11).
18. Inskerping van die sabbatsgebod (31:12-18); dit is 'n ewige verbond en teken tussen die HERE en Israel.

Nadat die HERE Moses gedurende die veertig dae en veertig nagte al hierdie dinge beveel het, gee Hy aan hom die twee tafels van die Getuienis, beskrywe met die vinger van God. Moses kan nou van die berg afklim en na die volk teruggaan. By sy vertrek deel die HERE hom egter mee wat die volk intussen gedoen het: hulle het 'n gegote kalf gemaak! Onderwyl die HERE Sy wette vir die erediens gee, het Sy volk hul eie erediens ingestel!

## Die Goue Kalf

### § 104 Gode wat voor ons uit trek (Ex. 32 :1-6)

Terwyl Moses op die berg is, begaan die volk 'n sware sonde deur die tweede gebod te oortree. Hulle was aan 'n beproewing blootgestel waarteen hulle nie bestand was nie, naamlik om so 'n lang tyd, vir hulle gevoel altans, *alleen* te wees. Aäron en Hur was wel by hulle, maar die groot leier, Moses, is weg en hulle weet nie wat van hom geword het nie; en waar is die HERE? Daar is niks tasbaars van Hom nie.

In die tweede gebod het die HERE hulle verbied om beelde te maak. Dit is 'n unieke kenmerk van die diens van die HERE. Alle volke rondom Israel, Egipte ook, het godebeelde gehad. Die voorstelling wat hulle van hulle gode maak, word in die beelde sigbaar, tasbaar; die gode word in die beelde beheerbaar: hulle kan daar iets mee doen! In die beelde het hulle hul gode in hulle besit! Maar die verhewe God van Israel wil gedien word in gees en in waarheid - al is Hy ook juis besig in Sy opdragte aan Moses om Sy volk tegemoet te kom in 'n vorm van erediens wat vol simboliek is.

In Egipte het Israel aan die afgodediens meegedoen (Jos. 24:14). Wat het hulle in die woestyn? Die wolkkolom is daar, maar dit stel hulle nie tevrede nie. Hulle sien die HERE ook nie meer in blitse en rook en vuur nie. So kom hulle na Aäron met die versoek: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek.

Aäron kon teen die drang van die volk nie weerstand bied nie. Hy dink aan 'n kalf. Die stierbeeld was in die ou Ooste algemeen as godebeeld gebruiklik. Die in teelkrag sterke stier is beeld van die vrugbaarheid wat van die gode verwag word, sowel vir die gewasse as vir die vee en die mens self. Omdat die stierbeeld wat Aäron maak, nie so vreeslik groot was nie - dit was van goud - word van "kalf" gepraat.

Die toegeeflikheid van Aaron is onbegryplik, en van Hur lees ons niks. Aäron sê die volk moet hulle goue oorringe afruk. Miskien het hy die heimlike hoop gekoester dat dit vir die volk te veel gevra sou wees, maar hulle bring hul oorringe na hom, en hy maak daarvan 'n beeld van 'n kalf. Nog voordat Israel sy offergawe bring wat die HERE vra (25:3), bring hulle dit vir beeldediens. As die beeld klaar is, sê Aäron: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. Met "jou gode" bedoel hy die HERE, maar die grens tussen beeldediens en afgodery word maklik oorskry (Hos. 8:4, 5).

Aäron maak ook 'n altaar en rig 'n fees aan waarvan hy sê dat dit tot eer van die HERE is; op die fees word brandoffers geoffer en ook dankoffers gebring waarby maaltye gehou word. Daarna het hulle opgestaan om te speel. Van hierdie "speel" moet ons ons nie 'n te onskuldige voorstelling maak nie: die vrugbaarheidsdiens het met growwe uitspattinge gepaard gegaan (Num. 25:1-8).

## § 105 Die toorn van die HERE en die pleidooi van Moses (Ex. 32: 7-14)

Terwyl Moses nog by Hom op die berg is, deel die HERE hom mee wat die volk gedoen het en dat Hy in Sy toorn die volk wil verteer; dan sal Hy Moses tot 'n groot nasie maak. Dit is 'n verleidelik aanbod vir Moses, maar hy verwerp dit, en toon daarin sy ware priesterlike sin. Hy soek nie sy eie eer nie, maar dié van die HERE, en wat sou van die eer van die HERE word as die Egiptenaars uit die vernietiging van Israel sou aflei dat Israel deur sy God bedrieg is? Verder herinner Moses die HERE aan Sy beloftes aan die aartsvaders. Moses vergoelik dus nie wat die volk gedoen het nie; die gronde van genadebetoning lê nie in die volk nie, maar in die HERE alleen.

Ná die pleidooi van Moses het dit die HERE berou (vgl. § 31) oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy Sy volk sou aandoen.

## § 106 Moses straf die volk (Ex. 32 :15-30)

Ná die gesprek het Moses omgedraai en van die berg afgeklim met die twee tafels van die Getuienis in sy hand. Josua, wat Moses vergesel het (24:13), hoor die gejuig van die volk en dink aan oorlogsgeraas, maar Moses weet beter! (Josua was dus nie by die gesprekke met die HERE teenwoordig nie.) As Moses nader kom en die kalf en die koordanse sien, ontvlam sy toorn; hy gooi die tafels uit sy hande en verbrysel dit. (Dit was dus nie growwe klippe nie, maar fyn klipplate.) Vervolgens laat hy die beeld van die kalf verbrand en fynmaal en strooi dit op die water sodat die volk dit moet drink. Aäron word ter verantwoording geroep. Terwyl hy met sy skamele verdediging voor die dag kom (kyk ook Deut. 9:20), val Moses se oog op die bandeloosheid van die volk. Hier sien ons wat dit beteken dat hulle opgestaan het om te speel (§ 104). Aäron het dit opsetlik toegelaat sodat die sonde (waar hy in die diepste van sy hart teen was) in sy uiterste ontaarding sou optree "tot leedvermaak onder hulle teenstanders", d.w.s. dat dié wat daarop teen was, duidelike argumente sou hê om te verklaar dat so 'n sonde ontoelaatbaar was. Hierdie sondeval van Israel en die straf daarop was 'n middel om die volk die erns en die betekenis van die tweede gebod beter te laat verstaan. Die straf was swaar: Moses roep almal wat vir die HERE is na hom toe. Toe het al die seuns van Levi by hom versamel. Moses beveel hulle om 'n aantal mense-broer vriend en naaste-dood te maak. Op dié dag het daar van die volk omtrent drieduisend man geval. Moses was dus baie toornig op

die volk, maar as die straf voltrek is, kom sy priesteraard weer bo: hy wil weer na die HERE opklim; miskien, so sê hy, kan ek vir julle sonde versoening doen. Miskien! Moses het naamlik 'n plan; hy wil God 'n aanbod maak: Delg my, as dit nie anders kan nie, dan maar uit U boek wat U geskryf het (oor die boek, kyk Ps. 69:29; Jes. 4:3; Eseg. 13:9; Dan. 12: 1; Mal. 3:16; Fil. 4: 3; Openb. 3:5). Die vernietigingsoordeel dreig dus nog.

Die HERE gaan op die plan van Moses nie in nie. Wat sy gesindheid en offerbereidheid betref, is Moses ten volle 'n tipe van die Middelaar van die Nuwe Testament, maar wat sy persoon betref, ongeskik (kyk Heid. Kat., vraag 15-18). Maar hieroor praat God nie eens nie. Hy sê dat Hy uit Sy boek sal uitdelg wie teen Hom sondig. Op Sy tyd sal Hy die sonde van die volk oor hulle besoek.

## § 107 Die voortgesette pleidooi van Moses (Ex. 33)

Moses het met sy middelaarsaanbod wat die HERE nie wou aanneem nie, tog iets bereik - geen versoening nie: sy "miskien" (32:30) het nie in vervulling gegaan nie, wel egter dat die HERE sê: Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, My engel sal voor jou uit gaan.

Die trek na Kanaän kan dus voortgaan, maar hiermee is die breuk tussen die HERE en Sy volk nie herstel nie; alles is nie weer soos dit vroeër was nie. Die HERE sal 'n engel stuur, maar Hy self sal nie in die midde van die volk optrek nie. Hoe diep is die HERE gegrief deur die sonde met die goue kalf! Tot daardie tyd toe het die HERE wel saamgetrek; Hy het self neergedaal om Sy volk te laat optrek (3:8; 13:18) en hulle deur Sy guns gelei (15:13; 20:2). Maar nou wil God nie meer saamgaan nie; Moses moet dit maar doen met behulp van 'n engel. Dit is nie die Engel van die HERE nie (3:2), maar 'n engel van God. Die tabernakel hoef nou ook nie meer gemaak te word nie, want God woon nou nie meer in hulle midde nie; hulle kan nou somaar verder trek; en die wetstafels is ook verbreek!

Toe die volk dit hoor, het hulle getreur. Dit is tog 'n goeie teken. Hulle dink nie: ons sal dus tog nog in die beloofde land kom, die land wat oorloop van melk en heuning nie, nee, hulle treur oor die gemis van God self. Vir hulle is die toestemming om voort te trek soos dit nou gegee word, onheilspellend; om sonder God te wees, bring onheil! Hierdie houding van die volk het tot gevolg dat die HERE hulle weer toespreek en sê: Haal julle versiersels af. Dit is dan 'n teken van rou en boetvaardigheid. As Israel dit doen, sal God weet wat Hy sal doen. Die volk het toe hulle versiersels afgehaal, vanaf die berg Horeb op hulle verdere trek. As die volk dit doen, is dit weer Moses se geleentheid om sy pleidooi voort te sit. Om duidelik te maak hoe Moses dit kon doen, word beskryf hoe innig die gemeenskap tussen die HERE en Moses was. Moses het 'n tent gemaak, ver van die laer af, om daar met die HERE te verkeer. As hy daarin gaan, kom die wolkkolom af en staan by die ingang van die tent, en die Israeliete kyk Moses met eerbied agterna in die besef dat Moses ver bokant hulle almal staan in gemeenskap met die HERE. In die tent spreek die HERE dan met Moses soos 'n man met sy vriend. Dit is die tent van samekoms maar nie die tabernakel nie! Dit moes toe nog gemaak word! In daardie tent pleit Moses vir sy volk en ontleen sy vrymoedigheid aan die uitspraak van die HERE dat Hy Moses by die naam ken en dat hy in Sy oë genade gevind het. "En bedink tog," voeg hy daarby, "dat hierdie nasie U volk is." Nou sien ons hoe die HERE inderdaad met Moses spreek soos 'n man met sy vriend, want die HERE antwoord: Moet Ek self saamgaan om jou die rusplek te verskaf ? Dit klink asof die HERE wil beswyk vir die aandrang van Moses. Hy wil eintlik nie saamgaan nie, maar in hierdie vraag gee Hy Hom eintlik reeds gewonne. Daarvan maak Moses gebruik en sê vir Hom: As U nie self saamgaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie. Want daaruit moet bekend word dat ons, ek en U volk, genade gevind het in U oë en dat ons onderskeie is van elke volk wat op die aarde is.

Met oortuigende drang en eerbied spreek Moses. En hy wen! Die HERE sê: Ook hierdie versoek wat jy uitspreek, sal Ek doen. Moses het reeds baie bereik: die opheffing van die vernietigingsoordeel, die toestemming om verder te trek; nou ook dit: die HERE sal saamgaan! Steeds meer het die voorbidder Moses bereik. Nou wil hy ook die heerlikheid van die HERE sien! Maar nou vra hy te veel! Nie dat die HERE hom dit nie gun nie, maar omdat Moses dit nie kan verdra nie: Geen mens kan My sien en bly lewe nie. Die ontmoetings met God van aangesig tot aangesig, in die tent, was dus nog nie om God werklik te sien nie! Die HERE dink oor 'n middel om Moses tog iets te gee! Hy sal al Sy majesteit aan Moses laat verbygaan en voor hom die Naam van die HERE uitroep, d.w.s. in die heerlikheid van Sy wese verskyn - maar daarby genade betoon; Hy is immers genadig vir wie Hy genadig wil wees en ontferm Hom oor wie Hy Hom wil ontferm. Daarom sê Hy: Kyk, hier is 'n plek by My op Horeb waar jy op die rots kan gaan staan, en as My heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met My hand oordek totdat Ek verbygegaan het; as Ek dan My hand wegneem, sal jy My kan nastaar, maar My aangesig kan nie gesien word nie.

So beloof die HERE om aan Moses te gee wat moontlik was; en terwyl Hy in heerlikheid verbytrek, sal Hy Moses met Sy eie hand teen die oorweldigende glans van Sy majesteit beskerm.

## § 108 Die vernuwing van die verbond (Ex. 34)

Die eerste blyk van die herstelde verhouding is dat Moses nuwe kliptafels moet maak. Die HERE het die Tien Gebooie weer daarop geskryf (Deut. 10:1-6). Verder het die HERE Moses op die berg Horeb ontbied om Sy belofte van 33:21-23 aan hom te vervul. Terwyl Moses die HERE sien verbygaan, herhaal hy die bede dat die HERE in die midde van die volk moet saamgaan en dat Hy hul ongeregtigheid en sonde moet vergewe; dat Hy ook die volk as Sy erfdeel aanneem. Toe antwoord die HERE: Kyk, Ek sluit 'n verbond!

Weer, opnuut, sluit die HERE, ná die sonde met die goue kalf, 'n verbond en Hy verseker dat Hy dit sal bewys deur ontsagwekkende wonders wat Hy aan Israel sal doen (v. 10). By hierdie vernuwing van die verbond gee die HERE ook weer wette en sê: Onderhou wat Ek jou vandag beveel. As Hy Sy bevele gegee het, moet Moses dit opskryf, want volgens hierdie woorde het Hy die verbond met Moses en Israel gesluit. Hierdie wette staan in verse 11-25 en kan so ingedeel word dat hulle 'n tiental is, en daarom kan hierdie wette ook 'n dekaloog genoem word. Omdat hierdie wette veral op die erediens betrekking het - wat ná die sonde met die goue kalf begryplik is - word dan gepraat van die kultiese dekaloog.

Veertig dae en veertig nagte was Moses op die berg sonder om brood te eet of water te drink: die HERE het sy lewe in stand gehou! Toe hy van die berg afkom, het die vel van sy gesig geblink, en die volk was bevrees om naby hom te kom; daarom het hy 'n sluier oor sy gesig getrek (vgl. 2 Kor. 3:13).

## § 109 Die tabernakel (Ex. 35-40)

Ons kan die geskiedenis van die sonde met die goue kalf afsluit met die vermelding van die oprigting van die tabernakel. Dis 'n skerp teenstelling. God laat Hom nie in 'n beeld voorstel nie, dit is eiewillige godsdiens, maar Hy woon midde-in Sy volk, in die heiligdom. En nie voordat die sonde met die goue kalf vergewe is en die gebroke verbond vernuwe is, kan met die tabernakel begin word nie.

Vooraf gaan 'n herhaling van die sabbatsgebod. Daarna begin Moses met die opdrag van die offergawe (25:1-7). Sowel mans as vrouens het vrywillig (elkeen wie se hart hom opgewek het en elkeen wie se gees hom aangedryf het) gegee, meer as wat nodig was. Kunsvaardige

vroue het met eie hande die bokhaar en die kleurige stowwe gespin; ook het die diensdoende vroue wat (later, toe die tabernakel klaar was) by die ingang van die tent van samekoms gedien het, hulle koperspieëls afgestaan om daaruit die koperwasvat te laat maak (38:8; kyk ook 1 Sam. 2:22; 2 Kon. 23:7). Aan goud het die Israeliete nege-en-twintig talente en sewehonderd-en-dertig sikkels gegee; die silwer was honderd talente en duisend-sewehonderd-vyf-en-sewentig sikkels (1 talent = 3,600 sikkels); die koper sewentig talente en tweeduisend-vierhonderd sikkels. Net soos die HERE Moses beveel het, het die Israeliete onder leiding van Besaleël en Oholiab die hele werk volbring. Moses het dit bekyk (39:43) en goedgekeur. Toe volg die mooi werk om die tabernakel op te rig en al die voorwerpe te rangskik; om die priesters te reinig en te klee en alles met die salfolie te heilig.

So het Moses dan die werk voltooi. Toe het die wolk die tent van samekoms (die tabernakel) oordek, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie. So is dit later ook by die inwyding van die tempel (1 Kon. 8:11) en toe God Sy intrek geneem het in Sy Nieu-Testamentiese gemeente (Hand. 2:4a), 'n woning van God in die Gees! (Ef. 2 :22).

## Van Sinai na Kades

### § 110 Die boek Levitikus

Nadat die boek Exodus met die berig van die voltooiing van die tabernakel geëindig het,' begin die boek Levitikus met wette insake die offers wat tot die erediens behoort: die brandoffer, die spysoffer, die dankoffer, die sondoffer, die skuldoffer (hfst. 1-7); daarna volg voorskrifte vir die priesterdiens (hfst. 8-10), oor reinheid van diere en mense (hfst. 11-15). Hoofstuk 16 beskryf die seremonieel van die groot versoendag; hoofstukke 17-26 bevat wette oor die erediens en sedemisdrywe; hulle word dikwels saamgevat onder die naam "heiligheidswet". Ook die laaste hoofstuk bevat wette. Uit sommige bepalinge in hierdie wette blyk duidelik dat hulle afgekondig is in die woestyn en tydens die verblyf in die laer (4:12, 21; 9:11; 16:21-28); dit word trouens in 26:46 en 27:34 uitdruklik gesê.

Die betekenis van al hierdie wette is, in die algemeen gesê, dat hulle die versoening deur Christus afbeeld: Hy is die einde van die wet (Rom. 10:4). 'n Voortgang van die geskiedverhaal vind ons dus in die boek Levitikus nie, slegs 'n paar los feite. Ten eerste (10:1-5) die oortreding van twee seuns van Aäron, Nadab en Abihu, wat vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring het, wat Hy hulle nie beveel het nie. Dit het gebeur op die dag toe Aäron sy eerste offerandes gebring het (kyk hfst. 8 en 9). Sy seuns, wat kort gelede met Aäron en Moses aan die Dis van die Verbond (§ 102) aangesit het, het hulle nie nougeset aan die voorskrifte van die erediens gehou nie; dit word uitgedruk in die woorde "vreemde vuur". God is streng met Sy erediens en haat eiesinnige godsdiens (Kol. 2:20-30). Oombliklik, terwyl hulle besig is, het die HERE hulle gedood. Hulle het kinderloos gesterf, en die priesteramp is daarna bedien deur die twee ander seuns van Aäron, naamlik Eleasar en Itamar (1 Kron. 24:2). Ten tweede verhaal hierdie boek van die sonde van die seun van 'n Egiptiese man en 'n Israelitiese vrou wat by 'n vegparty die NAAM gelaster het. Op bevel van die HERE moet die godslasteraar buitekant die laer gebring word en moet die hele vergadering hom stenig (24:10 e.v.). Só oordeel die HERE oor godslastering!

### § 111 Die optog na Paran (Num. 10 :11-36)

In die tweede jaar, in die tweede maand, op die twintigste van die maand, het die wolk opgetrek van die tabernakel van die Getuienis af. Met hierdie berig sit die boek Numeri, nadat dit eers nog 'n tiental hoofstukke bevat met wette wat aansluit by dié van Levitikus, die

geskiedverhaal voort (10:11). Dat die wolk optrek, is die teken om te vertrek. Dit is nou ongeveer 'n jaar ná die aankoms by Sinai. In 'n vaste volgorde, waarby rekening gehou word met die take van verskillende stamme ten aansien van afbreek, vervoer en weeropbou van die tabernakel en sy heilige voorwerpe, trek die volk op (v. 14-28). Moses het by die opmars altyd plegtige sinjaalwoorde gespreek; as die ark wegtrek, het hy gesê:

> Staan op, HERE, dat U vyande verstrooi kan word
> en U haters voor U aangesig kan vlug;

en as dit rus, het hy gesê:

> Keer terug, HERE, na die tienduisende
> van die duisende van Israel.

Die tog gaan na die woestyn (steppe) Paran, dus in noordelike rigting, reguit na Kanaän, waarvandaan hulle die Suidland (Negeb) eerste sal bereik. Hobab, die seun van Rehuel, die Midianiet, swaer van Moses (broer van Sippora), gaan saam (Rigt. 1:16; 4:11).

## § 112 Tabera (Num. 11:1-3)

'n Tog deur die woestyn is moeilik en swaar; die volk meen dat dit sleg met hulle gaan. Toe die HERE hulle klagtes hoor, het Sy toom ontvlam en die vuur van die hemel (bliksemstrale) het onder hulle gewoed; tente aan die kant van die laer het gebrand. Op die gebed van Moses het die vuur doodgegaan. Hulle het die plek Tabera (= brandoord) genoem.

## § 113 Kibrot-Hattaäwa (Num. 11: 4-35)

Net soos ongeveer 'n jaar tevore, kom Moses voor die voedselprobleem te staan. Tog was dit glad nie so ernstig as die vorige keer nie (Ex. 16); toe kon inderdaad van 'n probleem gespreek word, maar die HERE het dit toe grondig opgelos, deur die manna te gee. Ook in die geskiedenis van Numeri 11 is daar geen sprake van gebrek aan brood nie; breedvoerig word van die manna vertel! Maar daar was nie vleis nie! Dit was veral die gemengde bevolking (Ex. 12:38) wat oor hierdie gemis gekla het, en toe het die Israeliete ook weer begin murmureer en vleis gevra. Hulle verlang weer na die vleispotte van Egipte. Dit gaan hierdie keer net om 'n lus waarmee die gemengde bevolking bevange was en die Israeliete laat hulle meesleep. Wat egter hierdie voorval so droewig maak, is dat Moses self deur hierdie gebeurtenis tot swakheid en wanhoop verval het. Voor God staan nie net 'n murmurerende volk nie, maar ook 'n murmurerende Moses! Hy murmureer omdat die las vir hom te swaar word; as hy dit nog langer moet dra, is dit beter dat God hom maar doodslaan, so sê hy.

Die HERE moet nou dus twee dwalendes teregbring: die volk én Moses. Hy behandel Moses eerste. Hy sal sy taak verlig. Moses moet sewentig manne uit die oudstes van Israel by die tent van samekoms bring; dan sal die HERE van die Gees wat op Moses is, afsonder en op hulle lê; dan sal hulle Moses help. Wat 'n beskamende oplossing vir Moses! Duidelik blyk dat die Gees wat op Moses was, genoeg was, maar hy self het moeg geword om die Gees te benut. Met die sewentig owerstes wat Jetro hom aangeraai het, was dit anders (Ex. 18:21). Daar het dit gegaan om tydsbesparing en verkleining van die omvang van die werk; nou gaan dit om die intensiteit van die leierskap waarvoor die HERE aan hom genoeg Gees gegee het. Dit moet hy nou met ander manne deel.

Moses maak die manne bymekaar. Die HERE het toe van die Gees wat op Moses was, op hulle gelê; en terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer, d.w.s. in geestesvervoering geraak. Twee van die sewentig, Eldad en Medad, het in die laer agtergebly, en hulle het in die laer geprofeteer; nie by die tent van samekoms nie, maar in die laer! Die werking van die Gees is nie aan die heiligdom gebind nie! Josua *meen* dat Moses dit moet belet, maar Moses

vind dit juis goed. Hy sê: Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE Sy Gees oor hulle mag gee! Wat Moses hier - profeties - wens, is deur Joël geprofeteer (2:28) en op die Pinksterdag vervul.

Wat die volk betref, gee die HERE oorvloed van vleis - nie genoeg nie, maar te veel; nie in Sy goedgunstigheid nie, maar in onguns. Daar kom weer kwartels (vgl. Ex. 16); terwyl hulle gulsig daarvan eet, het die HERE baie van hulle gedood. Hulle grafte word Kibrot - (= grafte) Hattaawa (= lus, v. 4) genoem. Van daar het die volk na Haserot getrek.

## § 114 Haserot (Num. 12)

Hier ondervind Moses die nyd en afguns van sy eie broer en suster, wat vir hom pynliker was as die ondankbare houding van die volk. Aäron en Mirjam was altwee ouer as Moses; altwee het bygedra - so het hulle dit seker beskou - om van Moses te maak wat hy was: Mirjam het met die dogter van die Farao gepraat, en Aäron moes as woordvoerder by die Farao optree. Ook het Mirjam by die koordanse van die vroue as profetes (Ex. 15:20) die refrein gesing. Nou hinder dit hulle dat Moses hulle oortref in waardigheid en eer, dat hulle nie met hom gelyk staan nie. Hulle druk hulle misnoeë uit in die vraag: Het die HERE dan maar alleen met Moses gespreek? Het Hy nie ook met ons gespreek nie?

So 'n wrok ontstaan nie in een dag nie, maar het al 'n tyd lank die hart van Mirjam en Aäron, veral van Mirjam, vervul. Een enkele feit kan egter veroorsaak dat verborge gevoelens tot uitbarsting kom. Dit het ook hier gebeur: Moses het 'n Kusitiese vrou geneem, en toe het hulle met Moses begin praat.

Kus lê ten suide van Egipte, en die Kusligte is swart van vel (Jer. 13:23). Volgens Joodse verhale was hierdie vrou 'n Ethiopiese koningsdogter; dit lê egter meer voor die hand dat Moses haar onder die gemengde bevolking gevind het. Die ontstemming van Mirjam en Aäron is begryplik; tog is dit maar 'n voorwendsel van hulle aanval op Moses, en die HERE wat dit gehoor het, gaan dan ook nie daarop in nie - wat sy gedagte oor die huwelik van Moses is, verneem ons nie. Hy gaan in op die eintlike moeilikhede: die afguns! In 'n wolkkolom het die HERE neergedaal en by die ingang van die tent gaan staan en Aäron en Mirjam geroep. Hy wys hulle op die unieke posisie van Moses (Ex. 33:11): " . . . in My hele huis is hy getrou." Aan gewone profete skenk God openbaring deur gesigte of drome, duistere woorde, maar met Moses spreek Hy van mond tot mond en deur aanskouing; hy sien die verskyning van die HERE. Hoe het Aäron en Mirjam dit gewaag om teen Sy kneg Moses te spreek!

Met hierdie woorde van die HERE word Moses, ná die aantyging van Aäron en Mirjam en ook ná sy eie swakke houding by Kibrot-Hattaäwa, ten volle gerehabiliteer. Self het hy niks gesê nie; die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem. Maar God het vir hom gespreek - en gehandel: as die HERE weggaan, is Mirjam melaats! Die HERE het geweet dat sy die hoofskuldige was; Aäron het hom laat meesleep net soos in die sonde met die goue kalf.

Moses het toe vir Mirjam gebid, en die HERE het die gebed verhoor, maar sy moet sewe dae buite die laer afgesonder wees. Toe sy weer opgeneem is, het die volk van Haserot af weggetrek.

## § 115 Die twaalf verkenners (Num. 13,14)

Toe Israel in Paran aankom, word op bevel van die HERE (kyk ook Deut. 1:22, 23) twaalf manne - uit elke stam een - uitgestuur om die land te verken. Die plek waarvandaan hulle vertrek en waarheen hulle ook weer terugkeer, is Kades, in die woestyn Paran. Volgens Num.

20:1 lê Kades in die woestyn Sin ('n ander Sin as dié van Ex. 16:1; die skryfwyse is ook verskillend; in Exodus Sin; hier Zin). Die woestyn Sin (Zin) kan beskou word as die 'noordelikste deel van die woestyn Paran. Kades (wat "heiligdom" beteken) lê in die suide, naby Palestina. Dit was 'n plek met waterbronne en deur berge omsluit (ook ruim genoeg om aan die Israeliete woonplek te bied en weiding te verskaf. in Genesis 14 word die plek En-Mispat genoem (= Regsbron - 'n plek waar woestynstamme hulle regsgedinge besleg het?).

Tot die twaalf verkenners behoort Josua, wat van sy jeug af die dienaar van Moses was. Hy was van die stam van Efraim. Al twaalf was owerstes in hulle stamme.

Die verkenners het deur die Negeb (Suidland) gegaan en by Hebron gekom. Hebron was 'n baie ou stad, sewe jaar ouer as die Egiptiese stad Soan (in Grieks Tanis genoem), wat as hoofstad van die Hyksos Avaris genoem is. Maar reeds lank voor die Hyksos was Soan 'n belangrike stad. Hebron kan op nog groter ouerdom boog. Soan het sy eie tydrekening gehad, soos blyk uit die sg. vierhonderd-jaarsuil van Ramses II, wat daar gevind is. Dit verklaar waarom die ongeveer ewe oue Hebron volgens Soan se stigting gedateer word. In die dae van Abraham het Amoriete en Hetiete daar gewoon (Gen. 14:13; 23:3); die verkenners tref daar Enakiete aan; hulle vader was Arba (Jos. 15:13), en daarom word Hebron ook Kirjat-Arba (= die stad van Arba) genoem. In die omgewing van Hebron vind die verkenners baie groot druiwetrosse in die dal Eskol (= druiwe-dal); miskien herinner die naam nog aan die bewoners uit die tyd van Abraham (Gen. 14:13). Noordwaarts het die verkenners getrek tot by die ingang van Hamat (Num. 34:8). Ná veertig dae het hulle teruggekeer.

Hulle rapport oor die land is baie gunstig: die land loop oor van melk en heuning! Dit is 'n algemene uitdrukking om die rykdom aan landbouprodukte van 'n land aan te dui; in 16:13 word dit ook van Egipte gesê. Die verkenners het van die vrugte van die land saamgeneem om dit aan hulle te toon. Van die mense sê hulle dat hulle sterk is en dat hulle in groot en sterk stede woon. En dan voeg hulle by: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons. Hierdie gevolgtrekking is uit ongeloof gebore! Maar op die volk maak dit 'n verpletterende indruk. Hulle is ook ongelowig en vrees die ergste: neerlae waarin hulle deur die swaard val, terwyl hulle vroue en kinders 'n buit van die vyand sal word. Hulle sê vir mekaar: Laat ons 'n hoof aanstel en na Egipte teruggaan!

Twee van die verkenners, Josua en Kaleb, probeer om die volk tot 'n ander insig te bring en sê: Die HERE is met ons; en die volk van die land is ons spys (14:9), d.w.s. ons sal hulle opeet soos 'n stukkie brood (vgl. 22:4; Ps. 14:4). Hul gelowige en bemoedigende woorde maak egter nie indruk nie. Die hele vergadering maak aanstaltes om hulle te stenig.

Op hierdie kritieke moment verskyn die heerlikheid van die HERE in die tent van samekoms voor al die kinders van Israel. Die HERE spreek met Moses en sê: Hoe lank sal hierdie volk My verag? Ek sal hulle met die pes tref en uitroei; en Ek sal jou 'n groter en sterker nasie as hulle maak. So het die HERE ook gespreek ná die sonde met die goue kalf (Ex. 32:10). Die misdaad is nou weer net so groot. Weer het Moses vir die volk gepleit en gesê: Vergeef tog die ongeregtigheid van hierdie volk na die grootheid van U goedertierenheid. Toe sê die HERE: Ek vergewe, volgens jou woord. Hierdie woorde klink asof dit maar maklik gegaan het, maar as Moses later die geskiedenis weer vertel, sê hy dat hy veertig dae en veertig nagte voor die aangesig van die HERE neergeval het (Deut. 9:25-29).

Die vergewing sluit nie in dat die HERE die volk nie sal straf nie (vgl. ook Ex. 32:34). Hy sal nie straf met vernietiging van die hele volk nie, maar wel sal die geslag wat geweier het om op te trek, in die woestyn sterwe: al hulle geteldes, van twintig jaar oud en daarbo; hulle kinders sal egter in die land inkom. Groot was die sonde van Israel. God noem dit hoerery (14:33). Die volk het God mos verag (14:11), en die verhouding tussen God en die volk was

soos dié van 'n huwelik (kyk die profesie van Hosea)!

Veertig jaar - die duur van 'n mensegeslag - stel God as die tyd waarin die onwillige geslag vervang sal word deur dié van hulle kinders (Deut. 2:14 noem 38 jaar). Die tien verkenners is die eerste wat getref word; Josua en Kaleb het egter in die lewe gebly.

As die volk die vonnis hoor, wil hulle plotseling wél gehoorsaam wees en optrek na die plek wat die HERE gesê het, want - so erken hulle - ons het gesondig! Moses sê dat hulle dit nie moet doen nie: dit sou 'n nuwe ongehoorsaamheid wees. Die HERE het juis beveel dat hulle moet omdraai, die woestyn in, op pad na die Skelfsee (dit is hier die Golf van Akaba); as hulle na Kanaän optrek, sal die HERE nie met hulle wees nie en sal hulle deur die swaard val. Hulle het egter tog daarheen getrek, nie in geloof nie maar in vermetelheid. Die verbondsark en Moses het nie saamgegaan nie. Toe het die Amalekiete wat daar gewoon het en die Kanaäniete (of Amoriete, Deut. 1:44) gekom en die Israeliete verslaan en hulle agtervolg soos die bye maak (Ps. 118:12) en hulle verstrooi in Seïr tot by Horma (kyk ook 21:3).

## Verblyf in Kades en Omgewing

### § 116 Oproer van Korag, Datan en Abiram (Nuin. 16)

Ná die neerlaag by Horma het Israel baie dae in Kades gebly (Deut. 1:46). Hierdie plek was seker die sentrale punt van hulle omswerwinge. Oor hierdie lang periode word weinig meegedeel, slegs enkele feite en hoofsaaklik wette. Die sabbatswet kry sterk nadruk in die verhaal van die man wat op die sabbat hout bymekaargemaak het en op bevel van die HERE gedood moes word (15:32-36).

Die belangrikste en tewens ook die ernstigste gebeurtenis uit hierdie periode is die oproer van Korag, Datan en Abiram, 'n sameswering van twee groepe; die een groep is dié van Korag, 'n Leviet, wat Aäron die priesterskap betwis en die amp ook vir hulself begeer; die ander groep is dié van Datan en Abiram, Rubeniete, wat Moses se leierskap betwis op grond van hulle afkoms van die eersgebore seun van Jakob. Die twee groepe het dus verskillende griewe, maar kom hierin ooreen dat hulle Moses en Aäron hul vername posisies misgun. Hulle het 'n aanhang van tweehonderd-en-vyftig man, owerstes, ook leidende persone in die volksvergadering, die elite van Israel. Nie die gewone man nie maar die aansienlikes is afgunstig en heerssugtig. Gesamentlik kom hulle op teen Moses en Aaron en verwyt hulle dat hulle hul oor die vergadering van die HERE verhef.

Hierdie argument van hulle het 'n skyn van waarheid, want die HERE het by die verbondsluiting beloof dat Israel vir Hom 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie sou wees. In die eerste plek is hierdie ideaal egter nog lank nie vervul nie, en in die tweede plek gebruik hulle die woorde van die HERE nie ter wille van almal nie, maar net om hulself in die bevoorregte posisie te plaas. Dat ons met twee groepe te doen het, blyk uit verskillende Skrifplekke waar òf die een òf die ander groep afsonderlik genoem word (kyk Deut. 11:6 en Ps. 106:17, waar van Datan en Abiram, en Num. 27 :.3 waar van Korag gewag gemaak word). Moses het dan ook die twee groepe afsonderlik behandel. Eers wend hy hom tot Korag en bestraf hom dat hy nie tevrede is met die beskikking van God dat die Leviete die dienswerk in die tabernakel mag verrig nie, maar dat hulle ook die priesteramp begeer. Moses deursien hul eersugtige bedoeling. Maar hy weet dat die HERE Aäron en sy seuns geheilig het om die priesterskap vir Hom te bedien (Ex. 29:44). Laat Korag en sy bende egter maar kom en vuurpanne saambring om reukwerk voor die HERE te offer, sê Moses, dan sal ons sien wie die HERE uitkies om heilig, d.w.s. kulties heilig, "georden", te wees! Die voorreg om priester te wees, word nie deur eie strewe nie maar deur verkiesing verkry.

Moses laat die beslissing dus in die hande van God deur 'n ordale, 'n Godsoordeel, uit te lok; hy doen dit in die oortuiging dat die HERE self vir sy priester Aaron sal opkom. In hierdie oortuiging is Moses nie beskaam nie: as Korag en sy bende brutaal met vuurpanne by die tent van samekoms verskyn, het 'n vuur van die HERE uitgegaan en hulle almal verteer.

Inmiddels het Moses hom ook tot Datan en Abiram gewend. Hy laat hulle roep, maar hulle weier om te kom. Hulle antwoord net dat Moses hulle uit die een land wat oorloop van melk en heuning (Egipte) weggevoer het, maar nie na die ander land wat oorloop van melk en heuning (Kanaan) gebring het nie. Hulle beskuldig Moses ook van baasspelery. Toe het Moses baie kwaad geword; baie kwaad! Dit staan net hiér (Ex. 32:19). Sulke bitsige woorde is nog nooit vantevore tot hom gespreek nie, ook nie deur Mirjam en Aaron nie (12:2). Moses het toe aan die HERE gesê: Sien hulle offer nie aan nie, d.w.s. siuit hulle uit uit U gemeenskap en genade.

Moses het daarop self na Datan en Abiram gegaan. As hy by hulle tente is, kom hulle met hul vroue en seuns en kindertjies buitekant om Moses te trotseer. Die toestand raak nou baie gespanne! Wat kan Moses teen hulle doen? In die sterk besef van sy roeping laat hy ook hier die beslissing aan God en sê: As julle op 'n gewone en natuurlike manier sterwe, soos alle mense, dan het die HERE my nie gestuur nie; maar as daar iets besonders gebeur en die grond sy mond oopmaak om julle te verslind sodat julle lewendig na die doderyk afdaal, dan het julle die HERE verag.

Die HERE laat Sy kneg nie in die steek nie: die grond onder hulle skeur en verslind hulle met hul huisgesinne. In die geval van Korag is die seuns egter gespaar (26:11). Van hulle is die Koragiete afkomstig, wat later drumpelwagters was (1 Kron. 9:19) en deur Dawid aangestel is vir die leiding van die sang in die huis van die HERE (1 Kron. 6: 22,31).

Die volgende dag blyk dit dat die gees van opstandigheid die hele volk aangetas het en dat hulle dit ondanks die Godsoordele vir die getroffenes opneem. Hulle verwyt Moses en Aaron dat hulle die volk van die HERE gedood het. Toe wou die HERE hulle in 'n oomblik verteer en stuur daarvoor 'n plaag wat onmiddellik slagoffers verg. Haastig gaan Aaron toe uit met 'n vuurpan vol reukwerk om vir die volk versoening te doen; hy staan met sy reukoffer tussen die dooies en die lewendes. Die plaag het toe opgehou, maar veertienduisend-sewe-honderd mense het tog gesterf!

Die indruk wat al hierdie gebeurtenisse op die volk maak, staan uitgedruk in die slotverse van die volgende hoofstuk, wat ook nog tot die verhaal van die opstandsbeweging behoort. Hulle sê vir Moses: Kyk, ons sterwe, ons vergaan, ons almal vergaan! Elkeen wat enigsins nader kom na die tabernakel van die HERE, sal sterwe. Is ons dan geheel en al daarvoor bestem om weg te sterwe? Daar is by die volk geen berou, geen troos in versoening nie, maar wanhoop en vrees vir straf en gerig.

## § 117 Die staf van Aäron (Num. 17)

Intussen het die HERE tog deur 'n lieflike wonderteken bevestig dat die priesterskap vir Aäron is en tegelykertyd laat sien dat dit nie dooie vormlikheid is nie maar dat dit leef en bloei en vrug dra.

Elke stam van Israel moet 'n staf, 'n stok uit 'n tak gesny, neem en dit wegsit in die tent van samekoms voor die Getuienis, waar God met die volk saamkom. Die staf van die man wat God uitkies, sal in een nag bloei. Elke stam moet sy naam op sy staf skryf en op die staf van Levi moet die naam van Aäron geskryf word. Toe Moses die volgende dag in die tent van die Getuienis ingaan, kyk, daar het die staf van Aäron gebloei: dit het bloeisels laat uitspruit en blomme laat oopgaan en amandels laat ryp word! Die lewe wat die HERE deur versoening wil

gee, word dus in die staf van Aaron gesien. Hy is die priester wat God gekies het.

Dit is Christus wat die versoening bewerk, maar reeds in die simboliek van die priesterskap van Aäron is die vrug van die werk van Christus afgebeeld as iets wat lieflik is en skoon soos 'n blom. In die goue kandelaar met sy stam en kelkies en knoppe en amandelblomme (Ex. 25:31-36) - beeld van die gemeente van Christus (Openb. 1:20) - word dieselfde gedagte tot uitdrukking gebring. Tereg word van die Bruid gesê: Hoe mooi is u tog, my beminde, ja, lieflik (Hoogl. 1:16). Donker steek die murmurerende volk in die woestyn teen hierdie toekoms af. Maar die HERE laat Sy doel nie los nie. In die heerlike einde sal Hy bereik wat Hy met die staf van Aäron afgebeeld het.

## § 118 Meriba (Num. 20:2-13)

Eendag was daar nie water vir die volk Israel nie. Dit was waarskynlik teen die einde van die jarelange verblyf in die woestyn, want dit is die laaste gebeurtenis wat ons daarvan meegedeel word, en hierna volg (v. 14) die begin van die opmars na Kanaän. Baie Israeliete het by dié tyd al in die woestyn gesterf en 'n jonger geslag het opgegroei. Israel bly egter 'n murmurerende volk. Hulle twis met Moses en Aäron oor die watergebrek en sê: Ag, het ons tog maar gesterwe toe ons broers voor die aangesig van die HERE gesterf het! Die gemor kom dus blykbaar van die ouer mense af, en ons hoor weer die ou ondankbare klanke oor die voortreflikheid van Egipte.

Moses en Aäron gaan na die ingang van die tent van samekoms en hulle het op hul aangesigte geval; toe verskyn die heerlikheid van die HERE, nie in toom nie maar in lankmoedigheid en goedheid. Hy sê aan Moses en Aäron hoe hulle water moet verskaf. Die HERE het baie van die volk verdra. Soms wou Hy hulle wel verdelg, maar op die middelaarsgebed van Moses het Hy altyd weer genade betoon (14:18). Hierin betoon Hy Sy goedertierenheid wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe en wat Hy vandag nog bewys aan Sy gemeente, waarvoor Christus bid (Rom. 8:34). Die houding van die volk het egter ook hoë eise aan Moses gestel. Hy is daardeur as middelaar (Gal. 3:19) op die proef gestel. Een keer het hy reeds sy swakheid laat blyk (Num. 11) sonder om egter 'n groot oortreding te begaan. Nou, by Meriba, het hy in ergernis oor die volk wel 'n groot oortreding begaan. Die volk het hom vertoorn, en dit het met Moses sleg gegaan om hulle ontwil (Ps. 106:32). Wat Israel betref, was die gebeurtenis by Meriba een uit baie, maar wat Moses en Aäron betref, het hierdie voorval vir hulle 'n besonder ernstige betekenis gekry.

Die HERE het Moses beveel om die staf (Ex. 4:17) te neem, die vergadering by die rots te laat byeenkom en dan met die rots te praat voor die oë van die volk. Dan - so sê die HERE - sal hy sy water gee. Nadat die volk by die rots byeengekom het, spreek Moses die volk toe en sê: Hoor tog, julle wederstrewiges, moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei? Daarop te! Moses sy hand op en hy slaan die rots twee maal met sy staf.

Moses doen nie presies wat die HERE gesê het nie. Hy praat nie met die rots nie, maar met die volk, en op die rots slaan hy. Oor hierdie oortredinge mag Moses - en Aäron - die volk Israel nie in die land wat die HERE hulle gee, inbring nie. Dit was 'n swaar straf! Ná so baie jare van moeite en stryd mag hulle die eindresultaat nie aanskou nie. Deur sy sonde is Moses nie die middelaar wat die volk in die land van belofte kon binnelei nie.

Was die sonde van Moses dan so groot?

Hy het die heiligheid van God te kort gedoen! Die HERE sê dit duidelik: Julle (Moses en Aaron) het nie in My geglo om My voor die oë van die kinders van Israel te heilig nie! Moses het nie gehandel deur die geloof nie, maar volgens sy eie aandrange, en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Hebr. 11:6; kyk ook Rom. 14:23). As Moses deur die geloof

gehandel het, sou hy die heiliging van die HERE beoog het. Nou het hy dit nie beoog nie en ook nie bewerk nie. Dit is die ernstige gevolg van sy ongeloof: hy het die HERE nie voor die oë van die volk geheilig nie. Ook op ander plekke in die Skrif word die sonde van Moses (en Aáron!) so omskryf: Num. 27:14 en Deut. 32:51. Die ongeloof was wederstrewigheid, ook by Aaron, teen die wil van die HERE (Num. 20:24). Moses het die volk wederstrewiges genoem (v. 10). Hulle was dit! Maar die HERE het hom nie opgedra om dit te sê nie. Nou is Moses en Aaron self wederstrewig en ontvang hulle dieselfde straf as die volk. Moses, die middelaar, Aaron, die hoèpriester, steek gradueel wel ver bo die volk uit, maar hulle is in wese nie anders as die volk nie. Daarom kan hulle die eintlike middelaar, die eintlike hoëpriester nie wees nie. Hul tekortkomings is 'n roep om Christus, die eintlike Verlosser wat wel mens is soos ons - maar 'n regverdige mens.

Deur hierdie voorval kry ons 'n diep insig in die heiligheid van God. Hoog stel Hy sy eise; lees Lev. 10:4!

Uit die rots het water gevloei. Die volk is tevrede, maar die HERE nie. Hy wou nie net water gee nie, maar ook Sy heiligheid toon, net soos met die manna (Ex. 16:7). Deur die sonde van Moses het sake anders verloop!

## Van Kades af op Mars na die Oos-Jordaanland

### § 119 Boodskappers na Edom (Num. 20 :14-21)

In Num. 20:14 begin die verhaal met 'n nuwe tydvak in die geskiedenis van die woestyntog: Moses stuur boodskappers na die koning van Edom met die versoek om deur sy land te mag trek.

Die verblyf in Kades en omgewing (§ 116-118) en die rondtrekkery om die gebergte van Seïr (Deut. 2:1) kan beëindig word - dit het nou lank genoeg geduur (Deut. 2:3); die straftyd is verby!

Moses beloof Edom dat Israel nie deur lande of wingerde sal trek nie, maar dat hulle die koningsweg sal hou. Die "Koningsweg" is 'n baie ou verkeersweg van Akaba by die Skelfsee deur Edom, Moab, Gilead en Basan na Sirië, reeds deur die konings van Genesis 14 gebruik en vandag nog in stand gehou.

Edom is dus nie meer 'n nomadevolk nie, maar het 'n kultuurvolk geword. Hulle het ook 'n koning (v. 14; vgl. Gen. 36:31-40). Hulle weier om Israel deur hulle land te laat trek. Nou moet Israel om die land heen trek, want die HERE het hulle uitdruklik verbied om teen Edom te veg (Deut. 2:5). Die HERE het aan Edom die gebergte Seïr as 'n besitting gegee. Desondanks het die Edomiete met baie manskappe uitgetrek om die Israeliete te keer. Edom het altyd 'n vyandige houding teen sy broedervolk aangeneem (Am. 1:11; Ob. v. 10-14).

## § 120 Die dood van Aäron (Num. 20:22-29)

Êrens op die grens van Edom lê die berg Hor. As Israel daar aankom, spreek die HERE tot Moses en Aäron en sê dat hulle en ook Eleasar, die seun van Aäron, op die berg Hor moet klim. Op die top van die berg sal Aäron sterwe; dan moet Moses Aäron se klere uittrek en dit vir Eleasar aantrek. Hierdeur word Eleasar aangewys as die wettige opvolger van Aäron in die amp van hoëpriester (Deut. 10:6).

Aäron mag die beloofde land nie binnegaan nie (v. 12). Die HERE ontneem hom daarom die lewe. Later het dit ook met Moses gebeur (Deut. 34:5). Mirjam het reeds eerder gesterwe (v. 1). Volgens Num. 33:38, 39 het Aäron gesterf in die veertigste jaar ná die uittog uit Egipte; hy was toe honderd-drie-en-twintig jaar oud (vgl. Ex. 7:7).

Die hele huis van Israel het Aäron dertig dae lank beween.

## § 121 Die koning van Arad (Num. 21:1-3)

Op hulle tog na die suide om óm Edom te trek, is Israel vanuit die noorde aangeval deur Kanaäniete uit die Suidland (Negeb). Hulle aanvoerder is die koning van Arad, ses uur te voet ten suide van Hebron. Hy het teen Israel geveg en sommige van hulle as gevangenes weggevoer. Hierdie keer is Israel deur die regte gees besiel: hulle doen 'n gelofte aan die HERE, naamlik dat hulle hierdie Kanaäniete met die banvloek sal tref as die HERE hulle heeltemal in die hand (= mag) van Israel sal gee. Dit is dieselfde gees wat Israel by die verowering van Kanaän vervul het. Hierin spreek die besef dat hulle die volk van die HERE is en hulle saak die saak van die HERE self is. Vandaar ook die "banvloek", wat beteken dat geen buit of veroweringe tot eie voordeel gemaak sal word nie, maar dat alles deur algehele vernietiging aan die HERE self gewy word. Die HERE het gehoor na die stem van Sy volk en die Kanaäniete in hulle hand gegee. Dit was by Horma. Ongeveer veertig jaar tevore het Israel daar 'n neerlaag gely! (Num. 14:5).

## § 122 Die koperslang (Num. 21: 4-10)

Israel trek daarna verder suidwaarts, maar die weg om Edom heen, heeltemal na die Skelfsee (in hierdie geval die oostelike seearm van die Rooi See, die golf van Akába, waar Elat lê) is lank en die siel van die volk het op die pad ongeduldig geword. Hulle laat weer die ou klanke hoor, nl. dat dit in Egipte beter was. Ongetwyfeld is hier die oorgeblewenes van die ou geslag wat Egipte nog geken het, aan die woord. Hulle moet volgens die oordeel van Num. 14:26-35 nog in die woestyn sterwe. Deur hulle optrede bring hulle die uitvoering van die vonnis naby (Deut. 2:16). Besonder krenkend vir die HERE was dat hulle die manna waarmee God hulle daagliks gevoed het, verag en dit ellendige kos noem waarvan hulle siel walg.

Die HERE straf met giftige slange wat die volk gebyt het, sodat baie van die volk gesterf het. In hierdie strafmaatreël sluit die HERE by natuurlike omstandighede aan: in die Sinaïtiese skiereiland was baie slange. Die HERE kan Sy volk daarteen beveilig (Deut. 7:15), maar hulle ook daaraan blootstel. Dit doen Hy hier om die oproeriges te straf (1 Kor. 10:9). Die slang tree hier op as die aartsvyand van die mens in natuurlike opsig (Gen. 3:15). Deur die slangplaag kom die volk tot berou en vra Moses dat hy tot die HERE moet bid dat Hy die slange wegneem. Die HERE verhoor die gebed op 'n sinryke manier. Moses moet so 'n slang namaak. Hy doen dit van koper (brons). Blykens die reisroete van Israel, soos vermeld in Numeri 33, was Israel toe in Punon (v. 43; vgl. 21:10), en Punon is bekend vir sy mynwerke. (Eeue later, gedurende die Christenvervolginge onder keiser Diokletianus, moes martelare daar nog dwangarbeid verrig.) Dit verklaar waarom Moses die slang van brons gemaak het.

Die HERE beveel dat Moses die koperslang op 'n paal moet sit; dit beteken dat die slang magteloos is! Elkeen wat gebyt is en na dié simbool kyk, sal lewe - so beloof die HERE. Ons mag seker aanneem dat bedoel word dat die kyk na die opgerigte slang in geloofsgehoorsaamheid gedoen moet word. Die paal is volgens die woordbetekenis 'n banier; dis dieselfde woord wat ook gebruik word in die leuse: Die HERE is my banier (Ex. 17:5). Die verhoogde slang is 'n oorwinningsbanier van die volk van die HERE in sy stryd teen die slang en al die kwaad wat aan hom verbonde is. Soos die slang verhoog is, sê Jesus, so moet ook Hy verhoog word (Joh. 3:14, 15), sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Jesus bedoel Sy verhoging aan die kruis, waar Hy deur God sonde vir ons gemaak is (2 Kor. 5:21). In dié gedagtegang praat ons vandag nog van "die Banier van die Kruis".

Blykens 2 Kon. 18:4 het Israel later misbruik gemaak van die koperslang.

## § 123 Sihon en Og (Num. 21:11-35; Deut. 2: 24-3: 22)

Nadat Israel rondom die hele gebied van Edom getrek het, kom hulle by die spruitjie Sered, aan die suide van die Dooie See; daar begin die gebied van Moab, wat in dié tyd gestrek het tot by die Arnon, wat in die middel van die ooskus van die Dooie See uitmond. Vroeër het Moab verder noordwaarts gestrek, maar daardie gebied is deur die Amoriete verower (Num. 21:26). Verder ooswaarts woon die Ammoniete. Nòg Moab nòg Ammon mag deur Israel as vyande behandel word, want God self het aan die kinders van Lot hulle besitting gegee (Deut. 2:9). Wanneer Israel egter die Arnon oorgetrek het, kom hulle in vyandelike gebied. Ten noorde van die Arnon woon Amoriete. Hulle het daar twee ryke, die mees suidelik is die koninkryk van Sihon, die koning van Hesbon; ten noorde daarvan lê die koninkryk van Og, die koning van Basan (Deut. 4: 46, 47). Israel vra Sihon deurtog deur sy land met die belofte dat hulle geen skade sal aanrig nie. Sihon weier. Maar nou maak ïsrael geen omtrekkende beweging nie. Dit kom tot 'n veldslag by Jahas, 'n stad in Moab; daar het Israel Sihon verslaan. Sy stede is met die banvloek getref, en Israel het in die land van die Amoriete gaan woon. Dieselfde lot het Og getref, 'n reus wat alleen oorgebly het van die Refaïete. Sy ysterledekant ('n sarkofaag van basaltsteen) was lank 'n ontsagwekkende herinnering aan sy mag (Deut. 3:11). Die verowerde gebiede is deur Moses toegewys aan die Rubeniete en Gadiete, wat die gebied van Sihon gekry het (kyk ook Num. 32) en aan die halwe stam van Manasse, wat die gebied van *Og gekry het* (Deut. 3:12, 13; 29:8). Die krygsmanne uit hulle midde moes egter saam oortrek oor die Jordaan om die Wes-Jordaanland te verower. Die oorwinning oor Sihon en Og het die belofte van verdere oorwinnings ingehou (Deut. 3:21, 22).

## § 124 Bileam (Num. 22-25)

Hoewel Moab niks van Israel te dugte gehad het nie en die Israeliete hulle alreeds verbygetrek het sonder om hulle kwaad te doen, het Moab tog bang geword. Die oorwinning oor Sihon en Og het op die omgewing 'n diep indruk gemaak (kyk bv. Jos. 2:10; 9:10), ook op Moab (Num. 22:2). Moab, so word nog een keer gesê, het beangs geword; daar het 'n angspsigose oor Moab gekom. Die Israeliete was talryk, en Balak, die koning van Moab, vrees dat hulle hom en sy volk sal oorweldig. In sy vrees wend Balak hom tot sy bure, die Midianiete. Israel het intussen laer opgeslaan oos van die Jordaan teenoor Jerigo in die vlaktes van Moab; dit was ten noorde van die Arnon, maar 'n gebied wat vroeër aan Moab behoort het en daarom nog so genoem word. Hulle het dus ná die stryd teen Og weer suidwaarts gegaan. By Jerigo sal hulle die Jordaan oortrek en Kanaän binnegaan. Voordat dit egter gebeur, word die omstandighede vir Israel nog twee keer baie kritiek. Eers kom die volk

van God in die gevaar van 'n aanval uit die wêreld van die geeste, daarna van 'n suiwer vleeslike aanval. Uit die eerste word Israel deur God gered, in die tweede beswyk hulle deur eie begeerlikheid.

Die eerste gevaar is dit wat dreig in die persoon en mag van Bileam. Moab en Midian het gesamentlik hierdie Bileam laat haal uit Petor, wat by die Eufraat is.

Wie is Bileam en wát is Bileam?

Bileam is 'n magiër, 'n beoefenaar van die magie; dit is sy professie; hy werk vir loon (22:7). En wat is magie? Dit is towery en waarsêery wat in Babilonië (Bileam kom uit Babilonië) gepleeg word. Daar is gemeen dat towenaars en waarsêers invloed gehad het op die dinge agter die sigbare, op geeste en demone. Deur oorgelewerde formules en seremonies van geslag op geslag verkry hulle kontak met daardie wêreld. Die waarsêer kan uit allerlei toevallige of opgeroepe verskynsels aflei wat sal gebeur; die towenaar of besweerder weer die kwaad van die demone af of wek dit op deur vervloekings wat met geheimsinnige gebare gepaard gaan en met die vereiste stembuiging uitgespreek moet word. Towenaars en waarsêers beskik oor bonatuurlike kennis en mag; die magie is deel van die godsdiens, en die magiër is priester. Daarom offer Bileam ook voordat hy spreek! Bileam word in Jos. 13:22 waarsêer genoem; vir Balak moet hy as vervloeker optree. Vervloeking - en ook seëning - geskied in die verwagting dat die woorde van die besweringspriester met krag gelaai is en onherroeplik deurgaan, tensy 'n teenbeswering hulle weer kragteloos kan maak. In die vloekwoord word die gesproke woord daad.

Ook in die Ou Testament het seën en vloek daardie krag. Isak kan die seën wat hy oor Jakob uitgespreek het, nie herroep nie: dit is gesê en daarmee werklikheid. Hier is dit egter nie die geval deur magie nie, nie deur mense met bonatuurlike kragte nie, maar deur die wil van God, wie se woord profeties (dus tog ook bonatuurlik) uitgedra word, bv. as Jakob sy seuns seën, hulle toekoms voorspel (Gen. 49).

In die oë van die Oosterling is die vloek 'n gevaarlike ding. 'n Rasionalistiese lewensbeskouing in moderne tye het met alle geloof aan demonisme gebreek. In baie opsigte tereg. Dit het 'n einde gemaak aan gruwelike middeleeuse praktyke (hekseverbranding, ens.). Tog is nie net primitiewe mense nie, maar baie mense in die hedendaagse wêreld nie so rasioneel nie. Nog altyd word in die Nagmaals-formulier gespreek van towenaars en waarsêers wat vee of mense of ander dinge besweer en van mense wat daaraan glo. Ook in wetenskaplike kringe is daar 'n neiging om aan te neem dat daar demoniese kragte is en werk. In hierdie verband wys ons op die siektes in die dae van Jesus wat Hy deur duiweluitwerping genees het (bv. Matt. 9:32-34) en op die woorde van Paulus dat ons worstel teen die bose geeste in die lug (Ef. 6:12). In die geskiedenis van Bileam merk ons op dat God nie sê: Laat Bileam maar vloek nie, want dit is tog sonder betekenis; nee, maar Hy laat nie toe dat afgodiese vloekwoorde oor Sy geseënde volk uitgespreek word nie. Die HERE verbied Bileam om te gaan, en as Bileam dit regkry om die HERE te beweeg om *toe* te staan dat hy tog kan gaan, dan is die opdrag: Net die woord wat Ek jou sê, dit moet jy spreek (22:35). Dit is nie 'n opdrag wat veronagsaam kan word nie, dit is 'n *noodwendigheid* deur die krag van die HERE in Bileam se mond. In hierdie % moet ons ook die feit beskou dat die esel gepraat het. Daar is al baie smalende opmerkinge oor hierdie Bybelse berig gemaak, asof God dit nie sou kon bewerk nie; maar God berei daarmee voor op die veel groter en belangriker wonder dat Hy die woorde van Bileam na Sy wil beheer.

Vier keer het Bileam die woord van die HERE gespreek en belangrike dinge oor Israel gesê. Gewoonlik gebruik die HERE vir Sy openbaring manne wat daarmee eens geestes is; hier gebruik Hy die heidense priesters wat eintlik heeltemal anders wou praat!

In sy eerste spreuk sê Bileam: Israel is 'n volk wat afgesonder woon en hom nie tot die nasies reken nie. Dit is 'n unieke volk; dit is uit alle volke die eiendom van die HERE (EX. 19:5).

In sy tweede spreuk: Die HERE sy God is met hom, en die gejubel tot eer van die Koning (dit is God) is by hom.

In sy derde spreuk: Hoe mooi is jou tente, o Jakob, jou wonings, o Israel!

In sy vierde spreuk: 'n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op. Hierdie woorde het Messiaanse strekking.

Uit die demoniese gevaar waarin Israel deur Balak gebring is - miskien sonder dat hulle van die gevaar bewus was - is hulle deur God gered.

In die ander gevaar beswyk Israel. Ook hierin word hulle deur Bileam gebring. Ons lees van dié gevaar in 25:1, waar staan: Toe Israel in Sittim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Moabiete. Sittim lê aan die oostekant van die Jordaan, teenoor Jerigo. Terwyl die volk daar laer opgeslaan het, het Bileam opgetree. Maande lank het Israel daar gebly, want die twee lang reise van die boodskappers van Balak heen en weer van Moab na die Eufraat het maande geduur. Gedurende dié tyd het daar seker ietwat verligting gekom in die gespanne verhouding tussen die Israeliete en die Moabiete, en terwyl hulle bure is, het daar selfs toenadering gekom, en die aantrekkingskrag tussen die geslagte het begin werk. Dit het egter op onsedelike wyse gebeur (nie soos bv. later toe Rut, die Moabitiese, met Boas getrou het nie). Daarom noem die Skrif dit *hoereer*. Boonop het die omgang met Moabitiese meisies tot gevolg gehad dat Israeliete na Moabitiese offerfeeste genooi is, waar hulle hul voor die Moabitiese gode neergebuig het. So het Israel hom dan gekoppel aan Baal-Peor (kyk Num. 23:28). Hoe dit toe gegaan het, blyk uit die verhaal van Simri en Kosbi (lees Num. 25:6-8; 14, 15). Die toorn van die HERE het teen Israel ontvlam.

Die kontak tussen Israel en Moab (en Midianiete, 22:7) het egter plaasgevind op advies van Bileam (Num. 31:16; Openb. 2:14). Dit was Bileam se werk! Met duiwelse boosheid het hy die kwesplek van Israel opgemerk en Balak daarop gewys terwyl hy saam met hom in sy tent gesit en drink het. Dan spreek hy nie deur die HERE nie, maar persoonlik uit sy eie bose hart.

Die HERE straf Israel met 'n plaag, waardeur vier-en-twintigduisend mense sterf. Ook moes die oortreders in die volle son voor die HERE opgehang word. By hierdie strafoefening het Pinehas, die seun van Eleasar, die seun van Aäron - net soos sy stamgenote ná die sonde met die goue kalf (Ex. 32:28) - besonder ywerig opgetree. Daarom sluit die HERE met hom en sy nageslag die verbond van die ewige priesterskap.

Moab se bondgenote, die Midianiete, het blykbaar 'n groot aandeel gehad in die gebeurtenisse by Sittim. Kosbi was ook 'n dogter van 'n stamhoof of koning in Midian (31:8). Daarom sê die HERE dat die Midianiete as vyande behandel en verslaan moet word.

## § 125 Die wraak op Midian (Num. 31)

Voor sy dood wat nou, met Kanaän in sig, aanstaande is, moet Moses op Midian wraak neem. Uit verskillende maatreëls blyk dat die oorlog met Midian nie 'n veroweringstog is nie, maar dat dit as wraakneming 'n religieuse karakter dra. Die Midianiete is skuldig aan die verbondsbreuk van Israel by Sittim. Die religieuse karakter van die oorlog blyk hieruit dat van elke stam duisend man moet optrek, dat met die silwertrompette (kyk 10:9) alarm geblaas moet word, dat elkeen wat hulle van die Midianiete in die hande kan kry, gedood moet word. Pinehas, die seun van Eleasar, gaan saam.

Die twaalfduisend manne het opgetrek en 'n groot oorwinning behaal. Hulle het die konings van Midian gedood, ook Sur, die vader van Kosbi; verder ook Bileam; hy wou na sy

woonplek terugkeer (24:25), maar het nog 'n tyd lank in Moab en Midian vertoef en sy vaderland nooit weer gesien nie. Van die krygsmanne van Israel is egter nie een vermis nie.

By hulle tuiskoms het Moses kwaad geword, omdat die aanvoerders van die leër net die manne gedood het, en die vroue, wat juis die oorsaak van die troubreuk van Israel teenoor die HERE was, laat lewe het. Die tekortkoming word herstel deur kinders van die manlike geslag en swanger vroue dood te maak. Dit het egter meer ten doel gehad om die Midianiete uit te roei as om die vroue te tref, te meer omdat die meisies gespaar is en as slavinne of bywywe aan die krygsmanne (v. 18: "vir julle") gegee is.

Ná die stryd is 'n reinigings- of ontsondiging-seremonie gehou (v. 19-24) en 'n reëling getref vir die verdeling van die buit. Dit mag nie net aan die krygsmanne toeval nie (vgl. 1 Sam. 13:24); hulle kry die helfte - die ander helfte is vir die hele vergadering, d.w.s. dié wat nie uitgetrek het nie. Die krygsmanne moet vervolgens "een uit elke vyfhonderd", een vyfde persent van die buit vir die priesters afstaan, en die vergadering "een uit elke vyftig", twee persent, dus tien keer soveel, vir die Leviete. Met die oog hierop word die buit noukeurig getel. Die getalle word presies vermeld (v. 32-35), daarna volg 'n korrekte berekening van die helftes en van die een vyfde persent wat vir die priesters, vir die HERE, vir die heiligdom is. Die twee persent word nie uitgereken nie. Die getalle van die diere is baie groot en toon dat die Midianiete baie vee gehad het. Die getal van die mensesiele (dit is dan prakties die meisies) is 32,000 dus 16,000 vir die krygsmanne en 16,000 vir die vergadering. Daar is dus duisende Midianitiese vroue in die volksgemeenskap opgeneem! Die krygsmanne staan 32 meisies af vir die heiligdom, die vergadering 320 as tempelbediendes (vgl. 1 Kron. 9:2; Ex. 38:8; 1 Sam. 2:22). Verder was daar in die buit ook nog baie goue sierade soos armkettings, armbande, vingerringe, oorringe en halssierade; dit het die aanvoerders as offer aan die HERE gebring om versoening te doen vir hulle siele; die totale gewig daarvan was 16,750 sikkels. Die Midianiete was blykbaar nie arm nie en het baie van versiersels gehou (vgl. Rigt. 8:21 en 26).

## § 126 Josua word as opvolger van Moses aangewys (Num. 27:12-23)

Moses weet dat hy Kanaän nie mag binnegaan nie en ook waarom dit nie mag gebeur nie (Num. 20:12). Sy smeekgebed dat hy tog oor die Jordaan mog trek, is deur die HERE toornig afgewys (Deut. 3: 23-29). Aaron het reeds gesterwe (§ 120). Nou kry Moses, net soos Aaron, bevel om 'n bergtop te beklim, die gebergte Abarim, die laaste uitloper van die hoogland van Moab, aan die noordpunt van die Dooie See. Ook Moses sal op 'n bergtop sterwe. Nog eens herhaal die HERE waarom hulle twee moet sterf sonder om die aan Israel gegewe land binne te trek (v. 14). Moses onderwerp hom nou gewillig aan die wil van die HERE, net soos Aaron dit ook gedoen het; sy besorgdheid gaan egter uit na die volk wat hy so lank met geduld gelei het. Sal hulle ná sy dood wees soos skape wat geen wagter het nie? Daarom vra hy dat God tog 'n nuwe leier aanstel. Miskien het Moses aan Josua gedink (Deut. 3:21), sy dienaar wat Amalek reeds veertig jaar vroeër verslaan het. Die HERE wys Josua ook aan en sê dat hy vol van die Gees van wysheid is, omdat Moses hom die hande opgelê het (Deut. 34:9). Met die handoplegging lê Moses van sy hoogheid op hom, d.w.s. van sy heerlikheid en majesteit; dit het Moses dus gehad! Hy was 'n man wie se verskyning ander mense tot die erkenning gebring het dat hy met gesag bekleed was, met magsopenbaring (Deut. 34:12). Die handoplegging moet voor die priester Eleasar en die hele vergadering plaasvind; dit geskied amptelik. Tog word Josua nie die opvolger van Moses in al sy kwaliteite nie: hy moet voor die priester Eleasar staan, dat dié vir hom die beslissing van die Urim kan vra. Moses het regstreeks met God gespreek en Sy beslissings uit Sy mond verneem; Josua sal dit van die priester verneem.

### § 127 Die dood en begrafnis van Moses (Deut. 34)

Vlak voor sy dood het Moses op bevel van die HERE 'n lied gemaak, waarin hy spreek van Israel se af val en die trou van die HERE - die lied van Moses (Deut. 32:1-43) wat ook by die see van glas gesing word (Openb. 15:3). Ook het hy die twaalf stamme geseën (Deut. 33:1-29). Daarna het Moses in gehoorsaamheid aan die bevel van God die berg Nebo, die top van Pisga, van die gebergte Abarim (Deut. 32:49), beklim. Hy was alleen! Aäron was op sy soortgelyke aangrypende tog in geselskap van Moses en Eleasar. Moses was alleen met sy God.

Op die berg Nebo het die HERE Moses die hele land laat sien. Hoewel 'n mens van Nebo af die Hermon kan sien, moet ons op grond van die woorde "laat sien" aanneem dat die HERE Moses se blik verskerp het, sodat hy meer kon sien as net vae omtrekke (v. 1-3). Toe het Moses, die kneg van die HERE, daar gesterwe in die land Moab. God self het hom begrawe, en niemand het sy graf geken nie.

In die algemene brief van Judas lees ons dat twee vername geeste - 'n bose en 'n goeie - die duiwel en Migael, die aartsengel, in woordestryd was oor die liggaam van Moses. Uit die evangelieverhale weet ons dat Moses en Elia op die berg van verheerliking in gesprek met Jesus aan Jakobus en Johannes verskyn het. Van hierdie gebeurtenisse gee die Skrif nie 'n nadere verklaring nie.

Moses was honderd-en-twintig jaar oud toe hy gesterf het; sy oog was nie verswak nie en sy krag het nie vergaan nie. Die Israeliete het hom dertig dae lank beween (vgl. Num. 20:29). Soos Moses het daar geen profeet meer in Israel opgestaan nie!

## Deurtog deur die Jordaan

### § 128 Die bevel tot die opmars (Jos. 1)

Ná die dood van Moses kry sy opvolger, Josua (§ 126), opdrag van die HERE om deur die Jordaan te trek na die land wat Hy aan Israel sal gee. By die opdrag voeg die HERE 'n belofte en 'n waarskuwing. Die belofte is: elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle (vgl. Deut. 11:24). Die HERE noem die grense op: die grondgebied van Israel sal strek tot by die Libanon en die Eufraat en tot by die groot see in die weste, die Middellandse See. Selde het die gebied van Israel inderdaad so ver gestrek, nl. net in die dae van Salomo (1 Kon. 4:21) en tydens een van die Makkabese vorste (§ 469). Die waarskuwing is: handel nougeset volgens die hele wet van Moses.

Josua gee die opdrag deur aan die opsigters van die volk; dit is 'n mobilisasiebevel. In die besonder rig Josua hom tot die Rubeniete en Gadiete en die halwe stam van Manasse; hulle het hul rusplek reeds gekry, maar hulle moet die ander stamme help by die verowering van die Wes-Jordaanland (§ 123). Hulle beloof stipte gehoorsaamheid aan Josua met strenge dissipline: elke man wat teen u bevel weerstrewig is, moet gedood word. Daar is 'n gees van gelowige entoesiasme. Die aanval kan nou begin!

### § 129 Twee verkenners word uitgestuur (Jos. 2)

Vanuit Sittim, waar Israel nog steeds vertoef (Num. 25:1; 33:49), stuur Josua in die geheim, d.w.s. sonder dat die volk dit weet, twee manne as verkenners uit om die land en Jerigo te bekyk. Hulle moes daartoe die Jordaan oortrek en het toe in Jerigo gekom, wat aan die westekant van die Jordaandal lê. Van verkenning van die land het nie veel gekom nie, want die koning van Jerigo het van hulle koms verneem, sodat hulle hul moes versteek. Tog was hul sending nie nutteloos nie; inteendeel, hulle het 'n belangrike psigologiese waarneming

gedoen, naamlik dat die bevolking moedverlore, gedemoraliseer was. Hulle verneem dit in gesprekke met hul gasvrou Ragab, die hoer. Om verskillende redes het die verkenners hierdie, volgens ons opvatting minder aanbevelenswaardige losies, verkies. Waarskynlik het Ragab 'n herberg geëksploiteer, wat vroue van haar allooi in die oudheid meer dikwels gedoen het. Vir menige reisiger het so 'n herberg 'n sekere aantreklikheid gehad. Haar huis was in die stadsmuur ingebou, dus gunstig geleë vir mense wat nie alte veilig voel nie. Die verkenners kon natuurlik nie kontak met die burgers van die stad maak nie, maar moes 'n minder vername en rommelrige plek opsoek om onopvallend te bly. Tog het die koning van hulle verneem en bodes na Ragab gestuur om hulle te gaan haal. Terwyl die bodes hulle verskyning maak, wys Ragab die verkenners 'n skuilplek op die dak onder die vlasstoppels - dit was dus oestyd, 3:15 — en lei die bodes dan met 'n omhaal van woorde om die bos. Dit slaag! Die onverwagte gedrag van die vrou is die redding van die verkenners, en ons moet die hand van God daarin sien. Van patriotiese standpunt besien, is sy 'n verraaier; sy lieg ook (vgl. Ex. 1:19). Patriotisme is egter nie haar hoogste norm nie; sy het tot hoëre insigte gekom! Sy weet, soos al haar stadgenote, dat die HERE die water van die Skelfsee laat opdroog het en dat Israel die twee konings van die Amoriete, Sihon en Og, met die banvloek getref het; maar terwyl die ander mense, hoe bevrees ook al, hulle in verset verhard, buig sy vir die mag van die God van Israel. Sy kapituleer, en dit is haar sege! Dit is die werk van God in haar. God gebruik haar vir die redding van die verkenners, en daarmee deel sy in die oorwinning van Israel. In die brief aan die Hebreërs word haar geloof geprys (11:31); Jakobus prys haar werke (2: 25). Mattheüs neem haar op in die geslagsregister van Jesus Christus na die vlees (1:5; kyk ook § 73).

Hoe vas sy van die oorwinning van Israel en sy God oortuig is, blyk uit haar versoek dat die verkenners, aan wie sy nou guns bewys deur hulle te red uit die hand van die koning, ook aan haar guns sal bewys deur haar en haar familie straks by die val van die stad te spaar en van die dood te red. Die verkenners beloof haar dit met 'n eed. Die betroubare teken sal wees dat sy die gedraaide rooi lyn waarmee sy die verkenners oor die stadsmuur laat afsak het, aan die venster moet vasbind.

Die verkenners het veilig na Josua teruggekeer en vertel dat die skrik vir die Israeliete op die inwoners van Kanaän geval het; daar was 'n paniekstemming. Josua maak die gevolgtrekking dat die HERE die hele land in sy hand sal gee.

## § 130 Die water van die Jordaan bly staan (Jos. 3 en 4)

Ná die terugkoms van die verkenners het Josua dadelik van Sittim af verder getrek en by die Jordaan aangekom. Dit was in die oestyd (2: 6; 3:15) - nie die oes van druiwe en olywe nie, maar die oes van die veldgewasse, wat baie vroeër val (Nisan, 4:19, Maart/April; kyk § 472. Vlas is vroeg ryp). Die Jordaan is dan 'n bruisende stroom deurdat die sneeu van die Hermon, waar die Jordaan ontspring, smelt. Die oewerlande aan weerskante van die Jordaan word dan oorstroom en die rivier is vol oor al sy walle (1 Kron. 12:15). Dit lyk 'n onoorkomelike hindernis, maar deur 'n wonder van God het die Israeliete Kanaän kon binnetrek. Die HERE het die water van die Jordaan wat van die bokant (noordekant) afkom, tot stilstand gebring; die Jordaan het agteruit gewyk (Ps. 114:3) en opgerys soos 'n wal (v. 16). Die afstromende water het vanself weggevloei. So ontstaan daar 'n pad deur die Jordaan, en Israel kon op droë grond deurtrek. Hierdie wonder is net so groot as die een by die Skelfsee. By uittog en intog doen God dieselfde wonder sodat Israel deur die almag van God sy erfdeel kan verkry.

Die hoofstuk waarin dit beskryf word, is vol spanning; dis nie 'n rustige verhaal nie, maar 'n vermelding van die een opdrag ná die ander, waarby die leser hom maar moet voorstel hoe die volgorde van die opdragte was. Eers word gesê dat Josua aan die volk bevel gee om agter

die verbondsark aan te trek. Verder het Josua aan die volk gesê: Heilig julle, want môre sal die HERE wonders onder julle doen. Aan die priesters gee Josua bevel om die verbondsark op te neem en weg te trek voor die volk uit. Aan Josua sê die HERE: Vandag sal Ek begin om jou groot te maak voor die oë van die hele Israel, sodat hulle kan weet dat Ek met jou sal wees soos Ek met Moses gewees het. Aan die priesters moet hy bevel gee om net soos hulle aan die kant van die water van die Jordaan kom, in die Jordaan te bly staan. Aan die volk sê Josua dat hulle moet luister na die woorde van die HERE hulle God, dat hulle sal erken dat daar 'n lewende God tussen hulle is. (Die naam "lewende God" word hier vir die eerste keer gebruik.) Josua kondig aan dat die waters sal bly staan sodra die priesters die Jordaan met die ark instap. So het dit ook gebeur: baie ver weg, by die stad Adam, het die water bly staan. Adam lê ongeveer ses uur te voet noordeliker, naby die uitmonding van die Jabbok, terwyl die deurtog plaasgevind het teenoor Jerigo. Die priesters met die ark het onbeweeglik bly staan op die droë grond binne-in die Jordaan, totdat die hele volk die deurtog voleindig het. Die vermelding: "die volk het gou deurgetrek" dui aan dat die HERE die deurtog van so 'n groot menigte mense met gespanne gemoedere voorspoedig laat verloop het. Twee gedenktekens van twaalf klippe word opgerig - een, aan die oorkant van die Jordaan, van twaalf klippe, wat twaalf manne uit die middel van die Jordaan moes optel, en een op die plek in die Jordaan waar die priesters met die ark gestaan het onderwyl die volk deurgetrek het. Die gedenktekens moet dien om die nageslag te herinner aan die wonder wat die HERE gedoen het. Die voorhoede van Israel het bestaan uit omtrent veertigduisend gewapende manne uit die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse. Hulle was sonder vroue en kinders (Deut. 3:19). Ten slotte het die priesters met die ark uit die Jordaan opgeklim. Skaars het hulle hul voetsole gelig of die water van die Jordaan het teruggekeer.

Die volk is nou aan die westekant van die Jordaan. Die eerste rusplek is Gilgal, aan die oostelike grens van Jerigo, waar die gedenksteen van die twaalf klippe opgerig is.

## § 131 By Gilgal (Jos. 5)

By Gilgal kon die volk rustig vertoef omdat die hart van die Amoriete en Kanaäniete versmelt het toe hulle hoor van die wonderbaarlike deurtog van Israel deur die Jordaan, Daardeur kon daar twee gewigtige plegtighede plaasvind. Ten eerste die besnydenis van die Israeliete "vir die tweede keer" (5:2). Dit het betrekking op die volk as geheel. Die geslag wat nou oor die Jordaan getrek het, is vir die grootste deel in die woestyn gebore en op die pad nie besny nie. Hulle het die teken van die verbond nie gehad nie. Nou beveel die HERE dat hulle almal besny moet word, waardeur Hy die verbond, wat deur die ongehoorsame geslag geskend is, weer herstel. Ná die sonde met die goue kalf het die HERE, op die voorbede van Moses, Sy verbond herstel (§ 108). Van so 'n verbondsherstel lees ons nie ná die weiering van die volk om Kanaän binne te trek nie. Op die volk het 'n ban gelê: almal moes in die woestyn sterwe. Maar nou herstel die HERE die verbond. Ten behoewe van hierdie omvangryke seremonie laat Josua klipmesse (vgl. Ex. 4:25) maak. Ná die besnydenis het die volk in die laer gebly totdat hulle gesond was (vgl. Gen. 34 :25).

Die viering van die pasga is die ander plegtigheid by Gilgal. Ná die pasga het hulle ongesuurde brode geëet (Ex. 12:18-20) en ook gebraaide koring (wat volgens die wet van Lev. 23:14 nie mog nie!) Dit was die eerste opbrengs van Kanaän wat hulle geëet het, en die manna het opgehou!

Op die tiende dag van die eerste maand het Israel deur die Jordaan getrek (4:19) en op die veertiende dag (volgens voorskrif, Ex. 12:6) het hulle die pasga gehou (5:10).

Die vraag kom op of die besnydenis van die volk in die paar dae tussen die tiende en die veertiende dag plaasgevind het. Die tyd daarvoor is baie kort, nie alleen vir die operasie aan

so baie manne waarvoor die messe nog gemaak moes word nie, maar ook vir die genesing van die besnedenes. Die tydaanduidinge "in die tyd" (v. 2) en "terwyl die kinders van Israel by Gilgal gelaer was" (v. 10) sluit nie in dat wat eerste meegedeel word - die besnydenis - ook eerste plaasgevind het nie. As dit inderdaad nie gebeur het nie, moet ons aanneem dat die volk onbesnede die pasga gevier het! Maar die eet van gebraaide koring was ook in stryd met die wet!

Uitdruklike vermelding van Paasfeesvierings vind ons maar min kere in die Ou Testament: behalwe die eerste Paasfees van Exodus 12 slegs hier, by Gilgal; verder by die reformasies van Hiskia en Josia en by die inwyding van die nuwe tempel (Esra 6:19).

## Die Verowering van die Wes-Jordaanland

### § 132 Die Leërowerste van die HERE (Jos. 5 :13-15)

Aan die krygsbedrywighede van Josua, om die beloofde land in besit te neem, gaan 'n godsverskyning (teofanie) vooraf. Die strekking daarvan is om dit duidelik te stel dat die verowering van Kanaän God se eie werk sal wees.

Josua is by Jerigo (5:13); die veldheer bekyk die situasie. Die stad het uit vrees sy poorte gesluit (6:1). Moet hy die stad bestorm? Terwyl Josua dit oorweeg, staan meteens 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand. Hy is vir Josua onbekend, maar dié gaan na hom toe en vra: Behoort u by ons of by ons vyande? Dan maak die man hom bekend as die leërowerste van die HERE.

Die HERE het Sy leërskare (Jes. 9:6), Sy leërs, Sy engele (Gen. 32:2; Matt. 26:53), en dié het hulle owerste. Die owerste is minstens 'n magtige engel. Hy sê: Ek het nou gekom! Ek, in my posisie as leërowerste, en nou, nou dat die stryd begin.

Reeds hierdie woorde is al vir Josua 'n belangrike ontmoeting. Hy verneem van 'n hemelse opperbevelhebber wat optree noudat dit nodig is. Tog is die ontmoeting hiermee nie afgehandel nie, maar wat volg, bevat slegs die bevel: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. Dit is dieselfde bevel wat Moses gekry het toe die HERE aan hom verskyn het om hom tot sy taak te roep (Ex. 3:5). By Moses is dit die inleiding tot die verdere gesprek en opdragte wat volg. By Josua volg geen verdere gesprek nie, tensy ons dit in 6:2 kry; vers 1 is dan 'n tussensin. Dan gee die leërowerste sy bevele uit die hemelse hoofkwartier, maar dan is die leërowerste die HERE self, want v. 2 sê: Toe het *die Here* vir Josua gesê: Kyk, Ek gee Jerigo met sy koning en dapper helde in jou hand. (Die HERE spreek hier dus regstreeks met Josua, vgl. § 126; Num. 27:21.) Dit is woorde wat goed aansluit by die gesprek wat lyk asof dit in 5:15 eindig. Die HERE verskyn dan as Man, net soos aan Abraham (Gen. 18:2) en aan Jakob (Gen. 32:24). Vol eerbied val Josua dan ook met sy aangesig op die grond en buig hom neer (die sg. *proskynesis* = huldebetoning of aanbidding). Die HERE gee nou Sy bevele hoe Jerigo sal val: nie deur wapengeweld nie, maar deur met die ark rondom die stad te trek, deur op ramshorings te blaas en 'n groot krygsgeskreeu aan te hef. Dan sal die stadsmuur op sy plek inval. Die val van Jerigo sal dus regstreeks deur God bewerk word. Die eerste slag slaan Hy self!

### § 133 Die val van Jerigo (Jos. 6)

Jerigo met al wat daarin is, moet 'n banoffer aan die HERE wees as eerstelingoffer van die hele land wat nou aan Israel ten deel val. Die ban bestaan hierin dat al wat leef - mens en dier, oud en jonk - gedood moet word en dat al die silwer en goud en die koper- en ystervoorwerpe heilig is aan die HERE en by die skat van die HERE moet kom.

Die Israeliete het ses dae elke dag een maal met die ark rondom die stad getrek terwyl gedurig op die ramshorings geblaas is; op die sewende dag het hulle sewe maal om die stad getrek. Toe het Josua beveel: Skreeu! Die HERE gee die stad aan julle oor! Die volk het toe 'n groot krygsgeskreeu aangehef, en die muur het ingeval. Die volk het in die stad ingeklim, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem. Die verweer van die burgers van Jerigo (24:11) het niks gebaat nie. Die Israeliete het alles wat in die stad was, gedood, met die banvloek getref, man sowel as vrou, jonk sowel as oud, tot bees, skaap en esel toe.

Ragab is gespaar, sy en al haar familiebetrekkinge - die HERE is milddadig in Sy genadedade! Sy het onder Israel gewoon.

Josua het die volk laat sweer om Jerigo nie weer op te bou nie; vervloek sou die man wees wat dit sou waag: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit! (vgl. 1 Kon. 16:34).

Een van die Israeliete het hom aan die bangoed vergryp en daarmee die toorn van die HERE oor die hele volk gebring. Hier kom ons die solidariteitsgedagte teë. By die volgende krygsbedryf sal die gevolge van die oortreding blyk.

## § 134 Jerigo

Jerigo is 'n baie ou stad. Die plek waar die ou stad gelê het, dra tans die Arabiese naam tell es-Soeltaan, 'n halfuur noordwes van die dorpie Ericha, wat die ou naam bewaar het. Jerigo lê in 'n oase in die Jordaandal, 800 voet onder die seespieël. Drie keer is reeds opgrawings in die tell es-Soeltaan gedoen: in die jare 1907-1909 deur Sellin en Watzinger; in 1929-1936 deur Garstang; in 1951 deur Kathleen Kenyon. Die *tell* (= ruïneheuwel) is 60 voet hoog, 'n opeenstapeling van meer as twintig lae; elke laag verteenwoordig 'n periode uit die geskiedenis van Jerigo. Die onderste laag dateer uit die agtste millennium en behoort tot die kliptyd *(neolithicum).* Palestina behoort tot die vindplekke van die oudste spore van die mensheid. Dit blyk by Jerigo, maar ook by ander plekke. In die Karmelgrotte en in Galilea is fossiele gevind wat met die sg. Neanderdalmens vergelyk kan word. Na een van die vindplekke, die wadi en-Natoef, word gespreek van Natoefiaanse kultuur en van "Natoefiërs". Hierdie kultuur illustreer hoe die grotbewoners begin het om wilde graansoorte te saai en huisdiere aan te hou. In die oudste lae van Jerigo, wat 'n tyd van enkele eeue verteenwoordig, word 'n neolitiese kultuur gevind wat nog nie pottebakkery geken het nie. Reeds in die sesde millennium (volgens radiokarbontoetse) het die stad sterk mure gehad; huise was gebou van gestampte grond of steen. Kleibeeldjies op 'n raamwerk van riet is bewyse van godsdiens. Gereedskap soos sekels, handmeule, stampers bewys dat hulle die landbou beoefen het. Jerigo staan aan die spits van die beskawing! 'n Latere, ook nog neolitiese kultuur het minder hoog gestaan, maar dit is heel waarskynlik as gevolg van nuwe intrekkers. Wie die ou bewoners was, kan nie gesê word nie.

Die Jerigo wat Josua ingeneem het, het dus al 'n geskiedenis van eeue agter die rug gehad. Ou mure wat deur Sellin en Watzinger gevind is, het hulle gehou vir dié wat tydens die intog van Josua ingeval het, maar later moes vasgestel word dat hulle baie ouer moet wees. Die mure wat tydens Josua se verowering (die laat bronstyd, 1550-1200) ingeval het, is feitlik nie gevind nie, waarom aangeneem word dat hulle reste verweer is.

## § 135 Die val van Ai (Jos. 7:1-8: 29)

Op die pad van Jerigo na die sentrum van die land stuit die Israeliete eers op 'n stad wat Ai genoem word. Die stad lê by Bet-Awen, oos van Bet-el. Ons het van hierdie plek reeds gehoor in die geskiedenis van Abram, wat sy tent opgeslaan het tussen Bet-el aan die weste - en Ai aan die oostekant (Gen. 12: 8). Die plekaanduiding klop dus presies.

Die verkenners wat Josua gestuur het, rapporteer dat die mense van Ai maar min is (volgens 8:25 twaalfduisend) en dat al die manskappe nie hoef op te trek nie; omtrent twee- of drieduisend man sal genoeg wees om Ai te verslaan. Josua het toe omtrent drieduisend man laat optrek, maar hulle moes vlug voor die manne van Ai. Omtrent ses-en-dertig van die Israeliete het gesneuwel!

By die woordjie *omtrent* verwag ons 'n ronde getal en nie 'n presiese getal soos ses-en-dertig

nie. Maar ses-en-dertig is 'n ronde getal, naamlik in die sestallige stelsel wat in ou Babilonië voorgekom het (en tot vandag toe nawerk in ons verdeling van die dag in twaalf ure en in hoekmeting ens.) In "omtrent ses-en-dertig" bespeur ons ook die seksagesimale sisteem.

Die neerlaag by Ai was vir Israel 'n onverwagte teleurstelling. Die volk se hart het versmelt en soos water geword. Josua het sy klere geskeur en met sy aangesig op die grond geval voor die ark van die HERE. Hy pleit (net soos Moses, Num. 14:13, 14) om die eer van die HERE self. Toe sê die HERE wat die oorsaak van die neerlaag is: Israel het self 'n ban geword; daar is van die bangoed gesteel, en dit moet eers reggestel word. Die HERE self sal die skuldige aanwys! Dié moet dan met vuur verbrand word, hy met alles wat aan hom behoort. Die volgende môre moet die volk volgens hulle stamme aantree. As hulle daar staan, word eerste die stam van Juda aangewys. Dit is die eerste aanduiding van die skuldige, maar hy bly stil. Toe het Josua die geslagte van Juda laat aankom en is die geslag van die Sargiete aangewys, dit is die geslag van Serag, die tweelingbroer van Peres (Gen. 38:27-30). Nog bly die skuldige stil. Toe het Josua die huisgesinne van die Sargiete laat aankom en is Sabdi aangewys. Nog bly die skuldige stil. Toe het Josua die huisgesin van Sabdi man vir man laat aankom en is Agan aangewys. Agan moes toe beken: hy het 'n mooi mantel uit Sinear en tweehonderd sikkels silwer en 'n goudstaaf van vyftig sikkels in gewig geneem en dit in sy tent begrawe . . .

Daar was dus wel rykdom in Jerigo. Die mantel uit Sinear is die bewys van kultuuruitruil tussen Jerigo en Sinear (Babilonië).

In die dal Agor word Agan met sy geroofde goed en met sy seuns en dogters en met sy beeste en sy esels en sy kleinvee en sy tent en alles wat aan hom behoort het, gestenig en daarna met vuur verbrand. 'n Groot hoop klippe is op hulle gestapel. Toe het die HERE Hom afgewend van die gloed van Sy toorn. Na en deur die voltrekking van die gerig word die dal Agor tot 'n deur van hoop (Hos. *2:* 14).

Die aanval op Ai kan nou hernieu word. Die HERE self tree as bevelhebber op. Hy bepaal die sterkte van die troepe, naamlik al die weerbare manskappe, en beplan die strategie: 'n hinderlaag aan die agterkant van die stad. Josua voer die bevele noukeurig uit. En met welslae. AI die inwoners van Ai word gedood en die buit geroof. Dit is hierdie keer toegestaan. Die koning van Ai is lewendig gevang en aan 'n paal opgehang tot die aand; teen die aand is sy lyk van die paal afgehaal; dit is by die ingang van die stadspoort gegooi en 'n groot hoop klippe is op hom gestapel. Die stad is verbrand en daarvan is 'n puinhoop gemaak vir ewig "tot vandag toe" - dit is, tot die dag waarop die geskiedskrywer hierdie verhaal opgestel het.

## § 136 Ai

Argeologiese vondste verskaf dikwels verduideliking of aanvulling van die verhale uit die Ou Testament. Ons het daarvan al voorbeelde gehad en sal daarvan nog meer kry. Hoewel dit nie die rede is van ons mening dat die Skrif betroubare berigte oorlewer nie, word die mening daardeur tog wel bevestig. Deur ons kennis uit die opgrawings (bouvalle van stede, inskripsies, voorwerpe van godsdienstige en profane gebruik) van die antieke Oosterse lewe kry ons meer gegewens as wat die Ou Testament self bied om die Bybelse geskiedenis in die raam van sy tyd en in die sfeer van sy sedes en gebruike te plaas. Nie altyd' egter is die ooreenstemming tussen Ou Testament en argeologie ewe treffend nie. Dan. 6:1 maak byvoorbeeld melding van Darius die Meder. Die profane geskiedenis ken geen Darius die Meder nie (kyk § 435). Dit behoef ons egter nie te verontrus nie. 'n Dergelike geval met Sargon, die koning van Assirië, is lankal opgelos. Hy was eers slegs bekend uit die Ou Testament (Jes. 20:1), maar later het Assiriese inskripsies ons baie van sy krygsbedrywighede meegedeel. Die vergelyking van wat die Ou Testament berig met die resultate van die opgrawings, stel ons wel voor moeiliker probleme! Daar moet in sulke gevalle met bedagsaamheid geoordeel word deur sowel insake die Skrifberigte as insake die resultate van die opgrawings noukeurig na te gaan of ons sowel die een as die ander juis interpreteer en van juiste beskouinge uitgaan. As geen oplossing gevind kan word nie, moet ons sulke probleme maar

ooplaat in afwagting van meer Hg.

Ons wys so breedvoerig hierop omdat ons by die Bybelse berig insake Ai op so 'n moeilike probleem stuit.

By et-Tell (naby Betin = Bet-el), wat gehou word vir die ou plek van Ai, is opgrawings gedoen en bevind dat daar 'n baie ou stad, wat sterk mure en 'n groot tempel gehad het, onder die puin bedolwe lê. Volgens die metodes wat gebruik word om die datering van ou vondste vas te stel, val die bloeityd van hierdie stad in die derde millennium en is dit reeds voor die jaar 2000 verwoes - dus byna duisend jaar voordat Josua daar gekom het. Latere bewoning van die plek is wel gekonstateer, maar dit was baie gering en te dateer in 1000 voor Christus, dus ná die tyd van Josua.

In verband hiermee merk ons op dat die naam *Ai* 'n appellativum is, wat puinhoop beteken en steeds met die lidwoord voorkom. Die teenswoordige (Arabiese) naam beteken dieselfde; et is die lidwoord en tell beteken ruïne. 'n Mens sou die naam dus kan vertaal met *Die Puinhoop, 'n* vertaling wat byvoorbeeld in Gen. 12:8 en 13:3 nie ongepas sou wees nie. Die naam van die stad is vergete.

Die probleem by Josua 8 is dus kort gesê dit: Ai was al verwoes!

Oplossings van hierdie moeilikheid is beproef maar nie bevredigend nie. Enkele opmerkinge kan gemaak word: (a) In die Ou Testament is 'n kombinasie van die name Bet-el en Ai op te merk (Gen. 12:8; Esra 2:28; Neh. 7:32). (b) Hierdie kombinasie tref ons ook aan in Josua 8, naamlik in v. 17. (c) In die boek Josua word geen melding gemaak van die verowering van Bet-el nie, 'n stad wat tog verower moes word en in hfst. 12 onder die stede, waarvan die konings verslaan is, getel word. v. 16. Ons vind dit in Rigt. 1:23-26. Moontlik moet Bet-el en Ai as 'n eenheid beskou word, wat hier onder die naam Ai genoem word.

## § 137 Die altaar op die berg Ebal (Jos. 8:30-35)

Josua is 'n krygsman en word in die stryd teen Ai geteken as 'n aanvoerder met die spies in sy hand; hy is egter ook 'n vroom man wat soos 'n priester vir sy volk bid (7:6-9), net soos Moses gedoen het. Daarom kan hy, ook in die voetspore van Moses, die godsdienstige leier van sy volk wees. Dit sien ons hier as hy op die berg Ebal 'n altaar bou, brandoffers bring en dankoffers slag, op die klippe van die altaar die wet skryf en by die altaar die woorde van seën en vloek voorlees. In hierdie plegtigheid kom die verbondsverhouding tussen die HERE en Sy volk, wat nou midde-in die beloofde land is op die plek waar Abram eerste aangekom het, opnuut tot openbaring. Josua doen dit volgens bevele wat Moses reeds gegee het (Deut. 11:29); hy bou die altaar volgens die voorskrifte van die HERE (vgl. v. 31 met Ex. 20:25 en Deut. 27:5, 6). Die verbondsark is ook aanwesig, en die volk word opgestel op die hellings van die berg Ebal en die berg Gerisim in die orde soos Moses beveel het (Deut. 27:12, 13).

Die berg Ebal lê baie verder as Ai die land in, ten noorde van Sigem; die berg Gerisim lê daar vlak by, ten weste van Sigem. Josua het die land dus al baie ver binnegedring! Oorwinnings wat later nog verhaal sal word, het hy waarskynlik reeds behaal voordat hy so 'n samekoms van die hele volk veilig kon oproep. In die volgende hoofstuk (9) is Josua egter nog by die laer in Gilgal, vlak by die Jordaan, die plek van waar die aanvalle op Jerigo en Ai gedoen is, m.a.w. die berig van die altaar op die berg Ebal aan chronologies waarskynlik nie op die regte plek nie (vgl. verder vir Sigem § 147 en 159).

## § 138 Die Gibeoniete (Jos. 9)

Op kort afstand van Bet-el en Ai, ietwat meer suid, lê Gibeon, 'n groot stad. Die inwoners van hierdie stad, Hewiete (v, 7), het met lis gehandel om aan die ondergang wat hulle in die gesig gestaar het, te ontkom. Aan pogings om 'n koalisie teen Josua te vonn (v. 1), het hulle nie meegedoen nie. Hulle het ook nie 'n koning gehad nie, maar 'n regering van oudstes (v. 11). Gibeon was 'n groot stad soos een van die koningstede (10:2), dus blykbaar sélf nie 'n koningstad nie. Afkomstig uit meer noordelike gebiede soos die Libanon (Rigt. 3:3) het hulle in Suid-Kanaän 'n afsonderlike posisie ingeneem. Hulle oudstes stuur boodskappers na die laer, wat nog steeds in Gilgal by die Jordaan staan, om 'n verbond te sluit. Hierby neem hulle

die skyn aan dat hulle van 'n ver land kom; hulle kom by Josua aan met verslyte en geskeurde wynsakke wat weer toegebind was, met verslyte en gelapte skoene en klere, met droë en verkrummelde padkos; hulle praat van die groot dade van die God van Israel, in Egipte en aan Sihon en Og' gedoen, asof dit hul jongste nuus is; van Jerigo en Ai rep hulle nie!

Josua loop in die val! Hy het die HERE ook nie geraadpleeg nie. Hy sluit vrede met hulle. As die bedrog later uitkom, moet die eed (v. 15) gehou word en hulle lewe gespaar word. Josua vervloek hulle egter en maak hulle tot knegte, tot houtkappers en waterputters "vir die huis van sy God". Hierin vind die vloek oor Kanaän (Gen. 9 :25, 26) in besondere sin sy vervulling.

Saul het later die trou aan die eed aan die Gibeoniete geskend deur hulle om te bring (2 Sam. 21:1).

## § 139 Onderwerping van Suid-Kanaän (Jos. 10)

Die lis van die Gibeoniete, waarby vier stede in die suide van Kanaän (9:17) betrokke was, het die posisie van die ander stede in Suid-Kanaän verswak. Hulle soek nou mekaar se hulp, nie in die eerste plek teen Josua nie, maar om die Gibeoniete te straf oor hulle lis, wat in die oë van die ander konings verraad was. Dit teken hoe strydlustig die konings van Kanaän onderling was, ook nog terwyl Josua hulle almal bedreig.

Die oproep tot samewerking gaan uit van Adoni-Sedek, die koning van Jerusalem. Dit is die eerste keer in die Bybel dat ons hierdie stadsnaam teëkom. Die stad self is reeds in Genesis 14 vermeld onder die naam Salem (Ps. 76:3). In buite-Bybelse geskrifte word die naam wel voor die tyd van Josua genoem, o.a. in die Amarnabriewe (korrespondensie tussen Farao Amenofis IV en sy Palestynse vasalle). Die koning van Jerusalem uit Genesis 14 het die naam Melgisedek gedra, dié uit Josua se tyd heet Adoni-Sedek; altwee die name is saamgestel met *sedek*, wat volgens Hebr. 7:2 "geregtigheid" beteken. Adoni-Sedek neem 'n heel ander houding aan as wat Melgisedek vroeër jeens Abraham gedoen het. Die ongeregtigheid van die Amoriete het inmiddels vol geword! (vgl. Gen. 15:16). Die later bes bekende stad van die volk van God was dus in die tyd van Josua 'n heidense stad, maar die HERE het hierdie stad verkies om daar te woon (1 Kon. 11:32; Sag. 3:2; Ps. 135:21), waar Hy as Allerhoogste reeds in Abram se dae Sy priesterkoning gehad het (Gen. 14:18).

Adoni-Sedek en sy bondgenote - vyf Amoritiese konings - het Gibeon beleër en daarteen geveg. Die manne van Gibeon (oudstes, 9:11) het toe na Josua, wat nog steeds sy laer in Gilgal by die Jordaan gehad het, om hulp gestuur en gesê: Trek u hande nie af van u dienaars nie. Met hierdie woorde doen hulle 'n beroep op die verbond wat hulle op listige manier met Josua gesluit het (Jos. 9), en Josua is wel verplig om hulle te verlos "van al die konings van die Amoriete wat die Gebergte bewoon" (v. 6). Hiermee word hy verdediger van sy bondgenote in plaas van aanvaller van buite af. In yl-marse trek Josua op en oorval die Amoriete terwyl hulle Gibeon beleër. Hy slaan 'n groot slag onder hulle, waarby hy besondere Goddelike bystand ondervind: die HERE bring sy vyande in verwarring (paniekstemming) en bestook hulle met haelstene terwyl hulle vlug (Job 38:22, 23; Jes. 30:30; Eseg. 13:13); ook verleng Hy die dag op die woord van Josua: die son het stilgestaan en die maan bly staan, totdat die volk hulle op hul vyande gewreek het. Die geskiedskrywer verwys hier na die Boek van die Opregte. Hierdie boek word twee keer in die Ou Testament vermeld, nl. ook in 2 Sam. 1:18. Dit was seker 'n boek met liedere wat betrekking gehad het op gebeurtenisse in Israel.

Die woorde van Josua het geen wetenskaplike betekenis vir die kosmologie nie, soos die Roomse Kerk (1613) in sy bestryding van die heliosentriese wêreldstelsel van Copernicus en

Galileï hulle gebruik het. Josua volg die gewone daaglikse spraakgebruik, soos ons vandag ook nog doen as ons sê: die son gaan onder, of die maan kom op.

Ons het hier te doen met 'n groot wonder van God, waarin Hy Hom die Heer van die heelal betoon (Job 9:7), wat die leërskare van die hoogte by die naam roep (Jes. 40:26). Die Skrif self getuig van hierdie dag dat daar geen dag soos hierdie een was nie, nie voor hom en ook nie ná hom nie, dat die HERE na die stem van 'n man geluister het (vgl. 2 Kon. 20:9-11).

Die vyf Amoritiese konings het gevlug en in die spelonk by Makkeda weggekruip. Hulle word gevang. Terwyl hulle voor hul oorwinnaar neerbuig, sit die aanvoerders hulle voete op die nekke van die konings (Ps. 110:1; 1 Kor. 15:28; Hebr. 10:13); daarna is hulle gedood, aan pale opgehang en teen sonsondergang in die spelonk gegooi waarin hulle weggekruip het. Hul skuilplek word hul graf!

Ná die oorwinning het Josua nog verskeie stede ingeneem en die mense daarin met die banvloek getref: Makkeda, Libna, Lagis, Geser, Eglon, Hebron en Debir. Al die konings èn hul land het Josua in een slag geneem, omdat die HERE, die God van Israel, vir Israel gestry het. Daarna het Josua en sy manskappe teruggekeer na die laer van Gilgal.

## § 140 Onderwerping van Noord-Kanaän (Jos. 11)

In die noorde van Palestina lê die groot stad Hasor, wat eeue agtereen 'n posisie van betekenis ingeneem het. Die stad lê wes van die Jordaan tussen die see van Galilea en die see van Huleh vlak ten suide van 'n reghoekige stuk tafelland wat by die stad gevoeg is en uitstekend geskik was as leërkamp vir perde en strydwaens. Reeds die Hyksos het hiervan gebruik gemaak en baie later het die vyande van die Makkabeërs dit ook gedoen. Ná die tyd van die Hyksos het Farao Toetmoses III (18de dinastie) die stad verower (§ 83). In die tyd van Josua lyk dit asof Hasor weer selfstandig is en hoof van die omliggende kleinere koninkryke. In dié tyd was Jabin koning van Hasor, en hy het die omringende konings opgeroep om gesamentlik teen Israel te veg. Hulle het gekom met al hul leërs, 'n volk talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte, met 'n groot aantal perde en strydwaens, en volgens afspraak byeengekom en laer opgeslaan by die waters van Merom. Op bevel van die HERE het Josua hulle oorval en verslaan en Hasor ingeneem en met vuur verbrand en sy koning met die swaard verslaan. Hiermee was die krag van Noord-Kanaän gebreek; die ander stede op die heuwels het Josua nie verbrand nie, maar wel al die mense gedood en die buit en die vee geneem.

## § 141 Die resultaat van die veroweringe van Josua (Jos. 12,13)

By wyse van slotopmerking by die verhaal van die verowering van die beloofde land lees ons in 11:16: "So het Josua dan hierdie "hele land ingeneem"; die verskillendelandskappe en grense word genoem, met die opmerking dat Josua *baie lank* teen al hierdie konings oorlog gevoer het. Dit was dus nie in alle opsigte 'n blitsoorlog soos die verhale van die veldtogte van Josua kan laat dink nie. Ná die verowering van die land het Josua nog die Enakiete uitgeroei (11:21); hierby lees ons weer dieselfde opmerking: So het Josua dan die hele land ingeneem (11:16, 23). In hoofstuk 12 word al die oorwonne konings genoem, almal saam een-en-dertig.

Tog moet ons ons van die omvang van die veroweringe en van die intensiteit van die onderwerping nie 'n te groot voorstelling maak nie. Dit blyk reeds in hoofstuk 13:2-6, waar opgesom word wat nog nie verower is nie. Ná die dood van Josua word die stryd voortgesit en moet Juda sy gebied nog verder verower (Rigt. 1:1). Jerusalem is toe geneem en baie ander stede wat egter ook reeds in die lys van hoofstuk 12 opgeneem is. Die inwoners van

Jerusalem is ook nie gedood nie, nie eens verdrywe nie. Meer stede het 'n eie bestaan kon handhaaf (Rigt. 1:27-35). Die HERE het selfs opsetlik in Sy toorn oor die bondsbreuk van Israel nasies laat oorbly (Rigt. 2:21), ook met die doel om Israel te beproef (Rigt. 2:22; 3:1-4).

## Die Verdeling van die Land

### § 142 Die verdeling in Gilgal (Jos. 14-17)

Nadat die stam van Ruben sy erfdeel gekry het in die suide van die Oos-Jordaanland, die stam van Gad ten noorde daarvan en die halwe stam van Manasse weer ten noorde van Gad, bly daar nog nege en 'n halwe stam oor wat hulle gebiede nog moet ontvang. Levi kry nie 'n eie erfdeel nie: die HERE is self hulle erfdeel (13:33). Hulle kry egter wel ere stede met weivelde wat deur die hele land versprei is (hfst. 21). Omdat die stam van Josef deur twee stamme verteenwoordig word, bly die getal op nege en 'n halwe stam. Voordat die verdeling plaasvind, kom Kaleb by Josua in Gilgal om die erfdeel te eis wat deur Moses aan hom beloof is toe hy saam met Josua en teenoor die ander tien verkenners die volk aangemoedig het om in vertroue op die HERE die beloofde land binne te trek (Num. 14:6-9). Die belofte staan in die geskiedenis van Numeri 14 nie vermeld nie, maar Kaleb vermeld dit nou, en Josua sal ongetwyfeld ook daarvan op die hoogte gewees het. Die belofte was dat hy en sy kinders die land wat sy voet (gedurende die verkenningstog) betree het, as erfdeel sou verkry. Hierdie gebied was Hebron. Kaleb het toe die Enakiete, waarvoor die Israeliete so bang was (Num. 13:33), daaruit verdrywe (Jos. 14:14).

Hierdie Kaleb word 'n Kenissiet genoem. Die Kenissiete (nie te verwar met Keniete nie) behoort tot die bevolking van Kanaän (Gen. 15:19). Gewoonlik word die naam afgelei van Kenas, 'n naam wat sowel in die geslagte van Esau (1 Kron. 1:36) as in dié van Juda (1 Kron. 4:13, 15) voorkom. Kaleb was egter uit die stam van Juda (Num. 13:6). Moontlik is Kenissiete (Edomiete) in die stam van Juda opgeneem.

Nadat Kaleb sy besondere erfdeel gekry het, word tot die verdere verdeling oorgegaan. Die manne wat dit moet doen, is reeds deur Moses aangewys (Num. 34:17-29). Hulle ken, volgens die lot, die suidelike deel van die Wes-Jordaanland aan die stam van Juda toe. Aan die slot van die opsomming van die stede wat Juda ontvang, word vermeld dat die kinders van Juda die Jebusiete, die inwoners van Jerusalem, nie kon verdryf nie; hulle het saam met die kinders van Juda in Jerusalem bly woon. Ten noorde van Juda kry Efraim sy erfdeel; ten noorde daarvan die halwe stam van Manasse, sodat die twee dele van hierdie stam teenoor mekaar aan weerskante van die Jordaan lê.

### § 143 Die verdeling in Silo (Jos. 18 en 19)

Die verdeling van die land is blykbaar nie in een keer afgehandel nie. Toe die laer van Israel ná die onderwerping van die land van Gilgal na Silo verplaas is, was daar nog sewe stamme oor waaraan nog erfdele toegewys moes word. In Silo het die volk toe die tent van samekoms opgeslaan. Die HERE WOU Sy Naam daar laat woon (Jer. 7:12).

Dat die verdeling van die land in Gilgal nie verder as tot vyf stamme gevorder het nie, word deur Josua aan traagheid toegeskryf (18:3). Hy beraam nou 'n plan om tot verdere verdeling oor te gaan. Drie manne uit elke stam moet die land deurgaan en dit beskrywe en sewe dele saamstel. So is toe gemaak en 'n verdelingsplan in 'n boek (= op skrif) uitgewerk. In Silo is die lot toe gewerp. Eers kry Benjamin sy deel, 'n betreklik klein gebied, tussen Juda en Efraim; dit sluit ook Jerusalem in (18:28; vgl. ook 15:63). Tweedens kry Simeon sy deel, nie

afsonderlik afgegrens nie, maar 'n aantal stede midde-in die gebied van Juda. Vervolgens kry vier stamme 'n taamlik aaneengeslote blok: Aser langs die Middellandse See, en ten ooste daarvan van noord na suid: Naftali, Sebulon en Issaskar, tot by die gebied van Manasse. Ten slotte kry Dan enkele stede wes van Benjamin, ook tussen Juda en Efraim in. Hierdie gebied was te klein, en hulle is daaruit verdring (Rigt. 1:34). Hulle het toe nuwe woonplekke gesoek in die noorde van die land, by Lesem (= Lais), by die bronne van die Jordaan. Hulle het die rustige en onbesorgde mense wat daar gewoon het, oorval en gedood en die stad Dan genoem, na hulle stamvader(Rigt. 18).

## § 144 Verdere verdeling (Jos. 19:49-21: 45)

Op die verdeling van die land in sy geheel volg nog enkele besondere toewysinge. Josua kry op sy versoek 'n stad op die gebergte van Efraim, waar hy later ook begrawe is (Timnat-Serag). Voorts word "vrystede" aangewys. 'n Vrystad is 'n stad waarheen iemand - wat per ongeluk, sonder opset, 'n mens doodgeslaan het - kan vlug vir die bloedwreker. Die bloedwreker, 'n familielid van iemand wat doodgeslaan is, stel geen ondersoek in nie, maar ag hom volgens ou insigte geroepe om die vergote bloed van sy familielid te wreek. Wanneer die doodslaner of moordenaar gedood is, kan 'n familielid van hóm weer optree om hóm te wreek. Bloed roep om vergelding! Mense neem hierby die reg in eie hande. Net vlug kan die doodslaner red, maar waarheen sal hy vlug? Hy is nêrens veilig nie!

In die volkslewe van Israel is daar egter 'n veilige plek vir die doodslaner: God wys vrystede aan. Die opdrag is reeds aan Moses gegee (Num. 35 en Deut. 19), met noukeurige omskrywing van die gevalle wat kan voorkom. Dit moet dan beoordeel word deur "die vergadering". Wie nie per ongeluk nie maar opsetlik doodgeslaan het, is 'n moordenaar, en 'n moordenaar moet gedood word; die bloedwreker moet dan die vonnis voltrek. Op hierdie wyse word die bloedwraak vervang deur regspraak van 'n amptelike instansie. Is daar" egter geen sprake van moord nie, moet die doodslaner in die vrystad bly, want as die bloedwreker hom buitekant die vrystad kry, mag dié hom doodslaan. Dit duur tot die dood van die hoëpriester; dan mag die doodslaner na sy huis terugkeer en mag die bloedwreker hom nie doodslaan nie. Die skuld van die doodslaner is dan versoen! In wese is die versoening daar alleen deur Christus en Sy dood, maar dit word afgebeeld deur die dood van die hoëpriester, wat ampshalwe tipe van Christus is.

Die vrystede wes van die Jordaan is: Kedes, Sigem en Hebron; dié oos van die Jordaan het Moses reeds aangewys: Beser, Ramot in Gilead en Golan in Basan (Deut. 4:41-43).

Ten slotte word die stede aangewys waarin die Leviete mag woon. Daar is drie groepe Leviete, omdat Levi drie seuns gehad het: Ger-son, Kehat en Merari. Kehat het vier seuns gehad, van wie die eerste Amram was, die vader van Moses, Aaron en Mirjam. Die seuns van Aaron was priesters tot in verre geslagte (1 Kron. 6:1-15). Onder die Kehatiete is daar dus twee groepe: die priesters en gewone Leviete. Die priesters kry dertien stede, geleë in Juda, Simeon en Benjamin, dus digby die latere tempel. Die ander kinders van Kehat kry tien stede in Efraim, Dan en die Wes-Jordaanse Manasse. Die kinders van Gerson kry dertien stede in Issaskar, Aser, Naftali en die Oos-Jordaanse Manasse. Die kinders van Merari twaalf stede in Ruben, Gad en Sebulon. Die toewysing van al hierdie stede geskied deur die lot; hulle is agt-en-veertig in getal; die ses vrystede behoort ook daarby (Num. 35:6). Hierdie toewysing van priester- en Levietestede is die uitvoering van 'n bevel wat reeds aan Moses gegee is (Num. 35:1-8).

## § 145 Die vertrek van die Oos-Jordaniërs (Jos. 22)

By die verowering van die Wes-Jordaanland het die Rubeniete, Gadiete en die halwe stam

van Manasse hulle belofte (kyk Num. 32) nagekom en hulle broers nie in die steek gelaat nie. Noudat die stryd verby is, kan hulle na hul besittings in die Oos-Jordaanland gaan. Met buit belaai, vertrek hulle uit Silo.

As hulle by die Jordaan kom, bou hulle daar 'n besonder groot altaar!

Wat gaan nou aan? - so vra ons.

In Silo vertrou hulle die saak ook nie. Pinehas, die priester, bekend om sy ywer vir die diens van die HERE (Num. 25:7), en tien familiehoofde uit Israel word na Gilead gestuur om oor die saak te praat. Hulle beskou dit in 'n baie ernstige lig en sê: Wat is dit vir 'n troubreuk wat julle begaan teen die God van Israel, dat julle vandag van die HERE afvallig word deur vir julle 'n altaar te bou, deur teen die HERE in opstand te kom? Die sonde sal maak dat die HERE op die hele vergadering, ook ten weste van die Jordaan, toornig sal word. Hy verwys na die gebeure met Peor en met Agan, toe die solidariteit van Israel so duidelik in die strawwe van God aan die lig gekom het. As hulle dit gedoen het omdat hulle besitting onrein is, is dit beter dat hulle ook maar na die Wes-Jordaanland kom, maar hulle moet glad nie 'n altaar naas die altaar van die HERE (in Silo) bou nie!

Die manne van Ruben, Gad en Manasse betuig plegtig, met aanroeping van die HERE, die God van die gode (v. 22), dat dit juis nie hulle bedoeling is nie, maar dat hulle dit uit 'n sekere besorgdheid gedoen het: hulle plek is mos enigsins eenkant, oos van die Jordaan, nie in die eintlik beloofde land nie, wat wes van die Jordaan lê (Num. 34:12). Dit sou tot gevolg kan hê dat die Wes-Jordaners hulle sou beskou as 'n groep wat geen deel aan die HERE het nie; en dit sou weer tot gevolg kan hê dat die Oos-Jordaners die HERE dan ook nie langer sou bly dien nie. Om dit te verhoed, het hulle die altaar gebou. Dit was nie om daarop te offer nie; dit kan blyk uit die boustyl (v. 28): die altaar is ongeskik vir offerhandelinge en nie 'n altaar naas die altaar van die HERE wat voor Sy tabernakel staan nie; dit is 'n altaar juis om te betuig dat die HERE onse God is!

Met die antwoord tevrede het Pinehas en sy manne teruggekeer.

Die hele Israel was eensgesind in die opregte bedoeling om die HERE te dien.

## § 146 Datering van die intog

In § 82 het ons gehandel oor die datum van die uittog. Die datums van uittog en intog moet in onderlinge verband vasgestel word en het 'n tussentyd van ongeveer veertig jaar. Opgrawings in stede wat deur Josua verower is, het aan die lig gebring dat verwoestings wat daar aangerig is, in die dertiende eeu geplaas moet word. Dit geld in elk geval van Hasor, wat deur Josua met vuur verbrand is (11:11). Lagis (10:32) is blykens die opgrawings in ongeveer 1220 verwoes; (Bet-el ook, maar ons lees nie uitdruklik van 'n verowering van Bet-el deur Josua nie.) Dit wys op 'n intog in daardie eeu. Intussen moet opgemerk word dat die stede in die suide wel verower is en die mense gedood is, maar dat hulle met vuur verbrand is (soos Hasor), word nie uitdruklik gesê nie (10:28-39). Van die stede op die heuwelland in die noorde word selfs uitdruklik gesê dat hulle nie verbrand is nie (II:13), net Hasor. Wat Debir betref (10:38, 39), het opgrawings aangetoon dat sy mure dateer uit die veertiende eeu, wat weer beteken dat 'n intog in die dertiende eeu eerder rede gehad het om teen die stad te veg as 'n intog omstreeks 1400. Ook ander stede wat in die boek Josua vermeld word (Jarmut, Eglon, Makkeda, Libna, kyk § 139), was, volgens die argeologiese ondersoek, in die sg. Amarnatyd nog nie gebou nie. Verder word die Habiri, waaroor in die Amarnabriewe gekla word (§ 82), teenswoordig nie langer as invallers beskou nie, maar as wettelose mense wat in daardie verwarde tye tot 'n oorlas was. Hiermee verval een van die argumente om die intog in die Amarnatyd te stel.

Die keuse tussen die vyftiende of die dertiende eeu as datum van intog, bly moeilik.

## Die Eerste Tyd ná Josua

### § 147 Die einde van die lewe van Josua (Jos. 23 en 24)

Toe Josua oud was en ver op sy dae (13 ; 1), het hy Kanaän - ook die gedeeltes wat nog nie verower was nie! (13:6b) - onder die nege en een halwe stam verdeel (§ 142-144). Daarna het hy die volk elkeen na sy erfdeel laat gaan (Rigt. 2: 6).

'n Geruime tyd daarna het Josua die hele Israel laat roep om hulle toe te spreek. Twee van die toesprake word in hfst. 23 en 24 vermeld. Hy sê hy "gaan die weg van die ganse aarde" (sterf) en wil die volk ernstig vermaan om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe staan in die wetboek van Moses, en om die HERE hulle God lief te hê. Uitdruklik waarsku hy hulle om nie met die nasies wat saam met hulle oorgebly het, te meng nie en hulle gode nie te dien nie; as hulle dit sou doen, sal die HERE hierdie nasies nie langer voor hulle uit verdrywe nie, maar hulle sal vir Israel 'n vangnet en 'n strik wees en 'n angel in hulle sy en 'n doring in hulle oog. Dit sal die ondergang van Israel meebring!

Die oorwinnings van Josua (vgl. § 141) het Israel aan die een kant wel heer en meester van die land gemaak, maar aan die ander kant is daar nog baie heidense elemente oor waarvan 'n slegte invloed kan uitgaan. Om 'n volk, 'n kultuur geheel en al uit te roei, gaan nie so maklik nie. Israel moes dit in die voortgang van die jare doen, maar het hierin spoedig begin faal (Rigt. 2:11). Dit was 'n proef wat hulle nie deurstaan het nie.

Wáár Josua die eerste toespraak gehou het, word nie vermeld nie; moontlik in Silo. Die tweede toespraak hou hy in Sigem. Dit is merkwaardig dat ons in die berigte oor die inbesitneming van Kanaän niks van 'n verowering van hierdie stad lees nie. Tog het Israel daar vaste voet gehad (kyk ook § 159); dit blyk reeds in die samekoms by Sigem op Ebal en Gerisim (8:30-35). Van ouds was Sigem belangrik in die patriargegeskiedenis (Gen. 12: 6). Daar was 'n terpentynboom, More genoem. Onder hierdie boom het Jakob die vreemde gode begrawe (Gen. 35:4). Volgens Jos. 24 is daar 'n eikeboom. Jakob het daar land gekoop (Gen. 33:19) en ook 'n stuk land, 'n *sigem* (= "landrug") met sy swaard en sy boog van die Amoriete afgeneem (Gen. 48:22); hy het dit aan Josef gegee. Daar was by Sigem 'n heilige plek van die HERE, 'n patriargeheiligdom. Op hierdie plek spreek Josua die volk toe en laat hy hulle plegtig belowe om die HERE te dien. Dit was 'n vernuwing van die verbond, en Josua het dit opgeskrywe in die wetboek van Moses (24:26; vgl. Deut. 31:24-26); 'n klip word opgerig tot getuie van die beloftes van die volk.

Josua het honderd-en-tien jaar oud geword (vgl. Gen. 50:22). Hy is begrawe op sy erfdeel (19:49, 50). Ongeveer in dieselfde tyd val die dood van Eleasar, die priester, die seun van Aäron. Hy word begrawe op die erfgoed van sy seun Pinehas. Dat hy 'n erfdeel besit, is 'n uitsondering (Deut. 18:1,2).

In hierdie verband word ook meegedeel dat die gebeente van Josef, wat die Israeliete uit Egipte saamgebring het (Gen. 50:25, 26; Ex. 13:19), in Sigem begrawe is - ongetwyfeld op die stuk grond wat sy vader aan hom persoonlik geskenk het (Gen. 48:22).

### § 148 Voortsetting van die stryd (Rigt. 1)

Ná die dood van Josua moes die stryd om die besit van die beloofde land nog voortgesit word. Aanvanklik is dit met welslae gedoen. So lank as die herinnering aan Josua en aan die werke wat die HERE deur hom gedoen het, nog by die oudstes van Israel lewendig was (Jos. 24:31; Rigt. 2:7), het die volk die HERE gedien. Hulle raadpleeg dan ook die HERE en vra Hom wie eerste teen die Kanaäniete moet optrek. Die HERE antwoord dat dit Juda moet wees. Juda het Simeon, wat in sy stamgebied gewoon het, saamgeneem. Die eerste oorwinning wat

hulle behaal, is dié op Adoni-Besek. Hy was 'n wrede vegtersbaas wat baie kleinere staatjies van die Kanaäniete en die Feresiete onderwerp het. Hy het dan die duime en groottone van hulle konings afgekap! Sewentig sulke konings het soos honde onder sy tafel gekruip om te eet wat op die grond geval het. Die Judeërs het toe sy duime en groottone afgekap en hom na Jerusalem gebring, waar hy tot sy dood was. Jerusalem is naamlik ook deur Juda ingeneem en aan die brand gesteek. Daarna is Hebron en Debir weer (Jos. 10:37, 38) ingeneem; vervolgens die Filistynse stede Gasa, Askelon en Ekron. Ook die huis van Josef (Efraim) het die wapens weer opgeneem en Bet-el verower.

Teenoor hierdie oorwinnings staan baie ander gevalle van stede waaruit die inwoners nie verdryf is nie: Bet-Sean, Taanag, Jibleam, Megiddo, Geser - sterk sentrums van die Kanaániete. Dit was 'n nalatige optrede van Israel, teen die bevel van die HERE (Deut. 7:1,2).

## § 149 Miga en sy heiligdom (Rigt. 17 en 18)

Die laaste vyf hoofstukke van die boek van die Rigters bevat twee verhale van gebeurtenisse wat vroeg in die rigtertyd, miskien reeds voor die optrede van die eerste rigter, plaasgevind het. Ons behandel hulle daarom nou. Hulle gee ook 'n tipering van die eerste tyd ná Josua.

Die eerste verhaal vertel dat die Daniete nuwe woongebied gesoek het (vgl. Jos. 19:47). Hulle vind dit ver in die noorde van die land naby die bronne van die Jordaan, by Lais, waar hulle die rustige en onbesorgde bewoners uitgemoor en die plek toe Dan genoem het. Dit is die mees noordelike plek van die land Israel.

Met die verskuiwing van grondgebied staan 'n kultiese gebeurtenis in verband, d.w.s. 'n gebeurtenis op die gebied van die erediens. Hoewel die tent van samekoms in Silo opgeslaan was (Jos. 18:1), lees ons in Rigters 17 van 'n private heiligdom, van 'n private persoon wat 'n godshuis gehad het met 'n skouerkleed (efod; vgl. Rigt. 8:27) en huisgode (terafim) daarby. Die man was Miga van die gebergte van Efraim. Hierdie man het geld van sy moeder gesteel, 'n bedrag van elfhonderd sikkels silwer (vir die getal *elfhonderd* vgl. 16:5). Toe sy moeder van die diefstal verneem, het sy oor die geld 'n vloek uitgespreek sonder om te weet dat haar seun die dief is. Die seun het die vloek egter gehoor, en nou voel hy nie meer gelukkig met die vervloekte geld in sy besit nie; daarom gee hy dit aan sy moeder terug. Dit bly egter vervloekte geld: 'n een maal uitgesproke vloek gaan, volgens Oosterse opvattinge, deur. Dit sal dus geen voordeel aanbring om die geld in eie belang te bewaar of te bestee nie. Daarom heilig die moeder die geld nou plegtig aan die HERE. Sy wil dit dus soos 'n wy-offer aan die HERE gee, maar begaan hierby 'n groot oortreding, want sy wil dat die seun 'n gesnede en 'n gegote beeld daarvan maak. Dit was 'n oortreding van die tweede gebod. Watter vorm die gegote beeld gehad het, word nie gesê nie, maar die woorde "gegote beeld" is dikwels aanduiding van beelde van kalwers (Deut. 9:12; 2 Kon. 17:16). Dit lê voor die hand om ook hier aan 'n silwer- of miskien wel 'n goue bulkalf te dink. Dit is dan 'n kosbare aanwins vir die heiligdom van Miga. Nog groter aanwins is dat hy in die heiligdom 'n Leviet kan aanstel om daar as priester te dien. Aan die einde van die verhaal word die naam van die Leviet vermeld: Jonatan, die seun van Gersom, die seun van Moses (Ex. 2:22). Omdat Gersom reeds in Midian gebore is, is in hierdie kort stamlys sonder twyfel 'n geslag oorgeslaan. Tog kan ons op grond van hierdie gegewens vasstel dat wat hier verhaal word, tot die vroegste gebeurtenisse ná die intog behoort. In die geslagslys van Moses in 1 Kron. 23:16 word Jonatan nie genoem nie (kyk ook Ex. 18:3, 4). Met 'n nakomeling van Moses as priester kry die godshuis van Miga wel 'n stempel van egtheid; tog is dit onwettig.

Van sy heiligdom word ook gebruik gemaak! Die Daniete het, voordat hulle na Lais getrek het, verkenners uitgestuur, en die verkenners het by Miga uitgekom. Hulle het Jonatan gevra om God te raadpleeg dat hulle kan weet of hulle pad voorspoedig sal wees. Die antwoord is

gunstig. As die Daniete daarna optrek, slaan hulle eers laer op agter Kirjat-Jearim. Die plek word die laer van Dan of Dan-se-Laer genoem; dit is die plek waar Simson later begin werk het (13:25). Daarvandaan het hulle oorgetrek en by Miga gekom. Hulle beroof hom van al die kultusvoorwerpe wat hy in sy godshuis gehad het en haal die priester Jonatan oor om saam te gaan na Lais. Protes van Miga word op 'n ruwe manier gesmoor (18:25) - so was die aard van die Daniete (Gen. 49:16, 17), soos uit die hele geskiedenis blyk wat hier verhaal word. Wanneer hulle hul in Lais gevestig het, rig hulle die gesnede beeld daar op, terwyl Jonatan en sy seuns ná hom vir die Daniete priesters was tot op die dag van die ontvolking van die land (deur die Assiriërs, 2 Kon. 17). As Jerobeam later by die instelling van die kalwerdiens naas Bet-el ook Dan as kultusplek kies, is dit seker in aansluiting by die bestaande heiligdom aldaar, wat met sy afstammelinge van Moses in sy priesterlike diens groot (hoewel onregmatige) aansien geniet het.

## § 150 Gruwel in Gibea en sy gevolge (Rigt. 19-21)

Die tweede verhaal begin ook met mededelinge oor die private aangeleenthede van 'n verder onbekende persoon en beskryf die vér-strekkende gevolge daarvan.

'n Levitiese man uit die gebergte van Efraim het na Betlehem-Juda gegaan om 'n byvrou van hom, wat ontrou geword het en weer na haar vader se huis teruggegaan het, terug te bring. Op die terugreis oornag hulle in Gibea wat aan Benjamin behoort (die vaderstad van Saul, 1 Sam. 11:4). Die inwoners van Gibea omsingel die huis waar die Leviet vernag, en eis van sy gasheer dat hy hom uitbring sodat hulle hom kan beken. Hulle het dus dieselfde onnatuurlike neiging as die manne van Sodom (Gen. 19:5; Rom. 1:27). Die gasheer, wat nie 'n Benjaminiet is nie, maar net soos sy gas uit Efraim afkomstig is, wil en kan sy gas nie aan so 'n skandelike misdryf blootstel nie. Om aan die moeilikhede te ontkom, tree die gas nou op en bring sy byvrou uit na buite sodat hulle met haar kan maak soos hulle wil; hy offer sy byvrou op vir eie veiligheid! (vgl. Gen. 12:13; 20:2; 26:7). Die manne van Gibea het toe die vrou die hele nag deur aangerand, sodat sy meer dood as lewend die huis van haar heer bereik en daar neerval. Die man bemerk dit eers in die môre as hy sy reis wil voortsit. Baie bekommernis oor sy byvrou het hy blykbaar nie gehad nie. Ru sê hy vir haar: Staan op en laat ons trek. Hy kry geen antwoord nie. Daarop laai hy haar op die esel, en as sy toe nog nie dood was nie, het sy seker op die pad beswyk (20:5).

Hierdie verhaal beskryf onverbloemd die sedelike verval in Gibea.

Die Efraimiet wil wraak neem en stel wat gebeur het in die hele Israel bekend deur die liggaam van die vrou in twaalf stukke te sny volgens haar gebeente en die stukke in die hele grondgebied van Israel rond te stuur. Dit is 'n skril-aanskoulike wyse van beriggewing (kyk ook 1 Sam. 11:7), maar dit het gehelp en diep indruk gemaak; verontwaardig trek die hele volk op na Mispa naby Gibea. Die Benjaminiete het egter nie gekom nie en wou die skuldiges ook nie uitlewer nie (20:13). Toe moes die hele stam van Benjamin gestraf word! Met 'n leër van vierhonderdduisend man trek die volk Israel teen Benjamin op. Maar Benjamin het hom ook slagvaardig gemaak en trek met ses-en-twintigduisend man, onder wie sewehonderd uitmuntende slingeraars (ook links, 3:15), die ander stamme tegemoet. Dit word dus 'n broederkryg op groot skaal en blykbaar met goedkeuring van die HERE, want as hulle God in Bet-el raadpleeg, waar die verbondsark toe was (?), kry hulle tot antwoord: Juda moet eerste optrek (vgl. 1:2). Tog ly die Israeliete tot twee maal toe 'n neerlaag. Nou is alle oormoed gebreek en hulle ween en vas en offer in Bet-el. Daar raadpleeg hulle weer die HERE.

Ons verneem nou dat Pinehas, die seun van Eleasar, die seun van Aäron, daar priester was. Ook hierdie geskiedenis het dus nie lank ná die intog plaasgevind nie (Jos. 24:33).

Die HERE het toe 'n bemoedigende antwoord gegee. Deur lis en hinderlaag het die Israeliete Benjamin daarna 'n verpletterende neerlaag toegebring. Vyf-en-twintigduisend krygsmanne van die Benjaminiete het gesneuwel. Seshonderd het hul lewe gered deur na die woestyn te vlug. Vervolgens het die Israeliete ook nog die burgerbevolking van Benjamin uitgeroei, sodat daar feitlik een stam uit Israel vermis was. Boonop het die volk al in Mispa gesweer dat niemand van hulle sy dogter aan 'n Benjaminiet as vrou sou gee nie. Met 'n bevolking van seshonderd, net manne, word die stam van Benjamin met uitsterwing bedreig.

Toe het die kinders van Israel hulle broer Benjamin jammer gekry. Wat kan hulle doen om die stam te red en aan hulle vroue te verskaf ? Die oplossing is weer wreedaardig. Hulle kom agter dat, hoewel Gilead wel sy verteenwoordigers na Mispa gestuur het (20:1), tog niemand uit Jabes in Gilead opgedaag het nie; dit word nou as 'n strafwaardige daad beskou, swaar genoeg om die hele bevolking van Jabes uit te roei. Uit die bloedbad kan egter jong meisies gered word om aan die oorblywende Benjaminiete te gee! Vierhonderd meisies word gespaar en na Silo gebring. Daarop bied Israel die seshonderd Benjaminiete vrede aan en gee die meisies aan hulle. Vierhonderd man is nou geholpe. Die ander tweehonderd kry die raad om elkeen vir hom 'n meisie te skaak by geleentheid van die jaarlikse fees in Silo. Dit is dan wel Israelitiese meisies, wat volgens die eed in Mispa nie mog gebeur nie, maar die meisies is mos nie gegee nie maar geroof! So is die eed dan nie gebreek nie! Spore van nomistiese spitsvondigheid word reeds hier in Israel aangetref!

## § 151 Afval en afgodery in Israel (Rigt. 2)

Die verhale uit Rigt. 17-21 (§ 149, 150) vertoon nie 'n verhewe beeld van die jong volk in sy beloofde land nie. Die enigste mooi trek is die gevoel van nasionale eenheid, maar onbesuisde optrede en ligvaardige eedswering het baie onheil veroorsaak. Herhaaldelik merk die skrywer van hierdie hoofstukke op dat daar in die dae geen koning in Israel was nie en elkeen gedoen het wat goed was in sy eie oë. Die skrywer self het ongetwyfeld die voordele van 'n koninklike regering geken en gewaardeer.

Ook die Kanaäniete wat oorgebly het, het met hulle kultuur en godsdiens 'n verleidende invloed op Israel uitgeoefen, sodat die volk van die HERE die Kanaänitiese vrugbaarheidsgode, die Baals en As-tartes, begin dien het (Rigt. 2: 13).

Dit is hier die eerste keer in die geskiedenis van Israel dat ons hierdie twee godename teëkom. Deur die opgrawing van die ou stad Oegarit in die noorde van Fenicië (die teenswoordige naam is Ras Sjamra = Vinkelkop) het verrassende Kanaänitiese literatuur bekend geword. Daartoe behoort mitologiese verhale waaruit ons die Kanaänitiese godevoorstellinge leer ken. Baal is een van die jongere gode wat egter 'n oorheersende betekenis gekry het. Die naam Baal is sy titel en beteken "heer" en word meer gebruik as sy eintlike naam *Hadad.* Hy is die god van storm en donder, reën en vrugbaarheid. Dat in die Ou Testament van Baäls in die meervoud gepraat word, volg uit die omstandigheid dat daar lokale godhede was wat 'n bepaalde tipe van Baal verteenwoordig het. Ons het reeds verneem van Baäl-Peor (Num. 25).

Die Oegaritiese tekste maak ook melding van godinne. Twee van hulle word ook in die Ou Testament genoem, naamlik die Astartes en Asjera. Astartes is weer 'n meervoud, wat op dieselfde wyse verklaar kan word as die meervoudsvorm Baals. Astarte was die godin van die seksuele lewe. Sy word in die Ou Testament dikwels naas Baal genoem en is blykbaar as sy vrou beskou. Asjera, eintlik die vrou van die ou hoofgod El, word egter ook dikwels as die vrou van Baal beskou, veral deur Isebel (1 Kon. 18:19).

Die simbool van Asjera was 'n groen boom of, as dit nie voorhande was nie, 'n houtpaal. So 'n

paal word ook asjera genoem; in ons Afrikaanse vertaling word dan die woorde "heilige boomstam" gebruik. Dis nie altyd duidelik of die Hebreeuse woord "asjera" die godin self of haar simbool aandui nie. Wanneer die woord naas *klip-pilaar* (masseba, die simbool van Baal) voorkom (Deut. 7:5; 12:3), word die simbool van Asjera bedoel. In 1 Kon. 15: 13; 18: 19; 2 Kon. 21:7; 23:7 lees ons in ons vertaling tereg: Asjera. Daar is egter meer tekste waar dit die juiste vertaling sou wees, o.a. Rigt. 3:7, waar naas die Baals van die Asjeras sprake is.

Hoewel die volk deur die Engel van die HERE baie ernstig teen die Baäldiens gewaarsku word en vir 'n oomblik wel berou het *(Bogim* = "wenende mense", 2:5), verval hulle tog telkens weer tot dieselfde sonde. Die straf is dan dat die HERE Sy volk in toorn aan rowers en onderdrukkers oorgee. As die volk dan in benoudheid kom en om hulp roep, verwek die HERE manne met besondere gawes van moed en godsvertroue wat die volk dan red en *rig*, d.w.s. hulle lei in die weë van die HERE. Hierdie gang van gebeurtenisse het hom dikwels herhaal. Die verlossers word *rigters* genoem.

Hierdie periode van die rigters is 'n deel van die geskiedenis van Israel met sy eie karakter en betekenis. Josua het Moses opgevolg. maar Josua het nie 'n opvolger gehad nie. Die volk was nou in sy beloofde land en moes sy geestelike mondigheid bewys deur die verbond met die HERE te hou. Alles om dit te kan doen, was aanwesig: 'n eie land, die wet van Moses, 'n regering van oudstes. nasionale onafhanklikheid, die heiligdom in Silo. Wat daar nie was nie, was 'n sigbare vors; maar die HERE was die koning van Israel. Israel was 'n teokrasie! Dit het die volk voor 'n hoë roeping geplaas Die HERE wou Sy volk op die proef stel of hulle in Sy weg wou wandel (2:22). Herhaaldelik het die volk egter getoon dat hulle die trou nie wou bewys nie. Daar moes 'n sigbare hoof kom om die volk te lei, 'n koning! Die tyd van die rigters roep om die koningskap Tog was daar altyd nog vroom manne wat dit betreur het (Samuel) en die koningskap van God erken het (Gideon). In sy diepste wese is die onbekwaamheid en onwil van Israel om sonder koning klaar te kom, 'n roep om Christus, soos ook die latere verval van sowel die konings van Israel as van Juda roep om die Christus, wat alleen die koninkryk van God kan stig en Sy verlostes kan maak tot gehoorsame kinders van God, ons hoogste Koning (Ps. 10:16). (Kyk ook § 189.)

## Begin van die Rigtertyd

### § 152 Die omringende lande

Wat die omstandighede in die omringende lande betref, was die rigtertyd 'n rumoerige tyd waarin nuwe volke verskyn wat die grotere ryke verdring. Die ryk van die Hetiete is verbrokkel deur Indo-Germaanse volke waartoe ook die sg. Seevolke behoort. Hulle is wel (ter see) deur Egipte verslaan, maar daarmee was die krag van Egipte voorlopig ook uitgeput en was dit met sy oorheersing van Sirië gedaan. 'n Deel van die Seevolke is die *Peleset* (= Filistyne), wat in die kusvlakte stadsryke gestig het. (Die naam *Palestina*, wat onder Griekse invloed in die tyd van Josefus in swang geraak het, is van hulle naam afgelei.) In die Oos-Jordaanse gebied het nomadestamme hulle gevestig: Edom, Moab, Ammon en veral Arameërs (Damaskus). Assirië was in dié tyd te swak om hom te laat geld. Eeue lank kon die kleinere volke nou met mekaar baklei. In hierdie tyd val die begin van die selfstandige volksbestaan van Israel en daarna sy vorming as staat onder die eerste konings. Wanneer God Israel en Juda daarna moet straf oor hulle verval in sonde, gebruik Hy daarvoor die inmiddels weer opkomende groot magte, waarvan Assirië die eerste is.

Wat die kultuur betref, is die rigtertyd die begin van die ystertyd. Gebruik van klip en later brons het daaraan voorafgegaan. Wapens en gereedskappe van yster was beter en sterker. Josua het die strydwaens van Jabin verbrand (Jos. 11:9); hulle was seker nog van hout! Ander Kanaäniete het al ysterwaens gehad (Jos. 17:18), waarteen Israel nie opgewasse was nie (Rigt. 1:19). Die Hetiete het die geheim van ysterbewerking geken. In die tyd van die rigiers het die Filistyne hierdie kuns in eie hande gehou en Israel daarmee in 'n swak posisie gedwing (1 Sam. 13:19-22), sowel in politieke as in kulturele opsig. Eers ná die onderwerping van die Filistyne (Dawid) het hierin verandering gekom, sodat ook die Israeliete hulle ekonomies beter kon ontwikkel.

## § 153 Otnlël (Rigt. 3:5-11)

Die eerste van die in § 151 genoemde *rigters* is Otniël, die jonger broer van Kaleb, wat vroeèr Kirjat-Sefer (= Debir) ingeneem het en toe met Agsa, die dogter van Kaleb, getrou het.

Die Israeliete het, deur huwelike, met Kanaäniete en ander bewoners van Kanaän vermeng, en hulle gode, die Baäls en "heilige boomstamme" (kyk § 151), begin dien. Daarop het die toorn van die HERE teen Israel ontvlam, en Hy het hulle verkoop (oorgelewer) in die mag van Kusan Risataim, 'n origens onbekende koning van Mesopotamië (Aram-Naharaim). Agt jaar lank het Israel onder sy juk gesug, maar toe hulle die HERE aangeroep het, het die HERE 'n verlosser *verwek*, d.w.s. 'n man met moed en vertroue: die Gees van die HERE het op hom gekom! (Dit is die charisma van die rigters.)

Dié man was Otniël. Hy het Israel gerig en uitgetrek om oorlog te voer. Die HERE het Kusan Risataim, die koning van Aram (so sê v. 10), in sy hand gegee. Toe kry die land veertig jaar rus.

## § 154 Ehud (Rigt 3 :12-30)

Toe Israel weer gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE, het Hy Moab gebruik om Sy volk te tugtig. Self bewerk Hy dat die nog jong staat onder sy koning Eglon sterk word. Eglon het ook Ammoniete en Amalekiete in sy leër opgeneem, die Jordaan oorgetrek en die Palmstad (= Jerigo, Dent. 34:3) ingeneem. Jerigo het dus nie meer in die toestand verkeer waarin Josua dit agtergelaat het nie, maar weer 'n woonplek geword - waarskynlik nie versterk nie, dit is baie later deur Hiël gedoen (1 Kon. 16:34). Vanuit Jerigo het Eglon die land oorheers en Israel 'n belasting opgelê. 'n Besetting van minstens tienduisend man moes sorg dat die Israeliete in die aflewering van die belasting nie nalatig sou wees nie. Hoe ver die mag van Eglon gestrek het, word nie gesê nie; in elk geval het die naaste omgewing die druk van Moab die swaarste gevoel en hiertoe het Benjamin, in wie se stamgebied Jerigo geleë was, behoort. Uit Benjamin kom dan ook die rigter voort wat deur die HERE op die geroep van sy volk verwek word (v. 9) om sy volk te verlos. Hy is Ehud. Hy moes die belasting aan Eglon, wat vir dié doel seker na Jerigo gekom het, afdra. Dat hy daartoe aangewys is, bewys dat hy 'n man van aansien was. In die agttiende jaar van die Moabitiese oorheersing, as Ehud weer die belasting moet gaan betaal, bedink hy 'n plan om Eglon te vermoor. Soos $so_t$ baie Benjaminiete was hy links (20:16), waardeur sy handbeweging om sy swaard te trek, Eglon nie verontrus het nie. Die Moabiete was verder ook nalatig: hulle mag oor Israel was mos reeds baie jare gevestig, en Ehud het die tribuut weer gedwee kom betaal. Lewendig word beskryf hoe Ehud die koning van Moab vermoor en ontvlug (v. 16-25). By die Moabiete ontstaan 'n groot konsternasie as hulle later bemerk dat hulle koning dood is. Intussen gaan Ehud na die gebergte van Efraim en blaas op die ramshoring om die volk tot oorlog op te roep. Hy is oortuig van die hulp van die HERE en versamel die volk agter hom. Blykbaar wou die Moabitiese soldate vlug, maar Ehud het die Jordaandriwwe beset, sodat niemand van hulle kon ontkom nie. Nou moes Moab onder die hand van Israel buig. Die land het tagtig jaar lank gerus.

'n Beoordeling van die wyse waarop Ehud gehandel het, word deur die Skrif nie gegee nie.

Ná die verhaal van Ehud word in een vers (Rigt. 3:31) melding gemaak van Samgar. Gewoonlik word hy ook tot die rigters gereken; tog word nie van hom gesê dat die HERE hom "verwek" het en ook nie dat hy Israel gerig het nie. Hoe die toestand in sy dae was, word in Rjgt. 5:6 geskets: onveiligheid op die paaie. Dit is waarskynlik deur Filistynse bendes veroorsaak, want dit is Filistyne teen wie Samgar veg. Hy het seshonderd man van hulle met 'n osdrywerstok verslaan.

## § 155 Barak en Debora (Rigt. 4 en 5)

Na die dood van Ehud het Israel weer gaan doen wat verkeerd was in die oë van die HERE; weer verkoop die HERE hulle in die hand van 'n vyand. Hierdie keer was dit Jabin, 'n Kanaänitiese koning, wat in Hasor geregeer het. Hierdie name is aan ons uit Jos. 11 bekend. Josua het die stad met vuur verbrand en sy koning met die swaard verslaan. Deur die agtelosigheid van die stam van Naftali, die gebied waarin Hasor geleë was, kon die Kanaäniete die stad weer opbou (vgl. 1:33). Nou regeer daar weer 'n koning met die naam Jabin! Hy het egter 'n veldheer wat verder baie meer op die voorgrond tree as Jabin, naamlik Sisera, wat afkomstig was van Haroset van die heidene, 'n plek by die noordwestelike uitgang van die vlakte van Jisreël. Hierdie Sisera het negehonderd ysterwaens gehad; hierteen kon Israel niks doen nie, en twintig jaar lank is hulle swaar verdruk. Die Israeliete het toe die Naam van die HERE aangeroep. Sy antwoord kom deur bemiddeling van 'n profetes (vgl. Ex. 15:20; 2 Kon. 22:24), naamlik Debora, die vrou van Lappidot. Die mense kon na haar toe kom as sy onder die palm van Debora, tussen Rama en Bet-el, sit. Daar het sy gerig en daar is ook die nood van die volksverdrukking bespreek. Blykbaar het die HERE Sy plan van verlossing aan haar geopenbaar.

Die plan van Israel se hoogste Leërowerste en Koning, die HERE God self (Jos. 5:14), is tot in die fynste besonderhede uitgewerk en bevat die volgende punte: Ten eerste die aanstelling van 'n aanvoerder: Barak uit Naftali. Die stad van Jabin, Hasor, was in sy stamgebied geleë (Jos. 19:36); hy het die verdrukking van die oorheerser dus van naby ondervind. Ten tweede die mobilisasie van die troepe: hulle moet tienduisend man sterk wees en opgeroep word uit Naftali en sy suidelike buurstam, Sebulon. Ten derde die saamtrekkingspunt van die troepe: die berg Tabor, vlak ten suide van Sebulon, in die noordoostelike deel van die vlakte van Jisreël. In hierdie bevele is 'n meer as menslike leërowerste aan die woord, want Hy sê dat Hy Sisera sal trek na die spruit Kison, wat deur daardie dal weswaarts stroom, en dat Hy hom in die hand van Barak sal gee. Dat Hy Sisera sal trek, beteken dat Hy hom dit sal ingee om hierdie strategiese fout te maak.

Debora laat Barak roep en deel die Goddelike krygsplan aan hom mee. Barak wil wel aan die oproep gevolg gee, maar stel as voorwaarde dat Debora moet saamgaan. Hierin toon Barak 'n te grote afhanklikheid van die profetes, wat ongetwyfeld 'n sterk persoonlikheid was. Debora wil saamgaan, maar voorspel aan Barak dat die eer van die oorwinning nie vir hom nie maar vir 'n vrou sal wees! So het dit ook gebeur. Die eerste bewys van die waarheid van die woorde van Debora blyk hierin dat inderdaad tienduisend man uit Naftali en Sebulon aan die oproep van Barak gevolg gee. Hulle trek op na Tabor. As Sisera dit hoor, versamel hy sy strydwaens by die spruit Kison. Debora het nie maar net saamgegaan nie, maar ook kosbare advies gegee. As profetes sien sy in dat Sisera nou in die moeilikheid beland! Sy gee Barak bevel tot die aanval. Toe het die HERE wonderbaarlik gehelp: Hy het Sisera met al sy waens deur die skerpte van die swaard in verwarring gebring, sodat hulle voor Barak uit vlug. Bomenslike dinge het gebeur: Uit die hemel het die sterre geveg! (5:20). Die paniek is so groot dat Sisera nie meer veilig voel op sy wa nie en te voet vlug. Op sy vlug kom hy by die tent van Jael, die vrou van Heber, die Keniet. Die Keniete word so genoem na hulle stamvader Kain (nie die Kain van Genesis 4 nie! Kyk Num: 24:21, 22), waarskynlik 'n Midianiet, want Hobab, die seun van Rehuel, die Midianiet, die swaer van Moses (Num. 10:29), word in Rigt. 1:16 'n Keniet genoem. Hy het met Israe] saamgewoon in die woestyn van Juda, maar Heber het hom van die eintlike groep van Kain afgeskei en nader na die vlakte van Jisreël beweeg (Rigt. 4:11). Met Jabin het hy in vriendskaplike betrekking gestaan (4:17) en dus nie saam met Israel die verdrukking ondervind nie. Sisera ag dus die tent van die vrou van Heber 'n veilige plek. Eintlik mog hy, volgens Oosterse sede nie in die tent gaan nie: die vrouetent is verbode terrein! Maar juis daarom sal hy daar ekstra veilig wees - as die

vrou hom toelaat om binne te gaan. Sy laat dit toe, en dit is reeds 'n bewys van haar bose bedoeling. Sy sien in dat die kanse nou keer en dat dit gevaarlik word om aan Jabin se kant te bly. Sy ontvang hom vriendelik, maar vermoor hom in sy slaap (v. 18-22).

Ook Barak kom by die tente van Heber uit. Jael wys hom sy vyand, dood op die grond.

Die stryd is nou besleg en, soos Debora voorsê het, deur vroue-hande. Tog word Barak vermeld onder die geloofshelde van Hebreërs 11 (v. 32).

Ná die neerlaag van Sisera was die krag van Jabin gebreek. Die Israeliete het hom al meer en meer verdruk, totdat hy uitgeroei was.

Ná die oorwinning was daar fees en vreugde (vgl. Ex. 15:1; Sam. 18:6, 7) en het Debora en Barak gesing. Die lofsang van Debora vind ons in hfst. 5. Dit bevat haar profeties-digterlike beskouing van die gebeurtenisse. Hierdie gedig munt uit deur bewoënheid en geesdrif, deur lewendige voorstelling en realistiese tekening. Afkomstig uit die oudste tye van Israel geniet dit vandag nog wêreldvermaardheid.

## Gideon

### § 156 Gideon geroep (Rigt. 6 :1-32)

In nuwe nood stuur die HERE 'n nuwe man met groot geestesgawes (charisma, § 153), hoewel die volk Israel deur eie skuld weer in die nood beland het. In die veertig jaar wat die land ná die neerlaag van Sisera kon rus, het Israel weer begin doen wat verkeerd was in die oë van die HERE; weer gee Hy hulle oor in die mag van vyande. Hierdie keer is dit die Midianiete. Hulle het in die steppegebiede suid en oos van Palestina gebly en was, as nakomelinge van Abraham en Ketura (Gen. 25:1-4), aan Israel verwant. Met Edom het hulle een keer in konflik geraak (Gen. 36:35), maar hulle verhouding met die Israeliete was aanvanklik vriendskaplik: die skoonvader van Moses was 'n Midianiet (Ex. 2:15). Sedert die medepligtigheid van Midian aan die verleiding van Israel tot hoerery en afgodery by Sittim (Num. 25), het die verhouding versleg en moes Israel op goddelike bevel op Midian wraak neem (Num. 31). Nou gebruik God dieselfde Midianiete om Sy volk te tugtig. Die kwaad wat die Midianiete, bygestaan deur Amalekiete, Israel aandoen, bestaan in jaarlikse strooptogte waarin hulle oes en vee roof. Sewe jaar het dit aangehou; geen wonder dat Israel baie arm geword het nie.

Op die geroep van die volk stuur die HERE eers 'n profeet, 'n boet-profeet, wat die volk op sy sonde wys (6:7-10; vgl. 2:1-5). Daarna verskyn die Engel van die HERE aan die man wat Hy verkies het om as redder van die volk op te tree. Hy is Gideon, die seun van Joas, die Abiësriet, d.w.s. nakomeling van Abiëser (8:2) uit die stam van Manasse (Jos. 17:2; 1 Kron. 7:18). Die Engel ontmoet hom onder die terpentynboom by Ofra (in Wes-Manasse) terwyl hy besig was om *koring* uit te slaan in die parskuip om dit teen die Midianiete te beveilig. Gideon sit dus nie met gevoude hande nie, maar red wat gered kan word. Die Engel noem hom daarom 'n dapper held en sê dat Hy hom stuur om Israel uit die mag van die Midianiete te verlos. Die beswaar van Gideon, dat hy self en sy geslag slegs van geringe betekenis is, word weerlê deur die toesegging: Ek sal met jou wees, sodat jy die Midianiete soos een man (= geheel) sal verslaan.

Gideon begryp dat dit nie 'n gewone man is wat met hom praat nie en wil Hom daarom 'n gawe aanbied (soos Abraham ook gedoen het, Gen. 18:1-8). Die Engel van die HERE sê toe: Ek sal bly totdat jy terugkom. Hierin sien ons hoe geduldig die HERE met gelowiges is deur hulle in die geleentheid te stel om tot die insig te kom dat dit die HERE is wat met hulle spreek. Dit is mos 'n ontsaglike gebeurtenis in die lewe van 'n mens. As Gideon met sy gawe

terugkom, aanvaar sy Besoeker dit op 'n besondere wyse (v. 20, 21), sodat Gideon nou seker is van die aard van die ontmoeting: dit is 'n teofanie, 'n Godsverskyning. Hy skrik hewig daarvoor (Ex. 33:20), maar die HERE stel hom gerus. Toe bou Gideon daar 'n altaar vir die HERE en noem dit: Die HERE is vrede.

In die nag wat op die Godsverskyning volg, kry Gideon opdrag van die HERE om die altaar van Baäl, wat aan sy vader behoort, af te breek. As Gideon dit doen, blyk dit dat sy vader tog nie die verstokte Baaldienaar is soos ons uit die feit dat hy 'n familie-altaar vir Baal het, sou verwag nie. Hy kies kant vir sy seun, vir dié se reformatoriese daad en daarmee vir die HERE. Spottend merk hy op dat as Baal 'n god is, hy vir homself sal veg. Hierdie gedagte word uitgedruk in die naam *Jerubbaäl*, wat bynaam, ja, erenaam vir Gideon geword het. Die stryd teen Midian word voorafgegaan deur 'n stryd teen die Baäldiens, die oorsaak van die ellende van Israel (v. 25-32).

## § 157 Neerlaag van die Midianiete (Rigt. 6:33-8:21)

Die eerste optrede van Gideon val blykens 6:11 in die oestyd, dus in die tyd waarin die Midianiete, vergesel van Amalekiete en ander bewoners van die Ooste, weer opgedaag het om te plunder. Hulle het deurgetrek (deur die Jordaan) en in die laagte van Jisreël laer opgeslaan. Toe het die Gees van die HERE Gideon vervul. Hy het 'n leër gevorm uit die noordelike stamme Aser, Sebulon, Naftali en Manasse. Issaskar behoort ook tot die noordelike stamme, maar juis op hulle gebied, die laagte van Jisreël, was die vyande geleër, sodat hulle nie opgeroep kon word nie. Gideon kry 'n leër van twee-en-dertigduisend man bymekaar. Voor die stryd wil hy homself nogmaals van sy roeping vergewis; hy vra om 'n teken en ontvang dit - die dubbele teken van die wolvlies. Nou verwag die HERE ook dat hy net in die krag van die Here sal gaan. Daartoe moet hy sy groot leër verklein, sodat duidelik kan blyk dat die toegesegde oorwinning 'n werk van die HERE is. Eers word aan elkeen wat bang is, toegestaan om huis toe te gaan; twee-en-twintigduisend manne het toe omgedraai. Nog is die manskappe te veel, sê die HERE. Aan die hand van 'n deur die HERE self bepaalde kenmerk, naamlik die wyse waarop die manne uit die fontein Harod drink, sal die HERE aanwys wie saam met Gideon sal optrek. Ná die toets bly daar net driehonderd man oor (7:4-7). Deur hulle sal die HERE Israel verlos! Gideon aanvaar hierdie vermindering van sy troepe sonder teenspraak. Die HERE sal nou ook vir hom duidelik maak dat die oorwinning vasstaan, dat die krag van die Midianiete reeds gebreek is, nie fisiek nie maar psigies; hulle oormoed het plek gemaak vir vrees. Hierdie gemoedsgesteldheid het die HERE in hulle siele bewerk. Gideon verneem dit as hy met sy dienaar Pura 'n nagtelike verkenningstog in die laer van die vyand onderneem (7:9-15). Ook uit die aanval van Gidoen op die laer van die vyand blyk dit dat die HERE self die stryd voer. die wapens wat Gideon gebruik, is net ramshorings en leë kruike met fakkels binne-in die kruike. Op die ramshorings het hulle geblaas, die kruike stukkend geslaan, die fakkels hoog gehou en geroep: Die swaard van die HERE en van Gideon! Drie groepe van honderd man elk het dit op verskillende plekke gedoen; toe het die Midianiete in verwarring geraak van skrik, onder geskreeu gevlug en in die duisternis van die nag mekaar aangeval. Hierdie paniek was die werk van die HERE!

Die Midianiete vlug in die rigting van die Jordaan. Die manskappe uit Naftali, Asser en die hele Manasse is opgeroep om hulle te agtervolg, ook die Efraïmiete om die deurtog deur die Jordaan vir die vlugtelinge af te sny. Twee vorste van die Midianiete, Oreb en Seëb, word gevang en gedood. Aan die oorkant van die Jordaan word die vervolging voortgesit in die stamgebied van Gad. Die mense daar is egter bevrees om Gideon te help; die vorste van Sukkot en die manne van Pnuel woon na aan die Midianiete, en as Gideon nie in sy veldtog slaag nie, sal hulle die eerste slagoffers van die wraak van die Midianiete wees. Gideon sê dat hy hulle oor hul gebrek aan vertroue in sy Goddelike roeping sal straf. Hy jaag nou eers agter

die res van die Midianiete. Hulle is slegs vyftienduisend man; honderd-en-twintigduisend het reeds gesneuwel! Ook die laaste oorlewendes word deur Gideon verslaan. Daarby was twee konings, Seba en Salmuna, met wie Gideon nog 'n appeltjie te skil gehad het, want hulle het vroeër, tydens rooftogte, broers van Gideon by Tabor vermoor. In ridderlike bewoording erken hulle dit (8:20, 21); dit baat hulle egter nie: hulle word deur Gideon eiehandig gedood (8:20, 21). Ook Sukkot en Pnuel word gestraf oor hulle gebrek aan hulpvaardigheid - net soos Gideon gedreig het (8:7, 9). Dat Gideon die manne van Pnuel selfs doodmaak (dié van Sukkot nie), moet wel hieruit verklaar word dat dié van Pnuel teenstand gebied het vanuit die toring (fort) wat Gideon wou omgooi.

Die stryd is nou besleg en Israel verlos van die Midianiete. Dié het hul neerlaag nooit weer te bowe kon kom nie. Hul ondergang het spreekwoordelik geword (Jes. 9:3; 10:26; Ps. 83:10).

## § 158 Die skouerkleed van Gideon (Rigt. 8:22-35)

Die naam van Gideon is opgeneem in die ry van geloofshelde van Hebreërs 11 (v. 32). Inderdaad het hy uitgemunt deur geloofsvertroue, ook deur geloofsinsig in die bedoelinge van die HERE. Dit blyk as hy beslis weier om die koningskap oor Israel te aanvaar; hy antwoord die manne van Israel wat hom dit aanbied: Die HERE sal oor julle heers. Hy het die idee van die teokratiese koningskap goed verstaan. Des te meer bevreemd dit dat Gideon wel 'n skouerkleed (efod, 17:5) laat maak. Dit is 'n priesterlike gewaad wat vir orakelverkryging gebruik kan word (vgl. § 103, nr. 9). Hy laat dit opstel in sy stad, in Ofra. Blykbaar het dit dus daar *gestaan.* Waarskynlik was so 'n efod - ook dié van Miga, § 149 - 'n minder onskuldig kultus-voorwerp as wat die naam skouerkleed laat vermoed; dit kan ook 'n sierlike godegewaad gewees het waarmee afgodiese praktyke gepaard gegaan het. Wat Gideon met sy efod beoog het, word nie gesê nie; miskien het hy, die Manassiet, dit gedoen uit wedywer met Efraim. Die verhouding tussen Efraim en Manasse was altyd effens gespanne, kyk Rigt. 8:1-3; 12:1 en § 164. In Efraim, in Silo, was die wettige efod met die Urim en Tummim om die HERE te vra (Ex. 28; Num. 27:21; 1 Sam. 28:6). In elk geval was dit 'n eiewillige godsdiens van Gideon, waarmee hy op kultiese gebied oortree het. By die volk het dit ingang gevind; hoe verkeerd dit was, blyk uit die Skrif: die hele Israel het dit daar "agternagehoereer". Die oortreding het dus inderdaad 'n afgodiese karakter gedra. Vir Gideon en sy huis het dit 'n strik geword (vgl. Ex. 20:5). Waarin dit bestaan het, word nie uitdruklik gesê nie, maar met die seuns van Gideon het dit droewig gegaan. Dit sien ons in die geskiedenis van sy seun Abimeleg (§ 159).

## § 159 Die koningskap van Abimeleg (Rigt. 9)

In Abimeleg, 'n seun van Gideon, het ons nie met 'n rigter te doen nie, maar met 'n goddelose man deur wie die HERE moeite en stryd, ramp en onheil oor Sy volk gebring het wat nou weer afvallig geword het. Net ná Gideon se dood het die Israeliete weer die Baäls agternagehoereer, in die besonder een van die lokale Baäls (kyk § 151), naamlik Baäl-Berit (Heer van die verbond), wat sy tempel in Sigem gehad het. (Vir ander Baäls vgl. Num. 25:3; 2 Kon. 1 :2.) Van hom het die Israeliete vir hulle 'n god gemaak. Hierdie afgodery het veroorsaak dat Israel èn sy God èn sy rigter Gideon vergeet het.

Die geskiedenis van Abimeleg verplaas ons na Sigem. Dit is die geboorteplek van Abimeleg. Sy moeder, wat daar gewoon het, was 'n byvrou van Gideon. Gideon het baie vroue gehad en sewentig seuns, maar Abimeleg het daarna gestreef om 'n magsposisie wat sy vader van die hand gewys het, vir hom self te verkry met tersydestelling van sy broers. Dit het oorsaak geword van baie ongeluk en ellende in die midde van Israel.

Vir sy heerssugtige strewe kry Abimeleg die steun van sy familie van moederskant in Sigem,

en hulle haal al die burgers van die stad oor om Abimeleg koning te maak. Dit is die eerste spoor van koningskap in Israel, maar dit dra 'n heidense karakter. Die poging word naamlik gefinansier uit die tempelskat van Baäl-Berit en is 'n rewolusionêre beweging, soos blyk uit die vermoording van al die broers van Abimeleg.

Die verheffing van Abimeleg tot koning vind plaas op 'n historiese, selfs 'n min of meer heilige plek: by die terpentynboom van die gedenkteken wat by Sigem is - miskien dieselfde plek waar Josua die "getuieklip" opgerig het (Jos. 24:26, 27; vgl. ook Gen. 12:6; 35:4; Rigt. 9:37). Tydens die verrigtinge verskyn op die top van die berg Gerisim, aan die suidekant van Sigem, 'n man wat die skare toespreek; sy stem dra ver (vgl. Jos. 8:33) en hy vertel die mense 'n fabel.

Die fabel is, net soos die gelykenis of parabel, 'n vorm van beeldspraak met 'n didaktiese strekking, maar terwyl die gelykenis sy stof aan die lewe van die mens ontleen, put die fabel sy stof uit baie wyer kring, meestal uit die dierewêreld, in hierdie geval uit die plantewêreld (net soos die fabel uit 2 Kon. 14:9). In die fabel wat die Sigemiete hier moet hoor, word gesê dat al wat edel is - die olyfboom, die vyeboom, die wingerdstok - die koningskap nie begeer nie; net die steekdoring laat hom daarvoor vind. Dit is 'n steek vir Abimeleg en sy minderwaardigheid en vir die dwaasheid van die manne van Sigem om hóm koning te maak. Dis dwaasheid van julle, sê die fabelspreker, van julle vir wie my vader geveg het; maar julle het sy sewentig seuns doodgemaak! Nou weet almal wie die spreker is: Jotam, die jongste seun van Gideon, wat die bloedbad op die een klip by Ofra vrygespring het (9:5). Die steekdoring in die fabel het gesê: As julle in waarheid my as koning oor julle salf, kom dan, skuil in my skaduwee; maar so nie, laat daar dan vuur uitgaan uit die steekdoring en die seders van die Libanon verteer. Dit pas Jotam toe op die koningskap van Abimeleg. As dit 'n regte saak is, sê Jotam, goed! Wees dan vrolik. Maar as dit nie 'n regte saak is nie, maar 'n goddelose en ligsinnige onderneming, laat daar dan 'n vuur uitgaan uit Abimeleg en die burgers van Sigem en die huis Millo verteer; laat daar vuur uitgaan uit die burgers van Sigem en uit die huis Millo en Abimeleg verteer. Jotam bedreig hulle met die vloek dat Sigem en Abimeleg mekaar sal verteer (9:7-21; 57).

Ná die woord het Jotam padgegee en weggevlug.

Die vloek van Jotam het spoedig in vervulling gegaan; die verheffing van Abimeleg tot koning was nie 'n regte saak nie.

Drie jaar was Abimeleg koning, nie net oor Sigem nie maar ook oor Israel (v. 22). Toe stuur God 'n bose gees tussen Abimeleg en die burgers van Sigem, d.w.s. God bewerk dat hulle rusie kry. Hiermee begin die straf van God oor die moordenaar van die seuns van Gideon en sy medepligtiges (v. 24). Die moeilikhede word nog verder vermeerder deur die inmenging van 'n sekere Gaäl, 'n soort avonturier wat die burgers van Sigem nog meer teen Abimeleg ophits. Merkwaardig is dat Gaäl van Hemor, die vader van Sigem, praat en sê dat dit beter is om hom te dien as die seun van Jerubbaal. Hy gryp daarmee terug na 'n ver verlede (Gen. 33:19; 34). Blykbaar vorm die nakomelinge van Hemor (Hewiete) nog 'n aansienlike bestanddeel van die bevolking van Sigem. Gaäl spoor hulle aan om die diensbaarheid aan die Manassiete op te sê.

Blykens die opgrawings in Sigem (teenswoordig tell Balata) waarby groot bouwerke aan die lig gekom het, is die stad ongeveer 2,000 jaar v.C. gestig.

Israel het al vroeg in Sigem mag gehad, soos blyk uit berigte soos dié van Gen. 33:19; 34:26; 37:17; 48:22. Die besit van Sigem is ook nie met wapengeweld deur Josua verkry nie: nêrens lees ons van 'n verowering van die stad deur Josua nie (vgl. ook Jos. 8:30-35; § 137). Die stad is by die verdeling van die land by die stamgebied van Manasse ingedeel.

Uit die Amarnabriewe (nr. 289) weet ons dat 'n sekere vors Labajoe die land van Sigem aan die Apiroe

(Habiroe) gegee het. Hoewel dit 'n raaiselagtige naam is, is dit tog wel moontlik dat daar 'n verband tussen die Hebreërs en die Habiroe bestaan. Uit dit alles blyk dat Sigem 'n besondere plek was in die geskiedenis van die inbesitneming van Kanaän. Die belofte dat Abraham die beloofde land sal verkry, is ook plaaslik op Sigem gekonsentreer (Gen. 12:6, 7). Dit is nou juis hier dat die goddelose optrede van Abimeleg plaasvind.

Uit die verhaal moet ons aflei dat Abimeleg nie meer in Sigem woonagtig was nie en 'n stadsbestuurder, naamlik Sebul, aangestel het. Sebul berig aan Abimeleg wat in Sigem aangaan. Op bloedige wyse het Abimeleg wraak geneem: hy het Gaäl verjaag en Sigem afgebreek en dit met sout besaai. Dit is die enigste voorbeeld in die Ou Testament van verwoesting van 'n stad waarby hierdie sinnebeeldige handeling van vervloeking tot onvrugbaarheid en verlatenheid verrig word (vgl. Deut. 29:23). Dit toon die onstuimige woede van Abimeleg en die wreedheid van sy karakter. Tog is Sigem later herbou en het dit weer 'n belangrike stad geword (1 Kon. 12:1).

Die oorwinning van Abimeleg oor Sigem was slegs 'n middel in die hand van God om die Sigemiete te straf. Dit is nou Abimeleg se beurt. In sy woede trek hy op na Tebes, 'n naburige stad wat wellig ook oproerig was teen sy gesag. Hy neem Tebes in, maar die stad het ook, soos Sigem, 'n toring gehad, 'n laaste verskansing waarheen die mense vlug en die verdediging kan voortsit. Abimeleg wil ook die toring inneem en verbrand, maar 'n vrou gooi 'n meulsteen op sy hoof en verbrysel sy skedel. Toe roep hy gou sy wapendraer en beveel hom om hom van kant te maak sodat hulle nie kan sê 'n vrou het hom gedood nie! Hy het egter nie aan die smaad ontkom nie (2 Sam. 11 :21).

Die vloek van Jotam het oor Abimeleg en Sigem gekom!

## Jefta

### § 160 Verdrukking deur die Ammoniete (Rigt. 10)

Die verhaal van die optrede van Jefta word voorafgegaan deur die vermelding van twee rigters oor wie ons weinig meegedeel word, naamlik Tola en Jaïr.

Tola is uit die stam van Issaskar. Hy het opgetree om Israel te verlos - waaruit word nie gesê nie; moontlik uit die verwarring en wanorde waarin Abimeleg die land gebring het. Hoewel uit Issaskar afkomstig, woon hy in Efraim. Sy familie het miskien tydens die besetting van Jisreèl deur die Midianiete (6:33) na Efraim gevlug. Ons kan sy rigterskap beskou as die voortsetting van dié van Gideon.

Jaïr is uit die stam van Manasse in die Oos-Jordaanland, 'n Gileadiet. Die rykdom van sy geslag blyk uit die leefwyse van sy dertig seuns, wat op jong esels gery het en elk 'n stad gehad het (Num. 32:41; 1 Kron. 2:22). Sy werksaamheid het net bestaan in rig: daar was nie buitelandse vyande nie, maar hy het sorg gedra vir die binnelandse bestuur.

Die optrede van Tola en Jaïr kon nie verhoed dat die Israeliete weer tot afgodery verval nie, en hierdie keer doen hulle dit op velerlei maniere; nie net die Baäls en hul vroulike pendante, die Astartes (§ 151), het hulle gedien nie (2:13), maar ook die gode van Aram (Rimmon, ook 'n gestalte van Baäl, soms Hadad of Hadad-Rimmon genoem, 2 Kon. 5:18), van Sidon (ook 'n Astarte, 1 Kon. 11:5), van Moab (Kamos, 1 Kon. 11:33), van Ammon (Milkom, 1 Kon. 11:5) en van die Filistyne (Rigt. 16:23; 1 Kon. 1:2).

Die straf is weer dat die HERE Sy volk "verkoop" (oorlewer) in die mag van volke wie se gode hulle gedien het. Hierdie keer is dit die Ammoniete en die Filistyne. Die Ammoniete, wat aan die oostekant van die Jordaan woon, het nie alleen vir Gilead daar verdruk en gepla nie, maar ook die Jordaan oorgetrek, sodat die Wes-Jordaanland deur hulle en die Filistyne tegelyk geplunder is. Israel het dit baie benoud gehad! As hulle weer tot die HERE roep, wil

Hy hulle gebed nie verhoor nie. Hy sê: Ek sal julle nie verlos nie! Hy verwys hulle na die gode wat hulle telkens maar weer bo die HERE hulle God verkies het. Hierdie sarkastiese antwoord het as uitwerking gehad dat Israel die vreemde gode uit sy midde verwyder en die HERE weer dien. Intussen hou die onderdrukking aan. Toe het die HERE ongeduldig geword oor die moeite van Sy volk (10:16b). In hierdie woorde word God vir ons beskryf as 'n lewende God wat soos 'n vader (Ex. 4:22) sy kind tugtig en moet tugtig en lank tugtig vanweë sy stoutigheid, maar hom tog bly liefhê; as 'n lewende God vol gevoelens sowel van heilige toorn as van ontferming.

## § 161 Jefta as aanvoerder gekies (Rigt. 11:1-11)

Meestal toon die HERE Sy plan om Israel te verlos deur 'n man te roep wat in die stryd moet voorgaan (3:15; 4:6). Dit is nou nie die geval nie. Ons merk alleen maar 'n meer weerbare houding by die Israeliete op: as die Ammoniete weer optrek om hul aanvalle te herhaal, kom die Israeliete ook bymekaar en slaan laer op by Mispa.

Die woord *mispa* beteken "uitkyktoring" en is die naam van verskillende plekke. Hier moet 'n Mispa in Gilead bedoel wees (Gen. 31:49). Die Israeliete het in hul midde geen held wat die stryd durf aanbind nie. Hulle ken wel so 'n held, maar hy is 'n berugte persoon, wel 'n Gileadiet, maar 'n hoerkind, deur die seuns van die wettige vrou verstoot; sedertdien swerf hy rond in die land Tob, êrens in Aram (2 Sam. 10:6). Ligsinnige manne het by hom aangesluit, en so lei hy 'n bestaan as rowerhoofman, gevrees vanweë sy dapperheid. Hoewel die vorste van Gilead hulle nooit teen die verstoting van Jefta verset het nie, gaan hulle hom tog vra om hul aanvoerder te wees. Hulle kry 'n antwoord wat te verwagte was: Het julle my nie weggejaag nie? Waarom kom julle dan nou na my, noudat julle in die benoudheid sit? Die oudstes van Gilead erken dat hulle hom uit benoudheid nodig het en dat hulle hom nie langer sal verstoot nie, maar as hoof oor al die inwoners van Gilead sal erken. Jefta gaan hierop in en bevestig die afspraak voor die aangesig van die HERE. Ook erken hy dat 'n oorwinning oor die Ammoniete deur die HERE gegee moet word. Die swerweling is dus nie heeltemal van die kennis van die God van Israel vervreemd nie (Hebr. 11:32). Die HERE het van Sy kant die deur die volk gekose aanvoerder aanvaar en hom met Sy Gees vervul (11: 29).

## § 162 Neerlaag van die Ammoniete (Rigt. 11:12-33)

Jefta begin sy taak met onderhandelinge van diplomatieke aard, en hy betoon hom hierin as 'n goeie kenner van die geskiedenis. Hy stuur boodskappers na die koning van Ammon met die vraag: Wat het ek met u te doen, dat u na my kom om teen my land te veg? Ammon antwoord dat Israel, toe hulle uit Egipte opgetrek het, sy land tussen die Arnon en die Jabbok aan hom ontneem het. As Israel dit nou teruggee, sal daar vrede wees!

Uit die geskiedenis weet ons dat die HERE Israel verbied het om Ammon skade te berokken (Deut. 2:19) en dat Israel dit ook nie gedoen het nie (Num. 21:24). Die Israeliete het, toe hulle by Moab verby was, net tot in die nabyheid van Ammon gekom; maar die land ten noorde van Moab was in die mag van die Amoriete (Num. 21:13), van Sihon, die koning van Hesbon, die Amoriet (Deut. 2:24). Die landstreek waarop die Ammoniete nou teenoor Jefta aanspraak maak, het Israel van hom verower. Jefta weet dit goed en maak dit breedvoerig aan die koning van Ammon duidelik. Hy sê dat dit nou reeds driehonderd jaar so is. Waarom het Ammon al die tyd dan niks gedoen om die gebied te ontset nie? Die antwoord op hierdie vraag word nie gegee nie, maar moet seker wees dat Ammon nou eers tot magsontplooiing en tot so 'n oormoedige stemming geraak het. In die dae van Ehud het hulle nog onder die leiding van Moab gestaan (3:13); nou skyn dit asof Ammon Moab oorheers (kyk v. 24, waar Kamos, die god van Moab, die god van Ammon genoem word).

Die koning van Ammon het nie na die woorde van Jefta geluister nie. Toe het die Gees van die HERE op Jefta gekom. Hy het die Ammoniete aangeval, en die HERE het hulle in sy hand gegee, sodat die Ammoniete voor Israel verneder is.

### § 163 Die gelofte van Jefta (Rigt. 11: 30, 31, 34-40)

Voor die slag het Jefta 'n eienaardige gelofte afgelê: As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee, dan sal wat uitkom uit die deure van my huis my tegemoet, aan die HERE behoort, en ek sal dit as 'n brandoffer bring. Die woorde wat Jefta gebruik, kan op 'n dier maar ook - en eintlik nog eerder - op 'n mens van toepassing wees. Jefta was dus bereid om, so nodig, 'n menseoffer te bring, en dan was die invloed van sy heidense omgewing op hom wel groot. Sy ontsteltenis moet dan ook verklaar word uit die feit dat wat uit die deure van sy huis hom tegemoetgekom het, juis sy dogter, sy enigste kind, was. Met treffende gelatenheid onderwerp die dogter haar aan die gelofte van haar vader. Jefta het sy gelofte ook aan haar voltrek. Die bewoording waarin die lot van die dogter van Jefta beskryf word - sy het geen man beken nie - laat die moontlikheid oop vir die opvatting dat sy nie as 'n brandoffer geoffer is nie, maar dat sy aan die samelewing onttrek is om in die eensaamheid te versterf en te verdor; daar word naamlik groot nadruk gelê op die bewening van haar maagdelike staat. Die menings oor die wyse waarop Jefta sy gelofte volbring het, loop nog steeds uiteen.

Dit het 'n gewoonte geword in Israel dat die dogters van Israel jaar vir jaar heengaan om die dogter van Jefta te besing, vier dae in die jaar.

### § 164 Burgeroorlog met Efraim (Rigt. 12 :1-7)

Nadat Jefta die Ammoniete verslaan het (11:33), kom die manne van Efraim na hom toe in die Oos-Jordaanland om hom te verwyt dat hy hulle nie geroep het om saam met hom te trek nie. Teen Gideon het hulle ook so opgetree (8:1-4) en heftig met hom getwis. Toe is hulle opgewondenheid egter deur 'n mooi antwoord van Gideon gesus. Die Efraimiete was blykbaar moeilike mense (Hos. 13:1). Nou kom hulle met woedende dreiging na Jefta; hulle wil sy huis met vuur verbrand. Hierdie keer lei die optrede van Efraim tot 'n burgeroorlog. Jefta dryf die Efraimiete terug, maar beset die Jordaandriwwe. As daar dan mense wil deurtrek, moet hulle bewys lewer dat hulle nie Efraimiete is nie, want dié moet gedood word. Die bewys moet gelewer word deur hulle spraak: die Efraimiete het blykbaar *sibbolet* (die woord beteken "rivier") gesê, terwyl die regte uitspraak *sjibbolet* was.

Die burgeroorlog het vir Efraim die lewe van twee-en-veertigduisend man gekos.

### § 165 Die tyd ná Jefta (Rigt. 12:8-15)

Die verhaal van die optrede van Jefta word gevolg deur die vermelding van drie rigters, naamlik Ebsan, Elon en Abdon. Van hulle word geen krygsbedrywighede vermeld nie. Ebsan was afkomstig uit Betlehem, wat ook die Betlehem in Sebulon (Jos. 19:15) kan wees; dan is hy, net soos Elon, 'n Sebuloniet. Uit die groot kindergetalle (en die veelwywery as oorsaak daarvan) en ook uit die leefwyse van die seuns en kleinseuns (vgl. 10:4) blyk dat Ebsan en Abdon (uit Pireaton in Efraim) ryk mense was. Saam vul hulle 'n kwarteeu wat op die ses jaar van Jefta volg. Dit is die tyd waarin Simson in die suide teen die Filistyne veg.

## Simson

### § 166 Die geboorte van Simson (Rigt. 13)

Weens hulle sonde het die HERE die Israeliete oorgelewer in die mag van die Filistyne en van

die Ammoniete (10:7), blykbaar gelyktydig. Die HERE het egter ook weer genade betoon (10: 16) en verlossing gegee; van Ammon het Hy hulle verlos deur Jefta, van die Filistyne wil hy hulle verlos deur Simson, al was dit ook slegs die begin van 'n verlossing. Ons kan dan ook aanneem dat Jefta en Simson ongeveer tydgenote was sonder om met mekaar kontak te hê; hulle was aan verskillende kante van die Jordaan!

In die Oos-Jordaanland was daar 'n volk wat hom tot die stryd gereed gemaak het, maar aanvanklik geen leier of rigter gehad het nie (10:18); in die suide van die Wes-Jordaanland was daar 'ri held en rigter wat alleen, sonder om deur sy volk gehelp te word, moes veg. Hy was daartoe met besondere kragte toegerus en 'n unieke gestalte in die geskiedenis van Israel. Lig en donker, krag en swakheid, verhewe roepingsbesef en vleeslike sinlikheid is in sy lewe vermeng en vorm skril kontraste. Dit was Simson.

Dat ons in hom met 'n besondere man te doen het, blyk reeds irit die gebeurtenisse rondom sy geboorte. Sy ouers .was woonagtig in Sorea, in die stamgebied van Dan, naby die Filistyne. (Stede van die Filistyne het, altans in naam, volgens Josua 19:40, tot die stamgebied van Dan behoort.) Sy vader was Manoag; van sy moeder word gesê dat sy onvrugbaar was. Aan haar verskyn nou die Engel van die HERE om aan haar te verkondig dat sy 'n seun sal hê. Daar is nog slegs een ander voorbeeld van geboorte-aankondiging deur die Engel van die HERE self, naamlik dié van Isak; ook is altwee gebore uit 'n vrou wat onvrugbaar geag was. Met Isak begin God Sy volk vorm, met Simson begin Hy hulle verlos. Die Engel sê verder dat die seun 'n nasireër van God sal wees (vgl. Num. 6:1 e.v.) en dat daarom geen skeermes op sy hoof mag kom nie. Ook die vrou self moet haar onthou van wyn en sterk drank.

Manoag verneem van sy vrou watter verskyning sy gehad het en vra die HERE of die man van God nog 'n keer mag terugkom. Die HERE luister na Manoag en die Engel kom nog 'n keer. Hierin sien ons weer, net soos by Gideon, hoe geduldig die HERE is met Sy gelowiges om hulle in die geleentheid te stel om die ontsagwekkende gebeurtenis van 'n Godsverskyning te aanvaar.

Die Engel het toe sy boodskap herhaal waar Manoag teenwoordig was. As hy hom egter na sy naam vra, kry hy nie 'n afdoende antwoord nie (vgl. Gen. 32:29). Net soos Gideon (6:18) wil Manoag aan die man van God 'n gawe bring, want hy het nie geweet dat dit die Engel van die HERE is nie. In die wyse van aanvaarding van die gawe (v. 20) sien Manoag egter dat dit Hy was wat met hulle gespreek het. Hierop word Manoag bevange van die vrees dat hulle nou sal moet sterwe (6:22,23), maar sy vrou stel hom met 'n gelowig-logjese redenering gerus (v. 23).

Wanneer die beloofde seun gebore word, noem die moeder hom Simson. Hierdie naam hou verband met die Hebreeuse woord vir *son*. Miskien het die moeder aan die woorde van Debora gedink: Die wat Hom liefhet, is soos die opgang van die son in sy krag (5:31).

Simson het grootgeword en die HERE het hom geseën (vgl. Luk. 1:80). Sy neiging is na militêre bedrywighede: die Gees van die HERE dryf hom na die laer van Dan (of Dan-se-Laer, 18: 12), waar hy krygsmanne ontmoet, hetsy van sy eie stam of van die Filistyne wat die laer "oorgeneem" het.

## § 167 Huwelik van Simson (Rigt. 14:1-15:8)

Uit die feit dat Simson 'n dogter van die Filistyne in Timna leer ken en by haar besoek aflê, blyk hoe die verhouding met die Filistyne was: daar was nie oorlog nie, maar wel vrye verkeer, en as die Israeliete hulle maar onderworpe gedra, is daar nie moeilikheid nie. Simson is egter nie van plan om onderworpe te wees nie. Die Filistyne heers oor Israel, maar Simson soek rede teen hulle, sodat hy geleentheid kan kry om, as hulle hom hooghartig behandel, dit

nie soos sy volksgenote maar gelate te verdra nie, maar om hom te verset. As onreg hom aangedoen word, "oefen hy geregtigheid uit" (Hebr. 11:33).

Die ouers van Simson het besware teen die huweliksplanne van hulle seun: dit was nie volgens die wil van die HERE nie (Ex. 34:16); boonop was die Filistyne ook nog onbesnedenes! Sy ouers het nie geweet dat dit van die HERE was nie. Dit fs ook 'n ongewone trek in die optrede van Simson en in die leiding van God met hom. Die wet wil Israel deur isolering beveilig, die held van verlossing soek die vyand om hom te bestook.

Op een van sy reise na Timna het Simson 'n jong leeu doodgemaak. Toe die leeu brullende op hom afgekom het, het die Gees van die HERE oor Simson vaardig geword en hy het dit met kaal hande verskeur soos 'n mens 'n bokkie verskeur. Dit is Simson se eerste kragvertoon, en hy het dit geheim gehou, nie teenoor sy ouers daaroor gespog nie. Vir homself het die gebeurtenis groot betekenis gehad. Sekerlik het hy van sy ouers verneem wat sy roeping was: dat hy 'n nasireër van God was, aan God toegewy. Ook dat sy hare nie geskeer is nie maar in sewe vlegsels van sy hoof afhang, het vir hom iets te sê gehad. Teenoor die leeu voel hy dat die Gees van die HERE oor hom vaardig word; nou besef hy wat in hom woon en werk. Daartoe het God die leeu gebruik. Simson leer nou sy lewensgeheim ken. Dit is iets heiligs! Hy bewaar die geheim van sy krag, die geheim om sy roeping te kan vervul. Dit is dus goed dat Simson ook teenoor sy ouers swyg oor wat gebeur het. Die verdere lewe van Simson hang nou af van sy standvastigheid om die geheim volgehoue te bewaar. Ons sal sien dat hy daarin gefaal het en daardeur beswyk het.

Op 'n latere reis na Timna het hy na die dooie leeu gaan kyk; die indruk van die gebeurtenis was nog in hom werksaam. Toe sien hy dat daar 'n swerm bye en heuning in die uitgedroogde dooie leeu is. Hy eet daarvan, voeg hom weer by sy ouers, wat saam met hom gereis het, en gee ook aan hulle van die heuning, sonder om te vertel waarvandaan hy dit gekry het. Hy bewaar sy geheim, maar laat daarvan tog iets deurskemer!

Gedurende die besoeke van Simson en sy ouers aan Timna is die huwelik beklink. Volgens die gewoonte berei Simson 'n maaltyd, en die familie van die bruid (v. 15) nooi 'n geselskap van dertig vriende om by hom te wees en saam met hom vrolik te wees. Die vermaaklikhede van 'n bruilof was musiek en sang en spel. Simson self gee 'n raaisel op; dit was 'n geliefde gebruik in die oudheid. Deur aan die regte uitlegging 'n beloning te verbind en in die omgekeerde geval 'n boete op te lê, bring Simson in die prikkelende vermaak ook nog die element van wedywer. Met die raaisel wat hy in gedagte het, meen hy dat hy sy gaste sal oortroef sodat hulJe 'n gevoel van minderwaardigheid sal kry. Maar dit is juis wat die vriende tot elke prys wil verhoed, en daarom roep hulle die hulp van die bruid in.

Die raaisel was inderdaad onoplosbaar sonder kennis van Simson se persoonlike wedervaring met die leeu. Sy raaisel is nie 'n vraag nie maar 'n stelling, en die vriende moet sê waarop die stelling pas. Hy sê: Spys het uit die eter uitgegaan en soetigheid uit die sterke. As die vriende dit nie kan verklaar nie, sê hulle aan die vrou van Simson dat sy haar man moet oorhaal om die uitlegging aan haar mee te deel sodat sy dit aan hulle kan sê. Hulle voeg 'n bedreiging daaraan toe, naamlik dat hulle anders vir haar en die huis van haar vader, d.w.s. die hele familie, met vuur sal verbrand. Sy kan tog nie toelaat dat die besoek aan haar bruilof vir hulle op berowing uitloop nie! Hulle bedoel dat hulle die boete sal moet betaal.

Nou begin die vrou van Simson by hom aandring. Sy hoop dat haar bruidegom nie haar volksgenote sal oortroef en dat hulle daardeur skade en skande sal ly nie. Sy stel haar dus aan die sy van haar volksgenote en het Simson dus nie waarlik lief nie. Sy egter verwyt Simson juis dit, omdat hy nie die raaisel vir haar uitgelê het nie. Nou begin die stryd tussen Simson en sy vrou om die geheim van die raaisel. Maar dit is die geheim van sy lewe! Hy het daarvan

weer iets laat deurskemer en hierdie keer aan sy vyande! Simson het die stryd verloor. Hy het met die geheim gespeel, en sy vrou het hom dit ontfutsel. Dit was nog wel nie die volle geheim nie, maar 'n tip van die sluier is gelig! Dit gebeur in sy jong jare, aan die begin van sy optrede, en dit moes vir hom 'n waarskuwing wees vir die toekoms. Maar in die toekoms het hy weer voor vrouetrane beswyk,¯ en toe was dit sy ondergang.

Simson het ook die wedstryd met sy vriende verloor. Hulle sê vir hom: Wat is soeter as heuning en wat is sterker as 'n leeu? In die vraag lê die uitlegging van die raaisel opgesluit. Simson ontken dat hulle dit met hul eie vernuf uitgevind het en sê: As julle nie met my kalf geploeg het nie, sou julle my raaisel nie geraai het nie! Die boete moet hy egter betaal: deftig stel klere. Dié kry hy deur in Askelon dertig man dood te slaan en hulle klere te neem. Kwaad gaan hy huis toe. Dit was die eerste konflik, en hierin sterf dertig Filistyne.

### § 168 Die vrou van Simson (Rigt. 15)

Hoewel hy kwaad weggeloop het, verkeer Simson tog in die mening dat hy 'n vrou het. Sy skoonvader het die saak egter anders opgevat en gedink dat Simson niks vir haar omgee nie, en hy het haar aan die bruidsjonker (Joh. 3:29) van Simson gegee. Hy weet egter wel 'n oplossing: haar jonger suster is mooier as sy! Hoogstaande huweliksopvattinge het hy nie! Simson wil daarvan niks hoor nie en sê dat dit nou die Filistyne se eie skuld is as hy hulle kwaad aandoen. En hy berokken hulle kwaad: hy steek die oes aan die brand (15:4, 5). Nou is die Filistyne weer woedend en, bang vir Simson, koel hulle hul woede op die vrou van Simson af en verbrand haar en haar vader se huis, d.w.s. haar hele familie. Nou is Simson weer kwaad, en hy dood baie Filistyne - 'n kettingreeks van wraak en weerwraak!

### § 169 Die slag by Legi (Rigt. 15:8-20)

' 'n Kort tydjie vermy Simson die Filistyne en bly in die rotskloof van Etam, êrens in Juda. Nou is dit die Filistyne wat hom gaan aanval. Hulle slaan laer op in Juda, by Legi. As oorheersers het hulle orals vrye toegang en uit vrees vir die Filistyne lewer die manne van Juda Simson uit. Hulle verwyt hom dat hy met die oorheersers skoor soek en hulle ook daardeur in gevaar bring. Die moreel van Juda was blykbaar heeltemal geknak. Simson laat hom vrywillig bind en na die Filistyne bring. Dié kom hom juigend tegemoet, maar die Gees van die HERE het oor Simson vaardig geword, en die toue aan sy arms het geword soos linnedrade en die bande aan sy hande het versmelt. Dit is die werk van die HERE: Simson hoef hulle nie eens te verbreek nie. Voor sy voete lê 'n vars eselskakebeen ('n "legi"), en daarmee slaan hy duisend Filistyne dood (Deut. 32:30; Jos. 23:10). Die plek is daarna Legi genoem of Kakebeenshoogte.

### § 170 Roepersfontein (Rigt. 15 :18-20)

Nie heeltemal sonder selfbehae nie, in elk geval sonder een woord van dank of lof aan God het Simson uitgeroep:

> Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe,
> met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan.

Die HERE leer hom egter om die leemte in sy triomfsang aan te vul. Hy kry baie dors. Toe roep hy die HERE aan en erken hy dat hy maar 'n kneg is van die HERE en dat die HERE die groot oorwinning bewerk het; toe vra hy ootmoedig of hy nou moet sterwe van dors en in die hand van die onbesnedenes moet val. Dit is die ergste wat hy hom kan voorstel. Aan sy roepingsbesef is die gedagte aan selfbehoud nou verbonde!

Die HERE hoor sy gebed en kloof 'n holte daar in die grond dat daar water uitkom. Toe het hy

weer opgelewe. Die plek kry die naam Roepersfontein.

Asof die verhaal oor Simson nou afgehandel is, volg daar: En hy het Israel gerig in die dae van die Filistyne, twintig jaar lank. Daar volg egter nog meer verhale oor Simson, hoofsaaklik oor sy einde en ondergang, terwyl die verhale uit hfst. 14 en 15 betrekking het op die begin van sy optrede, op die bewuswording van sy krag en ook op die bron van sy krag. Oor die gebeurtenisse in die loop van die twintig jaar word - by wyse van tipering - slegs een mededeling gedoen: sy wedervaring in Gasa.

### § 171 Simson in Gasa (Rigt 16:1-3)

Ná die mislukking van sy poging om 'n eerbare huwelik te sluit, het Simson sy drange op oneerbare wyse uitgeleef, weer by Filistynse vroue; hierdie keer staan daar egter nie dat dit van die HERE was nie. Hy kom by 'n vrou in Gasa. Toe die Gasiete dit verneem, omsingel hulle hom en lê hom by die stadspoort voor met die plan om hom teen dagbreek dood te maak. Simson het egter teen middernag al opgestaan; hy het die deure van die stadspoort en die twee deurposte *met* grendel en al uitgeruk en op sy skouers gesit en dit weggedra. Die Filistyne kon weer besef dat daar in Israel 'n sterk man is; tot verlossing van die volk is sulke dade egter geen beslissende bydraes nie.

### § 172 Simson en Delila (Rigt. 16:4-21)

Die ontmoeting met Delila bring 'n nuwe element in die stryd tussen Simson en die Filistyne. Dat hulle steeds sonder welslae teen Simson moes stry, het hulle tot nadenke gebring, sodat hulle begin vra het: Waardeur sou sy krag so groot wees? Daar moet 'n verborge oorsaak, 'n heimlike bron wees van die krag van hulle vyand. Noudat Simson telkens by Delila kom, koop die vorste van die Filistyne Delila met baie geld om dat sy dit moet vasstel. Nou begin Delila hom vra na sy lewensgeheim. Hy wou dit natuurlik nie sê nie. Tog het hy nie beslis geweier nie. Daar was vir hom tog iets interessants in om so 'n lewensgeheim te besit en om 'n ander daarna te laat raai. Twintig jaar tevore het hy dit ook al gedoen, nou baie gevaarliker. Simson speel met sy lewensgeheim as hy vir Delila sê: Bind my met sewe vars lyne. Hy het haar en die Filistyne beetgeneem, en sal dit weer doen: hy praat dan van nuwe toue, maar sy krag het nie bekend geword nie. Delila besef dat hy met haar speel, maar sy is listig en laat hom met haar speel: die silwer blink mos in die hande van die vorste! Sal sy nie vorder met haar spel nie? Sy vorder vinniger as wat sy vermoed, want daar praat Simson al van sy hare, die simbool van sy wyding. Tog bly hy nie vashaak in die weefsels van Delila se weeftou nie. Maar sy het nog ander weefsels, die weefsels van haar liefdeswoorde. Sy pruil en sê: Hoe kan jy sê: Ek het jou lief, terwyl jou hart nie met my is nie? So het sy vrou vroeër ook gepraat. Toe het hy beswyk - en hy beswyk weer. Omdat sy hom met haar woorde aldae gepers en by hom aangedring het, kon hy dit nie langer uithou nie en het hy sy hele hart aan haar bekend gemaak .. . In die binnekamer van hierdie slegte vrou word woorde gespreek wat deur die Engel van die HERE geopenbaar is: Ek is 'n nasireër van God: as ek geskeer sou word, sou my krag van my wyk en ek swak word en wees soos al die mense...

Delila het hom een keer op haar skoot aan die slaap gemaak en 'n man laat kom om die sewe haarvlegsels van sy hoof af te skeer. Daarna roep sy weer: Die Filistyne op jou, Simson. Simson staan op, soos vorige kere, maar tot sy skrik bemerk hy dat die HERE van hom gewyk het. Die Filistyne gryp hom, steek sy oë uit en bring hom af na Gasa. Nou is hy weer in Gasa en moet hy in die gevangenis slawe-arbeid doen.

### § 173 Die dood van Simson (Rigt. 16:22-31)

Die hare van Simson het weer begin groei sodra dit afgeskeer was. Dit is 'n natuurlike verskynsel. Tog vind die skrywer dit belangrik en hy maak daar melding van. Sy haardos was iets besonders, sowel in die uiterlike vorm - die sewe lokke - as in hul simboliese betekenis. Dat die hare weer begin groei, laat blyk dat die HERE hom nie vir goed verlaat het nie.

Dit sal nie lank geduur het voordat die Filistyne bymekaarkom om die oorwinning feestelik te vier nie. Simson se hare het stellig nog nie weer in die vroeëre tooi van sy hoof afgehang nie, anders sou die Filistyne dit weer afgeskeer het. Die oorwinningsfees dra 'n godsdienstige karakter: die Filistyne kom saam in die tempel van hulle god Dagon (in Asdod? 1 Sam. 5:2, 3); hulle wil hom 'n groot offer bring, want, so sê hulle, ons god het ons vyand, Simson, die rinneweerder van ons land wat ook baie van ons laat sneuwel het, in ons hand gegee. Simson het in die twintig jaar die Filistyne dus gedug geteister. Die Filistyne skryf hulle oorwinning aan hulle god toe. In hierdie opsig is hulle godsdienstiger as Simson, wat op Delila se skoot sy God vergeet het. Nou word Dagon teen die HERE uitgespeel, en dit is iets wat Hy nooit gedoog nie.

Die feesvreugde sou nie volkome wees as Simson nie in hul midde is nie. Hulle gaan haal hom, en hy moet midde-in die volle tempel speel: musiek maak of iets anders doen tot vermaak van die menigte mense. Dit was 'n tergende plaery. Wat het in Simson se hart omgegaan by die vreugdegeskreeu wat sy siel pynig? Hy wil hom wreek! Maar nie in eie krag nie: hy roep die HERE aan: HERE, HERE, dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer, o God, dat ek my oor een van my twee oë op die Filistyne kan wreek. 'n Volle wraak sal dit wat hy wil doen, nie wees nie; ten volle afreken met sy vyande kan hy nie. Aan selfbehoud kan hy hierdie keer ook nie dink nie. Hy laat hom deur die dienaar wat hom aan die hand lei, by die pilare bring waar die huis op rus, om daarteen te leun. Hy kan niks sien nie, maar betas hulle; voel-voel oriënteer hy hom - nou staan hy tussen die twee middelste pilare. Die mense kyk. Wat doen die man wat vir hulle moet speel nou? Hy druk teen die pilare, met sy linkerhand teen die een, met sy regterhand teen die ander. Hy roep: Laat my sterwe saam met die Filistyne. Hy buig hom met krag. Die pilare wyk en die tempel stort in op die vorste en op al die mense wat daarin is! So was dan die dooies wat hy by sy sterwe gedood het, meer as dié wat hy in sy lewe gedood het.

Tog het Simson sy volk nie verlos nie. Dit is waar dat sy werk slegs 'n begin van verlossing sou wees (13:5), maar aan die groot verwagtinge wat deur die verhewe aankondiging van sy geboorte gewek is, *het* Simson nie voldoen nie. Hy het sy lewensgeheim verraai?

'n Merkwaardige trek van ooreenkoms tussen Simson en die eintlike verlosser van die volk van God, Jesus Christus, is dat altwee 'n lewensgeheim gehad het, dat altwee gevra is om dit te openbaar en dat altwee ten slotte oor die geheim gesterf het. Jesus het die vraag: Vertel ons, deur watter gesag U hierdie dinge doen, nie beantwoord nie (Matt. 21:23-27). Hy het die geheim bewaar tot die uur waarop Hy dit *bely* het, voor die Sanhedrin. Toe is Hy die dood skuldig verklaar. Die lewensgeheim was 'n saak van lewe en dood. Simson het gesterf omdat hy sy geheim verraai het, Christus omdat Hy dit bely het toe Hy dit moes bely, sodat Hy onskuldig veroordeel is. Simson sterf saam met sy vyande. Dis al wat hy bereik het. Christus sterf vir sy volk en Sy volk saam met Hom, om die dood te oorwin.

## Rut

### § 174 Elimeleg trek na Moab (Rut 1)

Die geskiedenis wat in die boek Rut verhaal word, is 'n familie-geskiedenis, maar onderskei

hom van ander familiegeskiedenisse soos dié van Rigt. 17-21 (§ 149, 150), waarin ons van allerlei oortredinge en ongeregtighede hoor, deur die godsvrug van die mense oor wie hier vertel word. Terwyl die genoemde ander geskiedenisse uitloop op gebeurtenisse wat vir die hele volkslewe van belang is, bly die geskiedenis van Rut louter familiegeskiedenis, maar eindig met die vermelding van die geboorte van 'n stamvader van koning Dawid, waardeur ook hierdie familiegeskiedenis vir die volk van Israel groot waarde kry.

Die tyd waarin hierdie geskiedenis plaasgevind het, is "die dae toe die rigters geregeer het" (1:1), maar dan teen die einde van die rigtertyd, want die stamvader van koning Dawid, wie se geboorte vermeld word (4:17), is - as in die reeks Obed-Isai-Dawid nie 'n naam oorgeslaan is nie - die grootvader van koning Dawid. Die skrywer van die boek Rut het soveel jare later as die verhaalde gebeurtenisse gelewe dat hy Dawid as koning geken het.

Daar was hongersnood in die land, en 'n man uit Betlehem-Juda (in Sebulon lê ook 'n plek met dié naam, Jos. 19:15) met die naam Elimeleg trek met sy vrou, Naomi, en sy twee seuns, Maglon en Giljon, na Moab. Dit is lank ná die tyd van Ehud (§ 154), en die verhouding tussen Israel en Moab was weer van so 'n aard dat Elimeleg daar as vreemdeling kon vertoef. Hy kom egter daar te sterwe, en sy twee seuns, wat Moabitiese vroue geneem het (Maglon trou met Rut en Giljon met Orpa) sterf later ook, sonder om kinders na te laat. Ná verloop van omtrent tien jaar sedert haar vertrek uit Juda, verneem Naomi dat die hongersnood verby is en besluit sy om terug te keer huis toe. Haar skoondogters wil saam met haar gaan, maar Naomi hou hulle daarvan terug; en as die twee jong weduwees tog aanhou, voer Naomi as argument aan dat sy geen seuns in haar liggaam het wat hulle mans sou kan word nie - trouens, al sou dit wel die geval wees, sou hulle tog nie kan wag totdat daardie seuns groot genoeg sou wees om met hulle te trou nie. Sy wens die skoondogters liewer toe dat hulle elkeen in hul eie land 'n rusplek vind in die huis "van haar man", d.w.s. in 'n ander huwelik.

Hierdie redenering van Naomi berus op die wet van die sogenoemde leviraatshuwelik (Deut. 25: 5-10), waarvan die strekking reeds voor die wetsafkondiging daarvan gegeld het, soos ons gesien het in die geskiedenis van Juda en Tamar (Gen. 38). Rut en Orpa moes daarvolgens trou met broers van hul oorlede mans. Dit is hier egter. uitgesluit, sê Naomi. Die argument van Naomi het Orpa beweeg om in Moab te bly, maar Rut het haar aangehang, omdat sy deur die aanraking met die gesin van Elimeleg die HERE leer ken het en nie alleen tot die volk van haar gestorwe man wil behoort nie, maar ook die God van Naomi háár God noem. Sy sweer dit by die HERE. Toe het Naomi opgehou om met haar te spreek. Rut is 'n opregte bekeerling uit die Moabitiese heidendom tot die God van Israel en stel haar onder die wet van haar nuwe volk. Dit sluit in dat sy, in die huis van haar skoonmoeder woonagtig, bereid is om die offer van 'n ongehude kinderlose lewe te bring - 'n saak waarvoor Orpa teruggedeins het. Dat die HERE alles so sou lei dat Rut daardie offer tog nie hoef te bring nie, kon sy toe nog nie dink nie!

Toe Naomi en Rut in Betlehem kom, het die hele stad in opskudding geraak, en die vroue van die stad het gesê: Is dit Naomi? Die leed wat sy in die vreemde land deurgemaak het, het diep spore nagelaat. Naomi antwoord dan ook dat dit beter is - om haar *Mara* (= bitter, vgl. Ex. 15:22) te noem, want die HERE het teen haar getuig en haar baie bitterheid aangedoen. Dit skyn asof sy dink dat die verblyf in Moab nie goed was in die oë van die HERE nie; wanneer sy egter sê: Vol het ek weggetrek (met man en seuns), maar leeg het die HERE my laat terugkeer, sien sy verby wat die HERE haar in die troue en gelowige Rut geskenk het.

## § 175 Rut tel are op (Rut 2)

Ter inleiding op wat volg, word vermeld dat Naomi 'n bloedverwant van haar man se kant gehad het, 'n vermoënde man, wie se naam Boas was.

Wanneer Naomi en Rut saam in Betlehem woon en geen inkomste het omdat die grond van Elimeleg nie bewerk was nie, neem Rut die inisiatief en maak die plan om are op te tel. Dit was juis in die begin van die garsoes, en die wet sê dat are wat val, vir die arme en die vreemdeling moet wees: hulle mag dit optel (Lev. 19:9,10; Deut. 24:19). Rut erken hul armoedige omstandighede en skaam haar nie om die hande uit die mou te steek nie. Sy hoop om 'n stuk land te vind waarvan die eienaar so barmhartig sal wees dat hy haar sal toelaat. Sy vind dit ook: gelukkig kom sy juis op die land van Boas, maar sy weet dit nie. Boas, wat verneem dat die vrou op sy land die Moabitiese is van wie hy reeds gehoor het, is baie vriendelik en maak dit vir haar maklik om baie te kan insamel. Ook spreek hy met haar en prys haar oor haar oorkoms na die land en die God van Israel, waarmee sy haar ook onder die wet van Israel stel, en sê vir haar dat sy onder die vleuels van die HERE, die God van Israel, kom skuil het. Dit is inderdaad wat Rut gedoen het toe sy Naomi nie wou verlaat nie.

Met omtrent 'n efa (§ 471) gars kom Rut in die aand tuis, en dankbaar getref deur die goedheid van die eienaar van die land, vra Naomi waar Rut die dag opgetel het. Rut het inmiddels die naam van die eienaar leer ken en sê: Sy naam is Boas. Toe sê Naomi: Die man is ons nabestaande, hy is een van ons lossers. Voorlopig gaan sy hier nie verder op in nie. Rut gaan elke dag are optel tot die garsoes verby is en daarna ook tydens die koringoes, wat sewe weke later val (§ 472) en woon intussen by haar skoonmoeder. Hoewel Naomi voorlopig nie oor die saak gepraat het nie, het sy gedurende hierdie weke stellig wel oor die saak nagedink. Boas is een van die lossers! En sy verkeer juis in die omstandighede dat sy 'n losser nodig het!

Met hierdie woord *losser* kom ons weer met 'n ou, ook wetlike beskrewe, reg in aanraking, naamlik die lossingsreg (Lev. 25:25-34; 47-49). Hierdie reg gaan uit van die gedagte dat die land aan God behoort. Hy het aan elkeen in Israel 'n erfbesitting gegee, en as iemand deur armoede gedwing word om sy besittings te verkoop, moet 'n nabestaande as losser optree om te los, om los te koop, wat sy broer in armoede moes verkoop. As daar geen losser is nie en die lossing nie kan plaasvind nie, mag die verkoopte goed nie langer in die hand van die koper bly as tot die jubeljaar toe; dan moet dit vry word en die verkoper na sy besitting teruggaan.

Naomi het haar land nog nie verkoop nie, maar is in die omstandighede dat sy dit sal moet doen (4:3).

## § 176 Die plan van Naomi (Rut 3)

Ná die oes volg die dorstyd en dan die wantyd. Ook die wanwerk word op die dorsvloer gedoen, en die wanners bly snags op die dorsvloer om die oes te bewaak. Dis 'n tyd van fees en vreugde, omdat die vrug van noeste arbeid verkry is.

Die gedorste graan word met houtvurke in die lug opgegooi sodat die kaf wegwaai terwyl die korrels weer op die grond val. Vir hierdie werk moet gewag word tot tyd en wyl die wind waai, en dit is dikwels in die laat aand of nag.

Dit is die geskikte tyd vir Naomi om met haar planne voor die dag te kom. Sy sê vir Rut: My dogter, sal ek nie vir jou 'n rusplek soek, dat dit goed met jou kan gaan nie?

Reeds vantevore het Naomi oor 'n rusplek gepraat (1:9). Sy sinspeel met die woord op 'n eie "huis en haard", op 'n huwelik! Sy soek daarmee die geluk van Rut, maar tegelyk ook die voortbestaan van die geslag van haar man, Elimeleg. Sy soek 'n leviraatshuwelik vir Rut en noem onomwonde die naam van Boas - wel nie 'n broer van Maglon nie, maar tog 'n bloedverwant van wie Naomi hoop dat hy met 'n ruim opvatting van die wet hom nie op grond van die letter van die wet van sy swaersplig onthef sal ag nie. Die vriendelike optrede

van Boas gee haar rede vir hierdie hoop. Rut moet nou iets doen om die wens van Naomi onder die aandag van Boas te bring, en dit is dat sy haar moet was en salf en mooi aantrek, na die dorsvloer gaan en wag totdat die bedrywighede van die dag verby is en Boas gaan slaap; dan moet sy die voetenent van sy slaapplek oopmaak en gaan lê. Wat verder gaan gebeur, laat Naomi aan Boas oor!

Gee Naomi hier nie 'n bedenklike raad aan Rut nie? Blykens die reaksie van Boas nie! Hy prys haar optrede: sy kon slegter gedoen het; naamlik agter jong manne aangeloop het. Boas begryp dus haar bedoeling en erken dat sy as 'n deugsame vrou bekend staan. Vir ons besef is die raad van Naomi en die gedrag van Rut inderdaad eienaardig. Ons kan egter ook andersom redeneer en sê: Op watter hoog sedelike peil het die lewe van mense soos Naomi en Boas gestaan dat sulke dinge gedoen kon word sonder om te ontaard: alle dinge is rein vir die reines (Tit. 1:15). Dit word duidelik as ons hierdie geskiedenis vergelyk met 'n soortgelyke: Tamar soek ook 'n leviraatshuwelik, maar neem 'n baie slegter middel te baat as wat Rut doen, en Juda reageer daarop ook baie slegter as wat Boas doen; hy laat Rut ongerep! (vgl. Gen. 38).

Die woorde wat Rut gebruik as Boas haar opmerk, is fyn gekies. Sy sê: Brei dan u vleuel oor u dienares uit (vgl. Eseg. 16:8), want u is die losser. Sy gebruik dieselfde woorde as wat Boas self teen haar gebruik het (2:12) en druk daarmee uit dat Boas die man is wat in hierdie omstandighede verantwoordelik is om die beskerming wat in Israel te vinde is, ook prakties te verleen. Rut voeg daaraan toe: want u is die losser. Wanneer ons hierdie woorde teen die agtergrond van die lossingswet verklaar (§ 175), moet ons tot die gevolgtrekking kom dat Rut beskerming vra ten opsigte van die familiebesit, maar wat daardie saak betref, was daar wel nood en armoede, dog nie behoefte aan 'n losser nie, want die losser moes verkoopte landerye terugkoop en aan die oorspronklike eienaar teruggee. Die grond van Naomi was egter nog in haar eie besit. Ook dui die handelwyse van Rut nie op lossing nie, maar op huwelik. Dit is twee verskillende sake, ook in die sin dat die losser nie tot 'n leviraatshuwelik verplig is nie en die swaer nie tot lossing nie. Daarom moet die woorde van Rut meer in die algemeen beteken dat sy in haar nood alles van Boas verwag, en deur so 'n algemene bewoording te kies, laat sy met beskeidenheid aan Boas oor hoe hy dit alles wil opvat en behartig.

Boas spreek haar bemoedigend toe en sê dat hy alles wat sy sê, vir haar sal doen, want hy is inderdaad losser. Tog kan hy op daardie oomblik niks doen nie, want daar is nog 'n losser, nader as hy, en dié mag hy nie negeer nie. Hy sal met hom praat, en as hy nie lus het om haar te los nie, dan sal hy haar self los. Later in die nag laat hy haar gaan en wil nie hê dat dit bekend word dat sy op die dorsvloer gekom het nie. Almal sal dit nie ewe rein vertolk as wat dit in werklikheid was nie.

So gaan Rut huis toe met die oortuiging dat sy 'n losser het - wie dan ook.

Uit die woorde van Boas: Ek sal jou los, blyk dat die woord *los* ook vir hom nie louter op grondbesit betrekking het nie. Hoe hy dit opvat, blyk later uit sy dade.

Naomi is ook gerusgestel as sy van Rut verneem wat Boas gesê het. Sy vermaan haar om die verdere verloop rustig af te wag: die saak is in goeie hande (v. 18).

### § 177 Boas in die poort (Rut 4:1-12)

Die volgende oggend gaan Boas na die poort. Die poort is die plek waar die mense bymekaarkom om allerlei dinge te bespreek, vergaderings te hou, kontrakte te sluit, reg te spreek, ens. Soos hy verwag het, ontmoet hy die ander losser ook daar. Hy roep hom en neem tien man uit die oudstes van die stad om getuies te wees van sy onderhandelinge met die losser. Hy sê vir hom: Naomi wil die stuk grond van haar man Elimeleg verkoop; koop dit,

los dit, as jy wil.

Die geval waarmee ons hier in aanraking kom, word nie presies gedek deur die wet van Levitikus 25, waarop ons reeds gewys het nie, want die wet spreek van reeds verkoopte goed, en in die geval van Naomi is die grond nog nie verkoop nie. Tog is wat Boas voorstel, in die gees van hierdie wet en 'n ruim opvatting daarvan. Naomi kan verkoop aan wie sy wil, maar as 'n vreemde dit koop, sal hy dit later moet teruggee - in die jubeljaar - en die losser sal deur loskoping moet sorg dat dit gebeur. As die losser nou dadelik koop, is dit later nie meer nodig nie, want dan is die grond in hande van die losser en bly dit in elk geval in die familie. Dit is dieselfde geval as waarvan ons lees in Jeremia 32. Daar wil Hanameël, die seun van Jeremia se oom, wat ook land wil (of moet) verkoop, dat Jeremia dit koop, omdat hy die reg van lossing het.

Die ander losser is bereid om op die voorstel van Boas in te gaan. Hy antwoord: Ek sal los. Van sy oorweginge word niks gesê nie, maar ons kan wel iets daarvan vermoed. Blykbaar besit hy die geld wat nodig is om die koop te sluit. As hy dit nou doen, verkry hy 'n mooi uitbreiding van sy grondbesit. Miskien het hy nog verder gedink! Eenmaal moet die erfdeel teruggegee word - maar aan wie? Hy het mos met twee weduwees te doen, van wie die een oud is en die ander geen huwelik, altans geen leviraatshuwelik, kan aangaan nie. Hy sal die erfdeel dus kan behou, omdat die geslag van Elimeleg heeltemal uitsterf. Dit was blykbaar ook in Boas se gedagte, maar hy raak 'n ander kant daarvan aan; hy sê: Die dag as jy die grond koop, dan verwerf jy tegelyk Rut, die vrou van die dode (d.i. Maglon), om die naam van die dode in stand te hou oor sy erfdeel. Boas voeg dus twee sake, wat meestal afsonderlik voorkom, bymekaar tot een: die land moet bewaar word, maar daar moet gesorg word vir 'n erfgenaam vir wie die land bewaar word! By hierdie opvatting het die saak egter sy aantreklikheid vir die ander losser verloor! Hy sê dat hy dit nie kan doen nie. Toe het Boas dit gedoen! Ver steek Boas in onbaatsugtigheid bo die ander losser uit. Plegtig verklaar hy voor die getuies dat hy die erfgoed van Elimeleg en sy seuns koop. Naomi het dan geld om van te lewe. Verder verklaar hy dat hy Rut, die vrou van Maglon, vir hom as vrou verwerf, want dit gaan hom nie om sy eie besit te vergroot nie, maar om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou.

Die saak moet egter bekragtig word, en daarvoor het in Israel vroeër (die skrywer leef baie later as hierdie gebeurtenisse) die gebruik gegeld dat die een sy skoen uittrek en dit aan die ander gee. Met jou skoen betree jy mos die grond en deur die grond te betree, proklameer jy jou reg op die grond. So is die skoen simbool van mag en besitsreg (kyk Ps. 60:10: op Edom werp Ek my skoen). Deur nou sy skoen uit te trek, erken die ander losser dat hy alle reg en plig aan Boas oordra. Hiermee is die saak besleg. Die oudstes spreek 'n seënwens oor Rut en Boas uit: oor Rut dat sy mag wees soos Ragel en Lea, die stammoeders van Israel; oor Boas dat sy huis mag wees soos die huis van Peres, sy stamvader, wat ook uit 'n leviraatshuwelik gebore is, hoewel nie so smetloos rein as die een wat nou gesluit word nie.

Nie tevergeefs was die geloof van Rut waarmee sy onder die vleuel van die HERE, die God van Israel, geskuil het nie; nie tevergeefs haar hoop dat Boas sy vleuel oor haar sou uitbrei nie.

## § 178 Die nakomelinge van Rut (Rut 4 :13-22)

Uit die huwelik van Boas en Rut word 'n seun gebore. Toe sê die vroue vir Naomi: Geloofd sy die HERE, wat aan jou vandag 'n losser nie laat ontbreek het nie. Die kind van Rut is die eintlike losser van Naomi wat haar siel verkwik en haar grysheid versorg. So het sy aan Rut meer as aan sewe seuns! Uit die benoeming *losser* blyk weer dat in godvrugtige kringe 'n veel ruimer toepassing aan die lossings-voorskrif gegee is as wat die letter van die wet geëis het.

Die naam van die kind is Obed; hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.

Die boek Rut eindig met 'n deel van die geslagsregister van koning Dawid wat teruggaan tot by Peres. Ons gee die volgende tabelletjie:

Juda + Tamar
Peres (Gen. 34)
Hesron (Gen. 46:12; Num. 26:21)
Ram (1 Kron. 2:9)
Amminadab (Ex. 6:22!!)
Nagson (Num. 1:7; 7:12; 10:14)
Salma of Salmon + Ragab (Matt. 1:5)
Boas + Rut
Obed
Isai
Dawid

Hierby merk ons op dat Obed in hierdie geslagsregister tog nie geregistreer word as seun van Maglon nie! Die eer om voorvader van Dawid te wees, val toe aan Boas, nie aan Elimeleg nie. Rut word egter wel in die geslagsregister van Dawid (en van Christus, Matt. 1:5) opgeneem. Sy was wel 'n Moabitiese maar nie 'n heidense en sedelose vrou soos Tamar of Ragab nie, dog 'n vrou wat 'n dogter van Israel geword het.

Van Peres tot Dawid is dus tien geslagte (Rut 4:18-22). Dit is 'n getal wat deur inkorting afgerond is. Die lang tyd tussen Ragab en Dawid - om 'n voorbeeld te noem - kan nie deur vier geslagte gevul word nie; tussen Salmon en Boas is name uitgelaat.

## Eli

### § 179 Eli hoëpriester in Silo (1 Sam. 1 en 2 :12-25)

Tot die rigters word ook Eli en Samuel gereken; Eli het Israel veertig jaar lank gerig (1 Sam. 4:18), en Samuel het Israel in Rama gerig al die dae van sy lewe (1 Sam. 7:15, 17). In Eli ontmoet ons 'n rigter uit die stam van Levi, 'n nakomeling van Aaron. Sy seuns, Hofni en Pinehas, was priesters van die HERE by die heiligdom in Silo, en Eli was stellig die Hoëpriester, al word hy nêrens uitdruklik so genoem nie. Die meeste hoëpriesters was nakomelinge van Aäron se seun Eleasar. Aan die seun van Eleasar wat ook die naam Pinehas gedra het, is weens sy ywer vir sy God 'n ewige priesterskap toegesê (Num. 25:1-13). Tog was Eli 'n nakomeling van Itamar, die broer van Eleasar. In 1 Kron. 24:3 lees ons van twee priesters in die dae van Dawid, Sadok uit die seuns van Eleasar en Ahimeleg uit die seuns van Itamar. Hierdie Ahimeleg is wel dieselfde as Ahia uit 1 Sam. 14:3, die agterkleinseun van Eli, en hieruit volg dat die priestergeslag van Eli uit die lyn van Itamar was. Hoe die oorgang plaasgevind het, weet ons nie. Hieraan het egter 'n einde gekom toe Abjatar, die seun van Ahimeleg, deur Salomo verjaag is (1 Kon. 2:26). Sedertdien was die hoëpriesterlike waardigheid steeds in die geslag van Eleasar.

Eli verskyn ook onverwags op die bladsye van die Skrif. In die verhaal van die geboorte van Samuel verneem ons dat hy in Silo is en word hy vir ons geteken as priester wat op die stoel sit by die deurpos van die tempel van die HERE. Uit sy berisping van Hanna blyk dat hy 'n vroom man is. Nog duideliker blyk dit as hy sy vergissing met die berisping bemerk en Hanna bemoedigend toespreek. Sy seuns was egter deugniete. Hulle wou die HERE nie erken nie en het van die offers wat in Silo geoffer is, gesteel. Die priesters het op 'n deel van die offers reg gehad (Lev. 7:30-40; Deut. 18:3), maar Hofni en Pinehas het meer geneem as wat aan hulle toegekom het, en daarby geweld gebruik. Ook op sedelike gebied het hulle hul te buite gegaan (2:22). Eli hoor van hierdie dinge en vermaan sy seuns ernstig. Ons beluister in

sy woorde selfs 'n profetiese klank; hy sê: As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as 'n mens teen die HERE sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? Uit hierdie woorde klink middelaarsbehoefte (kyk ook Job 9:33). Dit het Eli egter - miskien omdat hy reeds so oud was - aan die nodige strengheid ontbreek (3:13). Die seuns wou nie luister nie. Die HERE WOU hulle ombring! Hy het hulle verwerp en laat voortgaan op hul bose weë (Openb. 22:11).

## § 180 Die oordeel oor die huis van Eli aangesê (1 Sam. 2:27-3 :18)

In die tyd van die priesterskap van Hofni en Pinehas kom daar 'n man van God, 'n profeet (Rigt. 6:7), by Eli om hom die oordeel van God oor sy huis aan te sê. Hy wys eers op hul heilige roeping, en dan op hulle sonde, ook op die sonde van Eli self. Aan diefstal van die offers het hy hom nie skuldig gemaak nie, maar hy het nie die moed gehad om sy seuns streng te bestraf nie; daarom moet hy nou die verwyt aanhoor dat hy sy seuns meer eer as die HERE. Die straf sal wees dat daar in die komende jare in sy huis geen bejaarde sal wees nie, omdat elkeen uit sy huis op manlike leeftyd sal sterwe. Dit sal gebeur ná Eli se dood, maar dat dit met sy eie seuns gebeur, sal hy nog belewe. Dit is vir hom 'n teken dat hierdie oordeelsaankondiging waaragtig is.

Met die uitroei van die huis van Eli laat God egter Sy genadewerk nie vaar nie: Hy sal 'n getroue priester verwek wat sal handel soos dit in die hart en in die siel van God is. Die bedoeling is nie net een getroue priester nie, maar dat God sal sorg dat daar telkens, gedurig, 'n getroue priester sal wees. Almal wat nog gedurende 'n sekere tyd van die huis van Eli oorbly, nakomelinge dus van die priesters wat hulle deur diefstal verryk het, sal in armoede tot die getroue priester kom om te bedel dat hulle tog een of ander priesterlike of levitiese werk mag doen, sodat hulle 'n stukkie brood kan eet.

'n Rukkie later het die HERE deur die jeugdige Samuel, wat by Eli die HERE in Silo gedien het, aan Eli laat meedeel dat die oordeel nou naby is en dat Hy 'n ding in Israel gaan doen waarvan elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit. As Eli die boodskap van Samuel verneem, berus hy daarin en sê: Hy is die HERE; laat Hom doen wat goed is in Sy oë. Die straf is verdien, dit moet hy erken, maar in sy optrede kom geen verandering nie.

## § 181 Die oordeel kom (1 Sam. 4)

In die dae van Eli het die Filistyne weer eens teen Israel opgetrek. Reeds in die begin van die rigtertyd het hulle dit vir Israel lastig gemaak; toe het Samgar seshonderd van hulle met 'n osdrywerstok verslaan (bl. 216). Hulle het egter steeds magtiger geword, en toe die Israeliete weer gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE, het Hy hulle in hul hand oorgegee, veertig jaar lank. Gedurende hierdie periode kan ons die optrede van Simson stel, wat egter te insidenteel van aard was om die mag van die Filistyne vir goed te fnuik. Noudat hulle laer opgeslaan het by Afek, in die westelike deel van Efraim, skyn dit asof hulle van die skrik vir Simson bekom het en 'n gedugte wraak wil neem. Die Israeliete het laer opgeslaan by Ebenhaeser, 'n plek tussen Afek en Silo. Hulle trek uit om teen die Filistyne te veg, maar ly 'n neerlaag waarby vierduisend man sneuwel.

Die Israeliete vra hulle ontsteld af waarom die HERE hulle voor die Filistyne verslaan het. Hulle erken dat die HERE dit gedoen het, maar op die vraag waarom Hy dit gedoen het, gee hulle nie die regte antwoord nie, naamlik dat dit om hulle sondes is. Hulle wil nou die HERE sigbaar in hulle midde hê deur die verbondsark in die laer te bring. Dit is die plan van die oudstes, en daaruit blyk dat die rigter, Eli, wat oor die ark besorg was, weinig invloed gehad het.

Die gedagte om die HERE met Sy ark te vereenselwig, is 'n heidense, 'n magiese gedagte. Daarom begryp die Filistyne dit ook so goed! Hulle het bang geword en gesê: God het in die laer gekom, en hulle weet dat dit die God is wat die Egiptenare in die woestyn met allerhande plae getref het (hul kennis van die geskiedenis was dus nie heeltemal korrek nie). Hulle deins egter nie terug nie, maar spoor mekaar aan om dapper te veg. So kom die eer van die HERE in die spel, maar Israel meen dat hulle Hom juis so kan dwing om hulle te help.

Die uitslag van die stryd is verpletterend vir Israel; die slagting was groot: dertigduisend voetgangers van Israel het geval; onder hulle is Hofni en Pinehas, en die ark is ook geneem! Israel moet hieruit leer dat God hom nie deur magiese middele laat dwing nie. Die HERE wil 'n ander verbondenheid tussen Hom en Sy volk hê, naamlik geloof en gehoorsaamheid.

As Eli van die groot neerlaag verneem, val hy agteroor van die stoel af aan die kant van die poort, sodat hy sy nek breek en sterf, want hy was oud en swaar. Te midde van die onheilsberigte skenk die vrou van Pinehas die lewe aan 'n seun terwyl sy self sterf. Uit haar laaste woorde blyk hoe begaan sy oor die rampe van haar volk was; sy noem die seuntjie Ikabod, d.w.s. die eer is weg!

## § 182 Die verbondsark by die Filistyne (1 Sam. 5 en 6)

Die laer wat die Israeliete by Ebenhaeser opgeslaan het en waarheen hulle die verbondsark gebring het (4:5), is natuurlik deur die Filistyne uitmekaar gejaag, en die ark staan daar as 'n maklike prooi. Die Filistyne neem die ark en bring dit na Asdod en sit dit in die huis (tempel) van Dagon langs die beeld van Dagon. Die ark moet daar natuurlik staan as 'n oorwonnene in die tempel van sy oorwinnaar, maar die oorwinnaar val voor die ark neer! Skynbaar het God Sy eer prysgegee deur Israel nie ter wille van die ark te red nie en selfs die ark in die hande van die vyande te laat raak. Maar God handhaaf wel Sy eer. Die beeld van Dagon het in die nag geval en lê met sy gesig op die grond voor die ark van die HERE, in die houding waarin aan gode hulde gebring word (proskunesis)! Dagon kan uit sy eie nie opstaan nie. Lakoniek sê die geskiedskrywer: En hulle het Dagon geneem en hom weer op sy plek gesit. Die volgende dag is dit egter nog erger: in dié nag het Dagon weer vooroor geval voor die ark van die HERE en boonop gebreek ook. Sy *hande* is af, maar *die hand van die* HERE was swaar op die mense van Asdod. Hy het hulle verskrik. Dit is 'n psigiese toestand van paniek waarin die HERE hulle gebring het. Verder het Hy hulle ook nog getref met geswelle, sodat die manne van Asdod die ark nie langer by hulle wou hê nie. Oor dié saak kan hulle egter nie self beslis nie; die vorste van die Filistyne, die stadkonings, moet eers bymekaarkom. Hulle het blykbaar - volgens Griekse patroon - 'n stedebond gevorm en nie 'n eenhoofdige bestuur gehad nie. Die titel van hul vorste lyk baie na die Griekse woord "tyrannos" (waarvandaan ons woord *tiran* kom), wat in Griekeland die titel van stadsvorste was. Die Filistyne is mos uit die Griekse wêreld afkomstig. Hulle besluit nou dat die ark na Gat moet gaan. As die ark daar kom, word die mense van Gat getref met verwarring - weer dieselfde psigiese verskynsel. Hulle kry ook geswelle. Daarop stuur hulle die ark na Ekron, maar die stad protesteer so hewig dat die tiranne of vorste weer bymekaarkom en besluit om die ark na sy plek terug te stuur: dit is 'n oorlogstrofee wat hulle nie langer wil en kan besit nie. Die vraag is net: Hoe moet dit teruggestuur word? Die ark is iets van die gode, so besef hulle, en daarom word die priesters en die waarsêers geroep; dié moet sê wat met die ark gedoen moet word. Hul raad is dat 'n skuldoffer by die ark gevoeg moet word as dit teruggestuur word. Hulle besef dat hulle hul skuldig gemaak het jeens die God van Israel deur Sy ark te neem. Die skuldoffer moet wees: vyf goue geswelle, d.w.s. die geswelle met goud nagemaak, en vyf goue muise; vyf volgens die getal van die (vyf) Filistynse stede, want dit moet 'n skuldoffer van hul hele volk wees. In die namaak van die geswelle lê 'n erkenning van die gedugtheid van die ramp wat hulle getref het, en dat dit in goud geskied, is om die God van Israel te huldig. En waarom die goue

muise? Die plaag was tog net geswelle en paniese verwarring? In die verhaal van die ark in Asdod en Gat word niks van muise gesê nie! Wel word by die vermelding van die goue muise gesê: beelde van julle muise wat die land verniel het. 'n Mens kan hieruit aflei dat daar tog 'n muisplaag was. Dis egter ook moontlik dat die goue muise uit bygeloof aan die skuldoffer toegevoeg is. Die muis was in die ou Griekse wêreld waaraan die Filistyne verwant was, 'n heilige dier en simbool van dood en pes. In hul paniekstemming het die vrees vir hierdie grillerige, magiese dier weer by die Filistyne opgekom en hulle het gedink dat hulle die God van Israel met die goue muise kan versoen. Dit is dan die muise uit hul heidense voorstellinge waaraan hulle die vernieling van hul land en volk deur pes en paniek toegeskryf het (6:5).

Hoe dit ook mag wees, die raad van die priesters word opgevolg. Tog kom by die Filistyne die vraag op of hulle nie te bang is nie. Het die geswelle werklik van die HERE gekom, of was dit maar net toevallig gelyktydig met die verblyf van die ark? Hulle wil dit vasstel. Voor die wa waarop die ark gelaai word, span hulle koeie wat kalwers het, maar die kalwers mag nie saamgaan nie. As die teen-natuurlike ding nou gebeur dat die koeie na die land van Israel gaan, dan sal dit die bewys wees dat die HERE die rampe oor die Filistyne gebring het; maar as die koeie wil omdraai na hulle kalwers, dan, so sê hulle, het dit toevallig oor ons gekom. Hulle lok dus 'n Godsoordeel uit!

Die uitslag is verbysterend duidelik: die koeie het reguit pad langs in die rigting van Bet-Semes geloop; hulle het aangehou op die een grootpad deur die dal Sorek, die dal waar Delila gebly het (Rigt. 16:4);* hulle het aldeur geloop en bulk sonder om regs of links uit te draai. Dit is die werk van die HERE in hulle, en hulle bulk vanweë die drang wat hulle dryf. God het Hom by die toetsmetode van die Filistyne aangesluit om hulle goed duidelik te maak dat dit Hy was wat hulle getref het. Die oorwinnaars van die Israeliete moes die mag van die God van Israel erken.

## § 183 Die ark terug in Israel (1 Sam. 6 :13-7 :1)

Terwyl die mense van Bet-Semes besig was om die koringoes af te sny in die laagte van die spruit Sorek, sien hulle die wa met die verbondsark aankom, en hulle was bly! Bet-Semes was volgens Jos. 21:16 'n Levietestad. Leviete uit die stad het die ark van die wa,

• Teenswoordig gaan die spoorweg van Jaffa na Jerusalem deur hierdie dal, wat by die land van Josua van Bet-Semes bly staan het, afgehaal en dit nie op die grond nie - dit sou oneerbiedig wees - maar op 'n groot klip wat daar was, neergesit. In die dae van die geskiedskrywer was die klip nog daar. Hulle het toe aan die HERE brandoffers geoffer en slagoffers geslag. Die koeie van die Filistyne word daarvoor gebruik, die wa dien as brandhout! 'n Brandoffer word altyd in sy geheel verbrand, maar met slagoffers gaan feestelike maaltye, gemeenskapsmaaltye met God, gepaard. Die mense van Bet-Semes het van die gebeurtenis dus 'n feesdag gemaak.

Op hierdie feesdag het die HERE Sy verhewe heiligheid op ontsagwekkende wyse getoon. Die manne van Bet-Semes het in hulle blydskap die eerbied vir die ark vergeet en hierdie heilige voorwerp, wat anders altyd agter gordyne verborge was, bekyk; maar die ark mog nie *bekyk* word nie. By die opbreek van die laer in die woestyn moes die ark met robbevelle en 'n pers doek (Num. 4:5, 6) bedek word. Hoewel dit nie te verwagte is dat die ark ná al sy wederwaardighede nog met die bedekking in Bet-Semes sou aankom nie, moes die manne van Bet-Semes tog met skroom en huiwering vir die heiligheid van die verbondsark vervul gebly het. Hulle het egter met onbeskeie blikke na die ark gekyk. Toe het die HERE sewentig man gedood (v. 19). Dit was 'n groot slagting in die klein dorpie. Die volk het getreur en besef dat die diens voor die aangesig van die heilige God hoë eise stel (vgl. 2 Sam. 6: 9).

Weer wil die mense, hierdie keer Israeliete, van die ark ontslae raak. Dit word nou na Kirjat-Jearim, noordwes van Jerusalem, gebring, waar Abinadab daarvoor in sy huis op die heuwel plek inruim. Sy seun Eleasar is geheilig om die ark te bewaak.

Die ark is dus nie weer na Silo gebring nie. Waarskynlik is Silo, met die godshuis inkluis, deur die Filistyne in die slag by Afek verwoes. Skriftuurplekke soos Jer. 7:12 en Ps. 78 :-59, 60 kan hierop sinspeel. Die nakomelinge van Eli het later na Nob gegaan. Ook uit die opgrawings blyk dat Silo in die elfde eeu verwoes is.

## Samuel

### § 184 Die geboorte van Samuel (1 Sam. 1)

Samuel is gebore in die dae toe Eli rigter en sy seuns priesters was. Sy naam beteken dat hy 'n kind van Goddelike gebedsverhoring is. Hy is die seun van Elkana en Hanna. Elkana was 'n Sufiet, 'n nakomeling van Suf, 'n Efratiet. So word die vader van Dawid ook genoem (1 Sam. 17:12). Sy woonplek was Ramataim of, soos dit verder genoem word, Rama (v. 19; 2:11). Daar is verskillende plekke wat met hierdie Rama geïdentifiseer kan word; die waarskynlikste is dat ons aan Rama in Benjamin moet dink (Jos. 18:25); daar het Samuel ook later gewoon en gerig (7:17; 19:18; 25:1). Volgens 1 Kron. 6:33, 34 was Elkana 'n Leviet uit die lyn van Kehat, die seun van Levi. Hy het twee vroue gehad, Hanna en Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna nie. Peninna het haar daaroor bitterlik geterg en Hanna het bitterlik bedroef geword. Sy het tot die HERE gebid en 'n gelofte afgelê en gesê: HERE van die leërskare, as U U diensmaagd 'n seun skenk, dan sal ek hom aan U gee al die dae van sy lewe en geen skeermes sal op sy hoof kom nie.

In hierdie gebed van Hanna is dit die eerste keer dat ons die aanspreekvorm vir God "HERE van die leërskare" (HERE SEBAOT) teëkom (kyk ook 1:3). In latere Bybelboeke kom dit veelvuldig voor. By die leërskare van God kan ons dink aan die krygsmanne van Israel (Jos. 5:14) of aan die sterre, maar veral aan die engele. God word met hierdie naam voorgestel as die Magtige.

Deur haar gelofte bestem Hanna die afgebede seun, net soos met Simson die geval was, tot nasireër, al word hierdie woord deur haar nie gebruik nie (Rigt. 13:5). 'n Ander ooreenkoms met Simson is dat sy geboorte 'n besondere daad van God was in 'n vrou wat lank na 'n kind uitgesien het; en ook dat hy die Filistyne verslaan het (1 Sam. 7). Sy hare speel egter geen rol in sy optrede nie.

Die gelofte word afgelê by die tempel in Silo. Dit is die tent van samekoms, wat waarskynlik deur 'n klipmuur omring was en so die aansien van 'n vaste gebou gekry het.

Die gebed van Hanna is verhoor. Sy kry 'n seun en noem hom Samuel. Sodra sy hom gespeen het, het sy hom in die huis van die HERE in Silo gebring en hom aan die HERE afgestaan. Later het sy nog meer kinders gekry (2:21), maar vir Samuel het sy elke jaar 'n manteltjie gemaak en dit vir hom saamgeneem as sy met haar man opgaan na Silo om te aanbid en aan die HERE van die leërskare te offer (1:3).

### § 185 Die lofsang van Hanna (1 Sam. 2:1-10)

Ná die verhoring van haar gebed het Hanna gedank in die skone vorm van 'n lofsang. Dit het 'n ander begenadigde moeder baie eeue later ook gedoen: Maria, die moeder van die HERE. Haar lofsang staan bekend as die *"Magnificat (anima tnea Dominum)"* = My siel maak groot die HERE (Luk. 1: 46 e.v.). So begin Hanna ook: My hart jubel in die HERE. Ook verder is

daar merkwaardige ooreenkoms tussen die twee lofsange, veral in die uitsprake waarin gesê word dat God die nederiges verhoog (vgl. 1 Sam. 2:8 met Luk. 1:48; verder v. 4 en 5 met v. 51 en 52). In die lofsang van Hanna skemer haar triomf oor haar *mededingster* (Peninna) duidelik deur (v. 3 en 5b), en deurdat Hanna in die messiaanse waarde van haar moedergeluk haar hoogste vreugde ervaar, kry die tergerye van Peninna 'n sataniese karakter. Van hierdie bittere ervaringe was Maria gevrywaar; maar ook sy kom uit by messiaanse lof! (v. 54). Ongetwyfeld het Maria die lofsang van Hanna geken en daarmee ingestem. Hanna toon in hierdie lied 'n diepe geloofslewe, uitgedruk met 'n vaardigheid van taal waarmee sy die Ou Testament verryk het met 'n verhewe lied, net so bewoë maar teerder vroom as dié van Debora. (Merkwaardig is dat hierdie liedere en ook ander, soos die lied van Moses (Deut. 32) en die gebed van Hiskia (Jes. 38:9-20) nie in die Psalmbundel opgeneem is nie.)

## § 186 Die eerste Godsopenbaring aan Samuel (1 Sam. 3)

Die jeugdige Samuel het in die godshuis in Silo opgegroei onder leiding van die bejaarde hoëpriester Eli. In hierdie afsondering, slegs onderbreek deur die jaarlikse besoeke van sy moeder, het hy as seun voor die aangesig van die HERE gedien en is die grondslag gelê van sy onomkoopbare trou aan sy God en aan sy volk. Die seuns van Eli was deugniete, maar die seun Samuel het toegeneem in grootte en in guns by die HERE sowel as by die mense. Die HERE is besig om die man te vorm wat Hy wil gebruik nadat Eli en sy seuns die dood gevind het,

As God Hom die eerste keer aan Samuel openbaar, verstaan hy dit nie. Die HERE leer hom Sy stem ken deur die aanduiding van die ervare Eli. Die eerste openbaring wat Samuel ontvang, bevat 'n verpletterende tyding: die oordeel, reeds aangekondig (2:27-36), sal kom! Die jeugdige Samuel was bevrees om dit aan Eli mee te deel en het in die vroeë oggend sy gewone werk gedoen en die deure van die huis van die HERE oopgemaak, maar Eli het hom besweer om alles te vertel wat die HERE gesê het. Toe het Samuel hom alles vertel.

## § 187 Samuel in Mispa (1 Sam. 7: 2-14)

In die verhaal van die voltrekking van die gerig (§ 181) word Samuel nie genoem nie. Dit is eers twintig jaar later dat ons weer van hom hoor. Gedurende die twintig jaar ná die geweldige neerlaag van Israel by Afek het die Filistyne onbestrede mag oor Israel uitgeoefen. In hierdie jare het daar onder druk en verdrukking 'n gunstige verandering in die volkslewe plaasgevind: die hele huis van Israel het agter die HERE aan geweeklaag. Hulle het gejammer en gesug onder die verdrukking en dit gedoen "agter die HERE aan". Daar was in hulle ellende 'n begeerte om weer met die HERE versoen te raak. Toe was dit die tyd vir Samuel, wat inmiddels 'n bekende profeet geword het (4:la), om op te tree. Hy wil 'n bewys daarvan hê dat die volk hartgrondig berou het oor hulle afgodery; hulle moet daarvoor die Baäls en die Astartes verwyder en hulle met hul hele hart tot die HERE bekeer. Daarna roep hy die volk op na Mispa (vgl. Rigt. 20:1), wes van Rama, sodat hy daar vir hulle tot die HERE kan bid. Daar by Mispa het hulle water geskep en dit voor die aangesig van die HERE uitgegiet. Dit is nie 'n seremonie wat in die wet voorgeskryf word nie, maar 'n sinnebeeldige handeling waarmee hulle uitdrukking gee aan gevoelens van diepe ellende en deemoed (Jos. 7:5; Ps. 22:15; Klaagl. 2:19). Ook het hulle gevas; dit is ook 'n vrywillige saak; wetlik voorgeskrewe vas was net op die groot versoendag. By hierdie seremonies voeg hulle woorde van skuldbelydenis: Ons het gesondig teen die HERE! Samuel het toe die volk in Mispa gerig, d.w.s. met hulle gespreek oor die insettinge en verordeninge van die HERE: hy het reformatoriese leiding gegee aan die godsdienstige oplewing onder sy volk.

Die Filistyne het van hierdie gebeurtenisse blykbaar nie gehou nie. Toe hulle die groot

saamtrek by Mispa sien, het hulle teen Israel opgetrek. Israel het wel bevrees geword, maar was tog nie deur 'n wanhopige angs bevange nie. Hulle het by Samuel daarop aangedring om die HERE aan te roep dat Hy hulle uit die hand van die Filistyne sou verlos. Toe het Samuel 'n suiglam geneem en dit as 'n brandoffer in sy geheel aan die HERE geoffer en die HERE vir Israel aangeroep. Die HERE het hom verhoor, want onderwyl Samuel die brandoffer bring, het die HERE dit oor die Filistyne, wat nader gekom het om teen Israel te veg, met 'n groot geluid laat donder. Ook dit behoort tot Sy leërskare! (vgl. Jos. 10: 11; Rigt. 5:20). Die HERE veroorsaak 'n paniekstemming onder die Filistyne, sodat hulle voor Israel verslaan is. Toe het Samuel 'n klip geneem en dit naby Mispa as herinneringsteken opgerig. Hy noem die klip Ebenhaeser, waarmee die smaad van Ebenhaeser by Afek (4:1) uitgewis was. Israel is nou bevry van die Filistynse oorheersing; die vyandskap bly, maar die hand van die HERE was teen die Filistyne al die dae van Samuel.

Die verdere geskiedenis van Samuel is vervleg met die opkoms van die koningskap in Israel. Hy geld as die laaste van die rigters (Hand. 13:20), as eerste van die profete (Hand. 3:24), as voorbidder wat verhoring kry (Ps. 99:6; naas Moses, Jer. 15:1) en het sy plek in die wolk van getuies rondom ons (Hebr. 11:32; 12:1).

## § 188 Chronologiese oorsig van dk tyd van die rigters

| *Duur van onderdrukking* | *Rigter (afkoms)* | *Duur van rigterskap of tyd van rus* |
|---|---|---|
| 8 jr. Kusan Risataim | OTNIËL **(Juda)** | 40 jr. |
| 18 jr. Eglon (Moab) | EHUD (Benjamin) | 80 jr. |
| Filistyne | SAMOAR | |
| 20 jr. Jabin (Sisera) | BARAK (Naftali) DEBORA | 40 jr. |
| 7 jr. Midianiete | GIDEON (Manasse) | 40 jr. |
| | TOLA (Issaskar) | 23 jr. |
| | JAÏR (Gilead) | 22 jr. |
| 18 jr. Ammoniete | JEFTA (Gilead) | 6 jr. |
| | EBSAN (Betlehem, Sebulon) | 7 jr. |
| | ELON (Sebulon) | 10 jr. |
| | ABDON (Efraim) | 8 jr. |
| 40 jr. Filistyne | SIMSON (Dan) | 20 jr. |
| | ELI (Levi) | 40 jr. |
| | SAMUEL (Levi) en sy seuns | ? jr. |

Die twee reekse getalle in hierdie tabel kan nie bymekaargetel word om op daardie manier die lengte van die tydvak van die rigters te bepaal nie. Genoemde getalle bring dié lengte op ongeveer vier en 'n halwe eeu. Die periode van die uittog tot die tempelbou was 480 jaar (1 Kon. 6:1), en dis 'n periode wat behalwe die rigters, ook die woestynreis en die verowering van die land, en verder die tyd van Saul en Dawid omvat - gebeurtenisse wat saam baie meer as 'n eeu beslaan het. Die beste oplossing van hierdie probleem is om aan te neem dat verskillende rigters nie ná mekaar nie maar gelyktydig in verskillende dele van die land opgetree het. In elk geval geld dit van Jefta en Simson (Rigt. 10:7). Van die sogenoemde "klein" rigters, van wie geen krygsbedrywighede vermeld word nie, naamlik (Tola), Jaïr, Ebsan, Elon, Abdon, kan aangeneem word dat hulle in tye van vrede opgetree het of net in die noorde van die land onderwyl in die suide en ooste vyandelikhede aan die gang was. Hoewel Jefta in die middel van die tabel staan, val sy optrede dus aan die einde van die

rigtertyd en sal die driehonderd jaar wat hy noem as die tyd van die intog tot sy eie dae (Rigt. 11:26), 'n goeie maatstaf wees om die duur van die rigtertyd vas te stel op ruim drie eeue.

# AFDELING III - Die Staat Israel, die Ryke Juda en Israel

## Die Vestiging van die Koningskap

### § 189 Die volk wil 'n koning hê (1 Sam. 8)

Toe Samuel oud geword het, het hy sy twee seuns as rigters in die suidelike distrik Berseba aangestel - tot verligting van sy taak-maar sy seuns het nie in die weë van hulle vader gewandel nie; hulle was onregverdige regters (v. 2; vgl. Ex. 32:2, 8; Deut. 16:19). Die gerug oor hulle verkeerde handelinge het blykbaar oor die hele Israel versprei, want al die oudstes van Israel kom bymekaar en gaan na Samuel in Rama en sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies.

Hierdie woorde van die oudstes was verkeerd in die oë van Samuel. By hom is die ou en goeie gedagte wat Gideon gehad het (Rigt. 8:23) nog lewendig, naamlik: die HERE sal *oor* julle heers. So wou die HERE self dit ook hê (teokrasie). Daarom sê die HERE vir Samuel: Nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. Miskien het Samtfel ook persoonlik gekrenk gevoel, maar die HERE sien die saak baie dieper en enstiger in. Veral die woorde "soos by al die nasies" was krenkend vir die HERE. Die volk het juis die besondere voorreg om God as koning te hê, anders as al die nasies, nie gewaardeer nie. Hulle wou liewer maar net soos al die nasies wees. Tog sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk en stel 'n koning oor hulle aan.

Die volk kry dus 'n koning, maar nie in die goedgunstigheid van God nie. Tog wil dit nie sê dat die koningskap buite die bedoeling van God gelê het nie. Dit was seker Sy bedoeling wel. Dit blyk uit baie ou koningsprofesieë (Gen. 17:6). Uit die versoek van die oudstes blyk dat die volk self die noodsaaklikheid van die koningskap insien, al is hulle insig onsuiwer. God self sien ook dat die koningskap noodsaaklik is, maar Sy insig is dat die volk nie regstreeks onder Hom kan staan nie. Die rigtertyd het dit bewys. Daar moet 'n koning tussen God en die volk staan, 'n koning wat, deur profete gelei, na die wil en wet van God regeer. Soos die priester die *versoening* met God bemiddel en daarin tipe van die Middelaar is, so moet die koning die *heerskappy* van God bemiddel. Later sal God hierdie koningskap instel, maar eers gaan Hy in die spore van die volk en gee Hy hulle 'n koning volgens hulle opvatting. As dit skeef loop, kom God met Sy man, met die man na Sy hart. As ook dit in die voortgang van die geskiedenis verkeerd gaan, is die einde van Israel se volksbestaan niks anders as 'n roep om Christus nie. Ten slotte sal Christus die Koning wees deur wie God Sy volk en alle dinge regeer. Hy is die Middelaar-Koning! (Kyk ook § 151.)

Aan die instelling van die begeerde koningskap laat God deur die mond van Samuel nog 'D ernstige waarskuwing voorafgaan. Hy moes hulle die reg, die handelwyse van 'n koning meedeel, en hy doen dit deur vir hulle die handelwyse van 'n Oosterse despoot te beskryf (v. 9-18). Inderdaad stel die volk hom aan so 'n behandeling bloot, en reeds in die tyd van Salomo het hulle dit ondervind. Hierdie reg is nie dieselfde as dié wat Samuel later as die koningsreg te boek stel nie (10:25); dit het sekerlik meer aangesluit by die inhoud van die koningswet van Deuteronomium 17:14-20.

Die volk laat hom egter nie deur die waarskuwing van Samuel afskrik nie en sê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees; en weer sê hulle daarby: dat ons ook kan wees soos al die nasies!

### § 190 Die koning word gesalf (1 Sam. 9 en 10)

Die volk het 'n koning begeer, maar nie self een aangewys nie. Dit is sekerlik nóg iets goeds

in hul origens verkeerde houding. Die HERE het aan Samuel geopenbaar wie hy moet salf: 'n man uit die land Benjamin. God self sal hom na Samuel toe stuur. In die idilliese verhaal van 1 Samuel 9 verneem ons op watter wyse God die man by Samuel laat uitkom. Dit was Saul, die seun van Kis, 'n Benjaminiet, 'n vermoënde man. Die jong man was mooi gebou, ja, daar was onder die Israeliete geeneen mooier as hy nie, hy het kop en skouers bo die hele volk uitgestaan. Vir 'n volk wat 'n koning begeer soos al die nasies het en wat voor hulle kon uit trek om hulle oorloë te voer, was hy juis 'n begeerlike figuur. Deur sy vader gestuur om weggeraakte eselinne te gaan soek, kom hy met die kneg van sy vader op sy soektog in 'n stad (Rama?) waar Samuel was. Hoewel ongeneë om die koningskap in te stel, het Samuel die vir hom nie onverwagte gas (10: 15, 16) vriendelik ontvang. Dit lyk asof hy met die mooi jong man wel ingenome is en dat sy besware op die agtergrond tree. Hy nooi hom uit om aan die offermaaltyd, wat juis die dag sou plaasvind, aan te sit en gee hom die boud. Dit is die tweede keer dat "Benjamin" so by 'n maaltyd bevoorreg word (kyk Gen. 43:34). Ná die maaltyd het Samuel op die dak met Saul gespreek. Die dak is die plek waar 'n mens rustig kon vertoef. Dit is hier die eerste keer dat ons in die Ou Testament van so 'n ontmoeting op die dak lees. Waaroor hulle gepraat het, word nie vermeld nie, maar ons kan ons dit maklik voorstel. Die hart van Samuel was vol bekommernis oor die lot en oor die gedrag van sy volk, en seker het hy die jong man langs hom gewys op die enigste weg tot behoud, naamlik bekering tot die HERE.

Die volgende môre het hulle vroeg opgestaan. Samuel gaan saam die stad uit om sy gas uitgeleide te doen. Buite die stad sê hy dat Saul die dienaar solank voor hulle uit moet laat loop, maar dat hy self eers moet stil staan, dat hy hom die woord van God kan laat hoor. Toe het Samuel die kruik met olie geneem en dit op die hoof van Saul uitgegiet en hom gesoen en gesê: Het die HERE jou nie gesalf as vors oor Sy erfdeel nie? In die vraagvorm druk hy des te beslister uit dat dit so is. Hiermee volbring Samuel die bevel van God dat hy Saul as vors oor Sy volk Israel moes salf (9:16).

Om iets te salf, was 'n bekende gebruik in Israel (Gen. 28:18; 31:13; Ex. 30:26). Ook persone is gesalf. Vantevore is dit net met priesters gedoen (Ex. 40:15). Noudat daar vir die eerste keer van die optrede van 'n koning sprake is, word ook hy gesalf. Dat dit nie vreemd is nie, blyk uit Rigt. 9:8! Later het dit ook by profete voorgekom (1 Kon. 19:16). Soos dit met meer plegtige gebruike, bv. die sakramente, die geval is, is dit ontleen aan die gewone daaglikse gebruik, wat dan 'n godsdienstige betekenis kry. Die salwing met olie (fyn olyfolie) was in die Oosterse warmte 'n verkwikking; 'n mens voel dan weer fris en sterk. So kry salwing die betekenis van bekwaammaking tot 'n amp. En dat iemand die salwing van hoër hand ontvang, is 'n bewys van wettige roeping.

By *die* salwing van Saul gee Samuel die verklaring dat die HERE hom as vors oor *sy erfdeel* salf. Israel is nie - al wou hulle dit in hul sondige kortsigtigheid juis wees - somaar 'n volk, soos baie ander nie. Israel is die erfdeel, die besitting, die eiendom van die HERE. Daaroor moet Saul nou vors wees en dan bly die volk 'n erfdeel van die HERE.

By sy vertrek van Samuel af om terug te keer na die plaas van sy vader in Gibea, waar die soektog na die eselinne ook begin het, kry Saul nog 'n paar aankondiginge van opmerklike dinge wat op sy pad sal voorval. As dit ook so uitkom soos Samuel voorspel, sal dit vir Saul tekens wees van die waaragtigheid van sy verkiesing tot koning (10:7). Die eerste teken is dat Saul by die graf van Ragel twee manne sal aantref wat vir hom sal sê dat die eselinne al gevind is. Dat die ontmoeting juis op hierdie plek sal plaasvind, het ook sy betekenis. Die graf van sy stammoeder moet sentimente van piëteit in Saul wakker roep en hom aanmoedig om in die belang van sy volk op te tree. Die tweede teken is die ontmoeting met drie ander manne wat met offergawes op pad is na Bet-el, na die heiligdom aldaar, en twee brode aan

Saul en sy kneg sal gee. Die derde teken is dat Saul 'n groep profete sal ontmoet wat harpe en tamboeryne en fluite en siters voor hulle uit dra en self profeteer. Dit sal plaasvind by die wagposte van die Filistyne, en juis daar sodat die aanskouing van daardie wagposte, wat krenkend vir sy nasionale gevoel is, hom tot verset moet prikkel.

Die drie aangekondigde opmerklike dinge het stellig al drie ook voorgeval, maar net van die derde word dit uitdruklik vermeld, omdat Saul hom in geestesvervoering by die profete aansluit.

Toe Saul na hierdie aankondiginge van Samuel af wegdraai, het God sy hart verander, d.w.s. God het aan die boerseun die kwaliteite en insigte gegee wat hy nodig gehad het om 'n koning te wees.

Die verskyning van die groep profete op Saul se pad is baie merkwaardig. Dit was 'n vorm van profetiese lewe soos dit in daardie tyd voorgekom het en ook later by die profete-seuns in die dae van Elia en Elisa (2 Kon. 2), maar het aanmerklik verskil van die latere groot profetiese figure soos Jesaja. Musiek speel in hul profetiese begeestering 'n belangrike rol, soos ook by Elisa (2 Kon. 3:15). Dat hulle profeteer, beteken dat hulle kort profetiese uitsprake uitroep, en dit met lewendige gebare, waardeur hulle optrede by die buitestaanders 'n snaakse indruk wek (2 Kon. 9:11). Die groep wat Saul ontmoet, het ongetwyfeld kernagtige gesegdes uitgespreek wat op die roeping van Saul en sy taak betrekking gehad het, uitroepe wat in die onmiddellike nabyheid van die Filistynse wagposte 'n nadruklike beklemtoning ontvang het!

As Saul die groep profete ontmoet, sluit hy hom by hulle aan! Hy is nou naby sy huis, en die mense daar ken hom. Hulle vra verbaas: Wat het tog met die seun van Kis gebeur? Is Saul ook onder die profete? Hulle verbasing is met afkeuring vermeng: die seun van 'n vermoënde man pas tog nie in so 'n dweperige geselskap nie? Maar dit is 'n menslike opinie. God het hiermee bedoel dat die koningskap onder aanwysinge van die profesie moet werk.

Saul staan nou plotseling in die kalklig, maar hy bly beskeie. Aan sy oom, wat nuuskierige vrae stel, vertel hy niks van die saak van die koningskap nie. Tog moet dit bekend word. Daarvoor moet Samuel sorg.

## § 191 Die koningskeuse in Mispa (1 Sam. 10 :17-27)

Toe die volk om 'n koning gevra het, het Samuel ernstige besware gehad en ten slotte gesê: Gaan heen, elkeen na sy stad. Dit was egter nie sy laaste woorde in hierdie saak nie. Noudat die HERE hom beveel het om Saul te salf, roep hy die volk na die HERE in Mispa byeen. "Na die HERE." Wat nou gaan gebeur, het nie die volle instemming van Samuel nie, maar teen wat die HERE doen, mag hy hom nie verset nie.

Mispa is die plek waar die volk ook saamgekom het om in benarde omstandighede deur die mond van Samuel tot die HERE te bid en waar die HERE toe die wonderlike verlossing van Sy volk uit die mag van die Filistyne teweeggebring het (hfst. 7). Dit is dus 'n plek wat duidelik aan die kragtige hulp van die HERE *self* herinner. Daarheen roep Samuel die volk weer op; daar sal die wens van die volk om 'n koning te hê in vervulling gaan, maar die plek op sigself getuig alreeds teen die ding wat gaan gebeur. Samuel wys die volk dan ook op hulle ondankbaarheid jeens die HERE, wat hulle steeds verlos het, en sê dat hulle Hom nou verwerp. Maar hulle moet hul dan nou maar volgens hul stamme en geslagte voor die aangesig van die HERE opstel. Blykbaar word die lot gewerp. God bestuur dit so dat Saul aangewys word. Saul voel dit aankom. Beskroomd kruip hy weg, maar op 'n aanwysing van die HERE word hy tussen die pakgoed gevind. Daar staan hy nou tussen al die mense, van sy skouers af boontoe langer as hulle almal! Blykbaar het Samuel op hierdie moment, net soos

by sy eerste ontmoeting met Saul, weer onder die indruk van Saul se imposante figuur gekom. Ook later as die seuns van Isai voor hom verskyn, is Samuel gevoelig vir die uiterlike gestalte en moet die HERE uitdruklik vir hom sê dat hy nie na die voorkoms moet kyk nie, want die HERE sien die hart aan. By die aanwysing van Saul tree voorkoms en gestalte egter sterk op die voorgrond. Samuel roep uit: Daar is nie een onder die hele volk soos hy nie. Toe juig die volk en sê: Mag die koning lewe! Dit is die eerste keer dat hierdie juigkreet in Israel weerklink (later ook vir Salomo, 1 Kon. 1:39, en vir Joas, 2 Kon. 11:12).

Samuel het daarna die reg van die koningskap by wyse van 'n proklamasie afgekondig. God het, nadat Hy aan die verkeerde volkstrewe toegegee het, tog in Sy ontstemming die koningskap nie opsetlik laat misluk nie. Hy het die hart van Saul verander, 'n koningswet afgekondig en die koningskap as 'n instelling van Homself gegee. Die verdere gang van sake hang nou af van Saul as bevoegde en bekwaamde koning.

Die plegtigheid in Mispa is beëindig. Almal gaan huis toe. Saul ook. Almal was egter nie tevrede nie. Daar was ook deugniete, d.w.s. mense wat hou van die dae waarin daar geen koning is nie en elkeen kan doen wat goed is in sy eie oë. Hulle het met minagting oor die boerseun gepraat. Aan die ander kant het God die hart van helde geroer om met Saul saam te gaan. Dit is die eerste kern van magsvorming rondom die nuwe koning.

## § 192 Die houding van Samuel (1 Sam. 12)

Dat die gebeurtenisse vir Samuel skokkend was, kan ons begryp. Hy voel hom deur sy volk verworpe. Die persoon van Saul is hom nie onsimpatiek nie. Toe dit later met Saul verkeerd gegaan het, het hy daaroor getreur (15:35). Maar die *saak* van die koningskap steek hom in die krop. Hy kan egter die gang van sake waarin God self die hand het, nie keer nie. Tog wil hy nog een keersy misnoeë uitspreek.

In die eerste plek regverdig hy homself en sy eie optrede deur met 'n eed te verklaar dat hy niemand benadeel het nie. Met 'n soort suiweringseed tree Samuel af. Die volk stem met hom saam.

In die tweede plek regverdig hy God, wat Moses en Aäron voortgebring het om die vaders uit Egipte uit te lei en niks as regverdige dade gedoen het nie, soos byvoorbeeld om rigters te verwek (waarby hy ook nog 'n origens onbekende een noem: Bedan).

Waarom was 'n koning dan nodig? Maar nee, julle het gesê: 'n Koning moet oor ons regeer. Goed, julle het mos nou julle koning. As julle maar die HERE vrees en Hom dien en na Sy stem luister en julle sowel as julle koning die HERE julle God maar volg. Dit is die hoofsaak, wil Samuel sê, en dan kan dit - so klink sy woorde - selfs mét 'n koning nog goed gaan. Maar sy afkeuring oor die saak van die koningskap as sodanig wil hy die volk nog een keer duidelik laat besef, deur 'n merkwaardige teken: die dag waarop hy hier praat, is in- die middel van die koringoes; dan reën dit nooit nie; maar ek, sê Samuel, sal die HERE aanroep dat Hy donderslae en reën gee as 'n bewys daarvan dat die volk met sy begeerte na 'n koning 'n groot kwaad in die oë van die HERE gedoen het. Samuel is dus ten volle daarvan oortuig dat die HERE aan sy kant staan. Hy roep die HERE aan, en die HERE het inderdaad op daardie dag donderslae en reën gegee, sodat die hele volk baie bevrees geword het vir die HERE en vir Samuel en erken het dat hulle by al hulle sondes ook nog kwaad gedoen het deur 'n koning te begeer.

Ook God keur die begeerte na 'n koning dus af!

Tog gee God die koning, omdat Hy self weet dat Sy volk nie sonder 'n Middelaar-Koning kan regkom nie (§ 189). Maar uit die verhoring van die gebed van Samuel, uit die donderstorm,

wat die volk nie vernietig het nie, maar onder die indruk van Sy majesteitlike toorn gebring het, blyk dat God dit tot die sondigheid van Sy volk reken dat hulle 'n Middelaar nodig het!

Hoe diep moet ons skuldig voel voor die heilige God, wat tog **in** ware, eindelose genade die Middelaar gee!

## Koning Saul

### § 193 Stryd met Nahas (lSam. 11)

Toe Saul tot Koning gesalf is, het Samuel vir hom gesê: Doen wat jou hand vind om te doen, want God is met Jou (10:7). Spoedig het die hand van Saul iets gevind om te doen! Nahas, die Ammoniet, het opgetrek en Jabes in Gilead beleër. Jefta het miskien 'n eeu tevore die Ammoniete verslaan en verneder, maar nou het hulle daardie neerlaag blykbaar weer *te bowe gekom. Die* half nomadiese Ammoniete probeer weer 'n inval in 'n meer welvarende gebied. Terwyl die Filistyne Israel wes van die Jordaan lastig val, doen die Ammoniete dit in die oos-Jordaanse gebied. Dit is Jabes wat dit nou moet ontgeld, dieselfde stad wat een keer deur sy eie volksgenote geteister is en vierhonderd van sy dogters moes lewer *om* die Benjaminiete aan vroue te help (Rigt. 21). Daardeur was daar baie bande van bloedverwantskap tussen die inwoners van Jabes en die stam van Benjamin.

In hulle nood maak die inwoners van Jabes aan Nahas die voorstel om 'n verbond *met hom te* sluit. Dit sou prakties neerkom op 'n afgedwonge vredesverdrag, waarby Nahas die voorwaardes kon stel. Tog wil die manne van Jabes die voorwaardes verneem. Miskien kan hulle daarmee verdere beleëring en moontlike verwoesting van die stad afkoop. Die voorwaardes van Nahas is egter veranderend en onmenslik wreed: Hy wil almal se regteroog uitsteek en dit as 'n skande op die hele Israel lê! Dit is in wese 'n uitdaging vir die hele Israel, en die manne van Jabes stuur daarom boodskappers na Israel om hulp. Hulle kom ook in Gibea van Saul, waar Saul met die beeste in die veld was. Hy het weer gewoonweg sy ou werk op die plaas van sy vader verrig. Die mense van Gibea begin ween as hulle hoor wat die boodskappers sê, maar Saul reageer anders! Die Gees van God het oor hom vaardig geword, en hy het baie kwaad geword. Hy het 'n paar beeste stukkend gesny (Rigt. 19:29) en met boodskappers die stukke deur die hele gebied van Israel laat rondstuur met die woorde: Wie nie agter Saul en agter Samuel aan uittrek nie - so sal met sy beeste gedoen word. Hierdie dreigement maak indruk op die Israeliete, en hulle het soos een man uitgetrek. Die boodskappers van Jabes moet teruggaan om te sê: Môre as die son op sy warmste is, sal julle hulp kry. Saul is van plan om gedurende die nag oor die Jordaan te trek; daarna sal die opmars na Jabes nog tot die middag duur.

Die volgende môre, dus reeds oorkant die Jordaan, stel Saul sy manskappe in drie afdelings op. Dit is 'n dikwels toegepaste krygstaktiek (Job 1:17) met die bedoeling om van verskillende kante af (Gen. 14:15) tegelykertyd op die vyand toe te sak. Reeds vroeg bereik hulle die laer van die Ammoniete: met die môrewag, d.i. tydens die laaste nagwaak. Die lis slaag. Die Ammoniete word verslaan en verstrooi; nie twee het bymekaar gebly nie.

Jabes is bevry.

Israel is gevrywaar van die skande wat Nahas op hulle wou lê.

Nou het Saul getoon dat hy koning is. Die manskappe wil die deugniete wat Saul in Mispa geminag het, met die dood straf, maar Saul laat dit nie toe nie. Hy sê dat die HERE 'n verlossing vir Israel bewerk het en dat niemand op so 'n dag tereggestel mag word nie. Dit getuig van edelmoedigheid en vroomheid. Skoon en sterk ontluik die jong koning uit die skroom van sy jeug. Hy het die hart van sy volk verower. Ook Samuel is weer geesdriftig en

roep die volk op na Gilgal, naby Sigem. Hy wil die koningskap vernuwe; die feit dat Saul koning is, moet opnuut gevier word. Deur die lotsbestemming in Mispa het Saul wel koning geword, maar daar het min verander. Elkeen het na sy huis gegaan, Saul self ook. Was Israel nou regtig 'n koninkryk? Maar nou het die jong koning ook as koning opgetree en gehandel. Daarom gaan die volk dan na Gilgal om Saul nou as koning te huldig. Hulle het by Gilgal 'n godsdienstige fees gehou met dankoffers of, soos hierdie offers ook genoem kan word, vredeoffers. Dit is offers waaraan gasmaaltye verbonde is. Die feesvierendes word beskou as gaste van God, wat van dieselfde diere kry deur verbranding op die altaar. Dit is feestelike offers. By Gilgal is Saul met vreugde en geesdrif koning gemaak. Hy en sy manne was daar uitermate vrolik.

### § 194 Stryd met die Filistyne (1 Sam. 13 en 14)

Saul het vir hom drieduisend man uit Israel uitgesoek. As gevolg van die tog na Jabes het hy genoeg manskappe bymekaar gehad en ook leer ken om 'n goeie keuse te kan maak. Van die drieduisend man het Saul tweeduisend by hom gehou by Migmas en op die gebergte van Bet-el. Migmas was geleë op die pad waarlangs leërs dikwels getrek het (Jes. 10:28). Daar verwag Saul blykbaar die opmars van die Filistyne, en met reg. Die Filistyne het natuurlik van die oorwinningstog van die Israeliete na Jabes en van die nuwe koning verneem. In hulle oë is daar 'n verontrustende oplewing in Israel.

Die orige duisend man was by Jonatan in Gibea om die familieplaas, nou koninklike domein, te beskerm.

Dit is hier (13:2) die eerste keer dat Jonatan genoem word; uit v. 22 blyk dat hy die seun van Saul is. Ons het by die voorafgaande beskrywing van die salwing van Saul tot koning die indruk gekry dat hy nog jonk was. Tog het hy blykbaar reeds 'n seun gehad wat nou, enkele jare later, reeds in staat is om die bevel te voer. Die aanduiding "jongman" uit 9:2 sluit blykbaar nie uit dat hy reeds 'n seun gehad het nie.

Dis Jonatan wat in die statiese situasie van oorheersing deur die Filistyne beweging bring deur sy aanval op die wagpos in Geba (= Gibea), dieselfde wagpos waar Saul 'n paar jaar tevore die profete ontmoet het. Saul het die oorwinning van sy seun laat rondbasuin; toe kom die manskappe uit Israel ook op na Gilgal. Maar ook die Filistyne het bymekaargekom om teen Israel te veg. Hulle het drieduisend strydwaens gehad en sesduisend perderuiters. Onder die laaste moet ons wel die bemanning van die strydwaens verstaan, naamlik op elke wa twee man - 'n wa-menner en 'n vegsoldaat. Waarskynlik is daar ook slag gelewer, ten nadele van Israel, want die Filistyne slaan nou laer op by Migmas, waar Saul eers was. Die Israeliete kom in die nood en vlug en kruip weg in die spelonke en in die doringbosse en in die rotse en in die grotte en in die kuile. Filistynse roofkommando's het die land in verskillende rigtings binnegeval. Israel het hierteen maar min verweer gehad. Dit is die tyd dat yster in gebruik kom, maar die Filistyne het daarvan die monopolie gehad; met landbougereedskappe moes die Israeliete na die Filistyne gaan, want daar was geen smid in die hele land Israel te vinde nie; en wapens - daar was geen sprake van nie; alleen Saul en sy seun Jonatan het ysterwapens, swaard of spies gehad.

'n Duidelike beeld van die situasie kry ons nie uit hoofstuk 13 nie. Ons het al opgemerk dat Saul waarskynlik van Migmas na Gilgal moes vlug. Die aanval van Jonatan op die wagpos van 13:3 is wel dieselfde as dié wat in 14:1 e.v. breedvoeriger verhaal word; maar dan gebeur dit terwyl Saul onder die granaatboom op die grens van Gibea sit. Tog was Saul gedurende die stryd ook by Gilgal. Daar het sy posisie besonder moeilik geword; die manskappe het van hom af verstrooid geraak. Juis in die posisie wat in militêre opsig haglik is, kom Saul nou te staan voor 'n beslissing wat, uit teokratiese oogpunt gesien, belangrik is.

### § 195 Saul se koningskap in die krisis (1 Sam. 13:8-15)

Die koningskap in Israel is deur God bedoel as 'n teokratiese koningskap, d.w.s. God is en bly self koning oor Sy erfdeel, ook al kan die volk, soos die geskiedenis in die rigtertyd bewys het, nie reëlreg onder God staan nie en al moet hulle 'n "middelaar-koning" hê (kyk § 189). Die koning oor Israel is dus nie 'n Oosterse despoot wat volgens willekeur kan handel nie, maar hy is aan die wil van sy God verbonde. Die wil word deur profete aan hom meegedeel. Daarom is daar ook dwarsdeur die geskiedenis van die konings steeds profete rondom hulle wat, gevraag of ongevraag, gewild of ongewild, die woord van God aan hulle oorbring. As Saul so 'n teokratiese koning wil wees, is sy koningskap vir goed bevestig.

Dit word nou beproef!

In die benarde posisie by Gilgal het Saul sewe dae lank gewag, tot die tyd wat Samuel bepaal het. Ons sal hier moet dink aan die bevel wat in 10:8 vermeld word. Die bevel staan daar in die verhaal van die salwing, maar lyk na die vrye mandaat wat Saul in v. 7 kry 'n bietjie snaaks; dit pas beter in die noodtoestand van hoofstuk 13 waar dit trouens ook 'n onmisbare bestanddeel van die verhaal is.

Saul wag. Hy is gehoorsaam aan die profetiese woord. Maar Samuel kom nie. Tog moet Saul van hom verneem wat hy moet doen. Sy koms en boodskap is baie belangrik, maar die vyande dring op en die leër van Saul versmelt tot seshonderd man! Wat moet Saul doen? Samuel sou die brandoffers offer en die dankoffers slag en by die plegtigheid bekend maak wat Saul moes doen. Die offerdiere staan gereed, reeds sewe dae. Op die allerlaaste moment kan Saul nie langer wag nie. Hy sê: Bring die offerdiere na my! Toe het hy die brandoffer geoffer - asof dit sou help sonder die profetiese opdrag aangaande wat in die noodsituasie gedoen moes word. Toe hy net gereed was om die brandoffer te bring, kom Samuel meteens daar aan! Daaruit blyk dat Saul tog nie lank genoeg gewag het nie. Dat Samuel so laat - nie té laat nie - gekom het, was 'n beproewing: Saul is op die proef gestel of hy die profetiese opdrag wou afwag. Wat die profeet sê, kom ten slotte van God af, en daarna moes Saul luister.

Saul het hier voor 'n proefgebod gestaan, en hy het gefaal. Die situasie lyk baie na dié van Genesis 3.

Streng en moeilik was die toets! Dit het ook om 'n ernstige saak gegaan. As sondige mense wil ons graag die optrede van Saul vergoelik. Maar die saak is dat Saul ongehoorsaam was! Vir Oosterse besef is dit teenstrydige begrippe: koning wees en gehoorsaam wees. 'n Koning het mos alle mag? Maar vir 'n teokratiese koning is dit nie teenstrydig nie. Juis die suiwere aard van sy koningskap kom tot uiting in sy gehoorsaamheid aan God, die eintlike Koning.

As Samuel daar aankom, gaan Saul hom tegemoet om hom te groet; maar die begroeting is nie wederkerig nie. Samuel vra dadelik: Wat het jy gedoen? Dis 'n vraag vol afkeuring. Saul voel dit en maak verontskuldigings: die manskappe het verstrooid geraak; die profeet het nie op die afgesproke tyd gekom nie; die Filistyne sou aangeval het voordat Saul die aangesig van die HERE om genade kon smeek; daarom - sê Saul - *het ek my sterk gehou* en die brandoffer gebring. Hy wou dus kragdadig optree; langer wag het vir hom na swakheid gelyk.

Samuel gaan nie daarop in nie. Hard klink sy oordeel: Jy het dwaas gehandel, jy het die gebod van die HERE jou God nie gehou nie; want anders sou die HERE jou koningskap oor Israel vir goed bevestig het, maar nou sal jou koningskap nie bestaan nie. Die HERE het vir Hom 'n man na Sy hart gesoek; en die HERE het hom as vors oor Sy volk aangestel, omdat jy nie gedoen het wat die HERE jou beveel het nie.

Saul se koningskap het dus op die spel gestaan. Dit moes hy besef het.

Samuel gaan dadelik ná sy harde oordeelvelling weg. Daar staan Saul. In sy ore dreun die woorde van die ou profeet: sy koningskap sal nie bestaan nie. 'n Ander een wat in sy plek sal kom, is in die raadslag van God reeds aangestel. Voor Saul se verskrikte blik doem reeds 'n onbekende gestalte op: die ander een wat na God se hart is.

Wat 'n sombere gebeurtenis vind hier plaas op dieselfde plek waar Saul en sy manne kort tevore uitermate vrolik was (11:15).

Wat moet Saul maak? Hy vat sy taak maar weer op en monster sy manne; daar is nog seshonderd oor, maar 'n bevel wat om te doen, het hy nie gekry nie. Pas hier nie vir hom berou nie? Of sal hy volhou om *hom sterk te hou?* - Ons sal sien.

## § 196 Jonatan (1 Sam. 14)

In die gebeurtenisse wat nou onmiddellik hierop volg, is nie Saul nie maar sy seun Jonatan die hoofpersoon in wie se skaduwee die koning terugtree. Wel is Jonatan nie "die ander een" wat God verkies het nie, want die hele huis van Saul word verwerp. Tog gee God nog eer aan die huis van Saul in die edele gestalte van hierdie vroom held. In vertroue op die HERE het hy 'n stoutmoedige aanval op die Filistynse wagpos gemaak; tussen spitse rotse (Boses en Sene) dring hy in die wagpos deur. Twintig van die aanvanklik spottende Filistyne word deur Jonatan van die rotse gesleur en deur sy wapendraer van kant gemaak. Toe kom daar paniek onder die Filistyne. Die spioene berig Saul wat gebeur het. Saul laat sy manskappe monster. Dan blyk dat Jonatan en sy manskappe nie daar is nie. Saul laat toe die ark haal, maar gee dadelik daarna weer 'n teenbevel. Verrassende gebeurtenisse volg mekaar snel op. Die Filistyne vlug, die swaard van die een was teen die ander. Die manne van Israel wat op die gebergte weggekruip het, kom weer te voorskyn. Hebreërs in Filistynse krygsdiens sluit hulle by Israel aan. Almal agtervolg nou die vlugtende vyand. Die HERE het Israel dié dag verlos. Die HERE! Nie Saul nie! Die HERE gaan voort met Sy oorlogswerk. Dat Saul verwerp is, doen daaraan niks af nie.

Tog meen Saul dat hy iets moet doen. Hy wil hom weer sterk hou (13:12). Hy besweer die manskappe en sê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek. Daarom het al die manskappe aan niks geproe nie.

Jonatan het die beswering nie gehoor nie. Toe die manskappe in die bos kom, was daar oorvloed heuning, maar uit vrees vir die eed van die koning het niemand daaraan geproe nie. Jonatan het egter die punt van sy staf in 'n heuningkoek gedoop en geëet; toe het sy oë helder geword. Daarop spreek een van die manskappe hom aan en vertel hom van die eed van sy vader. Hy doen dit afkeurend, want hy voeg daarby: Daarom is die volk afgemat. Jonatan het dieselfde kritiek op sy vader en spreek hom veel skerper uit; hy sê: My vader stort die land in die ongeluk. Ons kry die indruk dat Saul en Jonatan nie om dieselfde vuur gesit het nie!

Inmiddels het dit aand geword. Die vervloeking het tot die aand gegeld, en daarom val die manskappe nou op die buit aan; hulle slag beeste en skape en eet dit rou met bloed en al. Dit was teen die wil van die HERE (Gen. 9:4). Saul stel die fout reg en bring orde in die onbeskaafde en God-onterende gedrag van sy manskappe.

Daarna wil Saul 'n nagtelike vervolging van die vyande onderneem, maar die manskappe is nie geesdriftig oor hierdie plan nie. Hul woorde: "Doen alles wat goed is in u oë", getuig meer van berusting in sy plan as van geesdrif vir sy onbesuisde voortvarendheid. Nou was daar ook 'n priester by Saul, naamlik Ahia, 'n agterkleinseun van Eli; hy gee die raad om God te vra. Toe het Saul God geraadpleeg: Sal ek aftrek agter die Filistyne aan? Dit was seker met die Urim en Tummim dat die priester, wat die skouerkleed gedra het (14:3), God gevra het. Maar die HERE het hom dié dag nie geantwoord nie. Saul lei hieruit af dat daar 'n sonde

plaasgevind het en verklaar by voorbaat dat die sondaar gedood moet word, al is dit ook sy seun Jonatan.

Niemand antwoord nie. Ongetwyfeld was daar onder die manskappe sommige wat geweet het wat Jonatan gedoen het. Tot die swyende menigte sê Saul: Julle moet eenkant staan en ek en my seun Jonatan sal eenkant staan. Weer klink die ysige antwoord: Doen wat goed is in u oë. Hulle weet wat sal gebeur! Toe sê Saul aan die HERE: God van Israel, gee tog die waarheid. Daarna is die lot gewerp. Saul en Jonatan is aangewys, die manskappe het vry uitgegaan. Nou word die lot gewerp tussen Saul en Jonatan, en Jonatan is aangewys.

Jonatan erken wat hy gedoen het: net 'n bietjie heuning geproe. Erg is dit nie vir hom nie, maar as die rigorisme van sy vader dit eis, sal hy sterwe!

Sy vader eis dit inderdaad, en met 'n eed! Hy moet hom tog weer sterk hou! Maar die manskappe kom in verset: Moet Jonatan sterwe, wat - met God - hierdie groot verlossing in Israel bewerk het? Volstrek nie! So waar as die HERE leef, geen haar van sy hoof sal op die aarde val nie!

So het die volk Jonatan dan losgekoop. Losgekoop! Die eed van Saul kon nie somaar genegeer word nie. Die lossing van Jonatan het ongetwyfeld plaasgevind deur 'n offerdier te slag of deur 'n krygsgevangene te dood. Hiermee eindig hierdie gespanne nagtelike tafereel. Van verdere vervolging van die vyand word afgesien.

Dit was vir Israel 'n dag van verlossing deur die HERE. Vir Saul was dit egter 'n donker dag. Die volk het Jonatan geëer en hom verlos uit die rigorisme van sy vader. Die verhouding tussen vader en seun kon deur hierdie gebeurtenis nie verbeter word nie, en by die volk het Saul deur sy optrede geen liefde of hulde gewin nie. Die dag was Jonatan s'n en nie Saul s'n nie. Dit was sy eerste ervaring ná die aankondiging dat hy sy koningskap verspeel het. Sy gemoed moes dit verwerk.

## § 197 Gibea

Opgrawings drie myl noord van Jerusalem, in die stamgebied van Benjamin, het die fondamente van die vesting van Saul in Gibea blootgelê. Die naam Gibea beteken "heuwel". Op die top van die heuwel is die reste van 'n fort of burg gevind en daar kon vasgestel word dat die bouwerk omstreeks 1200 v.C. - dus in die Israelitiese tyd - opgerig is, dat dit spoedig daarna verwoes is, maar ook weer, ruimer en groter opgebou is. Die verwoesting sal dieselfde wees wat in Rigt. 20 vermeld word. Die ruimere gebou is die huis van Kis wat deur Saul versterk is en sy residensie geword het. Dit was meer vesting as paleis: 'n reghoekige gebou van ongeveer 60 by 40 voet met vier forse hoektorings. Die voorwerpe uit die tyd van Saul wat in die ruïne gevind is, getuig van sy eenvoudige leefwyse: wapens (die meeste nog van brons), landbougereedskap (o.a. 'n ploegskaar van yster) en huishoudelike erdewerk. Hoewel hy koning was, het Saul eenvoudig gelewe; hy was bo alles soldaat; sy lewe het hy in oorlog geslyt (14:47-50). As die reg van die koningskap wat Samuel aan die volk afgekondig het, soos vermoed kan word, gebaseer was op die koningswet van Deut. 17:14-20, dan het Saul hom aan belangrike punte daarvan gehou. Van opeenhoping van baie goud en silwer verneem ons by hom niks nie; 'n harem het hy nie gehad nie - net een vrou, Ahinoam, en een byvrou, Rispa (14:50; 2 Sam. 3:7). Die opgrawings getuig verder dat hierdie burg verwoes is, miskien ná die dodelike neerlaag van Saul op Gilboa. In die latere geskiedenis het Gibea partykeer weer enige betekenis as vesting gehad. Koning Asa het dit weer opgebou (1 Kon. 15:22). Die Makkabeërs het die plek as grensvesting teen die Siriërs gebruik.

## § 198 Stryd teen Amalek (1 Sam. 15)

Samuel gee Saul opdrag om Amalek uit te roei. By Amalek was daar 'n diep gewortelde haat teen Israel, 'n haat met 'n geestelike agtergrond (kyk § 97). Die oorlog van Saul teen Amalek was nie 'n strooptog nie, maar 'n wraakneming van die kant van die HERE op die haat van Amalek teen Sy erfvolk; dit was 'n heilige oorlog (Ex. 17:16), en die wraak bestaan in die banvloek. So 'n banvloek word voltrek deur alles en almal dood te maak: manne, vroue,

kinders, diere - alles word aan die vernietiging gewy; die HERE eis alles op.

Saul het die opdrag gaan vervul. Hy het na Amalek getrek, hulle verslaan en agtervolg tot ver in westelike rigting; hy het die hele volk deur die skerpte van die swaard met die banvloek getref. Dit beteken intussen nie dat daar nie een Amalekiet oorgebly het nie. Enkele jare later het Amalekiete Siklag verwoes (1 Sam. 30). Die strafekspedisie van Saul het 'n bepaalde deel van Amalek getref; ook het daar altyd vlugtelinge ontkom. 'n Ander saak is egter dat Saul sy opdrag opsetlik nie volkome vervul het nie. Hy en sy manskappe het die beste, selfs die naasbeste, vee gespaar en as buit weggevoer; ook die koning, Agag, het hulle lewendig in die hande gekry en gespaar. Dit was 'n groot oortreding! Hebsug en eersug het hulle verlei, want om 'n gevange koning saam te kan neem huis toe, is 'n roemryke saak.

Terwyl Saul op die terugtog is, spreek die HERE tot Samuel en deel hom mee wat gebeur het: Ek het berou gekry dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My afvallig geword en My woorde nie uitgevoer nie.

God het berou gekry! (§ 31). Dis iets anders as wanneer 'n mens berou kry. By ware berou het 'n mens ook skuldbesef. Daarvan is by God geen sprake nie. Die berou van God is 'n reaksie op die sonde van mense. 'n Ander reaksie is toorn. Dit is hier nie uitgesluit nie, maar berou kom daarby; dit is sy droefheid en afkeer van die sonde, veral as daar 'n besondere verhouding tussen Hom en die sondaar bestaan en dit is hier by Saul die geval.

Ná die mededeling van die HERE was Samuel baie verontwaardig oor Saul. Hy het die hele nag deur die HERE aangeroep; hy was gedurig in sy gedagtes besig met die afvalligheid en ongehoorsaamheid van Saul en het die oortreding gesien in die lig van God se bedoeling met die koningskap. Vroeg staan hy op. Hy wil na Saul toe. Hy dink dat hy hom in Karmel, 'n plek ver ten suide van Hebron, sal kry, maar Saul is daar reeds weg. Hy het daar 'n gedenkteken opgerig! Self was hy blykbaar tevrede met sy verrigtinge. Uit roemsug het hy die gedenkteken opgerig, maar in werklikheid was dit die gedenkteken van sy afval en ondergang. Samuel reis agterna en ontmoet hom by Gilgal, dieselfde plek waar al so baie afgespeel het. By hierdie ontmoeting sien ons Saul in sy volle swakheid. Met luidrugtige groet tree hy Samuel tegemoet: Mag u geseënd wees deur die HERE; ek het die woord van die HERE uitgevoer. Maar die gebulk van beeste en die geblêr van skape verraai hom. Samuel hoor dit en vra wat dit is. Die antwoord van Saul is vol draaie. Vir sover daar verkeerd gehandel is, spreek hy van "hulle", en vir sover daar goed gehandel is, betrek hy homself daarby en sê hy: Die ander het *ons* met die banvloek getref. Samuel vererg hom oor die onwaaragtige antwoord. "Hou op," sê hy, "dat ek jou kan meedeel wat die HERE vannag met my gespreek het."

Saul sê: Spreek! Dit lyk asof hy hom weer sterk wil hou.

Samuel wys hom op sy verhoging uit nederige staat tot die koningskap en op die opdrag wat God hom gegee het; daarna op sy ernstige versuim: hy het op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE. Op hierdie ernstige verwyte antwoord Saul nie met erkenning van skuld nie; inteendeel, hy sê dat hy gedoen het wat die HERE gesê het en Agag gebring het maar die Amalekiete met die banvloek getref het. Inderdaad, hy het Agag *gebring:* as krygstrofee, tot sy eie roem; en wat die beeste betref - dit het die manskappe gedoen, maar met goeie bedoelinge, naamlik om hulle te offer aan "die HERE, U God", sê Saul. God is Samuel se God! Nie langer van homself nie?

Samuel antwoord dat die HERE hom nie met offerandes laat paai nie. Gehoorsaamheid is beter as slagoffers en om te luister, beter as die vet van ramme. Hoe ernstig die oortreding van Saul is, toon Samuel aan met die woorde: Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. In die eerste plek word die sonde van Saul met

hierdie woorde by sy naam genoem: wederstrewigheid en eiesinnigheid. In die tweede plek dui Samuel aan in watter opsig hierdie sonde wetsoortreding, oortreding van die Tien Gebooie, is. Deur hierdie sonde gelyk te stel aan waarsêery, afgodery en beeldediens rangskik hy dit onder die eerste en tweede gebod. Die bedoeling van Samuel is dat hy wat teen die bevel van God wederstrewig is, nie God nie, maar homself dien; dat hy wat eiewillig is, God verwerp en afgodery bedryf met sy eie persoon en wil. Dit help nie om God te probeer bevredig met vormlike kultusdiens, met offers nie. Samuel verklaar hiermee nie dat offerdiens waardeloos is nie, maar dat die offerdiens uit 'n gehoorsame hart moet voortkom. By monde van Hosea (6:6) het God later Sy volk ook daarop gewys, maar reeds in die vroeë tyd van die begin van die koningskap het Samuel dit ook reeds geweet en gepraat van die juiste godsdienstige houding van die hart jeens God in teenstelling met uitwendige vorme. Samuel maak hier die oë oop vir die wese van die religie.

Ná hierdie woorde van Samuel erken Saul dat hy gesondig het. Hy sê: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van die HERE en U woorde oortree het. Hy voeg daaraan 'n verklaring van sy sondeval toe: Ek was bevrees vir die manskappe. Hiermee onthul Saul self een van sy karaktertrekke: gebrek aan selfstandigheid, aan moed - nie aan krygsmoed nie, maar aan sedelike moed, aan selfstandigheid van karakter; hy is bevrees vir ander mense en hulle invloed. Die Skrif gee geen karakterbeskrywings nie, maar vertel dikwels wel soveel van iemand se dade en woorde dat ons sy karakter daaruit kan aflees. Die verhaal het reeds gespreek van Saul se eiewilligheid en wederstrewigheid; ons het reeds gehoor van sy onbuigsaamheid en rigorisme, naamlik toe Jonatan die heuning geproe het, maar ook toe het Saul geswig voor die drang van die manskappe. Nou erken hy self dat hy bevrees vir hulle was. Onbuigsaamheid en onselfstandigheid lyk na teenstellinge, maar kan tog saamgaan - die eerste as gewilde korreksie van die ander: die swakke wil hom sterk hou. Sy swakheid blyk egter onder die druk van die manskappe. In plaas van te sê: Maak dood die beeste! het Saul toegegee en die bevel van die HERE oortree.

Saul vra nou om vergewing: Vergeef dan nou tog my sonde en kom met my saam terug, dat ek die HERE kan aanbid. Sy vonnis bly egter onveranderd: Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. Saul ontvang selfs nie 'n toesegging dat hy vergewing ontvang nie. Die oorsaak daarvan lê in die oppervlakkigheid van sy versoek om vergewing; hy voeg daar onmiddellik aan toe: Gaan saam met my, dat ek die HERE kan aanbid. Sy begeerte na eer-herstel is sterker as dié na sondevergewing; hy sê: Eer my tog nou voor die oudstes van my volk en voor Israel, en kom saam met my terug, dat ek die HERE u God kan aanbid. Die aanbidding het op die program van verrigtinge gestaan. Saul heg daaraan groot waarde. Sy ywer vir kultus en ritus het ons al vroeër opgemerk. Dis 'n formalistiese trek wat maklik in rigorisme kan ontaard. Nou wil Saul dat alles gewoonweg deurgaan. Hy is verwerp, maar laat die volk dit tog nie merk nie!

As Samuel weier, gryp Saul hom aan die mantel, die deftige oorkleed van dun stof wat maklik skeur. Dit skeur inderdaad! Oombliklik sien Samuel daarin 'n simbool en sê: Vandag het die HERE die koningskap oor Israel van jou afgeskeur en dit aan jou naaste gegee wat beter is as jy. Samuel gaan ten slotte saam. Maar dat Agag nog lewe, kan hy nie verdra nie. Hy beveel dat Agag voor hom gebring moet word. Soldate bring hom nader. Hy dra nie meer wapens nie, veeleer boeie. Hy weet wat hom te wagte staan, maar opgeruimd stap hy nader en sê: Waarlik, die bitterheid van die dood het gewyk!

Baie mense het dapper gesterf; die geskiedenis bied daar voorbeelde van. Die een doen dit in trou aan die vaderland; 'n ander een uit bereidheid om hom vir 'n ideaal te offer; 'n ander een weer uit geloofsoortuiging. Met Agag was die geval anders: hy het nie dapper gesterf nie, maar brutaal! Die vrees vir die dood kan ook oorwin word deur beskouinge en gedagtes van

die hart. Alleen deur die geloof kan ons die vrees vir die dood waarlik oorwin. Ook dit is 'n oorwinning wat in die hart behaal moet word deur beskouinge en gedagtes, maar dan nie deur selfbedagte beskouinge nie, dog deur gedagtes wat God ons in Sy Woord gee. In daardie lig kan Hosea uitroep: Dood, waar is jou pestilensie? Doderyk, waar is jou verderf? (13:14) en kan Paulus sê: Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? (1 Kor. 15:55). Die enigste grond waarop 'n mens opgeruimd kan sterwe, is die soendood van Christus. Maar 'n mens kan ook probeer om deur eie beskouinge die doodsangste te oorwin. In hierdie kuns het Agag dit ver gebring. Hy spreek woorde wat net soos dié van Hosea en Paulus klink, maar hy is die vyand van God by uitstek! By hom is dit inbeelding en waan.

Samuel, die profeet van die HERE, het hom in stukke gekap voor die aangesig van die HERE in Gilgal. Dit is geen wreedheid nie; dit is sy ywer om sy God te wreek. Hy doen dit "voor die aangesig van die HERE", d.w.s. *in heilige diens.* Samuel sien in die opgeruimdheid van Agag 'n duiwelse gryns; hy hoor in sy woorde demoniese grootspraak. Dis die ou gedagte van nie vir God wil onderdoen nie, maar Hom gelyk wees. Samuel sien die teëstellinge waarvoor Saul se oë gesluit was. Dis 'n beskuldiging vir Saul dat Samuel Agag *moes* teregstel.

Hiermee is ook hierdie Gilgal-periode afgesluit.

Die koningskap oor Israel is deur die HERE van Saul afgeskeur.

Elkeen gaan na sy huis: Samuel na Rama, Saul na Gibea. Dis naby mekaar, maar hulle het mekaar nie weer gesien nie.

## Saul en Dawid

### § 199 Dawid tot koning gesalf (1 Sam. 16 :1-13)

Die man na Sy hart wat die HERE ná die verwerping van Saul gekies het, is Dawid. Lank voordat hy Saul opvolg, is hy reeds in die geheim as koning gesalf. Samuel moes dit in opdrag van die HERE doen. Saul het dit nie geweet nie.

Was dit nie 'n steek in Saul se rug nie?

Dit skyn asof Samuel die salwing van iemand anders tydens die koningskap van Saul so aangevoel het, want hy werp teë: Hoe kan ek dit doen? As Saul dit hoor, sal hy my doodmaak.

Hierdie gevaar het inderdaad gedreig, en daarom sê die HERE dat Samuel dit om sy eie veiligheid in die geheim moet doen onder die dekmantel van 'n offermaaltyd in Betlehem, waar die vader van Dawid, Isai, woon. Die HERE sal Samuel dan te kenne gee wie van die seuns van Isai hy moet salf. Die geheimhouding is dus meer ter wille van Samuel as ter wille daarvan dat God self iets in die geheim gaan doen. Die HERE is reg in al Sy weë en werke (Ps. 145). Hy het Saul verwerp. Twee keer het Hy Saul op die proef gestel; twee keer het hy gefaal. Die eerste keer moet Samuel sê: Jou koningskap sal nie bestaan nie. 'n Koningskap soos Saul dit uitoefen, is nie na die wil van God nie. God wil dat dit anders waargeneem word, naamlik teokraties. Die tweede keer moet Samuel sê: Die HERE het jou as koning verwerp. Altwee kere is daarby gesê dat die HERE die koningskap aan iemand anders sal gee wat beter is as hy. Saul weet dus dat hy verwerp is, dat iemand anders gekies is; al wat hy nie weet nie, is wie die ander een is. God is nie verplig om dit vir hom te sê nie. Hy sal dit gaandeweg verneem op sy goddelose weg van afval van die HERE - 'n weg van baie sielskwelling, waarin hy die straf oor sy ongehoorsaamheid ondervind. In Saul sien ons: die goddelose het baie smarte (Ps. 32: 10). Om misplaaste medelye soos selfs Samuel dit gehad het, af te sny, sê God dat oor Saul, die verworpene, nie getreur mag word nie.

In Betlehem stel Isai sewe seuns aan Samuel voor, maar nie een van hulle word deur die HERE verkies nie, wat hulle voorkoms of gestalte ook al mag wees. Vir Samuel was dit eienaardig, maar die HERE sê dat Hy die hart aansien; Hy sê dit so duidelik in Samuel se hart (profetiese inspraak) dat hy Isai vra: Is dit al die seuns? Isai antwoord: Die kleinste is nog oor, en kyk, hy pas skape op. Toe sê Samuel: Stuur en laat hom haal, want ons mag nie om die tafel gaan sit voordat hy hier kom nie: Isai laat Dawid toe haal. Hy was nog jonk maar het reeds 'n mooi voorkoms gehad; hy was rooierig (net soos Esau, Gen. 25:25) - dis 'n aanduiding van sy gesonde gelaatskleur; in die besonder word vermeld dat hy mooi oë het. As hy inkom, sê die HERE aan Samuel, weer deur inspraak in die hart: Salf hom, want dit is hy. Samuel neem toe die horing met olie en salf Dawid te midde van sy broers. Hulle was dus getuies van die heimlike salwing. Die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. Van Saul lees ons by sy salwing dat God sy hart verander het (1 Sam. 10:9) en dat die Gees van God net by bepaalde geleenthede oor hom vaardig geword het (10:6; 11:6). By Dawid het die Gees van die HERE gedurig ingewoon.

### § 200 Die gemoedstoestand van Saul (1 Sam. 16 :14-23)

Saul het ná die salwing van Dawid nog baie jare geregeer. Dawid het op sy salwing nie gereageer soos Jehu nie, wat in sy salwing 'n aanleiding gesien het om die troon met militêre geweld te bemagtig (§ 333). Dawid het geduldig gewag tot God die weg tot die troon vir hom gebaan het.

Saul het baie oorloë gevoer en hom dapper gedra. Hy het die node van sy volk verlig en aan Israel selfs 'n sekere welstand verleen (1 Kon. 1:24). Tog was hy nie gelukkig nie. Altyd het hy die gedagte in hom omgedra dat hy verworpe was; dat God 'n ander verkies het wat beter as hy was. Miskien het hy dit in die krygsrumoer vergeet en voldoening gevind in die bloed van sy vyande, maar in die ruspouses dreun dieselfde woorde van Samuel altyd maar weer in sy ore.

Saul het blykbaar daarvan gehou om onder 'n boom te sit: onder die granaatboom by Migron, onder die tamarisk op die hoogte by Gibea. Hy sit dan by voorkeur met sy spies in sy band terwyl sy manskappe rondom hom staan. Sy stemming is ontevrede, bitter, grimmig; sy vuiste is krampagtig om sy spies geklem- Hy het geen innerlike vrede nie; "verworpe" - dit is die skrikbeeld wat altyd terugkeer. Nooit lees ons egter dat Saul vra: Wat is my skuld in hierdie dinge nie? Altyd probeer hy die kop hoog hou en homself handhaaf in verset teen die gang van sake. Hy het hom nooit verootmoedig nie, en dis die kenmerk van verharding. Net spyt het aan sy siel geknaag. Hy word agterdogtig, siek van gees. 'n Gevoel van magteloosheid breek sy geeskrag, maar in woedebuie wil hy toon dat hy tog iets is. Tussen die woedebuie in sit hy in droefgeestigheid en melancholie. Die gemoedstoestand van Saul kan wel verklaar word uit sy omstandighede wat hom geesteskrank gemaak het, maar 'n gelowige kan hom, deur sy God te soek, uit sulke moeilikhede wel omhoog worstel. Maar dit is nou juis by Saul nie die geval nie. Hy het die HERE verlaat, en die HERE het hom verlaat. Wie God verlaat, moet smart op smart vrees. Die diepste oorsaak van die gemoedstoestand van Saul is die bose gees wat die HERE gestuur het en wat hom verskrik. Hiermee straf God die verworpe koning. Daar was iets demonies in Saul. Daar was werklik 'n gees, 'n bose gees wat in die siel van Saul geheers het.

'n Rasionalistiese lewens- en wêreldbeskouing het lank die bestaan van bose geeste ontken, maar vandag begin demonisme weer erkenning kry, word weer erken dat daar geeste, ook bose geeste, is. Hoe sterk het hulle nie in die dae van Jesus opgetree nie, en Paulus sê dat ons worstelstryd vandag nog gaan teen die bose geeste in die lug.

Die dienaars van Saul bemerk wel watter afwykinge daar in die gedrag van hulle koning is;

hy kyk wild as sy hande die spies omklem: die lamp van die liggaam is die oog. Sy dienaars het dan bang geword, maar hulle wag 'n beter geleentheid af en praat dan met hom. Hulle soek genesing vir hom in musiek. Hierdie voorstel val in goeie aarde. Daaruit blyk dat Saul bewus is van sy toestand. Hy erken dat alles met hom nie reg is nie.

Een van die dienaars van Saul ken vir Dawid. Hy beskryf hom as 'n dapper held, 'n krygsman, mooi gebou en wel ter tale; ook kan hy speel. Waarskynlik was Dawid toe reeds deur Samuel as koning gesalf, as die volgorde van die twee dele van hfst. 16 ten minste chronologies is. Die dienaar het van die geheime salwing niks geweet nie; en al sou hy dit geweet het, natuurlik daarvan geswyg het.

Saul laat Dawid haal en Isai is bereid om sy seun te stuur. So kom Dawid by Saul, en wanneer die Gees van God oor Saul kom, neem Dawid die siter en speel met sy hand; dan voel Saul verlig, en die bose gees wyk van hom.

Saul het baie van Dawid gehou; op die duur word Dawid sy wapendraer, sy adjudant. Dawid het guns gevind in die oë van Saul, wat toe nog nie vermoed het dat Dawid die een was wat beter was as hy.

## § 201 Dawid en Goliat (1 Sam. 17:1-18:13)

Die Filistyne was taai vyande. Die groot slag wat deur Jonatan met sy aanval op die wagpos by Gibea aan die gang gesit is, het hulle verloor. Die toestand van Israel was daardeur in der mate verlig dat Saul die veldtog teen Amalek kon onderneem. Langsamerhand het die Filistyne weer herstel en nuwe kragte versamel; hulle val Israel weer aan. Hierdie keer kom hulle uit die suide. Hieruit kan ons aflei dat hulle greep op Israel verswak het. Die vorige keer was hulle in die hartjie van die land Israel, in die stamgebied van Saul self, by Gibea. Nou moes hulle uit hul eie gebied die grens oorsteek om Juda binne te val; dit gebeur tussen Sogo en Aseka, ongeveer vyf uur te voet van Betlehem af. Daar is die dal van die terpentynboom (die teenswoordige naam is wadi es Sant) met berge aan weerskante, en op die hellings daarvan lê die leërs van die Filistyne en van die Israeliete, met die dal tussen hulle. Altwee leërs is slaggereed, maar nie een van die twee verlaat sy veilige posisie om tot die aanval oor te gaan nie. Die Israeliete is te bevrees, en die Filistyne wil die beslissing oorlaat aan 'n "baasvegter". Hy is 'n reus wat elke môre in die dal verskyn en uitroep: Kies vir julle 'n man uit dat hy na my toe afkom. As hy teen my kan veg en my verslaan, moet ons julle slawe wees en julle dien; maar as ek hom oorwin en hom verslaan, moet julle ons slawe wees en ons dien. Aan hierdie uitdaging word krag bygesit deur sy krygshaftige verskyning. Hy is deeglik voorsien van beskermende beskutting: helm, pantser, skeenplate, en swaar bewapen met vervaarlike aanvalswapens: lans en spies. Boonop het sy wapensmid by die vervaardiging van sy wapenrusting gebruik gemaak van die nuutste vinding in daardie tyd; dit was toe die oorgangstyd van brons na yster! Die wapens van die reus Goliat (identiek met die Griekse naam Alyattes?), was van brons, maar die lem van sy spies was van *yster.*

In hoever die woorde van Goliat opreg bedoel is dat die Filistyne, as hy verslaan word, Israel sal dien, is moeilik om te sê, maar die feite wys uit dat die neerlaag van so 'n kampvegter 'n groot psigologiese terugslag by sy volksgenote sou veroorsaak en 'n teenoorgestelde uitwerking op die ander party sou hê. Wanneer so 'n terugslag ná verloop van tyd te bowe gekom is, word aan die af spraak nie meer gedink nie!

Toe Saul en die hele Israel hierdie woorde van die Filistyn hoor, was hulle verskrik en baie bevrees. Saul ook! Maar hy was tog van sy skouers af boontoe langer as die hele volk? Is aan hom nie belowe nie: God is met jou? Saul aanvaar die uitdaging egter nie. Dat God met hom is, is lankal verby. Daar word niks van die Gees van God vaardig oor hom soos vroeër wel

gebeur het nie. Ook niemand anders daag op nie, hoewel Saul groot dinge beloof het aan hom wat die stryd sal waag: hy sal hom oorlaai met groot rykdom, sy dogter aan hom gee, sy familie vrystel van belasting. Maar niemand meld hom aan nie.

Die drie oudste seuns van Isai was ook in die leër. Noudat die stryd alreeds veertig dae gesloer het, stuur hy Dawid na die leër om na die welstand van sy broers te verneem, en as hy in die leër kom, hoor hy juis die uitdaging van Goliat. Hy praat met verskillende soldate oor die woorde van die Filistyn en vra by herhaling wat met die man sal gebeur wat die reus sal verslaan. As die soldate die onverskrokke belangstelling van Dawid opmerk, deel hulle dit aan Saul mee en dié het hom laat haal. Voor hom sê Dawid: U dienaar sal gaan en teen hierdie Filistyn veg. Saul meen dat Dawid dan tog beter bewapen moet wees en stel sy eie klere beskikbaar, maar Dawid kan daarin nie loop nie. Hy het dit ook nie nodig nie, want - so sê hy - die HERE, wat my gered het uit die klou van die leeu en van die beer wat 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn. Dis vir Saul lank vergete klanke. Dit roep in hom gevoelens wakker wat hy vroeër ook wel geken het. Dit klink asof daar 'n sekere beskaming in sy woorde lê as hy sê: Gaan - en mag die HERE met jou wees. Mag jy ondervind wat ek lankal mis.

Dawid soek in die *wadi* (spruitjie) vyf gladde klippe uit. Hiermee nader hy die Filistyn. Daar staan die twee manne in die dal. Van weerskante kyk duisende soldate, Israeliete en Filistyne. Teenoor mekaar staan 'n man wat God verag en 'n man wat op God vertrou. Dawid getuig daarvan en roep: "Die stryd behoort aan die HERE."

Daar slinger hy 'n klip.

Een is genoeg. In sy voorhoof getref, val die reus bewusteloos teen die grond; dan vat Dawid Goliat se swaard en kap daarmee sy kop af. As die Filistyne dit sien, vlug hulle. Die Israeliete agtervolg hulle en plunder die verlate laer. Tot by Gat en Ekron was die pad besaai met die lyke van Filistyne. So is dan hierdie keer die dreigende gevaar weer afgewend.

Snaaks is in hierdie geskiedenis dat Saul Dawid nie ken nie, terwyl Dawid tog, ook volgens die skrywer van hierdie verhaal (v. 15), by tye aan die hof van Saul was. Maar dit was altyd as Saul buite homself van woede was. Bes moontlik het hy in die vaardige slingeraar sy beminlike siterspeler nie herken nie. Hy stuur Abner, sy leërowerste, om Dawid te gaan haal. As Dawid dan voor Saul staan, het hy die bloederige kop van Goliat' nog in sy hand. Dit is sy oorwinnings-trofee. Later het hy die skedel van die Filistyn in Jerusalem bewaar.

Van die gesprek tussen Saul en Dawid, dadelik ná sy heldedaad, word ons niks meegedeel nie. Ná die gesprek het Dawid in vaste diens by Saul gekom. Oral waar Saul hom gestuur het, was hy voorspoedig, sodat Saul hom oor die krygsmanne aangestel het; en dit was goed in die oë van die hele volk en ook in die oë van die dienaars van Saul. En die seun van die koning, Jonatan, het 'n groot vriend van Dawid geword. So tree die persoon van Dawid al meer op die voorgrond.

### § 202 Die verhouding tussen Saul en Dawid (1 Sam. 10-20)

Die verhouding tussen Saul en Dawid het spoedig versleg. Ná oorwinnings word daar oorwinningsfeeste gevier. Vroue tree dan op met sang en koordanse op die maat van tamboeryne (Ex. 15 :20; Rigt. 11:34). Ook nou het die vroue 'n kort spreuk wat hulle sing:

Saul het *sy* duisende verslaan maar Dawid sy tienduisende!

In hierdie kort lied word die HERE nie genoem nie. Hoe anders was dit toe Mirjam, die profetes, háár oorwinningslied gesing het? Dit was vol lof aan die HERE. Maar profetiese leiding het nou ontbreek; Samuel het hom afsydig gehou. Daar is egter in die oorwinningslied

van die vroue iets anders wat Saul meer hinder as dit: sy eie eer word daarin aangetas; aan Dawid word meer eer gegee as aan hom. Hieroor het hy baie kwaad geword. Hy sê: Hy moet nou nog net die koningskap kry! Dan dreun weer in sy hoof die woorde van Samuel: Iemand anders beter as jy! Is dit miskien Dawid wat gesê het dat die HERE hom uit die hand van die Filistyn sou red? Van dié dag af en verder het Saul die oog op Dawid gehad. Hy begin Dawid nou met ander oë, met bose oë, sien. Reeds die volgende dag kom die uitbarsting. Die bose gees van God kom oor Saul, en hy was rasend binne-in die huis. Dis nodig dat Dawid kom om op die siter te speel, maar hierdie keer kan siterklanke die gees nie verdryf nie. Saul gooi met die spies na Dawid! "Ek wil hom vassteek teen die muur," roep die besete koning uit, maar Dawid het ontwyk. Dit was die einde van die goeie verhouding tussen Saul en Dawid. Die diepste grond daarvan was dat die HERE met Dawid was, maar van Saul gewyk het. *Dit kon* Saul nie verdra nie, *soos* Kain nie *kon* verdra dat God die offer van Abel wel aangeneem het

Saul het Dawid uit sy teenwoordigheid verwyder en hom aangestel as sy owerste oor duisend. Op sy veldtogte was Dawid baie voorspoedig en die volk het met hom gedweep, maar Saul het bang vir hom geword.

Intussen moes die koning die uitgeloofde belonings aan die held van die Terebinte-dal gee! In die vervulling van die beloftes betoon Saul hom nie 'n eerlike man nie; slegs een daarvan word ná allerlei slinkse ompaaie so min of meer vervul, naamlik die belofte dat hy die dogter van die koning tot vrou sal kry. Saul vermeng die vervulling van hierdie belofte met 'n bose listigheid. Hy sê vir Dawid: Ek sal my oudste dogter, Merab, aan jou gee; wees net vir my 'n dapper man en voer die oorloë van die HERE. Hierdie woorde klink nie onvriendelik nie; hulle klink selfs vroom. Maar stel Saul nou eintlik nie 'n nuwe voorwaarde nie? In elk geval koester hy die bose hoop dat Dawid in die stryd sal sneuwel. Maar Dawid keer steeds behoue en as oorwinnaar terug. Teen die tyd dat Merab aan Dawid gegee moes word, is sy aan 'n ander man, aan Adriël, uitgehuwelik. Dit was woordbreuk van Saul en vir Dawid soos 'n klap in die gesig. Later verneem Saul dat sy ander dogter, Migal, Dawid liefhet. Blykbaar was dit met Merab nie die geval nie. Nou wil hy háár aan Dawid gee, maar durf dit self - so sleg het die verhouding geword -nie aan hom voorstel nie; sy dienaars moet die plan aan Dawid meedeel. Dawid maak die beswaar dat hy geen bruidsgeskenke wat by 'n koningsdogter pas, kan gee nie, maar dan kom die antwoord van die koning dat hy nie behae het in 'n ander bruidsprys as honderd voorhuide van Filistyne nie! Die bedoeling van Saul is duidelik. Dawid slaan selfs tweehonderd Filistyne dood en lewer die bewyse! Toe kon Saul nie langer weier nie en moes hy Migal aan Dawid gee. Hy sien dat sy Dawid liefhet. Dit is 'n nuwe verswakking van sy posisie. 'n Dogter van hom staan nou aan die kant van sy mededinger en hy het nog meer bevrees vir Dawid geword. Vrees en agterdog is die wurms wat aan Saul se siel knaag. Later, toe Dawid op sy swerftogte was, het Saul Migal aan iemand anders, aan Palti, gegee (25:44). Maar nie net Migal staan aan Dawid se kant nie, ook Jonatan. As hy teenwoordig is by 'n vergadering van Saul en sy offisiere waarin Saul die plan opper om Dawid dood te maak, het Jonatan goed van Dawid gespreek en gesê dat wat Dawid doen, die koning geheel ten goede kom. Saul het toe na Jonatan geluister en gesweer (hy doen dit altyd maklik!) dat Dawid nie sou gedood word nie. Hoe weinig dié eed beteken, blyk spoedig: as Dawid weer vir Saul speel, probeer die koning weer om hom met die spies teen die muur vas te gooi. Dawid het gekoes en vrygekom; hy vlug na sy huis na Migal. Toe stuur Saul boodskappers na Dawid se huis, maar Migal het Dawid help ontsnap(19: 11-17).

Dawid vlug na Samuel in Rama; dié gaan met hom na Najot (= woonplekke, nedersetting, van profete). As Saul dit verneem, stuur hy boodskappers na Najot om Dawid te gaan haal, maar die boodskappers kom onder invloed van die profetiese gees wat daar heers, en begin ook profeteer. Hierdie profeteer van die profete kan ons ons voorstel as uitroepe met opgetoë

gebare van sinsverrukking deur die werking van die Gees van God, waarmee hulle protesteer teen die behandeling van Dawid deur Saul (vgl. ook § 190). Saul stuur nuwe boodskappers, met wie egter dieselfde gebeur. Dan gaan Saul self, maar ook hy kom onder die profetiese mag; hy het sy opperkleed uitgetrek en so die hele dag en die hele nag in vervoering gelê. Dit was 'n waarskuwing vir Saul dat hy besig was om hom te verset teen 'n mag waarteen hy nie opgewasse was nie. God laat hom Sy oormag voel, maar Saul het hom nie bekeer nie.

'n Paar dae later is dit nuwemaan. Dan is daar fees. Saul het Dawid nog nie weer gesien nie. Sou hy hom op die nuwemaansfees sien? Saul wil hom daar sien; hy sal sy afwesigheid beskou as ontrou! Maar Dawid vertrou die koning nie en bly weg. Die eerste dag van die fees het Saul niks gepraat nie, maar gedink dat Dawid om een of ander rituele onreinheid moes wegbly; die tweede dag vra Saul egter aan Jonatan waar "die seun van Isai" is. Jonatan sê dat Dawid 'n offerfees in sy eie stad het. Toe ontvlam die toorn van Saul teen Jonatan en hy noem hom 'n ontaarde en wederstrewige seun wat nie begryp dat so lank as Dawid leef hy nie koning sal word nie. As Jonatan Dawid probeer verdedig, gooi Saul met die spies na sy eie seun. Die band tussen Jonatan en Dawid het egter steeds inniger geword.

## § 203 Priestermoord (1 Sam. 21 en 22)

Dawid begeef hom nou na Nob. Dit is die begin van sy swerftogte. Daar in Nob is die priester Ahimeleg, waarskynlik dieselfde Ahia as wat in 14:3 genoem is. Nob was in die hartjie van Benjamin geleë; daar is die heiligdom ná die verwoesting van Silo opgerig. Dawid het daarheen gegaan om die HERE in sy moeilike omstandighede te raadpleeg (22:10, 15). Tegelykertyd vra hy vyf brode vir hom en sy manne. Om Ahimeleg gerus te stel, sê Dawid dat die koning hom uitgestuur het op 'n belangrike geheime sending. Dit was 'n leuen. Ahimeleg gee hom van die toonbrode (vgl. Matt. 12:3 en gelykl. pl.), sonder om te weet dat hy hulp verleen aan die man wat deur die koning as sy grootste vyand beskou word (22:22). Ook gee Ahimeleg die swaard van Goliat aan Dawid. Krygstrofeë word in heiligdomme bewaar!

Natuurlik was Dawid in Nob - so naby Saul - nie veilig nie. Hy vlug na die vyand! Maar sy aanwesigheid in Nob is opgemerk. Daar was juis een van die dienaars van Saul, die opsigter oor sy veewagters, en hy het Dawid gesien. Hy was 'n Edomiet, sy naam was Doëg. Die ou Ooste gee baie voorbeelde van buitelandse personeel in koninklike diens. Moontlik was hy 'n krygsgevangene wat deur kruiperigheid vorentoe gebeur het, want kruiperig was hy. Hy was daardie dag "opgesluit voor die aangesig van die HERE". Dit beteken waarskynlik dat hy (as ingelyfde volksgenoot) om rituele redes of as gevolg van 'n gelofte 'n dag moes vertoef. Hy onthou wat hy gesien het!

Dat Dawid na die vyand vlug, na Agis (Abimeleg? Ps. 34:1), getuig meer van radeloosheid as van vertroue op die HERE. Die mense van Gat ken hom nog, en dan word Dawid baie bevrees. Hy red homself deur hom kranksinnig aan te stel (21:13). 'n Kranksinnige is in die oudheid as 'n besetene, as iemand met demoniese kragte beskou; die mense was altyd bly as so iemand weer weggaan.

Op sy vlug het Dawid toe skuiling gesoek in die spelonk van Adullam. Die spelonke of grotte ontstaan deurdat die kalk, waaruit die gebergte van Juda bestaan, oplos in grondwaterstroming (karstverskynsels); die kalkgebergte is met gate en holtes deurboor. Die grotte is soms baie groot en vertoon die grilligste vorme, waardeur hulle uitnemende skuilplekke bied (vgl. Magpela, § 61). Die hele familie van Dawid het uit vrees vir Saul na hom toe gekom; so ook allerlei ander mense wat in benoudheid was, 'n skuldeiser gehad het of verbitterd was, en Dawid het hul owerste geword. Daar was omtrent vierhonderd man; later het dit aangegroei tot seshonderd - 'n klein leërtjie wat deur die gemoedsgesteldheid van

sy manskappe en onder goeie leiding nie sonder betekenis was nie (kyk 1 Kron. 12.) Tog het Dawid vir sy vader en moeder 'n veiliger plek gesoek, naamlik oorkant die Jordaan in Moab. Die koning van Moab was nie 'n vriend van Saul nie (14:47), daarom wou hy Dawid ter wille wees.

Dawid het dus uit die gesigsveld van Saul verdwyn, en terwyl die koning weer onder die tamarisk sit (§ 200), sy dienaars rondom hom, kry hy die gevoel dat almal teen hom saamspan. Toe is daar een onder sy dienaars, die opsigter van sy veewagters, wat die geleentheid te baat neem" om witvoetjie by die koning te soek. Sonder dat hom iets gevra word, vertel hy dat Ahimeleg vir Dawid gehelp het. Toe stuur die koning om Ahimeleg met sy hele familie, die priesters wat in Nob was, te roep. Hulle het almal na die koning gekom.

Met verbasing hoor Ahimeleg die sware beskuldiging aan: dit was niks minder as 'n sameswering nie! Maar Ahimeleg het van die verhouding tussen Saul en Dawid niks geweet nie. Is Dawid iemand wat Saul voorlê? Hy is tog die skoonseun van die koning en geëerd in sy huis? Sy plegtige verklaring baat Ahimeleg nie. Saul is sonder genade en gee op daardie selfde oomblik bevel om die priesters van die HERE dood te maak. Sy dienaars deins voor so 'n gruweldaad terug. Toe beveel Saul vir Doëg: Tree jy nader en val op die priesters aan. Die Edomiet het dit gedoen en op dié dag vyf-en-tagtig man wat die linneskouerkleed dra, gedood. En asof dit nog nie erg genoeg was nie, gaan hy ook na hulle stad en verslaan daar met die skerpte van die swaard man en vrou, kind en suigling, selfs die beeste, esels en skape.

Wel was dit die voltrekking van die oordeel van God oor die huis van Eli (2:27-36), maar Saul is vir die gruweldaad verantwoordelik. Voor die profetemag in Najot moes Saul beswyk; oor die priesters van Nob het hy getriomfeer deur die bose gees in hom. Die laaste is vir hom erger as die eerste! Teenoor die profete het God hom Sy mag laat voel; hy kon daaruit geleer het om hom te bekeer. Teenoor die priesters het God hom losgelaat en oorgelewer aan die bose magte wat in hom heers. Een priester, Abjatar, het ontkom. Hy soek skuiling by Dawid (vgl. 2: 36) en bly 'n getroue aanhanger van hom, totdat hy, baie later, aan die opstand van Adonia deelgeneem het.

## § 204 Dawid in Kehila (1 Sam. 23 :1-13)

Die HERE wil nie dat Dawid self by sy vader en moeder rustig in Mispe (in Moab) bly nie; hy moet in sy eie land, in Juda, vertoef. Dit stel hom bloot aan vervolging deur Saul, maar die HERE ag dit nodig dat Dawid in die beproewinge sy geloof toon. Die profeet Gad deel dit aan Dawid mee. Dit is die eerste keer dat God 'n profeet gebruik om Sy wil aan Dawid bekend te maak. Dawid het toe na die bos Heret, êrens in Juda, getrek. Daar verneem hy dat die Filistyne sy volk weer lastig geval het: hulle plunder die dorsvloere van Kehila. Toe raadpleeg Dawid die HERE. Hy doen dit deur vrae te stel, waarop die HERE dan antwoord gee deur bemiddeling van Abjatar, wat op sy vlug die efod saamgeneem het. In die efod word die Urim en Tummim mos bewaar, en dit word gebruik om Godsprake te verkry.

Nadat gunstige antwoorde van die HERE verkry is, trek Dawid na Kehila en verjaag die Filistyne. So handel hy dus nog as vlugteling vir die koning in diens van sy volk - egter nie in diens van Saul nie, immers nie as owerste oor troepe van Saul nie, maar as owerste oor sy eie leërtjie. Dawid het nou tegelykertyd 'n veilige plek, dink hy: agter mure en poorte. Maar Saul verneem dit, en hy dink dat hy Dawid daar makliker kan vang as in die woestyn van Juda. Deur 'n Godspraak van Abjatar verneem Dawid dat die burgers van Kehila hom aan Saul sal uitlewer; gevolglik het Dawid Kehila verlaat en het Saul weer teruggekeer.

## § 205 Laaste ontmoeting van Dawid en Jonatan (1 Sam. 23:16-18)

As Dawid op sy swerftogte hom in Hores, in die woestyn Sif, bevind, kom Jonatan daar by hom. Dit is 'n baie tere ontmoeting, waarin die vroomheid van Jonatan duidelik blyk. Jonatan het Dawid bemoedig in God, hom versterk in sy vertroue op Hom deur te sê dat hy daarvan oortuig is dat die vervolging deur Saul sonder resultaat sal wees en dat die kroon vir Dawid bestem is. Jonatan aanvaar dit! Oor die toekoms waarin Dawid koning sal wees, het Jonatan 'n skone voorstelling: hulle is vriende, en Jonatan sal die tweede onder Dawid wees. In die soete verwagting het hulle afskeid geneem. God het dit egter anders besluit. Hy sal Jonatan kroon met die eer van die helde-dood in die stryd - 'n eer wat Saul nie te beurt geval het nie!

## § 206 Dawid in Maon (1 Sam. 23 :19-28)

Reeds vroeër het Saul gekla dat niemand medelye met hom het nie, dat niemand met hom simpatiseer nie (22:8). Dit is niks anders as sy verlatenheid van God en mense nie. Trouens, net goddelose mense kan met hom simpatiseer, soos die Sifiete, wat aan Saul meedeel dat Dawid by hulle is en dat hy Dawid by hulle dus na hartelus kan vervolg. Saul antwoord: Mag julle geseënd wees deur die HERE, omdat julle medelye met my gehad het. Saul het Dawid toe amper gevang in Maon, maar hy kry berig dat die Filistyne agter sy rug om 'n inval in Israel gedoen het. Toe moes Saul omdraai. Daarom noem hulle daardie plek Rots van Skeiding.

In Maon het Dawid ook 'n vrou gekry (kyk hfst. 25) hoewel nie sy eerste nie. Afgesien van Migal wat deur Saul aan 'n ander man gegee is, het hy Ahinoam (die vrou van Saul dra dieselfde naam, 14: 50) uit Jisreël geneem. Hierdie Jisreël is nie die bekende plek uit die geskiedenis van Agab (1 Kon. 21) en Jehu (2 Kon. 9) nie, maar 'n minder belangrike plek in Juda (Jos. 15:55, 56). Ahinoam is die moeder van Dawid se eersgeborene, Ammon. In Maon kry hy ook Abigail tot vrou. Sy was eers getroud met 'n ryk maar gierige en dom, ongenaakbare man met die naam Nabal (= dwaas). Hy het sy kuddes gehad in die gebied waar Dawid rondswerf, maar Dawid het hom nooit kwaad gedoen nie; inteendeel, hy het Nabal se besittings beskerm. As Nabal sy skape skeer en 'n vrolike dag hou, stuur Dawid van sy manne na hom toe om 'n geskenk. Nabel weier en noem Dawid iemand wat hom losskeur van sy heer. Abigail weet niks van wat gebeur nie, maar word deur een van die knegte ingelig. Dadelik gaan sy Dawid, wat reeds met sy manne optrek, met 'n geskenk en verstandige woorde tegemoet. Op daardie manier het sy verhoed dat Nabal en sy mense deur die manne van Dawid gedood is. Tog het Nabal toe gesterwe. As hy hoor dat sy vrou 'n geskenk gestuur het, kry hy van skrik en ergernis 'n beroerte en sterf. Toe het Dawid die skone en verstandige Abigail tot vrou geneem.

## § 207 Dawid in Engedi (1 Sam. 24)

Eendag was Dawid in Engedi, in die Steenbokrotse aan die weskus van die Dooie See. As dit aan Saul berig word, gaan hy met drie-duisend man uit die hele Israel daarheen. Dawid en sy manne sit agter in een van die spelonke. Saul kom daar verby en gaan dieselfde spelonk binne om te rus (? v. 4). Terwyl hy die donker grot binnegaan, sien hy nie wie agterin is nie, maar Dawid en sy manne sien duidelik wie deur die ligte opening binnekom. Saul is nou in groot gevaar en Dawid se manne sien hierin dat die HERE Saul in sy mag gee. Hulle spoor hom aan om Saul dood te maak. Dit is 'n versoeking vir Dawid, maar hy beswyk nie. Hy volhard in sy gelowige afwagting van die gang van sake waardeur die HERE hom na die troon sou lei. Hy sien in Saul nog steeds sy heer, die gesalfde van die HERE, en wil nie sy hand teen hom uitsteek nie. Wel kruip hy na Saul toe en sny stilletjies die slip van sy mantel af, en ook dit het sy gewete nog gepla! Nadat Saul opgestaan en sy koers gegaan het, gaan Dawid, op veilige afstand, agter hom aan, roep hom en toon hom die slip van sy mantel; hy betuig voor

Saul sy onskuld en vra waarom die koning op sy lewe loer; sy hand is tog nie teen die koning nie, maar wel sal die HERE aan hom reg verskaf teenoor die koning wat hom vervolg.

Die woorde van Dawid bring 'n onverwagte vertedering in die koning se gemoed teweeg: hy het geween en erken dat Dawid regverdiger was as hy; hy erken by hierdie geleentheid selfs dat hy weet dat Dawid sekerlik koning sal word. Dit is Saul se kapitulasie, waarby hy vra dat Dawid sy geslag nie moet uitroei en sy naam nie moet uitdelg nie; hy moet dit sweer. Dawid doen dit en het die huis van Saul ook nie uitgeroei nie. Die HERE het dit self gedoen!

### § 208 Laaste ontmoeting tussen Saul en Dawid (1 Sam. 26)

Hoe ongestadig die stemmingswisselinge van Saul is, blyk spoedig. Die Sifiete het weer (23:19) as verraaiers opgetree en Saul berig dat Dawid weer in Hores, op die heuwel Hagila, is. Met drieduisend uitgesoektes uit Israel trek Saul daarheen af en slaan op die heuwel Hagila laer op. Dawid wyk uit na die woestyn maar hou die bewegings van die koning goed in die oog; hy sien waar Saul laer opslaan en gaan slaap. In die nag bekruip Dawid saam met sy neef Abisai ('n seun van Dawid se ouer suster Seruja, 1 Kron. 2:16) die wa-laer, en hulle sien hoe Saul en sy leërowerste Abner en die manskappe almal aan die slaap is. Die geskiedskrywer sê daarby dat dit was omdat 'n diepe slaap van die HERE op hulle geval het. Dit was nie 'n gewone slaap nie, maar 'n "tardeema", soos ook op Adam (Gen. 2:21) en Abram (Gen. 15:12) geval het. Dat die geskiedskrywer dit meedeel, is meer as net 'n beskrywing van wat gebeur het, maar 'n verklaring wat hy alleen deur openbaring (profetiese insig) kon gee. Die vurige Abisai wil Saul met sy spies met een hou teen die grond vassteek, maar Dawid belet dit. Hy bly staande in die beproewing waarin God hom bring. Hy wil sy hand nie aan die gesalfde van die HERE slaan om deur geweld die troon te bemagtig nie. Hy wil God se tyd afwag: die HERE sal Saul slaan, sy dag sal kom! Weer spaar Dawid die onbetroubare koning se lewe. Hulle vat egter die spies en die waterkruik van Saul saam. As hulle in veiligheid is, roep Dawid Abner toe dat hy weens die swak wyse waarop hy sy heer bewaak, die dood verdien het.

Weer word die gemoed van Saul verteder, maar Dawid verwyt hom dat hy hom noodsaak om ander gode te dien, d.w.s. om in 'n vreemde land te vertoef (want land en god is aan mekaar verbonde). Saul sê: Ek het gesondig, kom terug, my seun Dawid; maar Dawid het nie na Saul teruggegaan nie. Hy het so weinig vertroue in die onberekenbare koning gehad dat hy liewer sy toevlug by die Filistyne, by Agis, die koning van Gat, gesoek het: daar sal Saul hom nie agtervolg nie. Inderdaad het Saul toe verder nie meer na Dawid gesoek nie, en hulle het mekaar nie weer gesien nie.

## Die Einde van Saul

### § 209 Die Filistyne trek op na Israel (1 Sam. 27; 29)

Terwyl Dawid by Agis is, versamel die Filistyne hulle leër om weer eens teen Israel te veg. Toe Dawid die vorige keer by Agis was, wou die Filistynse koning niks met hom te doen hê nie (21:10-15). Nou is. dit anders. Die vete tussen Dawid en sy heer die koning het al so lank geduur dat Agis meen dat Dawid vir goed uit sy volk verstote is, boonop is Dawid nou van seshonderd geharde vegters omring, wat Agis goed kan help in tye van gevaar. Op sy versoek kry Dawid selfs 'n eie stad by Agis, naamlik Siklag, waar hy met sy hele leër, vrouens en kinders inbegrepe, kan woon. Hy leef dan van strooptogte en toon groot ooreenkoms met avonturiers soos Gaal (Rigt. 9:26) en Jefta (Rigt. 11:3). Hy oorval dan die Gesuriete, die Girsiete (net hier vermeld) en die Amalekiete. Hy moes daarvoor in westelike rigting, in die rigting van Egipte, trek. Teen Agis sê hy egter dat hy teen sy eie volk (Jeragmeëliete, 'n

Judese geslag.' 1 Kron. 2:9) en hulle vriende (Keniete, 1 Sam. 15:6) in die Suidland (Negeb) opgetrek het. Dat die waarheid nie aan die lig sou kom nie, moet Dawid nie man of vrou van die oorvalle stamme in die lewe laat nie. Die Amalekiete het hulle egter gewreek. Terwyl Dawid na Agis gaan om hom aan te sluit by die Filistyne wat na Israel optrek, oorval hulle Siklag!

Dawid het hom nie vrywillig by die Filistyne gaan aansluit nie, maar omdat Agis gemeen het dat hy dit van sy troue vasal moet verwag. Dawid kan dit nie ontken nie, maar gee die diplomatiese antwoord: Goed, u weet wel wat u dienaar moet doen.

By Afek kom die Filistynse vorste met hulle leërs bymekaar; hierdie plek was reeds vroeër 'n versamelpunt vir hulle (1 Sam. 4:1). As die ander vorste sien dat Agis Dawid saamgebring het, is hulle baie ontevrede. Agis verdedig Dawid, maar die ander vorste sien die saak anders; hulle vrees dat Dawid in die stryd hom aan die kant van Israel sal skaar om daarmee die guns van Saul te herwin. Agis moet Dawid nou tog maar terugstuur. Om sy heimlike blydskap te verberg, maak Dawid 'n paar teëwerpings, maar keer met sy manne terug na Siklag.

Die Filistyne het toe sonder Dawid en sy manne verder getrek na Jisreël. Soos 'n goeie veldheer het Saul ook reeds sy stellings by die fontein wat by Jisreël is, ingeneem.

As Dawid by Siklag kom, vind hy die stad verwoes deur die Amalekiete. Alles en almal is geroof; ook Dawid se twee vroue, Ahinoam en Abigail. Dawid se manne was baie verbitterd, elkeen oor sy seuns en dogters; hulle wou hom selfs stenig. Dawid het dit toe baie benoud gehad, maar hy het hom versterk in die HERE sy God. Deur die skouerkleed van Abjatar verkry hy die Godspraak dat hy die Amalekiete moet najaag. Dawid het hulle toe verslaan en al die buit teruggeneem (1 Sam. 30).

Inmiddels lê die leërs van Filistyne en Israeliete teenoor mekaar in die vlakte van Jisreël - die Filistyne by Sunem, die Israeliete op Gilboa.

### § 210 Saul in die uiterste nood (1 Sam. 28)

Toe Saul die leër van die Filistyne sien, het hy bevrees geword, en sy hart het baie gebewe. Hy het toe die HERE geraadpleeg, maar die HERE het hom nie geantwoord nie. Dit kan die skyn hê dat dit onbillik was van die HERE; in werklikheid bevestig dit wat uit voorafgaande gebeurtenisse reeds geblyk het, naamlik dat die verhouding tussen die HERE en Saul ten volle afgebreek was; die HERE was klaar met Saul en het hom verlaat, omdat hy ontrou was teen die HERE en sy woord nie gehou het nie. Saul het die HERE nie in vertroue op Hom geraadpleeg nie, nie met berou of bekering nie; net om iets in sy noodtoestand te wete te kom. Dit blyk hieruit dat hy nou 'n ander weg inslaan om oor sy toekoms ingelig te word: hy gaan die gees van 'n afgestorwene vra! (kyk 1 Kron. 10:13). Vroeër het Saul die dodebesweerders en die waarsêers uit die land verwyder. Dit was volgens die wet, wat hulle praktyke as onrein beskou het (Lev. 19:31). Nou gee Saul bevel om te gaan soek of daar miskien tog een oorgebly het. Dat hy hulle verwyder het, was 'n formalistiese rigorisme sonder innerlike afkeer van die onreine praktyk.

Saul se dienaars weet dat daar 'n vrou, 'n dodebesweerster, in Endor is. Vermom gaan Saul, met twee manne, na haar toe en sê vir haar: Voorspel tog vir my deur die gees van 'n afgestorwene en laat vir my opkom die een wat ek jou sal noem. As die vrou vrees dat die besoekers vir haar 'n strik span om haar te betrap, stel Saul haar gerus met 'n eed by die HERE. Ons weet dat hy dit maklik doen (§ 202); in die mond van hom wat die HERE verlaat het, is die eed by die HERE net dooie woordgebruik.

Die vrou stel haar daarop met haar okkulte kuns tot Saul se beskikking en vra: Wie moet ek

vir jou laat opkom? Met hierdie vraag gee sy voor dat sy uit die doderyk kan laat opkom wie sy wil; dit is mos haar kuns! Saul antwoord: Laat Samuel vir my opkom!

Dat Saul vir Samuel wil laat opkom, is begryplik. Samuel was die grootste figuur in sy lewe, van die begin van sy koningskap af, en hy was altyd 'n sterk persoonlikheid. Aan hom wil Saul hom nou vasklamp.

In die verhaal volg nou onmiddellik: Maar toe die vrou Samuel sien, skreeu sy hardop. Dat sy Samuel inderdaad laat opkom het, word nie gesê nie; maar sy sien hom; sy sien hom deur haar buitengewone eienskappe wat haar in staat stel om haar lugubere praktyk uit te oefen. Dat sy sulke eienskappe het, blyk ook nog uit iets anders: waarom skreeu sy so hardop? Nie omdat sy Samuel sien nie, maar omdat sy Saul nou herken; sy het hom tevore in sy vermomming nie herken nie. Dit bewys dat sy in kontak gekom het met haar besoeker, in geestelike kontak wat moontlik is deur haar buitengewone eienskappe. Sy ken haar besoeker nou en neem waar wat in hom omgaan.

Saul sien Samuel nie. Net die vrou sê dat sy hom sien. Sy het nog nie aan Saul gesê dat sy Samuel sien nie, selfs nie dat sy iets sien nie, as Saul, wat uit die feit dat sy hom herken, aflei dat die vrou in transe is, vir haar vra: Wat sien jy? Sy sê: Ek sien 'n bonatuurlike wese uit die aarde opkom. Saul vra haar toe: Hoe is sy voorkoms? En sy antwoord: 'n Ou man kom op met 'n mantel om. As die vrou Samuel nie geken het nie, weet sy tog deur haar kontak met Saul en sy gedagtewêreld dat Samuel so gelyk het. Die aanduiding is trouens nie veelseggend nie, maar is vir Saul, wat wil glo wat die vrou sê, genoeg om te konkludeer dat Samuel daar is, al sien hy hom self nie.

Saul maak 'n eerbiedige buiging.

Die gesprek tussen Samuel en Saul word deur Samuel begin. Hy sê: Waarom verontrus jy my deur my te laat opkom? Saul antwoord dat hy baie benoud is, want die Filistyne voer oorlog teen hom, en God het van hom gewyk en antwoord hom nie. Nou volg die woorde van Samuel waarin hy die sondige lewe van Saul teken en waarin die enigste nuwe element is dat hy die stryd teen die Filistyne sal verloor en dat hy en sy seuns die volgende dag by Samuel sal wees, d.w.s. in die doderyk.

Daar is dus geen lig of troos vir Saul nie, maar 'n verpletterende tyding, presies soos hy hom in sy benoudheid al voorgestel het.

Op die vraag of Samuel inderdaad uit die doderyk opgekom het en deur die vrou gesien en deur Saul gehoor is, is deur Skrifverklaarders van vroeëre en latere tye tot vandag toe sowel ontkennend as bevestigend geantwoord. In die laaste geval moet aangeneem word dat God gebruik maak van onrein kunste wat Hy in Sy Woord ten strengste verbied het. Dat daar sulke demoniese kunste is, moet aangeneem word, maar nie dat God daarvan gebruik maak nie. Sou God Hom deur 'n towerheks (Ex. 22:18; Lev. 19:31; Deut. 18:11) laat dwing om antwoord te gee aan 'n verworpene aan wie Hy nie meer antwoord wil gee nie? Dis ondenkbaar, veral ook omdat God te goed weet dat wie na die profete nie luister nie, ook nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan (Luk. 16:31).

Maar - sal iemand sê - die voorspelling dat Saul en sy seuns die volgende dag sou omkom, het tog in vervulling gegaan!

Dit was nie moeilik om dit te voorspel nie. Deur haar kontak met Saul en sy gedagtewêreld het die vrou voorgewend dat Samuel, wat sy in haar hallusinasie gesien het, juis dit gesê het wat Saul se gees verskrik het. Haar besondere eienskappe is deur die duiwel in diens geneem. God het nie meer 'n boodskap vir Saul gehad nie, maar die duiwel deel hom mee dat sy einde daar is.

Toe Saul dit hoor, het hy in sy volle lengte op die grond geval. Hy is geestelik geskok deur die séance en liggaamlik uitgeput deur voedselgebrek. Die vrou toon dat sy ook humane trekke het en sê dat Saul tog regtig iets moet eet. Sy slag gou 'n kalf, en Saul laat hom ompraat om te eet. Sy lewe as koning het begin met 'n maaltyd by 'n profeet, dit eindig met 'n maaltyd by 'n dodebesweerster. Dit was sy laaste maaltyd!

## § 211 Die dood van Saul (1 Sam. 31)

Toe Saul by die leër van Israel terugkom, het dit inmiddels dag geword en het die stryd begin. Oombliklik sien Saul dat dinge verkeerd loop: die manne van Israel vlug, en gesneuweldes lê op die gebergte van Gilboa. Drie seuns van Saul is gedood: Abinadab, Malkisua, ook Jonatan. Hulle het die heldedood gesterf. Vir Saul is die eer nie weggelê nie. Hy het gebewe van angs vir die Filistynse skutters. Toe sê hy vir sy wapendraer: Deurboor my, anders sal die onbesnedenes dit doen. Sy wapendraer wou dit nie doen nie; toe het Saul die swaard geneem en daarin geval (vgl. Rigt. 9:54).

Die Israeliete vlug uit hulle stede, en die Filistyne het daarin gaan woon. Die mag van die Filistyne oor Israel was groter as ooit tevore. Saul se lewenswerk (9:16) het misluk!

Die dag ná die slag gaan die Filistyne na die slagveld om die gesneuweldes te plunder en vind die lyke van Saul en sy drie seuns. 'n Amalekiet was egter al voor hulle daar en het die kroon wat op sy hoof was en die armband wat om sy arm was, afgehaal (2 Sam. 1:10). So 'n kroon was slegs 'n eenvoudige voorhoofband (van goud), maar tog 'n teken van koninklike waardigheid en 'n herkenningsteken (vgl. 1 Kon. 22:30). Die Filistyne kap Saul se kop af; dit is weerwraak vir Goliat! Sy wapenrusting trek hulle uit. Dit word in die land van die Filistyne rondgestuur om die blye boodskap aan die Filistynse volk te bring. Die tempels van hulle afgode is daarvoor die versamelplekke. Daarna het hulle sy wapens in die Astartetempel neergelê en sy hoofskedel in die huis van Dagon vasgeslaan (I Kron. 10:10). Krygstrofeë word in tempels bewaar (1 Sam. 21:9). Die lyke van Saul en sy drie seuns het hulle teen die muur van Bet-San vasgeslaan. Hierdie stad was in die onmiddellike nabyheid geleë en behoort tot die stede wat wel aan een van die stamme toegewys is (Jos. 17:11), maar te sterk was om ingeneem te word. Die inwoners was ongetwyfeld meer Filistyns as Israelities gesind. By die opgrawings aldaar is verskillende tempels gevind, sodat aangeneem kan word dat die genoemde tempels van Dagon en Astarte ook daar was; in Askelon was egter ook 'n Astartetempel. In elk geval is die smaad oor die huis van Saul groot. Iets daarvan is weggeneem deur die inwoners van Jabes in Gilead. Hulle het gedink aan hul verlossing deur Saul toe hy pas koning was (1 Sam. 11); hulle het die lyke van die muur van Bet-San afgehaal - 'n moedige daad waarvoor al die dapper manne van Jabes van die oorkant van die Jordaan af moes optrek. Hulle het die lyke saamgeneem en verbrand. Dit was in Israel nie gewoonte om dit te doen nie. Hier word dit tog gedoen om te verhoed dat, as die Filistyne sou opdaag om hulle op Jabes te wreek, hulle die bespotting van die lyke sou hernieu. Ná die verbranding is die gebeente onder die tamarisk in Jabes begrawe. Later het Dawid die beendere van Saul en Jonatan in die graf van Kis begrawe (2 Sam. 21:12-14). So lê oor die somber lewenseinde van Saul nog die milde glans van trou en piëteit jeens hom wat tog die gesalfde van die HERE was.

## § 212 Die berig van die dood van Saul aan Dawid (2 Sam. 1:1-16)

Die oorval van die Amalekiete op Dawid se stad Siklag en die oorlog van die Filistyne is gelyktydige gebeurtenisse. Te midde van sy eie moeilikhede het Dawid seker met besorgdheid aan die lot van sy volk en sy koning gedink, maar in die verre suide was hy onkundig van wat gebeur. Spoedig kry hy egter berig. Enkele dae ná sy terugkeer na Siklag

kom daar 'n man by Dawid met geskeurde klere en grond op sy hoof - dit is tekens van rou - en hy bring ook 'n doodsberig. Die man was in eie oë baie slim; hy dink dat hy die guns van Dawid sal win deur te vertel dat hy Saul gedood het. Saul was mos Dawid se doodsvyand? In die lig van 1 Sam. 31 moet ons vasstel dat die man, 'n Amalekiet, baie gelieg het, maar tog nie alles nie: die berig dat Saul dood is, is waar en blyk uit die kroon en armband wat hy saambring.

Die reaksie van Dawid is heeltemal anders as wat die Amalekiet verwag het: Dawid en sy manne skeur hulle klere, en hulle het gerouklaag en geween oor Saul en oor Jonatan en oor die volk van die HERE en oor die huis van Israel, omdat hulle deur die swaard geval het.

Die Amalekiet word deur Dawid tereggestel, omdat hy, volgens sy eie woorde, die gesalfde van die HERE gedood het.

### § 213 "Hoe het die helde geval" (2 Sam. 1:17-27)

Hierdie woorde is die refrein van die klaaglied wat uit die ontstelde gemoed van Dawid opgewel het. Die lied staan ook in die Boek van die Opregte (slegs nog in Jos. 10:13 genoem), 'n stuk van Israel se eie literatuurskat, miskien 'n nasionale epos, wat nie in die Ou Testament opgeneem is nie en daarom ook verlore gegaan het. In hierdie lied het die grootmoedige Dawid net lof vir Saul oor sy heldemoed sonder om iets kwaads van hom te sê, terwyl hy uiting gee aan sy smart ten opsigte van Jonatan, wie se liefdc vir hom wonderliker was as die liefde van vroue!

## Koning Dawid

### § 214 Dawid word koning (2 Sam. 2 :1-11)

Die dood van Saul was die groot keerpunt in die lewe van Dawid. Tog tree hy selfs nou nie eiemagtig op nie, maar vra die HERE - ongetwyfeld deur Abjatar. Die antwoord is dat hy na Hebron moet optrek. Dit is 'n baie ou stad (Num. 13:22); Abram het daar vertoef (Gen. 13:18) onder die Amoriete (Gen. 14:13) en later as bywoner van die Hetiete (Gen. 23:4). By die intog van Israel was daar Enakiete (Num. 13:22). Josua het die stad ingeneem (Jos. 10:37, 38) en aan Kaleb gegee (Jos. 14). Die stad is hoog geleë, aan die weg van

hom daar te midde van sy stamgenote, wat spoedig kom om hom as koning oor die huis van Juda te salf. Dat Dawid deur Samuel gesalf is, het nie 'n geheim gebly nie; iemand soos Abigail, byvoorbeeld, weet watter planne God met Dawid het (1 Sam. 25:30). Verder het Dawid tydens sy omswerwinge vriendskaplike betrekkinge met sy stamgenote onderhou (2 Sam. 30:26-31). Die blik van Dawid is egter ook op die res van die volk gerig. Die eerste kontak wat hy soek, is Jabes. Hulle piëteit teenoor Saul kon hulle skrikkerig gemaak het vir Dawid, maar hy laat hulle berig dat hy hulle daad prys en voeg daaraan die veelseggende mededeling toe dat hy deur die manne van Juda as koning oor hulle gesalf is.

Voorlopig bly Dawid egter net koning van Juda, terwyl die ander gebiede van Israel hulle onder die leiding van Abner, die leërowerste van Saul, teen hom verset. Abner het nie op Gilboa omgekom nie; miskien het hy in Gibea agtergebly om die koningsburg daar te bewaak. Ná die Filistynse oorwinning was Gibea egter nie langer 'n veilige plek nie, en daarom kies Abner Mahanaim in die Oos-Jordaanland (Gen. 32:2) tot sentrum. Hy neem Isboset, die laaste oorgeblewe seun van Saul (1 Kron. 8:33; Isboset = Esbaäl), wat seker by hom in Gibea was, saam en maak hom koning oor Israel. Isboset was, soos uit die verdere geskiedenis blyk, nie 'n sterk persoonlikheid nie, maar Abner het nie 'n ander keuse gehad nie; sy swakheid was vir Abner se doel, om naamlik self die leiding te neem, ook nie 'n groot

beswaar nie. En dat daar 'n koning was, kon dien om die moreel van die verslane troepe van Saul te herstel. Intussen was die koningskeuse van Abner heeltemal in stryd met die bedoeling van die HERE en as 'n eiewillige voortsetting van die anti-teokratiese koningskap van Saul tot mislukking gedoem.

## § 215 Burgeroorlog tussen Juda en Israel (2 Sam. 2 :12-3 :1)

So was die volk Israel dus in twee ryke verdeel: Dawid was koning net oor Juda en Isboset oor verskillende gebiede soos Gilead, Jisreël, Efraim en Benjamin. Hier tree reeds 'n soortgelyke toestand na vore as later ná die skeuring van die ryk (§ 247), 'n toestand wat deur die regering van Dawid en Salomo tydelik onderbreek is, maar daarna vir goed bestaan het, Die eenheid van Juda en Israel was blykbaar maar taamlik los (kyk § 218).

Merkwaardig dat ons in hierdie posisie van die verdeelde ryk aanvanklik niks van die Filistyne verneem nie. Vir Dawid het hulle respek gehad, en na die oor-Jordaanse residensie van Isboset kon of wou hulle nie deurdring nie, Die gebied van Isboset (2:9) was trouens maar enkele streke van Palestina vir sover die Filistyne dit nie beset het nie. Origens het die Filistyne seker gehoop dat die twee ryke mekaar sou verswak.

Oorlog tussen die twee kon inderdaad nie uitbly nie en reeds spoedig staan Abner en Joab by Gibeon teenoor mekaar. Joab behoort tot die drie neefs van Dawid, seuns van Dawid se suster Seruja, naamlik Joab, Abisai en Asahel, wat getroue aanhangers van Dawid was. Van hulle drie tree Joab van nou af op die voorgrond as 'n harde, onverskrokke soldaat.

In Gibeon bevind Abner hom in die stamgebied van Benjamin (Jos. 18:25), wat natuurlik by Isboset aangesluit het. Joab bevind hom daar op vyandelike gebied. Die twee partye neem stellings in aan weerskante van die dam ('n opgaardam) wat daar was en blykens Jer. 41:12 groot van omvang was. (By die opgrawings van Gibeon, enkele jare gelede, is daar groot waterwerke en ook die dam gevind.) Eers word 'n soortgelyke geveg onderneem as tussen Dawid en Goliat, naamlik 'n geveg tussen twaalf Benjaminiete en twaalf Judeërs. Die uitslag van hierdie geveg sal dan as beslissend geld. Hierdie geveg het egter onbeslis gebly, want die vier-en-twintig man het daar op die veld van die Swaardskerptes saam geval. Toe storm die twee broedervolke op mekaar af, waarby Abner verslaan word en moet vlug. Op sy vlug word hy agtervolg deur die jeugdige en onbesonne Asahel, wat nou net streef na die eer om Abner te dood. Hy is vinniger as Abner, maar Abner is 'n ervare vegter. Tot twee maal toe waarsku Abner hom om 'n ander prooi te soek, maar Asahel wou nie luister nie. Toe steek Abner hom met die skag van die spies in die onderlyf. Asahel het daar op die plek neergeval en gesterwe. Joab sal dit nie vergeet nie!

## § 216 Isboset en Abner (2 Sam. 3)

Daar was 'n lang oorlog tussen die huis van Saul en die huis van Dawid. Besondere wapenfeite uit die oorlog word nie vermeld nie; daar word net gesê dat Dawid aldeur aan die wenkant was. Dit was ontmoedigend vir Abner, en die verhouding tussen die ou leërowerste uit die dae van Saul en sy swak gunsteling Isboset het daardeur stellig versleg. Boonop het Abner hom ingelaat met Rispa, die byvrou van Saul. Hy noem dit self 'n oortreding met 'n vrou, maar dit was meer as 'n sedelike misstap: dit het ook politieke betekenis gehad, want die besit van die vrou of vroue van die koning het gegeld as 'n aanspraak op die troon van die koning. Isboset verstaan dat Abner besig was om homself te versterk in die huis van Saul, d.w.s. om in die koninklike huis 'n posisie te verwerf wat vir die koning self 'n bedreiging sou inhou. Isboset het Abner dit verwyt, maar dié het toe baie kwaad geword en wou die belange van Isboset nie langer dien nie. Hy het reguit vir hom gesê dat hy sy dienste aan Dawid sou aanbied, en Isboset het niks geantwoord nie, omdat hy vir hom bang was.

Abner voeg die daad by die woord en stuur boodskappers na Dawid om te sê dat hy Dawid wil help om die hele Israel na hom toe oor te bring. Inmiddels spoor hy die mense in Israel en Benjamin aan om Dawid, van wie hulle mos almal gehou het en wat ook die deur die HERE aangewese koning was, as koning te kies. Dawid het wel ore vir Abner se planne, maar stel diplomaties die eis dat hy sy vrou Migal wil terug hê. Dit was ook nie alleen om herstel van ondervonde onreg te verkry nie (1 Sam. 25:44), maar het ten doel gehad om as skoonseun van die koning sy aansprake op die troon te versterk. Hoe swak Isboset teenoor hierdie intriges gestaan het, blyk uit die teruggawe van Migal (v. 14-16). As Abner persoonlik na Dawid gaan om die planne te bespreek, word hy by sy terugkeer buite die medewete van Dawid op 'n lafhartige wyse deur Joab in die poort vermoor, oor die bloed van sy broer Asahel. Hier sien ons een van die verfoeilikste uitwasse van die bloedwraak. Joab skend die anders so streng geëerbiedigde gasreg. Dawid voel hom nie opgewasse teen die hardvogtige seuns van sy suster nie en laat die wraak aan die HERE oor (v. 39). Wel het Dawid die hele Israel duidelik laat merk dat dit nie van hom gekom het om Abner dood te maak nie. By die begrafnis van Abner in Hebron het koning Dawid self agter die baar aan gegaan en 'n klaaglied oor hom aangehef (v. 33, 34).

### § 217 Isboset word vermoor (2 Sam. 4)

Die dood van Abner was 'n morele skok vir sowel Isboset as die hele Israel. Hy was die sentrale figuur in die moeilike jare wat Israel ná die Filistynse oorwinning moes deurmaak, eers deur Isboset te ondersteun en ook toe hy van politiek verander het en kontak met Dawid gesoek het. As Isboset 'n kragtige figuur was, sou die dood van Abner hom 'n kans gegee het om sy eie posisie te herstel; maar hy het nog op Abner geleun nadat hy hom reeds verraai het! Van so 'n koning kon die volk niks verwag nie. 'n Ander pretendent vir die kroon was daar eintlik nie. Daar was nog 'n seun van Jonatan met die naam Mefiboset, maar in die eerste plek was hy baie jonk, nog 'n kind wat gedra moes word toe sy vader op Gilboa gesneuwel het; boonop het sy oppasster, in haar haastige vlug by die tyding van die neerlaag op Gilboa, hom laat val, waarby die kind 'n besering aan sy voete opgedoen het, sodat hy sy lewe lank lam was aan altwee sy voete. Hy was dus ongeskik vir die koningskap. Daarom het Israel hulle oë steeds meer op Dawid gerig. Selfs Saul se eie stamgenote, die Benjaminiete, het ontrou aan Isboset geword: twee van hulle, Baëna en Regab, het hom in sy middagslaap vermoor. Die moordenaars gaan met die hoof van die vermoorde koning na Dawid in die mening dat Dawid hulle sal beloon. Hulle het egter min begryp van die godsvrug van Dawid, wat hulle daad as 'n misdaad bestempel en die moordenaars op Smadelike wyse laat teregstel. Die hoof van Isboset is in die graf van Abner begrawe. Intussen is die misdade van ander mense, buite die toedoen van Dawid self, deur God gebruik om vir Dawid die weg na die troon van Israel te baan. Nie deur die intriges van Abner het Dawid koning geword nie, maar deur die leiding van God wat Dawid steeds geduldig afgewag het.

### § 218 Dawid as koning oor Israel gesalf (2 Sam. 5 :1-5)

Deur die dood van Isboset is Israel sonder koning. Juda alleen het 'n koning. Na hom gaan al die stamme van Israel nou om hom as koning oor die hele Israel te salf. Die eerste wat hulle vir Dawid sê, is: U been en u vlees is ons! Met hierdie woorde word 'n einde gemaak aan die stryd tussen die twee volksgroepe (§ 215) en word die verwantskap tussen Israel en Dawid beklemtoon. Dawid is volgens die eis van Deut. 17:15 'n koning "uit die midde van die broers". Volgens hierdie woorde van vrede en oorgawe bring hulle in herinnering dat Dawid lankal, reeds in die dae van Saul, Israel "uit- en ingelei het", d.w.s. hy het aan die hoof van die krygsmanne van Israel uitgetrek en hulle as oorwinnaars weer teruggelei (1 Sam. 18:5, 16); die hele Israel het toe reeds van Dawid gehou. Die sterkste argument wat Israel tot

hierdie koningskeuse beweeg, is egter dat hulle erken dat die HERE Dawid geroep het om sy volk op te pas. Koning Dawid het toe met die oudstes van Israel 'n verbond gesluit voor die aangesig van die HERE, en die oudstes het Dawid as koning oor Israel gesalf. In 'n uitspraak van God soos in 2 Sam. 12:8: "Ek het die huis van Juda en Israel aan jou gegee," lyk dit asof Juda en Israel twee afsonderlike volksgroepe is wat by wyse van 'n *personele unie* in een hand saamgevoeg is. Dawid is koning van Juda en koning van Israel. Hierdie eenheid het stand gehou totdat Israel hom weer van die huis van Dawid losgemaak het met die woorde: "Kyk na jou eie huis, Dawid! " (1 Kon. 12:16).

## § 219 Die residensie van Dawid (2 Sam. 5:*6*—9; 1 Kron. 11:4-8)

Tussen Juda en Israel in was Jerusalem geleë, 'n ou stad wat op die tydstip van ons verhaal reeds 'n lang geskiedenis agter die rug het. Die eerste keer dat ons in die Ou Testament van hierdie stad verneem, is by die ontmoeting tussen Abram en Melgisedek, die koning van Salem (= Sion of Jerusalem, Ps. 76:3); die stad was toe die setel van 'n priesterkoning van "God die Allerhoogste". Ook Moria (Gen. 22) was in die onmiddellike nabyheid van die stad geleë (2 Kron. 3:1). Buite-Bybelse berigte, naamlik die Amarna-briewe (korrespondensie tussen die Farao's uit die veertiende eeu en hul Palestynse vasalle), noem die stad ook. In die Ou Testament lees ons weer van die stad by die inneming van die beloofde land deur Josua. Dit verskyn dan in die ry van verowerde stede sonder om 'n spoor van sy godsdienstige karakter uit die dae van Abram te vertoon. Josua het die koning van Jerusalem en sy bondgenote verslaan (Jos. 10). Jerusalem is ingedeel by Benjamin (Jos. 18:28), maar die Jebusiete is nie verdryf nie (Jos. 15:63). In Rigters 1 word weer melding gemaak van 'n verowering van Jerusalem (v. 8), egter weer met dieselfde onvolledige uitslag (v. 21), sodat die Judeërs (Jos. 15:63) en die Benjaminiete saam met die Jebusiete daar gewoon het.

Dawid trek nou teen die Jebusiete op. Die vreemde element midde-in sy pas gestigte ryk kan hy nie langer duld nie. Sy aanval is gerig op die bergvestiging Sion. Dit is hier die eerste keer dat ons dié naam teëkom. Sion was geleë op die suidoostelike heuwel van die stadsgebied en vanweë sy steil hellings baie moeilik om in te neem. Wie Sion het, beheers die hele stad. Die Benjaminiete was seker nie toegelaat om daar te woon nie. Die stad bestaan uit verskillende dele wat deur laagtes van mekaar geskei was, en in daardie tyd was daar seker ook 'n woongebied op die westelike heuwel aan die ander kant van die (later so genoemde) Tyropoiondal.

Die Jebusiete ag hulle vesting onneembaar en roep Dawid toe: Jy sal hier nie inkom nie, want die blindes en lammes sal jou verdrywe. Dawid het die woorde oorgeneem en gesê dat "die blindes en lammes" - hy bedoel dan die verdedigers van die stad, die Jebusiete - in die waterkanaal gewerp moet word. Dawid se siel het 'n afkeer van hulle! Hulle was heidene, onbesnedenes, wat waarskynlik in verband met die "Seevolke" hulle daar gevestig het, ná die Amoriete wat daar nog was in die tyd van Josua (10:5), en aan die stad die naam Jebus gegee het. Op grond van Eseg. 16:1-3 kan vermoed word dat hulle van Hetitiese afkoms was.

Die "waterkanaal" is waarskynlik 'n verbinding tussen die Sionsburg en die Gihonbron onderaan die oostelike helling, waarlangs tydens 'n beleëring ongemerk water uit die bron gehaal kon word (Hiskia het die kanaal later deur 'n tonnel vervang, § 399). Dit skyn asof Dawid juis die waterkanaal as aanvalsplek gekies het. Volgens 2 Kron. 11:6 het Joab hom by die inneming van die stad heldhaftig gedra en eerste opgeklim, waarskynlik juis deur die waterkanaal, en so die burg bereik.

So het Dawid dan die bergvesting Sion ingeneem; hy het daar gaan woon, die burg nog meer versterk en die vesting na homself die Stad van Dawid of "Dawidsburg" genoem. Daardeur kry die besit van Sion 'n persoonlike stempel: dit is die eie stad van Dawid en sy

nakomelinge. In plaas van Hebron, wat ver in die suide geleë is, word Jerusalem nou die hoofstad. Dit was 'n verstandige keuse van Dawid. In die eerste plek vanweë die sentrale sowel as die veilige ligging daarvan; in die tweede plek was Jerusalem nòg spesifiek Judees nòg spesifiek Israelities, maar ná sy lang Jebusitiese oorheersing 'n nuwe toevoeging tot die gebied van Dawid, sodat Juda sowel as Israel sonder jaloesie met die nuwe hoofstad tevrede kon wees; ten slotte was Jerusalem sinds ou dae met 'n nimbus van heiligheid omgewe, waaraan Dawid verder gespin het deur die ark soontoe te bring.

Sion, 'n naam waarmee later nie net die burg Sion nie, maar ook die Tempelberg, ten noorde daarvan, en ten slotte die hele stad aangedui word, is egter ook deur God self verkies om daar te woon (1 Kon. 11:36; Ps. 76:3; 78:68; 87:2; 132:13, 14). Die Dawidstad. is ook Godstad! Hieruit blyk die baie nou band tussen God en Dawid, nouer as tussen Hom en die volk Israel of Juda. God het Sy verkiesende liefde laat kulmineer in Dawid en sy huis. waaruit die Christus sou voortkom (2 Sam. 7), en meermale lees ons dat God Juda genadig is ter wille van Dawid (1 Kon. 15:4; 2 Kon. 8:19 e.a.) en dat Hy aan Sy kneg Dawid "'n lamp" (simbool van lewe en welvaart) gee voor Sy aangesig in Jerusalem, die stad waar Hy verkies het om te woon! (1 Kon. 11:36).

## § 220 Die onderwerping van die Filistyne (2 Sam, 5 :17-25 e.a.)

Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning oor (die hele, 1 Kron. 14:8) Israel gesalf was, het hulle 'n gevaarlike vyand in hom gesien en opgetrek om hom te soek. Dit was dus blykbaar nog voor die verowering van die Sionsberg, anders sou hulle nie nodig gehad het om hom te soek nie. (Die vyfde hoofstuk van 2 Samuel bevat verskillende kort berigte - v. 1-5; 6-10; 11, 12; 13-16; 17-25 - sonder dat 'n streng chronologiese volgorde in ag geneem word.)

Die Filistyne trek ver die land Juda in; hulle mag was nog groot ná die slag op Gilboa (kyk 23:8, waar ons lees van besetting van Betlehem). Hulle het hulle versprei in die dal Refaim suidwes van Jerusalem (Jos. 15:8). Dawid het die HERE geraadpleeg en op Sy antwoord teen hulle opgetrek en hulle verslaan. Die magtige Filistyne is egter nie in een keer verslaan nie; hulle het dadelik weer opgetrek. Toe het die HERE self as die Aanvoerder van Sy leërskare 'n krygsplan ontwikkel en voor Dawid uit getrek om die Filistyne te verslaan (v. 23, 24). Verskillende skermutselinge met die Filistyne het daarna nog plaasgevind (8:1, 21:15-22; 23:8 e.v.; 1 Kron. 20; 4-8). Dawid het soms moeg geword, maar sy helde het hom trou bygestaan, sodat hy die Filistyne kon onderwerp. Hoe hopeloos hulle posisie geword het, blyk hieruit dat Filistynse beroepsoldate maar liewer by Dawid in diens getree het as om in die stryd vir hul eie land steeds aan die verloorkant te wees (Kreti en Pleti, 2 Sam. 8:18, en Gittiete, 15:18).

Tog is die Filistyne nie vir goed vernietig nie. Verskillende latere konings van Juda het las van hulle ondervind (2 Kron. 21:16; 26:6; 28:18; 2 Kon. 18:8). Hulle het altyd naas Juda bly bestaan en saam met Juda die druk van die wêreldmagte ondervind.

## § 221 Die onderwerping van ander vyande (2 Sam. 8)

Die eerste van hulle wat vermeld word, is die Moabiete. Die verhouding tussen Israel en die Moabiete was sinds die optrede van Bileam gespanne (Num. 22). Eglon het Israel verdruk (§ 154). Saul het ook teen Moab geveg (1 Sam. 14:47). Solank as Dawid as vyand van Saul beskou is, kon hy sy ouers in Moab in veiligheid bring, maar toe Dawid koning geword het, was dit met die vriendskap klaar. Watter gebeurtenisse tot oorlog aanleiding gegee het, word nie vermeld nie; net dat Dawid hulle verslaan het. Hy het hulle gemeet met 'n lyn deur hulle op die grond te laat lê; hy het twee mate gemeet om dood te maak en een volle maat om te laat lewe. Hierdie maatreël lyk wreed, maar dikwels is álle krygsgevangenes oor die kling

gejaag. Dawid spaar *ruim* (een volle maat) een derde deel! Ongetwyfeld dink hy aan die beskerming wat sy familie in Moab geniet het, en miskien is sy barmhartigheid ook te danke aan die omstandigheid dat die Moabitiese Rut 'n stammoeder van die. huis van Dawid was. Verder het die Moabiete Dawid se belastingpligtige knegte geword.

Ander vyande was Hadadeser van Soba, 'n land uit die Libanon-gebied. Saul het ook al teen die konings van Soba geveg (1 Sam. *14:41).* Nou word hulle gehelp deur die Arameërs van Damaskus, 'n volk waarvan die Israeliete later nog baie las ondervind het. Ook die Ammoniete het hulle hulp gekry in die stryd teen Dawid (hfst. 10). Baie gevare het die jong ryk van Dawid vanuit die noorde en die ooste bedreig, maar Dawid het hulle almal verslaan en baie buit geroof. Op sy terugtog ook Edom nog. Die HERE het Dawid die oorwinning gegee oral waar hy getrek het, sodat hy gedurig groter en magtiger geword het.

## § 222 Dawid in Jerusalem (2 Sam. 5-7; 1 Kron. 14-17)

Die sentrum van die ryk van Dawid was Jerusalem. Hy het die stad versterk en 'n paleis laat bou. Die materiaal daarvoor en ook die ambagsliede (skrynwerkers en klipkappers) het uit Fenicië gekom en is deur Hiram, die koning van Tirus, gestuur. Die Feniciërs het deurgaans vriendskaplike betrekkinge met Israel onderhou; hulle was 'n volk van koopliede. 'n Vreedsame agterland, wat deur wagposte en besettings van Dawid in bedwang gehou is, het hulle goed te stade gekom.

Nadat Dawid met sy ses vroue en hulle seuns (3:2-5) uit Hebron na Jerusalem opgetrek het, het hy daar nog meer vroue en by-vroue geneem (5: 13-16). Hiermee wou hy, volgens Oosterse opvatting, die glorie van sy hofstaat verhoog, maar dit was nie volgens die wil van die HERE nie (Deut. 17:17).

Dawid het sy ryk goed georganiseer deur bekwame staatsamptenare aan te stel (8:16-18). Hy het siviele, militêre en geestelike ampsdraers gehad. Die hoogste siviele outoriteit was die kanselier of grootvisier; dit was Josafat. Dan volg die skrywer (= staatsekretaris); dit was Seraja. Verder was daar Adoram wat oor die dwangarbeid aangestel was (20:24). Die hoogste militêre outoriteit was Jöab wat oor die leër was. 'n Ander hoë militêre posisie was dié van Benaja, die seun van Jojada (vgl. 2 Sam. 23:20), wat oor die Kreti en die Pleti was, d.i. Filistynse soldate in persoonlike diens (lytwag?) van die koning. Sulke buitelandse soldate was vrywilligers en betroubaarder as volksgenote in sover hulle geen nasionale belange gehad het nie, maar net aan die persoon van die koning geheg was. In die opstande van Absalom en Adonia was hulle dan ook getrou aan Dawid. Hul bevelhebber het 'n selfstandige posisie gehad, onafhanklik van die opperbevelhebber van die leër, en direk ondergeskik aan die koning. Die hoogste geestelike ampsdraers was Sadok, die seun van Ahitub, en Ahimeleg, die seun van Abjatar. Hulle het die twee priestergeslagte verteenwoordig: Sadok die lyn van Eleasar en Ahimeleg die lyn van Itamar (1 Kron. 24:1-3). Die seuns van Dawid was priesters (!) (8:18) of, soos 1 Kron. 18:17 sê: hulle was in diens van die koning.

Die aansien en eer van Jerusalem word nog verder verhoog as Dawid die ark daarheen oorbring (2 Sam. 6; 1 Kron. 13; 15; 16). Die ark het jare lank in Kirjat-Jearim in die huis van Abinadab op die heuwel gestaan (§ 183). Die kort afstand na Jerusalem (omtrent twee uur loop) is ten gevolge van die gerig oor Ussa nie in een keer afgelê nie. Tussenin het die ark drie maande in die huis van Obed-Edom, die Gittiet (d.w.s. afkomstig van Gat), gestaan. Verskeie voorskrifte omtrent die vervoer van die ark is by die eerste keer veronagsaam. Die hele saak van die vervoer van die ark, die vernaamste van die heilige voorwerpe, waaroor die Naam van die HERE van die leërskare wat op die gerubs troon, uitgeroep is (Jes. 63:19), is op 'n ongeestelike wyse aangepak. Dit begin al met die voorbereidende beraadslaginge wat deur Dawid gevoer is met sy offisiere asof dit 'n militêre aangeleentheid was (1 Kron. 13:1);

verder sit hulle die ark, net soos die Filistyne gedoen het, op 'n nuwe wa met osse - goed bedoel, maar nie volgens die wil van God nie. As die osse dan struikel en Ussa, wat saam met *sy* broer *Agjo* - seuns (van Eleasar, 1 Sam. 7:1, kleinseuns) van Abinadab - die wa bestuur, sy hand uitsteek en die ark vashou, is die toppunt van onwettighede bereik (Num. 4: 15). Die toorn van die HERE het teen Ussa ontvlam, en God het hom daar getref oor die vergryp, sodat hy daar by die ark van God gesterf het. Dit bring hulle tot besinning. Dawid het ontroerd geword en bevrees vir die HERE. Hulle het *die* heiligheid van die HERE vergeet, maar nou, in die diepe besef daarvan, sê Dawid: *Hoe kan die ark van die* HERE *na my kom?* (vgl. Lev. 10:3).

Die tweede keer word die voorskrifte van die wet in ag geneem: die Leviete het die ark gedra (1 Kron. 15:15); die "geestelikheid" (die priesters) neem nou die leiding. Met besondere plegtigheid en musiek is die ark toe gebring. Toe die stoet net in beweging was (toe die draers ses tree geloop het), het Dawid 'n bees en 'n vetgemaakte kalf geoffer. Hierdeur is aan die optog 'n gewyde karakter gegee. Dawid self het hom priesterlik gedra by hierdie plegtigheid: hy het die volk geseën (2 Sam. 6:18) en was omgord met 'n linne-skouerkleed (efod). Hy het ook gedans en gehuppel saam met die hele volk. Migal, wat dit gesien het, het selfs gesê dat hy hom ontbloot het. In haar ergernis het sy seker oordryf. Sy kon dit egter nie sonder enige aanleiding gesê het nie. In die gedrag van Dawid was iets van geestelike vervoering (ekstase) waarin hy hom één voel met sy volk en, ongeag sy koningskap, saam met die geringstes van sy volk vrolik was voor die aangesig van die HERE. In haar ergernis toon Migal die gees van die huis van Saul, wat hulle nooit oor die ark bekommer het nie (1 Kron. 13:3). Met geskenke word die feestelikhede besluit: Dawid het aan elkeen van Israel, manne sowel as vroue, een broodkoek en een stuk vleis en een rosynekoek uitgedeel.

"Die ark word neergesit binne-in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het. Vervolgens bring hy brandoffers en dankoffers, d.i. versoeningsoffers en feestelike offers. Ook reël hy liturgiese musiek voor die ark van die HERE om die HERE te roem en te loof en te prys (1 Kron. 16:4). Self maak hy 'n psalm, 'n "Loof die HERE", wat deur Asaf en sy broers gesing moes word (1 Kron. 16:7). Van hierdie psalm vind ons gedeeltes in die psalmbundel terug, byvoorbeeld in Psalm 96,105 en 106.

In die tent in Jerusalem staan die ark dus geskei van die tabernakel, wat ná Silo eers in Nob was en daarna, waarskynlik ná die uitmoording van die priesters deur Doëg, in Gibeon. Daar is Sadok aangestel om die erediens met die môre- en aandoffers en met musiek waar te neem. Dawid het baie gedoen vir die liturgiese musiek (1 Kron. 16:37-42; § 235).

Die oorbring van die ark na Jerusalem was van groot betekenis. Die staatkundige hoofstad word nou ook die religieuse sentrum en versterk die saambinding van die gebiedsdele Juda en Israel; ook word die aanbidding van die HERE (JHWH, § 87) hierdeur die openlik geproklameerde godsdiens van volk en staat; omgekeerd het die erkenning van die HERE Dawid as teokratiese koning gewaarmerk en sy posisie in die oë van sy volk sowel as in dié van die vyande rondom versterk.

Tog was die oorbring van die ark nog maar 'n eerste stap in hierdie rigting; daar was ook nog erediens by Gibeon. Volledige sentralisasie (Deut. 12:5) sou slegs volg op die bou van die tempel in Jerusalem. Dawid het dit ook wel in gedagte gehad, maar die HERE self het hom dit verbied. Hierdie verbod was onverwags, selfs vir die profeet Natan (van wie ons hier die eerste keer hoor; tydens sy omswerwinge was Gad Dawid se raadgewer van Godsweë, 1 Sam. 22:5). Natan het eers die plan van die koning toegejuig en gesê: Die HERE is met u. In dieselfde nag het die HERE egter aan Natan gesê dat Dawid nie 'n huis vir Hom moet bou nie, en met dié boodskap moet Natan die volgende môre na Dawid gaan. Duidelik sien ons hier dat 'n profeet nie uit sy eie hart mag spreek nie, maar slegs soos die HERE hom beveel.

Die motief van die weiering is dat die HERE nog nooit in 'n huis gewoon het nie, maar saam met Sy volk in 'n tentwoning rondgetrek het. Tog mog Salomo wel 'n tempel bou! Geld vir hom dan nie dieselfde argument nie? Nee, want met die koningskap van Salomo het die ryk 'n ander tydvak binnegegaan. Vir sover die ryk Israel die koninkryk van God afbeeld, is die regering van Dawid die tyd van stryd, die regering van Salomo die tyd van oorwinning, die afskaduwing van die "regnum gloriae", waarin God alles in almal is (1 Kor. 15:28). Dan gaan God nie langer met Sy kerk van alle eeue deur die geskiedenis rond om dit te beskerm nie, maar vind Hy self Sy rus in ewige heerlikheid, afgeskadu in die tempel van Salomo. (Lees 2 Kron. 6:41.)

In ooreenstemming hiermee is die ander motief, naamlik dat Dawid soveel bloed vergiet het (1 Kron. 22:8, 9); hy was die stryder vir die ryk!

Die HERE het egter nóg 'n boodskap vir Dawid. Natan sê ook: Die HERE gee jou te kenne dat die HERE vir jou 'n huis sal stig!

Dit sal dus juis andersom wees!

Die huis wat God vir Dawid sal bou, bestaan hierin dat ná sy dood sy seun sal regeer en sy koningskap bevestig sal word, ja, sy troon tot in ewigheid. Jou huis en jou koningskap - want dit is één - sal bestendig wees tot in ewigheid, sê die HERE.

Hierdie "huisbelofte" is vervul in die op mekaar volgende konings van Juda wat almal nakomelinge van Dawid was.

Hierdie profesie het egter ook 'n dieper sin; en omdat Dawid 'n profeet was, het hy dit verstaan (Hand. 2:20); hy het verstaan dat God uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit (kyk ook Luk. 1:32). Hierdie profesie het dus 'n tweeledige strekking, wat ons kan onderskei as 'n eerste en 'n tweede, 'n tydelike en 'n ewige - soos dit ook die geval is met die Immanuelteken (§ 383). Die tydelike strekking betref Salomo en die konings van Jerusalem, maar daarin skuil ewige, messiaanse trekke, want daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit en Hy sal die tempel van die HERE bou (Sag. 6:12), dit is die kerk van Christus, en Hy sal in ewigheid regeer (Ef. 1:20).

Die messiaanse belofte, tot nog toe verbonde aan die stam van Juda, word nou nader verbind aan een huis uit Juda, die huis van Dawid, daarom word Christus die Seun van Dawid genoem.

Dawid sal dus nie vir die HERE 'n huis bou voordat die HERE vir hom 'n huis gebou het nie. Eers moet God in die belofte van die Messias die grondslag lê van 'n woning van God in die *Gees* (Ef. 2:22) voordat die tempel in Jerusalem die simbool kan wees van die inwoning van God onder Sy volk!

Die gedagtes van God is hoër as dié van die mense, as dié van 'n koning en 'n profeet!

Nadat Dawid die boodskap van die profeet Natan ontvang het, stort hy sy hart voor die HERE uit in 'n ootmoedige dankgebed (7:18 e.v.), en hoe gretig hy die belofte dat sy seun die tempel mag bou, aanvaar, blyk uit die toebereidsels wat hy maak vir die werk wat sy seun, jonk en teer, moet onderneem (1 Kron. 22).

Al wat Dawid in Jerusalem gedoen het, is nie so belangrik as die profesie van Natan nie; dit is die eintlike bevestiging van sy posisie, nie deur eie bouwerke nie, maar deur die belofte van God.

## § 223 Dawid en die huis van Saul (2 Sain. 9 en 21)

Dawid het vir Saul by die HERE gesweer dat hy sy geslag ná hom nie sou uitroei nie (1 Sam.

24:22). Hy het dit ook nie gedoen nie; inteendeel, hy het gesoek na iemand wat nog oor was uit die huis van Saul, dat hy guns aan hom kon bewys ter wille van Jonatan. Sy knegte het toe 'n dienaar van Saul met die naam Siba laat haal, dat hy aan die koning inligting kon verskaf. Hierdie Siba het vyftien seuns en twintig slawe gehad. Waar hy met al hierdie werkkragte gewoon en gewerk het, word nie gesê nie, maar dit skyn dat hy daarmee op die grond van Saul agtergebly het. Van hom verneem Dawid dat daar nog 'n seun van Jonatan is, Mefiboset, wat lam is aan altwee voete (4:4). Hy is egter nie by hom nie, maar vertoef in Lodebar, wat in die omgewing van Mahanaim, die vroeëre woonplek van Isboset, geleë was. Hy het daar skuilplek gevind by Magir, die seun van Ammiël.

Dawid laat Mefiboset haal. As hy by die koning inkom, is hy bevrees. Wat wil die koning met hom doen? Maar Dawid stel hom gerus: hy wil hom guns bewys ter wille van sy vader Jonatan en al die grond van Saul aan hom teruggee, terwyl Mefiboset self altyddeur aan die tafel van die koning brood sal eet. Dawid gee aan Siba bevel om die grond te bewerk en die vrugte in te bring "dat die seun van jou heer brood het om te eet", d.w.s. inkomste het. Stellig was hierdie nuwe reëling vir Siba minder voordelig as om so ongemerk op die landerye van Saul te boer. Sy latere gedrag wek die vermoede dat hy afgunstig was op Mefiboset. Toe Dawid vir Absalom moes vlug en die gebreklike Mefiboset in Jerusalem agtergebly het, het Siba die koning tegemoetgegaan met padkos en gesê dat Mefiboset gehoop het dat hy die koningskap van Saul sou terugkry. Dawid het toe die besittings van Mefiboset aan Siba gegee (16:1-4). As Dawid egter ná die val van Absalom weer terugkeer na Jerusalem, gee Mefiboset 'n heeltemal ander verklaring van die gebeurtenisse: Siba het hom bedrieg! (19:24-30). Wie spreek nou die waarheid? Dawid kan dit in die omstandighede waarin hy verkeer, nie ondersoek nie. Hy sê: Waarom nog meer woorde? Ek sê: Jy en Siba moet die grond verdeel. As Mefiboset dan antwoord: Hy kan ook alles neem nadat my heer die koning behoue in sy huis gekom het, lyk die verloop van die saak wel enigsins na die verhaal wat ons in 1 Kon. 3:16-27 lees.

Ander nakomelinge van Saul wat deur Dawid in die lewe gelaat is, het aan die bloedwraak ten offer geval.

In die dae van Dawid was daar 'n hongersnood, drie jaar lank. Dawid het toe die aangesig van die HERE gesoek en die HERE het gesê: Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop 'n bloedskuld rus, omdat hy die Gibeoniete omgebring het. In die geskiedenis van Saul word dit nie vermeld nie; ons verneem nou eers dat hy dit gedoen het en dat hy dit gedoen het in sy ywer vir die kinders van Israel en Juda. Hierdie daad van Saul moet aangemerk word as een van die rigoristiese buitensporighede waarvan ons meer voorbeelde gesien het. Hoewel die Gibeoniete inderdaad Amoriete was, het Saul, deur hulle om te bring, tog die eed geskend wat Josua hulle gesweer het (Jos. 9).

Die bloedskuld wat Saul hiermee op sy huis gelaai het, kan nie met 'n losgeld weggeneem word nie (Num. 35:31): sewe manne van sy seuns, so eis die Gibeoniete, moet opgehang word "voor die HERE", d.w.s. volgens Goddelike reg, en "in Gibea van Saul", d.w.s. tot smaad vir Saul. Ongetwyfeld het daar indertyd meer as sewe Gibeoniete deur die swaard van Saul geval, maar hulle eis sewe manne, omdat die getal sewe die simbool van volledigheid is.

Dawid antwoord aan die Gibeoniete: Ek sa! hulle gee. Hy kan nie anders nie. Die bloedwraak is onverbiddelik. Dawid lewer twee seuns van Saul en sy byvrou Rispa (3:7) en vyf kleinseuns van Saul, naamlik die seuns van sy dogter Merab (1 Sam. 18:19), aan die Gibeoniete uit. Mefiboset, die seun van Jonatan, het hy verskoon. Die Gibeoniete het die sewe manne gedood en aan pale opgehang. Daarna het God Hom oor die land ontferm, d.w.s. weer reën gegee. Hieruit blyk dat die dood van die sewe manne 'n gerig van God was - in die begin van die garsoes, dit is die tyd van die Paasfees!

Smartlik was die gerig vir Merab (as sy nog gelewe het) en vir Rispa. Sy het wel nog gelewe. Hartroerend is die toneel van haar dodewag op die rots (21:lOe.v.).

In Mefiboset het die geslag van Saul voortbestaan. Hy het 'n seun, Miga, gehad wie se talryke nageslag in 1 Kronieke 8 vermeld word. Die geslag van Saul is nie uitgeroei nie. Daar is ook barmhartigheid in die gerig.

## § 224 Oorlog met Ammon (2 Sam. 10)

Die verhouding tussen Dawid en Ammon was aanvanklik vriendskaplik, al was dit ook maar net omdat Ammon, deur Saul swaar gestraf (§ 193), Dawid as vyand van Saul en gevolglik as hul vriend beskou het. By 'n troonwisseling in Ammon kom daar egter verandering in die verhouding. Nahas - as hy lank aan die regering was. moontlik dieselfde as die beleëraar van Jabes in Gilead - het gesterwe, en sy seun Hanun het in sy plek koning geword. Dawid stuur **toe** "dienaars" (hooggeplaaste amptenare) na Rabba om Hanun oor die dood van sy vader te troos. So 'n kondoleansiebesoek het in die **ou** Ooste reeds tot die onderhouding van goeie diplomatieke betrekkinge behoort (vgl. 1 Kon. 5:1). Die vorste van Ammon waarsku die jong koning egter, omdat hulle Dawid nie vertrou nie en in die sending verkapte spioenasie sien. Hierop het Hanun baie onversigtig en fel gereageer deur die gesante van Dawid smadelik te bejeën: hy skeer die een helfte van hul baard af en sny ook hul klere in die helfte af, tot by die agterdele (vgl. Jes. 20:4).

Sy baard is - uitgesonderd in Egipte (Gen. 41:14) - die Oosterling se trots!

Hierdie behandeling van die dienaars van Dawid was 'n uitdaging. 'n Oorlog was onvermydelik en is van weerskante met inset van alle kragte gevoer. Ammon roep die Arameërs, ook vyande van Dawid (8:3 e.v.), te hulp. Dawid stuur Joab met die hele leër, die helde, in die stryd. Ammon stel die slagorde op by die stadspoort, sodat hulle desnoods in die stad veiligheid kon soek; die Arameërs word in die oop veld opgestel. Joab moet dus teen twee fronte veg. Self val hy die Arameërs aan, sy broer Abisai die Ammoniete. Hoe ernstig die toestand was, blyk wel uit die vrome woorde (v. 12) van die anders so self versekerde Joab.

Die Arameërs slaan op die vlug, en die Ammoniete trek hulle terug in hul hoofstad Rabba. Die stryd is onbeslis. Joab gaan na Jerusalem om die koning op die erns van die toestand te wys. Die Arameërs kry inmiddels hulp van hulle stamgenote van oorkant die Eufraat waar Hadareser (= Hadadeser, 8:3), die koning van Soba, ook mag gehad het. Hulle kom onder aanvoering van Sobag (1 Kron. 19:16: Sofag), die leërowerste van Hadareser, na die gevegsterrein. Dawid roep nuwe troepe op en trek self saam die Jordaan oor. By Helam, êrens in die noorde van die Oos-Jordaanland, ontmoet die vyande mekaar. Dawid kon hulle verslaan en die land uit 'n kritieke situasie red. Sobag het aan sy verwondings gesterf. Hiermee was (voorlopig) die krag van Aram gebreek, maar die Ammoniete het nog veilig verskans gesit in hul hoofstad Rabba. Ná verloop van die jaar, teen die tyd dat die konings uittrek, d.w.s, ná die winterreëns as die geskikte seisoen vir oorlogvoering weer aanbreek, stuur Dawid Joab na die land van die Ammoniete; die land word verniel en Rabba beleër, terwyl Dawid in Jerusalem bly.

## § 225 Batseba (2 Sam. 11)

Dawid bly in Jerusalem. Hierdie mededeling dien ter inleiding tot die verhaal van die swartste periode uit die lewe van Dawid. Dawid hoef nie verwyt te word omdat hy nie met die leër saam uitgetrek het nie. Hy het die reg gehad om by die huis te bly. Hy was dikwels genoeg in die veld. Tog gee die verhaler van hierdie geskiedenis die indruk dat Dawid hom

oor die stryd by Rabba nie te veel bekommer het nie. Hy het sy aangename middagslaap in die warme Jerusalem lank gerek, tot die aand toe, en toe verposing gesoek in die koelte op die dak van sy paleis. Daar het hy meer aandag gegee aan 'n mooi jong vrou wat êrens in die laer geleë huise rondom sy paleis besig was om te bad, as aan die gevare waaraan Joab en sy manskappe rondom die mure van Rabba blootgestel was. Van vertroue op die HERE in die voortdurende oorlogspanning is daar geen sprake nie. Dit lyk asof Dawid verdwaal is in die natuurlike neigings van die sondige menselewe, ver van God af!

Dat die vrou nie op 'n meer afgesonderde plek bad nie, bewys dat sy nie deur preutsheid gepla was nie. Sy was baie mooi van aansien, wat sy natuurlik self ook geweet het. Ook was sy nog jonk. Sy was die dogter van Eliam, een van Dawid se dapperste helde, en haar grootvader, Agitofel, die Giloniet, was ook 'n tydgenoot van Dawid, naamlik sy raadsman (2 Sam. 23:34; 15:12). Verder kan aangeneem word dat Batseba in 'n lewenslustige stemming verkeer het; sy het haar juis van haar onreinheid gereinig (v. 4); haar periode van onwel wees waarin 'n vrou onrein is (Lev. 12:1) èn die sewe daaropvolgende dae van reiniging (Lev. 15:28) was verby. Die bad (wat Dawid aanskou het) was die uiterlike seremonie daarvan. Maar in haar opgewekte stemming is sy alleen: haar man is op kommando. Die koms van die boodskappers van Dawid was 'n welkome afleiding in haar eensaamheid!

In hierdie verleidelikhede van die situasie is egter niks wat ter verontskuldiging van hul daad kan dien nie. As Dawid inligting inwin, verneem hy dat die vrou Batseba heet en dat sy die vrou is van Uria, die Hetiet, 'n vreemdeling van afkoms, maar 'n dapper soldaat in die leër van Dawid. Hierdie inligting moes Dawid weerhou het om enige stap verder te gaan in die rigting van sy natuurlike neigings. 'n Oosterse man kon volgens die sedes van dié tyd by wyse van spreke soveel vroue neem as hy wou. Dawid het daarvan ook ruimskoots gebruik gemaak. Maar een saak is ten alle tye verbied. naamlik om iemand ánders se vrou te neem! Maar Dawid vergeet alle sede en reg. Dit skyn asof hy losgelate is. Hy laat die vrou tog haal. Batseba gaan met die boodskappers saam. Sy het by die koning ingekom in sy paleis, en die saamwees het daarop uitgeloop dat Dawid gemeenskap met haar gehad het. Blykbaar het Batseba haar dit laat welgeval; sy het nie gesê dat so iets in Israel nie gedoen mog word nie (13:12). Daarna het Batseba na haar huis teruggegaan.

Sy het swanger geword. Dit hoef 'n mens nie te verbaas nie, gesien die tydstip van haar vroulike lewensritme waarop die ontmoeting plaasgevind het. Tewens stel die skrywer deur die vermelding daarvan bekend dat die vrou nie van haar eie man swanger kon wees nie.

Die vrou het gestuur om Dawid te laat weet: Ek is swanger.

In die kort boodskap lê die uitdaging: U moet nou maar weet wat u moet doen. Maar dit was vir Dawid 'n ernstige moeilikheid. As iemand met sy naaste se vrou owerspel pleeg, moet hy en sy wat owerspel pleeg, sekerlik gedood word - so lui die wet van God (Lev. 20:10; Deut. 22:22).

Wat moet Dawid doen? Hy sal probeer bewerk dat Uria tuis kom om sy vrou te besoek, maar daarin slaag hy nie. Uria het meer bekommernis oor die oorlog en oor die manskappe as Dawid. Nou gryp Dawid na die ou middel: die man doodmaak en die vrou neem (Gen. 12:12 e.a.). Hy word nou ook nog moordenaar! Opsetlik moet Joab Uria op gevaarlike plekke laat veg, dat hy kan sneuwel. Joab doen dit. Hy wil teenoor die koning wat sy moord op Abner so streng veroordeel het, wel 'n troef in hande hê.

Spoedig kom die berig dat Uria gesneuwel het. Met veel omhaal van woorde stuur Joab die berig, en met ewe veel omhaal van woorde stuur Dawid 'n voorgewende bemoediging terug. Maar in al die woorde gaan dit maar om een ding, om een doel wat bereik is: Uria is dood.

Batseba rouklaag, en nadat die routyd verby was, het Dawid gestuur en haar in sy huis

opgeneem. Sy het sy vrou geword en vir hom 'n seun gebaar.

Sake lyk nou reg.

Maar dit was verkeerd in die oë van die HERE!

## § 226 "U is die man!" (2 Sam. 12 :1-25)

'n Sekere tyd lank neem die lewe sy gewone loop. Die beleëring van Rabba het geëindig met die inneming van die stad. Dawid self het aan die laaste gevegte deelgeneem. Joab het die koning gevra om dit te doen, sodat hy nie die stad sou inneem en sy naam daaroor uitgeroep word nie. Die "uitroep van iemand se naam" beteken die proklamasie van eiendomsreg (2 Sam. 6:2). Joab het besef dat dit hom nie toekom nie, maar die koning. Met 'n baie groot buit keer Dawid na Jerusalem terug, o.a. 'n swaar goue kroon met 'n kosbare steen daarin. Volgens die berig in 1 Kron. 20:2 was dit die kroon van Milkom; dit is die naam van die God van Ammon (1 Kon. 11:5); volgens die berig in 2 Sam. 12:30 was dit die koningskroon. Die kroon was baie swaar - 'n talent goud - te swaar vir 'n mens om dit op sy kop te dra ('n afgodsbeeld van klip kan dit beter uithou). Dawid het dan ook net die kosbare steen op sy hoof laat kom, d.w.s. in sy kroon gesit. Die Ammoniete is tot dwangarbeid veroordeel. Op grond van 17:27 kan ons aanneem dat Hanun deur Sobi, die seun van Nahas (dus deur sy broer), vervang is en dat dié 'n troue vasal van Dawid was.

Dawid het met al die manskappe na Jerusalem teruggekeer. Spoedig daarna moet die geboorte van die kind van Batseba plaasgevind het. En dan stuur die HERE die profeet Natan na Dawid. Aanvanklik het Dawid geen erg in die bedoeling van sy koms nie. Natan begin met 'n gelykenis, so 'n treffende gelykenis dat 'n mens jou, net soos by die gelykenisse van Jesus, afvra: Het dit nou werklik gebeur of nie? Natan vertel van die ryk man wat baie beeste en skape gehad het, en van die arm man wat net een vertroetelde ooilammetjie gehad het; en toe daar besoek kom by die ryk man, het hy ontsien om van sy kleinvee of beeste te neem om vir die reisiger iets te berei; daarom het hy die ooilam van die arm man geneem en dit berei.

As Dawid dit hoor, vlam hy in woede op en sê: So waar as die HERE leef, die man wat dit gedoen het, moet sterwe! En die ooilam moet hy viervoudig teruggee (kyk Ex. 22:1), omdat hy hierdie ding gedoen het en geen ontferming geken het nie. Oombliklik antwoord Natan: "U is die man! " en gaan onverskrokke voort met die boodskap van die HERE. Hy wys hom op al die voorregte wat Dawid ontvang het en vra hom waarom hy dan die woorde van die HERE verag het. Onomwonde noem hy die sondes van Dawid op: Hy het Uria deur die swaard van die Ammoniete vermoor en sy vrou geneem. In een asem gaan hy verder met die strafaankondiging: Nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie. So sê die HERE: Kyk, Ek sal uit jou huis onheil oor jou verwek en jou vroue voor jou oë neem en aan jou naaste gee, sodat hy by jou vroue sal slaap voor die oog van hierdie son, want jy het dit in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Israel en in die volle sonlig.

Soos verpletterende hamerslae kom die woorde op Dawid neer. En hy is verpletter, gebroke en verslae (Ps. 51:19).

Min woorde word gespreek. Dawid sê net: Ek het gesondig teen die HERE. Natan sê: So het die HERE dan ook u sonde vergewe; u sal nie sterf nie. Min woorde maar dieptes van sielsverbryseling lê in die woorde van Dawid opgesluit, dieptes van ontferming in die woorde van God (kyk Ps. 32:5).

Dat die HERE vergewe, beteken nie dat Hy nie straf nie. Die aangekondigde straf pas by die gedane sondes: swaard en ontug verwoes later die huis van Dawid. Dit kos hom die lewe van vier seuns. Inderdaad, Dawid moet viervoudig teruggee. Dit begin met die pasgebore seun

van Batseba (kyk v. 14-23); daarna Amnon, Absalom en Adonia; huislike sonde, gestraf met huislike leed!

Tog was die belydenis van sy sonde vir Dawid die verlossing uit sy sielekwellinge (Ps. 32:3-5). Dit was vir hom beter om met God die leed te dra as om sonder God in die sonde te lewe. Ook bewys die HERE hom die genade dat Hy die tweede seun van Batseba, Salomo, liefhet. Hy noem hom Jedidja. Juis hy onder báie seuns was Dawid se opvolger op die troon.

## § 227 Amnon en Tamar (2 Sam. 13)

Amnon was die oudste seun van Dawid (by Ahinoam, 3:2) en is sekerlik beskou as die kroonpretendent. Van die tweede seun, Kileab, lees ons ná 3:3 nooit iets nie; miskien het hy jonk gesterf. Die derde seun was Absalom; sy moeder was 'n koningsdogter, al was dit ook maar van 'n klein koninkrykie, naamlik Gesur, 'n Aramese stad wat hom (net soos Hamat) buite die verwikkelinge met Hadadeser (§ 224) gehou het en sy selfstandigheid behou het (8:3-12). Hy was die enigste seun van Dawid wat van moederskant van koninklike afkoms was.

Absalom het 'n mooi suster gehad, Tamar, en Amnon, haar halfbroer, was verhef op haar. Sy was egter buite sy bereik, en die onvervulde begeerte het sy hart siek gemaak (Spr. 13:12); dit kon op sy gelaat gelees word. Sy neef Jonadab (die seun van Dawid se broer Simea), 'n baie skrander man en blykbaar iemand met mensekennis (kyk ook v. 32), merk dit op. Hy praat met hom en bedink 'n plan. Hy sê vir Amnon: Hou jou siek en vra jou vader dat hy Tamar moet stuur om koekies vir jou te bak, dat jy dit uit haar hand kan eet. Die slegte plan slaag volkome. As Tamar alleen by Amnon is, gryp hy haar en sê: Kom lê by my, my suster! Tamar het haar met al haar mag verset: Amnon moes haar tog asseblief nie onteer en so 'n skande begaan nie. In haar angs stel sy selfs voor dat Amnon haar as sy wettige vrou sal vra en sy dink dat die koning dit nie sal weier nie.[5] Maar Amnon wou nie na haar luister nie en het haar verkrag. Daarna het Amnon 'n baie groot afkeer van haar gekry, ja, die afkeer wat hy van haar gekry het, was groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. Die liefde was trouens niks anders as wellustigheid nie. Hy stuur haar weg; en as sy nie gaan nie, laat hy haar wegja deur sy kneg en die deur agter haar sluit. Waarlik, hierdie kwaad was erger as die eerste!

Tamar het as op haar hoof gestrooi, die lang rok met moue geskeur wat die koninklike dogters gedra het wat maagde was, en met haar hand op haar hoof (ook 'n Oosterse rougebruik) aldeur geloop en geweeklaag. Sy kom tereg by haar broer Absalom en het in sy huis as 'n verlatene gebly. Absalom meen dat die skandaal gesus moet word. Tot twee maal toe wys hy Tamar daarop dat Amnon haar broer is, dat sy haar hart nie op hierdie saak moet sit nie, nie werk van die saak maak nie, om opspraak in die koninklike familie te vermy.

Intussen sin Absalom op wraak. Twee jaar later vermoor hy Amnon op 'n skaapskeerdersfees. Hy vlug na sy grootvader, die koning van Gesur.

Uit sy eie huis verwek die HERE onheil oor Dawid vanweë sy sonde met Uria en Batseba!

## § 228 Terugkeer van Absalom (2 Sam. 14)

Amnon is dood, en die koning het oor hom gerou; maar Absalom leef nog, en die koning verlang na hom. Tog kan Dawid hom nie laat terugkeer nie, want daar lê bloedskuld op hom, en die bloedwraak kan hom tref. Vaderlike gevoel vir sy seun en regmatige toorn oor sy

[5] In die ou tye het sulke huwelike wel voorgekom (Gen. 20:12), maar die wet van Moses het dit verbied (Lev. 18 :9; 20:17; Deut. 27 :22).

misdaad stry teen mekaar in sy hart.

Dat Absalom in Gesur was, was intussen 'n maklike oplossing: daar hoef nou niks gedoen te word nie! Maar dit was nie 'n afdoende oplossing nie. Dit is Joab wat dit insien en hom met die saak gaan bemoei. Hy wil bewerk dat Absalom kan terugkeer sonder om deur die bloedwraak bedreig te word. Hy doen dit om sy koning te help, omdat hy sien dat die hart van die koning aan Absalom verkleef is. Joab praat egter nie self met die koning nie, maar maak gebruik van 'n skrander vrou wat begryp wat Joab beoog, naamlik dat die bloedwraak op koninklike bevel buite werking gestel moet word. As vader en koning tegelyk kon Dawid dit eintlik nie doen nie. Die vrou gaan na die koning en beweeg hom om in 'n ander geval so 'n bevel uit te reik, maar dit is 'n gefingeerde geval. Sy vertel dat haar eie seuns geveg het en die een die ander doodgeslaan het. Nou wil die bloedwrekers die seun wat sy broer doodgeslaan het, ook doodmaak. Dan verloor die vrou altwee haar seuns. Die vrou vertel haar storie so mooi dat Dawid sê: Gaan na jou huis, en ek sal oor jou bevel gee, d.w.s. die bloedwraak ophef, grasie verleen (v. 8). Die vrou opper nou die gedagte dat die bloedwrekers haar tog sal bly lastig val. Dawid antwoord dat hy met sulke mense sal afreken (v. 10). Nog hou die vrou aan; sy sien haar seun nog steeds bedreig. Toe sweer Dawid: So waar as die HERE leef, nie een haar van jou seun sal op die grond val nie. Die vrou het nou 'n drievuldige versekering dat haar seun veilig is. As dit haar eintlike boodskap was, kon sy nou maar huis toe gaan, maar nou begin haar eintlike taak eers: sy moet vir die koning duidelik maak dat wat hy in haar geval sou doen, hy aan sy eie seun ook behoort te doen. Sy kwyt haar van haar taak met groot welbespraaktheid. Haar argumentasie kom hierop neer dat as die koning reg doen deur haar seun vry te stel, hy soos 'n skuldige is as hy sy eie verstotene nie laat terugkom nie. Dan doen hy iets teen die volk van God wat - net soos die vrou self - een seun (Amnon) verloor het en nou ook nog gevaar loop om 'n tweede (Absalom) te verloor.

Nou begryp die koning wat die vrou bedoel, maar hy het homself vasgepraat. Hy vermoed dat Joab 'n hand in die saak het. Die vrou stem dit toe en sy verklaar ook waarom Joab dit gedoen het, naamlik om die saak 'n ander voorkoms te gee, d.w.s. dat die koning die saak 'n bietjie van 'n ander kant sou bekyk, naamlik van die kant van die volk. Die koning het al toegestem dat dit nie billik teenoor die moeder sou wees as die reg sy volle loop sou hê nie - dus ook nie teenoor die volk nie!

Dawid gee nou aan Joab bevel om die jong man Absalom te gaan haal. Tog kom daar geen versoening tussen vader en seun tot stand nie, want Dawid wou Absalom nie ontmoet nie. Absalom kon in sy eie huis intrek, maar het die aangesig van die koning nie gesien nie. Vir Absalom is dit nog erger as om in ballingskap te wees, en hy roep die hulp van Joab in om hom by die koning te bring. Maar Joab wou nie na Absalom gaan om daaroor te praat nie. Toe laat Absalom die gars van Joab aan die brand steek! Nou kom Joab en vra waarom hy dit gedoen het. Nou kan Absalom met Joab praat oor sy toestand; hy wil dat daar 'n end aan kom, want dit is erger as om in Gesur te wees. Hy wil die aangesig van die koning sien, d.w.s. versoen word met die koning of, as hy skuldig is, gedood word. Joab het toe bewerk dat Dawid sy seun laat roep het. Absalom het voor die koning gebuig met sy aangesig na die aarde toe, en die koning het Absalom gesoen. Hiermee was die konflik beëindig. Absalom sou sy ware aard egter nog toon!

## § 229 Absalom gryp na die kroon (2 Sam. 15:1-18:18)

Ons het Absalom leer ken as 'n man wat wel iets aandurf om sy doel te bereik. Ook het hy 'n imponerende persoonlikheid gehad: in die hele Israel was daar geen man so mooi soos hy nie, welgeskape en gesier met 'n weelderige haardos. Ná sy rehabilitasie (§ 228) het hy hom voorsien van prag en praal en rondgery in 'n staatsiekoets met perde terwyl vyftig man voor

hom uit loop. Dit was indrukwekkend. Hy het hom egter nie in hoogheid bo die volk verhef nie, maar in neerbuigende vriendelikheid met die mense omgegaan, veral as hulle vir regspraak na Jerusalem kom. Hy bekla hulle omdat hulle by die koning geen gehoor vind nie en wend voor dat dit beter sou gaan as hy as regter aangestel was. Met al die dinge het Absalom die hart van die volk gesteel. Sy doel was om die troon te bemagtig!

Ná vier jaar dink hy dat die tyd ryp is en dat hy sy slag kan slaan. Alles is goed voorberei: onder al die stamme het hy spioene uitgestuur wat op die afgesproke teken, naamlik die geluid van die ramshoring, moet uitroep: Absalom is koning! Hierdie uitroep moet dan diegene wat ingenome met Absalom is, tot die beslissende keuse bring.

Om sy plan uit te voer, het Absalom 'n soortgelyke lis bedink as toe hy Amnon vermoor het (13:22-27): daar sal 'n plegtigheid wees in Hebron waar hy 'n gelofte, wat hy tydens sy verblyf in Gesur gedoen het, sal betaal. Hy vra die koning verlof om soheentoe te gaan; onder dié dekmantel kan hy dan, sonder om verdenking op hom te laai, in Hebron sy staatsgreep uitvoer. Op sy versoek antwoord Dawid: Gaan in vrede! Blykbaar het Dawid niks vermoed nie. Die voorbereidende opstokery het nie uitgelek nie. Absalom gaan na Hebron en nooi tweehonderd man om saam te gaan; hulle het van niks anders geweet as van die slagoffers wat by die betaling van die gelofte behoort nie, maar Absalom sal sekerlik mense genooi het van wie hy wis dat hulle op sy hand was. Ook laat hy Agitofel, 'n raadgewer van Dawid (§ 225), haal.

Hoe sake in Hebron presies verloop het en wat Absalom gedoen het, word nie vermeld nie. Die geskiedskrywer gaan plotseling oor na wat in Jerusalem gebeur. Daar het 'n boodskapper by Dawid gekom wat gesê het: Die hart van die manne van Israel is agter Absalom aan! Oombliklik besluit Dawid om te vlug. Dit sou ons van hierdie dapper en magtige koning nie verwag het nie; dit bewys egter hoe sterk die sameswering was. Dawid sien in dat as hy in die stad bly, daar vir hom geen ontkoming voor Absalom uit sal wees nie en dat die stad met die skerpte van die swaard verslaan sal word. Daarom: vlug! Dit is egter sy eerste maatreël, later kan ander getref word!

Dawid vlug met sy hele huis agter hom aan: vroue en kinders; net tien by vroue laat hy agter om die huis op te pas.

Die vlug van Dawid word breedvoerig beskrywe. As hy uit die stad is, bly hy by die laaste huis staan om te sien wie hom volg. Dit is in die eerste plek sy lyfwag, die Kreti en die Pleti, en die Gittiete. Verder is daar die priesters Sadok en Abjatar met die ark; hulle word egter deur Dawid met die ark teruggestuur. Die ark behoort in Jerusalem te staan en - so sê Dawid - as ek genade vind in die oë van die HERE sal ek die ark weer in Jerusalem sien. Dawid is hier baie deemoedig, want hy sien in die rebellie van Absalom die hand van God wat hom besoek vanweë sy sonde.

Die ark moet dus teruggaan na Jerusalem. Daarmee spreek Dawid uit dat hy die ark nie as 'n bestanddeel van sy koningskap beskou nie. Hy mag dit nie gebruik om in gevare sy koningskap daarmee te beveilig nie. Miskien het die priesters so gedink (vgl. 1 Sam. 4:3). Juis andersom is Dawid koning by die grasie van die God van die ark; hy wil wag om te sien of God hom die ark weer in sy woning wil laat sien.

Sadok en Abjatar moet dus ook teruggaan en saam met hulle hul seuns - Ahimaäs, die seun van Sadok, en Jonatan, die seun van Abjatar; dit beteken tegelyk dat Dawid vier getroues in Jerusalem het wat hom kan inlig oor alles wat daar gebeur.

Dawid trek deur die spruit Kidron en klim daarna die hoogte van die olywe op - dieselfde pad waarmee Jesus later gegaan het in die nag toe Hy verraai is. Dawid het kaalvoet geloop en sy hoof was bedek; al die mense wat by hom was, het ook in rougewaad geloop en aldeur

geween. Dit was 'n treurige stoet.

Op sy verdere tog in die rigting van die woestyndriwwe in die Jordaandal (Rigt. 3:28) het Dawid verskillende ontmoetings. Eers ontmoet hy Husai. Hy was nie 'n soldaat nie maar 'n wyse man, en Dawid sê vir hom dat hy die beste dienste kan bewys deur na Jerusalem te gaan asof hy ook 'n aanhanger van Absalom is. 'n Ander raadgewer van Dawid, Agitofel (die grootvader van Batseba!), was onder die samesweerders. Dawid was bedug vir die verstandige advies wat hy aan Absalom kon verstrek, en dra aan Husai op om te probeer om die raad van Agitofel te verydel. Verder ontmoet Dawid vir Siba, die dienaar van Mefiboset, wat intussen sy heer belaster (§ 223). 'n Ander ontmoeting was baie pynliker vir Dawid: Simeï, 'n man uit die geslag van Saul, het hom met klippe gegooi en hom gevloek en gesê: Weg, weg, jou bloedvergieter en jou deugniet. Noudat Dawid in verdrukking is, blyk dat daar ook nog wraakgevoelens teen hom sluimer. Abisai, wat dus ook by Dawid blyk te wees, wil "die dooie hond" se kop afslaan, maar weer betoon Dawid dieselfde ootmoed in wat hy sien as straf van die HERE.

Dawid trek verder tot by die Jordaan en het daar asemgeskep. Later het hy deur die Jordaan getrek (17:22).

Nou (16:15) gaan die geskiedskrywer met sy verhaal weer terug na Absalom en vertel dat hy inmiddels in Jerusalem aangekom het; dit kon sonder stryd of bloedstorting plaasvind. Agitofel wás by hom en Husai kom daar by hom. Absalom is verras om hom te sien, maar Husai speel sy rol goed, sodat Absalom hom vertrou en aan die twee raadgewers opdrag gee om onderling oorleg te pleeg. Agitofel neem voorlopig die leiding. Hy is 'n man van groot outoriteit (16:23). *Sy eerste* raad is dat Absalom die by-vroue wat Dawid agtergelaat het as syne moet neem. Hy doen dit en gee daarmee te kenne dat hy die koningskap aanvaar het (vgl. 3:7). Hierdie politieke betekenis van die daad het vir Agitofel meer waarde gehad as die etiese, want aan die wet en sede in Israel steur hy hom nie (kyk bv. Lev. 18:8; Deut. 22:30; 27:20; ook Gen. 35:22 en 49:4). In 'n tent op die dak het Absalom voor die oë van die hele Israel (12:12) met die by-vroue van sy vader verkeer! (Toe Dawid later weer in Jerusalem terug was, het hy daardie by-vroue uit sy harem verwyder; 20:*3.) Sy* tweede raad was om vinnig op te tree en Dawid met twaalf-duisend man agterna te jaag. Agitofel wil dit self wel doen. Dit was miskien nie na die sin van Absalom nie, want dan sou hy self geen krygsroem behaal nie. Origens was die raad van Agitofel goed. Dawid en sy mense was moeg en ontsteld, en deur 'n skielike oorval sou hulle maklik uitmekaar gejaag kan word. Agitofel wil dan die koning neerslaan, en dit sal beslissend wees. Hy sê: Die terugkeer van almal hang af van die man wat u soek; die hele volk sal tevrede wees. Hy spreek deur dieselfde gees as Kajafas later (Joh. 11:50).

Die raad van Agitofel was inderdaad goed (17:14), maar Absalom wil ook die mening van Husai hoor. Nou staan Husai voor die taak om die goeie raad van Agitofel te verydel, en dis 'n moeilike taak. Hy is daarvan oortuig dat die raad van Agitofel goed is; hy vrees die ergste as sy koning, wat uitgeput by die Jordaan sit, nou oorval word. Hy dink dat hy Dawid tyd moet gee om tot verhaal te kom. Teenoor die nugtere woorde van Agitofel kom hy nou met 'n opgesmukte beskrywing van 'n moontlike mislukking en stel voor dat Absalom *'n groot mag moet* versamel. Daarby sê hy: En u *moet persoonlik* in die stryd gaan! Hoe fyn het Husai die swak puntjie in die raad van Agitofel opgemerk! Met fantasie teken hy hoe Absalom Dawid dan sal verpletter (17:8-13). Elkeen kon die oordrywing in sy woorde aanvoel en -- oordrywing laat gewoonlik 'n saak verongeluk. Maar Absalom kies Husai se raad! Dit was deur die HERE so beskik, sodat Hy die onheil oor Absalom kon bring. Agitofel reken dat die saak nou verlore is en verwurg homself - weer 'n trek van ooreenkoms met die geskiedenis van die lyde van ons Heiland!

Husai sorg daarvoor dat Dawid berig kry van die stand van sake Hy stuur Jonatan (seun van Abjatar) en Ahimaas (seun van Sadok), wat ná 'n avontuurlike reis by Dawid by die Jordaan-driwwe aankom (17: 17-21). In die boodskap wat hulle moet oorbring, hou Husai terdeë rekening met die moontlikheid dat nog gedoen kon word wat Agitofel aangeraai het; daarom kry Dawid die raad om gou deur die Jordaan te trek. Hy doen dit en is voorlopig veilig. In die Oos-Jordaanse gebied trek hy noordwaarts tot by Mahanaim by die Jabbok en is dan op dieselfde plek waar Isboset, die seun van Saul, hom vroeër enkele jare as koning gehandhaaf het. Dat hy self nou ook daar skuiling moes soek, het seker behoort tot die smarte van sy vlug. Hy word daar egter deur vriende gasvry ontvang: deur Sobi, 'n broer van Hanun (10:1); hy is waarskynlik deur Dawid as sy vasal oor Ammon aangestel en blykbaar trou aan sy leenheer; deur Magir (9:4) en deur Barsillai (19:31; nie dieselfde as dié van 21:8 nie).

Inmiddels - tydsaanduidinge word nie gegee nie - het Absalom ook oor die Jordaan getrek en bevind hom nou in Gilead, hy en al die manne van Israel saam met hom. Hy het dus die raad van Husai opgevolg. Omdat Joab aan Dawid trou gebly het, moet hy 'n nuwe veldheer aanstel; dit is Amasa, sy neef (17:25). Ook Dawid monster sy manskappe en stuur hulle in drie afdelings uit. Blykbaar bepaal hy self die tyd en die plek van die aanval, waardeur hy 'n voorsprong op sy teenstanders het. Op aandrang van sy manskappe trek hy nie saam met hulle uit nie: sy lewe is te kosbaar om dit in die waagskaal te stel. Dat Dawid aan hierdie aandrang gevolg gegee het, is miskien verklaarbaar uit die feit dat hy nie meer so jonk was nie, maar ook uit die omstandigheid dat hy teen sy eie seun moet veg. Deurdat hy agterbly, is Absalom aan die genade van die veldhere van Dawid oorgelewer, en in die besef daarvan sê Dawid vir hulle en al die manskappe: Saggies met die jong man, met Absalom! Hoe sterk spreek selfs in hierdie kritieke omstandighede sy vaderhart! (vgl. § 228).

Die geveg het plaasgevind in die bos van Efraim. Dat 'n plek in Gilead "bos" genoem word, is nie snaaks nie, want in Gilead was pragtige woude; die naam Efraim sou ons egter hier nie verwag nie. Efraim tog is Wes-Jordaanse gebied en het ook nie sulke groot woude nie. Die enigste verklaring is dat die slag gelewer is op dieselfde terrein waar Efraim deur Jefta verslaan is (Rigt. 14:4) en dat die plek sy naam daarvan gekry het.

Absalom ly 'n groot neerlaag; hy moet vlug; soldate van Dawid het hom onverwags aangetref. Absalom het op sy muil onder die digte takke van 'n groot terpentynboom ingejaag; toe het sy kop in die takke vasgehaak terwyl die muil onder hom uit hardloop. Absalom het tussen hemel en aarde bly hang. Dit was 'n haglike posisie, maar juis 'n posisie waarin aan die wens van sy vader gevolg gegee kon word: om saggies met hom te werk te gaan. Hulle kon hom losgemaak en gevange geneem het. Die soldate is daartoe geneig, maar die harde Joab sien die nut daarvan nie in nie; hy het drie spiese in Absalom se hart gesteek en die sieltogende prins deur tien van sy wapendraers laat doodslaan. Joab het onnodig hard met hom gehandel. Hy gooi die lyk in die bos in 'n groot kuil en laat 'n baie groot hoop klippe bo-op hom stapel. Gedurende sy lewe het Absalom vir homself 'n gedenksteen opgerig omdat hy geen seun gehad het om sy naam in gedagtenis te hou nie. Sy seuns wat in 14:27 genoem word - sonder vermelding van hul name - het seker jonk gesterf. Sy gedenksteen is eieroem, maar die steenhoop is 'n skande-teken (Jos. 7:26; 8:29). (Kyk ook § 259.)

Absalom is dood. Sy greep na die kroon het misluk. Joab staak die vervolging (vgl. 2:28).

## § 230 Dawid rou oor Absalom (2 Sam. 18:19-19: 8)

By die vermoording - want dit was dit tog eintlik - van Absalom was 'n Kusiet toeskouer. Hierdie man is weer 'n bewys van die buitelanders wat in die leër van Dawid gedien het. Joab stuur die Kusiet (of Ethiopiër) na Mahanaim om die koning te vertel wat hy gesien het, maar Ahimaäs, die seun van Sadok, het Joab dringend gevra om ook na Dawid te mag hardloop.

Hy besef dat die dood van Absalom Dawid baie bedroef sal maak en vrees dat die Kusiet dit te reguit aan die koning sal meedeel. Ahimaäs kom eerste by Dawid en vertel van die oorwinning wat sy manne behaal het, maar die koning vra dadelik: Gaan dit goed met Absalom? Die verkleefdheid van Dawid aan Absalom was tog groot! Ahimaäs gee 'n ontwykende antwoord. Toe kom die Kusiet ook juis daar aan. Hy lewer ook berig van die oorwinning. Weer vra die koning: Gaan dit goed met Absalom? Die antwoord is: Mag dit met die vyande van my heer die koning en met almal wat teen u opstaan om kwaad te doen, gaan soos met die jong man! Die koning verstaan die omslagtige uitdrukking wat ook in die lied van Debora (en in die gedigte van Homerus) voorkom, oombliklik: Absalom het 'n voorbeeld geword van straf en gerig! Toe het die koning baie ontroerd geword en opgeklim na die bovertrek van die poort en geween; en hy het rondgeloop en só gesê: My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!

Dawid sou homself wil offer om die lewe van sy seun te red. So het die mense uit sy omgewing dit verstaan, en Dawid sien nie raak dat hy daarmee die hele stryd wat juis gewen is, as nutteloos verklaar nie. Joab sien dit in en roep die koning tot die werklikheid van die situasie terug.

Tog kan ons vermoed dat Dawid met sy woorde ook nog 'n diepere bedoeling gehad het. Hy praat nou baie anders as toe die kind van Batseba gesterwe het (12:23). Toe kon hy gelowig berus, maar nou klink sy smartkrete wanhopig. Dawid kon sterf omdat hy met God versoen was. Kon hy dit van Absalom dink? As hy die lewensloop van Absalom oorsien, kon hy hom nie anders beskou as sondig en verlore. Tog het hy die sondige en opstandige seun so liefgehad, maar die wens om in sy plek te sterwe, kan nie vervul word nie. Alleen God kan in Sy sondaarsliefde 'n plaasvervangende offer gee. Hiervan is die klag van Dawid 'n profetiese getuienis (Ex. 32:32, 33; 1 Sam. 2:25).

Joab bekyk die toestand egter louter in sy aards-tydelike verhouding en kom tot die gevolgtrekking, wat hy ook vir Dawid sê: As Absalom lewendig was en ons almal dood, sou dit dan in u oë reg gewees het? Hy sê dat Dawid in die poort moet gaan sit en na die hart van sy dienaars moet spreek, dat hy hulle moet prys vir moed en trou en oorwinning. Weer ondervind Dawid dat die seuns van Seruja harder is as hy (3:39). Hy het gedoen wat Joab gesê het - met 'n bloeiende hart; maar Joab in sy hardheid het begrip gehad van die werklikheid van die situasie.

## § 231 Terugkeer van Dawid na Jerusalem (2 Sam. 19:8b-40)

Ná die neerlaag het Israel gevlug, elkeen na sy huis. Dat die toestand verward was, is te verwagte. Dawid is nog in die Oos-Jordaanland; die mense in die Wes-Jordaanland is deur die dood van Absalom sonder koning en word na hulle neerlaag ook deur 'n skuldige gewete gepla. Dit geld sowel van Israel as van Juda, waar die opstand begin het. Hoewel die opstand van Absalom nie deur die teenstelling Juda-Israel gekenmerk was nie, het deur die, verwarring in die land tog iets van die teenstelling tot uiting gekom (§ 232), deels selfs deur Dawid se eie optrede.

Die volk het onder mekaar getwis, d.w.s. op verwytende toon met mekaar oor die verloop van sake geredeneer: die verdienste van Dawid word in herinnering gebring, en die poging van Absalom het misluk! Waarom is "julle" dan nalatig om die koning terug te bring? Met hierdie woorde wil die voorstanders daarvan die ander wat nog aarsel, oorreed. Dawid het van die beweging verneem. Blykbaar was die beweging in die noorde sterker as in Juda, wat begryplik is, omdat Hebron die broeines van die opstand was. Dawid wou egter nie graag hê dat sy eie stam die laaste sou wees om hom terug te bring nie, en om dit te verhoed, stuur hy

twee vertrouensmanne - Sadok en Abjatar, die priesters - na Juda, om hulle te wys op hul verwantskap met Dawid. Die priesters sal Amasa ook daar ontmoet (17:25), wat as neef van Dawid besonderlik "sy been en sy vlees" was. Vir hom moet die priesters sê dat hy in die plek van Joab leërowerste sal word! Met hierdie aanbod wou Dawid die skroom van Amasa, om by hom aan te sluit, oorwin. Tegelykertyd gee hy daarmee uiting aan sy misnoeë oor Joab, wat hy as die moordenaar van Absalom beskou. Dit was egter 'n agterbakse maatreël, maar Dawid het nie openlik teen die harde veldheer, wat alles van die saak met Uria af geweet het, durf optree nie. Van hierdie ontaktiese aanstelling het Dawid trouens weinig plesier belewe.

Die sending van die priesters het tot gevolg dat Juda die koning terugroep. Dawid verlaat Mahanaim nou, en Juda gaan na Gilgal (Jos. 4:19) om hom te ontmoet.

Net soos by sy vlug het Dawid ook by sy terugkeer verskillende ontmoetings, deels met dieselfde mense: Simeï is daar, wat Dawid gevloek het, maar nou ootmoedig bely dat hy teen Dawid gesondig het. Teen die sin van die seuns van Seruja word hy genadiglik gespaar. Ook Siba is daar, maar Mefiboset ook om die bedrieëry van Siba te ontmasker (§ 223). Verder die edelmoedige Barsillai, 'n man van tagtig jaar, wat deur Dawid uitgenooi word om aan sy hof te kom vertoef. Hy ag homself egter te oud vir dié geneugtes en het na sy woonplek teruggekeer.

Toe het die koning die Jordaan oorgetrek.

## § 232 Die opstand van Seba (2 Sam. 19:41-20:22)

In Gilgal, die eerste plek waar Dawid aankom nadat hy die Jordaan oorgetrek het, word hy deur Juda ontmoet. Daar was egter ook die helfte ('n gedeelte) van die volk van Israel. In hierdie verband word hiermee manne uit die noordelike stamme bedoel. Tussen hierdie Israeliete en die Judeërs ontstaan 'n twis. Die Israeliete voel gegrief omdat die Judeërs hulle by die ontvangs van die koning op die voorgrond gedring het en die koning "gesteel" het; die Judeërs het gemaak asof Dawid net hulle koning was. Hoewel die Israeliete hulle met hul klag regstreeks tot die koning wend, het Dawid niks gesê nie. Hy weet wel dat hy self van die gang van sake skuldig is deur die sending van Sadok en Abjatar (§ 231). Dit kon hy natuurlik nie sê nie, want dit sou die gegriefdheid van die Israeliete slegs vererger het. Israeliete en Judeërs beweer nou die een groep harder as die ander dat hulle die meeste reg op die koning het. In hierdie twis was die woord van die manne van Juda heftiger as die woord van die manne van Israel. Woorde van versoening is nie gespreek nie; die twis het hoog geloop. Die goeie verhouding tussen Juda en Israel word blykbaar gou versteur!

Hoewel dit hier nie gaan om die teenstelling vir of teen Dawid nie - want elk van die twee groepe getuig van hulle reg op hom - het daardie teenstelling tog plotseling uit die twis voortgespruit. Dit is psigologies wel verklaarbaar. Dat die Judeërs niks wil toegee nie, maar alle nadruk op hul verwantskap aan die koning lê, kon maklik daartoe lei dat die ander stamme gaan sê: Hou julle jul koning dan maar! Inderdaad hét dit ook daartoe gelei deurdat Seba in daardie gevaarlike situasie met sy uitroep: "Ons het geen deel aan Dawid nie; elkeen na sy tente toe, o Israel! " die vonk in die kruit gegooi het.

Seba was 'n Benjaminiet, dus uit die stam van Saul. Uit die optrede van Simeï het geblyk dat daar nog anti-Dawidiese gevoelens gesluimer het. By Seba was dit seker ook maar die geval. In elk geval was hy 'n deugniet (20:1; vgl. 1 Sam. 2:12; 10:27). Tog vind sy uitroep byval; in hulle ontstemming was die Israeliete nie so kieskeurig betreffende medestanders nie.

Dawid dra sy nuwe leëraanvoerder, Amasa, op om binne drie dae 'n leër uit Juda op die been te bring, maar hy het langer weggebly. Nou word Dawid bang dat die oproerige beweging baie kwaad sal doen, meer as die opstand van Absalom - so sê hy. Nog altyd wil Dawid

Absalom se dade vergoelik!

Dawid besluit om nie langer te wag nie en stuur Abisai nou (nie Joab nie) met die soldate wat in Jerusalem aanwesig was - dieselfde wat saam met hom in Mahanaim was - uit om Seba agterna te jaag. Die manne wat Seba gevolg het, waartoe stellig die duisend Benjaminiete behoort het wat by Simeï was (19:16, 17), het dus geen slag gelewer nie. Die taak van Abisai was om oproerige bewegings op allerlei plekke die kop in te slaan.

Inmiddels het Amasa ook opgedaag. By Gibeon ontmoet Joab hom. Nou blyk met watter diep wrok Joab teen sy neef Amasa vervul is: onder die skyn van 'n vriendelike begroeting kom hy nader en steek hom met die swaard in die onderlyf. Presies so het hy vroeër met Abner gedoen (3:27).

Seba vlug na Abel-Bet-Maaga, in die uiterste noorde van die land. Onder leiding van 'n wyse vrou in die stad het die inwoners besluit om nie met Seba gemene saak te maak nie. Hulle kap sy kop af en gooi dit na Joab oor die muur. Hiermee is die opstand van Seba beëindig.

Op sigself was die opstand van Seba nie so ernstig nie, maar dit was 'n simptoom van dreigende skeuring tussen Juda en Israel. Die uitroep van Seba was dieselfde as dié van Jerobeam later (vgl. 2 Sam. 20:1 met 1 Kon. 12:16).

## § 233 Die telling van die volk (2 Sam. 24; 1 Kron. 21)

Die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits om die volk te tel. Wanneer en waarom die toorn van die HERE ontvlam het, word nie gesê nie, waarskynlik in die laaste jare van die regering van Dawid. Om 'n sensus te hou, moet daar rus en vrede in 'n land heers. Die uitgebreide gebied wat onder die volkstelling val (24:5-8), waartoe selfs Feniciese streke behoort het, toon dat Dawid op die toppunt van sy mag gestaan het. Dit het ook die plan om die volk te tel laat ontstaan. 'n Verdere argument is dat die voorbereidingswerk tot die tempelbou in Kronieke onmiddellik op die volkstelling volg, en Salomo, hoewel nog jonk en teer, deur sy vader in die bouplanne betrek word. Dit gee die indruk dat die volkstelling plaasgevind het ná die opstand van Absalom. Miskien lê in hierdie tydsbepaling tegelyk 'n antwoord op die vraag *waarom* die HERE weer toornig was op Israel. Die woordjie *weer* dui op 'n vorige keer. Hierby kan ons dink aan die bloedskuld wat op die volk gelê het vanweë die moord op die Gibeoniete (hfst. 21). Nuwe skuld het die volk op hom gelaai deur in so 'n groot omvang deel te neem aan die opstand van Absalom. Die staatsgreep van Absalom was gewoon menslik gesien 'n interne politieke gebeurtenis, maar gesien in die lig van die verkiesing van Dawid tot koning, was dit verset teen God self en die teokratiese koningskap. Sodanige verset wek die toorn van die HERE op (kyk Num. 16).

Omdat God in Sy toorn die volk wou straf, het Hy Dawid aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda. (Die tweedeligheid van die volk kom hier in die HERE se eie woorde tot uitdrukking.) Die telling is dus iets verkeerds, wat straf tot gevolg het!

Hoe kan die HERE self Dawid teen sy volk aanhits?

Ons moet dit nie eensydig as 'n op sigself staande geval beskou nie. God beskik alle dinge, groot en klein, dade en gedagtes van die mense, selfs verkeerde gedagtes. Hy het ook die Farao se hart verhard. Die moeilikheid vir ons insig is dat die mens intussen verantwoordelik bly vir wat hy doen en dink en begeer. *Ons kan dit nie begryp nie en moet dit onbegrepe aanvaar in onderwerping aan die grootheid van God.* In Kronieke staan dat die Satan Dawid aangehits het; dit kan opgevat word as 'n toeligting by die woorde in Samuel: God het van die Satan gebruik gemaak (vgl. Job 1 en 2).

Dawid gee aan Joab bevel om die volk te tel. Joab maak beswaar; dis vir hom heeltemal

onnodig en: Waarom moet Israel skuldig word? Die harde veldheer toon hier 'n fyner aanvoeling van die verkeerdheid van die telling as Dawid. 'n Volkstelling op sigself is ook nie verkeerd nie. God het self ook wel beveel om die volk te tel (Ex. 30:12; Num. 1:2). Die verskil is in watter gesindheid, met watter doel dit gedoen word. Ongetwyfeld het Dawid dit gedoen uit eersug en hoogmoed!

Die woord van die koning het die oorhand gehad oor Joab, en hy het met die leërowerstes die hele land deurgetrek. Joab het dit met teësin gedoen en ook nie almal getel nie. Die woord van die koning was vir hom 'n gruwel (1 Kron. 21:6). Die resultaat van die telling was: in Israel agthonderdduisend weerbare manne (1 Kron. 21:5: elfhonderdduisend man wat die swaard uittrek) en in Juda vyfhonderdduisend man (1 Kron. 21:5: vierhonderd-en-sewentigduisend). Dit het dus gegaan om 'n opname van die militêre sterkte.

Dawid hoor die groot getalle; maar tegelyk daarmee dat dit sy hoogmoed streel, breek die besef in hom deur dat hy baie dwaas gehandel het. Hy bely sy sonde en vra die HERE om vergewing. Die vergewing word hom nie geweier nie, maar die straf kan nie uitbly nie. Die volgende môre kom die profeet Gad, die siener van Dawid, by hom, deur God gestuur, en sê sonder enige inleiding of uitleg: So sê die HERE, drie dinge lê Ek jou voor; kies vir jou daaruit, dat Ek jou dit kan aandoen: sewe jaar hongersnood of drie maande lank vlug voor teëstanders uit of drie dae pes. Dawid kies nie; hy vra maar net om nie in die hande van mense nie, maar in die hand van die HERE te mag val, want die barmhartighede van die HERE is groot. Die HERE het toe 'n pes onder Israel beskik. Sewentigduisend man het gesterwe. Die engel wat God stuur om die straf ten uitvoer te bring, kom ook by Jerusalem. As hy daar met sy verwoesting begin, sê die HERE: Genoeg, trek nou jou hand terug. Die engel het toe by die dorsvloer van Ornan (Arauna) gestaan, en Dawid het hom gesien: tussen die aarde en die hemel met sy ontblote swaard in sy hand oor Jerusalem uitgestrek; 'n toonbeeld van onontkombare Goddelike gerig! As Dawid dit sien, sê hy tot die HERE: Kyk, ék het gesondig en ék het verkeerd gehandel, maar wat het hierdie arme skape gedoen? Laat U hand wees teen my en my familie!

Dawid pleit vir sy volk en neem die skuld vir sy rekening!

Dieselfde dag nog kom Gad weer by Dawid en sê vir hom: Gaan op, bou vir die HERE 'n altaar op die dorsvloer van Arauna, die Jebusiet (Rigt. 1:21). Hy sê dit op bevel van die engel van die HERE. Moontlik is dit dieselfde engel van verwoesting (1 Kron. 21:16), maar waarskynliker is dit die besondere engel van die HERE wat so dikwels in die geskiedenis van die Godsvolk optree (Gen. 22; Ex. 3 ens.). Hy is die Middelaar van die Ou-Testamentiese Godsopenbaring, en Hy gee die bevel tot die altaarbou op die dorsvloer van Arauna. Op dieselfde plek het die tempel later verrys.

Dawid gaan na Ornan, wat besig was om te dors. Dit is dus oestyd.

Ornan sien ook die engel, en sy seuns wat by hom was, het weggekruip. Onder die indruk van wat hy gesien het, is Ornan dadelik gewillig om sy dorsvloer vir die heilige bestemming af te staan; hy wil dit selfs gee met die beeste en sleë wat daarop was daarby. Dit was Oosterse beleefdheid. Dawid koop dit vir seshonderd sikkels goud (Samuel: vyftig sikkels silwer). Die plek word nou koninklike domein. Die tempel het dus later ook op koninklike eiendom gestaan.

Dawid het daar vir die HERE 'n altaar gebou en brandoffers en dankoffers gebring. Onderwyl hy die HERE aanroep, het die HERE hom met vuur uit die hemel op die brandofferaltaar geantwoord. Van toe af het Dawid daar geoffer en nie meer op die hoogte in Gibeon, waar Sadok die heilige diens waargeneem het nie.

Die HERE het Hom oor die land ontferm, en die plaag is van Israel afgewend,

## § 234 Die sameswering van Adonia (1 Kon. 1)

Vir sy sonde met Batseba en die moord op Uria is Dawid swaar gekasty. Wel is die sonde vergewe en lê die HERE hom nie die doodstraf op nie (Lev. 20:10; Deut. 22:22), maar Hy verwek onheil oor hom uit sy eie huis (2 Sam. 12:10-13). Met die opstand van Absalom en al die verdriet wat Dawid daardeur gely het, was die maat nog nie vol nie: 'n ander seun, Adonia, het ook nog tydens die lewe van Dawid na die kroon gegryp.

Ná die dood van Amnon en Absalom was hy waarskynlik die oudste seun van Dawid (§ 227) en in eie oë die mees geregtigde op die troon. Hy was so vermetel om te dink: Ek sal koning word! As bedorwe kind was hy ook gewoon om te kry wat hy wou hê. Sy vader het nooit vir hom gesê nie: Waarom maak jy so? Die origens so voortreflike Dawid was blykbaar nie 'n goeie opvoeder nie.

Adonia was seker bang dat hy die vermeende reg nie sou verkry nie, en daarom trag hy om die troon deur 'n sameswering te bemeester. Dat Dawid oud is, is 'n gunstige omstandigheid, maar ook 'n rede om haas te maak.

Die ouderdomsverswakking van Dawid word lewendig beskryf: hy kon nie warm word nie, en komberse het nie gehelp nie. Toe het sy hofdienaars 'n baie natuurlike middel bedink, vir ons besef té natuurlik. Hoe kan een dan allenig warm word? As twee bymekaar lê, kry hulle warm (Pred. 4:11). Die hofdienaars soek 'n mooi jong meisie om die koning te bedien en te verpleeg en in sy skoot te lê. Hulle vind Abisag, die Sunamitiese, en het haar na die koning gebring. Adonia ondervind egter dat die ouderdomswakte van sy vader louter liggaamlik van aard is en dat sy geesteskrag en wilsvermoë nog goed is.

Adonia volg dieselfde taktiek as wat Absalom gevolg het. Hy was ook, net soos hy, mooi van gestalte. Hy het vir hom waens en perderuiters aangeskaf en vyftig man voor hom laat uitloop. So kom die mense onder die indruk van sy prinslike waardigheid.

Om sy plan ten uitvoer te bring, moet Adonia hom verseker van die steun van invloedryke persone. Hy vind dit by Joab en Abjatar, wat sy ondersteuners word. Dit wek bevreemding, omdat altwee lewenslank steeds trou aan Dawid was - vanaf sy vervolging deur Saul en ook tydens die opstand van Absalom. Waarom hulle nou die kant van Adonia kies, word in die Skrif nie vermeld nie. Dinge van persoonlike aard kan 'n rol gespeel het. Dawid en Joab het meermale gebots; dat Joab met Absalom nie saggies gehandel het nie en die reaksie van Dawid daarop -die aanstelling van Amasa (2 Sam. 19:13) - het hul verhouding laat versleg. Abjatar was miskien naywerig op sy kollega Sadok, wat hoë aansien by Dawid geniet het. Tog is hulle manne van wie ons kan verwag dat hulle in die belang van die ryk wou handel, maar dan het hulle in hul keuse vir Adonia tog hierdie keer misgetas.

Net soos Absalom wil Adonia die staatsgreep laat plaasvind by 'n maaltyd (2 Sam. 15:7-12). Absalom het daaraan nog 'n godsdienstige skyn gegee; Adonia doen dit nie. Hy rig 'n feesmaal aan en nooi al sy broers, almal jonger as hy! hulle veral moet van sy kroning getuies wees; verder al die manne van Juda, d.w.s. die "ridders", die "elite". Natuurlik nooi hy ook vir Joab en Abjatar (v. 25), maar Natan, die profeet, en Benaja, die owerste van die Kreti en die Pleti, het hy nie genooi nie. Hulle moes onkundig gehou en oorrompel word. Die bedoeling is natuurlik dat Adonia tydens die feesmaal as koning uitgeroep sal word, Jerusalem sal binnetrek en almal voor 'n voldonge feit sal plaas. Maar sover sou dit nie kom nie! Daarvoor het Natan gesorg.

Die plek van die fees van Adonia was naby Jerusalem, by die klip Sohelet langs die fontein Rogel - dit is daar waar die Kidrondal en die Hinnomdal bymekaarkom. Die feesgedruis is stellig opgemerk. Natan laat vasstel wat dit beteken en gaan dan met die ontstellende berig na die paleis, eers na Batseba en dan na die koning self. Hy vra aan Batseba of sy nie gehoor het

dat Adonia buite die wete van Dawid koning geword het nie. In die vraag lê uitgedruk hoe nodig dit is dat sy dit weet. Om te bewerk dat sy dadelik met alle erns op die saak sal ingaan, wys hy allereers op die lewensgevaar wat vir haarself en haar seun uit die sameswering voortvloei; as Adonia slaag, sal hy Salomo en Batseba om die lewe bring!

Wat moet Batseba doen?

Natan gee haar raad: Sy moet oombliklik na die koning gaan en vir hom sê: Het ü nie, my heer die koning, vir u dienares gesweer en gesê nie: U seun Salomo sal sekerlik koning word ná my en hy sal op my troon sit? Waarom het Adonia dan koning geword?

Dat Dawid so 'n eed aan Batseba gesweer het, word in die voorafgaande hoofstukke nêrens vermeld nie, maar dit kan nogtans so wees. In v. 30 lees ons dat Dawid goed weet dat hy dit gedoen het. In sy laaste bevele verklaar hy dat die HERE Salomo verkies het om te sit op die troon van die koningskap van die HERE oor Israel (1 Kron. 28:5). Hoe en wanneer die HERE hierdie besluit van sy verkiesing aan Dawid bekend gemaak het, word ook nie vermeld nie, maar die woorde van die HERE in die "huisbelofte" (§ 222) van 2 Sam. 7 (v. 12 spreek van 'n seun wat op daardie tydstip nog gebore moes word) en die liefde van die HERE vir die tweede seun van Batseba (12:24, 25) wys duidelik in dié rigting. In die hofkring, waarvan Natan 'n intieme deelgenoot was, het die voorneme van Salomo se opvolging dus wel vas gestaan. Die uitvoering van die voorneme, wat sou plaasvind by die dood van Dawid, word nou verhaas deur die optrede van Adonia wat seker ook wel daarvan geweet het en wou verhinder dat sake hulle gewone loop sou neem.

As Batseba en, en terwyl sy nog tot die koning spreek, ook Natan na die koning gaan om hom van die dreigende situasie te verwittig, blyk hoe helder van gees die ou koning nog is. Hy tree baie beslister op as vroeër teen Absalom. Vir hom het hy gevlug, maar nou vlug hy nie, dog tref kragtige teenmaatreëls. Ons kan dit hieruit verklaar dat Dawid die poging van Absalom baie gevaarliker beskou het as dié van Adonia, maar ook uit Dawid se eie geestesgesteldheid. Uit uitsprake soos dié van 2 Sam. 15:25 en 16:11 blyk dat Dawid diep terneergedruk was onder gevoel van skuld en strafwaardigheid. Inmiddels het die insig blykbaar deurgebreek dat Salomo deur God as Dawid se opvolger bestem was.

Dawid weet wat hom te doen staan: Salomo moet oombliklik tot koning gesalf word. Hy stel hom aan (v. 35) as vors oor Israel en Juda (hier weer die noem van die volk in sy tweedeligheid). Natan en Sadok moet Salomo salf; Benaja moet sorg vir die militêre dekorum en vir die beskerming van die onderneming. Salomo moet op die koning se eie muil ry (vgl. vir die eer daarvan Ester 6:7, 8). Hulle moet die salwing verrig in Gihon, by die bekende bron, ook aan die oostekant van die stad, maar baie noordeliker as Rogel.

Hulle het so gemaak. Sadok neem die horing met olie uit die tent (2 Sam. 6:17). In Gihon blaas hulle op ramshorings, roep luid uit: "Mag koning Salomo lewe", en van daar trek hulle die stad binne. Die hele volk sluit by die stoet aan, terwyl hulle op fluite speel en hulle verheug met groot blydskap, sodat "die aarde geskeur het van hulle geluid".

By die klip Sohelet hoor hulle dit. Joab spits sy ore: daar is ook die geluid van die ramshoring by! Hy ken die klanke, en wantrouig vra hy hom af: Waarom is die geluid van die stad so rumoerig? Terwyl hy nog spreek, kom Jonatan, die seun van die priester Abjatar, daar aan. Ons ken hom uit die geskiedenis van Absalom, toe hy ook bodedienste verrig het. Blykbaar was hy nie by die feesmaaltyd van Adonia nie, maar in Jerusalem - om sake daar dop te hou? In elk geval weet hy presies wat in die koninklike stad gebeur het. Uit sy verslag aan Adonia word ons selfs meer gewaar as wat die geskiedskrywer in die voorafgaande verse vertel het, o.a. dat Salomo op die koninklike troon gaan sit het, dat die dienaars van die koning die koning gelukgewens het met die salwing van Salomo en dat die koning op die bed aanbid het

om die HERE daarvoor te dank.

Adonia besef dat Dawid hom voorgespring het. Sy medepligtiges vlug in alle rigtings. Hy self, die hoofskuldige en die doodstraf waardig, het die horings van die altaar vasgehou. Van watter altaar word nie gesê nie. Daar was 'n altaar in Gibeon (1 Kon. 3:4); een op die dorsvloer van Arauna, een in die tent van die ark. Dit was die offisiële altare, maar daar was ongetwyfeld op verskillende plekke altare. Om 'n altaar te vat (Ex. 21:14), in besonder die horings, beteken dat iemand hom onder die versoenende genade van God stel. Die horings van die altaar is die gedurige representasie van die offerdier, ook as daar nie juis geoffer word nie. Aan die horings word die bloed van die offerdier gestryk (Lev. 4:25).

Die groot vrees van Adonia is nou of die nuwe koning die altaar sal respekteer. Hy wil die horings nie loslaat voordat Salomo voor hom sweer dat hy hom nie sal ombring nie. Dit is die eerste beslissing wat die nuwe koning moet neem. Nie Dawid nie maar Salomo. En Salomo is genadig. Adonia se vergryp was wel ernstig in sy opset, maar het geen gevolge van betekenis gehad nie. Hy word nie gedood nie, maar hy moet hom in die toekoms 'n betroubare man betoon. Die medepligtiges is ook op vrye voet gelaat, maar hulle moet versigtig wees. By die geringste verdenking is daar later streng teen hulle opgetree.

## § 235 Die betekenis van koning Dawid

Die jongste van die agt seuns van Isai was met baie gawes, liggaamlik en geestelik, deur sy Skepper begiftig. Hy het 'n mooi voorkoms gehad; van sy oë word afsonderlik melding gemaak (1 Sam. 16:12). Hy was sterk, vlug en moedig (Ps. 18:33-35). Hy was 'n digter en 'n siterspeler wat met sy snarespel aan 'n besetene verligting kon skenk. Ook was hy 'n bendehoofman wat van sy swaard moes lewe. Hy het geweet om mense aan hom te bind en ruwe manne in toom te hou; hy was 'n organisator, 'n gebore koning. In sy genialiteit het hy ook wel tot uiterstes verval; hy was streng en sagmoedig, laks teenoor sy eie seuns; hy het soms swaar gesondig, maar diep berou gehad; hy was wellustig en tog vroom (Ps. 51). Petrus reken hom by die aartsvaders (Hand. 2:29).

Teen die karakter van sy koningskap het hy nooit gesondig nie, soos Saul wel gedoen het. Hy was 'n teokratiese koning by uitstek, wat altyd die HERE as Koning erken het en na Sy profete geluister het. Hy het sy God liefgehad. Die geheim van sy lewe lê nog dieper: God het hom liefgehad en om sy ontwil latere konings van Juda genade bewys (1 Kon. 11:36; 15:4; 2 Kon. 8:19). Hy was tipe van die Messias, en "die bestendige genadebewyse van Dawid" is toonbeeld van die heil van die genade van God aan alle gelowiges (Jes. 55:3).

Dawid het van Israel 'n staat gemaak. Die band tussen die stamme was altyd baie los; Dawid snoer hulle saam onder sy septer; Juda en Israel verenig hy onder sy heerskappy vanuit sy nuwe koningstad.

Dawid het van Israel 'n magtige ryk gemaak deur buitelandse veroweringe en binnelandse organisasie. Hy stel amptenare aan (2 Sam. 8:15-18); hy reël die regspraak "vir die uitwendige sake" (1 Kron. 26:29), d.w.s. die wêreldlike reg in teenstelling met sy reëling van die kultus (erediens). Hy organiseer sy leër in twaalf afdelings van vier-en-twintigduisend man en stel oor elk daarvan owerstes aan (1 Kron. 27:1-15); hulle is dieselfde as die helde van Dawid (1 Kron. 11). Maand vir maand het hulle gedurende die hele jaar ingekom en uitgegaan; steeds was daar dus 'n afdeling van 24,000 man beskikbaar. Verder het Dawid skatmeesters gehad oor sy persoonlike besittings: oor wingerde, landbou, vrugtebome, olievoorrade, beeste, kleinvee, kamele, ens. (1 Kron. 27:5 e.v.); al die opsigters word by hulle name genoem.

Die meeste sorg het Dawid bestee aan die reëling van die erediens, met name aan die

musikale aspek daarvan. Hy het die Leviete-38,000 in getal - in vier groepe verdeel: een groep om toesig te hou oor die werk in die huis van die HERE; een om die regspraak te beoefen, een as poortwagters en een as lofsangers (1 Kron. 23). Die priesters deel hy in in vier-en-twintig klasse (1 Kron. 24). Naas die bogenoemde lofsangers was daar vier-en-twintig groepe musikante, elk van twaalf man. Hiermee was die grondslag gelê vir die tempel-musiek. Ten slotte was daar nog tempelwagters (1 Kron. 26:1-19).

Uit hierdie maatreël blyk hoe seer Dawid hom in die gedagte aan die tempel wat sy seun sou bou, ingeleef het. Hy het vir Salomo sowel werksliede as materiaal versamel (1 Kron. 22) en noukeurig voorgeskryf hoe alles gemaak moes word; soos aan Moses 'n voorbeeld van die tabernakel op die berg getoon is (Hebr. 8:5), so het Dawid aan Salomo 'n voorbeeld gegee van die tempel en al sy vertrekke (1 Kron. 28:11,12), volgens wat die HERE hom in 'n beskrywing geleer het (v. 19).

### § 236 Die einde van Dawid (1 Kon. 2; 1 Kron. 28,29)

Aan die einde van sy lewe het Dawid 'n groot vergadering belê van al die owerstes van Israel, die stamowerstes en die owerstes van die afdelings wat in die koning se diens was (§ 235), en die owerstes oor duisend en die owerstes oor honderd (offisiere en hoof-offisiere) en die owerstes oor al die besittings en vee van die koning en sy seuns, saam met die hofdienaars en die helde en elke dapper man. Hulle het in Jerusalem saamgekom. Op hierdie ryksdag, soos ons dit kan noem, het Dawid plegtig gaan staan om die volk toe te spreek en te verklaar dat volgens Goddelike verkiesing sy seun Salomo op die troon van *die koningskap van die* HERE SOU sit en dat hy die tempel sou bou. Self gee Dawid sy persoonlike besit aan goud en silwer vir die tempel. Sy voorbeeld word deur sy owerstes gevolg. Daarna het Dawid voor die oë van die hele volk 'n dankgebed uitgespreek, waarna die vergadering met offers en feesmaaltye geëindig het. Dit was Salomo se kroningsfees, waarby hy ná sy salwing in Gihon (1 Kon. 1) die tweede maal (1 Kron. 29:22) koning gemaak is. Tegelykertyd is Sadok as priester gesalf. Abjatar kon dit ná sy medepligtigheid aan die opstand van Adonia nie langer wees nie. Die standplaas van Sadok was voorlopig by die tabernakel in Gibeon (1 Kron. 16:39-42).

Aan Salomo persoonlik het Dawid nog bevele gegee insake Joab. Die verhouding tussen Dawid en Joab was, veral ná die opstand van Absalom, gespanne. Joab was vriend en neef van Dawid, sy kragtige helper in die stryd teen die vyande, die medebouer aan sy imperium. Daarom het dit Dawid moeilik geval om hom te straf vir die moorde wat hy begaan het. Op sy sterfbed word Dawid gepla deur die gedagte aan die bloedskuld wat hy ongestraf laat bly het. Hy dra dus aan Salomo op om na sy wysheid met Joab te handel. So ook met Simeï; maar aan die seuns van Barsillaï moet Salomo guns bewys! Tot op sy sterfbed is sy gedagtes by die optrede van Absalom!

Die laaste woorde van Dawid (2 Sam. 23:1-7) getuig van God se ewige verbond met hom. In dié versekerdheid het Dawid ontslaap.

Hy het in goeie ouderdom gesterwe, afgeleef, vol rykdom en eer en is begrawe in die stad van Dawid (1 Kon. 2:10; 1 Kron. 29:28).

## Koning Salomo

### § 237 Die bevestiging van die koningskap van Salomo (1 Kon. 2 :12-47)

Hoewel Salomo koning geword het volgens Goddelike verkiesing, het sy troonsbestyging tog plaasgevind in die historiese omlysting van 'n paleisrevolusie waarin sy salwing tot koning 'n

teëset was. Daarmee was die revolusie in die kiem gesmoor, maar die aanstigters was begenadig. Salomo begin sy regering met 'n grasieverlening. Hierin het 'n gevaar geskuil. Salomo was egter op sy hoede en by die eerste roering van hernieude revolusie het hy streng opgetree.

Adonia vra om Abisag as vrou te mag hê. Hy stel dit voor as 'n onskuldige begeerte, en Batseba vat dit ook so op, maar Salomo sien daarin 'n greep na die kroon. Die besit van die vrou(e) van die koning is 'n proklamasie van troonsopvolging (2 Sam. 3:6, 7; 12:8; 16:21). Salomo laat Adonia oombliklik teregstel. Dieselfde lot tref sy ou medestander Joab. Dat hy skuiling soek by die altaar, bewys dat Salomo die versoek van Adonia in die regte lig gesien het. Die altaar bied egter geen asiel aan moedswillige moordenaars nie (Ex. 21:14), en dit wás Joab! Hy het Abner en Amasa koelbloedig vermoor. Nou is die geleentheid daar om hul onskuldige bloed op sy hoof te laat neerkom. Benaja het Joab by die altaar tereggestel; hy is begrawe in sy huis in die woestyn. Die derde medepligtige, Abjatar, word nie gedood nie maar ingeperk in sy vaderstad, Anatot. Salomo wou die priester nie ombring nie. Verder was Simeï nog daar, wat Dawid met 'n hewige vloek gevloek het. Hy is toe begenadig, maar Dawid het dit aan die wysheid van Salomo oorgelaat hoe om hom te straf. Hy word ingeperk in Jerusalem. Wanneer hy ná baie dae die stad verlaat om gedroste slawe uit Gat te gaan haal, beseël hy daarmee sy eie doodvonnis. Hiermee is alle potensiële gevare vir die troon van Salomo uit die weg geruim en kan hierdie hoofstuk afsluit met die woorde: En die koningskap is bevestig in die hand van Salomo.

## § 238 Verskyning van die HERE aan Salomo by Gibeon (1 Kon. 3:4-15; 2 Kron. 1:1-13)

In die begin van sy regering het Salomo met die owerstes en regters en vorste en familiehoofde na Gibeon gegaan om daar te offer, omdat dit die vernaamste hoogte was, want daar was die tent van samekoms van God wat Moses in die woestyn gemaak het en die koper brandofferaltaar (die ark was in Jerusalem, in 'n tent). Op die brandofferaltaar het Salomo toe duisend brandoffers gebring. Met hierdie groot versoeningsoffer roep Salomo die guns van sy God in oor sy lewenstaak. God bewys hom ook die guns: Hy verskyn daar by Gibeon aan hom in 'n droom en sê: Begeer wat Ek jou moet gee. In die besef van sy jeug èn van sy swaar taak vra Salomo om die wysheid wat hy nodig sal hê. Dit was goed in die oë van die HERE dat Salomo dit begeer het. Hy beloof om hom 'n wyse en verstandige hart te gee en daarbenewens ook rykdom en eer.

Hierna keer Salomo terug na Jerusalem en bring daar by die ark ook brandoffers. Die offerandes by die twee heiligdomme moet as een plegtigheid beskou word, afgesluit deur die dankoffers en 'n maaltyd vir al sy dienaars. Dit was sy troonsbestygingsfees ná die dood van Dawid.

## § 239 Die mag en heerlikheid van Salomo (1 Kon. 4 e.a.)

Salomo was heerser oor al die koninkryke van die Eufraat af tot by die land van die Filistyne en tot by die grens van Egipte; hulle het belasting aangebring en Salomo gedien al die dae van sy lewe (1 Kon. 4:21; 2 Kron. 9:26). Dit was die erfenis wat Dawid nagelaat het en wat Salomo ook kon bewaar, hoewel daar in sy latere jare wel teëstanders was soos Hadad, die Edomiet, en Reson, wat koning van Damaskus geword het. Ook Jerobeam het sy hand teen hom opgehef (1 Kon. 11:14-40). Tog het hy vrede gehad aan alle kante rondom, sodat Juda en Israel veilig gewoon het, elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, van Dan tot Berseba, al die dae van Salomo (1 Kon. 4:24, 25; 5:4). Dit neem egter nie weg nie dat die magsvertoon en weeldesug van Salomo 'n harde juk vir die volk was (1 Kon. 12:4).

Net soos Dawid (2 Sam. 8:15-18; 20:23-26) het Salomo sy amptenare gehad; twee nuwe ampte het hy daarby ingestel, naamlik dié van hofmaarskalk ("oor die paleis") en dié van hoof oor die bestuurders (1 Kon. 4:1-6). Die bestuurders was twaalf in getal; elkeen van hulle het 'n distrik gehad en moes 'n maand lank sorg vir die onderhoud van die koning en sy paleis, d.w.s. vir sy hele hofhouding: dienaars, lyfwagte, harems (van die koning self en sy dienare), slawe, ens. Vir al die mense was baie voedsel nodig (1 Kon. 4:22, 23). Die harem van Salomo het sewehonderd vroue, vorstinne, en driehonderd by-vroue gehuisves, waarskynlik nie almal tegelyk nie, maar in die loop van die jare. Ook die harem moes van sy mag en grootheid getuig! Onder al die vroue het 'n Egiptiese prinses 'n unieke plek ingeneem; sy was die dogter van een van die laaste Farao's uit die 21ste of Tanitiese dinastie (d.w.s. dat hul residensie Tanis of Soan, Num. 13:22, was) en vir haar is 'n afsonderlike huis gebou (1 Kon. 3:1; 7:8). Tog was sy nie die eerste vrou van Salomo nie; toe Salomo ná 'n regering van veertig jaar deur Rehabeam opgevolg is, was dié een-en-veertig jaar oud, dus reeds gebore voordat Salomo aan die regering gekom het; sy moeder was Naama, 'n Ammonitiese. Die stam-moeder van die hele Judese koningshuis was dus 'n Ammonitiese, en gevolglik tel ons Heiland onder Sy voorouers naas 'n Moabitiese ook 'n Ammonitiese.

Salomo het vir hom 'n skitterende paleis gebou wat "die huis van die Libanonbos" genoem word; dit het naamlik bestaan uit vier rye seders wat die indruk van 'n bos gegee het. Op die seders was balke gelê waarop die bo-bou gerus het, drie verdiepings elk van vyftien vertrekke. Onder was die troonsaal; die bovertrekke het gedien om wapentuig te bêre (Jes. 22:8).

In militêre opsig het Salomo hom ongetwyfeld aangesluit by die organisasie van Dawid (1 Kron. 27), maar verder het hy, anders as Dawid wat perde se hakskeensenings afgesny het (2 Sam. 8:4), die waarde van perde in die oorlog ingesien en benut. Hy het strydwaens en perderuiters versamel, sodat hy veertienhonderd waens en twaalf-duisend perderuiters gehad het. Ook het hy handel gedryf in perde (1 Kon. 10:28, 29). Reste van sy perdestalle is in Megiddo gevind. By die skeuring van die ryk (§ 247) het die stalle in besit van die konings van Israel gekom wat (blykens die opgrawings van Megiddo) in die negende eeu verder daaraan gebou het. Salomo bou ook vestings soos Hasor (Jos. 11), Megiddo, Geser en Millo, die sitadel van Jerusalem. Geser was die trougeskenk van die Farao aan sy dogter.

Vir die bouwerke word die nakomelinge van die Kanaäniete gebruik (1 Kon. 9:15-21; 2 Kron. 8:9) - 'n vervulling van Gen. 9:26! Dit beteken egter nie dat die Israeliete van alle dwangarbeid vrygestel was nie (1 Kon. 5:13,14).

Salomo het ook 'n vloot gehad, maar dit was vir handelsdoeleindes. Sy hawe was Eseon-Geber aan die kus (van die oostelike arm) van die Skelfsee. Die skepe word Tarsisskepe genoem; dit beteken oorspronklik skepe wat na Tarsis (in Italië? Spanje?) gevaar het, maar is die latere naam vir groot seewaardige skepe. Die doel van die seetogte was die (Arabiese?) land Ofir, waarvandaan goud in groot hoeveelhede ingevoer is. Feniciese seevaarders het daarmee gehelp (1 Kon. 9:26-28; 2 Kron. 8:17, 18). Salomo het groot inkomste uit sy handel en ook van skatpligtige konings ontvang (1 Kon. 10:14-29; 2 Kron. 9:13 e.v.), sodat hy hom met groot luister kon omgeef; ons noem die goue skilde (vgl. 2 Sam. 8:7) en die troon van goud en ivoor met gebeeldhoude leeus op die trappe. Merkwaardig is dat tot die invoerartikels ook ape en poue behoort het. Die besit van uitheemse diere moes aan sy weelde 'n eksotiese cachet verleen.

Behalwe as hawe het Eseon-Geber nog 'n ander betekenis vir Salomo gehad: daar was ook, soos opgrawings aan die lig gebring het, kopersmelterye. Yster- en kopererts is in Gilead en in die Araba gevind (Deut. 8:9). Die Araba, die streek tussen die Skelfsee en die Dooie See, was eintlik Edomitiese gebied, net soos Eseon-Geber, maar Salomo het Edom onderwerp en

oorheers.

Wanneer al die handel en industrie aan Salomo toegeskryf word. beteken dit dat dit koninklike ondernemings was.

## § 240 Die tempel van Salomo (1 Kon. 5-8; 2 Kron. 2-7)

Die tempel is gebou in Jerusalem op die berg Moria op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet (1 Kron. 21; Gen. 22:2). Die strewe van Salomo was om vir die HERE 'n huis te bou wat groot en wonderbaar is (2 Kron. 2:9). Hy vra Hiram (1 Kon. 5:1) of Huram (2 Kron. 2:30), die koning van Tirus, met wie Dawid reeds vriendskaplike betrekkinge onderhou het, om hom te help met die lewering van hout van die Libanon - seder-, sipres- en sandelhout. Ook vra hy om 'n kunsvaardige man om goud en silwer en koper en yster, klippe en hout, purperrooi, pers en bloedrooi stowwe en fyn linne te bewerk en om allerhande figure uit te sny en om enige kunstige plan wat aan hom opgedra word, uit te dink. Hiram is onmiddellik bereid. Vir die tempel van die HERE het heidene sowel die plek (Ornan) as materiaal en arbeid ter beskikking gestel (Jes. 60:5,11; 61:6; 66:12; Openb. 21:26). Salomo betaal daarvoor met produkte uit sy eie land: koring, gars, wyn en olie; dit het die Feniciërs nie so oorvloedig gehad nie (vgl. Hand. 12:20). Hiram sal die bome kap en in vlotte oorsee na Jafo bring; daarvandaan moet Salomo self vir die vervoer sorg. Hy het daarvoor sewentigduisend lasdraers uit die uitlanders gebruik. Self dra Salomo sorg vir die klippe wat hy nodig het en wat in sy eie land te vinde is. Verder stuur Hiram 'n kunsvaardige man wat dieselfde naam as sy koning gedra het.

Die tempel van Salomo was 60 el lank, 20 el breed en 30 el hoog (die tabernakel was 30 el lank, 10 el breed en 10 el hoog). Die indeling van die tempel was net soos dié van die tabernakel, naamlik 'n hoofvertrek (die Heilige) en 'n binnenste vertrek (die Allerheiligste). Die tempel het daarbenewens nog gehad: 'n aanbousel teen die mure, drie verdiepings hoog, met baie vertrekke, en aan die voorkant 'n voorportaal, versier met twee hoë pilare met pragtige kapitele. 'n Kanaänitiese tempel wat in Hasor (Jos. 11) opgegrawe is, het dit ook gehad, trouens, ook die indeling in die hoofsaal, die agtersaal en die voorportaal. Daar is dus wel punte van ooreenkoms tussen die tempel van Salomo en heidense tempels; dáár het egter in die agtersaal die Godsbeeld gestaan, wat in Jerusalem nie die geval was nie: die HERE het streng verbied dat 'n beeld van Hom gemaak word. Die name van die pilare was Jagin (= Hy stel vas) en Boas (= in Hom is krag). Die sin van hierdie name het betrekking op die heiligdom en die religie (vgl. Ps. 96:6b en Jes. 2:2).

By die bou van die tempel is daar geen geluid van hamers of koubeitels gehoor nie, want die klippe is by die breekgroewe kant en klaar gekap. Die mure is van klippe opgetrek, daarna bedek met sederhout, waarin snywerk van gerubs, palmbome, kolokwinte en blomknoppe was. Die snywerk is oortrek met goud wat dun daaroor uitgeslaan was, sodat die snywerk goed sigbaar gebly het. Selfs die vloere was met goud oorgetrek. Dit was met reg 'n goue tempel!

Die kombinasie van gerubs en bome wek die gedagte aan die paradys, waarheen die toegang deur versoening weer ontsluit word.

## § 241 Die voorwerpe in die tempel (1 Kon. 7; 2 Kron. 4)

Salomo maak die koperaltaar en die "see" en tien waskomme. Die "see" was 'n enorme ronde waskom, tien el in deursnee, en bestem vir die priesters om daarin te was. Dit beteken dat die water deur hulle vir hul reiniging gebruik moes word. Die water van die tien waskomme was om die gereedskap van die brandoffer daarin af te spoel. Die waskomme kon op onderstelle

met wiele verplaas word en word afspoelwaentjies genoem. Dit was iets nuuts, iets wat by die tabernakel nie was nie, en dit word daarom breedvoerig beskryf (1 Kon. 7). In hul versiering was ook beeste en leeus afgebeeld. Die see het op twaalf beeste van koper gerus. Die bestanddele van die versiering: leeus en beeste, vind ons terug in die visioene van Eseg. 1 en Openb. 4.

Die koperaltaar het geweldige afmetings gehad: twintig el lank en breed en tien el hoog. Hierdie brandofferaltaar en die see is die voorwerpe wat in die voorhof gestaan het. Verder maak Salomo tien goue kandelaars en plaas hulle in twee rye van vyf, sodat hulle as 't ware 'n weg van lig na die Allerheiligste vorm; ook tien tafels vir toonbrode (2 Kron. 4:8; volgens 1 Kon. 7:48 net een; vgl. ook 2 Kron. 29:18). Saam met die goue altaar is hulle die voorwerpe uit die Heilige. 'n Nuwe verbondsark het Salomo nie gemaak nie, maar dieselfde een uit die tabernakel, wat so baie geswerf het (woestyn, Silo, Filistynse land, Bet-Semes, Kirjat-Jearim, die tent in Jerusalem), kry nou plek in die Allerheiligste. Wel het Salomo groot gerubs gemaak en die ark onder die vlerke van daardie gerubs geplaas. Op die versoendeksel van die ark was ook twee gerubs, uit een stuk saam met die versoendeksel gegiet en met hul gesigte daarop gerig; hulle het die ark oordek; dit is twee en 'n half el. Die nuwe gerubs wat Salomo laat maak het, was baie groter; hul vlerke was elk vyf el, sodat die twee gerubs die hele ruimte van die Allerheiligste, 20 el, gevul het. Hierdie ontsaglike gerubs was gemaak van olienhout, tien el hoog, en met goud oorgetrek. Onder hierdie groot gerubs word nou die ark met sy kleinere gerubs geplaas. Daar was dus vier gerubs in die Allerheiligste. Op indrukwekkende wyse beeld hulle af hoe die heilige heerlikheid van die woning van God bewaak word: alleen versoening verskaf toegang daar!

## § 242 Die inwyding van die tempel (1 Kon. 8; 2 Kron. 5-7)

Die inwyding van die tempel het met baie plegtighede gepaard gegaan, maar die hoofsaak was om die verbondsark uit Sion op te bring. Daarby was die hele volk in stamhoofde en familie-owerstes verteenwoordig. Die afstand van Sion (= die stad van Dawid) na die tempel was kort. Moria lê net ten noorde van Sion. Die naam Sion kon dan ook maklik op die tempelberg, wat effens hoër was as die stad van Dawid, oorgedra word. Nadat die ark uit die tent geneem is en voordat dit in die tempel gebring word en terwyl koning en volk daar rondom staan, word 'n ontelbare menigte kleinvee en beeste geoffer (vgl. 2 Sam. 6:13). Daarna het die priesters die verbondsark van die HERE na sy plek gebring, in die binnenste vertrek van die huis, in die Allerheiligste, onder die vlerke van die gerubs in. Terwyl die Levitiese sangers onder begeleiding van simbale, harpe, siters en trompette begin om die HERE te loof en te prys, is die huis van die HERE vervul met 'n wolk, sodat die priesters nie kon staan om diens te doen nie, want die heerlikheid van die HERE het die huis van God vervul. Dit het ook gebeur toe die tabernakel opgerig is (Ex. 40:34; vgl. ook Hand. 2:2).

Hierna neem Salomo die woord. In die eerste plek spreek hy 'n wydingspreuk uit (1 Kon. 8:12,13). Daarna draai hy sy aangesig om en seën die volk. Die wydingspreuk het hy dus uitgespreek met sy aangesig na die tempel gerig. Met watter woorde hy die seën (v. 14) uitspreek, word nie vermeld nie. Op die seën volg 'n toespraak waarin Salomo verklaar dat hy as seun van Dawid op Goddelike bevel gedoen het wat in sy vader se hart was, naamlik om vir die ark 'n plek in te rig. Daarna het Salomo weer van houding verander en voor die altaar van die HERE gaan staan en sy hande uitgebrei na die hemel; in dié houding het hy gebid en aan God sewe verskillende situasies voorgelê waarin hy om sy hulp en gebedsverhoring smeek (v. 31-53). Net toe hy die gebed voleindig het, het vuur uit die hemel neergedaal en die brandoffers en slagoffers verteer. Dit het ook gebeur by die eerste offerande van Aäron (Lev. 9:24) en is 'n bewys van die welgevalle van die HERE in die oprigting van Sy tempel.

In die nag ná die laaste dag van die wydingsfees, wat in die sewende maand plaasgevind het, die feesmaand by uitstek (§ 472), verskyn die HERE aan Salomo om aan hom te sê dat Hy sy gebed verhoor het. Onverbiddelike voorwaarde is egter dat koning en volk in die weë van die HERE wandel.

## § 243 Die wysheid van Salomo (1 Kon. 4:29-34)

Reeds Dawid het sy seun Salomo, hoewel nog jonk en teer (1 Kron. 22:5), as 'n wyse man beskou (1 Kon. 2:9). Hy het dit spoedig betoon in die deursig wat hy gehad het in die skynbaar onskuldige versoek van Adonia (§ 237). Ook sy bede om wysheid (1 Kon. 3) was op sigself reeds 'n bewys van wysheid. God het aan Salomo wysheid gegee en 'n baie groot verstand en 'n ruimte van insig soos die sand wat aan die seestrand lê. Hy het die wysheid van die kinders van die Ooste en al die wysheid van Egipte oortref. Onder die kinders van die Ooste moet ons dink aan Arabiere en Èdomiete. Van die wysheid van Edom (Teman) word melding gemaak in Jer. 49:7. Elifas was ook 'n Temanfet (Job 2:II). Die vreemde outeurs van Spreuke 30 en 31 (Agur, Lemuël) is miskien verteenwoordigers van hulle. Wat Egipte betref - dié land se bewaar geblewe literatuur bevat baie wysheidsgeskrifte; die wysheidsboek van Amenemope bevat selfs merkwaardige ooreenkomste met die sedespreuke van Spreuke 22. Salomo het hulle almal oortref. Hy het ook Etan, die Esrahiet (kyk Ps. 89:1) en Heman (kyk Ps. 88:1) en Kalkol en Darda (nakomelinge van Juda, 1 Kron. 2:6) oortref. Salomo het aan sy wysheid uiting gegee in drieduisend spreuke, waarvan 'n gedeelte, ongeveer seshonderd, in die boek Spreuke van Salomo bewaar is; verder in duisend-en-vyftig liedere - hy was dus ook digter! Dis egter nie eens waarskynlik dat psalm 72 en 127 as bewyse van sy digterskap kan geld nie. Dieselfde moet van die Hooglied gesê word.

Die onderwerpe waarmee Salomo hom besig gehou het, lê op die terreine van die biologie (v. 33). Daarmee het ook die mens in die hof van Eden met die wetenskaplike ondersoek begin! (Gen. 2:17).

'n Voorbeeld van sy insig vind ons in die verhaal van die twee hoere (3:16-28). In hierdie regsaak laat hy die natuurlike moederliefde die uitslag bepaal.

## § 244 Die koningin van Skeba (1 Kon. 10 :1-13; 2 Kron. 9:1-12)

Van al die volke en van al die konings van die aarde het daar besoekers gekom om na Salomo se wysheid te luister. 'n Voorbeeld daarvan is die koningin van Skeba, wat van die eindes van die aarde af gekom het om die wysheid van Salomo te hoor (Matt. 12:42). Sy het in haar land van Salomo en sy wysheid gehoor en dit in verband met die Naam van die HERE gebring. Hoewel dit 'n antiek-Oosterse beskouing is om verband te lê tussen 'n land en sy koning en sy god, het sy in hierdie geval inderdaad 'n juiste verband gesien. Sy wil nou sy wysheid met raaisels op die proef stel. Die Oosterse voorliefde vir raaisels (Rigt. 14:12; Spr. 1:6; Eseg. 17:2; Dan. 5:12; Hab. 2:6) getuig van speelse vernuf, maar ook van 'n drang om die verborge dieptes van die werklikheid aan die lig te bring. Om raaisels op te gee, moes die koningin self ook met wysheid begiftig of deur haar eie staf van wyse voorgelig gewees het.

Salomo kon alles verklaar; geen woord van haar was vir hom te diepsinnig nie. Ná die diepsinnige gesprekke het die koningin alles gesien wat Salomo gehad het: sy paleis, die voedsel van sy tafel en hoe sy dienaars sit en sy bediendes staan, en hulle klere, en sy dranke en sy trap waarmee hy opklim in die huis van die HERE. Dit alles was verbysterend: daar was in haar geen gees meer nie. Sy sê: Die helfte is my nie meegedeel nie!

Sy het geskenke saamgebring en ook van Salomo geskenke terug ontvang. Daarna het sy na haar land teruggekeer.

## § 245 Skeba

Waar is die land waaruit die "koningin van die Suide" gekom het? Ons **lees** in die Ou Testament van Skeba (= Sjeba) en Seba (Ps. 72:10). Seba hoort tuis in die Gamitiese stamvetband (Gen. 10 :6, 7; Jes. 43:3) en moet in Afrika gesoek word. Skeba hoort tuis in Semitiese stamverband en wel op tweërlei wyse, naamlik in die Keturese groep van Joksan (Gen. 25:1-3) en in die voor-Abrahamitiese groep van Joktan (Gen. 10 :26-29), kyk § 37. Beide groepe het uitgeswerm na streke oos en veral suid van Midian. Die vermelding van Skeba in geselskap van Ofir en Hawila (Gen. 10:28, 29) en van Raema lei ons blik na Suid-Arabië. Die naam Raema is in Suid-Arabiese inskripsies gevind.

Van verskillende Suid-Arabiese koninkryke het Sjeba die eerste tot ontwikkeling gekom. Reeds in die tiende eeu v.C. was hulle nie meer nomade nie, maar 'n gevestigde bevolking. Die hoofstad van die ryk was Marib, waar betreklik kort gelede opgrawings gedoen is. Die resultate daarvan wettig die opvatting dat Marib 'n groot stad was wat sy welvaart te danke gehad het aan reusagtige waterwerke wat die omgewing vrugbaar gemaak het. 'n Tweede bron van welvaart was die handel in speserye. Soos die Feniciërs die Middellandse See beheers het, het die suidelike Arabiere die seë rondom die Arabiese skiereiland beheers.

Rondom die Bybelse verhaal van die koningin van Skeba het verskillende legendes ontstaan: Joodse, Mohammedaanse en Ethiopiese. Hardnekkig is die Ethiopiese wat voorgee dat uit die vereniging van Salomo en die koningin, wat Maqueda genoem word (die Mohammedaanse naam is Bilkies), 'n seun gebore is, Menelik, wat koning van Ethiopië geword het. Hy sou **ook** die ark uit Jerusalem geroof het! Die huidige dinastie van Ethiopië handhaaf nog steeds sy vermeende afkoms van Salomo.

Hierdie legende gaan uit van die mening dat Skeba in Afrika lê; dit is 'n verwarring van Skeba met Seba, wat teruggaanop 'n misvatting van die geskiedskrywer Josefus. Die verwarring kan miskien hieruit verklaar word dat daar uit Suid-Arabië emigrasie na Ethiopië plaasgevind het. Die geskiedenis getuig daarvan. Die inheemse bevolking van Ethiopië was Gamities (die Auga's), maar die instroming van Semiete (Suid-Arabiere) was so sterk dat taal en kultuur 'n sterk Arabiese inslag gekry het. Dit alles het egter ná die tyd van Salomo gebeur!

## § 246 Die einde van Salomo (1 Kon. 11)

Salomo is die vors van die goue eeu van Israel. Verval het egter reeds tydens sy lewe ingetree. Sy weelderige hoflewe het swaar laste op sy volk gelê en die inwendige ontevredenheid in die volkslewe word dadelik by die dood van Salomo op heftige wyse openbaar. Ook aan die grense van sy ryk begin vyandskap en opstandigheid dreig (§ 239). Dit het sy natuurlike, historiese oorsake gehad, maar die Skrif sê dat dit deur God verwek is as straf oor die afval van Salomo van die diens van die HERE. Die afval het voortgevloei uit sy veelwywery. Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad en wel, behalwe die dogter van die Farao, ook Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese en Hetitiese. In die tyd van sy ouderdom het die vroue sy hart verlei agter hulle gode aan, agter Astarte, die godin van die Sidoniërs, en agter Milkom, die verfoeisel van die Ammoniete (Molog), en agter Kamos, die verfoeisel van die Moabiete. Op die berg wat oos van Jerusalem lê, het Salomo hoogtes vir hulle gebou. (Dit is "die Berg van die Bederf", wat koning Josia later verontreinig het, 2 Kon. 23:13.)

Die HERE het oor die afgodery toornig geword op Salomo.

Daar is 'n groot verskil tussen die begin en die einde van die lewe van Salomo. Dawid het aan die einde van sy lewe hoogtepunte bereik (kyk 2 Sam. 23:1-6; 1 Kron. 29:10 e.v.), maar

Salomo het afgewyk van die HERE. Nie Salomo nie maar Dawid word as voorbeeld vir latere konings gestel. Dawid sterf in die wete dat sy ryk 'n groot toekoms tegemoetgaan; Salomo sterf in die wete dat sy ryk geskeur sal word (v. 21).

Salomo het met sy vaders ontslaap en is begrawe in die stad van Dawid.

## Die Ryk Geskeur

### § 247 Ontevredenheid in Israel oor die huis van Dawid (1 Kon. 12:1-4; 2 Kron. 10 :1-4)

Toe Salomo ontslaap het, het sy enigste seun Rehabeam in sy plek koning geword. In Juda en Jerusalem, die stad van Dawid, was dit blykbaar vanselfsprekend; in die res van die land egter nie. In verband met die aanvaarding van sy koningskap gaan Rehabeam na Sigem, die stad op die gebergte van Efraim. Die volk van Israel gaan nie na Jerusalem om daar juigende getuies van die troonsbestyging van Rehabeam te wees nie, nee, die koning van Juda gaan na die volk van Israel, wat met die nuwe koning wil praat. Hulle is nie onwillig om hom as koning te aanvaar nie, maar hulle het besware wat eers uit die weg geruim moet word. Dis 'n sterk beweging in Sigem en Rehabeam kan dit, ook al is hy die seun van die magtige Salomo, nie ignoreer nie. Hy moet die volk aanhoor.

Wat is die besware? Die volk kla dat Salomo hulle juk hard gemaak het, en nou kom hulle met die versoek dat Rehabeam die harde diens van sy vader ligter moet maak.

Hierdie versoek was stellig nie ongegrond nie. Wel is dit waar dat Salomo baie ryk was; hy het die silwer in Jerusalem gemaak soos klippe. 'n Volk het egter nie altyd deel aan die rykdom van sy vors nie; inteendeel, 'n volk gaan soms gebuk onder die belastings wat gehef moet word om die koning tot so 'n weelderige lewe in staat te stel. Salomo se hofhouding met al die vorstinne het baie geld gekos. Die eenvoud van die landelike lewe het gewyk vir stadskultuur en paleisweelde. Die soberheid wat deur die koningswet van Deut. 17:16 en 17 voorgeskrywe word, is deur Salomo nie in ag geneem nie. Baie werk moes gedoen word by die bou van tempel en paleis, van handelstede en van garnisoenstede in onderworpe lande. Salomo het hiervoor wel vreemde slawe gebruik (1 Kon. 9:20,21), maar ook Israeliete (5:13; 9:15). Dertigduisend man moes elke kwartaal een maand lank ver van hulle huise af op die Libanon werk. Samuel het reeds voorspel dat 'n koning sy regte sal laat geld ten opsigte van die volk se akkers en vrugte en beeste en seuns en dogters (1 Sam. 8:11-18).

Ons kan goed verstaan dat ontevredenheid ontstaan het. Daar sit egter nog iets anders agter hierdie ding: Die HERE wou die koningskap van Salomo afskeur, omdat hy die verbond en die insettinge van die HERE nie gehou het nie (1 Kon. 11:11). Die ontevredenheid van Israel kon maklik uit die weg geruim word. Die oudstes wat ook reeds Salomo van raad gedien het, het 'n goeie psigologiese kyk op die toestand. Hulle sê dat Rehabeam hulle vriendelik moet toespreek, dan sal hulle altyd sy dienaars wees. 'n Sagte antwoord keer mos die grimmigheid af (Spr. 15:1). Maar Rehabeam wou nie luister nie, en hy het die ontevredenheid nie weggeneem nie.

### § 248 Die optrede van Jerobeam (1 Kon. 11: 26-40)

Die krag van die beweging daar in Sigem moet trouens nie onderskat word nie. Die ontevrede volk het 'n bekwame mondstuk gehad in Jerobeam. Hierdie Jerobeam, gewoonlik genoem: Jerobeam, die seun van Nabat, was 'n Efraimiet. Hy was in diens van Salomo, 'n dapper man en 'n goeie organiseerder. Salomo het dit opgemerk en van hom gebruik gemaak. By die bou van Millo, waardeur hy die skeur aan die stad van sy vader Dawid toegemaak het, het hy

Jerobeam aangestel oor al die dwangarbeiders van die huis van Josef. Terwyl Jerobeani hierdie taak verrig, ontmoet hy die profeet Ahia, die Siloniet, en dié het 'n boodskap van die HERE vir hom gehad, naamlik dat die HERE die koninkryk uit die hand van Salomo gaan afskeur en dat Hy tien stamme aan hom, Jerobeam, sal gee. Een stam sal vir Dawid bly. Dat Rehabeam nog een stam mag behou, is ter wille van sy vader Dawid, wat die gebooie en insettinge van die HERE gehou het, en ter wille van Jerusalem, die stad wat die HERE verkies uit al die stamme van Israel.

Dit was 'n verrassende boodskap vir Jerobeam. Ahia gee ook nog 'n teken daarby om die waarheid van sy woorde te bevestig. Hy het 'n nuwe mantel aangehad; dié skeur hy in twaalf stukke en sê vir Jerobeam: Neem vir jou tien stukke!

Met Jerobeam het God in hierdie saak groot planne en goeie bedoelinge gehad. Die HERE sê: Ek sal met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het, en Israel aan jou gee. Dit beteken dat ook die nageslag van Jerobeam bestendig oor Israel sou regeer - maar dan moet Jerobeam wandel in die weë van die HERE.

Dit het Jerobeam nie gedoen nie, en sy geslag was nie 'n bestendige koningshuis oor Israel nie. Dat hy die pragtige belofte wat Ahia aan hom gegee het, nie op 'n godvrugtige wyse aanvaar het nie, blyk reeds spoedig: hy het sy hand teen die koning, teen Salomo, opgehef, d.w.s. hy het 'n opstand verwek. Hy het nie, soos Dawid vroeër tydens die lewe van Saul gedoen het, gelowig en geduldig gewag hoe God die geskiedenis sou lei om Sy belofte in vervulling te laat gaan nie, maar self ingegryp om spoediger by die doel uit te kom. Die gevolg was dat Salomo probeer het om Jerobeam om te bring. Hy moes toe vlug na Egipte, waar Sisak kort tevore die eerste koning van 'n nuwe dinastie geword het (§ 83). Salomo het nog veels te vas op sy troon gesit dat 'n opstand teen hom kon slaag. Dit was ook nog nie God se tyd nie.

Maar nou is Salomo dood!

Die volk in Sigem laat Jerobeam uit Egipte kom. Hulle weet nog van hom; hy is 'n besonder geskikte persoon om daar in Sigem die leiding te neem. Hy was mos opsigter oor die dwangarbeiders uit die huis van *Josef*, wat aan *die stad van Dawid* moes bou! Hy het self gesien watter laste Salomo die volk, veral die mense van Josef, opgelê het. Self was hy ook uit die huis van Josef. Hy word die woordvoerder van die mense van Efraim in hulle besware teen die huis van Dawid. Hierdie teenstelling kom hier nie vir die eerste keer te voorskyn nie. Juda en Efraim het van die volksbegin af nie saam opgetrek nie (kyk Rigt. 1). Efraim, 'n stam van invloed en gesag (Hos. 13:1), was naywerig (Rigt. 8:1; 12:1), veral op Juda (2 Sam. 19:14 e.v.); daar is 'n kraak in die volksgeheel! (kyk § 231, 232; vgl. Jes. 11:13). Dit word nou weer openbaar, erger as ooit tevore. Ons voel hoe die volksvergadering daar by Sigem met spanning gelaai is!

## § 249 Die krenkende antwoord (1 Kon. 12: 5-20; 2 Kron. 10:5-19)

Rehabeam het die raad van sy oudstes, om die volk by Sigem vriendelik toe te spreek, in die wind geslaan. Hy hou ook raad met sy eie vriende, wat met hom aan die hof in mag en weelde grootgeword het. Hulle minag die mense daar in Sigem en meen dat kragtig teen hulle opgetree moet word. Op hulle raad is dan ook die antwoord van Rehabeam, in felle beeldspraak, aldus: My pinkie is dikker as my vader se lendene! Hy sal dus nog harder as Salomo optree: Het my vader julle met die sweep getugtig - ék sal julle met gésels tugtig!

Dit klink na kragtige taal. Die Jerusalemse howelinge, wat daaraan gewoond is dat almal voor hulle buig en buk, dink dat die mense van Josef nou wel in hul skulp sal kruip, maar hulle het die erns van die situasie nie deursien nie en die krag agter die beweging onderskat. As die

betekenis van die harde antwoord tot die volk deurdring, klink dit uit duisende kele as een kreet: Watter aandeel het ons aan Dawid? Luid word nou uitgeroep wat in die boesem van die vergadering gesmeul het: Wat het ons met Dawid te make? Na julle tente toe, Israel! Kyk na jou eie huis, Dawid!

Die sagte antwoord wat die grimmigheid kan afgekeer het, het uitgebly, en 'n krenkende antwoord het die toorn laat opkom.

Efraim skeur hom los van Juda. Dit was 'n beskikking van die HERE, sodat Sy woord sou vervul word wat Hy gespreek het deur die diens van Ahia tot Jerobeam.

"Na julle tente toe, Israel!"

Reeds een keer vroeër het hierdie woorde geklink. Dit was by die opstand van Seba (§ 232). Toe is dit onderdruk, nou breek dit deur.

Die tien stamme maak Jerobeam koning.

Dit was vir Rehabeam 'n groot neerlaag. Nog een poging sal hy waag. Hy stuur Adoram (of Hadoram; ook Adoniram, 1 Kon. 4:6; 5:14), wat reeds tydens die regering van Dawid oor die dwangarbeid was (2 Sam. 20:24). Hierdie oudgediende behoort tot die oudstes wat Rehabeam aangeraai het om toegeeflik te wees. Sou Rehabeam nou nog wil probeer om met die wense van die volk rekening te hou? In elk geval is dit te laat. Die opsigter van die dwangarbeid is ook nie 'n geliefde persoon nie. Die woedende volk stenig hom. Dis die einde van 'n gryse dienaar van drie opeenvolgende konings. Rehabeam was blykbaar self ook daarby. Hy moes vinnig op sy wa klim en wegjaag na Jerusalem, anders sou die volk ook hom gegryp het.

So het die Israeliete dan van die huis van Dawid afvallig geword. Rehabeam bly koning in Juda, maar Jerobeam word koning oor die tien stamme. Die ryk het geskeur.

Vyandskap tussen Juda en Israel

## § 250 Rehabeam wil die verlore ryk terugwin (1 Kon. 12: 21-24; 2 Kron. 11: 1-4)

Die twee nuwe koninkryke, Juda en Israel, het in 'n verhouding van vyandskap gestaan, veral omdat Rehabeam nie verstaan het dat die skeuring van sy ryk 'n beskikking van die HERE was nie. Hy wil die koningskap oor die hele volk weer terugwin en versamel daartoe 'n baie groot leër uit die hele huis van Juda en uit die stam van Benjamin. Hoewel aan Rehabeam nadruklik een stam toegewys is en Benjamin tot die tien stamme behoort, was dit vir die hele stam van Benjamin prakties onmoontlik om Jerobeam te volg. Die stamgebied van Benjamin lê teenaan Juda, Jerusalem lê selfs op die grondgebied van Benjamin (Jos. 18:16, 28). Die suidelikste deel van Benjamin moes hom, ook om ekonomiese redes, by Juda aansluit.

Voordat egter die groot leër van Rehabeam op Israel kon losstorm, het God self ingegryp. Hy gee bevel aan Semaja om aan. Rehabeam te sê: So spreek die HERE: Julle mag nie optrek en teen julle broers, die Israeliete, oorlog voer nie; julle moet omdraai, elkeen na sy huis, want van My het hierdie saak gekom.

Nou weet Rehabeam dit dan: die skeuring van die ryk is 'n beskikking van die HERE. Dit doen weldadig aan om te lees dat hulle toe geluister het na die woord van die HERE en weer teruggetrek het. Dit beteken egter nie dat die twee ryke vrede gesluit het nie. Hulle het vyande gebly: daar was gedurig oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam (1 Kon. 14:30) en ook ná hulle tussen hulle opvolgers (15:32).

## § 251 Versterking van posisie aan albei kante (1 Kon. 12:25; 2 Kron. 11: 5-17)

Elkeen van die twee ryke het dan ook maatreëls getref om sy posisie te versterk.

Rehabeam het, al was dit dan nie net met die oog op Israel nie (§ 257), 'n reeks vestings gebou en daarheen voedsel- en wapenvoorrade gebring (2 Kron. 11:5-12). Behalwe hierdie militêre maatreëls was daar ook ander omstandighede wat vir Rehabeam gunstig was. Die priesters en Leviete, wat deur die hele land stede gehad het (Jos. 21), het hulle weiveld en hulle besittings verlaat en na Juda en Jerusalem getrek. Ook burgers uit Israel wat in die diens van die HERE WOU volhard, het na Jerusalem gekom.

Die middele wat Jerobeam toegepas het om sy posisie te versterk, was in die eerste plek ook van militêre aard. Hy het Sigem op die gebergte van Efraim gebou (1 Kon. 12:25), d.w.s. hy het die reeds lank bestaande stad versterk; ook het hy daar gewoon. Sigem was die eerste residensie van die konings van Israel. Ook versterk hy Pnuel in die Oos-Jordaanland. Dit het hy gedoen om hom beter te kan verdedig teen vyande soos Damaskus en Ammon.

## § 252 Die kalwerdiens in Israel (1 Kon. 12:26-33)

Jerobeam het nog ander maatreëls toegepas, maatreëls op die gebied van die erediens; daartoe was hy nie geregtig nie, en dit het sy groot sonde geword. Hy sien naamlik gevaar in die erediens in Jerusalem as sy onderdane daarheen gaan om volgens bevel van die HERE (Deut. 12: 13, 14; 16:16) by die tempel die jaarlikse feeste te vier. Hulle kan daar onder die bekoring van stad en tempel kom. Hy het reeds van sy mense na Juda sien vertrek! Hierdie vrees van hom is 'n gevolg van sy gebrek aan geloof in die belofte van God wat aan hom deur Ahia meegedeel is. Daarom stel hy in sy eie land ook so 'n erediens in; dan hoef sy onderdane nie langer Jerusalem toe te gaan nie. Hy maak twee goue kalwers, bulkalwers. Omdat hulle van goud was, kon hulle nie so groot wees nie en word kalwers genoem. Dat Jerobeam in sy nuwe erediens die bul as beeld kies, staan onder invloed van die heidendom uit sy omgewing. Die beelde van die Baäls was in die gestalte van 'n mens, maar dikwels met horings soos van 'n bul op die voorkop. In die natuurreligie, die vrugbaarheidsgodsdiens van die Kanaäniete, was die bul, die sterk bees met sy groot teelkrag, die sigbare voorstelling van die groei- en voortplantingskrag in die natuur; en in Egipte, waar Jerobeam so lank vertoef het, was die bul vanweë sy groot krag beeld van die sterkte van die godheid. Selfs in die tempel in Jerusalem behoort beeste tot die versiering van die gereedskappe (1 Kon. 7:25, 29). Jerobeam wil ook iets uit die tempel naboots.

Op twee plekke in sy land rig Jerobeam die bulkalwers op: in Bet-el en in Dan. Hy roep die volk bymekaar en proklameer: Hier is, o Israel, jou God wat jou uit Egipteland laat optrek het! Hy kom dus nie met 'n nuwe god nie, nee, met dieselfde God wat in Jerusalem vereer word. Dis ook nie die bedoeling van Jerobeam om die goue bulkalwers as gode te beskou nie. Die goue kalf is maar 'n simbool van die godheid of - wat ook moontlik is - 'n goue voetstuk, waarop die godheid sit of rondry. Die voorstelling dat God op gérubs troon (1 Sam. 4:4; 2 Sam. 6:2) en op 'n gérub ry (2 Sam. 22:11), word ook by die suiwere erediens aangetref. Miskien wou Jerobeam dié gedagte navolg. Die onderskeid tussen die godheid en sy beeld (sy simbool) vra egter te veel van die onderskeidingsvermoë van die volk. Selfs 'n man soos die profeet Ahia wil van so 'n spitsvondige onderskeid niks weet nie en praat reguit van "ander gode" (1 Kon. 14:9)- net soos Stefanus later (Hand. 7:41). En al was die bedoeling van Jerobeam dan nie om die eerste gebod te oortree nie, die tweede gebod het hy vir seker oortree. Ernstig sê die geskiedverhaal: En hierdie saak het tot sonde geword. Jerobeam het sy volk laat sondig. In die grond van die saak was dit ook nie sy doel om God te dien nie, maar om sy ryk te bevestig. Hy het die godsdiens gebruik in diens van sy politiek, en dit was 'n skandelike misbruik!

Die plekke van die kalwerdiens was goed gekies! Bet-el lê op die grens van Efraim en Benjamin, ruim tien myl noord van Jerusalem, en die kalwerdiens daar was 'n uittarting vir

Jerusalem. Dit was die politieke waarde van Bet-el. Die plek het egter ook sy religieuse waarde gehad: Abram het daar 'n altaar gebou (Gen. 12:8); Jakob later ook; die HERE het daar aan hom verskyn (Gen. 28; 35:7). In die tyd van die rigters het die verbondsark van God daar gestaan (Rigt. 20:27). Wat Dan betref - dit het in dieselfde tyd ook 'n heiligdom gekry; die eerste priester daarvan was 'n kleinseun van Moses (Rigt. 18:30) (Kyk § 140). Jerobeam knoop dus aan by ou heilighede!

Jerobeam gaan nog verder. Nie alleen maak hy manne tot priesters wat nie nakomelinge van Levi was nie (kyk ook 2 Kron. 13:9), maar hy verander ook die feestye en maak sy eie fees. Dit was ongetwyfeld die huttefees, die groot fees aan die einde van die oes, by uitstek die fees van die HERE (Lev. 23:39). Hierdie fees moes in die sewende maande gevier word; Jerobeam verskuif dit na die agtste maand, die maand wat hy in sy eie hart versin het.

Deur hierdie maatreëls maak Jerobeam die kloof tussen Juda en Israel steeds groter met die bedoeling om sy eie posisie te versterk. Met sy eiesinnige godsdiens het hy egter die toorn van die HERE opgewek. Die vertroue dat God, wat hom sy koningskap gegee het, dit ook vir hom sou bewaar, het hy nie gehad nie.

## § 253 Die oordeel oor Jerobeam (1 Kon. 12: 33-13 :10)

Die laaste vers van hoofstuk 12 beskryf hoe Jerobeam as koning ook die priesterlike diens waarneem en op die altaar klim om offerrook te laat opgaan. Ook dit was teen die wil van God (2 Kron. 26: 18). Vir Jerobeam was dit die hoogtepunt van sy strewe, vir God die breekpunt van Sy lankmoedigheid. Hy kondig die oordeel oor Jerobeam aan deur "'n man van God uit Juda". Sy naam word nie vermeld nie. Hy verskyn daar in Bet-el deur die woord van die HERE, om na Bet-el te gaan en daar uit te spreek wat die Godspraak aan hom geopenbaar het.

Midde-in die feesverrigtinge kom hy daar aan, terwyl Jerobeam op die altaar staan. Hy rig hom tot die altaar. Dit vloei voort uit sy profetiese geestesvervoering: die altaar is die konkrete gestalte van die gruwel wat hier bedryf word; wat met die altaar sal gebeur, is bewys van die toorn van God. Hy sê: Altaar, altaar, so spreek die HERE: Kyk, 'n seun sal gebore word vir die huis van Dawid met die naam Josia, en hy sal op jou slag die priesters van die hoogtes wat op jou offerrook laat opgaan, en op jou sal mensbene verbrand word!

Dis 'n noukeurige profesie met fyn besonderhede, maar dit het presies so in vervulling gegaan (2 Kon. 23:15-20).

Die oordeel word aangekondig deur 'n profeet uit Juda en voltrek deur 'n koning van Juda. Hoewel die skeuring van die ryk 'n straf was op die sonde van Salomo, was die dade van Jerobeam in der mate hemeltergend, dat Juda die gerig in Bet-el sal voltrek.

Die man van God het dieselfde dag 'n wonderteken aangekondig. Dieselfde dag, nie op dieselfde moment nie. Die wonderteken is nie gelyktydig met die oordeelsaankondiging genoem nie. Hieruit kan ons aflei dat Jerobeam hom nie aan die profeet gesteur het nie. Die konings van Israel het altyd die profetiese optrede met minagting bejeën (2 Kon. 9:11). Jerobeam het ongestoord met sy offerhandeling aangegaan. Daarom keer die Godsman terug om met die voorspelling van 'n wonderteken te beklemtoon dat die oordeelsaankondiging ernstig is. Die wonderteken is dat die altaar uitmekaar sal skeur en die as wat daarop is, afgegooi sal word.

Noudat die Godsman die tweede maal verskyn met sy priemende woorde, word dit vir Jerobeam eenmaal te erg en steek hy sy hand bo die altaar uit met die bevel: Gryp hom! Maar nou gebeur daar 'n ander wonderteken, wat nie vantevore aangekondig is nie, maar aantoon

dat die man van God waarlik spreek na die wil van God: die hand wat Jerobeam uitgesteek het, word styf, en terwyl hy daar so staan met 'n stywe arm, gaan die aangekondigde wonderteken in vervulling: die altaar skeur uitmekaar, en die as val af.

Die stywe arm was vir Jerobeam die duidelikste taal! Dit breek sy hoogmoed, en hy smeek dat die Godsman - wat intussen deur niemand gegryp is nie - tot die HERE sy God sal bid dat sy hand weer word soos tevore. "Jou God," sê Jerobeam aan die profeet. Daarin lê die erkenning dat die Godsman uit Juda in nouer betrekking tot die HERE staan as die koning van Israel.

Die profeet het gebid, en God het genees. Hierin gee God blyk van Sy ontferming op die gebed.

In 'n gans ander gemoedstemming nooi die koning die man van God nou in sy huis om hom te onthaal en aan hom 'n geskenk te gee. Maar dit mog die Godsman op bevel van die HERE nie doen nie. Hy het dadelik na Juda teruggekeer.

### § 254 Die ou profeet van Bet-el (1 Kon. 13:11-32)

In Bet-el was daar nog 'n ou profeet. Van wat hy in sy lewe gedoen het, word niks vertel nie, behalwe sy optrede op sy oudag en dit is dan in die eerste plek wat hy nie gedoen het nie: hy het nie na die fees van Jerobeam gegaan nie. Dit was nie omdat hy te oud of te swak was nie, want hy kan nog op sy esel ry, soos ons nog sal sien. Dit was ongetwyfeld omdat hy met die handelwyse van Jerobeam nie kon instem nie. Maar om weg te bly, was ook sy enigste protes, en sy seuns het wel gegaan. Dié vertel hom wat die man van God uit Juda by die altaar gespreek en gedoen het. As die ou profeet dit hoor, laat hy sy seuns sy esel opsaal en ry hy agter die man van God aan. Die kragtige optrede van die Godsman het hom getref, en hy wil hom graag ontmoet. As hy die Godsman aantref, nooi hy hom na sy huis om brood te eet. Die Godsman sê egter dat hy die uitnodiging nie kan aanneem nie, omdat die HERE hom dit verbied het. Dis 'n teleurstelling vir die ou profeet, en om nou tog sy wens vervul te sien, sê hy dat hy ook 'n boodskap van die HERE gekry het, nogal deur 'n engel; hy is mos ook 'n profeet! Die boodskap was dat hy hom na sy huis moes neem om te eet en te drink.

Dit was 'n leuen, maar die man van God het die woorde van die ou profeet as waarheid opgeneem. Hy het hom laat mislei. Dit was verkeerd van hom; hy moes begryp het dat die onbekende man wat agter hom aan gegaan het, lieg. Die gebod om nie te eet en te drink nie, wat hy van die HERE self ontvang het, was baie nadruklik. Hy kon 'n teenbevel alleen van die HERE self verwag. En waarom sê die onbekende ou man nie onmiddellik dat hy 'n boodskap van 'n engel ontvang het nie, maar eers as hy teleurgestel is? Dit moes vir hom tog verdag voorgekom het! Maar ná die spanning van die dag het die uitnodiging vir die Godsman aanloklik gelyk, en uit swakheid gaan hy saam.

Terwyl hulle eet en drink, kom die woord van die HERE tot die ou profeet. Dit was 'n egte Godspraak! Nou is die ou profeet waarlik weer profeet, en dadelik gee hy die Godspraak deur: So spreek die HERE: Omdat jy wederstrewig was teen die mond van die HERE deur nie die gebod te hou wat die HERE jou God jou beveel het nie, maar omgedraai en brood geëet en water gedrink het in die plek waarvan Hy aan jou gesê het: Jy moet geen brood eet of water drink nie -daarom sal jou lyk nie in die graf van jou vaders kom nie.

Nou spreek die profeet kragtige woorde; dit klink anders as sy eie versinsels. Dit is tewens woorde waarin hy homself as leuenaar aan die kaak stel.

Die straf wat hy sy gas aansê, is vir 'n Israeliet 'n swaar straf. Wie in die dood nie by sy vaders is nie, kom tereg by die vreemdes, wat God nie gevrees het nie, by die goddelose

(Gen. 47:29, 30; 50:25; Jes. 53:9; Jer. 26:23).

Waarom word die Godsman so swaar gestraf en lees ons niks van straf oor die ou profeet nie? Was sy bedrog nie ook 'n groot sonde nie? Sekerlik! Maar die geskiedenis vertel die hoofsaak waarom dit gaan: die aankondiging van die oordeel oor Jerobeam. Dit het die man van God uit Juda getrou gedoen en die uitnodiging van Jerobeam afgewys. Maar watter indruk moes dit in Bet-el skep as hulle hoor dat die man van God wat gesê het dat hy nie in Bet-el mog eet en drink nie, dit tog daar doen, by die ou profeet? Sou dit die krag van sy woorde nie wegneem nie? Sou Jerobeam nie sê: Dit beteken tog nie soveel as wat dit lyk nie? Daarom moet God, om die verkeerde gevolge van die fout van sy boodskapper weg te neem, hard ingryp; en Hy doen dit ook dadelik. Die Godsman vertrek ná die boodskap van die ou profeet. Of hy hom ook verwyt het dat hy hom voorgelieg het, word nie gesê nie. Volgens die Skrifverhaal het hulle maar swyend uitmekaar gegaan, elkeen van hulle skaam vanweë skuldgevoel.

Op die terugpad word die Godsman deur 'n leeu gedood. Maar dis nie 'n gewone geval nie! Die leeu maak die Godsman dood, maar bly staan by die lyk wat op die pad lê en ook die esel staan daarby! Verbygangers sien die wonderlike skouspel en vertel dit in Bet-el. Ook die ou profeet hoor dit, en hy begryp dadelik: dit moet die man van God uit Juda wees!

Nou weet die mense in Bet-el hoe ernstig die woorde van die HERE bedoel is.

Die ou profeet gaan weer op pad. Hy gaan haal die dooie liggaam van die Godsman en lê dit in sy eie graf. Hulle het oor hom gerouklaag met die gebruiklike rouklag: "Ag, my broer! " (Jer. 22:18).

Weer sien ons hier die barmhartigheid van die HERE in die uitvoering van die straf: die swaar straf word sag toegepas. Die Godsman het gefaal. Tog was hy 'n dienskneg van God. Die straf word letterlik toegepas: sy lyk kom nie in die graf van sy vaders nie, maar tog nie by die vreemdes nie. Op sy graf is later 'n steen geplaas (2 Kon. 23:17).

En die ou profeet? Of en hoe hy gestraf word vir sy leuens, is vir ons nie van belang nie. Maar die Godsman moet sterwe. sodat sy oordeelsaankondiging nie lig geag sal word nie.

Die ou profeet wil, as hy te sterwe kom, by die Godsman lê. Dis 'n blyk van sy gevoel van verbondenheid aan die Godsman. Hy spreek ook met ronde woorde uit dat die aangekondigde oordeel sal kom (v. 32). Hiermee verklaar hy nou duideliker as tevore dat hy die godsdienstige instelling van Jerobeam afkeur.

### § 255 Abia, die seun van Jerobeam (1 Kon. 14 :1-20)

Rehabeam en Jerobeam het elkeen 'n seun gehad met die naam Abia, Abia van Rehabeam het sy vader opgevolg as koning van Juda. Abia van Jerobeam het jonk gesterf.

Die naam Abia is 'n teofore eienaam, d.w.s. 'n naam wat saamgestel is met die Naam van God of van 'n god. In hierdie naam sien ons in die laaste gedeelte die Naam van die HERE in Hebreeus en verkort tot "Jah" (vgl. § 87). Die eerste gedeelte beteken: "my vader"; die hele naam: "My vader is die HERE." Dit skyn asof die twee vyandige konings in hierdie naamgewing ook met mekaar wedywer, naamlik deur daarin kenbaar te maak dat hulle die HERE as hulle God het.

Abia, die seun van Jerobeam, het siek geword. Sy toestand het die hart van Jerobeam met kommer vervul. In die nood dink Jerobeam terug aan die profeet Ahia, wat aan hom gesê het dat hy koning oor Israel sou word. Maar hoe ver het Jerobeam inmiddels van die bedoeling van God met sy koningskap afgewyk. Die ryk beloftes, waarvan Ahia gespreek het, het tot voorwaarde gehad: As jy wandel in my weë! Jerobeam besef dat hy dit nie gedoen het nie en

dit is vir hom 'n belemmering om nou na Ahia te gaan: watter kwaai woorde sal hy te hore kry? Daarom bedink hy die plan dat sy vrou liewers moet gaan en dat sy haar moet vermom. Tot die vermomming behoort ook die geringe geskenk (v. 3). Die bedoeling van die besoek aan die profeet is intussen nie om raad te vra of om genesing te smeek nie, maar om te hoor "wat met die seun sal gebeur". Hieruit spreek meer vrees vir die donker lykende gang van sake as hulpverwagting van God. Dit is 'n ongelowige neiging (vgl. ook 1 Sam. 28:8; 2 Kon. 1:2). Die voorsorgsmaatreëls van die koningin om onkenbaar te bly, "was egter oorbodig en nutteloos; oorbodig omdat Ahia nie kon sien nie, want sy oë was styf vanweë sy ouderdom; nutteloos, omdat die HERE Ahia ingelig het oor haar koms. Terselfdertyd het die HERE aan Ahia opdrag gegee wat om aan haar te sê.

As die vermomde koningin in Silo aankom en die huis van die profeet betree, kry sy nie eens kans om iets te sê nie. Die profeet begin dadelik met die opdrag van die HERE. Hy spreek haar aan as vrou van Jerobeam en vra wat die vermomming beteken. Daar is Stellig nie 'n goeie rede voor nie! Maar Ahia is ingelig. Hy het 'n harde boodskap vir haar. Aan die harde boodskap gaan 'n breë motivering vooraf. Jerobeam is deur God uit 'n nederige posisie tot vors oor sy volk Israel verhoog, maar hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die HERE nie; hy het ander gode en gegote beelde gemaak om die HERE te terg. Daarom bring die HERE onheil oor die huis van Jerobeam: Hy sal uitroei al wat manlik is. In smadelike bewoording, waarin die heftigheid van die toorn van God blyk, druk Ahia dit uit: God sal die huis van Jerobeam skoon wegvee totdat daar niks van oor is nie. Dit sal geskied deur oproer en oorlog, want die een wat van Jerobeam in die stad sterwe, hom sal die honde eet; en wat in die veld sterwe, sal die aasvoëls eet.

Ahia is nog nie klaar nie. Die arme moeder het nog geen kans gekry om met haar eintlike boodskap voor die dag te kom nie, maar Ahia sê aan haar voordat sy kon vra hoe dit met haar seun sal gaan: As jou voete die stad inkom, sal die kind sterwe!

Ook dit is 'n harde boodskap, tog heeltemal anders as die vorige, want die seun sal nie soos drek weggevee word nie (v. 10), maar beklaag en begrawe word, omdat in hom iets goeds voor die HERE te vinde was. Hy alleen sal in 'n graf kom. Die HERE is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van dié wat Hom haat (Ex. 20:5). Hulle het tot in geslagte gesondig en word tot in geslagte gestraf. Maar God ken ook elkeen besonderlik. Die siel wat sondig, dié moet sterwe (Eseg. 18:20).

Nog een keer kom Ahia op die oordeelsaankondiging terug om te sê hoe dit voltrek sal word: die HERE sal vir Hom 'n koning oor Israel verwek wat die huis van Jerobeam dié dag sal uitroei. Dit is Baësa, wat koning sal word en die huis van Jerobeam sal uitroei.

Ook vir die vólk van Israel sal die sonde en straf van Jerobeam verskriklike gevolge hê. As Ahia hiervan praat, sien die blinde profeet baie ver - met profetiese blik! Hy sien die einde van Israel, toentertyd nog meer as twee eeue in die toekoms. Hy sê dat God hulle sal verstrooi anderkant die Eufraat. Dit het ook so geskied (kyk 2 Kon. 15:29; 17:6; 18:11). Ten slotte die sonde, wat die oorsaak van al die ellende is, saamvattend, sê hy: omdat hulle vir hul heilige boomstamme (kyk § 151) gemaak het en die HERE geterg het. Deur hiervan te praat, laat Ahia blyk dat hy die gevolge van die kalwerdiens van Jerobeam sien: die diens van die vrugbaarheidsgode in die natuur by plant en dier en - mens! In daardie afgodediens het Israel die seëninge van die HERE - Sy brood en Sy water, Sy wol en Sy vlas, Sy olie en Sy drank - toegeskryf aan die werking van die Baäls (Hos. 2:6). Dan word die Baäls die "minnaars" van Israel en vergeet die dogter Israel haar Man (v. 15). Hoe ver reik die sonde van Jerobeam, die seun van Nebat, waarmee hy Israel laat sondig het!

Die vrou van Jerobeam gaan terug na Tirsa. Hoe verpletter moet sy voel. Elke stap wat sy

doen, bring die dood van haar kind nader. Net toe sy op die drumpel van die huis kom, het die seun gesterwe. Die woorde van Ahia aangaande die kind het in vervulling gegaan. Jerobeam kan daarop reken dat die ander woorde van die profeet ook in vervulling sal gaan. Hierdie straf sal Jerobeam egter tref in sy "huis", d.w.s. in sy familie. Hy self het in die lankmoedigheid van God nog 'n sekere erkenning van sy origens swaar besoedelde waardigheid ontvang en die uitroeiing van sy huis self nie aanskou nie.

## § 256 Die sonde van Rehabeam (1 Kon. 14:21-24; 2 Kron. 12 :14)

Gesteun deur mense uit Israel wat hulle hart daarop gerig het om die HERE te soek en daarvoor na Jerusalem gekom het, waar die tempeldiens was, het Rehabeam en Juda drie jaar lank in die weg van Dawid en Salomo gewandel (2 Kron. 11:16,17). Toe Rehabeam egter die koningskap bevestig het en hy sterk was, het hy die wet van die HERE verlaat en het Juda gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Hulle het hoogtes gebou en klippilare en heilige boomstamme (vgl. § 151) opgerig. Om op 'n hoogte (bama) te offer, was 'n Kanaänitiese gebruik. God het Sy volk beveel om hierdie gebruik nie oor te neem nie, maar die hoogtes en die altare wat daarop was, te verwoes (Num. 33:52; Deut. 7:5; 12:2, 3). Nadat die heiligdom in Silo by die dood van Eli verwoes is en voordat die tempel gereed was, het Israel dikwels op die hoogtes geoffer (1 Kon. 3:2). Selfs die strenge Samuel het dit gedoen (1 Sam. 9:11-25), maar hy het ongetwyfeld daarvoor gesorg dat dit gedoen is sonder afgodiese smette. Noudat in Rehabeam se dae die tempel gereed was, was daar geen verontskuldiging meer vir hierdie heidense gebruik nie. Verder maak hulle klippilare en heilige boomstamme. Op sigself gesien, is so 'n klippilaar (masseba) nie iets verkeerds nie. Jakob het in Lus ook 'n klippilaar opgerig - in ons vertaling 'n gedenksteen genoem (Gen. 28:18). Maar by die Kanaäniete was die klippilare simbole van die manlike god Baäl, waarnaas dan die heilige boomstamme (asjera) geplaas word, om die vroulike god te verteenwoordig. God het albei uitdruklik verbied (Deut. 16 :21, 22).

Verder was daar ook "skandseuns" in die land. Hierdie woord (in Hebreeus staan 'n enkelvoud) is 'n versamelnaam, wat ook vroulike persone insluit, en "gewyde(s)" beteken, naamlik gewydes aan die vrugbaarheidsreligie van Baäl en Astarte (vgl. § 151). Die godsdiens-geskiedenis noem hul aandeel in die kultus tempelprostitusie of sakrale prostitusie: hierdie geleerde naam dui 'n poel van onsedelikheid aan. Die gewydes was in die eerste plek Kanaäniete; maar ook seuns en dogters van die volk van God het dié praktyke nagevolg - iets wat God begryplikerwys volstrek verbied het (Deut. 23:17,18).

Die ontaarding in Juda het dus reeds spoedig 'n groot omvang aangeneem. Geen wonder nie dat die HERE Juda tugtig (§ 257).

## § 257 Die inval van Sisak (1 Kon. 14: 25-2S; 2 Kron. 12:2-12)

In die vyfde jaar van koning Rehabeam trek Sisak, die koning van Egipte, teen Jerusalem op, omdat hulle ontrou teenoor die HERE gehandel het. Hy kom met 'n groot leër van twaalfhonderd strydwaens en sestigduisend perderuiters en ontelbaar baie manskappe: Libiërs, wat wes van Egipte gewoon het; Sukkiete, wat elders in die Ou Testament nie genoem word nie, maar in Egiptiese inskripsies as huursoldate vermeld word; en Kusiete, d.i. Nubiërs of, volgens Griekse benaming, Ethiopiërs uit die gebied ten suide van Egipte wat teenswoordig die Soedan heet (vir hul huidskleur, vgl. Jer. 13:23). Die versterkte stede wat aan Juda behoort het, het Sisak ingeneem. Die vestings wat Rehabeam volgens 2 Kron. 11:5-12 gebou het, was toe, in sy vyfde jaar, ongetwyfeld nog nie almal gereed nie. Juda het egter reeds vroeër, in die tyd van Salomo, versterkte stede gehad (1 Kon. 9:16-18). Die nuwe vestingbou is miskien pas onderneem ná die inval van Sisak om herhaling van so 'n ramp te

verhoed.

Die toestand is gevaarlik vir Juda, en Jerusalem is vol vlugtelinge. Daar verskyn Semaja, dieselfde profeet wat Rehabeam verbied het om teen Israel op te trek. Hy het geen bemoedigende boodskap nie. Hy sê net: Dit is nou julle straf! Julle het My verlaat; daarom gee Ek julle oor in die hand van Sisak.

Die koning en sy owerstes het hulle sonde ootmoedig erken en gesê: Die HERE is regverdig. Hierdie uitspraak getuig van skuldbesef. Daarop betoon die HERE Sy ontferming en kry Semaja 'n nuwe boodskap: Ek sal hulle nie vernietig nie, maar hulle binnekort uitkoms skenk. Maar daar bly straf oor: hulle sal Sisak se knegte word, sodat hulle My diens en die diens van die koninkryk van die lande kan leer ken! Hier bedoel die HERE reeds dieselfde wat Jesus later gesê het: My juk is sag en My las is lig (Matt. 11:30); en Johannes: Sy gebooie is nie swaar nie (1 Joh. 5:3).

Sisak het toe die skatte van die tempel en die paleis weggeneem, ook die goue skilde wat Salomo gemaak het. Rehabeam het in die plek daarvan koperskilde gemaak en dit by sy plegtige tempelgang gebruik. Hy het blykbaar gehou van uiterlike vertoon. Sy hardlopers (lyfwagte) moes dit dan dra (vgl. vir die paradegebruik 2 Sam. 8:7).

Ná die inval het Rehabeam hom in Jerusalem versterk en nog twaalf jaar geregeer. Toe het hy ontslaap met sy vaders en is begrawe in die stad van Dawid. Sy seun Abia het in sy plek koning geword.

## § 258 Sisak

Sisak is dieselfde koning van Egipte na wie Jerobeam gevlug het en by wie hy politieke asiel gekry het (1 Kon. 11:40). Tot nog toe is die koning van Egipte in die Ou Testament altyd by sy titel genoem: die Farao. Hier word 'n koning van Egipte vir die eerste keer by sy eienaam genoem: Sisak.

Egipte het in die loop van die eeue verskillende koningshuise of dinastieë gehad (§ 83). Sisak was die stigter van 'n nuwe dinastie, die 22ste, die Libiese of Bubastiese dinastie, so genoem na die residensieplek Bubastis (= Pi-Beset, Eseg. 30:17), aan die oosrand van die Nyldelta. Die dogter van die Farao, met wie Salomo getroud was, was nog 'n telg uit die voorafgaande dinastie, dié van Tanis.

Sisak was 'n Libiër en generaal van die Libiese huurtroepe in Egiptiese diens. Die regering in Tanis was swak, en Sisak het kans gesien om self koning van Egipte te word.

Die Ou-Testamentiese berigte maak alleen melding van Sisak se optrede teen Juda. Sisak het egter self ook 'n inskripsie van sy tog na Palestina nagelaat op die muur van die Amontempel in Karnak by Thebe (Suid-Egipte). In die middel van die reliëf staan die god Amon met 'n koord in sy hand, waarmee die gevangenis gebind is. Elkeen van hulle is die vors of hoofman van 'n verowerde stad; in sy liggaam is die naam van die stad gegraveer. Tot hierdie name behoort ook name van plekke uit Israel soos bv. Rehob (wat in Aser lê, Rigt. 1:31), Megido, Taanag, Sunem, Bet-Sean. Hieruit blyk dat Sisak ook sy vriend Jerobeam aangeval het Miskien het Jerobeam versuim om beloftes van tribuut as vergoeding vir die hulp wat hy van Sisak geniet het, na te kom. Dat Sisak ook in die tienstammeryk was, blyk boonop uit 'n inskripsie van hom wat in 1926 deur Amerikaanse argeoloë in Megiddo gevind is.

Die tog van Sisak was waarskynlik meer as net 'n strooptog, nl. 'n poging om die Egiptiese ryk weer na die Ooste uit te brei, soos dit van ouds die geval was. Die opvolgers van Sisak was egter minder energiek, sodat die ryke van Juda en Israel hulle selfstandigheid kon behou.

## § 259 Abia verslaan Israel (2 Kron. 13 :13-20)

Abia, wat slegs drie jaar oor Juda geregeer het, was die seun van Rehabeam en Maäga, die dogter van Abisalom of Absalom (1 Kon. 15:1; 2 Kron. 11 T20); in 2 Kron. 13:2 heet sy Migaja (d.i. dieselfde naam in ander vorm), die dogter van Uriël (getroud met Tamar? 2 Sam. 14:27). Dit beteken dat sy volgens noukeuriger opgawe (sonder om 'n geslag oor te slaan) 'n kleindogter van Absalom was. Rehabeam het meer vroue uit die huis van Dawid gehad (2

Kron. 11:18), maar Maäga het hy die liefste gehad en bepaal dat haar oudste seun, Abia, sy opvolger moes word. Om hierdie plan ná sy dood sonder moeilikhede te laat verloop, het hy sy ander seuns tevrede gestel met lewensonderhoud en vrouens (v. 22,23).

Toe Abia sy vader opvolg, het Jerobeam nog in Israel geregeer. Abia het toe gedoen wat Semaja Rehabeam verbied het, nl. om 'n oorlog op groot skaal teen Israel te voer. Hy het 'n geweldige groot leër op die been gebring. Jerobeam se leër was nog twee keer so groot, maar Abia het 'n glansryke oorwinning behaal: God self het Jerobeam en die hele Israel voor Abia en Juda verslaan. Jerobeam het, geen krag meer behou nie; die HERE het hom swaar getref, sodat hy gesterf het. Dit het egter nie onmiddellik gebeur nie. Hy het nog belewe dat Abia deur Asa opgevolg word. Wel blyk hieruit dat Jerobeam se laaste jare somber was en hy as 'n gebroke man heengegaan het.

Tot Abia se veroweringe behoort ook Bet-el, Jerobeam se vernaamste godsdienssentrum. Die goue kalwers het Abia waarskynlik nie in die hande gekry nie, want uit 2 Kron. 13:8 kan afgelei word dat die goue kalwers saamgeneem is in die stryd.

### § 260 Die "vroomheid" van Abia (2 Kron. 13:4-12)

Die optrede van Juda teen Israel geskied hierdie keer met goedkeuring van die HERE. Dit was seker vanweë die sonde van Jerobeam, maar daar staan ook vermeld dat Juda sterk geword het, omdat hulle op die HERE gesteun het. Tog was Abia nie 'n vroom man nie. In 1 Konings 15 staan van hom dat hy gewandel het in al die sondes van sy vader (§ 256) en dat sy hart nie volkome met die HERE sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie. Dat Abia seëninge ontvang het, was alleen ter wille van Dawid. 'n Beeld van Abia se "vroomheid" kry ons uit die redevoering wat hy gehou het terwyl die leërs teenoor mekaar in slagorde gestaan het. Abia begin deur groot nadruk te lê op die wettigheid van die koningskap van Dawid, wat God aan hom gegee het as 'n soutverbond, d.w.s. 'n onverbreekbare verbond (om saam met iemand sout te eet, is bevestiging van trou). Die optrede van Jerobeam noem hy rebellie, maar deur sy aanhangers ligsinnige manne, deugniete te noem, teken hy sy opstand teen Salomo met swarter kleure as wat die geskiedskrywer self gedoen het. In elk geval verswyg hy dat die skeuring 'n beskikking van die HERE was. Deur te sê dat Rehabeam geen teëstand kon bied nie omdat hy jonk en week van hart was, doen hy sy vader onreg aan. Jerobeam het manne wat nie uit die seun van Levi was nie, tot priesters aangestel, maar Abia sê dat dit met omkopery gepaard gegaan het. As Abia dit alles gesê het, gaan hy verder: "Maar ons - die HERE is onse God " "By ons" is die ware tempeldiens, soos hy uitvoerig beskryf. In die redevoering van hierdie koning wie se hart nie volkome met die HERE sy God was nie, beluister ons meer woorde van selfingenomenheid as van ootmoedige vertroue op God. Die uitwendige vroomheid wat Jeremia later berispe het deur te sê dat die uitroep: "Die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit," nie 'n ware vertrouensgrond is nie, tref ons hier by Abia reeds aan (Jer. 7:4).

Tog het die HERE Abia gebruik om Jerobeam te verneder!

Die sonde van Jerobeam was baie groot!

## Asa en sy Tydgenote in Israel

### § 261 Asa reformator (1 Kon. 15:9-15; 2 Kron. 14 :1-5; 15)

Ná Abia het Asa koning geword in Juda. In Israel het Jerobeam toe nog geregeer, maar hy sterf in die tweede jaar van Asa. Die naam van die moeder van Asa was Maäga, 'n dogter van Abisalom. Dit was ook die naam van die moeder van sy voorganger Abia. Dit kan beteken

dat hulle broers was. Wel word Asa die seun van Abia genoem (1 Kon. 15:8), maar die woord "seun" het veral in opgawes van familieverhoudings van konings dikwels 'n ruimer betekenis (vgl. bv. 1 Kron. 3:15). Ook omdat Abia baie kort geregeer het en dus jonk gesterwe het, lê opvolging deur sy (jongere) broer voor die hand. 'n Ander moontlikheid is dat die moeder van Abia ná die kortstondige regering van haar seun, nie van haar bevoorregte posisie as koninginmoeder afstand wou doen nie en die moeder van Asa tersyde gestel het. Die koninginmoeder was "gebiedster" (2 Kron. 15:16), en Maäga, die vrou van Rehabeam, was, soos ons nog sal sien, 'n sterk persoonlikheid. Later is sy as gebiedster afgesit.

Asa het gedoen wat reg was in die oë van die HERE, net soos sy vader Dawid. Sy hart was volkome met die HERE al sy dae. Tog moes die siener (of profeet) Hanani hom nog een keer ernstig vermaan vanweë 'n dwase handeling.

Asa het lank geregeer - een-en-veertig jaar. Die eerste tien jaar was rustig. Dit was te danke aan die verswakking van Israel (§ 259). In die tien jaar het Asa hom besig gehou met godsdienstige en militêre sake. Op godsdienstige gebied het hy as reformator opgetree. Hy het die vreemde altare èn die Kanaänitiese hoogtes verwyder. Die hoogtes wat nie afgeskaf is nie, was dié wat in diens van die HERE gebruik is. Hy het die skandseuns uit die land weggestuur, d.w.s. die "sakrale prostitusie" opgeruim, en die "drekgode" wat sy vaders gemaak het, verwyder; ook die klippilare en die heilige boomstamme en die sg. sonpilare, wat eintlik wierookaltare was! Op militêre gebied het hy sy land versterk deur vestingbou. Dit was verstandige voorsorgsmaatreëls in vredestyd.

## § 262 Asa verslaan die Kusiete (2 Kron. 14: 9-15)

Die rus word versteur as Serag, die Kusiet, teen Juda optrek met 'n geweldige leër: 'n miljoen troepe en driehonderd strydwaens. Wie Serag is, is onbekend. Hy dra geen koninklike titel nie. Miskien was hy 'n rowerhoofman wat groot menigtes woestynbewoners agter hom gekry het. Woestynbewoners was altyd gretig om uit hul arm gebiede invalle te doen in die rykere kultuurgebiede. Omdat Serag ook Libiërs onder sy bevel gehad het (2 Kron. 16:8), het hy miskien in kontak gestaan met die Libiese dinastie van Egipte (Sisak); in elk geval vlug hy ná sy neerlaag in die rigting van Egipte. Daar was egter ook 'n Arabiese gebied Kus (1 Kron. 1:9), van waar hy afkomstig kon gewees het.

Serag dring Juda in tot by Maresa, 'n bietjie verder as Lagis. Daar by Maresa vind die slag plaas. Asa bid om hulp van die HERE. Daarna het hy die Kusiete 'n groot neerlaag toegedien. Met 'n groot buit - beeste, kleinvee en kamele - het hy na Jerusalem teruggekeer. Hierdie oorwinning het 'n groot oplewing in Juda teweeggebring, veral deur die prediking van Asarja, die seun van Oded. Asa het moed geskep en sy hervormingswerk met krag deurgesit. Ook het hulle by 'n offerfees van sewehonderd beeste en seweduisend stuks kleinvee uit die buit in Jerusalem die verbond aangegaan om trou te wees aan die God van hulle vaders. Dit was diep ernstig bedoel, want elkeen wat die HERE, die God van Israel, nie sou soek nie, sou gedood word, klein en groot, manne sowel as vroue (vgl. Deut. 17:2-7).

Dit het gebeur in Asa se vyftiende regeringsjaar. Toe is ook Maäga afgesit. Sy het in haar afgodery selfstandig opgetree deur self 'n kultusvoorwerp vir Asjera, die vrugbaarheidsgodin, op te rig- Sy het natuurlik bedoel dat dit indrukwekkend sou wees, maar die geskiedskrywer noem dit afgryslik. Hiermee het sy die grense van haar bevoegdheid oorskry en kon Asa haar nie langer duld nie.

Groot was die vreugde in die hele Juda oor die suiwering van die godsdiens, oor die verbond en die eed. Die HERE het Hom deur hulle laat vind en hulle rus verskaf rondom. So het Asarja ook gesê: "Daar is loon volgens julle werk!"

## § 263 Nadab koning van Israel (1 Kon. 15:25-32)

In die tweede jaar van Asa het Jerobeam ontslaap met sy vaders, en sy seun Nadab het in sy plek koning geword. Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, net soos sy vader. Met die nuwe koning, wat 'n verswakte koninkryk erf, kom daar egter weer militêre oplewing: hy voer oorlog. Die Filistyne, wat deur Dawid onderwerp is (2 Sam. 8:1; 19:9), begin weer kop uitsteek. Hulle het blykbaar Gibbeton in die hande gekry, en Nadab wil dit weer van hulle afneem. Gibbeton lê naby Ekron, die noordelikste van die vyf bekende Filistynse stede. Dit was 'n stad van die Leviete (Jos. 21:23) in die stamgebied van Dan, trouens Ekron ook (Jos. 19:43), maar die Daniete kon hulle daar nie handhaaf nie (Jos. 19:47; Rigt. 1:34).

Terwyl Nadab Gibbeton beleër, waag Baesa 'n staatsgreep - en met welslae. Hy was seker een van die hoë offisiere wat op steun van sy manskappe kon reken. Te midde van die krygsverrigtinge slaan hy Nadab dood en word koning in sy plek. So 'n koning wat nie langs wettige weg nie, maar op gewelddadige manier aan die mag kom, is 'n *usurpator*. Die koninkryk van Israel het baie sulke usurpators gehad. Wat usurpators meestal doen, het Baesa ook gedoen: hy het die huis van sy voorganger uitgeroei. Deur hierdie wrede optrede is intussen die oordeel voltrek wat die HERE oor die huis van Jerobeam uitgespreek het (1 Kon. 14: 10). Dit het gebeur in die derde jaar van Asa. Nadab het dus maar kort geregeer; die Skrif sê: twee jaar (1 Kon. 15:25). Dit kan nooit twee volle jare gewees het nie. Hieruit blyk iets van die metode waarop die geskiedskrywer met tydrekenkundige gegewens te werk gegaan het.

## § 264 Baesa koning van Israel (1 Kon. 15:32-16:7; 2 Kron. 16 :1)

Baesa het vier-en-twintig jaar in Tirsa geregeer, waar hy later ook begrawe is. Die dood van Baesa val in die ses-en-twintigste jaar van Asa (1 Kon. 16:8). In 2 Kron. 16:1 staan dat Baesa in die ses-en-*dertigste* jaar van Asa teen Juda opgetrek het. 'n Skryffout? So 'n oorskryffout doen aan die waarheidskarakter van die Skrif niks af nie. Wanneer die Woord van God intree in die menslike wêreld van boek en geskrif, kom dit, net soos die Seun van God in die menslike natuur, in "die gelykheid van die sondige vlees" (Rom. 8:3).

Baesa het dus vroeër as so laat as teen die einde van die lewe van Asa teen Juda opgetrek, maar wel ná die groot reformasie van Asa, want daarby was ook mense uit Efraim en Manasse (2 Kron. 15:9) en daarvan het Baesa nie gehou nie. Hy het Rama gebou om niemand van Juda te laat uit- of ingaan nie; hy wou Juda blokkeer.

Rama lê halfpad tussen Jerusalem en Bet-el. Abia het Bet-el en nog enkele ander plekke van Israel afgeneem, maar as Baesa Rama bou, kan ons daaruit aflei dat hy die verlore gebied weer teruggeneem het.

Asa het 'n teenmaatreël getref wat ons van hom nie sou verwag nie. Hy, die vrome koning, wat op sy gebed Serag vernietigend kon verslaan, die ywerige reformator, wend hom nie tot sy God nie, maar tot mense, tot Benhadad, die koning van Aram, in Damaskus. Dit was 'n belangrike stad noordoos van Palestina en van oudsher vyandig, reeds jeens Salomo (1 Kon. 11:25). Die koning van Aram van wie ons nou lees, was dan ook verbonde aan Israel. Hierdie bondgenootskap het Baesa gesterk in sy stryd met Juda: hy was in die rug gedek! Asa stuur nou geskenke na Benhadad. Hy neem a] die silwer en die goud uit tempel en paleis, al wat daar oorgebly het (1 Kon. 15:18), want Sisak het al baie weggevat (§ 257). Met daardie geskenke probeer hy nou om Benhadad te beweeg om van politiek te verander en weer met hom 'n verbond te sluit, soos dit ook was tydens Abia en Benhadad se vader, Tabrimmon.

Benhadad het na Asa geluister.

As gevolg van sy veranderde politiek gaan hy nou die land Israel bestook. As hy uit Damaskus optrek na Israel, kom hy eers in Naftali en verwoes daar baie stede. Baesa kan nou nie langer in Rama bly ageer nie.

Asa se hande is nou weer los en hy roep al die manne van Juda op - niemand was vry nie - en met die boumateriale van Baesa bou hy 'n paar vestings, Geba en Mispa, altwee in Benjamin, effens meer noord as Rama. Nou kan hy die grens beheers (kyk ook Jer. *41:*9). Tog was die bondgenootskap met Benhadad 'n misgreep van Asa, en dit het uit ongeloof voortgekom. Dit is die siener Hanani wat hom dit reguit sê. Hy wys hom op die gevolge van sy fout: die leër van die koning van Aram het uit u hand vrygeraak. Dit kan niks anders beteken nie as dat Asa, wanneer hy op die HERE sou vertrou het, ook Benhadad as bondgenoot van Baesa sou verslaan het. Dit is die politiek van die profete, en dit sal in die volgende geskiedenisse nog dikwels blyk: *Soek nie hulp by dié of dié koninkryk nie, maar vertrou net op die* HERE!

Verder sê Hanani: van nou af sal daar oorloë teen u wees. Asa het nie op die HERE vertrou nie, maar hom ingelaat met buitelandse verhoudinge van ander ryke; nou kan hy daar nie wéér uit loskom nie. Die koning mag dink dat hy wys gehandel het, maar die profeet sê: Hierin het u dwaas gehandel!

Dit was hard vir 'n koning om dit uit die mond van 'n profeet te moet hoor. Asa gedra hom nou nie soos Dawid nie. Dawid sê: Ek het my baie besondig (1 Kron. 21:8), maar Asa het hom vererg vir Hanani en woedend op hom geword. Hy sit hom in die gevangenis! In dieselfde tyd het hy ook sommige uit die volk verdruk, miskien mense wat hulle ontstemming oor die behandeling van Hanani laat blyk het.

## § 265 Die sewedaagse koningskap van Simri (1 Kon. 16:8-20)

Ook Baesa kry 'n profetiese boodskap, nie oor die grensskermutselinge by Rama en die gevolge daarvan nie, maar oor sy lewenshouding. Na hom toe kom 'n ander profeet: Jehu, die seun van Hanani.

Baesa het die huis van Jerobeam uitgeroei en selfs 'n oordeel van God daarin voltrek. Maar hy het nie anders as Jerobeam gewandel nie. Jehu kondig hom dieselfde oordeel aan as wat oor Jerobeam gekom het. Weer voltrek God in Sy lankmoedigheid die oordeel in die tweede geslag. Baesa het ontslaap met sy vaders, en sy seun Ela het in sy plek koning geword. Dit lyk asof alles heeltemal gewoon verloop, maar binne twee jaar is daar weer 'n sameswering, weer 'n leërrevolusie: 'n strydwa-owerste Simri slaan Ela dood terwyl hy dronk was in Tirsa. Ook slaan hy, volgens asurpator-metode, die hele huis van Baesa dood. Dit was in die sewe-en-twintigste jaar van Asa.

Simri het vinnig opgetree, want sy hele regering het slegs sewe dae geduur. Hy het as wa-owerste genoeg mag gehad om die dronk koning en sy familie uit te roei, maar die eintlike mag van Israel was onder aanvoering van Omri by Gibbeton. Die stryd om Gibbeton is dus nog steeds nie besleg nie. Nadab is daar ook vermoor, in die harnas, maar Ela laat sy soldate veg en drink hom dronk in die huis van sy paleisowerste. Dit gaan met Israel se konings van kwaad tot erger. Die leër by Gibbeton is egter nie tevrede met die nuwe koning nie. Die soldate hou meer van hulle leërowerste Omri. Nog dieselfde dag maak hulle hom koning in die laer. Omri laat die beleëring van Gibbeton in die steek en trek op na Tirsa om Simri te beveg. Die stad word beleër en ingeneem. Nou is daar vir Simri geen hoop meer nie. Hy het in die vesting van die koning se huis ingegaan. Die koninklike paleis is die binnenste en laaste burg. Dié steek hy aan die brand en soek die dood in die vlamme, om nie in die hande van Omri te val en deur hom smadelik tereggestel te word nie. Dit was sy straf op sy sondes: die koningsmoord, al was dit ook die voltrekking van die straf van God oor Baesa, en sy

wandel in die weg van Jerobeam. Hiermee word die kalwerdiens bedoel, waaraan Simri hom nie soseer in die sewe regeringsdae as wel in sy vroeëre lewe skuldig gemaak het nie.

## § 266 Omri koning van Israel (1 Kon. 16:21-28)

Omri is dus koning, maar nie onbestrede nie. "Die hele Israel" het Omri koning gemaak, maar dit was die leër. Omri was net soos sy. voorgangers 'n "soldatekoning". Die volk Israel het in twee helftes verdeeld geraak, die een helfte het Omri gevolg, maar die ander helfte Tibni. Hierdie helfte was miskien minder militêr gesind, maar ons weet van Tibni niks. Die Tibnigroep was nie teen die Omrigroep opgewasse nie en toe Tibni gesterf het, was die pleit besleg. Omri was toe onbestrede koning, in die een-en-dertigste jaar van Asa - dit is vier jaar ná die sewedaagse koningskap van Simri. Die stryd tussen Omri en Tibni het dus vier jaar geduur. Die hele regering van Omri val nog in die regeringstyd van Asa, naamlik tot sy agt-en-dertigste jaar. Gereken vanaf sy oorwinning op Simri kan sy regeringsduur op twaalf jaar gestel word (1 Kon. 16:23).

Van Omri word in die ou Testament weinig berig. Behalwe die beoordeling van sy lewe, dat hy naamlik gewandel het in die weë van Jerobeam, is die enigste mededeling dat hy 'n nuwe hoofstad, Samaria, gestig het. Dit alleen is alreeds 'n belangrike daad. Sigem, die eerste hoofstad van Israel, was nie maklik verdedigbaar nie. Ons het reeds enkele kere gelees van Tirsa as residensie van die konings (§ 255, 265). Waar Tirsa presies geleë was, is nie bekend nie; in elk geval so naby Silo dat die vrou van Jerobeam te voet daarheen kon gaan. Waarskynlik was dit 'n mooi plek om in te woon (Hoogl. 6:4), maar dat dit nie 'n sterk vesting was nie, het Omri self opgemerk toe hy Simri in Tirsa beleër het en die stad binne 'n paar dae kon inneem. Die plek vir sy nuwe hoofstad het Omri strategies goed gekies: later moes die Assiriërs die stad drie jaar beleër om dit in te neem (2 Kon. 18:10). In een van die lieflike dale van die stamgebied van Manasse, noordwes van Sigem, lê 'n berg, alleen aan die ooste-kant met die omringende bergland verbind. Die berg is so hoog dat iemand wat op die kruin staan, die Middellandse See kan sien. Hierdie berg het Omri van sy eienaar Semer vir twee talente silwer gekoop. Hy het die stad wat hy op die berg gebou het, Samaria genoem, na die naam van Semer. Hy en sy opvolgers het daar 'n pragtige stad van gemaak, *'n trotse kroon,* 'n blom, 'n pronk-sieraad soos in Jes. 28:1 gesê word. Uit dieselfde teks blyk dat die inwoners daar 'n lewe van brassery en dronkenskap gelei het.

Daar kon ongetwyfeld van Omri baie meer meegedeel gewees het. Die Ou Testament doen dit nie, omdat dit nie sy doel is om staatkundige geskiedenis te gee nie. Omri moet egter 'n belangrike koning gewees het wat aan die koninkryk Israel 'n hoë aansien gegee het. Dit blyk hieruit dat nog lank ná die dood van Omri die ryk Israel deur die omringende volke "die land van Omri" genoem is (vgl. § 433).

## § 267 Samaria

Van die meeste Palestynse stede onderskei Samaria hom hierdeur dat dit 'n jong stad is. By die opgrawings wat op die plek van Samaria gedoen is, is onder die Israelitiese oorblyfsels geen ouer (Kanaänitiese) reste gevind nie.

Die opgrawings in Samaria is metodies van besondere belang omdat die opgrawers daar met 'n nuwe metode begin het. Vroeër het die opgrawers dié bodem omgewoel om mooi ou goed te vind, maar Reisner en Fisher het met sorgvuldigheid die op mekaar geleë lae afsonderlik afgegrawe en wat in elke laag gevind is, gekatalogiseer (die sg. stratigrafiese metode). Hierdie metode het groot waarde vir die tydrekenkunde. By Samaria kon dit, soos gesê, nie beteken dat ouer lae as die Israelitiese gevind is nie, maar wel jongeres. Die stad is naamlik dikwels verwoes en dan op dieselfde plek weer opgebou, o.a. deur Herodes, wat die stad

Sebaste genoem het. Deur hierdie omstandighede was dit moeilik om iets uit die Israelitiese tyd te vind, veral omdat latere bouers alle puin verwyder het om die rotsbodem te kry. Heel onder in die puin is nog spore teruggevind van die grondslae van vestingmure en van die omtrekke van geboue (van 'n tempel, 1 Kon. 16:32, of 'n paleis, 1 Kon. 22:39) uit die tyd van die huis van Omri. Met behulp hiervan kan ons ons 'n duidelike beeld vorm van die stadspoort, wat deur 'n ommuurde voorplein ekstra versterk was. Die konstruksie wat te voorskyn gekom het, is besonder vakkundig en deeglik. Tot die kleinere vondste behoort stukkies ivoor. Dit moet oorblyfsels wees van inlegwerk op deure of meubels. Amos praat mos van beddens van ivoor en huise van ivoor (3:15; 6:3; kyk ook 1 Kon. 22:39). Verder ook potskerwe wat beskryf is in oud-Hebreeuse skrif (sg. ostraka) en gebruik is as afleweringsbriefies by kruike olie en wyn. Hulle is waarskynlik uit die tyd van koning Menahem.

## § 268 Die Mesasteen

Die naam van Omri word vermeld op die Mesasteen, dit is 'n gedenksteen wat opgerig is deur Mesa, koning van Moab. (Ons sal in die vervolg van die geskiedenis nog van hom hoor, 2 Kon. 3:4 e.v.) Die steen is nie deur opgrawings nie, maar toevallig gevind, deur sendeling Klein. Die fragmente word in die Louvre (Parys, Frankryk) bewaar. Mesa vertel op die steen dat Omri, die koning van Israel, Moab gedurende baie jare verneder het en dat sy seun dit ook wou doen. Hy het dit egter verhinder en Israel swaar slae toegebring.

## § 269 Asa se siekte (1 Kon. 15: 23,24; 2 Kron. 16:12-14)

Omri het ontslaap met sy vaders en is begrawe in sy nuwe stad, Samaria. Sy seun Agab het toe koning geword oor Israel. Dit was nog steeds gedurende die regering van Asa in Juda en wel in sy agt-en-dertigste regeringsjaar. Asa was toe oud en het nie meer lank gelewe nie. In die tyd van sy ouderdom het hy aan sy voete gely. Die kwaal was baie ernstig, maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere. Dit bevreemd ons dat 'n koning van wie so 'n goeie getuienis gegee is, in sy ouderdom so ver van die HERE kon afdwaal.

In die een-en-veertigste jaar van sy regering het Asa ontslaap met sy vaders. Self het hy gedurende sy lewe vir sy graf gesorg, in die stad van Dawid. Daar is hy met besondere eerbetoon begrawe: op 'n bed (praalgraf) wat vol speserye was, en dit van allerhande soorte, volgens die kuns van 'n salfmenger, dus vakkundig, berei. Verder het hulle vir hom 'n buitengewoon groot brand aangesteek. Blykens 2 Kron. 21:19 het dié eer meer konings van Juda te beurt geval.

## § 270 Nuwe situasie ná die dood van Asa (2 Kron. 17:1; 18:1)

Ná die dood van Asa het sy seun Josafat in sy plek koning geword. Hy het vyf-en-twintig jaar geregeer. Agab, wat enkele jare vroeër koning geword het, het twee-en-twintig jaar geregeer. Josafat van Juda en Agab van Israel het dus ongeveer twintig jaar gelyktydig geregeer.

Josafat het hom met Agab verswaer (2 Kron. 18: 1). Hiermee kom, voorlopig altans, 'n einde aan die vyandskap tussen Juda en Israel; daar kom nou 'n periode van samewerking. Dit het, soos ons sal sien, vir Juda onheilvolle gevolge gehad. Die Ou Testament gee baie besonderhede daarvan, maar skenk tog die meeste aandag aan die godsdienstige ontaarding in Israel gedurende die regering van Agab. Hierby kom ons in aanraking met die profeet Elia.

Van die hierbo behandelde periode gee ons 'n oorsigtelike tabel.

**SKEURING VAN DIE RYK, 931 v.C.**

| **JUDA** | **ISRAEL** |
| --- | --- |
| Rehabeam (regeer 17 jaar) | Jerobeam (regeer 22 jaar) |
| Abia (regeer 3 jaar) | |
| Asa (regeer 41 jaar) | |
| | Nadab (regeer 2 jaar) |
| | Baesa (regeer 24 jaar) |
| | Ela (regeer 2 jaar) |
| | Simri (regeer 7 dae) |
| | Tibni |
| | Omri (regeer 12 jaar) |
| | Agab (regeer 22 jaar) |
| Josafat (regeer 25 jaar) | |

## Die Stryd van Elia teen die Baäldiens van Agab

### § 271 Die toestand in Israel onder die regering van Agab (1 Kon. 16:29-34)

Plotseling verskyn die profeet Elia voor Agab, skynbaar uit eie aandrang, dog "staande voor die aangesig van die HERE", d.w.s. in heilige diens (1 Kon. 17:1; vgl. ook Jak. 5:17). Die afgodery in Israel het hom genoop!

Agab het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers. Hy het gewandel in die sondes van Jerobeam: die kalwerdiens met die Kanaänitiese praktyke wat daaraan verbonde was. In hierdie opsig het hy ewe veel kwaad gedoen as sy voorgangers; dat hy meer kwaad as hulle doen, bestaan hierin dat hy Isébel, 'n fanatieke heidin, as vrou neem. Onder haar invloed het hy die Baäldiens ingevoer.

Isébel was die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs. Sidoniërs beteken letterlik inwoners van Sidon, 'n Feniciese stad, 'n bietjie noord van Tirus aan die Middellandse See. Omdat Et-Baal tog nie die koning van Sidon genoem word nie, maar van die Sidoniërs, moet Sidoniërs hier opgevat word in die ruimere sin van Feniciërs. Et-Baäl was die koning van die Feniciërs; hy het in Tirus sy residensie gehad. Hy is 'n opvolger ('n usurpator!) van die bekende Hiram uit die dae van Dawid en Salomo (1 Kon. 5:1). Deur nog betreklik onlangse opgrawings (in Ras Sjamra) het aan die lig gekom in watter hoë mate Fenicië die land van die Baals was. Uit daardie land het Agab sy vrou gekry, allig met politieke oogmerke, omdat die vaders, Omri en Et-Baäl, mekaar wou steun teen Aram, in elk geval met godsdienstige gevolge. Agab bou 'n huis van Baai, 'n Baälstempel, in Samaria, en plaas daar 'n klippilaar en 'n heilige boomstam. Langs of in die piek van die kalwerdiens kom daar nou 'n volledige afgodery. Hiermee het Agab die HERE geterg.

'n Voorbeeld van die afval van God is die opbou - versterking tot vesting - van Jerigo. 'n Vervloeking het op die mense altyd 'n diepe indruk gemaak. Op Jerigo het ook 'n vervloeking gerus (Jos. 6:26), maar in die dae van Agab is die vloek getrotseer! Hiël, 'n man uit die sentrum van die kalwerdiens afkomstig, naamlik uit Bet-el, het die stad weer opgebou. Hy het

dit stellig gedoen in opdrag van Agab en met 'n militêre doel, want die vesting moes die suidoostelike punt van Israel, geleë in die stamgebied van Benjamin (Jos. 18:21), beveilig. Maar hoe noodsaaklik die versterking ook al was - die vloek gaan deur: ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het Hiël die fondament gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, die poorte opgerig.

### § 272 Die optrede van Elia (1 Kon. 17 :1)

Elia was afkomstig uit Tisbe in Gilead, oos van die Jordaan. Vol heilige gloed het hy na Samaria gegaan: daar is die Baäldiens, wat hy verafsku. Dis nie Baäl wat reën gee, soos die natuurreligie dit voorstel nie, dis God, die God van Elia wat dit doen! In dié mate is sy geloof in sy God in hom vlees en bloed dat hy vir Agab sê: Daar sal geen dou of reën wees nie, behalwe op *my* woord! Hý sal dit sê, hy, in die Naam van die lewende God (vgl. 2 Kon. 18:1).

### § 273 Elia by die spruit Krit (1 Kon. 17: 2-6)

Hoe Agab die boodskap van Elia ontvang het, word nie gesê nie - met woede? Met spot? Met stomme verbasing? In elk geval ag God dit nodig dat Elia daarvandaan weggaan. God moet Sy profeet teen sy eie ywer in beskerming neem. Elia moet hom wegsteek by die spruit Krit in die Oos-Jordaanland. Daar kan hy uit die spruit drink en, sê die HERE aan hom, Ek het aan die kraaie bevel gegee om jou daar te onderhou. *Die* kraaie het vir hom smôrens en saans brood en vleis gebring. Waar hulle dit gesteel het, kom nie daarop aan nie; die HERE is die eienaar van alles en Hy sorg vir Sy dienskneg. By die spruit te midde van digte bosse is hy beveilig teen die koning wat hom soek (1 Kon. 18:10), en ook teen die mense wat hom sal beskou as die oorsaak van die droogte en daarom vir hom kwaad kon wees òf hom sou lastig val met versoeke en geskenke om reën.

Elia moet alleen wees met sy God, in wie se diens hy nou 'n groot ding begin het. Hy moet dit ook volbring. Dit word straks 'n harde stryd vir hom, en deur verkeer met sy God in die eensaamheid moet hy daartoe innerlik gesterk word. Die kraaie is vir hom daagliks die bewys dat sy God met hom is.

### § 274 Elia in Sarfat (1 Kon. 17:7-16)

Dit reën nie, en die spruit word droog. Nou gee God bevel aan 'n weduwee om hom te onderhou. Eers gebruik God redelose diere wat moet doen wat heeltemal teen hulle aard ingaan, daarna 'n vrou wat besef hoe onmoontlik die opdrag is wat sy ontvang!

Die weduwee woon in Sarfat by Sidon en daarheen moet Elia gaan, na die land van die vyand! Ook daarin betoon God Sy almag.

As Elia by Sarfat kom, sien hy by die ingang van die stad 'n vrou wat houtjies bymekaarmaak; dat sy 'n weduwee was, kon hy miskien aan haar klere sien (Gen. 38:14). Aan sy klere was ook Elia herkenbaar as profeet. Die vrou het deur die bevel van die HERE geweet dat sy die koms van 'n profeet kon verwag en Elia het geweet dat hy 'n weduwee sou ontmoet. Altwee, Elia en die vrou, het dus by hul ontmoeting dadelik kon vermoed dat hulle nou die vervulling van die woord van die HERE beleef. As Elia begin praat, blyk die vermoede reg te wees: die vreemdeling vra water! En as die vrou dit gaan haal, vra hy ook 'n stukkie brood! Die vrou het geen beswaar om Elia water te gee nie. Die waterposisie was in Fenicië nie swak nie. In die diep putte was daar lank water. Sy maak egter wel beswaar om hom brood te gee, want sy maak nou net houtjies bymekaar om haar laaste maaltyd voor te berei, vir haar en haar seun; daarna wag verhongering. Die voedselposisie in Fenicië was dus

toe nie so goed nie. Uit buite-Bybelse bronne weet ons dat daar in die dae van Et-Baäl 'n hongersnood in Fenicië was, As daar in Israel droogte is, is dit begryplik, want die Tiriërs en Sidoniërs ontvang onderhoud uit Palestina (Hand. 12:20). Die weduwee is nie onwillig nie, maar sy kán nie gee nie. Sy het vir seker al by haarself gedink: Hoe kan die God van Israel nou aan my in my armoede bevel gee om 'n vreemdeling te onderhou!

Elia antwoord dat sy maar gerus kan gaan bak, soos haar plan is, maar, sê hy, maak eers vir my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jou en jou seun iets klaarmaak.

Dit klink veeleisend, maar so is die HERE wat alles gee! En by Sy eis voeg Hy die wonderlike belofte: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die HERE reën op die aarde sal gee.

Die vrou het gedoen volgens die woord van Elia.

By die volk van God was afval van die HERE - en hongersnood.

In Sarfat is 'n weduwee wat glo wat die profeet sê - en sy het brood.

'n Ding soos hierdie is hard vir mense wat hulle as die volk van God voorgee. As Jesus later in die sinagoge van Nasaret hiervan melding maak, word hulle met *woede* vervul (Luk. *4:*26).

### § 275 Die seun van die weduwee (1 Kon. 17 :17-24)

Dat iemand gelowig en gehoorsaam 'n bevel van God volbring en dan dae lank leef te midde van bewyse van Sy guns (soos die weduwee), waarborg nog nie dat geen onheil hom sal tref nie. Wél bly hy in sy teenspoed die guns van God ervaar en blyk dit dat die onheil liefs 'n beproewing genoem kan word, waardeur die geloof versterk en verdiep word.

Die seun van die weduwee in Sarfat was nog maar klein. Hy word siek en vol moederlike sorg neem die weduwee hom op haar skoot, maar die kind word steeds sieker en sterf.

Dit was 'n skokkende gebeurtenis! Die dade van God is vreemd en lyk dikwels maar hard. Wat moet van hierdie droewige geval gedink word? Opmerklik is dat die weduwee wél weet wat sy daarvan moet dink. Sy dink: aanwesigheid van Elia, die profeet van die HERE, bring my tegelykertyd in die omgewing van sy God, en daardeur kom my lewe te staan in die skerp lig van die heiligheid van sy God. Sonder om nog aan te neem dat die vrou in groot sondes geleef het, kan ons ons voorstel dat sy besef dat haar lewe die toets van daardie heiligheid nie kan deurstaan nie. Hierin is die vrou heeltemal reg, en niemand moet 'n hoër gedagte van homself koester nie. Maar nou verbind die vrou hieraan die gedagte dat die dood van haar kind die regstreekse gevolg is van haar tekortkoming aan die eise van die Goddelike geregtigheid. Dit is die algemeen verbreide vergeldings-teorie wat ons ook by die vriende van Job aantref; 'n teorie wat nie alleen sê: op sonde volg ramp nie, maar ook die omgekeerde: ramp is bewys van sonde. Jesus moes hierdie opvatting nog bestry (Joh. 9:1-3).

Elia gaan op die verklaring van die vrou nie in nie; hy sê net vir die vrou: Gee jou seun vir my! Hy dra hom op na die bokamer waar hy self gewoon het, en lê hom op sy bed neer. Dat hy nie weet wat hy van die geval moet dink nie, blyk uit sy woorde: HERE my God, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, onheil gebring deur haar seun te laat sterwe? In die woordjie *selfs* druk hy sy bevreemding uit oor wat God gedoen het. Op hierdie vraag kry Elia nie antwoord nie. God doen geen verantwoording van Sy dade nie.

Maar die weg tot God is die gebed. Drie maal strek Elia hom oor die kind uit (vgl. 2 Kon. 4:34). Dit doen hy uit bewoënheid van sy gemoed; dis 'n uiting van die toewyding waarmee hy hierdie saak by God bepleit. Hy bid: HERE my God, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer. Dis 'n gebed om 'n ongehoorde wonder, 'n stoutmoedige gebed, waarin Elia

by God worstel om die kind oor wie hy hom uitgestrek het.

Die HERE het Elia verhoor!

Dit is iets groots! Die kind het weer lewend geword! Dit is die eerste keer dat ons in die Skrif van so 'n wonder lees.

Die moeder sê: Nou weet ek dat u 'n man van God is en dat die woord van die HERE in u mond waarheid is. Die HERE is God!

Haar woorde getuig van verdieping van haar geloof in die God van Israel.

## § 276 Elia vertoon hom aan Agab (1 Kon. 18 :1-19)

Die droogte is inmiddels al in sy derde jaar. (Die drie jaar en ses maande in Luk. 4:25 en Jak. 5:17 moet beskou word as 'n afgeronde getal, naamlik as die helfte van die dikwels gebruikte simboliese getal sewe. Die antieke Ooste werk met getalle 'n bietjie anders as die meer eksak aangelegde Westerling.) Elia is nog steeds in Sarfat. Daar sou geen dou of reën wees nie behalwe op sy woord. Hy het die verlossende woord nog nie gespreek nie, maar die HERE wil dat hy dit nou moet doen. Uitdruklik sê die HERE: Ek wil reën gee. By Agab is geen teken van bekering nie, maar die HERE is barmhartig oor Sy volk.

Die nood in Israel was so groot dat die koning persoonlik gras gaan soek vir die perde en die muile en die vee. Saam met hom was Obadja "wat oor die paleis was" (vgl. 16:9). Hierdie Obadja was 'n vroom man. Sy naam beteken: dienaar van die HERE. Tog hou Agab hom in sy diens. Agab is nie so fanatiek as Isébel nie. Dié het die profete van die HERE uitgeroei! Obadja het toe honderd van hulle kon red, hulle weggesteek in 'n spelonk en hulle met brood en water onderhou.

Agab en Obadja trek op hul soektog elkeen met 'n afsonderlike pad. Plotseling kom Elia Obadja tegemoet. Verskrik sê Obadja: Is dit u, my heer Elia? Hy groet hom met groot eerbied. Elia antwoord: Dit is ek; gaan sê aan jou heer: Elia is daar!

Obadja sien aan die opdrag doodsgevaar verbonde! Agab het Elia met woede gesoek, in die binneland en in die buiteland. Nou is Obadja bevrees dat Elia wat so plotseling kan verskyn, ook plotseling sou verdwyn. Dan sou die woede van Agab Obadja tref as die brenger van 'n valse berig. Elia stel Obadja gerus. Hy sweer by die HERE van die leërskare dat hy hom nou vir seker aan Agab sal vertoon. Obadja bring die berig nou oor, en Agab gaan na die plek waar Elia staan en wag. Daar sien hy die man wat hy so ywerig gesoek het en nêrens kon kry nie. Sonder begroeting voeg hy hom die onvriendelike woorde toe: Is dit jy, jou beroerder van Israel?

'n Mens kon selfs nog kwaaier woorde van Agab verwag het. Obadja het hom miskien reeds 'n bietjie gekalmeer. Het Elia nie gesê: Daar kom geen reën behalwe op sy woord nie? Miskien het hy gekom om dié woord nou te spreek!

Met "beroerder van Israel" bedoel Agab dat Elia die "beroering", die onheil, die droogte en honger, in Israel aangerig het. Maar hierdie verwyt is onbillik. Elia weerlê dit dadelik en sê: Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie - die koninklike huis -deurdat u die gebooie van die HERE verlaat het en agter die Baäls aan geloop het. Lank twis Elia nie oor die skuldvraag nie. Hy het 'n plan, of - 'n opdrag. Maar sy plan en God se opdrag val hier weer saam, omdat Elia so geheel en al opgaan in sy sending.

Vir sy plan is dit nodig dat die hele Israel by Elia bymekaarkom, ook die profete van Baal en Asjera, saam vierhonderd-en-vyftig in getal (v. 22). Elia wil hulle ontmoet op die Karmel, 'n losstaande berg: land in die noordweste van Israel wat kaapvormig uitsteek in die

Middellandse See, 'n gebied vol koppe en dale, bosse en tuine, waterryk en vol skaduwee. Hier wil Elia die profete van Baal en Astarte, die liturge van die Baäldiens, in hulle professie ontmoet.

Agab doen wat Elia sê.

Dit is iets goeds in hom. Dit lyk asof sy woede op Elia bedaar. Wat Elia se bedoeling is, weet hy nie, maar dat dit op 'n botsing moet uitloop, lê voor die hand. As Elia dit egter wil waag, het Agab nie beswaar nie.

## § 277 God antwoord met vuur (1 Kon. 18: 20-40)

Die Baalpriesters het gekom! En die volk ook. Dan neem Elia die leiding. Dis nou die beslissende dag, die dag waarvoor hy drie jaar lank ter voorbereiding geworstel het.

Hy begin met 'n verwytende vraag: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baal dit is, volg hom na!

Uit hierdie woorde van Elia leer ons die geestesgesteldheid van Israel enigermate ken. Die Baäldiens het die harte van die volk nog nie heeltemal ingeneem nie. Maar daar is by hulle ook geen protes nie. Die volk doen geen keuse nie en dit kan Elia nie verdra nie. Die volk het hom egter niks geantwoord nie.

Nou gaan Elia oor tot dade. Hy gaan die stryd aanbind, hy alleen teen vierhonderd-en-vyftig man. Altwee partye moet 'n offer bring, maar sonder om vuur aan te steek. Roep julle, so sê Elia aan die Baälprofete, die naam van julle god aan, en ek sal die Naam van die HERE aanroep. Dié God wat met vuur antwoord, Hy sal God wees!

Toe het die hele volk geantwoord en gesê: Die woord is goed. Elia kry al beweging in die lakse volk. Daar kom spanning!

Daar is ook spanning in die siel van Elia! Maar seker van 'n ander karakter. Die volk dink: Hoe sal dit afloop? Elia weet hoe dit sal afloop, maar hy weet dit ná 'n stryd van gebed en geloof, drie jare lank. Elia doen geen waagstuk nie, maar 'n geloofstuk (Mark 11:23).

Die Baalpriesters is talryker en het daarom volgens heidense begrippe ook meer invloed op die godheid. Elia weet dat hulle aantal niks beteken nie. Hy gee hulle die voorrang. Hulle moet eers die neerlaag ly voordat hy die oorwinning behaal. Die Baalpriesters maak hulle offer gereed maar sonder vuur. Die vuur moet Baal nou gee. Hulle het die naam van Baal aangeroep van die môre tot die middag; hulle het rondgespring by die altaar, d.w.s. rituele danse uitgevoer, maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie. Toe dit middag was, het Elia met hulle gespot en gesê dat hulle harder moes roep. Hy is mos 'n god! Elia bedoel: 'n regte groot god, maar dan moet hy ook grootskeeps aangeroep word. Volgens heidense opvatting doen die gode alles wat die mense doen. Daarom sê Elia: Hy is seker in gepeins of hy het hom afgesonder of hy is op reis; miskien slaap hy. Dat Elia so met hulle spot, béwys dat hy van sy saak volkome seker is.

Die Baalprofete laat hulle aanspoor en gaan oor tot radikaler seremonieel: hulle verwond hulle volgens hul gebruik. Die verwondinge moet aan Baal toon hoe ernstig hulle dit bedoel en hoe dringend die saak is. Die ronddansery van die profete van Baal met hulle beswete en bebloede liggame moet 'n vreeslike skouspel gewees het, maai niks help nie. Intussen is die middag verby; die son is al oor sy hoogtepunt heen. Maar hulle kan nog meer doen: hulle begin raas. Dis nie maar net hard skreeu nie; dis 'n woord vir die hoogste geestesvervoering, dit beteken in ekstase raak. Die inspanning van liggaam en gees om antwoord te kry, die hele dag deur, het hulle ál meer opgewonde gemaak. Maar hoe hulle ook al roep en dans en hulle sny en raas - daar was geen stem en geen opmerksaamheid nie.

Die son daal verder, dit word nou die tyd dat die spysoffer, die aandoffer, gebring word. Dit beteken nie dat tot die verrigtinge daar op die berg Karmel ook 'n aandoffer behoort het nie, maar dit is 'n tydsaanduiding ontleen aan die erediens in die tempel (vgl. Ex. 29:39; Num. 28:4; § 309; kyk ook Ps. 141: "offerspys, saans toegerig"). Dit is ook nie 'n baie noukeurige tydsaanduiding nie, want die toebereidsels tot die aandoffer en die aansteek daarvan duur 'n rukkie (vgl. v. 29 met 36). Nou tree Elia na vore. Hy het die Baäldienaars genoeg tyd gegee. "Kom nader na my," sê hy aan die mense, en hulle het nader gekom, vol spanning om te sien wat nou gaan gebeur.

Daar is in die onmiddellike nabyheid 'n altaar, miskien gebruik deur Israeliete wat nie langer na Jerusalem kon gaan nie. Maar die altaar is afgebreek, allig op bevel van Isébel. Elia bou dit op. Ons het hier 'n voorbeeld van noodsaaklike hoogtediens deur omstandighede, deur die profeet suiwer gehou van afgodiese smette. Elia bou dit in die Naam van die HERE. Hy gebruik twaalf klippe volgens die getal van die stamme. Elia betrek al die twaalf stamme in hierdie ernstige saak. Dit gaan om die erkenning van die HERE as God. In godsdienstige opsig, wat hul verhouding tot die HERE betref, behoort die stamme almal bymekaar as een geheel, as die volk van God.

Elia maak alles gereed: hy rangskik die hout, sny die bul in stukke (in "sy" stukke, Lev. 1:6) en lê dit op die altaar, maar hy maak nie vuur nie. Om te wys hoe volkome hy hom aan hierdie voorwaarde hou, laat hy die altaar rondom deeglik met water natgooi (op die Karmel was koel bronne). Nou bid Elia. Dis op die tyd dat hulle -in die tempel-die spysoffer bring. Elia bid: HERE, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek U kneg, en dat ek al hierdie dinge op U woord gedoen het. Antwoord my, HERE, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, HERE, God is en dat U hulle hart tot U laat terugkeer.

Nou moet die HERE vuur gee. Nou kom die beslissing van God, die "Godsoordeel" (ordaal). Nou is Elia se geloofspanning op die hoogtepunt. Hy bid met aandrang, maar sonder die handelinge daarby wat die Baalprofete verrig het en - die HERE doen wat Elia vra: Die vuur van die HERE het; neergeval en die brandoffer en die hout en die kiippe en die stof verteej-er, ja, die water opgelek.

Die antwoord van die HERE is indrukwekkend en oortuigend.

In die tempel in Jerusalem word dié aandoffer aangesteek, op die Karmel steek die Here self die offer aan (vgl. Lev. 9:24! 2 Kron. 7:1). Die HERE doen wat Elia bid. Dis die oorwinning van sy gebed, van sy geloof. In hierdie geskiedenis is twee dinge deurmekaar gestrengel: Elia doen wat God sê, en God doen wat Elia sê. Hieruit blyk hoe Elia met sy hele persoon versmelt is in die saak van sy God.

Die volk is nou oortuig, en hulle val eerbiedig neer en sê: Die HERE, Hy is God; die HERE, Hy is God! Hiermee laat God hulle hart tot Hom terugkeer. Dit was Elia se doel. Die weduwee van Sarfat het voorgegaan (17:24), nou volg die volk. Dis Elia se lewensbeginsel, uitgedruk in sy naam: Elijahoe: "My God is die HERE."

Oombliklik maak Elia gebruik van sy oorwinning: Gryp die profete van Baäl - so sê hy. Laat niemand van hulle vryraak nie. In hulle geesdrif doen die volk dit dadelik. Hulle het hulle gegryp, afgebring na die spruit Kison, wat aan die voet van die Karmel stroom en die bloed van die geslagte Baälprofete wegvoer na die Middellandse See. Op afgodery stel God die doodstraf (Deut. 17:5),

## § 278 Die reën kom *i* (1 Kon. 18:41-46)

Uit vers 41 blyk dat Agab self ook teenwoordig was. Elia sê vir hom: Trek op, eet en drink, want hoor, die gedruis van die reën! Elia hoor dit in die gees. Die volk wat na die Karmel gekom het, het padkos saamgebring. Ook Agab het sy dienaars laat sorg vir eet- en drinkgoed. Geniet dit gou, sê Elia aan hom, want die reën kom. Elia self klim op die top van die Karmel. Die altaar het 'n bietjie laer gestaan. Hy het hom op die grond neergebuig en sy gesig tussen sy knieë gedruk. In dié houding sonder hy hom af van die wêreld, in gemeenskap met sy God.  Het God nie gesê: Ek wil reën gee nie? Sy dienaar stuur hy nog 'n bietjie hoër op, waar hy die see kan sien. Maar die dienaar sien niks wat reën beloof nie. Sewe keer stuur hy hom. Hoe majesteitlik; is God in Sy doen. Die laaste keer roep die dienaar: Daar gaan 'n wolkie soos 'n man se hand op uit die see. Nou kom die reën! Nie Baäl nie maar die HERE gee reën. Elia laat sy kneg aan Agab sê dat hy nou moet inspan, dat die reën hom nie terughou nie. In 'n oogwink was, die hemel swart van wolke en wind. Nou toon God Sy majesteit so!

Agab het op sy wa geklim en weggetrek na Jisreël. 'n Groot reën het gekom. Voor Agab se wa uit loop Elia, sy heupe omgord om vinniger te kan loop: die profeet en die koning, die reën van God op hulle hakke!

Waarom doen Elia dit?

Die hand van die HERE was oor hom. Hy het in geestesvervoering geraak, in ekstase! Dis 'n blye ekstase, dis die ontlading van sy spanning; dis heilige uitgelatenheid van die oorwinnaar deur die gebed.

## § 279 Elia by die berg Horeb (1 Kon. 19 :1-18)

Toe Agab tuis kom, het hy aan Isébel meegedeel alles wat Elia gedoen het, ook dat hy die Baälprofete van Isébel met die swaard gedood het.

Agab het dit met eie oë aanskou en nie ingegryp nie; hy het die vergadering op bevel van Elia saamgeroep en Elia het gewen. Hy moet dit erken en aanvaar.

Isébel is baie fanatieker. Sy kan die oorwinning van Elia nie erken en aanvaar nie. Sy wil wraak neem en stuur 'n boodskapper na Elia om te sê dat sy môre sulke tyd (ons sou sê: binne vier-en-twintig uur) Elia ook sal doodmaak.

Dit is 'n dreigement. Sy durf Elia seker nie doodmaak noudat hy by die volk in agting staan nie. Dit lyk selfs asof die koning onder die indruk van sy optrede is. Sy wil Elia bang maak, sodat hy sal vlug; dan is sy tog van hom ontslae, Sy het haar doel bereik: Elia het. bang geword en ter wille van sy lewe weggegaan. Elia was 'n mens soos ons (Jak. 5:17). Dit sien ons hier. Hy het groot spanning deurgemaak. Sy taak is volbring. Hy het geworstel in die gebed. Dit het ook sy liggaam uitgeput. Daar kry hy die berig dat Isébel haar profete sal wreek. Teen hierdie nuwe moeilikheid is hy nie bestand nie: hy vlug. Hy gaan na die suide en kom in Berseba in Juda. Daar laat hy sy dienaar agterbly en gaan alleen die woestyn in, in die eensaamheid, alleen met sy God. As hy 'n dagreis ver gegaan het, gaan hy onder 'n besembos sit en wens dat hy mag sterwe. Terwyl hy vlug ter wille van sy lewe, wens hy om te sterwe! Hy sê: Ek is nie beter as my vaders nie. Hierdie woorde beteken dieselfde as die woorde van Jak. 5:17: Ek kan nie meer verdra as my vaders nie, hulle sou ook beswyk het! Daarby kom nog die troostelose gedagte dat al sy werk en stryd miskien ook nog tevergeefs is vanweë die woede van Isébel.

Elia gaan lê onder die besembos. As hy nou sterf, is dit vir hom goed. Maar die dood kom nie - net die slaap. En kyk, daar kom 'n engel, 'n engel van die HERE (V. 7), een van die dienende geeste (Hebr. 1:14); hy maak hom wakker en sê vir hom: Staan op, eet! Toe hy opkyk, was

daar aan sy koppenent 'n broodkoek, op warm klippe gebak, en 'n kruik water. Weer 'n wonderbare spysiging! Die man wat wou sterf, het toe geëet en gedrink. Die rus van die slaap het hom weer 'n bietjie lewensmoed gegee. Maar hy gaan weer lê. Dan kom die engel weer en sê weer dat hy moet eet "anders is die pad vir jou te veel". Elia het dus 'n lang pad voor hom. Deur die krag van slegs 'n dubbele maaltyd het hy toe veertig dae en veertig nagte geloop tot by die berg van God, Horeb. Die tog van Berseba na Horeb duur anders nie so lank nie (vgl. Deut. 1:2). Elia was nie haastig nie. Sy reis was tegelykertyd 'n afsondering en selfinkeer; soms het hy by dag gereis, dan weer by nag, en so kom hy ná veertig dae en veertig nagte by die berg van God. Daar gaan hy in 'n spelonk en bly die nag daar oor.

In die spelonk kom die woord van die HERE tot hom. Hy vra hom: Wat maak jy hier, Elia? Uit hierdie vraag blyk dat die HERE hom nie ontbied het nie. Elia self het verlange gehad om na Horeb te gaan. Troosteloos en vermoeid wil hy kla by sy God. Sy klag is dat sy volk die verbond van God verlaat het. Nou gaan hy kla by die God van daardie verbond. En hy soek die God van die verbond by die berg van die verbond waar die verbond gesluit is, die berg van God (Ex. 3:1), waar die voetstappe staan van die ander profeet aan wie hy so sielsverwant is, Moses (Matt. 17:3). In sy lewensmoegheid het hy die vae plan gehad om na Horeb te gaan. Sy God het dit geweet en wou hom in sy moedeloosheid help, vertroos en vermaan. Daarom het Hy die engel gestuur met die brood en die water, en in die woorde "anders is die pad vir jou te veel" beluister ons die sorgvolle stem van die HERE: Goed! Laat hy maar by My kom, dan kan Ek met hom praat!

Eers laat God Elia praat; Hy laat hom sy hart uitstort (v. 10). Daarna gee God nie 'n uitlegging in woorde nie, maar sê net: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. Dié woorde wek by Elia die verwagting dat hy 'n verskyning van die HERE sal sien. Hy is ook ongeveer op dieselfde plek waar die HERE vroeër aan Moses verskyn het (Ex. 33:21). Inderdaad verskyn die HERE aan hom: En kyk, die HERE het verbygegaan.

Hoe die verskyning was, is vir mense moeilik om te verstaan. 'n Verskyning van God is iets wonderliks, en die waarneming van 'n verskyning van God is 'n geheimsinnige, 'n mistieke gewaarwording. Daarvoor is nodig 'n vroom gemoedsinstelling en ervaring van omgang met God. Elia het dit gehad. Terwyl Elia nog in die spelonk is, begin die verskynsels van die Godsverskyning reeds; geweldige verskynsels gaan voor die HERE uit: 'n groot en sterk wind wat die berge skeur en die rotse verbreek; 'n aardbewing; 'n vuur! Maar daarin was die HERE nie. Hoe Elia dit kon vasstel, weet ons nie; wel begryp ons dat hy in die spelonk gebly het terwyl die skriklike verskynsels verbygetrek het. Die vierde verskynsel is die gesuis van 'n sagte koelte. Hoewel dit nie uitdruklik gesê word nie, blyk uit die verhaal dat die HERE hierin was. Nou kom Elia uit die spelonk, sy gelaat met sy mantel toegedraai, soos ook Moses sy aangesig verberg het (Ex. 3:6). Terwyl hy so voor God staan, hoor Elia dieselfde vraag wat God hom ook voor die verskyning gestel het. En Elia gee weer dieselfde antwoord (v. 10 en 14).

Die antwoord het God alreeds gegee in die verskyning en die verskynsels daarvan (vgl. ook Sag. 4:6). Het Elia dit nie verstaan nie? Maar die HERE kom daarop nie terug nie. Die indruk van die geweldige teofanie sal in Elia deurwerk! God antwoord Elia nou met 'n opdrag en dit is ook veelseggend! Die lewe van Elia word nie weggeneem nie, daar is nog iets vir hom om te doen. Die opdrag is drieledig: hy moet drie salwings verrig, drie aanstellings maak. Hieruit blyk dat God nog planne het vir die toekoms. Die dreigement van Isébel is nie die einde van die saak nie. God gaan voort - in binneland en buiteland. Elia moet Hasael salf as koning oor Aram. God het Aram en Hasael nodig in Sy planne. Dan moet Elia Jehu, die seun van Nimsi, salf as koning oor Israel. Ook in Israel sal God ingryp. En Elisa, die seun van Safat, uit Abel-Mehola, moet hy salf as profeet in sy eie plek. Noudat Elia vermoeid is en teleurgesteld -laat

hy dan weet dat daar 'n opvolger gereed staan!

En wat wil God met die nuwe persone?

Wraak! Straf! En grondig ook! Die een wat van die swaard van Hasael vryraak, hom sal Jehu doodmaak; en wie van die swaard van Jehu vryraak, hom sal Elisa doodmaak. Skriklike wraakneming staan Israel te wagte! In die wraak kom die HERE met "wind en aardbewing en vuur". Is Elia nou tevrede? Maar die barmhartige God is nie net met wraak tevrede nie. Hy spreek verder tot Elia: Maar Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baal gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie. Met afkeer teken die HERE die Baäldiens wat Hom so vertoorn, maar Hy laat nie almal in die afgodery versink nie; seweduisend - 'n ronde, simboliese getal - laat Hy oorbly. Is dit nie die gesuis van die sagte stilte nie?

Elia is dus nie alleen oor nie. Daar is 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade (Rom. 11:5). Ook vandag nog!

## § 280 Elisa geroep (1 Kon. 19:19-21)

Wat Elia dadelik doen, is die aanstelling van Elisa as sy opvolger. Hy tref hom aan in sy werk: hy ploeg met twaalf paar osse (d.w.s. met twaalf ploeë). Self is hy by die twaalfde en hou as die seun van die boer toesig oor die elf ploegknegte. Die plek is Abel-Mehola, geleë in 'n vrugbare vlakte ten suide van Bet-San in die Jordaandal. As Elia by Elisa verbygaan, werp hy sy mantel op hom; dit was 'n mantel waaraan Elia herkenbaar was (2 Kon. 1:8). Dat Elia sy mantel op Elisa werp, is 'n simboliese handeling, wat deur Elisa blykbaar onmiddellik verstaan word: hy verlaat die osse, d.w.s. die boerderybedryf, om Elia te volg en hom te dien. Ongetwyfeld het Elia en Elisa mekaar geken en het Elia geweet wat die gesindheid van die hart van hierdie jong man teenoor die HERE is. Hy laat hom toe om afskeid te neem van sy ouers en die knegte (vgl. Luk. 9:61, 62). Sy versoek vloei nie voort uit weifeling nie. Dit blyk uit die slag van die osse. Elisa weet dat sy plek nou nie langer agter die ploeg is nie. Tog herinner Elia hom aan sy nuwe roeping met die woorde: Gaan terug (eintlik: gaan heen, keer terug), want wat het ek aan jou gedoen, d.w.s. jy weet mos wat ek aan jou gedoen het! Elia is nou verseker van die voortsetting van sy werk.

Oorlog tussen Agab en Benhadad, die Koning van Aram

## § 281 Benhadad soek moeilikheid (1 Kon. 20 :1-12)

Hierdie oorlog het ontstaan deur die verwaande optrede van Benhadad, die koning van Aram. Die naam Benhadad ken ons uit die geskiedenis van die botsing tussen Baesa van Israel en Asa van Juda (§ 264). Verskillende konings van Aram het dié naam gedra.

Die Arameërs was 'n talryke nasie, en baie van hulle stamme het in verskillende rigtings uitgeswerm tot aan die Eufraat toe. Die Grieke het hulle Siriërs genoem. Die gebied van Benhadad lê noord-oos van Israel oorkant die Jordaan. Damaskus is die hoofstad. In die tyd van Dawid was die Arameërs onderworpe (2 Sam. 8:5, 6; 10:18), maar reeds in die tyd van Salomo het Aram sy kop weer uitgesteek (Reson, 1 Kon. 11:23-25; § 237). Van toe af het Aram 'n steeds groter gevaar vir Israel geword. Toe Agab koning van Israel was, het Benhadad sy hele leër versamel. Twee-en-dertig konings was saam met hom. Onder die konings moet ons stamhoofde verstaan, wat in hulle stamgebiede konings was, maar onder die sentrale gesag van Damaskus gestaan het. Benhadad het opgetrek en Samaria beleër. Dit was dus 'n vinnige opmars. Die jong stad Samaria, deur Agab se vader, Omri, gestig, moet nou sy eerste beleëring die hoof bied.

Terwyl Agab in Samaria ingesluit is, verskyn daar boodskappers van Benhadad voor die mure van die stad. Hulle spreek aanmatigende woorde en sê: So sê Benhadad: U silwer en u goud, dit is myne; en u mooiste vroue en kinders, hulle is myne. Van 'n verbod soos dit in Israel gegeld het: Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, het Benhadad geen begrip gehad nie. Die vrou behoort tot die besittings van die man, en Benhadad begeer die beste wat Agab in sy harem het, net soos hy die silwer en die goud begeer; ook die kinders wat daarin is, wil hy hê as fynere slawe aan sy eie hof.

Agab antwoord: Volgens u woord, my heer die koning, ek is uwe met alles wat ek het! Hierdie galante woorde is 'n treffende bewys van Oosterse beleefdheid, wat intussen met 'n korreltjie sout geneem moet word. Tog blyk daaruit dat Agab besef dat hy nie teen Benhadad opgewasse is nie.

As Benhadad die toegeeflike antwoord van Agab ontvang, tree hy nóg astranter op en stuur weer boodskappers wat moet sê dat Agab die geskenke nie hoef te stuur nie: Benhadad sal dit self kom uitsoek en wegneem. Hierdie woorde prikkel Agab tot verset, en hy raadpleeg sy oudstes. Hy sê vir hulle: Let tog op en kyk hoe die man moeilikheid soek. Die oudstes en die hele volk antwoord: Luister nie, en u mag nie inwillig nie.

Die volk het hier 'n belangrike aandeel in hierdie gewigtige beslissing, en op grond van die volk se woorde antwoord Agab aan Benhadad dat hy dit nie kan doen nie. Benhadad antwoord dat hy Samaria in puin sal lê, en spog met sy groot oormag: dié is so groot dat as elke soldaat van hom een handvol puin van die verwoeste stad sal vat, daar nie genoeg puin sal wees nie. Beeldryke taal gebruik die Oosterse despote, maar Agab span wel die kroon as hy terug sê: Die een wat hom vasgord, moet hom nie beroem soos die een wat hom losgord nie.

Benhadad kry die antwoord terwyl hy in sy oormoed besig is om wyn te drink, en gee onmiddellik bevel om tot die aanval oor te gaan en Samaria te bestorm.

Van enige sukses met die bestorming lees ons niks nie. Samaria was 'n sterk stad.

## § 282 Onverwagte aankondiging van uitredding (1 Kon. 20:13, 14)

Opeens kom daar 'n profeet na Agab en sê: So spreek die HERE: Het jy hierdie hele groot menigte gesien? Kyk, Ek gee hulle vandag in jou hand, dat jy kan weet dat Ek die HERE is.

Agab het in sy nood nie gebid nie, nie om hulp van die HERE gevra nie; tog wil die HERE help, nie omdat Agab dit verdien het nie, maar om Homself ontwil. Hy wil Hom as die HERE aan Sy volk openbaar.

Hoewel Agab die HERE nie gesoek het nie, is hy tog nie onwillig om die hulp van die HERE te aanvaar nie. Hy gaan op die woorde van die profeet in en vra: deur wie? Die profeet antwoord: Deur die jong manne van die owerstes van die provinsies. Die owerstes van die provinsies is bestuursamptenare wat gewapende jong manne - konstabels, sou ons sê - tot hulle beskikking gehad het. Daarna vra Agab nog: Wie moet die geveg begin? Hy bedoel of die oorwinning deur verdediging teen Benhadad behaal sal word of dat hy self aanvallend moet optree. Die laaste is die geval, want die profeet sê: U.

## § 283 Die Arameërs vlug (l Kon. 20:15-22)

Agab gee dadelik gevolg aan die boodskap van die profeet en tel die beskikbare manskappe. Van die "konstabels" is daar tweehonderd-twee-en-dertig; verder was daar seweduisend manskappe in die stad. Dit is maar klein getalle (vgl. 2 Kron. 13:3), dog vir die HERE is dit nie 'n beswaar nie.

Die manskappe trek uit op die middag - 'n tyd waarop geen aanval verwag word nie. Die beleëraars was blykbaar nie waaksaam nie, en Benhadad self het hom dronk gedrink in die tente. Daar kry hy berig van die naderende Israeliete. Met dronke veldheerstoon beveel hy om hulle te gryp, maar die jong manne veg dapper, sodat die Arameërs moet vlug, en Israel agtervolg hulle. Benhadad self moet ook vlug - op 'n perd wat nie eens sy eie is nie. Van sy snoewende woorde bly nie veel oor nie, maar hy het vrygekom. Agab het 'n groot slag onder die Arameërs geslaan. Hy moet egter nie op sy louere gaan rus nie; dieselfde profeet waarsku hom dat die Arameërs ná verloop van 'n jaar weer sal kom.

## § 284 Hernuwing van die stryd (1 Kon. 20: 22-33)

Die Arameërs het ook besprekings gehou oor hulle onverwagte neerlaag en daarby tot 'n eg heidense gevolgtrekking gekom. Die dienaars van Benhadad sê: Die gode van Israel is berggode, daarom was hulle in die bergagtige omgewing van Samaria so sterk. Ons moet hulle in die vlakte aanval, dan sal ons sekerlik sterker wees as hulle. Hoe smadelik is hierdie gedagte van die Arameërs vir God! Hy het die beraadslaginge wel gehoor en lag daaroor. Die dienaars, die ministers, van Benhadad het ook nog 'n ander opmerking; hulle sê: Verwyder die konings, elkeen uit sy plek, en stel goewerneurs aan. Dit beteken 'n reorganisasie in die militêre leiding. Waarskynlik het die koninkies te selfstandig opgetree en word sentralisasie van die opperbevel in een hand nodig geag.

Benhadad maak weer 'n leër en strydwaens bymekaar en monster self sy troepe. Hy trek op na Afek. Die naam Afek beteken vesting of burg. Verskillende plekke in Palestina wat so 'n burg in hul omgewing gehad het, het die naam Afek gedra. Watter Afek hier bedoel word, is nie seker nie; miskien in die vlakte van Jisreël: die Arameërs wou mos in 'n vlakte veg.

Gewaarsku deur die profeet is Agab nou reg vir die stryd. Sy troepe is uit strategiese oogpunt in twee afdelings opgestel, maar in vergelyking met die talryke Arameërs het die twee divisies van Agab soos klompies bokke gelyk.

Daar verskyn die profeet weer. Hy is as verteenwoordiger van die HERE by die krygsverrigtinge. Agab vra nie na die HERE nie, maar die HERE is te nou by die saak betrokke om Sy volk in die hande van die Arameërs te laat val. Die profeet kom dan ook weer terug op die Aramese berggode-teorie en sê: Omdat die Arameërs gesê het: Die HERE is 'n god van die berge, en Hy is nie 'n god van die laagtes nie -daarom sal Ek hierdie hele groot menigte in jou hand gee, dat julle kan weet dat Ek die HERE is. Weer het die HERE dieselfde motief: dit gaan om Sy eer!

Sewe dae lank was hulle teenoor mekaar gelaer, in uittartende houding. Daarna het die stryd begin, en die Israeliete het van die Arameërs honderdduisend voetgangers (infanterie, in teenstelling met die strydwaens en hul bemanning) verslaan. Maar daar was nog sewe-en-twintigduisend man oor. Hulle vlug na Afek om in die vesting veilig te wees, maar daar tref buite Agab se toedoen 'n nuwe ramp die Arameërs: terwyl die vlugtelinge op alle plekke probeer inklim, stort die stadsmuur in. Dit is die hand van God; die Jerigo-wonder herhaal hom! Op kragtige wyse handhaaf die HERE sy eer.

Benhadad self behoort ook tot die vlugtelinge. Toe die muur van Afek ingestort het, het die vesting geen veiligheid meer gebied nie, en Benhadad vlug van kamer tot kamer om 'n plek te soek waar hy hom teen sy agtervolgers kan verberg. Hy sit daar in Afek feitlik in die val! In hierdie benarde posisie wil sy dienaars nog probeer om sy lewe te red. Hulle sê vir hom: Kyk tog, ons het gehoor dat die konings van die huis van Israel genadige konings is. Hulle het seker gedink aan die Assiriërs wat kort tevore 'n gruwelike bloedbad onder die meer noordelik wonende Arameërs aangerig het en verwag nou dat Agab nie so wreed sal wees

nie. Hulle maak die plan om rouklere aan te trek en bande, toue, om hul hoofde te bind, waarmee dan te kenne gegee word dat hulle as boetelinge na Agab kom en dat hulle hul in onderwerping oorgee. Hulle maak so en gaan as smekelinge weer uit die stad terug, Agab, wat met sy manne op die stad afstorm, tegemoet. As hulle by Agab kom, sê hulle: U dienaar Benhadad sê: Laat my tog lewe!

So smeek die man wat die oorlog so snoewend begin het, om sy lewe. Sy ootmoedige woorde streel die hart van Agab. Hy het gedink dat Benhadad reeds die dood gevind het, maar is verras as hy hoor dat hy nog lewe en antwoord: Hy is my broer. Benhadad het in sy benoudheid homself Agab se dienaar genoem, maar Agab wys dit af en sê dat hy hom as sy broer beskou. Dis 'n opwelling van ydele goedhartigheid en met gevatheid maak die sluwe Arameërs oombliklik daarvan gebruik. Agab moet geen tyd hê om oor sy woorde spyt te kry nie; daarom herhaal hulle sy woorde: Benhadad is u broer! Hulle het hulle die woorde van Agab dadelik as 'n gunstige voorteken toegeëien, dit gretig aangegryp. Agab het eintlik sy mond verby gepraat. Dit sal later nog vir hom duidelik gemaak word! Maar nou hou hy vol met sy rojale houding en sê vir die dienaars van Benhadad: Gaan haal hom. Hulle gaan haal Benhadad toe uit die verwarde stad, en Agab het hom by hom op sy wa laat klim.

## § 285 'n Verbond tussen Agab en Benhadad (1 Kon. 20:34)

Wanneer Benhadad langs Agab op die koninklike strydwa sit, smee hy die yster terwyl dit warm is en maak vredesvoorstelle, toegeeflike vredesvoorstelle! Hy begryp wel: dit kan nou nie anders nie. Hy sê: Die stede wat my vader van u vader afgeneem het, sal ek teruggee, en u kan vir u winkelstrate aanlê in Damaskus soos my vader in Samaria aangelê het. Omri het dus al stede aan Aram moet afstaan. Die aanlê van winkelstrate beteken handelsvoorregte. Israel kry nou die reg om sy produkte in Damaskus vryelik te verkoop. Met die woorde "soos my vader in Samaria aangelê het" laat Benhadad onderduims iets deurskemer van die mag wat Aram vroeër in Israel gehad het. "U kan dit nou ook by my kry," sê hy, asof dit [5]n groot guns is! Terloops hoor ons hier iets omtrent die handelsbedrywighede van Israel met sy bure.

Agab aanvaar die voorstelle van Benhadad heeltemal. Dit is feitlik 'n verbond wat daar op die strydwa tussen die twee konings gesluit word, en daarmee laat Agab Benhadad gaan. Op listige wyse het Benhadad so voordelig moontlik uit sy moeilikhede gekom: hy het 'n swaar neerlaag gely, maar gaan as onafhanklike koning van Aram na Damaskus terug.

## § 286 Die vermomde profeet (1 Kon. 20:35-42)

Agab het in sy genadigheid jeens Benhadad dom gehandel en nie net dom nie maar ook sonder enige begrip van die bedoelinge van God met Sy hulp aan Israel. As die brutale Arameër in sy mag is, verspil hy roekeloos die resultate van God se werk. Dit is duidelik dat hierdie groot misstap onder sy aandag gebring moet word. Die HERE doen dit deur een van die profeteseuns en die profeteseun doen dit op 'n sinnebeeldige manier. Hy laat iemand anders hom wond, waarskynlik aan sy kop. Dit dien om dit te laat voorkom asof die profeet in die geveg waaruit die koning nou net terugkeer, betrokke was. Tegelykertyd steek hy dan weg dat hy 'n profeet is. As soldaat vermom, ontmoet die profeet die koning en vertel hom dat hy ná die geveg lelik in die moeilikheid beland het: hy moes in opdrag van iemand - 'n owerste, moet die koning maar dink - 'n man, 'n krygsgevangene natuurlik, bewaak en-die gevangene het ontkom! Dit het gebeur "terwyl hy hier en daar besig was", dus deur sy eie nalatigheid. Hierdie bekentenis doen hy met opset, want hierdeur ontlok die profeet dié woorde aan die koning wat hy graag wil hê dat die koning moet sê, naamlik dat sy vonnis in sy verhaal opgesluit lê. Daarmee spreek die koning dan die vonnis oor hom self uit! As Agab dit inderdaad ook gesê het, haal die profeet sy vermomming, die verband oor sy oë, af, sodat

die koning kan sien dat hy met 'n profeet te doen het. En dan spreek die profeet in opdrag van die HERE: So spreek die HERE: Omdat jy die man wat deur My banvloek getref was, uit die hand laat gaan het, daarom sal jou siel in die plek van sy siel en jou volk in die plek van sy volk wees (vgl. v. 39). Die lot waaraan Benhadad ontkom het, sal Agab tref; die onderwerping wat God vir Aram bestem het, sal Israel ondergaan.

In hierdie woorde word Agab gewys op sy fout en tegelykertyd die straf aangekondig. Benhadad was nie Agab se gevangene nie maar God s'n. Agab het God se gevangene vry laat gaan. Kon hy dit geweet het? Deur sy vervreemding van God het by Agab die opmerksaamheid van die geloof ontbreek om dit in te sien! Twee keer het 'n profeet ongevraag vir hom die oorwinning aangekondig, en die oor-winning het wel deur middel van Agab maar tog regstreeks van God gekom. En waartoe? Om Agab uit sy moeilikhede te red? Dit ook, maar dit was bysaak; die hoofsaak was: sodat julle kan weet dat Ek die HERE is! Maar daarvoor het Agab geen belangstelling gehad nie, en daarom het hy die bedoeling van die HERE ook nie verstaan nie, maar die oorwinning wat God hom gegee het, op eie manier gebruik, of liewer: ongebruik gelaat. Agab se sonde kan vergelyk word met dié van Saul met betrekking tot Agag (§ 198).

Hierdie boodskap móés aan Agab gebring word en gou ook, terwyl hy nog op die terugweg uit die stryd is. Die woord van die profeteseun moes voortgang hê. Daarom was dit 'n groot belemmering op die weg van die woord van die HERE aan Agab wanneer die maat van die profeteseun weier om hom te slaan. Kon die maat dan weet wat op die spel gestaan het? Dit was nie nodig nie. Die profeet het deur die woord van die HERE beveel: Slaan my tog. Hy moes gehoorsaam het! Oor sy ongehoorsaamheid aan die woord van die HERE word hy deur 'n leeu doodgemaak. Dit sluit nie in dat hy vir ewig verlore is nie.

## § 287 Die houding van Agab (1 Kon. 20: 43)

Agab weet nou waarin hy gesondig het, maar toon geen berou nie. Verbitterd en toornig gaan hy na sy huis. Dit is nou die einde van 'n glorieryke dag! Die profete moet ook altyd iets te sê hê - so het hy gewis gedink. Maar die oorsaak daarvan lê by hom self. Hy het gehandel na eie smaak en insig, nie as 'n koninklike dienaar van die KONING VAN ISRAEL nie.

## § 288 Profeteseuns (1 Kon. 20: 35)

Die profeet wat Agab op sy sonde moet wys, word "'n sekere man uit die profeteseuns" genoem. Hierdie uitdrukking kom enkele male in die Ou Testament voor; hier, 1 Kon. 20:35, is dit die eerste keer. Die ander plekke is 2 Kon. 2:3, 5, 7, 15; 4:1, 38; 5:22; 6:1; 9:1; dit is telkens in verband met Elisa. Die uitdrukking "profeteseuns" beteken nie seuns van profete nie (soos ons uitdrukking "predikantseuns"). Die woord *seun* word in Hebreeus gebruik om aan te dui dat iemand 'n bepaalde eienskap besit of tot 'n bepaalde gemeenskap behoort. So beteken byvoorbeeld "die seuns van die sangers" (Neh. 12:28): die sangers, hulle wat tot die groep of gilde van die sangers behoort; so beteken "die kinders van Israel" hulle wat tot die gemeenskap van Israel behoort, dus kortweg: die Israeliete. So beteken profeteseuns (in Hebreeus: die seuns van die profete) kortweg: profete (vgl. 1 Kon. 18:4). Die man uit die profeteseuns wat na Agab moet gaan, word dan ook in v. 38 en 41 net profeet genoem. Tog het die benaming profeteseuns wel 'n besondere bedoeling. Hierdie benaming is meervoudig en wys na profete in verband met 'n gemeenskap of groep. Dit verklaar ook dat die profeet uit 1 Kon. 20 'n *maat* het; dit was 'n ander man uit die profeteseuns. 'n Profete-seun is iemand wat tot 'n gilde of tot die stand van profete behoort. Alle profete het nie deel van so 'n gilde uitgemaak nie. Baie was alleenstaande Godsmanne. Sulke groepe kom ons egter ook in die geskiedenis van Samuel teë; in dié verband word ook van skares gepraat (1 Sam. 10:10; 19:20); maar die naam *profeteseuns* word daar nie gebruik nie. Tog is daar hierdie ooreenkoms, dat die groepe gegroepeer is rondom 'n grotere figuur, Samuel of Elisa.

Van die profeteseuns kan ons die beste voorstelling maak deur te dink aan vroom manne wat in 'n sekere gemeenskap (dié uit Samuel se tyd woon bymekaar in Najot, wat "wonings" beteken) geleef het, die werking van die Heilige Gees ervaar het en daardeur soms in geestesvervoering kon geraak, wat hul tyd en tydsomstandighede gesien het as produk van die leiding van God in verband met die gedrag van die volk en

daaroor gepreek het en daaroor geraadpleeg is. Soms het God van so 'n groep profete of van een van. hulle gebruik gemaak om Sy openbaring bekend te maak.

Anders as Samuel en Elisa het ander groot profete geen kontak met sulke groepe gehad nie. Amos verwerp dit met besondere nadruk (7:14). Die groepe het 'n professionele karakter gekry (1 Kon. 22:6) waardeur hulle in die rigting van die valse profesie afgedwaal het. Ook ontaarding in hul gewone lewensgedrag het ingetree (Jes. 28:7; 29:10).

Sommige Skrifverklaarders verbind aan die vermelding van die profeteseuns die gedagte van profeteskole, maar daarvoor kan in die Ou Testament weinig gronde aangevoer word (Jes. 8:16).

Die profeteseun uit 1 Kon. 20 het 'n merkwaardigheid waarvan net hier melding gemaak word, en dit is dat hy herkenbaar is as profeet aan iets wat hy met 'n verband oor sy oë kon verberg. As hy die verband afhaal, herken Agab nie 'n bepaalde persoon nie, maar dat hy een van die profete is. Watter herkenningsteken dit was, weet ons nie. Om 'n teken op jou voorhoof te hê, is 'n gedagte wat egter ook op ander plekke in die Heilige Skrif voorkom. Ons noem Eseg. 9 :4-6 en Openb. 7:3.

## Die Moord op Nabot

### § 289 Die aanleiding tot die moord (1 Kon. 21:1-4)

Agab het sy koninklike residensie in Samaria gehad, die vesting wat sy vader Omri gebou het. Veral in die somer was dit egter nie aangenaam om in die vesting te vertoef nie, en daarom het Agab ook 'n paleis buite die stad gehad, naamlik in Jisreël, noord van Samaria. Ook ná sy bywoning van die stryd van Elia op Karmel het hy daarheen gegaan.

Die ou stad Jisreël lê aan die voet van Gilboa, die gebergte waar Saul sy laaste stryd gestry en verloor het Die vlakte rondom die stad - 'n pragtige vlakte met vrugbare akkers - was die stamgebied van Issaskar, en tot hierdie stam het Agab waarskynlik ook behoort. In elk geval was koning Baesa uit die huis van Issaskar, en moontlik het hy, om sy posisie te verstewig, 'n stamgenoot, Omri, as leërowerste aangestel. Agab het dan sy somerverblyf gebou op grond wat sy private familiebesit was. Langs die somerpaleis van Agab het Nabot 'n wingerd gehad. Hy was natuurlik ook uit Issaskar, en sy wingerd was ook 'n vaderlike erfdeel; in hierdie opsig staan die koning Agab en die wynboer Nabot gelyk as eienaars van voorvaderlike grond.

Terwyl Agab eenkeer rondom sy somerpaleis wandel, val sy oog op die wingerd langsaan en sien hy hoe gerieflik dit vir hom sou wees om die wingerd te hê en daarvan 'n groentetuin te maak. Hy begeer sy naaste se wingerd! Hy maak aan Nabot 'n vriendskaplike voorstel om te ruil of desnoods te verkoop. Hy nader hom dus as buurman en nie as koning met 'n bevel tot onteiening nie. Maar op sy goed bedoelde aanbod kry hy 'n antwoord wat meer kort en duidelik as vriendelik is. Nabot sê: Mag die HERE my daarvoor bewaar dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee! Agab ontmoet hier 'n man wat geheg is aan die deur God ingestelde orde van familiebesit en wat, sonder om die beleefdhede wat in die Ooste by siviele transaksies gebruiklik is (vgl. byvoorbeeld 1 Kron. 21 :22-25), in ag te neem, botweg weier. Semer het nie sulke skrupules gehad toe Omri sy grond wou koop nie (1 Kon. 16:24).

Agab gaan verbitterd en toornig (vgl. 20:43) na sy huis. So reageer Agab as hy stuit op teëstand waarvan hy moet erken dat hy daarteen niks kan doen nie. Hierin lê 'n blyk van sy respek vir die deur God gewilde reg van besit waarop Nabot hom beroep het, maar in plaas van om in die omstandighede te berus, mok hy soos 'n kind. Hy het op sy bed gaan lê en sy gesig omgedraai en geen brood geëet nie. Dit was verkeerd van Agab, maar tog kon hy iets ergers gedoen het, naamlik geweld gebruik het. Hy doen dit egter nie; hy maak geen misbruik van sy mag as koning nie. Dit was goed van Agab.

## § 290 Die plan van Isébel (1 Kon. 21: 5-16)

Isébel dink anders oor die geval. Sy spot met Agab se "swak" houding. Sý sal dan maar die teëstand oorwin waarvoor Agab swig; sy is vergram op die konserwatiewe boer wat haar man so durf beledig met sy barse antwoord. Sy maak 'n deurtrapte gemene plan. Agab laat haar toe om sy seël te gebruik. Sy stuur in die naam van die koning briewe aan die oudstes en edeles van Jisreël en skryf daarin: Roep 'n vasdag uit, en sit Nabot vooraan onder die volk; en sit twee manne, deugniete, teenoor hom, wat teen hom getuig en sê: Jy het God en die koning gevloek! Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterwe.

Op 'n vasdag kom die mense van 'n dorp of van 'n streek of van die hele land bymekaar (Joël 1:14). Die rede is altyd van 'n ernstige aard. 'n Vasdag is nie 'n feesdag nie! Die oproep tot 'n vasdag is soos die lui van die alarmklok. Samuel het so 'n vasdag uitgeroep vanweë die sondes van die volk (1 Sam. 7:6); ook oorlog, ramp, gevaar kan lei tot die oproep van 'n vasdag. In elk geval maak so 'n oproep die mense onrustig en beangs. So het dit ook in Jisreël gegaan; en dit het 'n sfeer geskep waarin die dinge wat daar op die vasdag gebeur het, kón gebeur. Die mense van die stad kom in paniekerige stemming bymekaar en vra vir mekaar: Wat bedreig ons nou? Die oudstes moet sê: Daar lê 'n groot skuld op ons stad; daar is 'n groot sondaar in julle midde. Dan moet die getuies opstaan en teen Nabot getuig. Die aanklag is dat hy God en die koning gevloek het! So het Isébel beveel.

Natuurlik sal 'n eerbare burger van die stad nie vir so 'n valse getuienis gebruik wil word nie. Daarom word ook gepraat van "deugniete", slegte en gewetelose mense.

Dat die oudstes en edeles wel die plan van Isébel uitvoer, is te verklaar uit hul vrees vir die buitelandse tirannieke koningin.

Nabot kry 'n plek vooraan in die vergadering, waar elkeen hom kan sien. Teenoor hom gaan die twee skurke sit. As elkeen vol vrees afwag wat dan eintlik aangaan, staan die twee gehuurde skurke op en sê: Nabot het God en die koning gevloek! Almal kyk na Nabot. Hy is dus die oorsaak van die vasdag. Twee getuies getuig teen hom. Volgens die wet moet daar twee getuies wees (Deut. 17:6). Hulle is hier. Die ontstelde vergadering is maklik geneig om die skuldige dadelik te veroordeel en tegelykertyd ook maar tereg te stel. Die stad moet tog van hierdie misdaad gesuiwer word!

Isébel het gedurende die jare van haar verblyf in Israel goed bekend geword met die volk se gewoontes en gebruike, dit sien ons hier. Haar plan slaag volkome. Die beskuldiging wat sy die aanklaers in die mond lê, is ook fyn uitgedink: die barse antwoord van Nabot is majesteitskennis, en wie die koning beledig, beledig God, in wie se plek die koning op aarde optree (Spr. 24:21). As daar 'n ondersoek ingestel sou word, het Isébel iets om haar optrede te regverdig.

Nabot is gestenig op sy eie grond, nie in die wingerd nie maar op 'n ander besitting van hom, en sy seuns is met hom gestenig (2 Kon. 9:25,26); daar is radikaal opgetree!

Die oudstes en edeles van Jisreël laat Isébel weet: Nabot is dood. Net toe Isébel dit hoor, sê sy vir Agab: Staan op, neem die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, in besit, want Nabot is dood. En net toe Agab dit hoor, het hy opgestaan om die wingerd van Nabot in besit te neem. Die besittinge van die majesteitskender verval aan die koning; dit kan in hierdie geval vlot verloop, omdat die erfgename ook dood is. Agab het geen woord van afkeuring vir wat Isébel gedoen het nie. Deurdat hy die wingerd in besit gaan neem, neem hy tegelykertyd die moord op Nabot vir sy rekening.

## § 291 Die oordeel van God oor Agab en Isébel (1 Kon. 21:17-26)

Die goddelose Isébel en Agab het reggekry wat hulle beoog het, maar dis nie die einde van die saak nie. Die HERE stuur Elia, die Tisbiet (17:1), en sê vir hom dat hy na Agab moet gaan en dat hy hom op die besitting van Nabot sal aantref. Of Elia geweet het wat gebeur het, word nie gesê nie, maar dit was waarskynlik wel die geval.

Uit 2 Kon. 9:25, 26 blyk dat Agab nie alleen daar was nie; Jehu, een van die owerstes van die leër, was by hom, en Jehu het sy adjudant Bidkar by hom gehad. Daar is dus drie manne wat die besitting van Nabot besigtig. Elia rig hom tot Agab en sê, soos die HERE hom opgedra het: So sê die HERE: Het jy doodgeslaan en ook in besit geneem? In skerp woorde word aan Agab voorgehou wat hy eintlik gedoen het, net soos dit ook deur die vermomde profeet gedoen is (§ 286). Agab laat hom blykbaar deur ander dryf sonder om te besin oor wat hy eintlik doen. Maar dit word hom deur profete aan die verstand gebring. Moord en dief stal is sy misdade!

Voordat Agab of iemand van sy gevolg tyd het om iets te sê, gaan Elia verder en sê: So spreek die HERE: Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde ook jou bloed lek.

Hoe smadelik was die dood van Nabot: honde wat in Palestina veragtelike diere is en van afval en aas moes leef, het die bloed wat uit sy wonde gevloei het, gelek! Dieselfde sal met Agab gebeur!

Die eerste woorde wat die verbysterde koning kan uitbring, is: Het jy my gekry, my vyand? Hy beskou Elia, wat hy vroeër "beroerder van Israel" genoem het, nou as sy persoonlike vyand. Altyd staan Elia mos in sy pad! Nooit kan Agab vryelik sy gang gaan nie! Nouliks het Agab sy misdaad begaan of Elia is reeds daar! Elia sê: Ek het u gekry - maar nie omdat hy sy vyand is nie, maar omdat Agab homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE. En dan volg die oordeelsaankondiging: Kyk, Ek gaan onheil bring oor jou en jou skoon wegvee; en Ek sal van Agab uitroei al wat manlik is in Israel, sonder uitsondering. En Ek sal sy huis maak soos die huis van Jerobeam, die seun van Nebat, en soos die huis van Baesa, die seun van Ahia, weens die geterg waarmee jy My geterg het, en dat jy Israel laat sondig het.

Agab het hom "verkoop". Die prys wat hy gekry het, is 'n mooi wingerd, maar hy self is daardeur in die mag van die sonde en die oordeel.

Drie dinastieë het nou oor Israel geregeer: dié van Jerobeam, wat skoon weggevee is (14:10); dié van Baesa, wat skoon weggevee is (16:3); dié van Omri, wat nou dieselfde straf kry.

Dat agter Agab Isébel as die bose dryfveer staan, weet die HERE, en Hy laat Elia ook oor haar die oordeel aankondig. Die oordeel oor haar is nog erger as dié oor Agab: die honde sal Isébel eet by die voorskans van Jisreël; nie net haar bloed lek nie, maar haar vleis eet. Die HERE weet wie die swaarste skuld het. Boonop word die oordeel oor Agab ook gematig uitgevoer, maar dié oor Isébel in die ergste denkbare vorm - soos die geskiedenis ons sal leer (§ 336).

## § 292 Die berou van Agab (1 Kon. 21: 27-29)

Agab kon in woede opstuif, maar hy kon ook vinnig van gevoel verander. Hy noem Elia beroerder van Israel, maar doen hom tog geen kwaad nie en gee selfs gevolg aan sy bevel om die profete van Baal bymekaar te roep. In die geskiedenis wat ons nou bespreek, is sy verandering van houding nog groter: hy het sy klere geskeur en 'n roukleed om sy lyf gebind en gevas; hy het ook met die roukleed geslaap en stadig rondgeloop, d.w.s. in bedrukte stemming sonder enige swier of swaai. Agab verneder hom diep.

Hier sien ons Agab op sy beste. Die boetekleed sier die sondaar. Wel was dit slegs van verbygaande aard, maar tog het die Here dit ten gunste van hom in rekening gebring en vir Elia gesê dat Hy die aangekondigde onheil nie in sy dae nie, maar in die dae van sy seun oor sy huis sou bring. Ons kan aanneem dat Elia dit ook aan Agab meegedeel het.

## Die Laaste Jare van Agab

### § 293 Agab en Josafat (1 Kon. 22:1-4; 2 Kron. 18 :1-3)

Die optrede van koning Josafat van Juda as opvolger van Asa en as tydgenoot van Agab van Israel het, soos ons reeds opgemerk het (§ 270), in die verhouding tussen Juda en Israel 'n belangrike verandering aangebring: die vyandskap het vriendskap geword! In die eerste boek van die Konings lees ons daarvan eers in hoofstuk 22, wat oor die laaste jare van Agab en sy einde handel. Ons lees daar dat Josafat 'n besoek bring aan die koning van Israel (dit is Agab, v. 20). Verder staan in die beskrywing van die regering van Josafat (v. 41 e.v.) dat hy met die koning van Israel vrede gesluit het. In 2 Kronieke 18 staan dat Josafat hom met Agab verswaer het. Die "verswaering" het hierin bestaan dat die seun van Josafat, Joram, die dogter van Agab tot vrou gekry het.

Die besoek van Josafat aan Agab het nie alleen voortgespruit uit die nuwe familieverhoudinge nie, maar ook uit verrigte en beplande krygsbedrywe, waarvan die laaste in hierdie hoofstuk meegedeel word. (Die eerste ken ons uit buite-Bybelse bronne. § 297.)

As Josafat by Agab is en in die kringe van Agab en sy offisiere vertoef, bring Agab die kwessie van Ramot in Gilead ter sprake.

Ramot in Gilead, dus oos van die Jordaan en ten suide van Damaskus, was geleë in die stamgebied van Gad en was een van die ses vrystede (Jos. 20:8). In die dae van Salomo was Ramot die setel van een van sy twaalf bestuurders (1 Kon. 4: 13). Toe Josafat by Agab op besoek was, was Ramot egter in die mag van die koning van Aram. Agab bring in herinnering dat Ramot by Israel behoort. Ons weet dat die vader van Benhadad stede van die vader van Agab afgeneem het en dat Benhadad, in nood, beloof het om die stede terug te gee (§ 285). Dit sou egter heeltemal in sy lyn lê om dit later, geheel of gedeeltelik, te vergeet. Moontlik behoort Ramot tot hierdie stede. Noudat Agab goeie vriende is met Josafat, wat 'n magtige koning was, kry hy die plan om Ramot saam met Josafat te herower. Hy het hom daartoe aangehits.

Josafat gaan hierop in. Hy sê: Ek is soos u, my volk soos u volk, my perde soos u perde. Josafat tree dus gans anders op as sy vader Asa. Dié het Aram omgekoop om Baesa van Israel te beveg. Dit was in die tyd van die vyandskap tussen Israel en Juda.

### § 294 Advies van profete (1 Kon. 22:4-18; 2 Kron. 18:4-17)

Josafat was 'n vroom koning (§ 299) en wil, hoewel hy reeds sy medewerking toegesê het, tog nog die HERE raadpleeg. Agab het geen behoefte daaraan maar ook geen beswaar daarteen nie. So is Agab! Trouens, hy hét profete en kan dus maklik aan die wens van Josafat voldoen. Hy laat sy profete bymekaarkom op 'n dorsvloer by die ingang van die poort van Samaria (vgl. hieroor § 267). Die dorsvloer lê net buite die poort. So 'n dorsvloer is private eiendom, soos dié van Arauna (2 Sam. 24:18), of gemeenskaplike besit, soos by Samaria die geval skyn te wees. Dis 'n gelyk stuk grond wat kunsmatig verbeter is, en bied buite die dorstyd 'n geskikte plek vir samekomste.

Omtrent vierhonderd profete kom op die oproep van die koning byeen. Watter profete is dit?

Daar is 'n taamlike verskil tussen die een profeet en die ander (kyk bv. § 254). By die bespreking van die profeteseuns het ons ook reeds op verskille gewys. Ons kan die vierhonderd profete van Agab die beste karakteriseer as beroepsprofete wat in sekere geestelike behoeftes van die volk wou voorsien. Hulle pas aan by die heersende opvattinge. Is die godsdiens Baaldiens, dan is hulle Baälprofete; is die godsdiens kalwerdiens, dan is hulle in eie oë altans profete van die HERE in sover in die kalwerdiens nog vermeende erkenning van die HERE oorgebly het. By verskillende volke uit die ou Ooste tref ons profete aan, meestal manne wat in geestesvervoering, ekstase, kan geraak. Hierdie verskynsel tref ons trouens ook aan by profete van die HERE (o.a. in 1 Sam. 19:23, 24 en 1 Kon. 18:46). Daardie ekstase kan voortvloei uit die werking van die Gees van die HERE, maar ook uit eie opwinding. Die profete op die dorsvloer by Samaria is nie Baälprofete nie. Die oorwinning van Elia op die Karmel en die uitroeiing van die profete van Baäl is nog te kort gelede om reeds so 'n oplewing van hulle te kan verwag. Hulle was egter ook nie manne wat met die Gees van die HERE vervul was nie, al het hulle dit gedink. Hulle is manne wat hulle as profete opwerp en hulle in hul uitsprake laat lei deur die ingewing van hul eie hart in aansluiting by die tydsomstandighede. So het ons hier 'n duidelike voorbeeld van beroepsprofete wat valse profete geword het en noudat hulle hier in diens van die koning staan, praat hulle die koning na die mond. Op die vraag van die koning is hulle eenstemmige antwoord dan ook: Trek op, en die HERE sal Ramot in die hand van die koning gee!

Die vrome Josafat het egter 'n te fyn aanvoeling om hiermee tevrede te wees, en hy vra: Is hier nie nog 'n profeet van die HERE, dat ons deur hom kan raadpleeg nie? Agab antwoord dat daar nog een is, naamlik Miga, die seun van Jimla, maar, sê hy: Ek haat hom, omdat hy oor my niks goeds profeteer nie, maar onheil. Blykbaar het Miga reeds meermale met Agab gepraat. Behalwe Elia, wie se forse optrede in gewigtige momente soos weerlig ingeslaan het, was daar nog 'n Miga deur God beskik om aan die lewe van Agab leiding te gee. Maar waarom haat Agab hom? Om dieselfde rede waarom hy Elia sy vyand noem (1 Kon. 21:20). Miga behoort nie tot die vierhonderd nie; hy staan apart en praat die koning nie na die mond nie, maar waarsku hom. Die waarheid van Miga se woorde is vir Agab hinderlik en steur hom op sy goddelose weg. So is dit dus in Israel gesteld met die beroepsprofesie: die profete wil die koning behaag, en die koning wil deur die profete gevlei word.

Josafat kan met hierdie "voorligting van staatsweë" - want dit kom feitlik daarop neer - nie saamstem nie. Hy is nou vriend en swaer en bondgenoot van Agab, maar in dié se woorde oor Miga gewaar hy 'n diep geestelike kloof tussen hulle twee. Met sagte en tog besliste woorde protesteer hy. Die koning moet nie so spreek nie'.

Ondanks sy af keer van Miga is Agab tog ook nou weer welwillend en laat Miga haal - moontlik uit die gevangenis (1 Kon. 22:26, 27), waarin hy juis vanweë sy getuienis van die waarheid opgesluit was.

Inmiddels gaan die vierhonderd profete voort met profeteer, d.w.s. met die opgewonde uitroep van gesegdes en voorspellings wat die geskiedskrywer saamvat in die woorde: Trek op na Ramot en u sal voorspoedig wees. Een van hulle, Sedekia, die seun van Kenaäna, tree hierby op die voorgrond en verduidelik en bekragtig hul bedoeling met sinnebeeldige voorwerpe: hy het ysterhorings gemaak. Horings is die simbool van krag. 'n Ram en 'n bul kan met hulle horings gedugte stote toebring. Die woorde van Psalm 89:18: deur U welbehae word ons horing verhef, beteken: "kom ons tot mag-ontplooiing"; maar as gesê word: Die horing van Moab is afgekap (Jer. 48:25), beteken dit dat die krag van Moab gebreek is. Sedekia bedoel met sy ysterhorings dat Agab sterk genoeg sal wees om die Arameërs te vernietig.

'n Hofdienaar het Miga intussen gaan haal en praat langs die pad met hom. Hy is 'n egte

hofdienaar, wat sy bes doen om te bewerk dat die dinge vlot verloop. Noudat hy Miga na die vergadering bring, weet hy watter vleis hy in die kuip het, en hy vrees die ergste. Daarom sê hy vir Miga: Kyk tog, die woorde van die profete is uit een mond goed vir die koning; laat jou woord tog wees soos die woord van een van hulle, en spreek goeie dinge. In hierdie woorde proe ons die gees aan die hof. Miga gee hom 'n duidelike antwoord om sy misvatting reg te stel: So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek! Uit hierdie antwoord blyk dat Miga 'n ware profeet is. 'n Ware profeet moet die woorde van die HERE oorbring!

Agab stel nou aan Miga dieselfde vraag wat hy ook aan die ander profete gestel het. Miga antwoord: Trek op, en u sal voorspoedig wees, en die HERE sal Ramot in die hand van die koning gee. Die valse profete het dus gelyk? Miga praat anders as wat Agab verwag het! Hy is daaroor verbaas en glo Miga nie. Hy besef, hy voel aan dat dit nie die waarheid is nie, Miskien het hy dit gehoor aan die toon waarop Miga gepraat het, dit gesien aan die uitdrukking op sy gesig. Miga het stoutmoedig die koning geterg en gedink: Ek sal u laat hoor wat u graag wil hoor. En nou is dit merkwaardig dat Agab tog die waarheid wil weet en Miga besweer dat hy niks as die waarheid in die Naam van die HERE moet spreek nie. Hierin blyk die verborge krag van die waarheid. Hier is op die dorsvloer by Samaria niks wat na 'n sege van die waarheid lyk nie. Die vierhonderd profete roep hard; almal glo hulle, maar die man om wie dit gaan, Agab, vrees in die diepste van sy hart dat die waarheid anders is as wat so luid uitgeskree word. Ons het die waarheidsgevoel by Josafat opgemerk, en nou sien ons dit selfs by Agab! Maar - die leuen word geglo, ook teen 'n mens se beterwete in!

Agab wil uit die mond van Miga in die Naam van die HERE die waarheid hoor. Dan word Miga ernstig en vertel watter visioen hy gesien het: Ek het die hele Israel gesien, verstrooid op die berge soos skape wat geen wagter het nie.

Hier sien ons tegelykertyd een van die maniere waarop die HERE die waarheid aan Sy profete openbaar: Hy toon aan hulle in visioene wat gaan gebeur. Uit die visioen van Miga blyk dat Israel nie 'n oorwinning sal behaal nie, maar sonder wagter - dit is Agab - verstrooi sal word. Drie jaar tevore het God aan Israel 'n groot oorwinning oor Aram gegee, hierdie keer nie. Toe het dit gegaan om Sy eer teenoor die lasteringe van Aram (§ 281 e.v.), nou gaan dit om die straf oor Agab. Hy sal sy einde vind in die oorlog wat hy self soek.

Ná die woorde van Miga sê Agab vir Josafat dat hy dus wel gelyk gehad het met sy beoordeling van Miga. Maar Agab *wil* na Ramot optrek; hy sal hom aan die pessimis, aan Miga, nie steur nie, ondanks die waarheid wat hy uit sy mond gehoor het.

## § 295 Lig oor die konflik tussen waarheid en leuen (1 Kon. 22:19-28; 2 Kron. 18 :18-27)

In die verskillende uitsprake van die vierhonderd profete en van Miga skuil 'n ernstige konflik. Wat is nou die waarheid? Die omstanders vra dit ook. Dit is 'n belangrike kwessie in die geesteslewe van die volk van God: Wie moet hulle glo? Op hierdie vraag gee Miga nou antwoord. Niemand vra dit van hom nie, maar die HERE wil dat die volk die bron en oorsaak van die valse profesie, van die leuen, leer ken. Met groot vrymoedigheid en ongehinderd praat Miga. Hy sê: Daarom, hoor die woord van die HERE. Ek het die HERE sien sit op Sy troon terwyl al die hemelse leërskare by Hom staan, aan Sy regter- en aan Sy linkerhand. Ook dit is 'n visioen. Dit lyk baie na die visioen van Jesaja waarin hy geroep is (Jes. 2:1-4) en na die voorstelling wat in Job 1:6 e.v. en in 2:1 e.v. gegee word. In die hemelse vergadering van Miga se visioen vra God: Wie sal Agab oorhaal, dat hy kan optrek en val by Ramot in Gilead. God kon dit reëlreg self doen! Maar Hy maak gebruik van middele, dat die verantwoordelikheid van die mense kan blyk. Die HERE wil Agab nou straf; Hy wil dat hy uit

eie beweging na Ramot gaan om daar sy straf, die dood, te vind. Die HERE vra nou aan Sy geeste daar by Hom wie 'n goeie middel ken. Verskillende geeste kom met planne, maar nie een daarvan word doeltreffend geag nie. Toe kom 'n gees vorentoe wat met nadruk verklaar dat hy dit sal doen. Die HERE vra hom: Waarmee? Hy sê: Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete. Toe sê die HERE: Jy sal oorhaal, ja, jy sal oorwin: gaan uit en doen so. In hierdie nadruklike woorde erken God die mag van die kwaad, van die leuen. En Hy maak daarvan gebruik.

'n Gees wat met so 'n plan voor die dag kom, is nie 'n waarheidsliewende gees nie. Daar was dus verskillende soorte geeste rondom die troon van God. Blykens die boek Job was die Satan ook daar. Eers later is hy uit die hemel gewerp (Luk. 10:18; Openb. 12:8 en9).

Dat God die leuengees toelaat om na Samaria uit te gaan, toon hoe God leuen en goddeloosheid laat voortgaan, sodat hulle hul eie ondergang bewerk. Die goddelose Agab word deur sy geesverwante die dood in gejaag! Tussen sondaars is daar nie dieselfde innerlike gemeenskap as tussen die heiliges nie; hulle verderf mekaar.

Tog laat die God van waarheid, wat van 'n leuengees gebruik maak, teenoor die leuen die waarheid nie alleen duidelik hoor nie, maar openbaar Hy ook waar die leuen vandaan kom en dat die leuen opsetlik leuen wil wees. Dit is die lig wat Miga werp op die konflik tussen waarheid en leuen. Die luisteraars na die vierhonderd profete. Agab self ook, kan hulle dan besin. Hulle hoef nie sonder waarskuwing in 'n lokval te loop nie. Duidelik sê Miga: Nou weet julle waarom al hierdie profete so praat: die HERE het 'n leuengees in hulle gegee. Maar oor u, so sê hy vir Agab, het die HERE self onheil gespreek.

Met hierdie verklaring van die onware voorsegginge van die vier-honderd profete is die kwessie oor ware en valse profesie nog nie afgeloop nie, want - *hulle glo dit nie!* Die mondstuk van die valse profete, Sedekia, kom nader, slaan Miga op die kakebeen en sê: Hoe dan, het die Gees van die HERE van my af weggegaan om met jou te spreek? Hy meen dus van homself dat hy wel deur die Gees van die HERE praat. Lynreg staan Miga en Sedekia hier teenoor mekaar. Dit is dieselfde stryd wat vandag nog bestaan tussen geloof en ongeloof, 'n stryd wat sal voortduur tot die einde. Wat die waarheid is, sal ten slotte blyk in die uitkoms en afloop van alle dinge. Die geloof gaan dan oor in aanskouing, maar die ongeloof ook! Dit is dan ook die laaste wat Miga kan sê: die waarheid sal uit die feite blyk. Vir Sedekia sê hy: Kyk, jy sal dit sien op dieselfde dag as jy van kamer tot kamer sal gaan om jou weg te steek; aan Agab sê hy: As u ooit behoue tuis kom, dan het die HERE nie deur my gespreek nie. Om gered te word, moet ons egter glo voordat ons sien.

Sterk is die mag van die leuen. Die profeet van die HERE word, terwyl sy wange brand van die klap wat die valse profeet hom toegedien het, na die gevangenis teruggebring.

## § 296 Die opmars na Ramot in Gilead (1 Kon. 22:29-40; 2 Kron. 18: 28-34)

Koning Josafat se behoefte aan profetiese advies het 'n langdurige intermezzo in die militêre beraadslaginge tot gevolg gehad. Hierdie tussenpose is egter van groot openbaringswaarde vir Israel en ook vir die kerk. Nadat Miga weggelei is, word besluit om na Ramot op te trek. Agab wil en sal dit doen. Josafat gaan saam. Hy het dit reeds beloof voordat hy om profetiese voorligting gevra het. Natuurlik het die woorde van Miga op hom 'n ander indruk gemaak as op Agab. Tog gaan hy saam. Die woorde van Miga was meer teen Agab as teen hom gerig. Dat hy verkeerd handel, word later deur die profeet Jehu vir hom duidelik gemaak (2 Kron. 19:2).

Tog is Agab ook nie heeltemal gerus nie en probeer hy om hom veilig te stel vir die onheil wat oor hom uitgespreek is. Hy wil onkenbaar in die stryd gaan, d.w.s. nie as aanvoerder in

koninklike wapenrusting nie, maar as gewone strydwa-soldaat. Hy sal egter veg so al wat hy kan. Josafat, so sê hy, kan maar in sy koninklike wapenrusting en in sy koninklike strydwa optrek. Dit beteken nie dat Agab lafhartig is en Josafat aan gevare blootstel nie. Juis andersom. Agab wil as gewone soldaat aan die front veg, dan kan Josafat as aanvoerder agter die front die slag lei. Tog het Agab nie geweet dat die koning van Aram beveel het om net vir hom aan te val nie. Die koning van Aram het blykbaar vir hierdie oorlog weinig lus gehad. Agab is die aanvaller. Agab het alleen geweet dat die HERE dit op hom gemunt het.

Die wa-owerstes van Aram sien net een koninklike stryder en meen dat hy Agab is. Hulle het weggeswaai (om agter die front te kom) om teen hom te veg. Toe Josafat dit sien, skreeu hy, d.w.s. laat hy 'n oorlogskreet hoor om sy manskappe tot sy verdediging op te roep. Toe bemerk die Arameërs dat dit nie Agab was nie en, goed gedissiplineer, draai hulle agter hom weg.

Waar is Agab?

Hy wou hom wegsteek vir die onheil wat Miga aangekondig het. Die Arameërs sien hom nie. Tog help sy lis hom nie. Die HERE vind hom: "Toe het 'n man in sy eenvoudigheid (d.w.s. sonder om te weet op wie hy korrel) die boog gespan en die koning van Israel getref tussen die aanhegsels en die pantser." God bestuur ook pyle!

Agab is gewond en sê aan sy drywer: Ruk om en bring my uit die leër uit, want ek is gewond. Dit het egter nie gebeur nie. Die stryd was te hewig. Toe het Agab maar met sy bloeiende wond uitgehou. Die bloed het in die bak van die wa gevloei, en in die aand het hy deur bloedverlies beswyk.

Die dag is verby. Die son gaan onder. Die koning is dood. 'n Geskreeu - militêre bevele - gaan deur die leër: Elkeen na sy stad en elkeen na sy land toe! So is die stryd beëindig, en die koning van Aram het sonder sy toedoen sy doel bereik: Agab is dood.

Die wadrywer ry met die lyk van Agab na Samaria. Daar is die koning begrawe. Toe hulle die wa by die dam van Samaria uitspoel, het die honde sy bloed gelek, volgens die woord van die HERE. En die hoere (die sakrale prostitute, § 256) kom daar bad! Die skandelike skaduwees van die Baäldiens val van ver af oor die uiteinde van hierdie Baaldienaar. Tog is die oordeel van God oor Agab gematig voltrek. Dit sou mos later kom, oor sy seun (§ 292). Agab het gesterf as 'n held en is eervol begrawe.

Die lewe van Agab was goddeloos (1 Kon. 16:30-33); sy karakter was meer swak as sleg. Hy was 'n held en ridder, soms opvlieënd, soms verslae en berouvol, maar nie opgewasse teen bose invloede nie en "verkoop" aan die mag van die sonde.

## § 297 Agab by Karkar

Van Agab is deur buite-Bybelse geskrifte meer bekend as net wat in die Ou Testament vermeld word. Sy naam kom voor in die inskripsies van die Assiriese koning Salmaneser III (858-824).

In die vervolg sal ons dikwels met die Assiriërs in aanraking kom. Ons moet hulle nie verwar met die Siriërs nie. Siriërs is die Griekse naam van die Arameërs, wat Damaskus as hoofstad gehad het Die hoofstad van die Assiriërs was Ninevé.

Tydens die begin van Israel se volksbestaan was Assirië reeds 'n magtige staat, maar daarna het opdringende Aramese stamme aan Assirië baie moeite veroorsaak. Gedurende die regering van Dawid en Salomo was Assirië slegs van geringe betekenis. Maar dit het weer herstel en onder kragtige en veral wrede konings teen die Arameërs opgetrek. Ons het op die wreedheid reeds gesinspeel (§ 284). Teen die einde van Agab se regering het Salmaneser III in Assirië aan die regering gekom. Hy sit die oorloë teen die Arameërs en ander volke ten weste van die Eufraat voort en nader Hamat aan die Orontes. As Hamat in sy hande val, is die gevaar vir Damaskus akuut! Voordat hy Hamat egter bereik, stuit hy by Karkar - wat 'n bietjie verder noord aan die Orontes lê - op 'n koalisie van verskeie kleinere state wat gesamentlik die gemeenskaplike vyand wil keer. In sy inskripsie noem

Salmaneser twaalf op. Onder hulle is dan Hadadeser van Damaskus en Agab, die Israeliet. Agab het selfs van al die verbonde vorste die meeste strydwaens gehad, naamlik twee-duisend, en boonop nog tienduisend man voetvolk. Salmaneser laat dit voorkom asof hy 'n groot oorwinning op hierdie "geallieerdes" behaal het. Hy sê dat hy 14,000 man gedood het en met hulle lyke die Orontes toegegooi het sodat hy nie nodig gehad het. om 'n brug te bou nie! Die inskripsie sê dat daar nie ruimte vir al die gesneuweldes was om (na die doderyk) af te daal nie. Daar was van begrawe geen sprake nie.

Ons moet egter die Assiriese inskripsies *leer* lees, nie net wat die spykerskrif betref nie, maar ook wat hul hantering van die waarheid betref. Hulle maak geen melding van eie neerlae nie. Dat daar 14,000 man van hulle vyande gesneuwel het, kan wel waar wees. Daar het meer as 50,000 man aan die kant van Agab en Aram geveg! Dat hy geen melding maak van verdere opmars nie en dat dit etlike jare geduur het voordat hy kon terugkeer om sy aanval op Sirië te hervat (§ 343) bewys wel dat hierdie geveg, wat in die geskiedskrywing bekend staan as die slag by Karkar (853 v.C), meer 'n neerlaag as 'n oorwinning vir Salmaneser was.

Die slag by Karkar moet plaasgevind het in die drie jare van vrede tussen Israel en Aram (1 Kon. 22:1). Die koning van Aram wat aan die koalisie deelgeneem het, word in die Assiriese inskripsie Hadadeser genoem. Ons ken die naam uit 1 Kon. 11:23. Die koning van Aram wat Samaria beleër het (§ 281), was Benhadad. Die koning van Aram met wie Agab om Ramot gestry het, word nie by name genoem nie. Hy moet egter die Hadadeser wees wat by Karkar geveg het. Hy kan (seun en) opvolger van Benhadad wees.

Dat die slag by Karkar in die drie jaar tussen die twee oorloë, wat in hoofstuk 20 en 22 verhaal word, geplaas moet word, werp lig op enkele punte uit die verhaal van hoofstuk 22. In die eerste plek op die rede waarom Josafat sy vriend Agab gaan besoek: hy wou Agab gelukwens met sy geslaagde optrede teen Salmaneser en 'n verslag van die krygsverrigtinge hoor. Om teen die Assiriërs te veg, was toe nog 'n onbekende avontuur. In die toekoms sou dit wel anders word 1 Die feestelike onthaal wat Josafat te beurt val, hou stellig verband met die oorwinningsvreugde (2 Kron. 18:2). Ook begryp ons nou waarom die koning van Aram gesê het dat sy waowerstes nie klein of groot moes beveg nie, maar net die koning van Israel alleen. Dit getuig van sy goeie insig: die koalisie wat teen Assirië geveg het, moes in stand gehou word; dit kon weer nodig wees! Assirië was nie vir goed verslaan nie. Hadadeser wou Israel, sy bondgenoot, nie verswak nie, en daarom het hy daarna gestreef om net Agab te tref en daarmee die oorlog spoedig te beëindig.

### § 298 Die tuiskoms van Josafat (2 Kron. 19 :1-3)

Ná die dood van Agab het Josafat behoue na sy huis in Jerusalem teruggekeer. Sy besoek aan sy *vriend* Agab het 'n droewige verloop gehad. Hy was daarmee ook op die verkeerde pad en dit word deur die siener Jehu, die seun van Hanani (1 Kon. 16:1), onomwonde vir hom gesê: Moet 'n mens die goddelose help, en het u lief wat die HERE haat? Daarom kom daar nou 'n groot toorn op u van die HERE. Josafat het 'n verkeerde vriendskap gesoek. Dit was 'n misstap van 'n vroom koning. Daar is egter verskil tussen 'n misstap en 'n geheel en al verkeerde lewensrigting. Dit erken die siener met die woorde: Tog is daar goeie dinge by u gevind!

Met groot vrymoedigheid, met gesag, tree die siener op. Hy spreek mos in die Naam van die HERE. 'n Koning soos Agab kon so 'n optrede nie verdra nie en het dit 'n hinderlike kontrole gevind. Josafat het hom egter daaraan onderwerp. Sy gewete sal hom ook gesê het dat die siener reg was.

## Die Regering van Koning Josafat

### § 299 Reformatoriese optrede (1 Kon. 22:41-47; 2 Kron. 17:1-6)

Josafat was 'n vroom koning wat gedoen het wat reg was in die oë van die HERE; nadruklik verklaar die kroniekskrywer dat hy nie soos Israel gemaak het nie. In 1 Konings (22:44) staan: Net die hoogtes is nie afgeskaf nie; die volk het nog op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan. In 2 Kronieke (17:6) staan dat hy die hoogtes en die heilige boomstamme uit Juda verwyder het. Hierdie twee tekste spreek mekaar nie teë nie, maar bewys dat daar in verskillende sin van hoogtes gepraat kan word. Ten eerste is daar die Kanaänitiese hoogtediens met sy klippilare en heilige boomstamme (§ 151); op die hoogtes is Baäl vereer.

Ten tweede is daar hoogtes waar Israel aan die HERE geoffer het veral toe daar nog geen tempel was nie (1 Kon. 3:2). 'n Profeet soos Samuel het natuurlik daarvoor gesorg dat geen heidense gebruike by die offers op die hoogtes ingesluip het nie (1 Sam. 9:13, 19, 25). Ook ná die tempelbou het dit 'n hardnekkige gewoonte gebly om op die hoogtes te offer. Josafat het hierdie soort hoogtediens laat voortbestaan, hoewel die gevaar van vermenging met heidense gebruik steeds gedreig het. Dat Josafat dit wel verhoed het, blyk uit sy verwydering van die heilige boomstamme en van die skandseuns (1 Kon. 22:47), die manlike en vroulike personeel van die vrugbaarheidsrites van Baäl en Astarte. (Latere konings van Juda het die hoogtediens heeltemal uitgeroei; Hiskia en Josia.)

## § 300 Onderwys en regspraak (2 Kron. 17:7-9; 19: 4-11)

Josafat het belangrike maatreëls getref om sy volk in die regte spore te hou. Een daarvan was dat hy sy volk in die wet laat onderrig het. In die hele geskiedenis van die konings is dit die enigste keer dat ons van so 'n maatreël lees. Later het Esra dit weer gedoen (7:10). Tog was dit heeltemal volgens die wil van die HERE (Lev. 10:11; Deut. 4:14; 33:10). Josafat het 'n groot groep manne, sowel owerstes as priesters en Leviete met die wetboek saam met hulle, deur die land rondgestuur om in die stede van Juda wetsonderrig te gee. Die wetboek was die wette van Moses.

'n Ander maatreël was dat Josafat vir goeie regspraak gesorg het en regters aangestel het (2 Kron. 19). Hy gee hulle 'n kostelike regsbeginsel: Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE; en Hy is by julle in die regspraak.

## § 301 Die voorspoed van Josafat (2 Kron. 17 :10-19)

Omdat Josafat in die vroeëre (v. 3) weë van sy vader Dawid gewandel het, was die HERE met hom en het Hy sy koninkryk bevestig. Binnelands het Josafat die teuels van die bewind vas in sy hande gehad, want die hele Juda het aan hom geskenke gegee. Dit beteken dat alle plaaslike owerhede en aansienlikes sy gesag erken en sy persoon gehuldig het. Buitelands het Josafat groot respek afgedwing. Sy leër het uit dapper helde bestaan. 'n Skrik vir die HERE het gekom oor al die koninkryke van die lande wat rondom Juda was, sodat hulle nie teen Josafat oorlog gevoer het nie. Filistyne en Arabiere het vir Josafat geskenke gebring. So het die mag en aansien van Josafat aldeur groter geword. Dit is dus begryplik dat Agab in Josafat 'n begerenswaardige bondgenoot gesien het om Aram aan te val (§ 293). Die mislukking van hierdie aanval (§ 296) het ook die prestige van Josafat geskaad, want daarna het die Moabiete en die Ammoniete gekom om teen Josafat te veg.

## § 302 Josafat roep 'n vasdag uit (2 Kron. 20:1-19)

In gevalle van nood en gevaar, ramp en oorlog word 'n vasdag uitgeroep, sodat die volk hulle kan verootmoedig voor die HERE en Sy hulp kan afsmeek. Toe die Ammoniete en Moabiete 'n aanval op Juda gewaag het, het Josafat ook 'n vasdag uitgeroep. By die vyande was ook nog 'n derde groep, naamlik die Meüniete, wat tot die Edomiete behoort. Hulle woon suid van die Dooie See, die Moabiete en Ammoniete oos. Die angswekkende berig wat Josafat ontvang, lui: Daar kom 'n groot menigte teen u van die ander kant van die see (die Dooie See), en hulle is al in Engedi. Moab was gedurende die regering van Omri en Agab aan Israel onderworpe, maar het ná die dood van Agab af vallig geword (2 Kon. 1:1; § 268). Hulle word nou stoutmoedig en waag 'n aanval op Juda. Blykbaar het hulle suidwaarts om die Dooie See heen getrek om so in die suide van Juda te kom. Op hul pad het hulle die Meüniete teëgekom en hulle saam met hulle laat optrek. By Engedi is hulle al goed op pad na Jerusalem!

Hoewel Josafat sterk strydmagte gehad het, word hy tog bevrees. Hy vertrou nie op sy helde nie, maar soek die HERE en roep oor die hele Juda 'n vasdag uit. Uit al die stede van Juda het die mense gekom, ook die vroue en die kinders. In die voorhof rondom die tempel kom hulle bymekaar. Daar bid Josafat tot die HERE. Hy spreek Hom aan as die God van die vaders, die Heerser oor al die koninkryke van die nasies, wat die land aan die nageslag van Abraham, *Sy vriend* gegee het So pleit Josafat op die verbond en lê die nood van hom en sy volk aan die HERE voor. Die vyande is verwante volke wat by die intog in die beloofde land deur Israel gespaar is. Josafat ken die geskiedenis wat al vyf eeue in die verlede lê. Maar hulle vergeld goed met kwaad.

Oombliklik kom daar verhoring op die gebed! Die gees van die HERE kom op 'n Leviet met die naam Jahasiël, sodat hy die antwoord van die HERE op die gebed van Josafat kan bring. Die Verbondsgod antwoord dat Josafat hom nie hoef te bekommer nie, want dit is nie sy saak nie, maar die saak van God. God hou die verbond waarop Josafat gepleit het. Juda hoef nie eens te veg nie. Hulle kan maar net die redding wat die HERE sal gee, aanskou. In dankbare aanbidding buig koning en volk hul aangesigte na die aarde, en die Leviete prys God om die belofte van Sy hulp.

## § 303 Die HERE gee uitredding (2 Kron. 20:20-30)

Die volgende dag trek hulle die vyande tegemoet. Josafat wek sy volk op om op die HERE te vertrou. Tot eer van die HERE het hy sangers opgestel wat in heilige sieraad, in gewyde gewade, moes lofsing en sê: Loof die HERE, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid! (vgl. Ps. 136). Weer oombliklik kom die uitredding. God bewerk dat die vyande onderling slaags raak, sodat hulle mekaar in die verderf help.

Drie dae lank het Josafat en sy manskappe buit ingesamel en op die vierde dag die HERE geloof. Daarom het hulle die plek Lofdal genoem. Toe het hulle teruggekeer en Jerusalem ingetrek met harpe en siters en trompette, na die huis van die HERE. Dit was ook 'n gepaste slot van 'n stryd wat deur die HERE gestry is. Die HERE het Sy verbond gehou! Hy het nie toegelaat dat die vyande Sy volk uit die besitting verdryf wat Hy vir hulle as eiendom gegee het nie.

Hoe goed gaan dit met die volk van die HERE as hulle in Sy weë wandel en in nood op Sy verbond pleit.

## § 304 Ofirvaart (1 Kon, 22:4&-50; 2 Kron. 20:35-37)

Die lang, smal Rooi See vorm in die suide 'n verbinding met die Indiese Oseaan en het in die noorde twee uitlopers, waarvan die westelike tot naby die Middellandse See strek (waar die Suezkanaal vandag is) en die oostelike in een lyn lê met die Jordaandal - daarvan geskei deur die Araba (die Vlakte, Deut. 2:8). Tussen die twee uitlopers lê die Sinai-skiereiland. Aan die noordpunt van die oostelike uitloper lê Elat en Eseon-Geber - hawens waarvandaan 'n mens oor see na Afrika en Indië kan gaan. Die handelsvlote van Salomo het miskien wel so ver gegaan (1 Kon. 10:22; 2 Kron. 9:21). Ofir, die beroemde goudland, lê egter nie so ver weg nie, maar aan die suid-ooskus van die Rooi See. Om die hawens van Elat en Eseon-Geber aan die Golf van Akaba (of Elanitiese Golf) te kan gebruik, was dit nodig om seggenskap in Edom te hê. Salomo het dit onbeperk gehad (§ 239). Josafat ook. Die plaasvervanger wat regeerder was in Edom (1 Kon. 22:48), was ongetwyfeld 'n Judese landvoog.

Josafat wou ook goud uit Ofir gaan haal en het vir hierdie doel Tarsisskepe gebou. Tarsisskepe is eintlik skepe wat na Tarsis gaan. Tarsis lê ver in die Weste, in Spanje of Tunis, en moet oor die Middellandse See bereik word, maar die aanduiding Tarsisskepe het die

naam geword vir elke groot skip wat sterk genoeg is om ver reise te onderneem.

Josafat was egter nie so voorspoedig soos Salomo nie (2 Kron. 8:17). Die skepe is by Eseon-Geber gebou, waarskynlik met Feniciese hulp; dit was ook by Salomo die geval (2 Kron. 8:18). Deur middel van sy vriendskap met Agab en sy seun Ahasia kon Josafat ook Feniciese hulp kry (1 Kon. 16:31). In sy geval was dit egter juis die rede waarom die plan misluk het. 'n Onbekende profeet, Eliëser, het vir hom gesê: Omdat u 'n bondgenootskap met Ahasia aangegaan het, verbreek die HERE U werk (2 Kron. 20:37). Die skepe het reeds in die hawe gestrand. Ons kan dit so verklaar, dat terwyl die skepe in die hawe op 'n noordewind gewag het, die HERE 'n suidewind beskik het wat die skepe teen die kus geslinger het. Ahasia wou daarna 'n nuwe poging waag, maar Josafat wou nie. Hy het eindelik geleer (§ 298) dat samewerking met die goddelose geen heil vir hom ingehou het nie.

## Ahasia Koning van Israel

### § 305 Sy lewenshouding (1 Kon. 22: 52-54; 2 Kon. 1: 2, 3)

Ná die dood van Agab het sy seun Ahasia in sy plek koning geword. Dit was in die sewentiende jaar van Josafat van Juda. Dit is met hom dat Josafat 'n bondgenootskap aangegaan het om na Ofir te gaan (§ 304).

Ahasia het slegs twee jaar geregeer. Hy was 'n goddelose koning, wat gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE. Hy het gewandel in die weg van sy vader Agab, en in die weg van sy moeder Isébel, en in die weg van Jerobeam, die seun van Nebat. Baäldiens en kalwerdiens was dus aan die orde van die dag. Hoeseer hy die HERE geterg het, blyk uit sy sending na Ekron om 'n orakel te verkry van die Baal van Ekron. Elke stad het sy eie Baal gehad; hulle is almal in wese een en dieselfde, maar het tog wel onderskeie name gedra. Dié van Ekron, die noordelikste van die vyf Filistynse stede, het Baäl-Sebub geheet (ook Baäl-Sebul; vgl. "Beëlsebul", Matt. 12:24).

Ahasia het naamlik siek geword ten gevolge van 'n val deur 'n venster in sy bokamer. So 'n bokamer is 'n vertrek op die plat dak van die huis. Dit het koelte verskaf en ook 'n goeie uitsig gebied. Die venster het wel tralies gehad, maar blykbaar het Ahasia dit oopgemaak en te ver uitgeleun. Hy het beserings opgedoen, selfs siek geword, sekerlik deur komplikasies waarteen die geneeskunde van daardie tyd nie opgewasse was nie. In sy besorgdheid oor sy toestand stuur hy boodskappers na Baäl-Sebub. Die woord *sebub* beteken "vlieë", ook genoem in Jes. 7:18 (vlieë en bye); dit dui egter nie die by ons bekende huisvlieg aan nie, maar 'n baie kwaadaardiger insek, 'n soort steekvlieg. Dat 'n Baal na hierdie steekvlieë genoem word en ook dat 'n van God afgedwaalde koning 'n Godspraak van hom verwag, is in heidense gedagtegang wel verklaarbaar. Baal is 'n natuur-god, ook sonnegod, en insekte behoort tot die somerverskynsels. Daarom kon 'n Baal na hulle genoem word. Wat Ahasia betref - die vlieë was miskien lastig vir sy wonde. Daarenbowe hou die verskyning en verdwyning van insekte verband met die weersomstandighede, waardeur die gedagte gewek word dat hulle die weer voorspel en dat hul heer 'n orakelgod is. Uit sulke ongodvrugtige oorweginge het die plan van Ahasia - om boodskappers na Ekron te stuur - voortgespruit. Die doel was om - net soos by Jerobeam (1 Kon. 14:3) - die afloop te verneem.

### § 306 Die oordeel oor Ahasia (2 Kon. 1: 3-18)

Die sending na Ekron was krenkend vir die HERE. Hoe ernstig Hy die saak opvat, blyk hieruit dat Elia, die Tisbiet, gestuur word om Ahasia sy straf aan te kondig, en ook dat dit die Engel van die HERE is wat Elia die opdrag gee. Elia moet die boodskappers op hul pad na Ekron

tegemoetgaan om hulle die boodskap van die HERE oor te bring. Hulle was waarskynlik nog nie ver van Samaria af nie, toe Elia hulle kry. Daar vra Elia hulle in die eerste plek: Gaan julle, omdat daar glad geen God in Israel is nie, om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg? Met hierdie verwytende vraag wys hy hulle op hul sonde. Dit is wel die koning se sonde, maar die boodskappers dink maar net soos hul koning. In die tweede plek sê hy dat die koning van die bed waarop hy geklim het, nie sal afkom nie, omdat hy vir seker sal sterwe. Dit is die straf op sy sonde.

Ná die woorde het Elia weggegaan.

Die woorde van Elia het soveel indruk op die boodskappers gemaak dat hulle nie verder durf gaan nie en na Samaria terugkeer. Verbaas vra Ahasia: Waarom kom julle nou terug? Uit hul antwoord verneem hy wat sy sonde was en wat sy straf sal wees. Miskien het Ahasia 'n vermoede gehad dat die man wat sy boodskappers ontmoet het, Elia was, en daarom vra hy na sy voorkoms. As hy dan van die harige mantel en die leergordel hoor, is hy seker: dit is Elia, die Tisbiet! Dit is dieselfde profeet wat altyd sy vader Agab in die pad gestaan het; nou begin hy vir hóm ook lastig word! Dit maak hom woedend; hy sal maatreëls tref. Agab het in sulke gevalle ook altyd toornig geword (1 Kon. 18:17; 21:20), maar hy het Elia nooit kwaad gedoen nie. Ahasia is slegter as sy vader, en stuur 'n owerste van vyftig met sy vyftig om hom te gaan haal. Vyftig man om een profeet te gaan haal! Die owerste tree met militêre barsheid op en sê vir Elia, wat juis op die top van 'n berg sit: Man van God, die koning spreek: Kom af! Sarkasties antwoord Elia: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! God het toe gedoen wat Elia gesê het: daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. In stygende woede stuur Ahasia 'n ander owerste met vyftig man. Dié is nog parmantiger as die eerste en sê: Man van God, die koning sê: Kom gou af! Elia gee dieselfde antwoord en die manskappe ondergaan dieselfde lot. Nog kom Ahasia nie tot besinning nie en stuur weer 'n owerste met vyftig man. Hierdie owerste het egter ontsag vir die profeet gekry, en al moet hy die opdrag van die koning uitvoer, doen hy dit op 'n ander manier as die voriges. Hy smeek Elia ootmoedig om hom en sy manskappe te spaar. Die bevel bly egter dieselfde!

Elia was bevrees om saam te gaan. Hy kon mos beskuldig word van die dood van honderd soldate met hulle offisiere. Toe sê die Engel van die HERE vir Elia: Gaan saam met hom af; wees nie bevrees nie.

So verskyn Elia dan by die siekbed van die koning en dra aan hom oor wat die HERE gesê het: hy noem die sonde en die straf van die koning.

Die einde van hierdie geskiedenis is dat Ahasia, waarskynlik kort daarna, gesterf het. Omdat hy geen seun gehad het nie, het sy broer Joram in sy plek koning geword.

## Joram Koning van Israel

### § 307 Sy lewenshouding (2 Kon. 3 :1-3)

Joram het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Hy het die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat, dit is die kalwerdiens, aangekleef sonder om daarvan af te wyk; wat die Baäldiens betref, het hy hom egter gunstig van Agab onderskei, want hy het die klippilaar wat sy vader gemaak het, verwyder. Miskien het hy dit gedoen onder die indruk van die felle bestraffing wat Elisa hom toegedien het (§ 308).

In 2 Kon. 3:1 staan dat Joram koning van Israel geword het in die agttiende jaar van Josafat van Juda; in I:17 staan dat dit was in die tweede jaar van Joram, die seun van Josafat, die koning van Juda. Hierdie verskil vloei ongetwyfeld hieruit voort dat Joram van Juda 'n tyd lank saam met sy vader geregeer het, soos ook uit 2 Kon.

8:16 blyk. Die rede hiervoor is nie bekend nie, maar dit was sekerlik nie dat Josafat siek was of deur 'n ander oorsaak onbekwaam was tot die uitoefening van die koningskap nie, want hy het nog saam met Joram van Israel (een Moab geveg (vgl. § 311).

## § 308 Israel, Juda en Edom trek op teen Moab (2 Kon. 3:4-19)

Ná die dood van Agab het Moab van Israel afvallig geword (1 Kon. 1:1). Mesa was toe koning van Moab. Ons het hom reeds genoem en gesien dat hy reeds tydens die lewe van Agab begin ageer het (§ 268).

Die land van Moab was uitstekend geskik vir skaapboerdery, en Mesa, wat 'n energieke koning was, het dit bevorder. Hy word daarom 'n skaapboer genoem. Omdat hy van Israel afhanklik was, moes hy jaarliks honderdduisend lammers en die wol van honderdduisend ramme as tribuut aan Israel lewer. Dit was 'n swaar las en noudat hy afvallig word, staak hy die betalings. Joram van Israel wil Mesa vir sy opstandigheid straf. Hy monster die hele Israel en stuur bodes na Josafat van Juda om sy medewerking te vra. Josafat stem weer dadelik toe met dieselfde woorde wat hy indertyd teen Agab gebesig het: Ek sal optrek; ek sal wees soos u, my volk soos u volk, my perde soos u perde (1 Kon. 22:4). Die magsoplewing in Moab was nie net vir Israel nie maar ook vir Juda 'n gevaar. Deur hierdie politieke motief het Josafat hom laat lei, nieteenstaande profetiese afkeuring van sy bondgenootskappe met Agab en Ahasia (2 Kron. 19:2; 20:37).

Die twee konings besluit om op te trek met die pad deur die woestyn van Edom: dan val hulle Moab van die suide af aan. Dit was nie die kortste roete nie, maar in die noorde het Moab 'n aantal vestings gehad wat dan eers verower moes word. Boonop kon hulle met die noordelike roete in moeilikhede met Ammon verwikkel raak. Nog 'n rede om suidwaarts om die Dooie See te trek, is die posisie van Edom. Edom is nog onderworpe aan Juda (2 Kon. 22:48), maar het dieselfde neiginge as Moab. Trek die twee konings nou deur Edom, dan word Edom verhinder om vir Moab party te kies en gedwing om met Josafat saam te speel. So trek die drie konings dus af na Moab, maar Edom is nie 'n heelhartige bondgenoot nie. Dit het Mesa wel geweet, soos later blyk.

As die drie konings sewe dae op mars is, ontstaan daar watergebrek. Die winterstrome in die woestyn van Edom het sonder twyfel gouer opgedroog as wat Josafat verwag het. (Krygstogte word ná die winterreëns onderneem.) Die konings raak nou in 'n gevaarlike situasie: ver van huis, vlak voor die vyand en sonder water! Joram word moedeloos, maar Josafat vra of daar nie 'n profeet van die HERE is nie. Een van die manskappe van Israel deel mee: Hier is Elisa, die seun van Safat, wat water op die hande van Elia gegiet het. Dit beteken kortweg: dienaar van Elia. By die seremoniële handwassing, voor en ná die maaltye, geniet 'n heer die hulp van sy kneg. Josafat weet van Elisa af en sê: By hom is die woord van die HERE! Hulle roep Elisa nie, maar gaan na hom toe; daaruit blyk hoe groot hulle nood was. Elisa was dus in die nabyheid. Hy het met die leër van Israel saamgegaan met die gedagte dat daar miskien vir hom 'n taak kon wees.

As die drie konings voor hom staan, raak Elisa in 'n heftige gemoedstemming en word kwaad vir Joram. In felle woorde sê hy vir hom dat hy eintlik nie eens na hom wil kyk nie; dis net ter wille van Josafat dat hy hom met hulle moeilikhede wil inlaat. Hoewel hierdie stemming van Elisa 'n heilige verontwaardiging oor die goddeloosheid van Joram is, skyn dit tog ongeskik te wees om te profeteer. Daarom sê hy: Maar bring nou vir my 'n siterspeler.

Hier het ons 'n voorbeeld van die invloed van musiek op die gemoedstoestand van die mens èn op die betekenis van musiek vir profesie. Ook uit die geskiedenis van Saul blyk dit.

Toe die siterspeler op die snare speel, het Elisa tot bedaring gekom en ontvanklik geword vir

die woord van die HERE. Hy sê: So spreek die HERE: Maak hierdie dal vol gate. Want so spreek die HERE: Julle sal geen wind sien nie, en julle sal geen reën sien nie, en tog sal hierdie dal vol water word, sodat julle kan drink.

Dit is die antwoord van die HERE op die vraag van die drie konings. Maar Elisa het nog meer om te sê. As die HERE in watergebrek voorsien, kom Elisa hieruit tot die gevolgtrekking dat die HERE ook verder die krygsverrigtinge sal begunstig. Die verskaffing van water is te gering in die oë van die HERE: Hy sal ook die Moabiete in julle hand gee. Elisa gaan nog verder en dra die konings op om baie hardhandig op te tree: in hul seëvierende opmars moet hulle elke goeie boom omkap en al die waterfonteine toestop en elke goeie stuk grond met klippe bederwe. Hierdie opdrag van Elisa is baie hard; die wet van die HERE is sagter (Deut. 20:19, 20). In hierdie verband merk ons dat hierdie woorde van Elisa nie deur die anders telkens terugkerende inleiding: So spreek die HERE, voorafgegaan word nie. Laat Elisa hom hier lei deur persoonlike gevoelens?

## § 309 Die wonderbare uitredding (2 Kon. 3:20-26)

Die uitkoms wat Elisa voorspel het, kom die volgende môre reeds vroeg, naamlik omtrent die tyd dat hulle (naamlik die priesters in die tempel in Jerusalem) die spysoffer (die môre-spysoffer) bring. Die tydsaanduiding word gegee volgens die erediens, ook as hulle in die veld is, ver van Jerusalem af (vgl. 1 Kon. 18:29). Die dorstige soldate het niks van wind of reën bespeur nie, maar tog is die .gate wat hulle gegrawe het, vol water. Dit is 'n wonder deur God bewerk.

Inmiddels het die Moabiete (vs. 21) verneem dat Israel en Juda en Edom aan die suidekant van hulle gebied optrek. Hulle het gemobiliseer en na die grens gegaan. Op die môre dat daar in die dal water gekom het, staan hulle daar op 'n afstand en sien dat alles in die dal rooi Iyk. Dit was die weerspieëling van die rooidag in die water, maar die Moabiete, wat natuurlik net so min as die Israeliete van enige wind of reën verneem het, dink dat dit bloed is, en hulle sê: Die konings het sekerlik mekaar aangeval (vgl. § 303) en die een die ander verslaan, "en nou op die buit af, julle Moabiete!" So spoor hulle mekaar aan, en nie slagvaardig nie maar buit-belus storm hulle die dal in. Daar ontdek hulle tot hul skrik dat die konings nie mekaar aangeval het nie, maar slaggereed staan om hulle aan te val. Die Moabiete is toe verslaan en Israel het hulle agtervolg. Hulle het die land verwoes, soos Elisa beveel het, tot by Kir-Hareset. Dit is 'n vesting en Mesa het in die vesting gevlug, maar Israel het die vesting so hewig beskiet dat Mesa hom daar nie meer veilig voel nie. Met sewehonderd man by hom wil hy uitbreek om na die koning van Edom te gaan - die enigste van die drie konings by wie hy op 'n enigsins goeie ontvangs kan reken. Dié was mos eintlik gedwing om saam te gaan. Die poging het egter nie geluk nie: hulle kon nie uitbreek nie en moet in die stad bly.

## § 310 'n Menseoffer (2 Kon. 3:27)

In sy hoogste nood gaan Mesa oor tot 'n vreeslike maatreël: hy neem sy eersgebore seun, wat in sy plek koning sou word, en offer hom as brandoffer op die muur van die stad. Dis 'n religieuse maatreël. Hy wil hiermee sy god Kamos beweeg om redding te skenk. Gewoonlik is so 'n menseoffer 'n kinderoffer. Hier lyk dit egter of die seun wat geoffer word, reeds volwasse is. Op die reeds genoemde Mesasteen (§ 268) vertel Mesa dat sy vader dertig jaar geregeer het. Mesa self het dus waarskynlik nie op baie jeugdige leeftyd aan die regering gekom nie, en op die tydstip van ons verhaal het hy ook al 'n aantal regeringsjare agter die rug. Sy eersgebore seun is dan allig nie meer 'n jong kind nie. Het die kroonprins miskien homself vrywillig aangebied as offer vir die verlossing van sy land?

Wat Mesa daar doen, is 'n gruwel in die oë van die HERE. Daarom het daar 'n groot toorn oor

Israel gekom, sodat hulle van hom weggetrek en na hul land teruggegaan het.

Die uitdrukking "(groot) toorn het (oor Israel) gekom" tref ons verskeie kere in die Ou Testament aan (Num. 1:53; 18:5; Jos. 9:20; 22:20; ! Kron. 27:24; 2 Kron. 19:2, 10; 24:18; 29:8; 32:25), en dit beteken altyd 'n toorn van die HERE (2 Kron. 29:8) oor Sy volk. Daarom moet ons in hierdie geskiedenis nie dink aan 'n gevoel van verontwaardiging of afkeer by Israel oor die daad van Mesa nie nee, daar is toorn oor Israel.

Die menseoffer is deur die HERE streng verbied (Lev. 18:21; 20:3); God beskou dit as ontheiliging van Sy Naam. Maar waarom kom die toorn nou oor Israel? Moab doen tog die afskuwelike sonde? Dat God op Moab toornig geword het, hoef nie gesê te word nie. Maar Sy toorn is so groot dat dit ook oor Israel kom. Hulle het dit aanskou en deur hul meedoënlose optrede ook tot die uiterste gedryf.

Hoe Israel die toorn van die HERE kon waarneem, word nie gesê nie. Hulle het miskien allerlei teenspoede (siekte?) ondervind en in hul hart gevoel dat die genade van die HERE nie langer met hulle was nie.

Die geskiedenis van 2 Kon. 3 en 2 Kron. 20 (§ 302) mag nie vereenselwig word nie, Watter een van die twee eerste plaasgevind het, kan nie uitgemaak word nie.

## Joram Koning van Juda

### § 311 Sy lewenshouding (2 Kon. 8 :18; 2 Kron. 21:1-7; 11)

Joram van Juda regeer gelyktydig met Joram van Israel. Hulle was ook swaers.

Joram van Juda het gewandel in die weg van die konings van Israel, soos die huis van Agab gedoen het, en die sonde van die huis van Agab was die invoering van die Baäldiens. Joram van Juda was in hierdie opsig goddeloser as Joram van Israel, wat die klippilaar van Baäl wat sy vader gemaak het, verwyder het. Hy het ook hoogtes op die berge van Juda gemaak, naamlik hoogtes vir die Baäldiens en, soos die kroniekskrywer dit uitdruk, die inwoners van Jerusalem laat hoereer. Hierdie woord laat in die eerste plek dink aan die sakrale prostitusie, wat 'n onderdeel van die Baäldiens was, maar het vervolgens ook 'n wyer betekenis, wat blyk uit die uitdrukking: die gode van die volke ... agternagehoereer (1 Kron. 5:25). Die agtergrond van hierdie uitdrukking is dat die verhouding tussen God en Sy volk vergelyk word met dié tussen 'n man en sy vrou. Veral die profeet Hosea het hierdie gedagte breed uitgewerk: as Israel ander gode dien, is die volk soos 'n vrou wat agter ander mans aan loop (vgl. ook Eseg. 16:8).

Die oorsaak van sy goddelose optrede was dat hy die dogter van Agab (en Isébel) tot vrou gehad het. Dit was Atalia en dié het groot invloed op Joram gehad; sy was selfs hardnekkiger in die Baäldiens as haar broer Joram van Israel. In Jerusalem was daar 'n Baaltempel met priesters en altare en beelde daarby (2 Kon. 1!:18). In die oprigting daarvan het Atalia ná die dood van haar skoonvader, Josafat, sekerlik die leiding geneem. Wat Isébel in Samaria bewerk het (1 Kon. 16:32), het Atalia in Jerusalem bewerk.

'n Ander bewys van Joram van Juda se goddeloosheid lees ons in 2 Kronieke 21. Joram was die oudste van verskeie broers, en sy vader Josafat wou hóm die koningskap gee. Dit is miskien daarom dat hy hom reeds tydens sy eie lewe tot mederegent verhef het (§ 307). Aan die ander seuns het Josafat baie geskenke gegee en versterkte stede in Juda, soos ook Rehabeam indertyd gedoen het (2 Kron. 11:23). Joram het egter al sy broers vermoor en ook sommige van die owerstes. Hy het blykbaar nie van die maatreël van sy vader gehou nie en veral in die versterkte stede van sy broers 'n gevaar vir sy koningskap gesien. Behalwe hierdie

politieke motief het Joram miskien ook nog 'n godsdienstige gehad. Die profeet Elia het (per brief; 2 Kron. 21:13) as sy mening te kenne gegee dat die vermoorde broers beter as Joram was. In watter opsig was hulle beter? Omdat hierdie beoordeling deur Elia gegee word, mag ons aanneem dat die gunstige verskil bestaan het in hul houding teenoor Joram se invoering van die Baäldiens. Dit is tog opmerklik dat ná die regering van Josafat, wat so baie gedoen het om die diens van die HERE te bevorder (2 Kron. 19), so skielik so 'n ingrypende ommekeer kon plaasvind. Was daar dan glad geen opposisie teen die invoering van die Baäldiens nie? Miskien was daar by die broers van Joram, en daarom was hulle in die oë van Elia beter as hy. Hulle het seker ander soorte vrouens as Atalia gehad en wou op godsdienstige gebied in die spore van hul vader wandel. Ook daarom kon Joram - en Atalia! - hul aanwesigheid nie langer duld nie.

Die vermoording van al sy broers was 'n skandelike daad van Joram, die vernietiging van Juda werd! Tog wou die HERE dit nie doen nie ter wille van die verbond wat Hy met Dawid gesluit het en volgens Sy belofte om vir hom en sy seuns altyd 'n lamp te gee (1 Kon. 1.1:36; 15:4; kyk ook 2 Sam. 7). 'n Lamp in 'n Oosterse huis by nag is die bewys dat daar lewe is; dat die lamp uitgeblus word. is 'n blyk van ramp en straf (Job 18:6; 21:17; 29:3; Spr. 13:9). Die belofte hou in dat die HERE Dawid se huis in stand sou hou 'n belofte wat sy eintlike vervulling kry in die Messias, die seun van Dawid. Al sou die HERE die huis van Dawid egter in stand hou -daar sal tog swaar slae oor die goddelose Joram en sy ryk kom.

## § 312 Die Edomiete van Juda afvallig (2 kon. 8:20 22; 2 Kron. 21: 8-10)

Een van die slae was dat Edom afvallig geword het. Hierin blyk die agteruitgang van die mag van Juda en die verbrokkeling van die ryk van Salomo. In die dae van Josafat het Edom nie 'n eie koning gehad nie, maar 'n Judese landvoog (§ 304). Nou stel hulle 'n koning aan! Joram trek oor na die Edomiete om hulle vir hul opstandigheid te straf, maar die strafekspedisie het geen goeie gevolg gehad nie. Dit skyn asof vers 9 van 2 Kronieke 21 aan Joram 'n oorwinning toeskryf, maar in die lig van vers 10 blyk dit slegs 'n geslaagde ontsnappingspoging te wees. Die Edomiete het Joram en sy wa-owerstes in (die onbekende stad) Saïr (2 Kon. 8:21) omsingel, maar Joram het deur 'n nagtelike uitval kans gesien om te ontkom, sodat die Edomiete hom nie in hande kon kry nie; dit wou die HERE - **ter** wille van Dawid - nie toelaat nie. Origens was die oorlog teen Edom 'n mislukking, en die Edomiete het van Juda afvallig geword "tot vandag toe", d.w.s. op die dag waarop die geskiedskrywer geskryf het, was hulle nog selfstandig (vgl. § 469).

## § 313 Strooptog van Filistyne en Arabiere (2 Kon. 8:22; 2 Kron. 21:10,16,17)

In dieselfde tyd het ook Libna afvallig geword. Hierdie stad moet gesoek word in die rigting van die Filistynse gebied, en sy opstandigheid staan stellig in verband met die strooptog van die Filistyne op Juda en Jerusalem. Saam met hulle was die Arabiere wat langsaan die Kusiete (2 Kron. 14: 9) is. Hulle het teen Juda opgetrek, Jerusalem ingeneem en die paleis (nie die tempel nie) geplunder en al die goed weggevoer wat in die huis van die koning te vinde was, selfs sy seuns en sy vroue, sodat daar vir hom geen seun oorgebly het nie, behalwe Joahas (= Ahasia), die jongste van sy seuns. Joram het al sy broers vermoor; nou word al sy seuns geroof. Dit is duidelik die hand van die HERE, wat trouens ook die gees van die Filistyne en van die Arabiere verwek het om teen Juda op te trek. Dat die een seun gespaar bly, is weer omdat die HERE Sy belofte gestand doen en aan Dawid 'n lamp wil laat.

## § 314 Brief van Elia (2 Kron. 21:12-15)

Tydens sy goddelose lewe kry Joram nog 'n Goddelike waarskuwing: 'n brief van Elia! Was Elia dan toe nog op aarde? By die krygstog van Josafat teen Moab (2 Kon. 3) tree *Elisa* op en reeds in 2 Konings 2 word berig dat Elia in die hemel opgeneem is; die geskiedenis van Joram staan in hoofstuk 8. Die volgorde van die hoofstukke is egter nie altyd streng chronologies nie. Miskien is dit tog beter om aan te neem dat Elia profeties vantevore gesien het wat Atalia sou teweegbring (soos Elisa voorsien het wat Hasael Israel sou aandoen, 2 Kon. 8:12), en dat hy sy boodskap aan Joram reeds vroeg op skrif gestel het, sodat dit op die gepaste tyd aan hom oorhandig kon word. In elk geval kom Elia nie persoonlik na Jerusalem nie. Samaria was trouens sy eintlike arbeidsterrein.

Eers noem die brief die sondes van Joram op: die invoering van die Baäldiens en die moord op sy broers; daarna word die straf aangekondig: die plundering deur die Filistyne en Arabiere, maar ook straf vir hom persoonlik, in sy eie liggaam: 'n siekte van sy ingewande. Dit moet 'n vreeslike, ongeneeslike siekte gewees het, want sy ingewande het uitgekom, en hy het onder hewige pyne gesterf. Hoe sleg gaan dit met die eerste van die konings van Juda wat die Baäldiens ook in Juda ingevoer het! Hy het heengegaan sonder dat sy volk hom terug verlang het. Geen wierookbrand (2 Kron. 16: 14) is vir hom gemaak nie, en in die graftes van die konings is hy nie begrawe nie.

## § 315 Ahasia volg Joram op (2 Kon. 8:25-29; 2 Kron. 22:1-5)

Sy enigste oorgeblewe seun, Joahas of Ahasia, word in sy plek koning. Een jaar het hy geregeer. Gedurende dié kort tyd het hy in die weg van die huis van Agab gewandel en gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Sy moeder was Atalia, die dogter van Agab en Isébel, sodat hy van moederskant tot die huis van Agab behoort het; sy moeder was sy raadgeefster. Dit beteken dat hy die Baäldiens bevorder het. Ook in politieke opsig het hy, net soos Josafat (2 Kron. 18), met Israel saamgewerk in die oorlog teen Aram. In Israel was Joram, die seun van Agab, toe nog aan die regering, maar dit was vir hom ook sy laaste jaar. Ahasia van Juda en sy oom, Joram van Israel, het tegelyk omgekom deur die staatsgreep van Jehu.

Hiermee kom ons by 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van sowel Israel as Juda. Voordat ons hierdie spannende geskiedenis behandel, gaan ons nou eers na wat gedurende die laaste jare op godsdienstige, in die besonder op profetiese terrein, plaasgevind het.

## § 316 Tabel

| Juda | Israel |
|---|---|
| | Agab (22 jaar) |
| Josafat (25 jaar) | |
| | Ahasia (2 jaar) |
| Joram (8 jaar) | Joram (12 jaar) |
| Ahasia (1 jaar) | |

# Elisa

## § 317 Elia in die hemel opgeneem (2 Kon. 2 :1-18)

Eendag - gedurende die regering van die twee Jorams? - het Elia met Elisa uit Gilgal uitgegaan. Elia het Elisa op bevel van die HERE geroep om sy opvolger te word (§ 280), maar ons het hulle nog nie tesame ontmoet nie. Nadat hy Elisa aangestel het, tree Elia voor Agab op oor die wingerd van Nabot, en voor Ahasia, die seun van Agab, oor sy siekte, maar altyd alleen. Hierdie alleen wees was 'n kenmerk van hierdie groot profeet. Tog was dit wel algemeen bekend dat Elisa die dienaar van Elia was (2 Kon. 3:11). Op die veldtog teen Moab (§ 308) is Elisa op sy beurt weer alleen. Nou sien ons Elia en Elisa egter tesame; dit die eerste keer en ook die laaste! Hulle vertrek uit Gilgal. Omdat hulle na Bet-el gaan en dan verder na Jerigo en na die Jordaan, word hier nie die Gilgal by die Jordaan (Jos. 4:19) bedoel nie, maar moet hierdie Gilgal ten noorde van Bet-el, miskien in die omgewing van Silo, gesoek word. Die doel van hulle tog is in 'n eerbiedige stilswye gehul; daar word nie oor gepraat nie; dit is te ernstig en te verhewe, want die HERE SOU Elia in 'n storm na die hemel opneem!

Elia wil eintlik nie dat Elisa met hom sal saamgaan nie; hy wil weer alleen wees; dit was 'n neiging van hom! Daarom sê hy vir Elisa: Bly tog hier, want die HERE stuur my na Bet-el. Hy skep die indruk dat hy alleen daarheen moet gaan. Maar Elisa laat hom nie oorhaal om terug te gaan nie, maar sweer dat hy Elia nie sal verlaat nie, Elia berus daarin. So kom hulle dan in Bet-el, die plek van Jerobeam se kalwerdiens. In plaas van iets oor die sondige beeldediens te verneem, hoor ons dat daar profeteseuns is en blykbaar van die goeie soort (§ 288). Hulle staan nie in betrekking tot die kalwerdiens nie. Dit skyn trouens uit die geskiedenis van die laaste hoofstukke asof die Baäldiens die kalwerdiens verdring het. Hulle staan in noue kontak met die HERE, want hulle weet watter groot gebeurtenis sal plaasvind en sê dit ook vir Elisa: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? Met hierdie woorde wys hulle op die erns van die gebeurtenis vir Elisa: hy sal voortaan selfstandig moet optree. Die antwoord van Elisa klink afwerend: hy weet dit wel; hulle moet nie daaroor praat nie.

Hulle reis verder na Jerigo. Ook daar is profeteseuns, baie, meer as vyftig, en hulle stel Elisa dieselfde vraag. Ook hulle weet dus wat gaan gebeur, maar Elisa gee weer dieselfde afwerende antwoord. In Jerigo wend Elia weer 'n poging aan om Elisa tot terugkeer te beweeg. Hy gebruik weer dieselfde argument: Die HERE stuur hom; Elisa gee weer dieselfde antwoord. En hulle twee het gegaan. So kom hulle by die Jordaan, terwyl vyftig man van die profeteseuns hulle volg en op 'n afstand eenkant gaan staan. Hulle sien dat Elia sy mantel neem, dit oprol en daarmee op die water slaan. Die water is na weerskante verdeel, sodat hulle twee op droë grond deurgegaan het. Elia doen 'n wonder soos Moses en Josua ook gedoen het. Elia is 'n profeet van groot dade.

Die vyftig profete het dit ongetwyfeld gesien, maar hulle het nie saamgegaan nie. Die Jordaan het dadelik weer begin stroom. Aan die oorkant het Elia en Elisa verder gestap en spoedig uit die gesig van die vyftig profeteseuns verdwyn.

Wat Elia en Elisa altwee geweet het, maar nie van gepraat het nie, word nou deur Elia, nie regstreeks nie maar sydelings, aangeroer. Hy vra wat hy vir Elisa moet doen voordat hy weggeneem word. Hy besef dat daar vir sy opvolger moeilike dae kan voorlê. Hy het dit self ook swaar gehad. Sal sy opvolger in staat wees om so 'n las te dra?

Elisa dink aan dieselfde ding. Hy weet wat hy moet vra: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my kom! Met *dubbele deel* bedoel Elisa dat Elia hom moet behandel soos 'n vader sy eersgebore seun, wat ook 'n dubbele deel ontvang (Deut. 21:17). Hy voel sy verhouding tot Elia aan as dié van 'n seun tot sy vader en vra nou om die eersgeboortereg in geestelike opsig, naamlik wat die profetiese taak betref. Elia antwoord dat dit 'n harde saak is, d.w.s. 'n moeilike versoek. Nie vir Elisa nie, want vir hom sal dit 'n groot steun wees om vir die uitoefening van sy profetiese amp so 'n groot deel van die geesteskrag van Elia te mag erf, maar dis 'n moeilike versoek vir Elia om die wens van Elisa te vervul, want dit gaan oor geestelike goedere, en daaroor kan Elia nie beskik nie. Hy moet dit aan God oorlaat, maar stel 'n teken waardeur God te kenne sal gee of Hy die wens van Elisa sal vervul. Elia doen dus wel iets. Hy sê nie dat Elisa maar moet kyk of God sy wens sal vervul nie; hy rig dit so in dat Elisa in elk geval antwoord kry, hetsy ja of nee. Dit is die teken wat hy stel: As jy my sien wanneer ek van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees. Maar so nie, dan sal dit nie wees nie. Deur dit so te stel, bind Elia God aan die teken. Maar dit het Elia meermale gedoen; ook in die aankondiging van die droogte het Elia God aan Sy woord gebind (1 Kon. 17:1); dit is slegs 'n bewys van die noue kontak waarin Elia met God staan, en hoe God se gedagtes in die gees van Elia ingeprent staan. In hierdie lig moet ons ook sien waarom Elia juis hierdie teken uitkies. Elia stel as teken juis dit wat hy liewer nie wou gehad het nie. Elisa wil by die opneming wees, en Elia wil hom eintlik nie daar hê nie. Hy wil hom uitsluit uit sy laaste en grootste ervaring, wat op hierdie aarde plaasvind en nie net aards is nie. Dit is Elia se neiging. Dit lyk asof dit vir die groot, die eensaamheid minnende man moeilik is om iemand anders, selfs sy opvolger, in sy intieme lewe in te laat. So 'n neiging kan grens aan oorskatting van jou eie waarde en onderskatting van 'n ander. Elia was 'n mens net soos ons! (Jak. 5:17). In sy poging om Elisa van sy opneming weg te hou, het die gedagte hom miskien gepla of hy Elisa nie 'n onreg aandoen nie. Met die teken wat hy nou stel, lê hy nie net die vraag van Elisa in die hand van die HERE nie, maar ook sy eie oorweginge.

Die HERE gee 'n duidelike antwoord: Elisa word toegelaat om die opneming te sien. Hy sal dus die dubbele deel van Elia se gees ontvang, en God keur ook hiermee die begeerte van Elisa, om met Elia saam te gaan, goed. Elisa is Elia se volwaardige opvolger!

Terwyl hulle aldeur loop en praat, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle maak, en Elia het in die storm na die hemel opgevaar. Daar was dus ook 'n storm!

'n Onweerstorm? Dan laat die wa en perde van vuur ons dink aan 'n weerligstraal wat die vorm van wa en perde aanneem, 'n strydwa van die HERE, waarvan die HERE baie het (2 Kon. 6:17). Met "militêre eer" word die stryder deur sy koning ingehaal. Hy was die profeet van storm en vuur. So was sy optrede. Nou vaar hy met dié verskynsels op - dieselfde verskynsels waarmee die Heilige Gees eeue later kom: wind en vuur.

In die paar woorde van vers 11 word 'n verhewe en magtige gebeurtenis beskryf. Elisa het dit gesien en roep uit: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters. As seun, as seun met eersgeboortereg, staar hy hom na terwyl hy opvaar soos hy ook gewerk het: as 'n strydwa van

die HERE vir die eer van Sy Naam. Elisa sal sy waardige opvolger wees. As hy sterf, word ook van hóm gesê: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters (2 Kon. 13:14). En nie alleen hy nie, ook die voorloper van koning Jesus verskyn in die gees en die krag van Elia (Luk. 1:17). En self verskyn Elia ook aan die Koning, op die berg van verheerliking, saam met Moses. Moses en Elia: die wet en die profete!

Toe Elisa Elia nie meer kon sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur. Om jou klere te skeur, is 'n teken van droefheid en rou. 'n Mens kan dit vormlik doen: 'n inskeuring een span lank, regs of links, wat van die graad van verwantskap afhang. Tog kan die skeur van die klere 'n heftige uiting van smart en ontsteltenis wees, by Elisa so heftig en diep gevoel dat hy sy klere heeltemal stukkend skeur.

Elisa keer terug. Op die grond lê die mantel van Elia. Dié het hy in die hemel nie nodig nie. Daar ontvang hy die mantel van geregtigheid (Jes. 61:10). Elisa tel die mantel op. Hy het dit reeds vroeër op sy skouers gehad (1 Kon. 19:19). As hy by die Jordaan kom, roep hy: Waar is die HERE, die God van Elia? Hy is daar! Hy is met Elisa, want as Elisa met daardie mantel op die water slaan, verdeel dit na weerskante en Elisa gaan deur. Die profeteseuns uit Jerigo staan nog en kyk en erken: Die gees van Elia rus op Elisa. Hulle groet hom eerbiedig. Hulle wil nou vir Elia gaan soek, maar Elisa sê dat hulle dit nie moet doen nie. As hulle tog gaan, is die soektog tevergeefs.

## § 318 Die water wat gesond geword het (2 Kon. 2 :19-22)

'n Tyd lank het Elisa in Jerigo vertoef. Die prys vir die opbou van die vervloekte stad is betaal (vgl. Jos. 6:26; 1 Kon. 16:34), en nou woon daar weer mense, selfs profeteseuns. Jerigo was 'n. stad met 'n aangename ligging, maar, so kla die manne van die stad, die water is sleg, en die grond veroorsaak onvrugbaarheid. Hulle het gehoor van die wonderbare optrede van Elisa en vra hom nou of hy daaraan iets kan doen. Dat hulle dit vra, toon dat hulle geloof in Elisa het. Dit mag dan maar wees wat ons wondergeloof noem - hulle het tog nie minagting vir 'n profeet van die HERE soos die mense van Bet-el nie (§ 319). Net soos Jesus later ook op die wondergeloof van die mense wel hulp betoon het, het ook Elisa dit gedoen. Hy gebruik daartoe 'n middel, nie 'n gewone praktiese middel wat ander mense ook kan gebruik nie, maar 'n sinnebeeldige middel waarby God self op wonderbaarlike wyse moet werk. Hy vra om 'n nuwe skottel met sout daarin. Dat die middel sinnebeeldig is, blyk uit die voorskrif dat die skottel nuut moet wees. Die manne doen wat Elisa sê, en Elisa gooi die sout in die bron met die woorde: So spreek die HERE: Ek het die water gesond gemaak. Toe het die water gesond geword, tot vandag toe, d.w.s. op die dag dat die geskiedskrywer geskryf het, was die bron nog steeds goed. Die bron word vandag nog aangewys en heet "Sultansbron", maar as gevolg van die verklaringe van die gidse aan toeriste het die naam "Elisa-bron" in gebruik gekom.

## § 319 Die vloek van die HERE oor spottende seuns (2 Kon. 2: 23-25)

Van Jerigo af het Elisa na Bet-el gegaan. Terwyl hy met die pad opgaan, kom daar klein seuntjies uit die stad wat met hom spot en vir hom sê: Gaan op, kaalkop! Gaan op, kaalkop! Dat hulle "klein seuntjies" genoem word, beteken nie dat hulle nog maar kleuters was nie; hulle was jong seuns (1 Kon. 3:17), en hul spotterny het ongetwyfeld tot agtergrond die haat en minagting van die mense uit Bet-el - die stad van die kalwerdiens - vir 'n gesant van die HERE. Die kinders het dit van hul ouers oorgeneem. Dat hulle hom *kaalkop* noem, sluit nog nie in dat Elisa inderdaad 'n kaal kop gehad het nie. Kaalheid was 'n teken van ramp en ongeluk (Jes. 3:17, 24), en *kaalkop* was 'n skimpwoord om uitdrukking aan jou minagting vir iemand te gee (vgl. "kale jonker"). Dat die seuns roep: "Gaan op", moet ons sien teen die agtergrond van die hemelvaart van Elia, wat natuurlik in die omgewing bekend geword het.

Die ouers het daaroor nie met eerbied nie maar met spot gepraat en - die appel val nooit ver van die boom af nie! Dat ons hier met iets meer as moedswilligheid te doen het, blyk uit die optrede van Elia: hy vloek hulle in die Naam van die HERE. Elisa ondervind hier haat teen die HERE. Die HERE hoor die vloek van Elisa en gee daaraan gevolg. Twee beerwyfies het uit die bos gekom en twee-en-veertig van die kinders verskeur. In die dood van die kinders word ook die ouers gestraf: die HERE straf tot in geslagte as die sonde ook in die geslagte voortleef.

Elisa het daarna verder getrek en na die Karmel gegaan. Daar was hy in 'n omgewing wat hom sterk aan Elia herinner het; om 'n tyd lank daar te vertoef, het hom seker gesterk. Daarna het hy na Samaria gekom, waar hy 'n huis gehad het (2 Kon. 5:9; 6:32).

### § 320 Die vol kanne (2 Kon. 4 :1-7)

Een van die vroue van die profeteseuns het weduwee geword. Waar sy gewoon het, word nie gesê nie. In Bet-el en Jerigo, so het ons in die vorige geskiedenisse verneem, was daar profeteseuns. Ook word nie gesê wanneer sy weduwee geword het nie, maar dit is ook nie van belang nie. Dit gaan hier om die barmhartigheid van God aan 'n vrou uit sy volk.

Deur die dood van haar man kom die vrou in groot moeilikhede: die skuldeiser het gekom om haar twee kinders vir hom as slawe te neem! In haar nood gaan sy na Elisa. Sy doen dit met vrymoedigheid, want haar man was een van die profeteseuns en een wat die HERE gevrees het. Die vrou sê vir Elisa dat hy dit self mos weet. Elisa het die man dus geken. Dit lyk asof die vrees vir die HERE by alle profeteseuns nie ewe groot was nie (§ 288).

Die weduwee bedoel nie dat sy reg op hulp het nie, maar met die verloop van sake voel sy tog teleurgestel: teenoor die godsvrug van haar gestorwe man staan die hardheid van die skuldeiser.

Die profeteseun het dus skulde gemaak, miskien om sy bedryf aan die gang te hou. Solank as hy geleef het en kon werk, was daar hoop dat hy die skuld uit die winste van sy bedryf sou kan betaal, maar noudat die man dood is, is dit nie meer moontlik nie. Nou moet die skuld uit die boedel betaal word. Blykbaar was die waarde daarvan ontoereikend, en daarom eis die skuldeiser dat haar kinders - twee seuns - verkoop moet word. Hierdie eis van die skuldeiser was nie op die wette van Moses gegrond nie, maar uit die profesie van Amos (2:6; 8:6) blyk dat so 'n onregmatige eis wel die gewoonte was.

Elisa wil die vrou help, en asof hy nadink oor die manier waarop hy haar sal help, begin hy deur te sê: Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis het. Nou blyk hoe min die vrou besit. Die skuldeiser het seker al heelwat gevat. Al wat sy het, is 'n flessie met olie - olie om te bak of olie om te salf, maar in elk geval slegs 'n klein flessie. Hierby knoop Elisa aan. Hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie. Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe en giet olie in al daardie kanne en sit weg wat vol is.

Hierdie bevel vra geloof van die weduwee. Sy kry nie die toesegging wat die weduwee van Sarfat gekry het nie: die olie in die kruik sal nie minder word nie! Maar dit het sy begryp as gevolg van haar geloof in die woorde van Elisa.

As die leë kanne geleen is, begin sy ingooi. Die een seun bring telkens 'n kan aan, die ander sit 'n vol kan eenkant. Die seuns het in die geloof van hul moeder gedeel (vgl. § 319). Ander mense is daar nie by nie, want sy moes die deur agter haar sluit. Sy glo; sy gooi uit die klein flessie, en God doen die wonder: die olie vloei aanhoudend totdat die een seun sê: Daar is geen kan meer nie. Toe gaan die olie staan.

Olie was 'n taamlik duur artikel. Elisa sê dat sy die olie moet gaan verkoop om haar skulde te

betaal; van die orige kan sy dan lewe.

In hierdie wonder blyk die barmhartigheid van God jeens die armes in teenstelling met die hardvogtigheid van mense.

## § 321 Die vermoënde vrou in Sunem (2 Kon. 4:8-37)

Eendag het Elisa weer by Sunem verbygegaan, die stadjie wat ons ken as die woonplek van Abisag, die Sunamitiese (1 Kon. 1:3). Die teenswoordige naam is Solem. Die plek het seker op Elisa se pad gelê, want hy het dikwels daardeur gereis. Hy het 'n huis in Samaria gehad, maar dikwels op die berg Karmel vertoef, terwyl sy ouerhuis in Abel-Mehola was, in die Jordaanvlakte. Wanneer hy van die Karmel af sy geboorteplek wil besoek, kan hy maklik oor Sunem gaan, wat aan die oosrand van die vlakte van Jisreël lê. Daar in Sunem woon 'n vermoënde vrou wat die profeet opgemerk het en hom genooi het om in haar huis te kom eet. Dit het die vrou gedoen, omdat sy 'n geneentheid vir profete gehad het. Naas al die berigte oor afval en Baäldiens verneem ons tog ook telkens van vroom mense wat die profeteseuns 'n goeie hart toedra. Hierdie vrou sien egter in dat Elisa, wat nou reeds enkele kere by haar tuis was, nie sommer 'n profeteseun is nie; hy steek ver bo hulle uit! Sy sê vir haar man: Ek merk dat dit 'n heilige man van God is. Sy maak 'n plan om hom nog meer geriewe te verskaf. Sy wil 'n bokamer vir hom laat bou. (Elia het so 'n bokamer in Sarfat gehad; 1 Kon. 17:19; vgl. ook 2 Kon. 1:2.) So 'n bokamer word gebou op die dak van die huis; die trap om daar te kom, is dan buitekant. Hierdie vrou wil dit deeglik doen, want, sy praat van 'n klein ommuurde bokamer. Ook vir meubilering wil sy sorg: 'n bed en 'n tafel en 'n stoel en 'n lamp. Dit is wel 'n eenvoudige maar tog volledige meubilering; die lamp mag nie ontbreek nie, want die Oosterling hou nie daarvan om in die donker te slaap nie.

Toe Elisa weer eenkeer in Sunem kom, is die bokamer gereed en het hy daar ingetrek. Hy is dankbaar vir die vriendelikheid van die vrou en wil dit bewys. Nou het Elisa, net soos Elia (1 Kon. 19:3), 'n dienaar gehad. Sy naam was Gehasi. Hy vra Gehasi om die vrou te gaan roep. Die vrou kom, maar tog moet Gehasi die vraag van Elisa, naamlik wat hy vir haar kan doen, oorbring. Die vrou het seker op die oop ruimte van die dak bly staan en uit skroom nie in die kamer waar Elisa gesit het, ingegaan nie. Elisa vra of daar vir haar 'n goeie woord gedoen kan word by die koning of by die leërowerste. Sunem lê vlak by Jisreël, waar die koning sy landgoedere gehad het, en 'n koning is nie 'n buurman met wie 'n mens sy buurskapsbelange so maklik kan bespreek nie. Elisa van sy kant het ná sy optrede in die oorlog teen die Moabiete (2 Kon. 3) invloed by die hoë bewindhebbers gekry. Die vrou sê egter: Ek woon onder my volk. Dit beteken: ek is nie 'n vreemde of 'n sosiaal geringe nie, maar ek behoort tot 'n gevestigde familie wat in staat is om vir sy eie belange op te kom (vgl. egter 2 Kon. 8:3!). Ná hierdie woorde het sy seker weer teruggegaan ondertoe. Nou beraadslaag Elisa en Gehasi oor die vraag wat gedoen kan word om dankbaarheid aan die vrou te bewys, en dan het Gehasi 'n goeie ingewing: die vrou het nie 'n seun nie en, so voeg hy daar wys aan toe, haar man is oud. Gehasi het die huislike omstandighede reeds goed deurgekyk!

Omdat Elisa op die gedagte van Gehasi wil ingaan, sê hy vir hom: Roep haar. Die vrou kom hierdie keer 'n bietjie nader en gaan in die deur staan. Elisa praat nou self met haar; en soos Gehasi 'n praktiese kyk op die saak het, het Elisa 'n profetiese kyk op die geval en sien hy met profetiese blik hoe die vrou 'n kind sal *omhels.* So sê hy dit ook vir haar, gevoelvol en aanskoulik: Sulke tyd oor 'n jaar sal jy 'n seun *omhels.*

Hierdie belofte lyk baie na die belofte aan Sara (Gen. 18:10). Sara het toe by haarself gelag. Ook die Sunamitiese vrou neem 'n afwysende houding aan en sy sê: Ag nee, my heer, man van God, moenie vir u dienares lieg nie. Sy bedoel: U moet nie verwagtinge in my opwek wat ek nie meer durf koester nie.

Die voorsegging van Elisa het in vervulling gegaan en op die tyd wat Elisa genoem het, is daar 'n seuntjie gebore. Toe die knapie groot was, het hy op 'n môre uitgegaan na sy vader, wat besig was met die oes. Daar by sy vader in die veld het die warm son hom gevang, en hy kla: My kop, my kop! Toe laat sy vader hom deur een van sy knegte na sy moeder dra. Die seun was dus nog klein. Die moeder neem die kind op haar skoot. Nou omhels sy 'n sterwende kind, en toe dit middag was, was die kind dood. Maar die vrou tree baie kordaat op. Sy wil Elisa sien. Hy het die kind beloof; hy moet weet wat gebeur het, wat van sy belofte en van sy ingrype in haar berusting in haar lot geword het, dat die smart oor die verlies van die seuntjie groter is as die vroeëre teleurstelling oor die wegbly van 'n kind.

Sy het geweet dat Elisa op die Karmel was. Daarheen wil sy gaan en om dieselfde dag ook nog weer terug te kom huis toe, moet sy vinnig handel. Sy dra die lewelose seuntjie die trap op na die bokamer en lê hom op die bed van Elisa. Die deur sluit sy toe. Volgens gebruik sou die kind nog op dieselfde dag begrawe moet word, en dit wil sy verhoed. Eers wil sy sien wat Elisa sê of doen. Daarom vertel sy ook nie aan haar man dat die kind dood is nie. Sy gaan net na hom toe om te vra om haar 'n kneg met 'n eselin te gee dat sy gou na die man van God kan gaan en weer terugkom. So ver kan sy nie stap nie; sy moet ry, en die kneg moet die eselin aanjaag. Vir die vrou is dit alles dringende sake, maar die man verstaan niks daarvan nie. Hy het sy hande vol met die oes en het nie eens tyd gehad om self sy seuntjie na sy moeder te bring nie. Hy sê: Wat? Na die profeet? Dis mos nie vandag nuwemaan of sabbat nie?

Terloops hoor ons hier iets oor die wyse van sabbatsviering en oor die nuwemaansfeeste: dan gaan die vromes na 'n profeet, na een van die profeteseuns. Dit geld dan veral van Israel, wat nie die tempel gehad het nie. Die hoogtediens was meestal besmet met Kanaänitiese misbruike. Hulle soek daarom die sabbatsheiliging nie op liturgiese gebied nie, maar op didaktiese gebied: by die profete, wat hulle onderrig gee en met wie hulle kan praat. Dit was natuurlik net die godvrugtige mense wat dit gedoen het.

Die vrou gaan nie op die vraag van haar man in nie en skeep hom af met die woorde: Wees maar gerus! En die man is gerus. In hierdie hele geskiedenis is dit die vrou van wie die inisiatief uitgaan.

Die vrou het by die man van God op die Karmel aangekom. Elisa sien haar op 'n afstand en stuur Gehasi om haar tegemoet te gaan. Hy is blykbaar onrustig oor haar onverwagte koms en sy God het hom niks geopenbaar nie. Die vrou wil egter nie met Gehasi praat nie maar met Elisa self. Toe sy by hom kom, het sy in bewoënheid sy voete gegryp en eers niks gesê nie. Vir Gehasi, reeds gesteurd omdat sy nie met hom wou praat nie, is dit ongepas en hy wil haar wegstoot, maar Elisa sien dat sy bitter bedroef is en vermaan Gehasi oor sy alte strenge optrede. Openlik erken Elisa dat hy nie weet waarom die vrou so bitterlik bedroef is nie. Die HERE het "dit vir hom verberg. Duidelik blyk hier wat die bron is van die kennis van sake wat profete meer as hul medemense het: openbaring, d.i. Goddelike mededeling.

Uit die woorde van die vrou kan hy nou egter aflei dat haar kind iets makeer, want sy sê: Het ek van my heer 'n seun gevra? Het ek nie gesê: Moet my nie mislei nie? In hierdie woorde klink verwyt. As sy 'n seun gevra het, moes sy gewillig die smart van die verlies van die seun dra; nou, meen sy, moet sy smart dra wat Elisa haar aangedoen het.

Elisa gaan nie op haar verwyte in nie, maar stuur Gehasi om die staf van sy heer op die gesig van die kind te lê. Wat Elisa daarmee beoog, is nie duidelik nie. Sy staf is nie 'n wonderstaf of towerstaf nie, maar kan wel beskou word as 'n sigbare teken van krag wat God ten toon kan sprei. So lê Elisa die saak in die hande van God. Hy is onkundig van wat gebeur het; die vrou het dit nie reguit gesê nie. Ongetwyfeld het Elisa gehoop dat die vrou agter Gehasi sou aanloop, dan son hy self geleentheid kry om God te vra. Sy toeleg misluk egter en die vrou

besweer hom dat sy hom nie sal verlaat nie. Toe het hy saam met haar na haar huis gegaan. As Gehasi dit sien, draai hy nie om nie, maar is eerste in Sunem. Hy is seker 'n bietjie eersugtig en belus op 'n sukses! Dit is egter 'n heeltemal verkeerde sielsgesteldheid waarin 'n wonder in die Naam van die HERE gedoen moet word. Hy kom dan ook terug met die boodskap: Die seun het nie wakker geword nie. Ook hierdie antwoord laat Elisa in onsekerheid of die kind siek of dood is. Eers toe hy in die huis kom, sien hy dat die kind dood is, neergelê op sy bed. Hy sluit die deur van die bokamer agter hulle twee toe. Agter hulle twee: agter hom en die kind wat dood is. Hy laat die kind nie los nie. Hy sal om die kind stry, 'n stryd van gebed, 'n stryd met sy God, 'n stryd teen die dood. 'n Swaar stryd, in die duisternis van die nag, want ná die reis van die vrou na Karmel en terug, moet die dag verby wees. Hy klim op die bed en strek hom oor die kind uit en sit sy mond op sy mond en sy oë op sy oë en sy hande op sy hande (vgl. 1 Kon. 17:21). Ons moet dit nie beskou as 'n middel om dooies lewend te maak nie. God alleen kan dit doen. Ons moet dit beskou as die toewyding, die inspanning van Elisa om vir God die erns van sy gebed te toon. Sy gebed is 'n worsteling met God, en Elisa worstel met groot toewyding. Die wonder wat hy begeer, is nie 'n maklike kunsstukkie nie. Dit gaan swaar en vra krag van liggaam en gees. Maar God verhoor! Die vlees van die kind het warm geword! Elisa ontspan 'n oomblik en loop in die kamer heen en weer, om hom dan opnuut oor die kind neer te buig. Toe het die kind sewe maal genies. Dit is 'n teken van lewe. Daarna het hy sy oë oopgemaak: hy leef! Op die gebed van Elisa moes die dood die kind loslaat; God het hom die lewe teruggegee. Toe beveel Elisa Gehasi om die vrou te roep; as sy by die bokamer kom, sê Elisa vir haar: Tel jou seun op! Sy het voor die voete van Elisa neergeval en na die aarde gebuig. Daarin lê haar dankbaarheid en die terugtrekking van elke verwyt. Weer omhels sy haar seun, haar lewende seun.

### § 322 Die dood in die pot (2 Kon. 4:38-41)

Ons het reeds opgemerk dat Elisa dikwels rondgetrek het. Eendag is hy weer in Gilgal (2 Kon. 2:1). Daar was toe hongersnood in die land (kyk ook 8:1). In Gilgal was daar ook profeteseuns, en hulle sit nou voor Elisa, d.w.s. hulle hou 'n samekoms waar Elisa die leier en die spreker is. Elisa dink egter ook aan hul stoflike nooddruf, net soos Jesus (Joh. 6:5), en sê vir sy dienaar: Sit die groot pot op en maak 'n kooksel klaar vir die profeteseuns. Die bedoeling van Elisa is om uit sy eie voorraad 'n goeie maaltyd vir die hongerige profete te berei. In hierdie verband moet ons onthou dat Elisa 'n seun van 'n boer was en op sy reise padkos vir hom en sy dienaar saamgeneem het. Een van die profeteseuns wil ook iets bydra tot die maaltyd en gaan die veld in om groente of kruie te versamel. Met sy kleed vol karkoere kom hy terug en sny dit in die pot stukkend. Karkoere is kolokwinte, mooi van vonn (1 Kon. 6:18), maar bitter van smaak. Hulle het die karkoere nie geken nie. As die manne eet, skrik hulle oor die bitter smaak: dit moet giftig wees! Hulle skreeu: Man van God, die dood is in die pot. Elisa sê: Gaan haal dan meel. Toe gooi hy die meel in die pot en sê: Skep uit vir die mense, dat hulle eet. Toe het die kooksel niks makeer nie.

Dit beteken nie dat meel 'n middel is om giftige kos reg te maak nie. Die meel is slegs 'n sinnebeeld of 'n instrument van die krag van God waardeur Elisa die wonder doen. So was dit ook by die bron van Jerigo, waar Elisa sout gebruik het (2:20; kyk ook Ex. 15:25). God kan wonders doen deur sulke middele, maar ook regstreeks; dit blyk uit die volgende geval.

### § 323 Eet en oorhou (2 Kon. 4:42-44)

Waarskynlik is Elisa nog in Gilgal as daar 'n man van Baäl-Salisa kom en vir die man van God eerstelingbrode, twintig garsbrode en vars graan in sy mandjie bring. Dis weer 'n man uit die vromes wat nog in Israel gevind is en die profete 'n goeie hart toegedra het. Hy kom uit

Baäl-Salisa, wat enkele myle weswaarts en nader aan die vlakte by die see lê. Blykbaar is die hongersnood daar reeds gebreek, in die hoëre bergland nog nie. Die eerstelinge moes volgens die wet (Num. 18; Deut. 18) aan die priesters gegee word. Hier word hulle aan die profeet gegee. In Israel was geen tempel of erediens nie tensy vir Baäl, en daardeur het die profete 'n sentrale plek in die religieuse lewe van die vromes begin inneem (vgl. 2 Kon. 4:23). Elisa wil die geskenk aan al die manne daar ten goede laat kom en sê vir sy dienaar: Gee vir die mense dat hulle eet. Op sy beswaar dat daar te min is vir so baie mense, sê Elisa dat die HERE sê: Hulle sal eet en oorhou. Toe het hulle geëet en oorgehou volgens die woord van die HERE. Hier doen die HERE deur die diens van Elisa 'n soortgelyke wonder as wat Jesus later gedoen het (Matt. 14:14-21; 15:29-38).

## § 324 Naäman word van sy melaatsheid genees (2 Kon. 5:1-19)

Die laaste oorlog tussen Israel en Aram waarvan ons voor hierdie verhaal oor Naäman lees, is dié waarin Agab gesneuwel het (1 Kon. 22). Toe Agab dood was, is die krygsverrigtinge stopgesit. Die koning van Aram, Hadadeser, wou Israel nie verswak nie, omdat hy die strydkragte van Israel van waarde geag het vir gesamentlike stryd teen Assirië (kyk § 297). Volgens Assiriese berigte het Hadadeser meer as een keer teen Assirië geveg. Die klein dogtertjie van Israel wat in die huis van Naäman so 'n pragtige getuienis gee van haar vertroue in Elisa, die profeet van die HERE, haar God, is ook nie in 'n *oorlog* tussen Israel en Aram gevange geneem nie, maar toe Arameërs in bendes uitgetrek het, d.w.s. op 'n strooptog. Die verhouding tussen Israel en Aram was - al het hulle soms saam teen Assirië opgetrek -nie baie vriendskaplik nie!

Die oorwinning wat Naäman so beroemd gemaak het, was dan ook 'n oorwinning op die Assiriërs. Die HERE is die God van Israel, maar Hy regeer nie net alleen oor Israel nie (Ps. 47:9); Hy bestuur ook die lotgevalle van ander volke, in hierdie geval van Aram (= Sirië) en Assirië. Hy regeer op alle slagvelde! Assirië is die opkomende mag wat Israel later tot 'n val sal bring, maar in die tyd van Agab en Joram is dit nog nie sover nie en God gebruik (o.a.) Aram om Assirië voorlopig van Israel af weg te hou. Die man wat God gebruik het om die Aramese oorwinning te bewerkstellig, is Naäman, en God wil dieselfde man ook tot belydenis van Sy Naam bring. Die eerste stap op daardie pad is dat Naäman melaats word. Die tweede stap is die kinderlik opregte getuienis van die Israelitiese dogtertjie, in haar eenvoud 'n sendeling in die ou bedeling. Naäman deel aan sy heer die koning mee wat hy van die slavinnetjie gehoor het en dié sê: Gaan dan, ek sal 'n brief aan die koning van Israel stuur. Dit is Joram. Dat die brief nie vir die profeet is nie maar vir die koning, vloei voort uit die eenheid van staat en godsdiens in die ou Oosterse lande. Alles is gekonsentreer in die persoon van die koning, en Hadadeser beskou die profeet van wie die meisie gepraat het, as 'n staatsdienaar. In die brief skryf die koning van Aram: Saam met hierdie brief aan u stuur ek dan nou my dienaar Naäman na u toe, dat u sy melaatsheid kan wegneem. Baie geskenke gaan saam - goud en silwer en klere om daarvan aan die profeet en ander mense uit te deel.

Een môre kom die vername reisgeselskap in Samaria aan en meld hulle by die paleis aan. Sodra Joram die brief gelees het, skeur hy sy klere as teken van sy ontsteltenis en sê: Is ek dan God, om dood en lewend te maak, dat hierdie man na my stuur om van 'n man sy melaatsheid weg te neem? Hy kan die sending uit Aram nie anders beskou as 'n uitdaging van Aram waaruit slegs moeilikhede kan voortspruit nie.

Elisa, wat toe in Samaria was, verneem van die ontsteltenis in die paleis en stuur aan die koning berig dat hy Naäman maar na hom toe moet stuur; dan sal hy weet dat daar 'n profeet in Israel is.

So het Naäman dan gekom en met sy perde en sy waens voor die deur van die huis van Elisa

stilgehou.

Naäman klim nie af nie.

Elisa kom nie na buite nie.

Dienaars bring die boodskappe oor.

Naäman ag hom te vernaam om so 'n huis binne te gaan.

Elisa wil as man van God hom nie skik na die hooghartige verwagtinge van die Aramese generaal nie. Maar hy sal hom help! Hy stuur 'n boodskapper na hom toe om te sê: Gaan heen, was jou sewe maal in die Jordaan; dan sal jou vlees terugkeer, en jy sal rein wees.

'n Eenvoudige bevel en 'n duidelike toesegging, vir Naäman te eenvoudig. Hy meen dat aan 'n man soos hy meer aandag geskenk moet word. Hy het baie kwaad geword. Sy hooghartige verwagtinge was dat die profeet uit sy huis sou uitkom en in plegtige houding voor hom sou staan, dan die Naam van die HERE, sy God, sou aanroep en sy hand oor die plek heen en weer beweeg. En noudat dit anders gaan en van sy waardigheid geen notisie geneem word, gaan hy weg. En wat 'n geneesmiddel! Jou in die Jordaan was! Is Abana en Farpar, die riviere van Damaskus, nie beter as al die waters van Israel nie? Kon ek my nie daarin was en rein word nie?

Sekerlik is die Aramese riviere helder en koel. Seker kan hy daarin ook bad, maar nie rein word nie. As hy iets van Elisa en sy God verwag, moet hy doen wat Elisa sê; dit is geloofsgehoorsaamheid! Maar Naäman het omgedraai en vererg weggery. Op die terugpad kom hulle weer by die Jordaan, wat hulle moet oorsteek om huis toe te gaan. Toe kom sy dienaars nader en spreek met hom en sê: As die profeet u 'n groot saak beveel het, sou u dit nie doen nie? Dis 'n raak opmerking, sielkundig juis gesien! Maar, so bedoel hulle, as u 'n moeilike ding wel sou doen, waarom dan nie 'n eenvoudige nie?

Naäman laat hom deur sy dienaars oorreed. Hy staan hier op die oewer van die Jordaan. Hy kan dit nou maklik doen en hy doen dit: hy het sewe maal ondergeduik, volgens die woord van Elisa, en - sy vlees het teruggekeer soos die vlees van 'n jong seun, en hy het rein geword! Daar is iets nuuts aan Naäman: jong en rein vlees vervang die ou en siek vlees. Dis nie die Jordaan wat dit gedoen het nie, maar die God van Israel. Naäman besef dit. Hy gaan terug na die man van God. Nou gaan hy die huis van die profeet binne en staan in plegtige houding voor die man van God en sê: Kyk, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Israel. Dit is 'n rondborstige belydenis sonder enige terughouding. Uit die mond van die Arameër ontvang die HERE lof en erkenning.

Hierby pas dit, meen hy, om 'n geskenk aan te bied, maar Elisa wil dit nie hê nie. Hy het die wondermag verniet ontvang, verniet moet hy dit gee (vgl. Matt. 10:8). Die gawes van die God van Israel word nie verkoop nie. Elisa weier standvastig. Deur die weiering word Naäman des te meer gebind aan die belydenis wat hy uitgespreek het. Met 'n geskenk kan aan die gevolge daarvan nie voldoen word nie. Die HERE eis die hele mens! Asof Naäman dit besef, sê hy dat hy nie meer offers aan ander gode sal bring nie as net aan die HERE. Daarom vra hy om 'n vrag grond, soveel as 'n paar muile kan dra. Hierdie versoek spruit voort uit die gedagte dat god en land in noue verband met mekaar staan: 'n god moet gedien word in sy eie land en as jy in 'n ander land kom, moet jy die god van daardie land aanbid (vgl. 1 Sam. 26:19). Met die grond wat hy wil saamneem, allig van Elisa se erf, wil Naäman 'n stukkie Israelitiese grond in Damaskus hê waarop hy 'n altaar vir die HERE kan plaas. Dit is natuurlik 'n heidense gedagte, maar Elisa gaan hierop nie in nie, want Naäman lê hom dadelik 'n ander probleem voor: As die koning van Aram sy god Rimmon aanbid, moet Naäman altyd saamgaan, want die koning leun op sy hand; dan moet hy dus saam met Hadadeser voor Rim-

mon buig.

Rimmon, ook Hadad genoem, was die landsgod van die Arameërs, en verskillende Arameërs is na die god genoem. (Hulle dra dan sg. teofore eiename; in Israel kom dit ook voor in name wat saamgestel is met "el" (God) of met "jahoe" (HERE), bv. Elia = Elijahoe = my God is die HERE.) In Aram vind ons die name Ben-hadad en Tab-rimmon (1 Kon. 15:18).

Nou het Naäman net beloof dat hy alleen die HERE sal dien. Plotseling dink hy aan sy staatsplig om saam met sy koning voor die landsgod neer te buig. Kan hy dit doen? Maar om dit na te laat, sou verraad wees. Daarom vra hy: Mag die HERE dan tog in hierdie saak u dienaar vergewe. Hy wil dit dus nie nalaat nie, maar tog doen en dán vergewing kry! Hy sal dit sonder toewyding doen, nie van ganser harte nie maar noodgedwonge.

Naäman stel hier baie prinsipiële vrae. Sou ons vandag nie besliste, prinsipiële antwoorde gee nie: Die vrag grond is nie nodig nie, want die HERE is alomteenwoordig, en voor Rimmon mag jy die knie nie buig nie? Ons is nuuskierig om die antwoord van Elisa te hoor. Dit sal mos 'n profetiese antwoord wees wat ons in dergelike moeilike gevalle rigting kan gee! Maar Elisa sê lakoniek: Gaan in vrede!

## § 325 Gehasi word melaats (2 Kon. 5:19-27)

Gehasi is 'n praktiese, handige man. Die situasie in die gesin van die vermoënde vrou in Sunem het hy beter as Elisa raakgesien (2 Kon. 4:14). Hy is ook bemoeisiek (4:27) en eersugtig: as Elisa self met die Sunamitiese saamgaan, keer hy nie terug nie, maar kyk of hy nie iets kan doen voordat Elisa self daar is nie (4:31). Hy is ook geldgierig. Ná die vertrek van Naäman sien ons Gehasi op sy slegste. Dat Elisa die ryk Arameër laat weggaan sonder om hom te pluk, kan hy nie verstaan nie. Hy sal dit anders aanlê. Nouliks is Naäman weg of Gehasi gaan hom haastig agterna. Naäman, wat op die oop agterbak van die wa sit, kyk uit op die pad wat hulle afgelê het (die wadrywer kyk vorentoe) en sien hom. Dadelik laat hy die wa stilhou en spring af Gehasi tegemoet. Dié sê vir hom: My heer stuur my om te sê: Kyk, daar het nou net twee jong manne, profeteseuns, van die gebergte van Efraim af, na my gekom. Gee aan hulle tog 'n talent silwer en twee stel klere.

Dis 'n leuen, slim uitgedink. Dat daar profeteseuns by Elisa gekom het, is aanneemlik, maar dit is sleg van Gehasi dat hy sê: My heer stuur my. Om niks van Naäman aan te neem nie, was nie beskeidenheid van Elisa nie, maar 'n prinsipiële saak. Nou haal Gehasi die eer van die profeet neer deur te beweer dat hy tóg iets wil hê.

Naäman is vrygewig en gee meer as wat Gehasi vra, ook knegte daarby om die las te dra. Twee talente is 'n swaar vrag (§ 471). Voordat hulle by die huis kom - dit is die huis van Elisa, waar hy seker 'n eie buitekamer gehad het - neem Gehasi die skatte oor om dit ongesien te bêre. Dit was "by die heuwel", in Hebreeus: by die Ofel. Ofel beteken "bult", heuwel. Jerusalem het ook so 'n Ofel gehad, naamlik die suidelike deel van die Tempelberg, en dit was opgeneem in die vestingwerke van die stad. Dit kan ook in Samaria die geval gewees het. Dan neem Gehasi by die stadsmuur die vrag self oor; hy bêre dit en gaan dan in en staan soos 'n dienswillige dienaar voor sy heer. Elisa vra hom: Van waar, Gehasi? Met dié vraag gee hy hom 'n kans om sy sonde te bely, maar verhard van hart sê hy: U dienaar het nêrens heengegaan nie. Maar dan bemerk Gehasi tot sy skrik dat Elisa alles weet. Hy het vergeet dat sy heer 'n profeet is. Elisa se hart het saamgegaan "toe 'n man van sy wa afgespring het! " Hiermee bedoel Elisa Naäman, so dring dit tot Gehasi deur. Elisa ken ook die gedagtes wat Gehasi vervul het: olyfbome en wingerde en kleinvee en beeste en slawe en slavinne! Vir twee talente silwer kan 'n mens baie koop. Omri het vir dié bedrag die berg van Semer gekoop (1 Kon. 16:24). By die geld van Naäman, waarvoor hy vir hom 'n erflike besitting kan

aanskaf, kry Gehasi ook die melaatsheid van Naäman, ook vir hom en sy nageslag.

Gehasi het niks te sê nie en gaan van Elisa weg, melaats, wit soos sneeu (Lev. 13:3). Dit het met Gehasi gegaan soos Paulus in 1 Tim. 6:9 en 10 sê.

## § 326 Elisa laat die yster drywe (2 Kon. 6 :1-7)

Die profeteseuns, wie se woonplek vir hulle te nou is, wil bou en na die Jordaan gaan om balke te gaan haal, Hulle is waarskynlik die profeteseuns van Jerigo, wat by die begin van die optrede van Elisa reeds meer as vyftig man was (2 Kon. 2:16) en onder invloed van sy optrede nog kan toegeneem het. Hulle woon in elk geval naby die Jordaan. By Jerigo groei in die Jordaandal baie bome soos tamariske, platane en populiere.

Hulle vra Elisa om hul plan goed te keur en selfs dat hy moet saamgaan. Elisa is 'n man wie se hulp en raad altyd welkom is. Terwyl een van hulle 'n boom kap, val die yster in die water. Hy roep dadelik na Elisa en sê: Ag, my heer, dit is nogal geleen!

Dat die byl geleen is, is weer 'n bewys van die armoede van die profeteseuns. Maar Elisa bied hulp; hy het 'n stok afgesny en dit na die plek gegooi waar die byl geval het en die yster bo laat drywe.

Die stok is nie 'n middel om yster te laat drywe nie, maar die sinnebeeld of instrument waarvan Elisa gebruik maak om die wondermag aan te wend wat sy God hom verleen het. Dit is God wat ook in klein daaglikse moeilikheidjies uitkoms gee.

## § 327 Die wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is (2 Kon. *6:*8-23)

Daar was weer oorlog tussen Israel en Aram. Watter oorlog dit was, word nie gesê nie; ook nie wie toe in Israel en Aram koning was nie. Dit gaan in hierdie verhaal nie om 'n stukkie krygsgeskiedenis nie, maar om die dade van die HERE, hoe Hy naamlik in krygsverrigtinge ingryp. Eenmaal sal die ryk van Israel ondergaan onder die mag van Sy vyande, maar dit gebeur nie omdat die vyande van Israel magtiger as die God van Israel is nie, maar omdat God dit as straf op die sondes van Israel toelaat.

As die koning van Aram en sy offisiere planne maak, maak God die planne aan Sy profeet Elisa bekend, en dié deel dit dan aan sy koning mee. Op hierdie manier word die Aramese planne telkens verydel, en die koning van Aram vrees dat daar in sy eie geledere verraad is. Toe sê een van sy offisiere dat dit tog nie die geval is nie, maar dat Elisa, die profeet wat in Israel is, die koning van Israel die woorde kan te kenne gee wat die koning van Aram in sy slaapkamer spreek. Daarom besluit die koning van Aram om Elisa gevange te neem. Hy vind uit dat hy in Dotan is. Dotan lê halfpad tussen Jisreël en Samaria en is, net soos Samaria, op 'n heuweltop midde-in die vlakte gebou. Daarheen stuur die koning van Aram perde en strydwaens en 'n swaar leër, en hulle het die stad omsingel. (Die Arameërs is dus op Israel se grondgebied!) Toe die dienaar van die man van God vroeg opstaan en uitgaan, sien hy die sterk vyandelike mag en verskrik roep hy vir Elisa: Ag, my heer, hoe sal ons maak? Elisa stel die verskrikte dienaar gerus en sê: Vrees nie, want dié wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is. Met hierdie woorde wys Elisa sy dienaar op 'n onsigbare werklikheid wat deur Elisa wel gesien word, maar deur sy dienaar nie. Die dienaar kan nou gerus wees as hy die woorde van sy meester glo, maar Elisa wens dat sy dienaar ook mag sien wat hy self sien en bid: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. Die HERE verhoor die gebed, en nou sien die dienaar ook dat die berg waarop Dotan lê, vol perde en waens van vuur rondom Elisa was, meer as by die vyande, meer in getal en meer in krag. Elisa het eenkeer vantevore één so 'n wa en perde gesien, naamlik by die hemelvaart van Elia. Nou is daar baie van hulle. Hulle is verteenwoordigers van die hemelse leërmagte wat God ten dienste staan om Sy kinders te

beskerm (Ps.38:8;91: 11,12; Matt. 18:10; 26: 53).

Elisa en sy dienaar verlaat die stad en die Arameërs kom op hulle af. Hulle sien natuurlik nie die perde en waens van vuur nie, maar Elisa laat hulle nie daarin vasloop om verteer te word nie. Hy bid tot die HERE en sê: Slaan tog hierdie mense met blindheid. Hy bedoel dat hulle, net soos die manne van Sodom, die gewone sigbare dinge nie meer kan sien nie (Gen. 19:11). Die HERE verhoor die gebed; die Arameërs is verblind; nou tree Elisa op as hul gids en bring hulle, sonder dat hulle dit agterkom, tot binne-in Samaria. So speel Elisa met die vyande. Terwyl hy sy dienaar meer laat sien as die gewone sigbare dinge, verblind hy die oë van die vyand. Hiermee toon hy die almag van sy God aan, die God wat die oog formeer (Ps. 94:9).

As die koning van Israel sien dat sy vyande in die val sit, vra hy aan Elisa of hy hulle maar moet doodslaan, maar Elisa weet dat 'n mens nie so met krygsgevangenes maak nie. Dis beter om hulle kos te gee, want hulle is natuurlik honger en vermoeid ná die tog van Dotan na Samaria. Die koning het toe 'n groot maaltyd vir hulle berei en hulle na hul heer laat gaan, na die koning van Aram.

So handhaaf hierdie koning van Israel die reputasie dat die konings van Israel genadige konings is (1 Kon. 20:31).

## § 328 Samaria beleër maar deur die HERE verlos (2 Kon. *6:*24-7:20)

Die vorige verhaal eindig met die woorde: En die bendes van die Arameërs het verder nie meer in die land van Israel gekom nie. Dit beteken dat die strooptogte (kyk § 324) toe opgehou het. Hierdie verhaal begin met die mededeling dat Benhadad, die koning van Aram, sy hele leër versamel en optrek en Samaria beleër. Dit is nie 'n strooptog nie, maar 'n grootskaalse oorlog. Benhadad volg blykbaar nie dieselfde politiek as sy voorganger Hadadeser nie (vgl. 1 Kon. 22: 31; § 297).

In hierdie verhaal word die naam van die koning van Aram vermeld: Benhadad. Die naam is bekend. Die Aramese koning wat Samaria in die tyd van Agab beleër het, het dieselfde naam gedra. Hy was 'n voorganger van Hadadeser. Die Benhadad uit hierdie geskiedenis is 'n opvolger van hom. Die naam van die koning van Israel word nie genoem nie. Die mees voor-die-hand-liggende mening is dat dit Joram was. Net soos in die vorige verhaal, gaan dit ook hier nie om die welslae op die oorlogsveld nie, maar om die beskermende hand van God wat Hy nog oor die tienstammeryk uitgestrek hou, nieteenstaande die sonde van koning en volk.

In hierdie en in die vorige geskiedenis staan die lewe van Elisa op die spel. In die vorige wil die koning van Aram hom vang, hier wil sy eie koning hom doodmaak. Maar God laat dit nie toe nie.

Benhadad het vinnig opgetrek, reëlreg op die hart van Israel, op Samaria - 'n "blitsoorlog" - en beleër die stad. As gevolg van die beleëring ontstaan daar hongersnood in die stad. Dit was 'n sterk stad, en dit was moeilik om dit deur bestorming in te neem. Die enigste metode is dan om die stad eng in te sluit, elke uitval te verhoed, totdat die lewensmiddele in die stad opraak en die beleërdes deur honger tot oorgawe gedwing word.

Die Arameërs het blykbaar al 'n lang tyd voor die mure gelê, want die hongersnood was groot en die onaantreklikste lewensmiddele word teen hoë pryse aangebied. Eendag loop die koning op die muur. Hy behoort hom tog aan die soldate en burgers te vertoon om algehele insinking van die moreel in die stad te voorkom. Hoe nodig dit is, bemerk hy spoedig. Terwyl hy op die muur verbygaan, roep 'n vrou na hom en sê: Help, heer koning! Die koning antwoord: As die HERE jou nie help nie, waarvandaan moet ek jou dan help? Dit klink soos 'n verwyt aan die HERE! Maar wat wil die vrou hê?

Dan vertel die vrou van die afspraak met haar buurvrou om hulle seuntjies te slag en te eet. Sy het die afspraak nagekom, maar nou weier die ander vrou. Haar bedoeling is dat die koning moet regspreek in hierdie geval van "kontrakbreuk"! Maar sover kom die koning nie; van ontsetting skeur hy sy klere. Om jou eie kinders te eet, behoort tot die vloek waarmee God Sy volk dreig as hulle van Hom afval (Lev. 26:29; Deut. 28:53). En nou gebeur dit al! In woede en wanhoop bars hy uit: Mag God so aan my doen en so daaraan toedoen, as die hoof van Elisa vandag op hom sal bly staan. Met hierdie eed verseker hy dat hy Elisa sal doodmaak: hy is die oorsaak dat die HERE nie wil help nie.

Een van die besonderhede van die wyse waarop die profetiese gawes van Elisa aan die dag tree, is dat hy hoor of sien wat op 'n ander plek gebeur (§ 327). Sy God laat hom dit hoor of sien. God doen dit deur Sy almagtige krag waardeur Hy eenmaal sal bewerk dat daar niks bedek is wat nie geopenbaar sal word nie (Matt. 10: 26; Luk. 12:2). Dat God daartoe werklik magtig is, bewys Hy hier reeds deur wat Hy in Elisa doen.

Die oudstes sit by Elisa in sy huis. Hulle wil blykbaar nog na Elisa luister en hom raadpleeg. Skielik sê Elisa vir die oudstes: Het julle gesien dat hierdie moordenaarskind stuur om my hoof af te slaan? Met hierdie woorde maak Elisa sy besoekers deelgenote van sy bonatuurlike hoor en sien. Let op - sê hy in spanning - sodra die boodskapper kom, maak dan die deur toe en druk hom met die deur weg. Is die geruis van die voetstappe van sy heer nie agter hom nie?

Inderdaad - op dieselfde oomblik kom die boodskapper af na hom toe - die moordenaarskind, Joram, die seun van Agab, die moordenaar van Nabot, op sy hakke. Sal hulle Elisa se kop afkap?

Tussen die hand en die mond val die pap op die grond. Terwyl hy agter sy bode na die huis van Elisa aangestap kom, het die koning 'n bietjie afgekoel, en in plaas van die swaard gebruik hy die woorde: Kyk, hierdie onheil kom van die HERE. Hy gee die HERE die skuld, maar noudat hy hier voor die profeet staan, is daar tog 'n ligte aarseling in die hart van die koning en hy vra: Wat sou ek langer op die HERE wag?

In hierdie hoogste nood van die stad en die diepste wanhoop van die koning het ook die oomblik aangebreek waarop die ommekeer kom. Elisa spreek nou die woord van die HERE, die woord van verlossing: Môre omtrent sulke tyd sal 'n maat fynmeel, 'n sikkel en twee mate gars 'n sikkel kos in die poort van Samaria. Elisa skilder so te sê die verlossing voor die oë van sy luisteraars, soos hy die verlossing met sy profetiese blik sien. Ook sien Elisa dat die spottende adjudant wat sê: "Dan moet daar seker vensters in die hemel kom! " in die poort vertrap word, sodat hy gesterf het.

Voordat meegedeel word hoe hierdie groot verandering teweeggebring word, word eers vertel hoe dit gekonstateer word: deur vier melaatse manne!

Omdat hulle melaats is, moet hulle buite die samelewing bly ("buitekant die laer", Lev. 13:46; Num. 5:3). Hulle is onrein en verontreinig die plek waar hulle vertoef; hulle moet buitekant die poort van Samaria bly. Daar het hulle seker van verwante of vriende kos gekry. Ook toe die poorte voor die beleëraars gesluit is, het hulle daar bly sit; en dat hulle nog steeds daar is, bewys dat die Arameërs nog nie 'n stormaanval gewaag het nie, anders sou hulle wel in die gedrang gekom en gevlug het. Noudat daar honger in Samaria is, kan verwante en vriende nie meer iets na hulle toegooi nie. Hulle ly nou ook honger en besluit om na die beleëraars te gaan. Miskien sal dié hulle kos gee, maar as dié hulle doodmaak, is dit vir hulle ook nie erg nie, want as hulle by die poort bly sit, sal hulle tog ook - van honger - sterwe.

In die aandskemer gaan hulle van die poort af weg. Die mense in die stad mag dit nie sien nie, want dit kan as verraad opgevat word. As hulle by die Aramese laer kom, sien hulle

niemand daar nie: die beleëraars het net weggevlug! Die melaatses konstateer dit.

Maar waarom het hulle gevlug? Die geskiedskrywer vertel: Die Here (7:6) het die leër van die Arameërs 'n gedruis van waens en 'n gedruis van perde, 'n gedruis van 'n groot leërmag laat hoor, sodat hulle die een vir die ander gesê het: Kyk, die koning van Israel het die konings van die Hetiete en die konings van die Egiptenaars teen ons gehuur om ons te oorval.

Dit was die rede waarom hulle met agterlating van alles in paniek-stemming gevlug het.

Die melaatse manne het geëet en gedrink en geroof van die buit, maar ook besef dat hulle dit nie net self mag geniet nie, dog dit aan die koning van Samaria moet berig. As Joram die berig kry, vertrou hy die saak nie. Hy vrees dat dit 'n krygslis is: as die Israeliete op die buit aanval, sal die Arameërs uit hul skuilhoeke te voorskyn kom om hulle te oorval. Daarom word 'n ondersoek ingestel, en dan blyk dit dat die pad na die Jordaan vol klere en voorwerpe is wat die Arameërs in hul oorhaastige vlug weggegooi het. Toe gaan die volk uit Samaria uit om die laer van die Arameërs te plunder. Daar was ook mense wat die buit na Samaria dra, sodat diegene wat self nie aan die roof kon meedoen nie, iets kon koop. Dis die handelsgees van die kinders van Jakob! 'n Maat fynmeel het 'n sikkel gekos en twee mate gars 'n sikkel, soos Elisa voorspel het. Die mark is in die poort gehou en daar was 'n vreeslike gedrang. Die adjudant van die koning, wat die woorde van Elisa met spot verwerp het, is deur die saamdringende volksmenigte vertrap, soos Elisa voorspel het.

So het God Samaria verlos net deur die vyande in hul verbeelding 'n gerug te laat hoor. Hierdie verlossingswonder pas in die reeks wonders wat God gedoen het deur inwerking op gehoor- en gesigsvermoë (kyk 2 Kon. 6:12, 17, 18) - in hierdie geval deur mense iets te laat hoor wat daar nie is nie!

## § 329 Die Sunamitiese doen 'n beroep op die koning (2 Kon. 8:1-6)

Die mond van die Sunamitiese was tog te groot toe sy gesê het: "Ek woon onder my volk" (2 Kon. 4:13; kyk § 321), want toe sy sewe jaar lank weg was, moes sy by haar terugkeer 'n beroep op die koning doen vanweë haar huis en haar grond. Dit was haar blykbaar ontneem, maar die koning laat haar alles terugkry, ook die opbrengs van die sewe jaar.

Op raad van Elisa, wat geweet het dat die HERE 'n hongersnood geroep het wat sewe jaar sou duur, het die vrou na die land van die Filistyne gegaan. Die vlakte van die Filistyne was 'n land van graan (Rigt. 15:5) en het in tye van droogte meer kans op 'n bietjie opbrengs gebied as die bergagtige Israel. Trouens, daar word nie gesê dat die hongersnood deur droogte veroorsaak is nie; allerlei toestande kon die oorsaak gewees het - die een jaar dit, die ander jaar dat, bv. oorlog, strooptogte, sprinkane, ens. (Die hongersnood van 2 Kon. 4:38-44 val miskien ook in hierdie sewe jaar.)

Van die man van die vrou hoor ons niks nie. Hy was baie ouer as sy (4:14) en miskien reeds dood. Die vrou moet dan self alles reël en by haar terugkeer ook self vir haar regsake opkom. Die seun was seker nog nie oud genoeg om in regte op te tree nie. Die sosiale posisie van weduwees en wese word in die Ou Testament altyd geteken as een wat besondere aandag verdien, maar dit nie altyd kry nie (Ex. 22:22; Deut. 10:18; Job 22:9; 24:3,21; 29:13, ens.).

Die naam van die koning op wie die vrou 'n beroep doen, word nie vermeld nie, maar sewe jaar is 'n lang tyd en al het die periode van honger reeds tydens die regering van Joram begin, kan Jehu inmiddels koning geword het en is hy die koning op wie die vrou 'n beroep doen. Dan het die ontstellende gebeurtenisse wat, soos ons nog sal sien, met die troonsbestyging van Jehu gepaard gegaan het, plaasgevind ten tyde van hongersnood en sosiale ellende.

Hoe die vrou haar besittings verloor het, word nie gesê nie. 'n Verklaring is dat, nie volgens

die wette van Moses nie maar volgens ontstane regsgebruike, die huis en die land weens gebrek aan beheer die eiendom van die staat, d.w.s. van die koning, geword het (konfiskasie). Ons onthou dat die besitting van die vrou naby die koninklike besittings geleë was. By die teruggawe van die goedere skyn niemand behalwe die koning self betrokke te gewees het. Hy laat deur 'n hofdienaar, 'n administratiewe beampte, alles aan haar teruggee. Die vrou vind dus gehoor by die koning, wat haar op rojale wyse reg verskaf. En dit is indirek tog nog aan Elisa te danke!

Toe die vrou met haar versoek by die koning kom, was dié juis in gesprek met Gehasi, wat nog altyd die dienaar van die man van God genoem word, al was hy melaats. Hy moes in afsondering leef, maar hy was, soos ons weet, nie arm nie! Sy afsondering belet nie dat mense met hom kon praat nie, en die koning wou graag met hom oor Elisa praat. Dit versterk ons in die vermoede dat die koning uit hierdie verhaal Jehu was, wat op bevel van God deur Elisa tot koning moes gesalf word (1 Kon. 19:16; 2 Kon. 9:2 e.v.). Noudat hy aan die bewind is, stel hy belang in die profeet. Joram, daarenteen, het genoeg van Elisa geweet! (vgl. bv. 2 Kon. 3:13).

Gehasi vertel juis aan die koning hoe Elisa die seun van die Sunamitiese lewend gemaak het, en daar word sy aangemeld! "Dit is die vrou," roep Gehasi uit "en dit is haar seun wat Elisa lewendig gemaak het." Toe kon die vrou self die verhaal van Gehasi bevestig. Dit het die koning in die stemming gebring om aan die vrou alles terug te gee.

## § 330 Elisa in Damaskus (2 Kon. 8:7-15)

Benhadad, die koning van Aram, wie se beleëring van Samaria deur die ingrype van God misluk het (§ 328), is siek. Gedurende dié siekte kom Elisa in Damaskus aan, en dit was seker nie toevallig nie. Daar was 'n druk handelsverkeer tussen Samaria en Damaskus (1 Kon. 20:34), sodat Elisa maklik van die siekte van die koning van Damaskus kon verneem het - as God hom dit nie bekend gemaak het nie. Ook het Elisa nog 'n opdrag, van Elia, geërf, waarvoor hy nog na Damaskus moet gaan: Gaan heen en salf Hasael as koning oor Aram (1 Kon. 19:15). Die siekte van Benhadad is vir Elisa ongetwyfeld 'n herinnering aan hierdie opdrag.

As Elisa in Damaskus aankom, was Benhadad dus reeds geruime tyd siek. Ook het Benhadad hom oor sy toestand bekommer, want as hy hoor dat Elisa in die stad is, stuur hy Hasael met groot geskenke - 'n vrag van veertig kamele - na die man van God om die HERE te raadpleeg en te vra: Sal ek van hierdie siekte gesond word? Elisa was 'n bekende persoon in Damaskus, veral ná die genesing van Naäman; vandaar die weelderige aanbieding van geskenke, hoewel Elisa die geskenke van Naäman nie aangeneem het nie, maar daardie houding was vertroebel deur die bedrog van Gehasi!

Op die vraag van Hasael of Benhadad gesond sal word, gee Elisa 'n ontkennende antwoord. Tegelykertyd verskyn voor die gees van Elisa 'n toekomsbeeld van wat Hasael, as hy koning is, sal doen. Daarom hou hy sy gesig strak op Hasael gerig en Hasael sien dat die profeet ween. Op die vraag van Hasael waarom hy ween, antwoord Elisa: omdat ek weet watter kwaad jy die kinders van Israel sal aandoen; jy sal hul vestings aan die brand steek en hul jong manne met die swaard ombring en hul jong kinders verpletter en hul swanger vroue oopsny.

Hasael verbaas hom dat hy, die *hond*, dit sal doen. Met hond bedoel hy dat hy glad nie 'n vername man is nie. *Hoe* sal hy in staat wees om so iets groots te doen? (Dat Hasael van geringe afkoms was, blyk ook hieruit dat Salmaneser III hom veragtelik "die seun van niemand" noem. In die Skrif word die naam van sy vader ook nooit vermeld nie.)

Op die verbaasde vraag van Hasael antwoord Elisa: Die HERE het my jou laat sien as koning oor Aram. Dit is weer 'n blyk van die profetiese gawe van Elisa: die HERE laat hom dinge sien. Deur nou aan Hasael mee te deel wat die HERE hom laat sien, het Elisa Hasael, so nie gesalf nie dan tog aangewys as koning van Aram. Dit was 'n aanstelling in Goddelike opdrag. Hasael het dit ook in volle erns opgevat. Aan sy heer sê hy niks daarvan nie. Alleen lieg hy vir hom en sê dat hy gesond sal word. As Benhadad die waarheid geweet het, sou hy miskien maatreëls getref het vir sy opvolging en dit wil Hasael liewer self doen! Hy doen meer as wat geoorloof was om die vervulling van die voorsegging van Elisa te bevorder: hy vermoor Benhadad op sy bed en word in sy plek koning!

## Jehu Koning van Israel

### § 331 Oorsig van die gelyktydige konings

Hasael het dus koning van Aram geword (§ 330). In Israel was Joram, die seun van Agab, toe koning en in Juda Ahasia, die seun van Joram, die seun van Josafat. Sy moeder was Atalia, die dogter van Agab. Ahasia was dus 'n kleinseun van Agab en Joram van Israel was sy oom. Hulle was ook bondgenote, bondgenote in die Baäldiens, onder invloed van Atalia, ook bondgenote in die stryd teen Hasael. Ramot in Gilead was 'n ou twisappel (1 Kon.22:3). In die stryd om Ramot het Joram gewond geraak, en daarom gaan hy na Jisreël, die buiteverblyf van die konings van Israel, vir rus en genesing. Terwyl hy daar is, kom Ahasia van Juda by hom om hom te besoek. Juis toe die twee konings daar bymekaar was, het Jehu deur 'n staatsgreep die troon van Israel bemagtig. Hiermee kom ons by 'n spannende gedeelte in die geskiedenis van Israel en Juda.

### § 332 Jehu gesalf (2 Kon. 9:1-10)

Daar is nog een opdrag, reeds aan Elia gegee, wat Elisa nog moet volbring, naamlik die salwing van Jehu as koning van Israel (1 Kon. 19:16). Die tydstip om dit te doen, het nou aangebreek. Jehu is een van die leërowerstes van koning Joram van Israel, 'n hoog geagte offisier (net soos Omri, 1 Kon. 16:16) en, anders as Hasael (kyk § 330), 'n man met 'n gevestigde naam: Jehu, die seun van Josafat, die seun van Nimsi. Reeds in die dae van Agab het hy tot die gevolg van die koning behoort.

Daar is oorlog tussen Israel en Aram, 'n oorlog wat Israel kan begin, omdat Hasael nog maar pas in die saal sit, en Ramot in Gilead is blykbaar in die hande van Israel en die basis van die aanval op Aram. Joram is egter gewond en in Jisreël; sy offisiere is in Ramot om die oorlog verder te voer. Daarheen stuur Elisa een van die profeteseuns om Jehu as koning te salf. Hy moet dit kort en saaklik doen en daarna dadelik terugkeer. Die salwing moet ook plaasvind in 'n binnekamer (van 'n kaserne in Ramot), dus op 'n onopvallende manier. Daarom gaan Elisa nie self nie. Baie duidelik word egter gesê dat die salwing in die Naam van die HERE geskied. Die HERE self het Jehu aangewys as koning oor Israel, wat die volk van die HERE genoem word. Anders as die "Omriede" (Omri en sy opvolgers) kan die nuwe dinastie van Jehu, die seun van Nimsi, die "Nimsiede", weer gesalfdes van die HERE genoem word. Die HERE hernieu Sy bemoeienisse met die tienstammeryk! Dit is die laaste kans wat hierdie ryk kry.

Die profeteseun volbring sy opdrag en sê daarby dat Jehu die huis van Agab sal verwoes, soos ook die vorige koningshuise (dinastieë) - dié van Jerobeam en dié van Baesa - verwoes is. Dit is die wraak van die HERE oor Sy knegte op Isébel, wat in die besonder as voorwerp van die wraak genoem word: die honde sal haar eet! Dit is 'n herhaling van die oordeel wat Elia reeds oor Agab uitgespreek het (1 Kon. 21:21-24).

Nadat die profeteseun Jehu gesalf het en al die woorde gespreek het, het hy hom skielik uit die voete gemaak.

## § 333 Jehu as koning gehuldig (2 Kon. 9:11-13)

As die profeteseun weg is, gaan Jehu terug na sy kollegas. Hy sê nie veel nie. Sy posisie is, van menslike kant gesien, nie sonder gevaar nie. Wat sal die ander offisiere sê as hy van sy koningskap vertel? Sal hulle hom dit nie misgun en hom uit nyd doodslaan nie? Hierteenoor staan sy Goddelike roeping.

Die leërowerstes wil weet wat gebeur het. Dat daar iets gebeur het, is duidelik: die salfolie drup dan van sy hoof af! En al noem hulle die profeteseun 'n kranksinnige (vanweë die ekstatiese optrede van die profete), wil hulle darem weet wat hy gesê het - soveel respek vir die profesie het hulle tog nog. "Profetepraatjies," sê Jehu ontwykend, maar die ander hou aan, en dan kom Jehu met die waarheid voor die dag: So spreek die HERE: Ek salf jou as koning oor Israel.

Met geesdrif word die nuwe feit aanvaar. Blykbaar ag hulle Jehu die gewenste man om koning te word. Elkeen neem gou sy kleed en lê dit onder hom somaar op die trappe neer; hulle blaas op die ramshoring en roep: Jehu is koning! (Dieselfde seremonieel as by Salomo; 1 Kon. 1:34,39.)

Jehu is dus koning en, net soos Omri, 'n soldatekoning.

## § 334 Die sameswering van Jehu (2 Kon. 9:14-26)

Wat moet Jehu nou doen? Dawid het in soortgelyke omstandighede geduldig gewag tot sy God hom die kroon gegee het. Jehu is minder gelowig. Hy sal die kroon self neem. Op dieselfde dag nog voer hy sy militêre staatsgreep uit. Die eerste maatreël is dat niemand uit Ramot mag uitgaan om in Jisreël te vertel wat gebeur het nie. Joram moet onverwags oorval word. Self gaan Jehu oombliklik met perde en waens na Jisreël. Hulle weet daar nog van niks nie, maar dit is oorlogstyd, en daarom is hulle voortdurend op hul hoede. Die wag staan op die toring en rapporteer dat daar 'n skare aankom. Joram gee bevel dat 'n ruiter hulle tegemoet moet gaan om te verneem wat die oorsaak van hulle koms is, maar Jehu laat die ruiter nie teruggaan nie. Joram stuur 'n tweede ruiter, en ook hy word nie toegelaat om na Jisreël terug te galop nie.

Intussen het die skare nader gekom sodat die wag op die toring besonderhede kan onderskei. Hy sê: Die drywe is soos die drywe van Jehu, die seun van Nimsi, want hy dryf soos 'n kranksinnige. Blykbaar het Jehu bekend gestaan as 'n wilde ryer. As Joram verneem dat dit Jehu kan wees, word hy onrustig. Is daar nuus, ongunstige nuus, van die oorlog by Ramot? Iets wat Jehu self aan die koning wil meedeel? Of is daar iets nie pluis nie? Hy beveel: Span in! Hoewel hy vir herstel in Jisreël is, bestuur hy self die wa. Sy neef, koning Ahasia, is sy enigste geselskap, ook in sy eie wa. Die konings was nie verwyfde paleisvorste nie: hulle hanteer self die leisels. So jaag hulle die skare tegemoet en tref Jehu aan juis op die stuk grond van Nabot. Hierdie plek-aanduiding roep die geskiedenis van Nabot in die herinnering terug. Behalwe die wingerd het Nabot, verder van die paleis af, in oostelike rigting, nog 'n akker gehad. Daar ontmoet Joram vir Jehu en vra: Is dit vrede, Jehu? Uit die antwoord van Jehu blyk dat daar van geen vrede sprake is nie: Wat? Vrede, solank as die hoererye van jou moeder Isébel en haar towerye so baie is?

Hoererye en towerye! In hierdie twee felle woorde tipeer Jehu die hele Baäldiens met sy afval van die HERE, sy onsedelike praktyke en al die magiese gebruike wat daarmee saamhang. Jehu ontpop hier as 'n felle teenstander van die Baäldiens. Of Jehu reeds gedurende sy loopbaan as offisier in diens van Agab en sy seuns hierdie insig gehad het of dat hy nou plotseling ná sy salwing en deur die woorde van die profeteseun, tot hierdie insig gekom het, weet ons nie. Dat die HERE hom as koning verkies het, kan vir ons 'n aanduiding wees van sy regte gesindheid teenoor die diens van die HERE. Maar Jehu was 'n driftige en voortvarende man - 'n man is mos soos hy ry - en later blyk dit dat hy meer behae gehad het in die uitroeiing van die huis van Agab en hul Baälprofete as om met sy hele hart sorgvuldig in die wet van die HERE te wandel (10:31).

Joram verstaan nou dat Jehu met vyandige bedoelinge na Jisreël gekom het. "Verraad, Ahasia! " skree hy sy neef toe, ruk om en vlug. Maar Jehu het die boog gespan en Joram tussen sy arms geskiet sodat die pyl deur sy hart gegaan het en hy in sy wa inmekaargesak het. Daarop sê hy aan sy adjudant Bidkar: Tel op, gooi hom op die stuk grond van Nabot, die Jisreëliet! Jehu onthou dat hy en Bidkar saam met Agab was om die besittings van Nabot te bekyk en dat Elia toe plotseling voor Agab gestaan het om die oordeel van die HERE oor Agab en Isébel uit te spreek. Die oordeel word nou voltrek aan Joram, die seun van Agab (kyk 1 Kon. 21:29). Jehu doen dit met genot. Uit die woorde wat Jehu daarby tot Bidkar spreek (v. 25, 26), verneem ons nog enkele besonderhede wat in 1 Konings 21 nie vermeld word nie, naamlik dat nie alleen Nabot nie maar ook sy seuns gedood is, in die nag, en dat Agab reeds die volgende môre op die plek was om die gekonfiskeerde goed van Nabot in besit te neem.

## § 335 Die dood van Ahasia (2 Kon. 9: 27-29; 2 Kron. 22:7-9)

Die oponthoud met die lyk van Joram het Ahasia 'n voorsprong gegee. Hy vlug in die rigting van die "tuinhuis", d.i. Bet-Haggan, wat in die suide van die vlakte van Jisreël lê. Die doel van sy vlug was Jerusalem, maar verby Bet-Haggan moet hy die opdraande van Gur op. Dit is weer 'n paar myl suid. Daar skiet die soldate van Jehu, wat hom moes agtervolg, hom in sy wa, maar nie dodelik nie. Hy vlug na Megiddo. Dit is 'n skerp koersverandering, in noordwestelike rigting. Noudat hy gewond is, sien hy nie meer kans om Jerusalem te bereik nie, maar verwag hy hulp van dié bevelhebber van Joram in Megiddo. In die stad het hy egter gesterwe, nie aan sy verwondings nie, maar omdat die soldate van Jehu wat hom moes soek, hom daar gevind en gedood het. So lui die berig van Kronieke, waar staan dat Ahasia in Samaria (die landstreek) weggekruip het Daarmee word met opsetlike nadruk vertel dat die koning van Juda wat in die weë van Israel gewandel het, sy dood in Israel vind gelyktydig met die oordeel oor die huis van Agab. Dit was deur God so beskik (v. 7). Die soldate van Jehu het die lyk van Ahasia aan sy eie dienaars gegee, en dié het hom na Jerusalem gebring waar hy by sy vaders in die stad van Dawid begrawe is.

Dat Jehu Ahasia ook doodmaak, is te verstaan, nie alleen omdat hy 'n Baaldienaar was nie, maar ook omdat hy as kleinseun van Agab 'n gevaar was vir sy nuwe dinastie.

## § 336 Die dood van Isébel (2 Kon. *9*: 30-37)

Intussen het Jehu in Jisreël by die paleis van Agab aangekom. 'n Rukkie tevore het Joram en Ahasia nog daar gesit. Nou is Isébel nog daar, die gemalin van Agab. Gedurende die regerings van haar seuns, eers van Ahasia, daarna van Joram - tesame veertien jaar - het sy die posisie van koningin-moeder beklee; en soos ons haar leer ken het, kan ons verwag dat sy haar nie op die agtergrond laat dring het nie. Op die tydstip van die sameswering van Jehu was sy seker sestig jaar oud, maar nog sterk. Natuurlik het sy van die toringwagter verneem

wat gebeur het: dat haar seun Joram dood lê op die akker van Nabot. Oor haar eie lot hoef sy nie te twyfel nie! Maar sy sal dit nie as 'n bewende ou vrou ondergaan nie. Met trots en majesteit sal sy haar aan haar vyand vertoon. Haar oë verf sy swart, d.w.s. sy poeier ooghare en wenkbroue met antimoon om die oë groter te laat lyk. Vroue in die Ooste doen dit vandag nog. Sy versier haar kop met kapsel en kroon. So gaan sy voor die venster staan om Jehu af te wag. As hy deur die poort inkom, is sy die eerste wat praat. Sy sê vir Jehu: Gaan dit goed, Simri, moordenaar van jou heer? Sy herinner hiermee aan die geskiedenis. Simri het mos koning Ela vermoor! Maar terselfdertyd herinner sy daaraan dat dit met Simri nie goed gegaan het nie. Hoe sal dit nou met Jehu gaan? (§ 265).

Hierdie tartende woorde het Jehu se woede laat styg. Uitdagend kyk hy op na die venster en vra: Wie is vir my, wie? Hy waag dit. Miskien was hy deur sy jarelange diens in die huis van Agab bekend met die gesindheid van die dienaars van Isébel jeens haar. Hy staan egter sterk deur sy reeds behaalde welslae en deur sy salwing. Twee, drie hofdienaars kom te voorskyn by die venster. Hulle is seker vir hom. Jehu skreeu vir hulle: Gooi haar af! En hulle het haar afgegooi, sodat van haar bloed teen die muur en teen die perde gespat het, en hy het haar vertrap.

Ná die lang dag vol groot gebeurtenisse word dit nou seker tyd om te eet en te drink. Jehu en sy manne doen dit in die paleis van Agab. Ná die maaltyd stuur Jehu manskappe na buite om te kyk wat van die vervloekte geword het. Sy is mos deur die HERE vervloek (1 Kon. 21:23); Jehu het dit self aangehoor. Tog is sy 'n koningsdogter; so het sy haar ook gedra voor die oë van Jehu. Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, kry hulle van haar niks nie as net die hoofskedel en die voete en die handpalms. Jehu sien daarin tereg die vervulling van die vloek wat Elia oor haar uitgespreek het.

### § 337 Samaria kapituleer (2 Kon. 10 :1-11)

In Jisreël is Jehu meester van die situasie, maar die hoofstad is nog daar.

Agab het sewentig seuns in Samaria gehad. In 1 Konings 20 het ons gelees van die vroue en kinders van Agab. Daardie kinders is op die tydstip van die sameswering van Jehu reeds volwasse en kan al self weer kinders hê. Dit is dus glad nie onmoontlik dat die koninklike familie in Samaria uit sewentig man bestaan het nie.

Jehu skryf briewe na die verskillende outoriteite in Samaria waarin hy die voorstel maak dat hulle uit die seuns van die koning maar 'n koning moet kies wat die hoofstad teen hom kan verdedig. Dit lyk ridderlik van Jehu, maar is 'n hooghartige uitdaging. Hy wys ook op hul voordelige posisie: hulle sit in die vesting, het die wapens, die strydwaens en die perde, terwyl Jehu net die troepe van Ramot of 'n deel daarvan by hom het. Maar die outoriteite in Samaria neem die handskoen nie op nie. Hulle het bang geword, want twee konings kon nie voor Jehu standhou nie, hoe sou hulle dan standhou? Daarom sê hulle aan Jehu: Ons is u dienaars; ons sal niemand koning maak nie; doen wat goed is in u oë. Dis 'n onvoorwaardelike oorgawe. Daarop stuur Jehu weer 'n brief waarin hy sê: As julle vir my is en my gehoorsaam wil wees, neem dan die hoofde van die manne, die seuns van julle heer, en kom môre omtrent sulke tyd (ons sou sê: binne vier-en-twintig uur) na my in Jisreël.

Wat bedoel Jehu nou? Bedoel hy met *hoofde* die aanvoerders van die koninklike familie? En moet hulle na Jisreël kom om hulle onderdanigheid voor Jehu te betoon? Of bedoel hy dat die *koppe* van die sewentig seuns afgekap en aan hom gestuur moet word? Druk Jehu hom opsetlik so dubbelsinnig uit?

Die outoriteite in Samaria vat die brief in laasgenoemde sin op. Hulle het die seuns van die koning geneem en hulle gedood, sewentig man, en hulle hoofde in mandjies gesit en aan Jehu

gestuur. Die afgryslike besending kom in die aand ná poortsluiting in Jisreël aan. Jehu sê: Sit hulle in twee hope neer by die ingang van die poort tot môre toe. Die volgende môre gaan Jehu na die poort. Die hele volk is daar, ontsteld en bevrees dat daar nou vanweë hierdie massamoord 'n bloedskuld op hulle rus. Jehu stel hulle gerus: Julle is onskuldig. Hy erken dat hy Joram self vermoor het, maar, so vra hy, wie het al hierdie manne doodgeslaan? Dit het hy nie so bedoel nie! Hy het daaraan nie skuld nie! Maar dat die sewentig man dood is, vind hy wel goed. Hy maak die vroom opmerking dat niks onvervuld bly van die woord wat die HERE gespreek het teen die huis van Agab nie.

Daarna het Jehu ook almal van die huis van Agab wat in Jisreël oor was, doodgeslaan. Hiermee is die huis van Agab uitgeroei. So maak usurpators. So het Baesa gedoen met die dinastie van Jerobeam (1 Kon. 15:29) en Simri met die dinastie van Baesa (16:11). So maak Jehu nou ook, al is hy 'n gesalfde van die HERE; hy tree op as usurpator.

## § 338 Die broers van Ahasia (2 Kon. 10 :12-14)

Die poorte van Samaria staan nou vir Jehu oop. Op pad daarheen het hy nog twee ontmoetings. Eers met die broers van Ahasia, die koning van Juda. *Broers* kan hier nie letterlik opgevat word nie, want die broers van Ahasia is deur die Filistyne en die Arabiere weggevoer (2 Kron. 21:17). En Joram, die vader van Ahasia, het sy eie broers vermoor, maar van hulle kan daar kinders wees wat nou inmiddels grootgeword het. Die uitdrukking *broers van Ahasia* het dieselfde betekenis as *seuns van Agab,* naamlik die koninklike familie, hier dié van Josafat; hulle was twee-en-veertig man. Hulle is op weg na Jisreël om die koninklike familie, die seuns van die koning en die seuns van die gebiedster, te besoek. Die "gebiedster" is die koningin-moeder, Isébel. Sy en haar seuns is 'n enger en vernamer kring as die seuns van die koning, wat nie almal seuns of kleinseuns van die hoof-gemalin is nie.

Blykbaar is die besoekers uit Jerusalem nie op die hoogte van die dinge wat in die laaste paar dae in Israel gebeur het nie. Hulle dink seker dat hulle koning Ahasia in Jisreël sal aantref.

Jehu gee bevel om die hele geselskap dood te maak. Omdat hulle aan die huis van Agab verwant is en daarmee in vriendskap verkeer, is hulle gevaarlik vir Jehu en sy troon. Daar kom nou 'n einde aan die periode van vriendskap tussen Juda en Israel (kyk § 270).

## § 339 Jonadab, die seun van Regab (2 Kon. 10 :15,16)

Die tweede ontmoeting (vgl. § 338) is dié met Jonadab, die seun van Regab. Hierdie Jonadab word ook genoem in Jeremia 35, waar ons van sy nakomelinge lees. Hulle word na Regab, die vader van Jonadab, *Regabiete* genoem. Die Regabiete sê dat hulle voorvader Jonadab hulle beveel het: Julle mag geen wyn drink nie, julle en julle kinders tot in ewigheid nie. Ook mag julle geen huis bou of saad saai of wingerde plant of dit besit nie, maar julle moet in tente woon al julle dae, sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle as vreemdelinge vertoef. In hierdie verbod beluister ons 'n skerp afkeuring van die kultuurlewe en 'n vashou aan die nomadiese. Dit gee ons 'n kyk op die man wat Jehu hier tegemoetgaan: hy sien 'n gevaar in kultuur. Die kultuur, die bewoon van huise, die stedelike saamwoon by vaste besittings soos akkers en wingerde, lei tot oorname en navolging van die Kanaänitiese kultuur en daarmee van hulle godsdiens, die Baäldiens. Jonadab is 'n troue dienaar van die HERE. Dat hy Jehu nou tegemoetgaan, is sekerlik omdat hy van Jehu gunstige verwagtinge koester in verband met die godsdienstige lewe in Israel. Jehu van sy kant beskou Jonadab as 'n troue dienaar van die HERE. Tog betrag hy versigtigheid by sy ontmoeting met hierdie vermoedelike medestander. Daar is ook groot verskil in die lewensopvatting van hierdie twee manne. Van die verbod om wyn te drink, sal Jehu stellig nie gehou het nie, en ook die hele kultuur-vyandige lewensbeskouing van Jonadab val seker nie in die smaak van Jehu nie. Ons

kan ons trouens nie onttrek aan die indruk dat die vroomheid van Jonadab - reg of verkeerd - dieper wortels as die ywer vir die HERE van Jehu het nie. Alles wat Jehu tot nog toe gedoen het, was wel voltrekking van die oordeel van die HERE oor die huis van Agab, maar dit was tegelykertyd in sy eie belang, naamlik tot beveiliging van sy pas verworwe troon.

Versigtigheidshalwe vra Jehu hom: Is jou hart reg soos my hart met jou hart is? "Ja," sê Jonadab. Toe gee hulle mekaar die hand en tegelykertyd help Jehu vir Jonadab om op sy wa te klim. Dit was 'n groot eer vir Jonadab. Jehu sê vir hom: Gaan saam met my en aanskou met welgevalle my ywer vir die HERE. Uit hierdie woorde leer ons Jehu weer 'n bietjie ken. Hy vind vermaak in sy taak as voltrekker van die oordele van God. Hy sal vir Jonadab wys hoe ywerig hy dit doen: Jonadab sal sy hart daaraan kan ophaal.

## § 340 Uitroeiing van die Baäldiens (2 Kon. 10 :17-28)

Uit die woorde wat Jehu Joram toegevoeg het - "die hoererye en towerye van jou moeder Isébel" - blyk dat hy die Baäldiens verafsku. Noudat hy sy teenstanders uit die weg geruim het, sal hy dit ook met die daad toon, naamlik deur die Baäldiens te vernietig. Hy doen dit egter op 'n verraderlike manier. Die plan het hy seker reeds in sy kop gehad toe hy Jonadab uitgenooi het om dit te kom geniet (v. 16).

Hy laat die mense van Samaria bymekaarkom en sê vir hulle: Agab het Baal 'n bietjie gedien; Jehu sal hom baie dien! Hy wil 'n groot offer aan Baal bring! Vir dié doel word al die profete en priesters van Baal uit die hele land opgeroep. Op straf van die dood word hulle verplig om' te kom. En hulle het gekom: die tempel van Baal wat Agab laat bou het (1 Kon. 16:32), was vol van kant tot kant. Intussen sorg Jehu dat al die dienaars van die HERE uitgesonder word, maar die Baaldienaars moet die fees in formele drag, in priesterlike klere, bywoon. Dit moet 'n suiwer Baälfees wees. Maar Jehu het dit alles met lis gedoen om die Baaldienaars te kan uitroei. Sy soldate staan klaar, binne en buite die tempel. Juis as die offer aangebied word, gee hy hulle die teken om almal dood te slaan. Daarna het hulle die tempel van Baal afgebreek, die klippilaar (massebe) stukkend geslaan en die pilare (asjeras) verbrand. Die plek waar die tempel gestaan het, is onteer.

## § 341 Atalia regeer in Juda (2 Kon. 11:1-3; 2 Kron. 22:10-12)

Toe Atalia, die moeder van Ahasia, sien dat haar seun dood is, **het** sy die hele koninklike geslag van die huis van Juda omgebring. Baie van hulle was reeds omgebring, deurdat Joram sy broers vermoor het, sy seuns weggevoer is (§ 313) en Jehu die "broers van Ahasia" vermoor het. Wie daar nog oor is, kan slegs kinders wees (kyk 2 Kron. 22:9b) wat nie aan die voorgenome koninklike besoek aan die familie in Jisreël deelgeneem het nie. Daarby was dan Atalia se eie kleinkinders, die seuns van Ahasia. Met hierdie gruweldaad oortref Atalia haar moeder Isébel, wat nooit haar eie kinders vermoor het nie. Wat het Atalia hiertoe beweeg? Dit kan nie anders wees as haar strewe om haar persoonlike posisie te handhaaf nie. Sedert die dood van haar gemaal, koning Joram, was sy koningin-moeder, gebiedster, net soos haar moeder dit in Samaria was. Vir vroue met 'n sterk persoonlikheid was dit 'n invloedryke posisie. (Ons het dit ook gesien by die moeder van Asa, 2 Kron. 15:16.) Van Atalia as dogter van Isébel kan ons verwag dat sy 'n sterk persoonlikheid was. Sy is gebiedster in Jerusalem, maar in hart en niere verknog aan die huis van Agab en die Baäldiens. Met haar man, Joram, en met haar seun Ahasia het sy seker geen moeite gehad nie, maar wat van die jongere seuns as hulle groot is? Hulle is ten slotte van vaderskant Dawidiede! Ongetwyfeld het sy dit in haar hart gehad om eenkeer die ondergang van die huis van Agab, háár huis, te wreek, en daartoe moet sy haar hande los hê. Met haar gruweldaad het sy die oog nie op die heil van Juda nie maar op haar persoonlike belange.

God het egter verhoed dat sy in haar planne sou slaag.

As ons daaraan dink dat die Christus uit die huis van Dawid gebore moes word en dat die konings van Juda die voorvaders van Jesus Christus is (Matt. 1:6-11), sien ons hier weer hoe die voorgeslag van die Heiland na die vlees met uitlandse elemente vermeng is (Tamar, Gen. 38; Rut; Naäma, 1 Kon. 14:21, 31); in die geval van Atalia het ons selfs 'n Judese koningin en moeder van Feniciese afkoms en boonop uitermate goddeloos en afgodies deur wie se optrede die verskyning van die Christus in die vlees in groot gevaar verkeer. Ons kan hierin sien hoe die Satan deur middel van die huis van Agab sy hand na die Messias uitsteek: as Atalia haar doel bereik, is die huis van Dawid uitgewis!

Maar God regeer!

Daar was nog 'n suster van Ahasia, 'n dogter van koning Joram. Sy was getroud met die priester Jojada. Blykbaar het Atalia alleen die manlike nakomelinge gesoek en is die lewe van die suster van Ahasia, Joséba, nie bedreig nie. Sy sien kans om 'n klein seuntjie van een jaar oud, Joas, die seun van Ahasia, weg te steel onder die seuns wat gedood sou word en saam met sy pleegmoeder (voedster) in die beddekamer ('n vertrek in die tempel waar beddegoed bewaar word vir die dag as daar gaste kom) te verberg. Later, toe die onmiddellike gevaar verby was, het sy die kind in haar eie huis geneem, en dit was in die huis van die HERE. By die tempel was dus in dié tyd wonings vir bepaalde persone (vgl. Jer. 35:4; 36:10), in hierdie geval vir die priester Jojada. Ses jaar lank was die klein Joas in die priesterwoning weggesteek, terwyl Atalia oor die land regeer.

## § 342 Die lewenshouding van Jehu (2 Kon. 10:29-36)

Jehu het agt-en-twintig jaar geregeer. Van hierdie lang periode word in die Ou Testament nie baie vertel nie. Daar word egter gesê dat Jehu wel die Baäldiens verdelg het, maar nie die kalwerdiens wat Jerobeam ingestel het nie. Deur die Baäldiens het die kalwerdiens op die agtergrond geraak, maar dit tree nou weer na vore.

Jehu kry, waarskynlik in die begin van sy regering. 'n Godspraak. Die HERE sê vir hom, vir seker deur 'n profeteseun: Omdat jy goed gehandel het deur te doen wat reg is in My oë en jy volgens alles wat in My hart was, aan die huis van Agab gedoen het, sal jou seuns tot in die vierde geslag op die troon van Israel sit.

In hierdie Godspraak maak die HERE alleen melding van die goeie wat Jehu gedoen het, waaraan Hy dan die belofte van dinastie-duur verbind. Vier geslagte is meer as dié van die voorafgaande dinastieë. Maar slegs vier. By die aanstelling van Jerobeam het die HERE gewag gemaak van "'n bestendige huis". Jerobeam het die vervulling van hierdie belofte verspeel; Jehu kry dit nie eens nie, om dieselfde sonde: die kalwerdiens!

Die goeie wat Jehu gedoen het, het hy egter ook nie heeltemal goed gedoen nie. Vers 31, wat nie meer tot die Godspraak behoort nie, maar die oordeel van die geïnspireerde geskiedskrywer bevat, sê dat Jehu nie sorgvuldig met sy hele hart in die wet van die HERE gewandel het nie. Hiertoe behoort ook die verkeerde instelling van sy hart by die uitroeiing van die huis van Agab en die Baäldienaars. Jehu het hom daarin vermaak (10:16). Die ywer van Jehu het spreekwoordelik geword in die uitdrukking "Jehusywer", waarmee iemand se ywer juis nie geprys word nie. Die profeet Hosea spreek later van die bloedskuld van Jisreël wat die HERE aan die huis van Jehu sal besoek (1:14). Jehu het dit wreedaardig en verraderlik gedoen, nie net omdat die HERE dit wou hê nie, maar om sy eie troon veilig te stel. En dit is ook die agtergrond van sy handhawing van die kalwerdiens: Israel moet godsdienstig selfstandig staan, sodat daar geen gevaar is dat sy onderdane na Jerusalem gaan en daar onder bekoring van die tempeldiens sou raak nie. Dit was ook die oorweging van Jerobeam.

In die dae van Jehu het die HERE Israel begin inkort. Die hele Oos-Jordaanland word deur Hasael van Aram verower. Ongetwyfeld is die verlies van ryksgebied 'n strafoefening van die HERE.

Die verhaal oor Jehu eindig met die vermelding van sy dood. Hy het seker ruim sewentig jaar oud geword, want reeds in die dae van Agab was hy 'n vooraanstaande offisier. Hy is begrawe in Samaria, en sy seun Joahas het in sy plek koning geword.

### § 343 Jehu op die knieë voor Salmaneser III

Uit die inskripsies van die Assiriese koning Salmaneser III weet ons **dat** Jehu 'n knieval voor hom gedoen het. Die inskripsie staan op die sg. swart obelisk, waarop die tribuutbetaling van Jehu nie alleen beskryf, maar ook afgebeeld word. Hy lê gekniel voor die koning, hande op die grond en die aangesig na die aarde gebuig (proskunesis!). Sy baard raak amper aan die grond. Sy kleding is baie eenvoudig: 'n puntige mus en 'n hemp met gordel, nie 'n mantel nie. Die Assiriërs op die afbeelding dra wel mantels. Die geskenk van Jehu bestaan uit silwer en goud en silwer- en goue voorwerpe. Jehu word in die inskripsie "Jehu seun van Omri" genoem. Jehu was dit nie. Hy was 'n opvolger van hom. Die bekendheid van die Assiriërs met Omri bewys dat hy 'n belangrike vors was.

Die Ou Testament maak nie melding van hierdie gebeurtenis nie.

Ons het van hierdie Assiriese koning reeds gehoor in verband met die slag by Karkar in 853, waarby ook Agab betrokke was (kyk § 297). In 841 het Salmaneser weer in die Weste verskyn. Dit was kort nadat Hasael en Jehu koning geword het. Hy het Damaskus toe beleër, maar kon die stad nie inneem nie. Wel het hy op die veldtog onderdanigheidsgeskenke van Tirus en Sidon en van Juda ontvang. Hierdie vernedering moes Jehu al gou ná sy staatsgreep ondergaan. Dit beteken nie dat Salmaneser in die land van Israel was nie, maar dat Jehu hom met geskenke tegemoetgegaan het om hom tevrede te stem.

Daarna het Salmaneser en sy opvolgers die hande vol gehad met ander vyande sodat hulle die Weste met rus moes laat. Dit is die rede waarom Hasael so baie grondgebied van Israel kon afneem. Israel was deur die revolusie van Jehu ook baie verswak. Die krag van Israel onder die regering van die Omriede (Omri en sy seuns ná hom) was geleë in die bondgenootskappe **met Fenicië en Juda. Die** moorddadige optrede van Jehu het aan hierdie drie-bond, wat deur koninklike huwelike bevestig was en hoewel goddeloos van aard in politieke opsig tog sterk was, 'n einde gemaak. Israel staan nou geïsoleer!

## Joas Koning van Juda

### § 344 Die verheffing van Joas tot koning (2 Kon. 11: 4-21; 2 Kron. 23)

Ses jaar lank was Joas weggesteek by sy tante Joséba en haar man, die priester Jojada, in die huis van die HERE, waar Jojada ook 'n woonplek gehad het. Die koninklike baba het inmiddels sewe geword. In die sewende jaar het Jojada moed geskep om met die verborge prins te voorskyn te kom en te bewerk dat hy tot koning verhef word. Dat Jojada moed moes skep, is verstaanbaar. Atalia het geregeer, en hy het in haar 'n kwaai teenstander gehad. Met lis en geweld moes hy handel. Hy het dit egter onderneem in die geloof, waarvan hy blyk gee in die woorde: Kyk, die seun van die koning moet koning wees, soos die HERE oor die seuns van Dawid gespreek het. Hy dink hier aan die belofte aan Dawid wat in 2 Samuel 7 vermeld word. Vir sy geloofsdaad kan hy die steun verwag van die Leviete, wat die Baäldiens van Atalia afgekeur het, en van die familiehoofde in Juda wat die terugkeer van die Dawidiese dinastie begeer het - twee faktore wat nie in Israel nie maar wel in Juda gegeld het.

Ter voorbereiding van sy staatsgreep het Jojada die offisiere van twee militêre groepe na hom laat kom, naamlik van die Kariërs en van die "hardlopers". Die Kariërs is vreemde huurtroepe, in diens natuurlik van Atalia. Hulle dien net vir soldy. So het Dawid die Kreti en die Pleti en die Gittiete gehad (2 Sam. 15:19). Hulle het onder bevel van Judese offisiere gestaan. Die "hardlopers" is lyfwagte (1 Kon. 14:27). Jojada wys hulle die seun van die koning, sodat.hulle kan sien vir wie hulle moet veg. Die Leviete en familiehoofde het hy uit al die stede van Juda na Jerusalem laat kóm, waarskynlik op 'n feesdag waarop gewoonlik baie mense Jerusalem besoek. Atalia mag nie argwaan kry nie. Op daardie feesdag sal 'n goed deurdagte plan van Jojada uitgevoer word. Die plek waar dit alles gebeur, is die huis van die HERE waar Joas ook vertoef het. Dit was die veiligste plek, 'n plek waarvoor Atalia min belangstelling gekoester het. Intussen moet ons onthou dat die tempel vlak ten noorde van die paleis staan.

Die owerstes het die strategie van die priester gevolg. Die paleiswag het op die aangewese sabbat nie die wag by die paleis betrek nie, maar aangesluit by die tempelwag (11:*9)1* Hulle word opgestel voor die tempel en "rondom die koning", d.w.s. rondom die plek waar Joas, deur Jojada uitgebring, sal staan. As alles gereed is, bring Jojada Joas uit en plaas hom op die verhoog. Hy sit 'n kroon op sy hoof en hang hom die Getuienis om, d.i. 'n afskrif van die Tien Gebooie, wat die Getuienis genoem word (Ex. 32: 15). Hy salf hom tot koning. Handgeklap en geroep: "Mag die koning lewe!" volg. Die laaste handeling het nie meer in stilte kon gebeur nie. Van alle kante stroom die mense saam, bly verras om die koningskind te sien. Die feesgedruis word al luider en dring deur tot in die naby geleë paleis. Atalia hoor dit en sy gaan kyk wat aan die gang is. Sy loop haar ondergang tegemoet! Tot haar skrik sien sy die jeugdige, pas gekroonde koning van wie se bestaan sy niks geweet het nie, te midde van die juigende mense staan. Meteens skeur sy haar klere van ontsteltenis en skreeu: Verraad, verraad! soos haar broer sewe jaar gelede ook uitgeroep het (2 Kon. 9:23). Blykbaar is daar niemand wat dit vir die gehate vreemde vorstin opneem nie. Jojada laat haar by die tempel weglei en deur die inrylaan (die Perdepoort) na die paleis bring; daar is sy gedood.

Met haar is die laaste van die Omriede uitgeroei. Van 'n begrafnis van haar lees ons niks nie, selfs nie van 'n poging daartoe nie: die een wat van Agab in die stad sterwe, sal die honde eet...

Ná die teregstelling van Atalia gaan Jojada voort met sy verrigtinge, naamlik twee verbondsluitings. Die eerste is die sluiting van 'n verbond tussen koning en volk aan die een kant en die HERE aan die ander kant; die tweede tussen koning en volk, soos ook by die salwing van Dawid plaasgevind het (2 Sam. 5:3).

Dit alles het op die tempelplein gebeur. Nou gaan Jojada met sy manne na die paleis, waar hulle Joas op die koningstroon laat sit.

Die hele volk het toe die tempel van Baal in Jerusalem afgebreek. Dat daar 'n tempel van Baal in Jerusalem was, het ons nie eerder verneem nie; dit lees ons eers nou. Die tempel was seker deur Joram en Atalia opgerig. Mattan, die priester wat Atalia aangestel het, waarskynlik 'n Feniciër, word voor die altare gedood. Ook die altare en die beelde - die massebe en die asjera, die simbole van die manlike en vroulike vrugbaarheidsgode - word kort en klein geslaan. Die gruwel van die Baäldiens is in Jerusalem uitgeroei!

## § 345 Die lewenshouding van Joas (2 Kon. 12:1-16; 2 Kron. 24:1-22)

Joas het gedoen wat reg was in die oë van die HERE, maar nie gedurende die volle veertig jaar van sy regering nie, slegs die dae waarin die priester Jojada hom onderrig het. Omdat hy as kind van sewe jaar op die troon verhef is, het hy die onderrig lank nodig gehad. Jojada was sy

leidsman in baie opsigte: hy het ook twee vroue vir hom geneem, en Joas het die vader geword van seuns en dogters. Die amper uitgeroeide huis van Dawid kry nou weer nakomelingskap.

Die vernaamste daad van Joas was die restourasie van die tempel, wat inmiddels anderhalf eeu oud was en waaraan Atalia slegs aandag bestee het om dit te beroof (2 Kron. 24:7). Hy het die herstelwerk aan die priesters opgedra, maar daarvan het nie veel tereggekom nie. In sy drie-en-twintigste regeringsjaar - dus toe hy dertig jaar oud was - het hy die priesters tot verantwoording geroep en gesien dat hy ander maatreëls moes tref. Hy het die werk toe opgedra aan die uitvoerders self. Die nodige geld is verskaf deur insameling in 'n offerkis in die voorhof van die tempel. Die uitvoerders was ywerige en betroubare mense, en hulle het die herstelwerk tot 'n goeie einde gebring.

In die lewenshouding van koning Joas kom daar egter 'n heeltemal verkeerde wending as sy leidsman Jojada nie meer daar is nie. Jojada het baie oud geword: honderd-en-dertig jaar, en van die manne uit die Ou Testament wat so 'n hoë leeftyd bereik het, is hy die laaste. Toe hy opgetree het as planmaker en leier van die staatsgreep, was hy dus reeds omtrent honderd jaar oud. Ná sy dood kom daar ander manne om hul invloed aan die koninklike hof te laat geld, naamlik die owerstes van Juda. Hulle kom nie met geweld nie maar met buigings en vleitaal, en Joas het na hulle geluister. Hieruit blyk dat hy nie 'n selfstandige persoonlikheid was nie, te meer omdat wat hulle beoog het, so 'n glad verkeerde saak is: die weerinvoering van die Baaldiens. Toe kom daar 'n toorn van die HERE oor Juda en Jerusalem. Eers stuur die HERE nog profete om die volk van Juda te waarsku, maar hulle het nie gehoor gegee nie. Die kragtigste getuienis het uitgegaan van Sagaria, die seun van die priester Jojada. Dreigend sê hy: Omdat julle die HERE verlaat het, het Hy julle verlaat. Sy woorde wek egter die woede van die volk op; hulle smee 'n sameswering teen hom en stenig hom. Dit is een van die ergste blyke van die goddeloosheid van Juda. By die steniging kom nog twee ernstige faktore by: hulle doen dit op bevel van die koning, wat dus die seun vermoor van die priester aan wie hy middellik sy troon te danke het, en hulle doen dit in die voorhof van die huis van die HERE, 'n plek waar niemand gedood mog word nie. Atalia moes eers daarvandaan weggelei word, maar met Sagaria is daarvoor geen tyd nie! Jesus het in Sy felle rede van Mattheüs 23 nog na hierdie gruweldaad verwys (v. 35). Sterwende het Sagaria uitgeroep: Mag die HERE dit sien en rekenskap vorder.

So kom daar 'n baie slegte verandering in die lewenshouding van Joas en groot verval in Juda; strafgerigte kan nie uitbly nie.

## § 346 Strafgerigte teen Joas (2 Kon. 12:17,18; 2 Kron. 24:23, 24)

Vir die strafgerigte teen Juda en Joas gebruik God 'n bekende vyand, naamlik Aram. By die wisseling van die jaar, d.w.s. ná die winterreëns, die tyd dat die konings uittrek (2 Sam. 11:1), het 'n leër van Aram teen Joas opgetrek. Dit was maar 'n klein leër, maar dit het die volksowerstes - die nuwe leiers van Joas ná die dood van Jojada - uitgeroei en alle buit na die koning van Damaskus gestuur. Die sterwensgebed van Sagaria word reeds verhoor!

Die koning van Aram wat Jerusalem so brutaal aangeval het, was Hasael, van wie ons reeds gehoor het dat hy die hele Oos-Jordaanland aan Israel ontneem het. Hasael het eintlik opgetrek teen Gat, die mees oostelike geleë stad van die Filistyne en ten weste van Juda. Dit was teen die einde van die regering van Joas en ook van Hasael se eie ongeveer veertigjarige regering. Hasael moet toe reeds baie oud gewees het, want in die tyd van die stryd van Elia op die Karmel was hy reeds 'n bekende dienaar van Benhadad (1 Kon. 19:15). Uit sy tog teen Gat blyk dat Hasael baie magtig geword het. Ten eerste moet hy, om by Gat te kom, deur Israel trek, maar dit kon hy ongehinderd doen (kyk § 348). Ten tweede het hy op die tog na

Gat tegelykertyd Juda en Jerusalem ook maar aangeval. Die rede van sy stryd teen Gat sal wel voortvloei uit handelsbetrekkinge wat beveilig moes word.

Hoewel die Leërmag van Juda baie groter was as dié van Aram, het Juda 'n neerlaag gely en het Joas die skatte van die paleis en die tempel aangebied om die Arameërs te beweeg om van hom weg te trek. So het Asa vroeër die skatte van die paleis en die tempel aan Aram gegee om sy hulp te koop (1 Kon. 15:18, 19). Die kroniekskrywer sê dat die Arameërs Joas "in hewige pyne agtergelaat het". Waarskynlik is hy gewond in die slag wat hy verloor het. Nou blyk dat hy ook vyande het in sy eie kring, want twee van sy dienaars vermoor hom. Die volk het hom nie in die grafte van die konings begrawe nie.

So het koning Joas 'n droewige einde gehad - vanweë die bloed van die seun van die priester Jojada. Sy seun Amasia het in sy plek koning geword.

## Joahas Koning van Israel

### § 347 Sy Iewenshouding (2 Kon. 13 :1-4)

In die middel van die regeringstyd van Joas van Juda het Joahas in Israel sy vader Jehu opgevolg. Die oordeel wat die geskiedskrywer oor sy lewenshouding gee, is baie ongunstig: hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Sy sonde was weer die kalwerdiens, die sonde van Jerobeam, Israel se eerste koning. Die maatreël van hierdie koning het verstrekkende gevolge en navolging gevind. Ook het sinkretisme (vermenging van godsdienste) daarmee gepaard gegaan, want in Samaria was daar ook 'n "heilige boomstam", 'n asjera, wat tot die Baäldiens behoort. Tog kan daar ook nog iets anders en beters van Joahas gesê word. Toe die HERE met sy strafgerigte gekom het, het Joahas die aangesig van die HERE om genade gesmeek. Hy is die enigste koning van die tienstammeryk van wie ons lees dat hy gebid het, en die HERE het hom ook verhoor.

### § 348 Die vernedering van Israel onder Joahas (2 Kon. 13:7,8)

In sy toorn oor die sonde van Joahas het die HERE Israel oorgegee in die mag van Aram. Daar was Hasael (reeds lank) koning, en ná hom sy seun Benhadad. Hulle het Israel wreed geteister en verswak sodat daar slegs vyftig perderuiters en tien strydwaens oorgebly het. Vergelyk dit met die mag wat Agab by Karkar in die veld kon bring (§ 297). Eers is dus die Oos-Jordaanland deur Hasael van Israel afgeneem, nou word die Wes-Jordaanland magteloos gemaak. Daarby sal ook gebeur het wat Elisa reeds vooruitgesien het toe hy vir Hasael die koningskap aangekondig het (2 Kon. 8:12; kyk ook Amos 4:10). Hoewel Hasael die uitvoerder was van die strafgerigte van God, sal God sy wreedhede wreek (Amos 1:3, 4).

Wat die verhoring van die gebed van Joahas betref, lees ons dat die HERE aan Israel 'n verlosser gegee het (2 Kon. 13:5, 6). Wie die verlosser was, word nie gesê nie. Ons weet dat 'n Assiriese koning, Adad-nirari III, een van die opvolgers van Salmaneser, verskillende veldtogte teen die Weste onderneem het en daarby veral Damaskus swaar getref het. Hieruit het vir Israel verligting van die Aramese druk voortgevloei. Daarom kon hierdie Assiriese koning die verlosser gewees het; hy het egter op sy togte ook tribuut van Israel geneem! Ná hierdie koning bly die Assiriërs weer 'n tyd lank weg. Intussen, voordat die groot oorweldigende magsontplooiing van Assirië heel die Weste platgeloop het, het die opvolgers van Joahas weer op kragte gekom en die ryk selfs uitgebrei. Veral onder Jerobeam II **het** dit gebeur. Daarom kan ook hy met die verlosser bedoel word (vgl. 2 Kon. 14 . 27). Die geskiedskrywer wat hiervan gewaag, moet egter daarby sê dat ondanks dit alles, Israel in sy sondes volhard het.

Joahas het sewentien jaar geregeer en is opgevolg deur sy seun Joas. Dit was in die Iaaste jare van koning Joas van Juda, sodat daar gedurende enkele jare in beide ryke 'n koning met die naam Joas was.

## Joas Koning van Israel

### § 349 Oorsig

Joas het sy vader Joahas opgevolg. Dit was teen die einde van die regering van Joas van Juda. In die tweede jaar van Joas van Israel het Amasia, die seun van Joas, in Juda koning geword. Joas van Israel het sestien jaar geregeer; Amasia het nege-en-twintig jaar geregeer in Jerusalem. Hulle was dus ongeveer vyftien jaar tydgenote en het met mekaar in oorlog geraak. Daarna was Amasia tydgenoot van die voorlaaste koning uit die huis van Jehu, naamlik Jerobeam, wat ons, om verwarring met die eerste koning van die tienstamme-ryk te voorkom, Jerobeam II kan noem. (Die Heilige Skrif self doen dit nie.)

### § 350 Die lewenswandel van Joas van Israel (2 Kon. 13: 9-11)

Joas het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE; hy het nie afgewyk van al die sondes van die eerste Jerobeam nie. Hierdie berig word 'n droewige refrein! Tog is daar iets wat teen hierdie agtergrond gunstig afsteek, en dit is sy geneentheid vir Elisa, die verteenwoordiger van die suiwere diens van die HERE.

### § 351 Joas by die sterfbed van Elisa (2 Kon. 13 :14-19)

Die Iaaste wat ons van Elisa hoor, is dat hy een van die profeteseuns uitstuur om Jehu tot koning te salf. Op die tydstip van sy sterwe is die 28 jaar van Jehu en die 17 jaar van Joahas reeds verby. Elisa is reeds geroep in die dae van Agab. Hy moet dus baie oud geword het. As Joas kort nadat hy koning geword het, van die siekte van die hoog bejaarde profeet verneem, gaan hy hom in Samaria, waar Elisa 'n huis gehad het (2 Kon. 6:32), besoek. Hy het oor hom geween en gesê: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters (vgl. 2 Kon. 2:12). Met hierdie woorde spreek Joas die groot waardering uit wat hy vir Elisa het.

Dikwels het Elisa, meer as Elia, in die oorloë van Israel as helper van Godsweë opgetree (2 Kon. 3:6 e.a.) Ook sy laaste woorde is aan die militêre belange van Israel gewy om, in weerwil van die sonde van Israel, tog nog 'n voorsegging van verlossing uit die mag van Aram te doen.

Elisa doen die voorsegging deur middel van 'n sinnebeeldige handeling. Deur die venster wat na die ooste - dus in die rigting van Aram - oopgemaak is, moet Joas 'n pyl afskiet, terwyl die hande van Elisa op die koning se hande is. Hiermee gee die man van God te kenne dat die krag van God in die wapenfeite van Joas werksaam sal wees. As die pyl wegvlieg, roep Elisa vol geesdrif uit: 'n Pyl van oorwinning van die HERE en 'n pyl van oorwinning op Aram. In hierdie profesie lê egter 'n opdrag vir koning Joas: Jy moet, so sê Elisa verder, die Arameërs volkome verslaan in Afek. Met die twee laaste woorde roep Elisa die groot oorwinning wat Agab vroeër op Aram behaal het (1 Kon. 20:26-30; § 284), in herinnering. Agab het toe van dié oorwinning nie goeie gebruik gemaak nie. Daarom sê Elisa met nadruk: Jy moet hulle *volkome* verslaan.

Sal Joas deurtastender optree?

Om hom op die proef te stel, sê die profeet tot die koning dat hy nou die pylebundel in sy hand moet neem en daarmee op die grond slaan. Wat dit beteken, is ná die pylskoot en die

woorde wat Elisa daarby gesê het, duidelik. Joas slaan drie maal. Toe het hy opgehou. Dit was te gou! Elisa het baie kwaad geword en sê: Jy moes vyf of ses maal geslaan het! Die vuur en die ywer van die gryse profeet is groter as dié van die jeugdige koning, wat slegs 'n middelmatige gebruik van sy kans maak.

### § 352 Die gebeente van Elisa (2 Kon. 13:20,21)

Ná die besoek van koning Joas het Elisa gesterwe en hy is begrawe waarskynlik in die grafte van sy familie in Abel-Mehola. Korter of langer tyd later was daar weer 'n begrafnis, maar dié begrafnis is gesteur deur 'n bende stropende Moabiete, wat gebruik maak van die swak posisie waarin die land Israel blykbaar nog steeds verkeer het. Die begrafnisstoet slaan op die vlug en gooi die man wat hulle besig was om te begrawe in die eerste die beste plek wat hulle kry: die graf van Elisa. Ons moet ons die graf voorstel as 'n uitholling in 'n rotswand, toegemaak met 'n klip wat deur 'n paar man maklik weggeskuif kan word. En nou gebeur 'n wonder: as die dooie met die gebeente van Elisa in aanraking kom, word hy lewend en staan op sy voete! Die dood heers nie onbeperk (2 Tim. 1:10; Openb. 20:12-14), selfs nie in grafte nie! (Matt. 27:52). Die graf van Elisa is 'n profesie van die graf van Hom wat nie deur die dood gehou kon word nie, en sy gebeente getuig daarvan dat God nie 'n God van dooies is nie maar van lewendes.

### § 353 Joas van Israel en Benhadad van Aram (2 Kon. 13:22-25)

Hasael, die koning van Aram, het Israel verdruk al die dae van Joahas, die vader van Joas. Dit was vanweë die sonde van Joahas (v. 1-3). Tog was die HERE ook genadig en wou Israel tot in daardie stadium nie van Sy aangesig verwerp nie, ter wille van Sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. Die verligting van die druk van Aram op Israel was ook (vgl. § 348) te danke aan die dood van Hasael, die wrede vyand van Israel (kyk 2 Kon. 8:11-13). Ná 'n lang regering word hy opgevolg deur sy seun wat die in Aram bekende naam Benhadad dra. Ons kan hom Benhadad III noem. Joas, die seun van Joahas, het met goeie gevolg teen Benhadad geveg en die stede teruggeneem wat Hasael aan Joahas ontruk het. Joas het hom drie maal verslaan (kyk § 351).

### § 354 Joas deur Amasia van Juda uitgedaag (2 Kon. 14:8-14; 2Kron.25:17-24)

Nadat Joas van Israel en Amasia van Juda reeds enkele jare gelyktydig koning was en altwee militêre welslae behaal het, stuur Amasia boodskappers na Joas om te sê: Kom, laat ons mekaar se aangesig sien. Hierdie woorde is 'n uitdaging tot oorlog. Om watter rede hy oorlog soek, word nie vermeld nie. Volgens 2 Kron. 25:13 het troepe uit Efraim 'n plundertog onderneem in die stede van Juda, maar Amasia gee dit nie op as die rede nie. Wel is dit opvallend dat in hierdie verhaal altwee konings genoem word met die name van vader èn grootvader: Joas, die seun van Joahas, die seun van Jehu, en Amasia, die seun van Joas, die seun van Ahasia. Hulle is die kleinseuns van Jehu en Ahasia. Jehu het Ahasia laat doodslaan (§ 355). Soek Amasia wraak? Boonop het Amasia hom sterk gevoel, omdat hy pas 'n oorwinning op die Edomiete behaal het. Joas, wat deur sy oorwinnings op die Arameërs ook vol selfvertroue was, gee aan die vermetele Amasia 'n vermetele antwoord. Hy doen dit deur 'n fabel te vertel (vgl. Rigt. 9:8-15). Hy sê: Die distel wat op die Libanon is, het die seder wat op die Libanon is, laat weet: Gee jou dogter aan my seun as vrou! Maar die diere van die veld het die distel vertrap.

Dit was 'n verwaande begeerte van die distel - so verwaand is Amasia nou ook, wil Joas sê, as hy teen my wil veg en hy sal vertrap word. Verder sê Joas: U het inderdaad die Edomiete verslaan, daarom is u hart hoogmoedig; geniet die eer en bly tuis. Waarom wil u **u** tog in die

ongeluk stort, dat u sou val, u en Juda saam met u?

Amasia het nie geluister nie, maar die stryd aangebind.

Aan wie van dié twee strydende partye sal God nou die oorwinning skenk? In hierdie periode was God lankmoedig oor Israel (2 Kon. 13), maar Juda het die gode van Edom gedien! (2 Kron. 25:14, 20). Daarom het die oorlog met Joas Amasia se ondergang geword. Die twee hoogmoedige konings sien mekaar se aangesig by Bet-Semes wat aan Juda behoort. Hierdie plek lê ongeveer 15 myl wes van Jerusalem. Blykbaar het Joas Amasia mislei deur met sy leër so ver westelik te trek dat die slag op Amasia se eie grondgebied plaasvind.

Juda is verslaan. Amasia is selfs gevang. Dit het nog nie vantevore met 'n koning uit die huis van Dawid gebeur nie! Joram het indertyd daaraan ter nouernood ontkom (2 Kon. 21:9), maar Amasia ontkom nie: hy word op sy eie grondgebied deur die koning van Israel gevang en as gevangene na sy eie stad, Jerusalem, gebring. Die stad word beroof en 'n deel van die noordelike muur afgebreek, sodat dit na Israel se kant oop lê. Wat 'n smaad vir Juda! Joas het al die goud en die silwer van die tempel en die paleis wat te vinde was, geneem. 'n Mens kan vra of daar wel veel te vinde was, want kort tevore het die vader van Amasia, Joas, alles aan Hasael gegee (2 Kon. 12:18). Ongetwyfeld het die oorwinning op Edom weer nuwe skatte opgelewer. Ons moet aanneem dat die skatte van die paleis en die tempel telkens weer aangevul is (2 Kron. 32:23), want ondanks herhaalde berowing kon Nebukadnesar nog baie skatte uit Jerusalem na Babel bring(2Kron.36: 18).

Met gyselaars het Joas na Samaria teruggekeer. Die gyselaars moet seker dien as waarborg vir die nakoming van verpligtinge wat Joas aan Amasia opgelê het. Amasia self is stellig losgelaat: hy was nou nie meer gevaarlik nie: die distel is inderdaad vertrap.

Daarna het Joas gesterwe; sy seun Jerobeam (II) het in sy plek koning geword.

## Amasia Koning van Juda

### § 355 Sy lewenshouding (2 Kon. 14 :1-4; 2 Kron. 25 :1,2)

Amasia het gedoen wat reg was in die oë van die HERE. Hy verskil gunstig van voorgangers soos Joram en Ahasia, wat in die weë van die konings van Israel gewandel het (2 Kon. 8:18, 27). Van Amasia kan egter nie gesê word dat sy wandel in die weë van die HERE SO volkome was as by Dawid nie, inteendeel, daar staan: hoewel nie soos sy vader Dawid nie; net soos sy vader Joas het hy gedoen. Uit die verdere geskiedenis sal dit ook blyk. Amasia het in sy lewe duidelik getoon dat hy nie met 'n volkome hart in die weë van die HERE gewandel het nie. Dat hy die hoogtes nie afgeskaf het, is op sigself daarvan nog nie 'n bewys nie, want dit het Asa en Josafat, wat wel soos Dawid gewandel het (1 Kon. 15:11; 22:43), ook nie gedoen nie. Hierdie hoogtes is gebruik in die diens van die HERE, maar was tog onwettig. Ook het hulle steeds die gevaar van sinkretisme met die baälistiese natuurgodsdiens ingesluit. Dat dit gedoog is, moet uit gebrek aan reformatoriese insig verklaar word. Eers Hiskia het oorgegaan tot die afskaffing van die hoogtediens.

### § 356 Die begin van sy regering (2 Kon. 14:5,6; 2 Kron. 25:3,4)

Uit die woorde "sodra die koningskap in sy hand bevestig was", kan ons aflei dat die regering van Amasia nie van die begin af onbedreig was nie. Uit die feit dat sy vader Joas sy lewe deur moord verloor het, blyk dat sake in Juda nie heeltemal pluis was nie; en dat die vermoorde koning ook nie in die grafte van die konings begrawe is nie, bewys dat daar 'n sekere ontstemming by die volk van Jerusalem was. En wat steek daar agter dat die moordenaars

seuns van buitelandse vroue was? (2 Kron. 24:26). Amasia moes daarom versigtig begin en nie die moordenaars van sy vader teregstel voordat sy posisie sterk was nie. By die teregstelling het hy die kinders van die moordenaars verskoon. Dit was 'n mildheid van optrede wat wel volgens die wet van Moses is (Deut. 24:16; vgl. ook Éseg. 18), maar dikwels nie in ag geneem is nie (2 Kon. 9:26). (Die voorskrif van Deuteronomium 24 is bedoel vir die gewone strafreg, nie vir Godsgerigte soos beskryf in Numeri 16 en Josua 7 nie.)

## § 357 Amasia verslaan die Edomiete (2 Kon. 14:7; 2 Kron. 25:5-13)

'n Belangrike wapenfeit van Amasia was die heronderwerping van Edom. Dawid het agtienduisend Edomiete in die Soutdal verslaan en in die hele Edom wagposte aangestel (2 Sam. 8:13, 14). Gedurende die regering van Joram het die Edomiete van Juda afvallig geword (2 Kon. 8:20). Die besit van Edom is vir Juda van belang met die oog op sy seehandel (vgl. 1 Kon. 22:49 en 2 Kon. 14:22).

Amasia het sy hele ryk gemonster en 'n leër bymekaargemaak van driehonderdduisend uitgesoektes (vir ander getalle van die leërmag van Juda, kyk 2 Kron. 11:1 en 13:3). Dis 'n groot getal, veral in vergelyking met die getal van die Edomiete, wat as tienduisend aangegee word. As ons, soos sommige geleerdes meen, moet aanneem dat die Hebreeuse woord wat met duisend vertaal is, ook die strydbare manskappe van 'n *geslag* kan aandui, wat nie spesifiek 1,000 hoef te wees nie, dan is die getal nie so hoog nie. Maar Amasia het sy leërmag nie te groot geag nie en nog honderdduisend soldate uit Israel gehuur vir honderd talente silwer. Hieruit blyk dat Israel behoorlik herstel het van sy verswakking deur Hasael (2 Kon. 13:4, 7).

Toe Amasia gereed is vir sy aanval op Edom, kom daar 'n man van God na hom toe en sê: O koning, laat die kommando van Israel nie saam met u gaan nie, want die HERE is nie met Israel, met al die kinders van Efraim nie. Samewerking met Israel is al eerder afgekeur (2 Kron. 19:2; 20:37). Die rede daarvoor is dat Israel in goddeloosheid leef. Tog het die HERE aan Joahas vergun om die Arameërs te verslaan, maar dit was omdat die HERE Hom oor Israel ontferm het nieteenstaande sy sondes (2 Kon. 13:2-6; 23). Israel bly 'n ongewenste bondgenoot vir Juda, waar die vrees vir die HERE nog gevind word (2 Kon. 14:3). Op die vraag van Amasia wat met die reeds uitbetaalde soldy gedoen moet word, lui die antwoord van die man van God: Die HERE kan u baie meer gee as dit! Ons kan hierby dink aan die buit wat op Edom behaal sal word. Die Israelitiese huursoldate is toe teruggestuur met behoud van hulle soldy. Tog was hulle baie kwaad; hulle mis tog hul aandeel in die buit as die Edomiete verslaan word; daarom onderneem hulle 'n plundertog in die stede van Juda.

Amasia trek nou op na Edom en het, weer in die Soutdal, die Edomiete verslaan. Met die krygsgevangenes het hy wreed gehandel (kyk 2 Kron. 25:12).

## § 358 Amasia vereer die gode van Edom (2 Kron. 25 :14-16)

Ná sy oorwinning op Edom het Amasia hom skuldig gemaak aan afgodery, aan oortreding van die eerste gebod, deur die gode van Edom met offers te vereer. Hy het daardie gode, d.w.s. die afgodsbeelde, saamgebring uit Seïr. Volgens Semitiese opvatting was dit 'n belangrike buit; die veroweraar het dan die gode van sy vyand in sy mag! Daarom het volke in die ou Ooste as hulle 'n neerlaag moes ly, altyd geprobeer om hul afgodsbeelde op hul vlug saam te neem. Maar Amasia het die beelde verower, en om nie toornige en ontevrede gode in sy besit te hê nie, gaan hy hulle nou vereer. Nou blyk duidelik hoe oppervlakkig Amasia se diens van die HERE was. Die toorn van die HERE ontvlam teen hom. Voordat God egter met Sy gerigte kom, stuur Hy eers nog 'n profeet om Amasia op sy goddelose en tegelyk dwase daad te wys: die gode van Edom kon hul eie volk mos nie uit die hand van Amasia red nie!

Maar Amasia wil nie na die profeet luister nie. Hy val hom in die rede en sê dat hy sy raad en bemoeienis nie nodig het nie. Met die woorde: Waarom sal hulle jou doodmaak, herinner hy aan die lot van Sagaria, die seun van Jojada, wat Joas, die vader van Amasia, vermaan het, maar deur Joas gedood is. Hieruit blyk dat Amasia in staat is om dieselfde te doen. Waarlik, Amasia is net soos sy vader (§ 355). Die profeet het geantwoord: Ek merk dat God besluit het om u te vernietig (vgl. 1 Sam. 2:25). Dit het ook spoedig daarop gebeur, naamlik deur die neerlaag wat Amasia gely het in sy oormoedige oorlog teen Joas van Israel (§ 354).

### § 359 Die einde van Amasia (2 Kon. 14 :17-21; 2 Kron. 25:25-28)

Ná die swaar neerlaag het Amasia nog vyftien jaar gelewe. Daar staan nie "geregeer" nie, maar gelewe, sowel in Konings as in Kronieke. Miskien is hy uit die koninklike mag ontset of het owerstes hom oorskadu. In elk geval was dit roemlose jare vir Amasia en 'n sameswering maak sy lewe onveilig. Hy vlug na Lagis, 'n belangrike vesting (1 Kron. 11:9). Miskien het hy gehoop om by sy vestingkommandant in Lagis steun of beskerming te kry, maar sy vyande was so magtig dat hulle daarin geslaag het om hom in Lagis te dood. Ook in hierdie opsig gaan dit met Amasia net soos met sy vader Joas: hy word vermoor. Sy begrafnis was egter eervoller: hy word op perde (op 'n wa met perde) na Jerusalem vervoer en by sy vaders begrawe. Toe het die hele volk van Juda Ussia (in die boek Konings heet hy Asarja, 2 Kon. 15:1) koning gemaak in die plek van sy vader Amasia. Hy was toe sestien jaar oud.

## Ussia en Jotam Konings van Juda

### § 360 Die Iewenshouding van Ussia (Asarja) (2 Kon. 15 :1-4; 2 Kron. 26: 4,5)

Ussia het gedoen wat reg was in die oë van die HERE. Die toevoeging "net soos sy vader Amasia gedoen het", verminder egter die betekenis van hierdie getuienis, want Amasia was soos Joas, maar nie soos Dawid nie (§ 355). By al drie was daar ernstige afwykinge van 'n origens regte lewenskoers: Joas het 'n profeet gedood, Amasia het die gode van Edom vereer, en Ussia het inbreuk gemaak op die regte van die priesters. Ook is die hoogtes nie afgeskaf nie (§ 299). Net soos by Joas was die regte lewenswandel van die jeugdige koning te danke aan goeie leiding (§ 345). In die geval van Ussia was die goeie leier 'n sekere Sagaria, "wat onderrig gegee het in die vrees van God" Dit is 'n merkwaardige uitdrukking wat ons net hier aantref. So lank as Ussia onder hierdie goeie leiding gestaan het, het God hom voorspoedig gemaak, maar toe hy sterk geword het, het sy hart hoogmoedig geword.

### § 361 Die voorspoed van Ussia (2 Kon. 14:22; 2 Kron. 26:6-15)

Die boek Konings verhaal dat Asarja (Ussia) Elat gebou en weer aan Juda gebring het. Elat, geleë aan die Golf van Elat, die oostelike uitloper van die Rooi See (Skelfsee), dus in Edom, was die hawestad van Juda in tye wat Edom aan Juda onderworpe was. Salomo het sy vloot daarvandaan uitgestuur om goud uit Ofir te gaan haal (1 Kon. 9:26-28). Hy het Edom beheers. Toe Edom tydens die regering van koning Joram van Juda afvallig geword het, was dit met die Judese seehandel gedaan. Amasia het die Edomiete verslaan, en Asarja trek die nut daarvan: die handelsweg oor see lê nou vir Juda weer oop.

Ander wapenfeite van Ussia was sy gevegte met die Filistyne. In hierdie tyd begin hulle weer kop uitsteek. Van Gat en Jabne en Asdod het Ussia die mure afgebreek, sodat hulle weerloos en vir Juda ongevaarlik was. Verder het Ussia Jerusalem met torings versterk, o.a. by die Hoekpoort, waar Joas van Israel tydens die regering van Amasia 'n groot stuk van die muur afgebreek het (2 Kron. 25:23). Ook het hy 'n goed bewapende en vegwaardige leërmag gehad van driehonderd-en-seweduisend-vyfhonderd man (vgl. 2 Kron. 25:5), ingedeel volgens die

familiehoofde, van wie elk sy afdeling (sy "duisend"; § 357) moes lewer. So kon Ussia ook sy kuddes en landerye (want hy was 'n liefhebber van die landbou) behoorlik beskerm in die Laeveld (die Sjeféla) en in die Gelykveld of Hoogvlakte, noord van die Dooie See. Hy was ook in besit van die nuutste uitvinding op die gebied van wapenvervaardiging, naamlik werpmasjiene om die stad te verdedig. Sy roem is verbrei, so sê Kronieke, tot by die ingang van Egipte.

Ons kan daaraan toevoeg: tot by die Assiriërs (§ 362).

### § 362 Asarja en Tiglat-Pileser

Ná 'n tyd van verswakking (§ 343) het Assirië onder koning Tiglat-Pileser III weer 'n sterk staat geword. Hierdie koning het met sy leër uitgetrek, ook na die weste, en in die noorde van Sirië en langs die kus van die Middellandse See die een plek ná die ander verower. Meer suidelik stuit hy egter op 'n koalisie van negentien distrikte wat onder leiding van A-zu-ri-ia-u Ja-u-da-a-a gestaan het. Die geskiedkundiges kom al meer tot die oortuiging dat in hierdie Assiriese skryfwyse die naam Asarja, die Judeër, herken kan word. Asarja het dan, net soos Agab, ongeveer 'n eeu vroeër (§ 297), bondgenote gehad om aan die dreigende Assiriese gevaar weerstand te bied. So 'n optrede pas goed in in die tekening wat 2 Kronieke ons gee van die magsontplooiing van hierdie koning van Juda. Asarja het egter minder welslae as Agab benaal. Die Assiriese mag kon in hierdie periode nie meer gestuit word nie, al het dit eers werklikheid geword ná Asarja. Intussen blyk hieruit tot watter hoogte Juda in die tyd van Ussia ook in die internasionale politiek gestyg het.

### § 363 Die sonde van Ussia (2 Kon. 15:5; 2 Kron. 26 :16-21)

Toe Ussia sterk geword het, het hy hoogmoedig geword. Dit blyk as hy in die tempel van die HERE gaan om offerrook te laat opgaan op die reukaltaar. Hy wil nou optree soos die konings van die ou Ooste en vir hom priesterlike waardigheid toeëien. Dit was egter in Israel vir die seuns van Aaron gereserveer (Ex. 30:7; Lev. 10:1; Num. 16). Ussia word in hierdie poging tot religieuse magsoorskryding dan ook heftig teengestaan deur die priesters. Tagtig van hulle het toe in die tempel diens gedoen, en hulle het agter Ussia aangegaan in die heiligdom en gesê: Dit kom u nie toe, Ussia, om vir die HERE offerrook te laat opgaan nie, maar aan die priesters, seuns van Aäron, wat geheilig is om te offer. Die tagtig priesters staan onder leiding van Asarja, die hoofpriester. Twee Asarjas staan hier teenoor mekaar. Maar die koning wil nie na die priester luister nie; hy het woedend geword. Maar terwyl hy daar so woedend staan met die wierookpan in sy hand, slaan die melaatsheid op sy voorhoof uit. Dit was die hand van die HERE! Daar staan nou 'n melaatse, die mees onreine wat denkbaar is, in die heiligdom! Die priesters jaag hom uit, en ook Ussia self besef dat hy nou nie langer in die tempel kan wees nie: hy het gou gemaak om weg te kom.

Ussia was melaats tot die dag van sy dood en het in afsondering gewoon. Sy seun Jotam het die volk regeer. Wel kon hy vanuit sy afgesonderde huis invloed op die gang van sake uitoefen, maar uit die samelewing is hy verban. Ná 'n lang regering van twee-en-vyftig jaar het hy gesterwe. Tot die twee-en-vyftig jaar behoort ook die jare van sy melaatsheid en miskien ook die vyftien jaar van die roemlose eindperiode van die lewe van sy vader (§ 359).

In verband met sy begrafnis word 'n besondere uitdrukking gebruik: op die begraafplaas van die konings. Dit word gemotiveer met die woorde: Want hulle het gesê: hy is melaats. Ons kan dit so verstaan dat hy wel begrawe is op die terrein waar die graf van Asa was (2 Kron. 16:14), maar nie in die koninklike grafkelder self nie (soos ook gebeur het met Joram en Joas, 2 Kron. 21:20; 24:25).

Die sluitplaat van die nis, waar sy beendere later gebêre is, is vandag nog in Jerusalem.

### § 364 Besonderhede

Die sterfjaar van Ussia is die jaar waarin Jesaja geroep is (Jes. 6:1). Hierdie profeet het 'n (vir ons verloregegane) geskrif aan die geskiedenis van Ussia gewy (2 Kron. 26:22).

Verder blyk uit Amos 1:1 dat gedurende die regering van Ussia 'n aardbewing plaasgevind het wat so erg was dat almal gevlug het (Sag. 14:5).

### § 365 Jotam (2 Kon. 15:32-38; 2 Kron. 27)

Reeds tydens die melaatsheid van sy vader het Jotam die volk van die land geregeer. As sy vader sterf, word hy in sy plek koning. Gedurende sy regering (sestien jaar) gaan die geskiedenis van Juda in dieselfde lyn voort as onder Ussia. Jotam het gedoen wat reg was in die oë van die HERE net soos sy vader Ussia gedoen het, d.w.s. die lewenshouding was reg. Aan groot afwykinge van die regte lewenskoers (soos sy voorganger) het hy hom nie skuldig gemaak nie. Jotam het sy weë gerig voor die aangesig van die HERE sy God. Die volk het egter nog op die hoogtes geoffer, èn (2 Kron. 27:2) verderflik gehandel! Hulle het die hoogtes nie van Kanaänitiese smette vry gehou nie.

Die bouwerke van Ussia (2 Kron. 26:9) is deur Jotam voortgesit. Hy het Jerusalem met forte omring. Ook het hy oorlog gevoer teen die Ammoniete en hulle oorwin, sodat hulle 'n swaar skatting aan hom moes betaal, wat hulle drie jaar lank gedoen het. Dat hy die Judese gesag oor Edom kon handhaaf, blyk uit die seël met sy naam wat in Elat gevind is. Die seëlbeeld vertoon 'n ram met horings en 'n man wat daar voor staan. Die liefde vir veeboerdery wat uit hierdie beeld blyk, het hy van sy vader geërf (2 Kron. 26:10).

Teen die einde van sy regering het die HERE Resin, die koning van Aram, en Peka, die koning van Israel, teen Juda begin stuur. Dit was die voorspel van belangrike gebeurtenisse wat onder Agas, die seun van Jotam, sou plaasvind. Die gesamentlike optrede van Peka en Resin het seker ook vir Ammon die moed gegee om sy tribuutbetalings aan Juda te staak. Ons moet nou egter eers sien wat tydens die lang periode van Ussia en Jotam, konings van Juda, in Israel gebeur het, voordat bogenoemde Peka op die toneel verskyn.

## Jerobeam II Koning van Israel

### § 366 Sy lewenshouding (2 Kon. 14:23,24)

Reeds gedurende die regering van Amasia en verder tydens dié van Ussia, konings van Juda, was Jerobeam II in Israel koning, een-en-veertig jaar lank. Hy is die seun van Joas van Israel en die vierde koning uit die huis van Jehu. Sy lang regeringsduur is 'n blyk van die goedgunstigheid van God. Tog was hy nie 'n vrome koning nie. Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE en nie afgewyk van al die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat, nie. Dit was Jerobeam I wat die kalwerdiens in Bet-el en Dan ingestel het.

Dat Jerobeam II hierdie sonde gedoen het, blyk ook uit die profesieë van Amos (3:14; 4:4; 5:5 en veral 7:10-16), die profeet wat in hierdie tyd opgetree het. Hy was afkomstig uit Juda, maar het na Bet-el gegaan en daar die straf oor die sonde aangekondig. Die priester van Bet-el, Amasia, het Amos weggejaag en gesê dat hy na Juda moes teruggaan, omdat Bet-el 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk was. Met hierdie woorde van die priester wofd amptelik verklaar dat Bet-el 'n *staatsheiligdom*, 'n *rykstempel,* is.

Amasia het die koning ook van die optrede van Amos in kennis gestel, maar die Skrif

vermeld nie hoe Jerobeam daarop gereageer het nie.

### § 367 Jerobeam se oorwinnings (2 Kon. 14:25,28)

Jerobeam het groot veroweringe kon maak, sodat sy ryk gestrek het van die ingang van Hamat af in die noorde tot by die see van die Vlakte in die suide. Hamat is 'n bekende stad aan die Orontesrivier ver ten noorde van die Libanon. Die noordgrens was dus dieselfde as in die dae van Dawid en Salomo (1 Kon. 8:65). Die suidelike deel het tydens Jehu se regering verlore gegaan aan Aram (2 Kon. 10:32, 33), maar Jerobeam het Damaskus weer aan Israel gebring soos dit was in die dae van Dawid (2 Sam. 8:3-8). Hierdie veroweringe is ook 'n blyk van die goedgunstigheid van God. Hy het dit selfs laat voorspel deur Jona, die seun van Amittai, die profeet, wat uit Gat-Hefer was (v. 25).

### § 368 Die goedgunstigheid van God jeens die sondige Israel (2 Kon. 4: 26, 27)

Dit is opmerklik dat God so 'n voorspoed gee aan die goddelose volk Israel. Ons het vroeër al daarvan gelees, naamlik in 2 Kon. 13:4, 5. Tydens die regering van Joahas was die druk van Aram op Israel bitter swaar, maar die HERE het ondanks die sonde van Israel tog verlossing gegee. Die gerig oor Israel het in die dae van die seuns van Jehu nog nie gekom nie. Wel het dit gedreig, maar die HERE was hulle genadig en het Hom oor hulle ontferm ter wille van Sy verbond met *Abraham*, *Isak* en *Jakob*. (In Juda geskied die ontferming op grond van Sy verbond met Dawid.) Die HERE wou Israel nog nie verwerp nie (2 Kon. 13:23). Dit was in die dae van Joas, die seun van Joahas. Vir die derde keer bewys die HERE Sy genade in die jare van Jerobeam II. Die HERE het gesien dat die ellende van Sy volk bitter was, maar nog nie gespreek dat Hy die naam van Israel ondér die hemel sou uitdelg nie. In Sy goedgunstigheid skenk Hy aan Jerobeam 'n langdurige en voorspoedige regering en aan die volk 'n tyd van welvaart soos hulle nie sedert die dae van Salomo beleef het nie. Hier sien ons hoe aan 'n naderende oordeel 'n tyd van voorspoed kan voorafgaan.

In hierdie weelderige tyd het die profete Amos en Hosea die volk Israel ernstig bestraf en gewaarsku. Dit het egter nie gebaat nie. Die oordeel is nou onafwendbaar!

### § 369 Die profeet Amos

Amos was 'n skaapboer uit Tekoa in Juda; ook het hy wildevyebome gekweek. God roep hom tot profeet en stuur hom na Israel, die tienstammeryk. Sy optrede val gedurende die regering van Jerobeam II. In Bet-el getuig hy teen die gouekalwerdiens (§ 366), in Samaria teen die sosiale misstande in die noordelike ryk. Daar was in Israel rykdom en weelde in die kringe van die besitters, maar die armes is verdruk. Die rykes neem omkoopgeld aan en stoot die behoeftiges weg in die poort (dit is die plek van die regspraak), 5:12; dis 'n gruwelike onreg. Amos verkondig sosiale geregtigheid (5:15).

### § 370 Die profeet Hosea

Ons noem hom ná Amos, omdat hy 'n jonger tydgenoot van hom was; hy tree nog ná Amos op en onder die opvolgers van Jerobeam II. Sy prediking is gerig teen die ontrou van die volk jeens hulle Verbondsgod. Amos bestraf die *sosiale* ongeregtigheid, Hosea die *religieuse* ontrou. Op bevel van die HERE moet hy met 'n ontugtige en sedelose vrou trou, sodat sy huwelik deur haar owerspel tot 'n skande sou word. Almal wat dit aanskou, moet daarin 'n beeld van die ontrou van Israel sien. Die verhouding tussen God en volk word hierin vergelyk met die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (Eseg. 16:8), 'n vergelyking wat in die Nuwe Testament deurgetrek word as die gemeente van Christus Sy bruid genoem word

(Openb. 21:9).

### § 371 Die profeet Jona

Dis die profeet wat aan Jerobeam sy welslae voorspel het (2 Kon. 14:25); hy is dus ook 'n tydgenoot van Jerobeam II. Beter is hy bekend as die profeet wat teen sy sin na Ninevé moes gaan om teen die stad te preek vanweë hulle boosheid. As hy langs wonderlike weë (Jona 1) tog deur God daar gebring word, ervaar hy tot sy groot ergernis dat die manne van Ninevé hulle bekeer en dat God die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, nie doen nie. Sy teleurstelling hieroor is so groot dat hy dit beter vind om te sterwe as om te lewe (4:3). In die houding van Jona word die eiedunk van Israel weerspieël, wat te midde van sy ongeregtigheid en ontrou tog nog dink dat net Israel voorwerp van God se guns sou wees. Amos het die waan ook reeds bestry (9:7).

Die geskiedenis in die "sendingboek" Jona verkondig dat God nie net oor Israel bekommerd is nie, maar ook oor ander volke - selfs oor die vee! (4:11).

### § 372 Die bekering van Ninevé

Dit was wat ons noem 'n uitwendige bekering, nie 'n bekering tot saligheid nie, ten minste nie van die massa nie, want die Assiriërs het 'n heidense volk en vyande van Israel gebly. Tog is so 'n bekering met vas en rou beter as verharding in die sonde: God het Sy oordeelsdreiging ingetrek! (Lees ook Matt. 12:41; Luk. 11:32.)

Teen die agtergrond van die heidense godsdienstigheid is dit wel verklaarbaar dat die manne van Ninevé na Jona geluister het. Die Assiriërs het niks gedoen sonder om hul gode te raadpleeg nie; die konings verklaar herhaaldelik in hul gedenkskrifte dat hulle deur een of ander god geroep is en in die krag van 'n bepaalde god teen vyande optrek (vgl. bv. ook 2 Kon. 18:25). In die felle boeteprediking van Jona - en Jona het in sy hoop op vernietiging van die stad seker fel opgetree - kan die manne van Ninevé 'n roepstem van die gode beluister het.

Uit die Assiriese literatuur weet ons dat koning Adad-nirari III, wie se regering so ongeveer in dieselfde jaar eindig waarin Jerobeam II die troon in Israel bestyg het, 'n soortgelyke religieuse nuwigheid ingevoer het as wat Amenofis IV eeue tevore in Egipte gedoen het, naamlik 'n monoteïsties lykende - beter gesê: 'n henoteïstiese - hervorming, waarby een god op die voorgrond geplaas is. Moontlik lê daar verband tussen die hervorming van Adad-nirari en die optrede van Jona.

Ten slotte kan ons nog opmerk dat die bekering van Ninevé 'n plek het in die raadsplan van God, want Assirië het sy taak in die geskiedenis toe nog nie vervul nie. Daartoe behoort dat hulle Israel moes vernietig (Jes. 10:5).

## Die Opvolgers van Jerobeam II

### § 373 Sagaria koning oor Israel (2 Kon. 15:8-12)

Ná die dood van Jerobeam II word sy seun, Sagaria, koning in Israel. Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE SOOS sy vaders gedoen het en nie afgewyk van die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat, nie (Jerobeam I). Dié se sonde, die kalwerdiens, was onuitroeibaar diep ingewortel in die tienstammeryk, so lank as dit bestaan het.

Sagaria het slegs ses maande geregeer; toe is hy vermoor deur Sallum, wat in sy plek koning geword het. Hiermee kom ook die koningshuis van Jehu, die dinastie van die Nimsiede, tot 'n val. Vyf konings uit hierdie koningshuis het geregeer, tesame ruim 'n eeu lank. God het Sy

belofte aan Jehu - dat sy seuns tot in die vierde geslag op die troon van Israel sou sit - rojaal vervul. Hulle het egter almal gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Sy lankmoedigheid (§ 368) is nou op 'n end; met Israel gaan dit nou snel na die afgrond.

## § 374 Oorsig van die huis van Jehu

| | | |
|---|---|---|
| lehu | 28 jaar | Gedurende die tyd van die Nim- |
| Joahas | 17 jaar | siede in Israel regeer in Juda: |
| Joas | 16 jaar | Atalia, Joas, Amasia en Ussia. |
| Jerobeam II | 41 jaar | |
| Sagaria | 6 maande | |

## § 375 Sallum koning oor Israel (2 Kon. 15 :13-15)

Die moordenaar van Sagaria het slegs een maand geregeer. Toe is hy self ook vermoor, deur Menahem. Koningsmoorde is nou in Israel aan die orde van die dag. Uitdrukkinge van Hosea soos "al hulle konings val" (7:7), "Ek gee jou 'n koning in my toorn, en Ek neem hom weg in my grimmigheid" (13:11) het seker betrekking daarop, In 8:4 sê die HERE deur die mond van Hosea: "Hulle het konings aangestel, maar nie uit My nie; hulle het vorste gekies, maar sonder my wete." Twee van die koningshuise van Israel - dié van Jerobeam (I) en dié van Jehu - was uitdruklik deur die HERE geroep en het ook ryke beloftes ontvang. Die ander konings is usurpators, geweldenaars en moordenaars op wie vanaf die begin van hul optrede die toorn van God gerus het.

## § 376 Menahem koning oor Israel (2 Kon. 15 :16-22)

Hoe wreed hy was, blyk nie net uit sy moord op Sallum nie, maar ook uit die verdelging van Tifsag, 'n stad in die omgewing van Tirsa, waarvandaan hy na Samaria opgetrek het. Tifsag wou nie vir hom oopmaak nie, d.w.s. hulle het hul verset teen sy revolusie. Sy wreedheid ewenaar dié van Hasael (vgl. 2 Kon. 15:16b met 8:12b).

Toe Menahem koning was, het die Assiriërs weer op die toneel verskyn; Pul, die koning van Assirië, het Israel oorval. Menahem was egter so slim om met 'n groot geskenk, duisend talente silwer, die vriendskap van Assirië te koop, "dat sy hande met hom sou wees om die koningskap in sy hande te versterk". Blykbaar het Menahem nie te stewig in die saal gesit nie. Ook die verset van Tifsag is 'n bewys van die teenstand wat hy moes oorwin. Hoe die politieke verhoudinge in Israel presies was en wat die rede van die koningsmoorde was. word in die Ou Testament nie gesê nie. Ongetwyfeld het dit in verband gestaan met die buitelandse politiek, d.w.s. watter houding jeens die opdringende mag van Assirië aangeneem moes word - 'n vyandige of 'n vriendskaplike. Hieruit het dan weer binnelandse twiste voortgevloei. Menahem was ook 'n usurpator, maar sy teenstanders weet nou dat die koning van Assirië op sy hand is. Niemand het hom durf vermoor nie. Hy het tien jaar geregeer en 'n natuurlike dood gesterf, en sy seun Pekahia het in sy plek koning geword.

## § 377 Pul (2Kon.l5:19)

Pul is dieselfde as Tiglat-Pileser (v. 29). In die ry van die Assiriese konings is hy die derde met hierdie naam. Toe hy ook koning van Babel geword het, het hy die naam Pulu (= Pul) aangeneem - om Babiloniese gevoelighede te ontsien. Steeds meer bedreig hy die Weste; hy vertel daarvan ook in sy annale. Met hom begin die laaste maar geweldige magsontplooiing

van die Assiriese ryk. In een van sy inskripsies staan dat hy Menahem "teruggebring het na sy plek". Dit kan beteken dat hy hom op sy troon herstel het, as vasal natuurlik, want hy moet tribuut betaal, goud en silwer en sierlik gegarneerde linne, ongeag die geskenk van duisend talente, waarmee hy eers sy vriendskap moes koop.

Die duisend talente het Menahem van vermoënde onderdane geneem: vyftig sikkels per man. Aangesien vyftig (of sestig) sikkel een *mine* is en sestig mine een talent is (§ 471), moes daar sestigduisend manne wees om die vereiste bedrag bymekaar te maak. Dat dit moontlik was, is nog 'n gevolg van die welvaart onder Jerobeam II.

### § 378 Pekahia koning van Israel (2 Kon. 15:23-26)

Ook Pekahia het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Slegs twee jaar het hy geregeer; toe val ook hy onder die moordenaarshand. Sy moordenaar was sy eie adjudant, Peka. Hy vermoor hom in die hoofstad, Samaria, waar ook Menahem Sallum vermoor het en dan nog wel in die vesting van die paleis. As adjudant van die koning het hy daar toegang gehad. Dat Peka vyftig Gileadiete vir sy staatsgreep gebruik het, kan beteken dat hy 'n verteenwoordiger van Manasse was en dat daar naywer tussen Manasse en Efraim was. In elk geval was 'n verskilpunt tussen Pekahia en sy adjudant dit dat Pekahia, in die voetspore van sy vader Menahem, op Assirië geleun het, en dat Peka anti-Assiries gesind was. Dit blyk in sy verhouding tot Juda (kyk volgende hoofstuk).

## Peka van Israel en Agas van Juda

### § 379 Hul lewenshouding (2 Kon. 15:28; 16:1-4)

Peka van Israel was jare lank tydgenoot van Jotam van Juda (2 Kon. 15:32), maar Jotam het eerder gesterf sodat Peka in sy laaste regeringsjare tydgenoot was van Agas, die seun van Jotam, in sy eerste regeringsjare. Agas was twintig jaar toe hy koning geword het. In die konflik tussen Peka en Agas staan dus 'n bedrewe en ouere krygsman teenoor 'n jongeling.

Jotam was 'n vrome koning gewees, maar Agas glad nie.

Van Peka lees ons die bekende refrein in die geskiedenis van Israel: hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Van Agas staan vermeld: hy het nie gedoen wat reg was in die oë van die HERE nie. Dit word in hierdie ontkennende vorm gesê, omdat sy voorgangers - Joas, Amasia, Ussia en Jotam - wel gedoen het wat reg was in die oë van die HERE. Agas het gewandel in die weg van die konings van Israel. Hierby moet ons nie dink aan die sonde van Jerobeam, die seun van Nebat, nie; die kalwerdiens in Bet-el het te veel 'n politieke, anti-Judese bysmaak gehad, sodat 'n koning van Juda hieraan nooit sou kan meedoen nie. Ons moet hier dink aan die Baäldiens, wat deur die Omriede onder Feniciese invloed ingevoer is. Agas val terug in die sonde van sy voorvaders Jehoram en Ahasia, wat met die huis van Agab verswaer was. Hy het egter erger gedoen as hulle en selfs gegote beelde vir die Baals gemaak; Agab het net 'n klippilaar gemaak. Die hele natuurdiens kom weer in Juda in swang: Agas het geoffer en rook laat opgaan op die hoogtes en op die heuwels en onder elke groen boom. Dis 'n terugval na die dae van Rehabeam (1 Kon. 14:23). Hoë bome en heuweltoppe het as blyke van natuurkragte gegeld en tot natuurdiens veriei. Die ergste van al die sondes van Agas is dat hy selfs sy seun deur die vuur laat deurgaan volgens die gruwels van die nasies wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdryf het. Hierdie gruwel van die Kanaäniete (Deut. 12:31; 18:10) het die HERE uitdruklik verbied (Lev. 18:21; 20:2-5). Die plek waar Agas - en latere konings ná hom - dit gedoen het, was "Ge-Hinnom" (= dal van Hinnom), aan die suidekant van Jerusalem, ook Tofet genoem (2 Kon. 23:10); in

afkeurende sin noem Jeremia dit Moorddal (7:32). Die woord wat Jesus gebruik vir *hel*, nl. *gehenna* (Matt. 5:29 e.a.) is 'n vervorming van Ge-Hinnom. Uit hierdie woordgebruik uit die dae van Jesus blyk die skerp afkeuring van die wettiese Jodedom van hierdie afgodiese gruwels. Selfs wanneer dit later met Agas verkeerd gaan, het hy hom nie bekeer nie, maar steeds verder gegaan op die pad van afgodery. Hy het 'n altaar uit Damaskus laat namaak (2 Kon. 16:10-16) en dit deur 'n priester, Uria, laat bedien. Kronieke vertel wat sy oorweging daarby was. Hy het gedink: Die gode van die konings van Aram help hulle; ek sal aan hulle offer, dat hulle my kan help. Hoe meer Agas in benoudheid kom, hoe meer begaan hy ontrou teen die HERE. Hy bou altare op elke hoek in Jerusalem en hoogtes in elke stad van Juda om vir ander gode offerrook te laat opgaan. Ten slotte het hy die deure van die huis van die HERE toegesluit.

Dit is ontstellend dat ná 'n reeks van vroom konings die ryk van Juda meteens so diep in afvalligheid van die HERE kon wegsink!

## § 380 Oorlog tussen Peka en Agas (2 Kon. 16:5; 2Kron.28:5-15;Jes.7)

Peka, die koning van Israel, het na Jerusalem opgetrek om te veg. Dit was in die begin van die regering van Agas. Die rede van die aanval word nie vermeld nie. Wel word gesê dat Resin, die koning van Aram, met Peka saam opgetrek het. In Jesaja 7 staan dat Peka en Resin die plan beraam het om die seun van Tabeal koning oor Juda te maak. Die bedoeling met hierdie plan word ook nie vermeld nie. Dit is egter baie waarskynlik dat dit in verband staan met die politieke situasie deur die optrede van Tiglat-Pileser. Ons merk op dat Israel en Aram, wat so dikwels vyande was, nou vriende is en dat Israel en Juda, wat soms wel vriende was, nou mekaar se vyande is. Ons kan ons die situasie ongetwyfeld so voorstel dat die nuwe koning van Aram, Resin, en Peka van Israel bedug was vir die steeds meer opdringende mag van Assirië, wat die hele Weste wou verower, en dat hulle heil gesoek het in 'n gesamentlike optrede. Maar Agas wou nie meedoen nie; hy het juis aansluiting by Assirië gesoek! Die nog jeugdige Agas was nie 'n man soos sy grootvader Asarja, wat aan die hoof van so 'n koalisie gestaan het nie (§ 362). Hy het blykbaar liewer 'n politiek gevolg soos Menahem van Israel (§ 376). Daarom wil Peka en Resin Agas verjaag en 'n handlanger van hulle, die seun van Tabeal, op die troon van Juda plaas.

Hierdie oorlog kan vanuit die standpunt van Juda die Aramees-Efraimitiese oorlog genoem word.

## § 381 Die verloop van die oorlog (2 Kon. 16:5; 2 Kron. 28: 5-8; 16-18)

Uit verskillende berigte in die boeke Konings, Kronieke en Jesaja kan ons vasstel hoe die oorlog verloop het. In Konings staan dat die twee konings na Jerusalem opgetrek het en dat hulle Agas ingesluit het; maar hulle kon nie veg nie (vgl. ook Jes. 7:2), niks bereik nie. Met hierdie mededeling vertel die geskiedskrywer hoe die einde van die oorlog was. Daar het egter heelwat aan voorafgegaan, en voordat die twee konings by Jerusalem uitgekom het, het hulle Agas swaar slae toegebring. Resin het Elat verower, wat daarmee vir goed vir Juda verlore was. Die Edomiete het weer daar gaan woon. Resin het ook vir Agas verslaan en 'n groot menigte gevangenes van hom na Damaskus weggevoer. Ook Peka het Juda verslaan en op een dag honderd-en-twintigduisend gedood en tweehonderdduisend vroue en kinders as gevangenes weggevoer om hulle tot slawe en slavinne te maak en ook 'n groot buit. Een van Efraim se helde word by name genoem; hy was Sigri en het in die stryd drie hooggeplaastes van die koninklike hof in Juda gedood.

Die militêre mag wat Ussia en Jotam opgebou het, is nie bestand teen Peka en Resin nie, want die HERE het Agas in hulle hand oorgegee.

## § 382 Die profeet Oded (2 Kron. 28: 9-15)

As die Israeliete die gevangenes uit Juda na Samaria bring, kom die profeet Oded hulle tegemoet met die boodskap dat hulle die gevangenes moet terugstuur. Dis natuurlik 'n snaakse boodskap vir entoesiastiese oorwinnaars, maar Oded verduidelik dit. Hy sê dat dit nie deur hul eie mag en krag is dat hulle die oorwinning kon behaal nie, maar deur die grimmigheid van die HERE oor Juda! Die Israeliete het dit al vergeet, want hulle het onder die Judeërs gemoor met 'n woede wat tot aan die hemel raak. En nou ook nog die gevangenes tot slawe en slavinne maak, miskien wel verkoop? Nee, sê Oded, dink aan jul eie skulde teenoor die HERE. Laat die gevangenes wat julle van jul *broers* weggevoer het, teruggaan. Die Israeliete het sonder ontferming die straf uitgevoer, maar God toon ontferming ook in Sy gerig. Juda is tog Sy volk!

Die woorde van Oded vind ingang. Daar is nog mense in Israel wie se hart ontvanklik is vir die ontdekkende prediking van Oded, en hulle het die leiers van die gevangenes oorreed om hulle terug te stuur. En hulle het dit ook *goed* gedoen: die ellende is groot onder 'n troep gevangenes. Hulle ly honger en dors, hulle is vermoeid en siek, hulle het gebrek aan klere en skoene. Die Israeliete het die vrygelate vroue en kinders van alles voorsien en die vermoeides op esels vervoer!

## § 383 Die Immanuel-teken (Jes. 7 :1-25)

Intussen gaan die oorlog voort. Die Filistyne het wraak geneem vir die slae wat Ussia hulle toegebring het (2 Kron. 26:5, 6). Daar is van Juda min oor behalwe die stad Jerusalem, en daarheen trek Peka en Resin nou op (§ 381). Dit is die tydstip waarop die gebeurtenis van Jesaja 7 moet plaasgevind het: die optrede van Jesaja (§ 364) wat in Konings en Kronieke nie vermeld word nie.

Toe die leërs van Israel en Aram rondom Jerusalem was, het die hart van koning en volk gebewe soos die bome van die bos bewe voor die wind. Die HERE het toe die profeet Jesaja gestuur om Agas gerus te stel. Hy noem Peka en Resin rokende stukke brandhout - hulle lyk gevaarlik, maar beteken niks. Hul plan sal misluk. Daarom moet Agas nie so bevrees wees nie, maar vertroue hê.

Weer sien ons hier die ontferming van God. Agas is baie goddeloos, maar God beloof hom tog uitkoms uit die nood. As bewys van die waaragtigheid van die belofte mag Agas 'n teken vra. Dikwels word om 'n teken gevra uit ongeloof (Matt. 12:38, 39). By Agas moet die vraag om 'n teken voortvloei uit sy geloof in die woorde van Jesaja. Maar Agas het geen geloof in God nie en hy weier die teken uit ongeloof. Hy het, soos ons nog sal sien, ander planne en wil God maar buite die saak hou. Dan gee God self 'n teken: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem. Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is; want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees.

Blykens Matt. 1 :23 is hierdie profesie vervul met die geboorte van Christus. Met hierdie Immanuel-teken het God dus die oog gehad op die koms van Sy Seun in die vlees. Dit is die hoogste en rykste vervulling van die gedagte wat in die naam Immanuel (= God met ons) opgesluit lê. Dit is die sg. regstreekse Messiaanse verklaring. Hierdie vervulling het pas eeue later gekom. Die teken het egter ook betekenis gehad vir sy eie tyd en bevat trekke wat in die dae van Agas vervul is. Die profesie sê ook dat die seuntjie dikmelk en heuning sal eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is, d.w.s. as hy gespeen is, as hy enkele jare oud is. Hy sal dan voedsel kan kry - dieselfde voedsel wat altyd die weelde van

die beloofde land gekenmerk het (Ex 3:8,17 e.a.). Die oorlogsverwoesting van die land sal dan dus verby wees. En waarom? Omdat Peka en Resin die land verlaat het. In hierdie opsig word die teken nie eers eeue later nie, maar binne enkele jare vervul en spreek dit die tydgenote, ook Agas self, teen wil en dank toe. Dan bestaan die teken dus in die geboorte van 'n gewone kind. Dat daar van *maagd* sprake is, hou nie in dat dit 'n "maagdelike" geboorte was nie. Elke moeder is eers maagd. Dit hou net in dat die seuntjie 'n eersgebore kind is. Tot die teken behoort die naamgewing van die seuntjie. In die naamgewing lê 'n geloofsuitspraak wat in lynregte teenstelling staan met die ongeloof van Agas. Sodra die mense in daardie angstyd verneem dat daar êrens (in die koninklike harem?) 'n kind gebore is waaraan die naam Immanuel gegee is, kan hulle maar dink: daar is die vervulling van die woorde wat die HERE deur Jesaja gespreek het!

Hiermee is die betekenis van die belofte egter nie uitgeput nie. Die woord van God het wyer strekking. Die gedagte "God met ons" gee troos in alle nood, ook in die nood van die skepping wat aan die nietigheid onderworpe is. En die troos het gekom deur die geboorte van Christus uit die maagd Maria.

Die bewoording van die Immanuel-teken, die noem van net die moeder, maak hierdie profesie geskik om in betekenis bo sy aanvanklike strekking uit te styg en om 'n profesie te wees van die heil vir die wêreld in Christus Jesus.

Die Immanuel-teken het dus 'n dubbele betekenis: 'n aanvanklike en engere betekenis vir die mense in wie se tyd dit uitgespreek is en 'n hoëre wat in Mattheüs genoem word.

## § 384 Die einde van die oorlog (2 Kon. 15:29; *16*: 9)

Intussen gaan die oorlog voort. Die twee konings beleër Jerusalem. Nou voer Agas sy eie planne uit: hy stuur boodskappers na Tiglat-Pileser om te sê: Ek is u dienaar en u seun; kom op en verlos my uit die hand van die koning van Aram en uit die hand van die koning van Israel wat teen my veg. Met die boodskap gaan geskenke saam: tempelskatte en paleisskatte!

Die koning van Assirië kom met graagte; dis juis 'n kolfie na sy hand! Hy trek op teen Damaskus, verower dit en voer die inwoners in ballingskap weg. Resin word gedood. Hy trek ook op teen Israel en verower die hele noordelike deel - Gilead en Galilea en Naftali (2 Kon. 15:29; vgl. met 1 Kon. 14:20) - en voer die mense in ballingskap weg na Assirië, na Halag en Habor en Hara en die rivier van Gosan (1 Kron. 5:6, 26).

Die Aramees-Efraimitiese oorlog het nie die gewenste gevolge gehad nie. Tiglat-Pileser dra die sege weg, oor Aram, oor Israel en ook oor Juda! Want Agas is nou sy vasal. Nòg die anti-Assiriese politiek van Peka nòg die pro-Assiriese politiek van Agas het voordeel opgelewer. Daarom sê Jesaja: As julle nie glo nie - voorwaar, julle sal nie bevestig word nie! Glo in God - dis die enigste raad wat Jesaja kan gee (7:9) en steeds nadrukliker sal gee: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag (30:15). Nie meedoen aan die internasionale politiek nie! Die enigste resultaat van die politieke intriges is dat die weg vir Tiglat-Pileser se veroweringsplanne gebaan word. Assur is die roede van die toorn van God oor Sy sondige volk (Jes. 10:5).

## § 385 Agas vasal van die koning van Assirië (2 Kon. 16:10-20; 2 Kron. 28: 20-27)

Ná sy oorwinning slaan Tiglat-Pileser sy koninklike setel op in die pas verowerde stad Damaskus. Daarheen gaan Agas om sy helper te ontmoet, te huldig en te dank vir sy hulp. Dit was sy plig. Van verskeie oorwonne konings lees ons in inskripsies en sien ons op beeldhouwerke dat hulle aan hul oorwinnaars nederige hulde kom bring. Nou was Agas wel nie 'n oorwonnene nie, maar hy kon dit tog nie waag om die nodige eerbiedsbetoning aan die

groot koning van Assirië te versuim nie.

In Damaskus sien Agas 'n altaar wat sy aandag trek. Dit moet die altaar van Rimmon gewees het, die god wat ons uit die geskiedenis van Naäman ken (2 Kon. 5:18). Rimmon is 'n natuurgod, die god van storm en onweer; sy naam beteken "donderaar". Nie alleen in Aram nie, maar ook in die lande rondom is hy vereer onder name soos Ramman, Hadad, Hadad-Rimmon of gewoon Baal.

Volgens vers 16 was die altaar besonder groot. Agas gee die mate noukeurig aan die priester Uria (§ 379) met die opdrag om presies so 'n altaar te maak. As Agas uit Damaskus terugkom, het Uria (dieselfde wat in Jes. 8:2 genoem word) die altaar gereed. Agas het dit self in gebruik geneem: hy het daarop geklim, offerbloed daarteen gegooi en verskillende offers gebring. Dit is nou die godsdienstigheid van hierdie goddelose koning: self as priester optree! Dis dieselfde sonde as dié van sy grootvader Ussia. Ussia is daarvoor oombliklik gestraf. Agas nie. Die kind van God word gekasty, die goddelose spaar sy sondes op tot die dag van die gerig!

Uria het die altaar wel goed volgens tekening gebou, maar die plek wat hy daaraan gee, is nie na Agas se sin nie. Hy het die nuwe altaar so geplaas dat die bestaande altaar tussen die tempel en die nuwe een staan. Die plek is te prominent vir die altaar van die HERE! Agas laat dit verskuif sodat sy altaar meer in die sentrum staan.

As vasal van Assirië moes Agas natuurlik tribuut lewer. Om aan die eise van sy heer te voldoen, het Agas die tempel geplunder (vgl. § 384). Hy het die sluitplate van die afspoelwaentjies (2 Kron. 4:14) weggesny; ook het hy die see (2 Kron. 4:2-5) van die twaalf beeste waarop dit gestaan het, afgelig en dit op 'n klipvloer gesit. Moes die koperbeeste na Assirië? Daar was ook "'n oordekte gang vir die sabbat" (v. 18). Waarskynlik was dit 'n koninklike sitplek of verhoog (2 Kon. 11:14), iets wat by koninklike majesteit gepas het. Agas het dit verwyder "ter wille van die koning van Assirië". Dit kan beteken dat die koning van Assirië van oordeel was dat 'n vasal van hom nie so baie luister mog vertoon nie. En die vasal moes hom skik na die luime van sy heer. Agas wou nie 'n koning van God wees nie; dan moet hy die vernederinge van 'n aardse opperheer verdra!

In dié staat van onderdanigheid kon Agas nog 'n tyd lank regeer en het hy ook gesterwe. Sy seun Hiskia het in sy plek koning geword.

## Die Einde van die Tienstammeryk

### § 386 Hosea laaste koning van Israel (2 Kon. 17:1,2)

Die laaste koning van die tienstammeryk was Hosea. Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, maar nie soos die konings van Israel wat voor hom was nie. Die laaste koning was nie die slegste nie! Tog was ook hy 'n usurpator en het sy regering as moordenaar begin: hy het 'n sameswering gesmee teen Peka, hom gedood, en in sy plek koning geword.

Wat die rede van hierdie revolusie was, word nie gesê nie, maar ons moet dit ongetwyfeld sien in die raam van die internasionale politiek, d.w.s. in die teenstelling van anti- en pro-Assiriese houding. Peka se beleid was uitgesproke anti-Assiries. Dit het gefaal. Nou moet daar 'n ander regering kom met 'n ander beleid. In demokratiese Westerse lande geskied dit deur 'n verkiesing wat die bewind in die hande van 'n ander party gee; in die antieke Ooste geskied dit op 'n meer bloedige wyse. Die medestanders van Hosea probeer dit nou met 'n pro-Assiriese politiek, in die lyn van Agas dus. In sy annale skryf Tiglat-Pileser ook oor hierdie troonswisseling en sê dat hý *A-u-si* (Hosea) as koning oor hulle aangestel het. Dit is 'n bietjie grootsprakerig gesê, maar bevat tog hierdie waarheid dat die Assiriese koning tevrede

was met die uitslag van die revolusie en dat hy Hosea as 'n vasal erken wat hom goedgesind is. (Vgl. die geval van Menahem, § 376.)

Natuurlik moes Hosea skatting betaal!

## § 387 Die val van Samaria(2Kon.l7:3-6)

Inmiddels het Tiglat-Pileser III, oor wie ons telkens gespreek het, gesterf en is opgevolg deur sy seun Salmaneser, wat slegs enkele jare geregeer het. Die troonswisseling het Hosea (en sekerlik ook ander vasalvorste) in die verleiding gebring om hul tribuutbetalings te staak in die hoop dat die nuwe koning die magsposisie van sy voorganger nie sou kon handhaaf nie. In hierdie verwagting is Hosea teleurgestel. Salmaneser het teen hom opgetrek. Hosea het sy dienaar geword, waarskynlik deur gewillige onderwerping aan die oormag. Die belasting is toe weer betaal. Dit het dus nie te sleg met Israel afgeloop nie; maar Hosea moet nou versigtig wees!

Dit was hy egter nie. Ná enkele jare het hy sy betalings weer gestaak en, soos Salmaneser gemerk het, boodskappers gestuur na So, die koning van Egipte. Watter koning van Egipte met So bedoel word, is onseker. Miskien moet "na So, na die koning van Egipte", gelees word. *So* is dan 'n pleknaam, naamlik Sais, die residensie van die (ongenoemde) koning van Egipte (Tefnakti?).

Ons kan begryp dat die herhaalde belastings die land finansieel verswak het, dat die drakrag van die volk gebreek was. Egipte kon egter nie help nie. Die koning van Assirië het deur die hele land opgetrek - dit was maar net die middelste stuk van die Wes-Jordaanse bergland wat oorgebly het - en die hoofstad Samaria beleër. Twee keer het Samaria 'n beleëring deurstaan (1 Kon. 20:1; 2 Kon. 6:24); hierdie keer skenk die HERE geen verlossing nie, en ná 'n beleëring van drie jaar word die stad ingeneem. Dit was in die jaar 721 v.C. Sargon het inmiddels koning van Assirië geword.

Die bevolking van Israel is weggevoer na Assirië. Daar kon hulle woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië. Hosea word gevange geneem en in die gevangenis gebind; of hy gedood is, word nie vermeld nie.

## § 388 Die oorsake van die ondergang van Israel (2 Kon. 17: 7-23)

Op die vraag wat die oorsake van die ondergang van die tienstammeryk is, kan tweërlei antwoord gegee word. Die een antwoord is: Die opkoms van die militêre staat Assirië, wat sy krag in verowerings gesoek het. Die een staat ná die ander is onderwerp en die kleine Israel was hierteen nie opgewasse nie. Die ander antwoord is: Die Israeliete het gesondig teen die HERE hulle God, wat hulle uit Egipteland laat optrek het, en hulle het ander gode gedien. Dit is 'n oortreding van die eerste gebod. Die HERE het gewaarsku deur die diens van profete, maar hulle het nie geluister nie en hul nek verhard. So het die HERE dan baie toornig op Israel geword en die hele geslag van Israel verwerp.

Dis die antwoord wat die Ou Testament gee. Natuurlik het God die mag van die Assiriërs gebruik om Israel te verdelg, maar Hy is nie daartoe gedwing nie. Hy het dikwels bewys dat Hy uitredding kon skenk, maar het dit ten slotte nie meer gedoen nie, omdat Hy Israel verwerp het.

## § 389 Die toestande in Israel ná die val van Samaria (2 Kon. 17: 24-41)

Dat die koning van Assirië Israel in ballingskap weggevoer het, beteken nie dat daar nie een Israeliet in die land oorgebly het nie. Sargon self berig in sy annale dat sy buit bestaan het uit

vyftig strydwaens en 27,290 gevangenes. Hier en daar het mense, wellig van die armeres, agtergebly. In v. 29 word hulle Samaritane genoem. Dit beteken mense uit Samaria, hetsy die stad of die land Samaria. Dit is die enigste keer dat die naam Samaritane in die Ou Testament gebruik word. Die naam het toe nog nie die betekenis gehad wat dit in die Nuwe Testament het nie (kyk § 390).

Ná die ontvolkte gebied van Israel bring die koning van Assirië, naamlik Sargon (en ook latere konings soos Esar-Haddon, Esra 4:2, en Asnappar, 4:10; dit is Assurbanipal) mense uit ander verowerde lande om daar te woon. Dit het die Assiriërs nie net met Israel gedoen nie, maar ook met ander verowerde lande. Dit is die sg. deportasiepolitiek, wat ten doel het om die eenheid van die groot ryk, wat uit verskillende volke bestaan het, te bevorder; nasionale gevoelens moes deur hierdie metode uitgewis word, sodat die mense niks anders was en wou wees as onderdane van die groot koning nie.

Die nuwe bewoners het die HERE egter nie gevrees nie, d.w.s. hulle het die HERE nie met offers en feeste en ander verpligtinge vereer nie. Reeds op heidense standpunt was dit 'n groot onagsaamheid, want daar bestaan mos 'n noue verband tussen 'n god en sy land! (1 Sam. 26:19; 2 Kon. 5:17). Maar ook vir die HERE self was dit aanstootlik dat Hy in Sy land nie meer gedien word nie. Hy straf met 'n leeuplaag. Leeus was nog nooit heeltemal uitgeroei nie (1 Kon. 20:36), maar in die ontredderde toestand van die land het hulle weer toegeneem en brutaler geword. Die slagoffers val veral onder die ingevoerde vreemdelinge. Klagtes word na die koning gestuur met vermelding van die oorsaak daarby: die leeus maak hulle dood omdat hulle die verpligtinge teenoor die God van die land nie ken nie.

Die koning kies die, volgens heidense beskouing, regte middel: een van die weggevoerde priesters moet daarheen gaan om hulle die verpligtinge te leer. Die priester wat gestuur word, kan eintlik nie anders as 'n priester van die kalwerdiens gewees het nie. Inderdaad gaan hy in Bet-el woon. As hy nou die mense gaan leer hoe om die HERE te vrees, dan doen hy dit volgens die gebruike van die kalwerdiens! Nou gaan die sonde van Jerobeam, die seun van Nebat, nog aan, ook ná die ondergang van die volk! Van enige reaksie hierop van die kant van God lees ons niks nie. God kan ook swyg in Sy toorn! (Jes. 57:11). Intussen het die ingevoerde heidene ook hul eie gode vereer. Hulle het "die HERE gevrees" en hul eie gode gedien (v. 33).

Tot sover gaan die beskrywing van wat gebeur het; dan begin in vers 34 'n beoordeling van die gebeurtenisse deur die geskiedskrywer. Die eerste wat hy sê, is: Hulle vrees die HERE nie. Die vermenging van godsdienste (sinkretisme) maak die diens van die HERE waardeloos, te meer waar dit ook nog kalwerdiens was. Om hierdie veroordeling te staaf, gryp die geskiedskrywer terug na die wet en die gebod wat die HERE die kinders van Jakob beveel het, en na die verbond wat die HERE met hulle gesluit het, die verbond van Sinai. Uit hierdie argumentering blyk dat die geskiedskrywer in sy beoordeling van die toestande op godsdienstige gebied, die Israeliete op die oog het, nie die gemengde bevolking nie, want met hulle het die HERE geen verbond gesluit nie. Met "hulle" in v. 34 en ook weer in v. 40 word dus die agtergeblewe Israeliete bedoel. Al woon hulle te midde van heidene, word hulle tog nog beoordeel na die suiwere maatstaf van die wet van die HERE, in die besonder van die eerste gebod.

Ná die beoordeling (v. 34-40) sluit die geskiedskrywer af met die vermelding van die sinkretisme van die nasies wat daar saamwoon.

## § 390 Die Samaritane

Die nasies wat die Assiriërs na Israel gebring het, het tesame met die oorgeblewe Israeliete in die loop van die tyd die Samaritane gevorm, van wie ons in die Nuwe Testament lees.

Opgemerk moet word dat die sinkretisme wat daar in die begin van hulle ontstaanstyd was, tog later - in die dae van Jesus - nie meer daar is nie. Deur watter proses van gebeurtenisse dit gekom het, is onbekend.

Hulle het die Pentateug (die vyf boeke van Moses) aanvaar as hulle Heilige Skrif. Dit kon nie met veelgodedom gepaard gaan nie! En onder al die haatlikheid van die kant van die Jode is dit hulle ook nooit verwyt nie.

## § 391 Oorsig

| | |
|---|---|
| Sagaria, | laaste koning uit die huis van Jehu, vermoor deur Sallum; |
| Sallum, | vermoor deur Menahem; |
| Menahem, | hy steun op Assirië; |
| Pekahia, | seun van Menahem, vermoor deur Peka; |
| Peka, | in oorlog met Agas van Juda, vermoor deur Hosea; |
| Hosea, | laaste koning van Israel, word gevange geneem deur die Assiriers;<br>val van Samaria, 721 v.C. |

# Hiskia Koning van Juda

## § 392 Sy lewenshouding (2 Kon. 18:1-6; 2 Kron. 29:2)

Ná die dood van koning Agas het sy seun Hiskia in sy plek koning geword. Hy het gedoen wat reg was in die oë van die HERE net soos sy vader Dawid gedoen het. Hy het op die HERE, die God van Israel, vertrou, sodat onder al die konings van Juda ná hom (kyk egter ook 2 Kon. 23:25) en dié wat voor hom gewees het, niemand soos hy was nie. Ja, hy het die HERE aangehang sonder om van Hom af te wyk, en Sy gebooie onderhou wat die HERE Moses beveel het. Hy was 'n teokratiese koning in die volle sin van die woord. Daar is dus 'n baie groot teenstelling tussen hom en sy vader. Hiskia het dan ook dadelik as reformator opgetree. Sy vader het die tempel toegesluit, Hiskia het dit weer oopgemaak en die erediens herstel; hy het die verbond met die HERE hernuwe; ook is die pasga weer gevier (2 Kron. 29, 30); die diens van die stam van Levi in die tempel het hy opnuut georganiseer (2 Kron. 31). Die regering van Hiskia is 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die teokrasie, van die Godstaat met suiwere tempeldiens as die middelpunt. Hiskia het dan ook die hoogtes afgeskaf. Vroeëre konings van Juda wat wel gedoen het wat reg is in die oë van die HERE, het dit nie gedoen nie (Asa, 1 Kon. 15:14; vgl. egter ook 2 Kron. 14:3, 5; Josafat, 1 Kon. 22:44; vgl. egter ook 2 Kron. 17:6; Joas, 2 Kon. 12:3; Amasia, 2 Kon. 14:4; Asarja, 2 Kon. 15:4; Jotam, 2 Kon. 15:35). Hiskia is die eerste koning wat dit doen, waarskynlik onder invloed van die profeet Miga (1:5) wat gedurende sy regering opgetree het (Jer. 26:18).

Die hoogtediens is 'n Kanaänitiese gebruik by die Baäldiens met sy klippilare en heilige boomstamme. Die Kanaäniete het hulle gode, wat natuur- en vrugbaarheidsgode was, ook wel in tempels (2 Kon. 10:26; 11:18), maar origens graag in die natuur self op berge en onder geboomte vereer. God het Sy volk beveel om die hoogtes te verniel (Deut. 12:2), maar Israel het dit nie altyd gedoen nie; soms het Israel die hoogtes gebruik as middel om die HERE te dien (1 Kron. 3:2; 2 Kron. 33:17); ook Samuel het dit gedoen (1 Sam. 9:12). In daardie geval is hulle nie so afgodies nie. Dit verklaar die verskillende berigte uit Konings en Kronieke oor Asa en Josafat (kyk hierbo). Aan die hoogtediens was egter altyd die gevaar verbonde dat ook ander gebruike sou insluip. Veral ná die tempelbou verval die verontskuldiging wat in 1 Kon. 2:3 genoem word. Die afskaffing van die hoogtes is 'n religieuse suiwering wat by die optrede van Hiskia pas.

Ook in sy verdere lewe toon Hiskia dat sy vertroue op die HERE was, naamlik in sy siekte en gedurende die aanval van Assirië op Jerusalem. Dit wil nie sê dat hy sonder sonde was nie, maar as kind van God het hy hom ook bekeer (2 Kron. 32:25, 26). Die HERE was met hom, sodat hy voorspoedig was in al sy werk.

## § 393 Die politieke bedrywighede van Hiskia (2 Kon. 18:8; 20 :12-19; 2 Kron. 32: 31)

Die groot gebeurtenis in die dae van Hiskia was die aanval van die Assiriese koning Sanherib op Jerusalem. Hierdie aanval was te verwagte. Hiskia het geregeer gedurende die geweldige magsuitbreiding van die Assiriese ryk. Hy was 'n tydgenoot van Salmaneser, Sargon en Sanherib. Die ideaal van die Assiriese konings was om hul ryk uit te brei van die Persiese Golf tot by die kuste van die Middellandse See, ja, tot in Egipte. Die kleinere state in die weste moes kies tussen stryd en verdediging teen die militêr so sterke Assirië of gewillige onderwerping aan Assirië, wat hulle dan tot tribuut-belaste vasal-state gedwing het. Ook Israel en Juda het voor dié keuse te staan gekom. Israel was beurtelings pro- of anti-Assiries (vgl. o.a. § 386) en het die stryd verloor. In die jaar waarin Sargon Salmaneser opvolg, val Samaria (721 v.C). Agas, die vader van Hiskia vas pro-Assiries; hy het die hulp van Assirië ingeroep teen Peka en Resin en daarmee die Assiriërs in sy koninkryk ingesleep. Formeel was Hiskia, toe hy sy vader opgevolg het, vasal van Assirië. So het Sanherib dit beskou. Maar Hiskia het in opstand gekom teen die koning van Assirië en hom nie gedien nie (2 Kon. 18:7). Onmiddellik op hierdie mededeling volg (v. 8): Hy het die Filistyne verslaan. Ons kan veilig aanneem dat die stryd met die Filistyne in verband staan met die hele situasie van Hiskia se tyd. Die Filistyne het voor dieselfde keuse gestaan as Juda, en vir Hiskia was dit belangrik hoe hulle sou kies, want hulle was sy naaste bure, en pro-Assiriese bure was gevaarlik vir hom. As ons in Jes. 20:1 lees dat Sargon, die koning van Assirië, die tartan ('n leëraanvoerder) na Asdod gestuur het en dat dié Asdod ingeneem het, blyk daaruit dat die koning van Assirië die politieke houding van die Filistyne belangrik genoeg vind om militêre pressie daarop uit te oefen. Hiskia van sy kant het dit gedoen in anti-Assiriese sin.

## § 394 Padi

Die reg om soveel betekenis te heg aan die mededeling van 2 Kon. 18:8 ontleen ons aan berigte van Sanherib self. In een van sy gedenkskrifte (die sg. Taylor-prisma) vertel hy dat verskillende lande gedurende sy derde veldtog (dit is die veldtog waartoe ook die aanval op Jerusalem behoort) ryk geskenke as bewyse van onderwerping aan hom gestuur het. Van die Filistynse stede noem hy net Asdod, wat deur Sargon reeds makgemaak was. In Askelon het hy 'n opstandige koning gevange geneem en sy voorganger, wat pro-Assiries was, weer op die troon geplaas. Van Ekron vertel hy dat die magistraat aldaar hulle koning Padi, wat 'n bond- en eedgenoot van Assirië was, met ysterboeie gebind en aan Hiskia van luda vyandiglik uitgelewer het. Dit was daar 'n Anti-Assiriese revolusie. Blykbaar het Ekron Jerusalem beskou as 'n veilige plek waaruit Padi nie verlos sou kan word nie. In die vervolg van die gedenkskrif sê Sanherib dat hy Padi uit Jerusalem laat uitkom het en dat hy hom weer as koning van Ekron aangestel het. Dit wek die indruk dat Sanherib in Jerusalem was om Padi te verlos. Ons weet dat dit nie die geval was nie. Met 'n bietjie bluf druk Sanherib hom so uit. Hiskia het bang geword by die nadering van Sanherib en Padi daarom maar losgelaat.

Hiskia het hom dus diep ingemeng in die internasionale politiek van sy tyd. Dit was nie volgens die raad van Jesaja nie (kyk § 384).

Ook die ontmoeting met die gesante van Berodag-Baladan, 'n erfvyand van Assirië, wat net soos sy siekte voor die aanval van Sanherib geplaas moet word, moet in hierdie politieke lig gesien word. Hiskia is hieroor dan ook deur Jesaja bestraf (2 Kon. 20:14 e.v.). Die oordeel van 2 Kron. 32:25, nl. dat Hiskia hoogmoedig geword het, hou ongetwyfeld verband met sy eiemagtige politieke optrede, v. 31.

## § 395 Die aanval van Sanherib (2 Kon. 18:13 e.v.; 2 Kron. 32; Jes. 36)

Nadat 2 Kronieke breedvoerig vertel het van die reformasie van Hiskia (29-31) volg daar: Ná hierdie dinge en hierdie bewyse van getrouheid het Sanherib, die koning van Assirië, gekom en Juda binnegedring en die vaste stede beleër.

Beloon God die trou van Hiskia dan so?

Nie met die aanval van Sanherib en sy aanvanklike welslae nie, maar met die hele gebeurtenis van die aanval, die smadelike neerlaag inkluis! Assirië het die tienstammeryk vernietig. Assirië is die roede van God se toorn (Jes. 10:5), maar hy mag hom nie inbeeld dat hy kan maak soos hy wil nie! Hy mag nie spog op sy krag nie. En dit het hy gedoen.

Sanherib het sy laer opgeslaan in Lagis, wes van Jerusalem. Van daar stuur hy drie maarskalke (die tartan, die rabsaris en die rabsake) met 'n swaar leër na Jerusalem. Die poorte is gesluit. Hiskia stuur drie van sy vernaamste hoogwaardigheidsbekleërs na die muur om te hoor wat die Assiriërs te sê het. Hulle sê dat dit dwaasheid is om te probeer weerstand bied. Hoe baie volke en state het nie reeds die onderspit teen hom gedelf nie! Hy verlei hulle tot oorgawe; dan sal hy aan die mense van Juda 'n heerlike lewe gee in 'n land soos hulle land, 'n land van koring en mos, 'n land van brood en wingerde, 'n land van olyfbome en heuning; maar as hulle weerstand bied, sal hulle verloor en sterf. Dit is 'n verleidelike mooi voorstelling van die deportasiepolitiek wat Israel reeds ondervind het. Ook vir 'n magtige koning soos Sanherib is 'n gewillige oorgawe altyd geriefliker as 'n langdurige beleg.

Die bose angel in die woorde van die Assiriërs is dat hulle God self in Sy eer aantas. Die rabsake beweeg hom ook op religieuse gebied. Hy sê dat Juda nie op die HERE moet vertrou nie, want sy hoogtes en altare is mos deur Hiskia verwyder. Hy weet dus van die reformasie van Hiskia en dink dat Hiskia daarmee sy God vertoorn het. Hier vergis Sanherib hom. Maar sy kardinale fout maak hy as hy sê dat die gode van die nasies hulle nie uit die hande van die Assiriese konings kon red nie en dat ook die HERE Juda dus nie sal kan red nie. Met hierdie woorde bring hy die eer van die HERE in die spel.

Tot twee maal toe het die Assiriërs voor die mure van Jerusalem verskyn, selfs met 'n brief, waarin Sanherib sy godslasterlike uitdagings "swart op wit" gesit het.

## § 396 Die optrede van Jesaja (2 Kon. 19 :1-7; 2 Kron. 32:20; Jes. 37:21-35)

Hiskia het die brief voor die aangesig van die HERE uitgesprei en ook boodskappers gestuur na Jesaja. Hiskia het Jesaja goed geken, want Jesaja het ook al onder sy vader Agas opgetree. Jesaja het onmiddellik die antwoord van die HERE gereed, die woord wat die HERE spreek oor Sanherib: Die jonkvrou, die dogter van Sion, verag jou, bespot jou; agter jou skud die dogter van Jerusalem die hoof. Wie het jy gesmaad en gelaster? En teen wie het jy die stem verhef en jou oë hoogmoedig opgehef? Teen die Heilige van Israel!

Aan die boodskappers van Hiskia sê Jesaja dat hulle vir Hiskia moet sê: So spreek die HERE: Vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Assirië My gelaster het nie. Duidelik openbaar God hier dat Hy nie gelykstaan met die gode van die volke nie. En wat die koning van Assirië betref - God sal hom maklik keer: Ek sal 'n gees in hom gee dat hy 'n gerug hoor en na sy land terugtrek. God sal hom ook straf: Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val.

Dit het, hoewel baie later, ook gebeur. Tydens 'n afgodiese plegtigheid is hy deur twee van sy seuns vermoor. 'n Ander seun, Esar-Haddon, het in sy plek koning geword (2 Kon. 19:37; 2 Kron. 32:21).

## § 397 Die neerlaag van die Assiriërs (2 Kon. 19: 35; 2 Kron. 32: 21)

Tussen die twee gesantskappe in wat die koning van Assirië na Jerusalem gestuur het, het hy 'n aanval gemaak op 'n ander vesting ten weste van Jerusalem, naamlik Libna. Dit is moeilik vas te stel of hy toe ook nog 'n leër rondom Jerusalem gehad het; in elk geval is sy leër - dit mag wees rondom Jerusalem of rondom Libna - deur 'n engel van die HERE vernietig. Een engel van die almagtige God het dit gedoen! Hy het in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtigduisend verslaan; hy het al die dapper helde en bevelhebbers en owerstes verdelg, sodat die koning van Assirië met 'n beskaamde aangesig na sy land teruggegaan het.

'n Mens vra graag hoe die engel die vernietiging van so 'n groot leër bewerk het. Het hy hulle eiehandig gedood? Dit is nie onmoontlik nie. Hy kan egter ook van middele gebruik gemaak het. As dit die geval was, word gewoonlik gedink dat dit 'n pes-epidemie was. Toe die HERE ná die sondige volkstelling van Dawid die volk met pes gestraf het, het Hy daarvoor ook 'n engel gestuur (1 Kron. 21:15). In die Sanherib-verhaal word egter niks van 'n pes gesê nie. Boonop sou 'n pes-epidemie as 'n natuurlike middel, deur die engel gebruik, seker enkele dae geduur het om so baie slagoffers te maak. Die ramp het egter in een nag plaasgevind. Ons moet nie vergeet dat die HERE gesê het: Ek sal 'n gees in hom gee, dat hy 'n gerug hoor en na sy land terugkeer. Dit is dus die rede van sy terugkeer. En daar was ook so 'n gerug, naamlik dat Tirhaka, die koning van Kus, uitgetrek het om teen hom te veg. Wat die oorsprong van die gerug was, weet ons nie. Vergelyk in hierdie verband 2 Kon. 7:6. Die gerug was waarskynlik heeltemal ongegrond en uit die lug gegryp, want daar staan: Ek sal 'n gees in hom gee, dat hy 'n gerug hoor. Dan is die verneem van die gerug 'n psigologiese ervaring wat God in die gemoed van die Assiriërs bewerk het, en dit het hulle dan paniekerig gemaak. In die paniekstemming het hulle mekaar dan in die nag as vyande beskou en mekaar gedood. Van hierdie middel het God meermale gebruik gemaak (kyk Rigt. 7:22; *2 Kon. 7:6; 2* Kron. 20:23). Hierdie middel werk ook baie vinnig! Om die verwarde geestesgesteldheid en paniekstemming te bewerk, kan God ook die engel gestuur het. Die koning met sy groot mond en brutale gebral vlug dan vir 'n *gerug,* wat hy in die *gees* gehoor het! Nie minder ironies is die slotsin van die verhaal: en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak - was dit almal dooie liggame!

## § 398 Die siekte van Hiskia (2 Kon. 20 :1-11; 2 Kron. 32:24; Jes. 38)

Die siekte van Hiskia val in die middel van sy regering: hy het ná sy genesing nog vyftien jaar gelewe, terwyl sy hele regering nege-en-twintig jaar geduur het. Omdat Hiskia by die belofte van sy genesing ook die belofte ontvang van redding uit die mag van Assirië, sal ons kan aanneem dat die siekte hom getref het voor die neerlaag van Sanherib. Die volgorde van die Bybelse verhale is dan nie chronologies nie, wat meermale gebeur. Die rede hiervoor kan nie anders wees nie as dat die inval van Sanherib die alles oorheersende groot feit in die regering van Hiskia was; groot nie net in politieke opsig nie, maar ook in die geskiedenis van die openbaring. Terwyl die koninkryk van Israel juis in Hiskia se tyd vernietig word, is daar vir Juda en Jerusalem nog 'n toekoms! Waarom? Ter wille van My, sê die HERE, en ter wille van My kneg Dawid (20:6). Hierdie laaste woorde beteken in hul verste strekking selfs: ter wille van die Dawid-seun, die Christus.

Terselfdertyd blyk uit hierdie chronologiese opvatting dat Hiskia in die moeilike tyd van die Assiriese dreiging die belofte van verlossing geken het. Dit het hom die krag gegee om hierdie moeilike tyd gelowig deur te kom.

Die siekte van Hiskia was 'n sweer; dit het so 'n omvang aangeneem dat sy lewe bedreig is: hy het dodelik siek geword. As Hiskia daar so lê terwyl die dood hom in die gesig staar, kom Jesaja by hom, ongeroepte maar deur God gestuur, met die boodskap dat hy nie sal genees

nie, maar sal sterwe; hy moet "bevel aan sy huis gee", d.w.s. sy sake regmaak. Dit is te meer van belang omdat sy huis 'n koninklike huis is. Nou word ons oor die huis van Hiskia min meegedeel. Ons weet egter dat toe sy seun Manasse hom later opgevolg het, hierdie seun nog maar twaalf jaar oud was. Toe Hiskia siek was, was sy opvolger nog nie gebore nie! Die opdrag: "Gee bevel aan jou huis," het dus 'n besonder ernstige betekenis gehad: die kwessie van opvolging was daarby betrokke.

Hiskia reageer op hierdie harde boodskap soos dit by 'n vroom gemoed pas: hy bid. Hy was nog jonk, "in die bloei van my dae" (Jes. 38:9); hy het gestaan in die midde van 'n moeilike tyd; hy wou graag bly lewe. Daarom het hy bitterlik geween. Opvallend is sy pleitrede: dat hy voor God se aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het. Tog is dit nie 'n pleitrede op eie goeie werke nie, maar op beloftes wat God gegee het (kyk Deut. 18:5). Trouens, Hiskia het geweet dat hy 'n Borg nodig gehad het (Jes. 38:14).

Onmiddellik kry Hiskia verhoring: die HERE het sy gebed gehoor en sy trane gesien. Ook die trane het vir God betekenis. Vyftien jaar sal God by sy dae byvoeg. Dit sal gewigtige jare wees, want daarin sal die verlossing uit die mag van Assirië plaasvind. Ook gee Jesaja 'n raad: die dienaars van Hiskia moet 'n vyekoek op die sweer sit; daardeur sou die HERE dan genesing bewerk.

Verbysterd deur die plotselinge verandering vra Hiskia om 'n teken, en hy kry dit; hy kry 'n teken wat onmiddellik verskyn: die agteruitgang van die skaduwee, d.w.s. verlenging van die dag. Dit is dus 'n teken wat by die belofte pas: verlenging van sy lewe! God toon in die teken dat Hy oor die tyd 'n vrymagtige beskikking het.

Hierdie wonderteken kan ons nie verklaar nie. In elk geval moet ons dit nie op 'n klein skaal probeer verklaar nie, bv. deur straalbreking. Dit was 'n wonder op groot skaal, want die gesante van die vorste van Babel (hulle is "wyse manne uit die Ooste", vgl. Matt. 2:1), het later na Hiskia gekom om ondersoek na die teken te doen (2 Kron. 32:31); hulle het dit dus in Babel waargeneem! Ons kan hierdie wonder vergelyk met die in Josua 10.

## § 399 Die Siloa-tonnel

Koning Hiskia het te midde van die dreigende oorlogsgevaar baie gedoen tot versterking van die vesting Jerusalem: hy het die hele muur opgetrek wat afgebreek was, torings gebou en ook 'n buitemuur; hy het Millo versterk en wapens in menigte laat maak (2 Kron. 32:2). Tot die versterking van 'n stad behoort ook die watervoorsiening en die wegneming van water buite die stad waarvan die vyand anders gebruik sou kan maak (2 Kron. 32:3, 4). Die groot geheim is om die waters buite die stad in die stad te lei sonder dat 'n vyand die bron kan ontdek. By die opgrawings van verskeie stede is watergange gevind wat hierdie doel gedien het. Dat Hiskia daarin ook geslaag het, kan ons miskien aflei uit 2 Kron. 32:30: Dieselfde Jehiskia het ook die boonste uitloop van die waters van die Gihon toegestop en dit gelei na onder toe, westelik na die stad van Dawid. In aansluiting hierby kan ons verwys na 2 Kon. 20:20 waar vermeld word dat Hiskia "die water in die stad gebring het". Ook in Jes. 22:11 e.v. word gespreek van waterboukundige verdedigingswerke. Jesaja keur dit op sigself nie af nie, maar verwyt die mense van Jerusalem wel dat hulle op hierdie aardse middele vertrou en dat hulle die HERE vergeet So was die mense, ook onder 'n vroom koning!

Vandag nog bestaan die tonnel van Gihon na die ook in Joh. 9:7 genoemde badwater Siloam. In 1880 is vir die eerste keer opgemerk dat daar in die tonnel ook 'n inskripsie was. Uit die inskripsie blyk dat die werksmense van weerskante begin het en dat hulle mekaar ondergronds ontmoet het - 100 el onder die oppervlakte; die tonnel is meer as 500 meter lank.

## § 400 Letterkundige belangstelling van Hiskia

Hiskia het belangstelling gehad vir geleerdes en letterkundiges in sy ryk. Dit blyk uit die opskrif van Spreuke 25 tot 29. Hierdie hoofstukke bevat spreuke van Salomo wat die manne van Hiskia, die koning van Juda, versamel het. Hiskia het dus, wat ons sou noem, 'n "literêre

kommissie" benoem om Spreuke van Salomo wat nog wel bekend was, maar nie êrens opgeneem was nie, te versamel. Deur hierdie werksaamhede het Hiskia 'n instrument in die hand van God geword vir die teboekstelling van die openbaring. Die optrede van die profeet Jesaja, wat met groot letterkundige begaafdhede toegerus was, is stellig nie vreemd aan hierdie werk van Hiskia nie.

Hiskia het self ook digterlike aanleg gehad. Daarvan getuig sy *geskrif* wat hy ná sy siekte opgestel het. Hierdie geskrif is 'n lied wat baie lyk na 'n psalm en in die boek Jesaja opgeneem is (38:9-20). Hierdie lied laat ons 'n blik werp in die persoonlike geloofslewe van Hiskia; laat ons ook iets sien van die voortgang van die Godsopenbaring, van die heilsopenbaring in daardie tyd en van die besinning op die openbaring deur 'n gelowige kind van God. Ons bedoel onder andere die woorde van Hiskia in sy lied: HERE, ek is benoud, wees U my Borg (Jes. 38:14). Die gebed dat God Borg moet wees, vind ons slegs drie maal in die Ou Testament, naamlik hier, in Job 17:3 en in Psalm 119:122. Hierdie uitsprake is 'n duidelike bewys van die besef dat die mens 'n borg nodig het en van die wete dat alleen God so 'n borg kan verskaf. Sowel Hiskia as Job het hierdie uitspraak gedoen te midde van die kwelling van Godverlatenheid wat deur hulle nie net negatief nie, maar ook positief ondervind word deurdat God hulle verbreek en jaag soos 'n leeu (dit doen); Job in 10:16; Hiskia in Jes. 38:13. En noudat ons op hierdie punte van ooreenstemming tussen Job en Hiskia afkom, wil ons ook op nog 'n derde wys: èn ten opsigte van Job èn ten opsigte van Hiskia vind ons die opmerking dat 'n kind van God hoogmoedig kan word, maar omdat hy kind van God is, sal hy hom ook verootmoedig in die hoogmoedigheid van sy hart (2 Kron. 32: 25,26 en Job 36).

## § 401 Die boek Job

Wanneer en deur wie die boek Job geskrywe is, is nie bekend nie. Ons moet in hierdie handboek ook Job, so nie bespreek nie, dan tog ten minste noem. Ons doen dit hier om die verwante gedagtes en die gelyke geestelike klimaat wat ons hierbo tussen die tyd van Hiskia en die boek Job opgemerk het. 'n Ander rede is dat 'n verhewe werk soos die boek Job volgens algemene reël in 'n tyd van literêre bloei geplaas moet word. Nou wás die tyd van Hiskia 'n tyd van letterkundige bloei. Jesaja is die vors onder die profete, en sy geskrifte is majesteitelik van taal. God self verwek sulke mense met literêre aanleg, omdat Hy hulle wil gebruik vir die teboekstelling van Sy openbaring. God kán klippe laat praat (Luk. 19:40), maar gebruik liewer begaafde mense. Dis dus nie onvanpas om die boek Job in hierdie tyd te plaas nie.

Vroeër - en sekerlik baie vroeër - val die tyd waarin die man Job geleef het. In Esegiël 14 word hy genoem in die trias Noag, Daniël en Job.

Die boek Job leer ons wat die roeping van die gelowige is in sy beproewinge. In Jak. 5:11 word gespreek van sy lydsaamheid. Lydsaamheid beteken volharding, d.w.s. dat hy in sy lyde sy God nie losgelaat het soos sy vrou hom aangeraai het nie (2: 9), maar dat hy aanvaar het wat God oor hom laat kom het (1:21; 2:10). Die boek Job gee ons egter ook openbaring aangaande God self, naamlik dat Hy *volkome soewerein* is. Hy handel na Sy vrymagtige welbehae, is geen verantwoording skuldig nie, aan niemand nie. Hy mag Job van alles beroof laat word! Job het die soewereiniteit van God erken met die woorde: Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd (1:21).

In die diepte van sy latere lyde wou Job egter tog met God spreek en antwoord van God op sy vrae hê. God hét met hom gespreek, maar nie sy vrae beantwoord en geen verklaring van Sy dade gegee nie. God het net Sy grootheid getoon en Homself nie geregverdig nie. Op die betoning van God se hoogheid kom Job in twee trappe terug van sy begeerte om verklaring

van God se dade te ontvang. Die eerste is: Ek lê my hand op my mond (39:37); dit beteken dat Job sal swyg. Die tweede is: Nou het my oog U gesien; daarom herroep ek - dit is meer as die voorneme om maar liewers te swyg -en het berou in stof en as. Job kom dus weer by die begin terug (1:21), maar met verdiepe insig. Daarom karakteriseer ons die boek Job as die boek van die soewereiniteit van God.

Daarna het God Job in sy rykdom en gesondheid herstel. God was daartoe nie verplig nie! Dit was, soos Jakobus ons leer (5:11), Sy medelye en ontferming.

### § 402 Die profeet Jesaja

Jesaja, wat sowel om die skone vorm as om die diepe inhoud van sy geskrifte en prediking die vors van die profete genoem kan word, het opgetree in die dae van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia. Die terrein van sy werksaamheid was Juda en Jerusalem. Hy was die seun van Amos. Hierdie naam word in Hebreeus anders geskryf as die naam van die profeet Amos, wat in die dae van Ussia en Jerobeam II opgetree het (§ 369). Ons het hier dus nie te doen met vader en seun nie. Die naam Jesaja beteken: die HERE gee redding. Jesaja was getroud en het twee seuns gehad (7:3; 8:3).

Uit sy optrede tydens die Aramees-Efraimitiese oorlog (§ 380) en die aanval van Sanherib (§ 395), sien ons hoe hy met sy Godspraak in die midde van die spanninge van sy tyd gestaan het. Ook het hy getuig teen sosiale wantoestande (soos Amos in Israel gedoen het): brasserye (5:11), pronksug (3:16-24), regsverkragting en onderdrukking van die armes (3:15, 10:2), oneerlike besitvermeerdering (5:8). 'n Gedagte wat telkens in sy prediking terugkeer, is dié van die heiligheid, die majesteit van God (vgl. sy roepingsvisioen, 6:1-7); Hy is die HEILIGE (5:16; 29:23; 37:23; 40:25; 43:15; 49:7; 57:15), 'n gedagte wat verwant is aan dié van die boek Job.

Die tweede gedeelte van die boek Jesaja (hfst. 40 e.v.) het betrekking op die tyd van die ballingskap en daarna, 'n tyd wat Jesaja nie beleef het nie, maar waarin hy deur profetiese openbaring ingeleef het.

### § 403 Die profeet Miga

Miga is 'n tydgenoot van Jesaja. Hulle woorde kom soms sterk met mekaar ooreen (vgl. Jes. 5:8 met Miga 2:2 en Jes. 2:2-4 met Miga 4:1-3). Baie bekend is Miga se profesie oor die geboorte van die Messias in Betlehem (5:1; kyk ook Matt. 2:5).

Die herinnering aan sy oordeelsaankondiging oor Jerusalem leef nog voort toe die val van die stad naby was (Jer. 26:18).

Ter onderskeiding van die profeet Miga uit die dae van Agab (1 Kon. 22 :8) word hy die Morastiet genoem.

Hy is 'n boetgesant wat dieselfde sondes by die volk opmerk as Jesaja en daarom die gerig aankondig; maar hy is ook heilsverkondiger: die HERE sal koning wees op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid (4:7).

## Manasse en Amon Konings van Juda

### § 404 Hul lewenshouding (2 Kon. 21:1-7; 20-22; 2 Kron. 33:1-7, 12-17, 21-23)

Altwee hierdie konings het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE. Manasse het die reformasie van sy vader Hiskia ongedaan gemaak en die Baäldiens weer ingevoer, soos sy

grootvader Agas gedoen het. Hiertoe behoort die weerinstelling van die heidense hoogtediens met altare vir Baäl en 'n heilige boomstam (vgl. § 149). Hy ewenaar Agab in goddeloosheid (1 Kon. 16:31-33). Maar hy het nog meer oortree! Hy het hom neergebuig voor die hele leër van die hemel - son, maan en sterre (planete) - en hulle gedien. Ons het nog nie vantevore van aanbidding van die hemelliggame in die koninkryk van Juda gelees nie, maar uit 2 Konings 23 kan afgelei word dat Agas reeds daarmee begin het. Dit is gedoen onder Assiriese invloed en in tye van pro-Assiriese gesindheid. Hierdie vorm van afgodery (astraalreligie) met die daarby behorende waarsêery (mantiek) en towery (magie) was van ouds in Babel (en Assur) in swang. Aan Sy volk het God dit streng verbied (Deut. 4:19; 17:3).

Manasse het vir die verering van die hemelliggame altare gebou en dit selfs in die voorhowe van die tempel durf plaas. Verder het hy sy seun deur die vuur laat gaan (Molog-diens), soos **Agas** ook gedoen het (2 Kron. 28:3). Hy het met goëlery en verklaring van voortekens omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel. Vir die godin Asjera, die vroulike ekwivalent van Baal (2 Kon. 23:4; kyk ook Rigt. 3:7; die naam van die "heilige boomstam" is ook asjera; § 151), het hy 'n beeld gemaak (vgl. 2 Kron. 15:16) en dit in die tempel, die huis wat die HERE verkies het om Sy Naam daar te vestig, geplaas. Al die dinge wat Manasse gedoen het, is deur God uitdruklik verbied (Ex. 22:18; Lev. 19:26, 31; 20:6; Deut**.** 18:10,11).

Later het Manasse hom bekeer.

Amon, wat in die weë van sy vader Manasse gewandel het, het hom nie bekeer nie.

## § 405 Die regering van Manasse (2 Kon. 21:16; 2 Kron. 33:11-20)

Oor die veeljarige regering van Manasse (55 jaar) word in Konings maar weinig vertel; eintlik net dit dat hy vreeslik baie onskuldige bloed vergiet het totdat hy Jerusalem van end tot end daarmee gevul het. Hy was 'n bloeddorstige tiran. Die berig van sy baie moorde volg onmiddellik op die berig dat profete hom vermaan het. Ons kan daarom aanneem dat dit die profete was, en volksgenote wat met die profete saamgestem het, wat die slagoffers van sy wreedheid was (Matt. 23:37). Kronieke vertel iets meer oor die gebeurtenisse in Juda tydens sy regering. Omdat Manasse nie na die profete wou luister nie, het die HERE die leërowerstes van die koning van Assirië oor Juda gebring, en dié het Manasse gevang en geboei met hake en koperkettings en hom na Babel (nie na Ninevé nie!) oorgebring. In die benoudheid van sy gevangenskap het hy tot sy God om genade gesmeek en hom diep voor die aangesig van die God van sy vaders verootmoedig. Toe het God hom na Jerusalem in sy koningskap teruggebring, d.w.s. God het die gebeurtenisse en die gesindheid van die Assiriërs so gelei dat hulle Manasse weer vrygelaat het. In Jerusalem teruggekeer, het Manasse militêre versterkings aangelê en sy vroeëre afgodiese instellings verwyder.

## § 406 Assirië in die tyd van Manasse

Gedurende die lang regering van Manasse het die Assiriese ryk voortgegaan met verowerings en gebiedsuitbreiding. Die Assiriese konings uit dié tyd is Esar-Haddon en Assurbanipal. Hulle het die ideaal bereik en Egipte verower, al was dit dan ook nie blywend nie. Die Assiriese leërs wat na Egipte getrek het, moes by Jerusalem verbygaan, en hulle het die sterk vesting ongesteurd gelaat. Dit is waarskynlik te danke aan die feit dat Manasse, in alles die teenbeeld van sy vader, ook in politieke opsig 'n ander koers gevolg het en pro-Assiries was, d.w.s. dat hy hom gewillig aan die magtige Assirië onderwerp het. Hierdie opvatting word bevestig deur Assiriese inskripsies waarin bogenoemde konings melding maak van vasalvorste wat opdragte in hulle diens gewilliglik verrig het. Een van hulle is Me-na-si van Ja-u-di. In hierdie Assiriese skryfwyse kan die naam van Manasse van Juda maklik herken word.

Dat Assiriese leërowerstes Manasse gevange neem, moet beteken dat Manasse tog een keer in opstand gekom het, waarskynlik nie hy alleen nie, maar in samewerking met ander. Die geleentheid daartoe het nie ontbreek nie, omdat ook Babel hom maar moeilik met die Assiriese oorheersing kon versoen. (Ook die gesante wat

Berodag-Baladan na Hiskia gestuur het, is 'n blyk van die intriges van Babel teen Assirië, Jes. 39.) Esar-Haddon het sy seun Assurbanipal as sy opvolger aangewys, maar 'n ander seun met Babel bedeel. Dié wou hom onafhanklik van sy broer maak. Met daardie broer het Manasse miskien geheul! Ná die neerlaag van sy broer het Assurbanipal dan Manasse vir sy ontrou gestraf deur hom in die stad waarop hy sy vertroue gestel het, 'n tyd lank op te sluit!

Van die wegvoering van gevange konings met hake in hul neus kry ons afbeeldings op Assiriese segesuile (kyk ook Jes. 37:29; Eseg. 19:4).

### § 407 Amon (2 Kon. 21:19-26; 2 Kron. 33 :21-25)

Toe Manasse ontslaap het, het sy seun Amon in sy plek koning geword. Hy het maar twee jaar geregeer; toe het sy eie dienaars hom vermoor. Die rede daarvoor word nie vermeld nie. Die volk van die land, die mense uit Juda, het die moordenaars gedood. Hul was dus wel 'n hofkliek, en die wraak van die volk van die land kan beskou word as 'n bewys van gehegtheid aan die huis van Dawid.

Amon is begrawe in dieselfde plek as sy vader: in die tuin van sy huis, in die tuin van Ussa - 'n private besitting wat die koninklike huis deur aankoop kan verkry het.

## Josia Koning van Juda

### § 408 Sy lewenshouding (2 Kon. 22:1,2,25; 2 Kron. 34 :1,2)

Die volk van die land het Josia koning gemaak in die plek van sy vader Amon. Hy was toe 'n seuntjie van agt jaar (vgl. 2 Kon. 11:21) en het natuurlik onder leiding van ander gestaan, wellig van die aansienlikes uit die party wat hom koning gemaak het, die volk van die land. Die eerste blyk van selfstandigwording toon hy as hy sestien jaar oud is en wel hierin dat hy begin om die God van sy vader Dawid te soek. Hy was toe nog jonk, maar het gedurende sy hele lewe voortgegaan soos hy begin het en gedoen wat reg was in die oë van die HERE en geheel en al in die weg van sy vader Dawid gewandel en nie regs of links afgewyk nie. Voor hom was daar geen koning soos hy wat hom tot die HERE bekeer het met sy hele hart en met sy hele siel en met al sy kragte volgens die hele wet van Moses, en ná hom het nie een soos hy opgestaan nie. Hy het dus as Dawidiese en teokratiese koning nog bo Hiskia, van wie 'n dergelike getuienis gegee word (2 Kon. 18:5), in voortreflikheid uitgeblink.

### § 409 Sy reformatoriese optrede (2 Kon. 22:3-7; 23: 4-20,24; 2 Kron. 34:3-13)

Net soos Hiskia (§ 392) was Josia 'n reformator. In sy twaalfde jaar het hy begin om Juda en Jerusalem te reinig van die hoogtes en die "heilige boomstamme" en van die gesnede en die gegote beelde; die altare van die Baäls is omgegooi, die sonpilare (wierookaltare! § 261) is verbreek. Die intense afkeer wat hy van al die afgoderye gehad het, blyk hieruit dat hy die gruis van die vermaalde beelde oor die graftes uitgestrooi het van die mense wat aan hulle geoffer het, en die beendere van die priesters op hulle altare verbrand het. Dit is dade van smaad en veragting vir die afgodery en die afgodedienaars. Josia het sy reinigingswerk voortgesit tot buite die grense van Juda in die vroeëre tienstammeryk (2 Kron. 34:6, 7; 2 Kon. 23:15-20). Hiskia het Israel ook probeer terugroep tot die diens van die HERE, hoewel met geringe welslae (2 Kron. 30:1, 10, 11). Josia doen dit veel kragdadiger. Dit was moontlik omdat die mag van die Assiriërs in sy dae baie agteruitgegaan het en hul greep op die westelike wingeweste verslap het. Miskien het Josia die hoop gekoester om die ongedeelde ryk van vroeër weer te herstel.

In sy agtiende regeringsjaar is die reiniging en restourasie van die tempel ter hand geneem. Hierdie werk is op dieselfde manier aangepak as vroeër deur koning Joas (2 Kon. 12:1-16);

met die uitvoerders en werksmense is nie afgereken oor die geld wat in hulle hand gegee is nie, want hulle het met getrouheid gehandel.

Uit die beskrywing van die reinigingswerk (2 Kon. 23:4-20) blyk hoe groot die verontreiniging was. Die hele apparaat van die diens van Baal en Asjera word vernietig. Die Asjerabeeld wat Manasse in die tempel gesit het (2 Kon. 21:7), word by die Kidron verbrand. Die priesters van Baal en van die astraaldiens (son-, maan- en sterre-verering) het hy gedood, aan die sakrale prostitusie (2 Kon. 23:7) het hy 'n einde gemaak, die vervaardiging van "tente" of "huisies" vir Asjerabeeldjies (vgl. Hand. 19:24) het hy stopgesit en die son-perde en sonwaens, waarmee die omgang van die son gesimboliseer is, het hy vernietig. Selfs was daar nog hoogtes uit die tyd van Salomo, oos van Jerusalem (1 Kon. 11:7, 33), wat hy gebou het vir Astarte, die godin (hier "verfoeisel" genoem) van die Sidoniërs, en vir Kamos, die god ("verfoeisel") van die Moabiete, en vir Milkom, die god (hier "gruwel" genoem) van die Ammoniete en wat by vorige reformasies bly staan het - Josia het hulle nou verontreinig en hulle massebas en asjeras vernietig. (Reste van sulke hoogtes is by opgrawings aan die westekant van Jerusalem gevind.) Die altare wat Agas op die dak van sy huis vir sondiens laat maak het en dié wat Manasse in die voorhowe van die tempel laat maak het - alles roei Josia uit. Hy gaan ook na Bet-el, die sentrum van die kalwerdiens, wat dus nog steeds in gebruik was (§ 389). Om die altare te verontreinig, laat hy mensbeendere uit grafte wat hy daar sien, uithaal om dit daarop te verbrand. Dat hierdie oordeel oor Bet-el sou voltrek word, is reeds deur die man van God uit Juda voorspel (1 Kon. 13:2). Die beendere van daardie man van God word egter nie gebruik om op die altaar te verbrand nie; hulle het dit met rus gelaat. Deur al die stede van Samaria het Josia rondgegaan om die hoogte-altare te verontreinig; die priesters van die altare het hy op die altare geslag. Hy het streng opgetree.

## § 410 Die wetboek gevind (2 Kon. 22:8-23:3; 2 Kron. 34:14-33)

Vir sy krasse maatreëls het Josia nog 'n besondere stimulans gehad. By die opruimwerk in die tempel het die hoëpriester Hilkia die wetboek in die huis van die HERE gevind. Hy gee dit aan Safan, die skrywer, en hy het dit gelees. As Safan by die koning kom om verslag te doen van die restourasiewerk, sê hy ook dat die hoëpriester hom 'n boek gegee het. Waar die Hoëpriester dit gekry het, vertel hy nie. Hy lees dit egter aan die koning voor. Die koning is die eerste wat onder die indruk van die boek kom: hy het van ontsteltenis sy klere geskeur. Hy sien die groot verskil tussen die voorskrifte in die wetboek en die gedrag van die vaders en kan net een gevolgtrekking maak: dat die grimmigheid van die HERE oor Juda groot moet wees! Maar - en dit is 'n trek van ware godsvrug - in sy vrees vir die HERE soek hy skuilplek by die HERE. Hy stuur 'n kommissie van vyf manne, onder wie ook Hilkia en Safan, om die HERE te raadpleeg. Hulle gaan vir hierdie doel na 'n profetes met die naam Hulda. Daar was profete, Jeremia en Sefanja. Maar Hulda was in die stad, die profete miskien op daardie tydstip juis nie. Sy spreek die woord van die HERE, en dit klink presies soos Josia al verwag het: My grimmigheid sal ontvlam teen hierdie stad en nie uitgeblus word nie! Omdat die hart van Josia egter week is voor die aangesig van die HERE, sal die onheil ná die dood van Josia kom, sodat sy oë dit nie hoef te sien nie. Die vroomheid van Josia sal die HERE dus nie weerhou om Sy toorn oor Jerusalem uit te stort nie (2 Kon. 23:25-27).

Josia het daarop al die oudstes van Juda en Jerusalem by die tempel byeen laat kom. Hy self het op die verhoog gaan staan (vgl. 2 Kon. 11:14) en die hele volk, klein en groot, profete, priesters, Leviete - almal het rondom hom gestaan. Toe het die koning al die woorde van die verbondsboek wat in die huis van die HERE gevind is, voor hulle ore gelees. Daarna het die koning - net soos Hiskia gedoen het (§ 392) - die verbond hernuwe. Die hele volk het toegetree tot die verbond om die HERE te volg en Sy gebooie te bewaar, en die woorde van hierdie verbond wat in hierdie boek geskrywe is, te bevestig.

Daarop volg dan die reeds genoemde uitroeiing van die afgodery.

Die feit dat al die woorde van die boek wat gevind is, aan die hele volk, klein en groot, voorgelees is, wettig die vermoede dat dit hier nie gaan om al die vyf boeke van Moses nie, maar om 'n bepaalde gedeelte daarvan. Daardie gedeelte word in die verhaal self "verbonds-boek" genoem (2 Kon. 23:2; 2 Kron. 34:30). Dit is 'n bekende naam van 'n gedeelte van die wette van Moses (kyk § 101). Of dit hierdie gedeelte is wat Hilkia gevind het of 'n ander gedeelte (bv. Deuteronomium) kan nie met sekerheid vasgestel word nie.

## § 411 Die pasga van Josia (2 Kon. 23: 21-23; 2 Kron. 35:1-19)

Ook in die grootse viering van die paasfees loop dié geskiedenis van Josia met dié van Hiskia parallel (2 Kron. 30), en ook hierin het Josia Hiskia oortref, want dit was die grootste pasga wat ooit in die geskiedenis van die volk Israel sedert die dae van die Rigters gevier is.

Plan en uitvoering van die pasga het hoofsaaklik van die koning uitgegaan. Hy moes die priesters aanspoor en versterk (2 Kron. 35:2); ook in die dae van Hiskia was hulle nie so toegewyd as die Leviete nie (2 Kron. 29:34). Uit sy privaatbesit het Josia die paasoffers en ook ander offerdiere verskaf; ook daarin het hy Hiskia oortref (vgl. 2 Kron. 35:7 met 30:24). Die slag van al die diere was 'n omvangryke taak, maar daar was volledige samewerking en toegewyde hulp van die Leviete.

Op die pasga het gevolg die fees van die ongesuurde brode, sewe dae lank.

## § 412 Die dood van Josia (2 Kon. 23:29, 30; 2 Kron. 35:20-27)

Een-en-dertig jaar het Josia geregeer; toe het hy, nog nie veertig jaar oud nie, die dood gevind in die stryd: hy het farao Nego, die koning van Egipte, tegemoet getrek, maar dié het hom gedood by Megiddo net toe hy hom sien. Dit was 'n abrupte einde van 'n godvrugtige lewe! Waarom Josia die stryd met Nego gesoek het, word in die Ou Testament nie vermeld nie; ons kan slegs na die rede gis: Josia het die agteruitgang en ondergang van die gehate Assiriese ryk belewe, daarvan gebruik gemaak om sy eie mag oor die gebied van die vroeëre tienstammeryk uit te brei, en hy wou nie dat Egipte nou weer daar invloed sou kry nie. Sy strewe was egter nie in ooreenstemming met die raad van God nie, soos uit die vervolg van die geskiedenis blyk.

Uit die Ou Testament weet ons slegs dat Nego opgetrek het om te veg by Karkemis aan die Eufraat - die plek waar dit die gerieflikste was om dié rivier oor te trek. Uit die boek Konings verneem ons dat hy opgetrek het teen (of na?) die koning van Assirië. Maar wie was toe koning van Assirië? Ninevé het toe reeds geval. Die oorwinnaar, die koning van Babel, is nou in feite koning, ook van Assirië.

Josia trek Nego tegemoet en kry hom by Megiddo, waar hy hom wil belet om verder noordwaarts op te ruk. Nego waarsku Josia om hom nie lastig te val nie: hy kom nie teen Juda nie maar teen die huis waarmee hy in oorlog is; en, so sê hy, God het gesê ek moet gou maak. Dikwels het die ou Oosterse konings gehandel in die oortuiging dat hulle gode of selfs God, die HERE, hulle stuur (kyk Jes. 36:10). In dié oortuiging sê Nego aan Josia: Verset jou nie teen God wat met my is, dat Hy jou nie vernietig nie. Maar Josia het aangehou en homself onkenbaar gemaak (vgl. ook 1 Kon. 22:30) en die stryd aangebind. Hy het nie geluister na die woorde van Nego uit die mond van God nie. Maar dadelik in die begin van die geveg word hy deur die Egiptiese skutters dodelik gewond. Weliswaar kon Josia moeilik weet dat die woorde van Nego goddelike waarheid bevat het, maar wel kon hy weet dat sy optrede in stryd was met die profetiese raadgewings om in vertroue op God buite die wêreldpolitiek te bly (Jes. 30:15). Dat hy hom vermom het, is 'n bewys dat sy gemoed nie gerus was nie. Sy hele

politieke strewe was nie uit God nie!

Hy het aan sy verwondings beswyk òf reeds in Megiddo (2 Kon. 23:29. 30) òf op die pad terug na Jerusalem (2 Kron. 35:24), en daar is hy in die grafte van sy vaders begrawe. So het Hulda voorsê, maar die vervulling van haar woorde is tog alreeds omring deur die onheil waarvan sy ook gespreek het. Besonder groot was die rou van die volk oor die vroegtydige dood van hul geliefde koning. Met klaagliedere is sy dood betreur. Ook Jeremia het so 'n klaaglied op hom gedig. Die dood van Josia was nog lank daarna 'n geliefkoosde onderwerp vir die Judese sangers en sangeresse.

### § 413 Josia in die lys van sy tyd

Josia leef te midde van groot verandering in die toenmalige wêreldsituasie. Die Assiriese ryk gaan te gronde, Babel kom in sy plek; Egipte het tot nuwe magsontplooiing gekom.

Die laaste wat ons in die Bybelse berigte oor Assirië gehoor het, is dat Assiriese leërowerstes Manasse gevange geneem het. Hy is later weer vrygelaat Gedurende die laaste jare van Manasse en die regering van Josia het die Assiriese ryk sy ondergang tegemoet gegaan. In 'n nimmer bevredigde veroweringsug het dit homself ooreis. Bowendien het dit met sy wrede metodes geen enkele onderworpe volk tot sy vriende kon maak nie. Assurbanipal was die laaste magtige koning van Assirië. Sy opvolgers was nie opgewasse teen binne- en buitelandse moeilikhede nie. Tot die moeilikhede behoort die altyd weer oplewende verset van Babel teen die Assiriese oorheersing. 'n Na-neef van Berodag-Baladan wat ons uit die geskiedenis van Hiskia ken, met die naam Nabopolassar, het in Babel koning geword en daar die Chaldese dinastie gestig. Hy was die vader van Nebukadnesar.

Nabopolassar het 'n verbond met die Meders gesluit. Die Meders het lank gesug onder die juk van Assirië, maar onder die regering van hul koning Cyaxares het hulle die stryd teen die oorheersers gewen. Saam met die Babiloniërs het hulle Ninevé verower (612 v.C). Die reste van die Assiriese leërs het hulle in Haran gereorganiseer, maar is ook daar verslaan. Dit was in die slag by Karkemis (605), waarheen Nego opgetrek het. Bedug vir die nuwe mag van Babel wou hy die Assiriërs help in hul laaste verset teen Babel. Nebukadnesar, die latere koning van Babel, toe nog leëraanvoerder vir sy vader, het alle teenstand gebreek (kyk Jer. 46:2).

Intussen het ook Egipte weer tot nuwe opbloei gekom (vgl. § 83). Die seun van 'n sekere Nego, stadhouer van Sals in Egipte, wat net soos Manasse begenadig was, met die naam Psammetichus, het Egipte bevry uit die Assiriese oorheersing en die stigter geword van 'n nuwe dinastie, die ses-en-twintigste of Saïtiese dinastie. Sy seun, weer 'n Nego, is dit wat teen die einde van die regering van Josia na Karkemis trek. Dit lê iets westeliker as Haran, aan die Eufraat. Op die pad na die noorde moes Nego die vesting Megiddo passeer, en daar wou Josia hom keer. In die Egiptiese leër het Josia 'n gevaar gesien vir sy strewe om die ou rykseenheid te herstel. Die gevaar wat Babel oplewer, is deur Nego egter beter raakgesien as deur Josia. Nego het Josia toe verslaan (609), maar toe dit 'n paar jaar later tot die stryd met die Babiloniërs (Chaldeërs) kom, moes Nego die onderspit delf en was dit met sy aspirasies gedaan (2 Kon. 24:7). Die toekoms was, voorlopig, vir Babel! Juda sou dit nog ondervind!

## Die Einde van die Koninkryk Juda

### § 414 Joahas koning van Juda (2 Kon. 23:31-33; 2 Kron. 36:1-4)

Koning Josia het vier seuns gehad (1 Kron. 3:15); drie van hulle het tot sy opvolgers behoort. Die eerste van die drie was nie die oudste nie; hy was Sallum (Jer. 22:11), wat as koning die naam Joahas gedra het. (Altwee die name kom ook voor in die ry van die konings van die tienstammeryk.) Volgens 1 Kronieke 3 kan ons hom as die jongste van die vier aanvaar. Tog moet sy broer Sedekia jonger gewees het (vgl. 2 Kon. 23:31 met 24: 18; buitendien lê tussen die troonsbestygings wat in hierdie tekste vermeld word, ook nog die elf • jarige regering van Jojakim, sodat Sedekia 13 jaar jonger was as Joahas). Die getalle stel ons soms voor moeilikhede, so bv. dat die twee seuns wat Josia kort na mekaar opvolg, drie-en-twintig en vyf-en-twintig jaar oud was, terwyl hul vader by sy dood nog nie veertig jaar oud was nie (2 Kon. 22:1). In elk geval het die party wat Joahas koning gemaak het (en hom selfs gesalf het

waarvan ons maar min by koningskeuses lees) 'n ouer broer of ouer broers gepasseer. Die party was weer die volk van die land, wat ruim dertig jaar tevore ook Josia koning gemaak het. Hulle wil blykbaar die anti-Egjptiese politiek van Josia voortsit en sien in Sallum die geskikte persoon. Dit was egter nie na die sin van Nego nie. Nego, wat in die begin van sy veldtog ná Mesopotamië Josia by Megiddo verslaan het (609), het pas in 605 by Karkemis 'n neerlaag gely, waardeur Babel die oorhand kry. Gedurende die paar jaar het hy in Palestina en Sirië die lakens uitgedeel. Hy het sy hoofkwartier in Ribla aan die Orontesrivier (tussen Hamat en Damaskus) gehad en Joahas daar gevange gehou. Hoe Joahas daar gekom het, weet ons nie. Dis nie onmoontlik dat hy vrywillig soontoe gegaan het om die guns van Nego te win nie, maar Nego wou niks van hom weet nie en nie hê dat hy in Jerusalem sou regeer nie-weens sy anti-Egiptiese gesindheid. Hy maak nou die ouer broer, Eljakim, koning in die plek van sy vader Josia, nie in die plek van sy broer Joahas nie! Nego het dus die hele koningskap van Joahas genegeer. Hy het die land 'n boete opgelê; gedurende sy laaste dinastie het die hand van Egipte nog swaar op Juda gedruk.

Hoewel hy maar baie kort aan die bewind was, word van Joahas gesê dat hy gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE. Toe Nego ná sy neerlaag na Egipte teruggekeer het, het hy Joahas saamgeneem. So het Joahas dan in Egipte gekom en daar gesterwe (Jer. 22:10-12).

## § 415 Jojakim koning van Juda (2 Kon. 23:34-24:6; 2 Kron. 36:5-8)

Nego het die naam van sy vasal verander in Jojakim. Elf jaar het hy in Jerusalem geregeer - die eerste jare in onderhorigheid aan Egipte, naamlik tot Nego deur Nebukadnesar verslaan is. Die eerste taak van Jojakim was om die boete van 'n talent goud en honderd talente silwer vir Nego bymekaar te maak en te betaal. Hy het daar wel 'n plan mee gemaak! Hy was 'n egte afperser, wat mense vir niks kon laat werk en vir onderdrukking nie teruggedeins het nie; sy oë en sy hart was net op onregverdige wins en op onskuldige bloed (Jer. 22:13-17). Die geld vir die boete het hy ingevorder van die bevolking van die land volgens 'n waardasie van die grondbesit (vgl. 2 Kon. 15:20); tempel- en paleisskatte (vgl. 2 Kon. 18:15) het hy vir die afbetaling nie gebruik nie.

In sy dae het Nebukadnesar, die koning van Babel, opgetrek. Hierdie opmars van Nebukadnesar het plaasgevind toe hy Nego verslaan het en die mag in Sirië en Palestina oorgeneem het. Jojakim, wat die HERE sy God nie wou dien nie, moet nou verwissel van aardse heer en het drie jaar lank dienaar van Nebukadnesar geword. Hierdie verwisseling van heer het egter nie sagsinnig gebeur nie. Kronieke vertel - en dit sal wel by hierdie geleentheid gebeur het - dat Nebukadnesar hom met koperkettings geboei en na Babel vervoer het. Hy het toe ook reeds voorwerpe van die tempel na Babel gebring en dit in sy tempel in Babel gesit. Ook het hy toe reeds mense uit Juda saamgeneem, met name jong seuns; onder hulle was Daniël en sy drie vriende (Dan. 1:1-6).

Dit skyn asof Jojakim later weer vrygelaat Is, want ná drie jaar het hy weer kans gesien om teen die koning van Babel te rebelleer. Hierdie opstand hou stellig verband met verwikkelinge in ander dele van die ryk waaraan Nebukadnesar die hoof moes bied, en dit het Jojakim te gou laat dink dat hy wel iets teen Babel kon waag. Maar Nebukadnesar het hom nie vergeet nie!

Juda word nou lastig geval deur allerlei bendes: van die Chaldeërs, van die Arameërs, van die Moabiete en van die Ammoniete. Die HERE stuur die bendes, maar dit wil nie sê dat Nebukadnesar nie hierin 'n hand gehad het nie. Die bendes van die Chaldeërs is in elk geval soldate van Nebukadnesar, wat mos self ook 'n Chaldeër was. Die koning van Babel het sy hande te vol gehad om Jerusalem te beleër. Hy sal dit later doen! Maar sy garnisoene in die besette gebiede val Juda gedurig aan. Van dié omstandighede maak nou ook Arameërs,

Moabiete en Ammoniete gebruik om Juda te beroof. Dit was alles nog vanweë die sondes van Manasse!

Die HERE het dit Jojakim aan waarskuwings nie laat ontbreek nie. Die vemaamste profeet uit dié tyd was Jeremia, maar Jojakim het sy lewe bedreig. 'n Ander profeet was Uria; toe Jojakim hom probeer doodmaak, het hy na Egipte gevlug, maar Jojakim het hom uit Egipte laat haal, hom met die swaard verslaan en sy lyk op die grafte van die gewone mense gegooi (Jer. 26:20-23). Toe die gesproke woord nie help nie, het die HERE die geskrewe woord gebruik en sy woorde op 'n boekrol laat skryf; maar as dit aan Jojakim voorgelees word -dit was winter en die koning het by die brandende vuurpan gesit -het hy die rol stukkend gesny en in die vuur op die vuurpan verbrand (Jer. 36).

Jojakim het ontslaap met sy vaders. Hierdie woorde klink nogal vreedsaam. Besonderhede van sy dood word nie vertel nie, maar wel dat hy volgens die profesie van Jeremia nie 'n eervolle begrafnis sou hê nie: met 'n eselsbegrafnis sal hy begrawe word; sy lyk sal weggegooi lê, bedags in die hitte en snags in die koue, ver buite die poorte van Jerusalem (22:18, 19; 36:30). Sy seun Jojagin het in sy plek koning geword.

## § 416 Jojagin koning van Juda (2 Kon. 24:8-16; 27-30; 2 Kron. 36:9,10)

Agttien jaar was Jojagin oud toe hy koning geword het. Hy het maar kort geregeer en gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE.

In die tyd - wellig reeds tydens die lewe van Jojakim - het Nebukadnesar die hande vry gekry om Jerusalem te beleër. Jojagin het dan koning geword in 'n beleërde stad! Drie maande en tien dae ná sy bewindsaanvaarding het hy oorgegee!

Die jeugdige Jojagin met sy hele hofhouding - sy moeder, die gebiedster (Jer. 13:18; 29:2), sy harem - tienduisend van die aansienlikes van die land, rykes en vakmanne, almal helde wat oorlog kan voer, word deur Nebukadnesar gevange geneem en na Babel gevoer. Dit is die begin van die eintlike ballingskap in die agtste jaar van die regering van Nebukadnesar (597 v.C). Tot dié gevangenes het na alle waarskynlikheid ook Esegjël behoort (Daniël is al weggevoer vóór die eintlike ballingskap (§ 415). Verder roof Nebukadnesar al die skatte van paleis en tempel, al die goud wat Salomo aan die tempel bestee het (kyk ook Jer. 27:18-22), Die stad Jerusalem word egter nie verwoes nie. Nebukadnesar het die arm mense laat agterbly, en Sedekia koning gemaak.

Sewe-en-dertig jaar later, toe Nebukadnesar opgevolg is deur sy seun Evil-Merodag, het dié by sy troonsbestyging Jojagin uit die gevangenis verhef. Hy het vriendelik met hom gespreek en sy stoel gesit bokant die stoel van die konings wat by hom in Babel was. Ook is hom 'n vaste lewensonderhoud toegestaan al die dae van sy lewe. By die opgrawings in Babel is kleitafels gevind waarop vermeld word watter lewensmiddele vir Jojagin en sy vyf seuns beskikbaar gestel is.

Uit 1 Kron. 3:15-18 kan inderdaad blyk dat Jojagin verskeie seuns gehad het. Aangesien Jojagin reeds op agtienjarige leeftyd in ballingskap weggevoer is, kan ons aanneem dat die seuns in ballingskap gebore is. Sy gevangenskap was geen sellulêre opsluiting nie; huwelikslewe was moontlik. Waarskynlik het hy met sy familie, die moeder en die harem, op 'n afgebakende terrein gewoon,

Jojagin is die een van die seuns van Josia en van die laaste konings van Juda, wat behoort tot die stamvaders van Christus na die vlees of, noukeuriger gesê, van Josef, die man van Maria. Sy stam af van Natan, 'n seun van Dawid en broer van Salomo (Luk. 3 ; 31; 1 Kron. 3:5). In die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid (Matt. 1), lees ons: " ... en Josia,

die vader van Jegonia (Jojagin), en sy broers in die tyd van die ballingskap. En ná die Babiloniese ballingskap het Jegonia die vader geword van Sealtiël, en Sealtiël was die vader van Serubbabel." (Merkwaardige tekste in hierdie verband is Jer. 22:24-30, veral v. 30, en Eseg. 17, veral v. 22-24.)

## § 417 Sedekia, die laaste koning van Juda (2 Kon. 24 :17-25: 21; 2 Kron. 36 :11-21; Jer. 52)

Nebukadnesar maak Mattanja, 'n oom van Jojagin, koning in sy plek en verander sy naam in Sedekia. Hy was, net soos Sallum (= Joahas) en Eljakim (= Jojakim), 'n seun van koning Josia en het dieselfde moeder as Joahas gehad, naamlik Hamutal, terwyl Jojakim die seun was van 'n ander vrou van Josia, naamlik Sebudda. Twee keer het Hamutal dit dus belewe dat 'n seun van haar koning geword het. Dit is sy wat deur Esegiël (19:1-9) 'n leeuin genoem word, wat een van haar welpe opgekweek het, maar dit is na Egipteland gebring; dit is Joahas. Daarna het sy 'n ander een van haar welpe grootgemaak en hom 'n jong leeu gemaak. Dit is dan Mattanja, wat baie jonger as Sallum was (vgl. § 414). Die beskrywing wat Esegiël van sy moeder gee, wek die indruk dat sy 'n sterk persoonlikheid was, wat ook hierin kan blyk dat ná die dood van Josla, haar man, nie die oudste seun Eljakim, die seun van Sebudda, koning word nie, maar haar seun, Sallum. Toe dié ná drie maande deür Nego afgesit is, was sy, so sê Esegië1, teleurgestel en haar hoop verlore. Sy moet aanskou dat die seun van haar mededingster (kyk vir hierdie term 1 Sam. 1:6), Eljakim, tog koning word. As die rol van Jojakim en van sy seun Jojagin egter uitgespeel is, elf jaar later, kom sy met Mattanja op die toneel. Sy het ook hom 'n jong leeu gemaak! Dit was egter slegs tot die ondergang van koning en ryk! Sebudda oortref haar ten slotte in hierdie opsig dat sy tot die stammoeders van die Heiland behoort!

In Konings staan dat Sedekia gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE. Esegiël beskryf sy optrede in felle kleure. Hy was 'n woesteling wat die land met sy gebrul vervul het, maar hy is na Babel gebring en sy stem is nie meer gehoor op die berge van Israel nie (Eseg. 19). Op ander plekke in die Skrif kry ons die indruk dat hy 'n swak karakter gehad het, bv. as hy Jeremia uit die gevangenis laat haal om hom in die geheim te raadpleeg en hom onder bedreiging met die dood beveel om niemand daarvan te laat weet nie. Dit is egter nie met mekaar in stryd nie: om 'n swak karakter te hê, belet 'n mens nie om terselfdertyd 'n woesteling te wees nie.

Hoewel die koning van Babel 'n Verbond met Sedekia gesluit het (Eseg. 17:13) en hom by God laat sweer het, het Sedekia teen Nebukadnesar gerebelleer, want hy was hardnekkig. Inderdaad, rebellie was telkens weer die kenmerk van hierdie jong leeu uit Juda, in wie die profesie van Jakob (Gen. 49:9) gans anders vervul is as in die ander Dawidseun, Christus Jesus, wat ook genoem word die Leeu wat uit die stam van Juda is (Openb. 5:5).

In die vierde jaar van sy regering kry Sedekia besoek van gesante van nie minder as vyf konings nie, naamlik van Edom, Moab, Ammon, Tirus en Sidon (Jer. 27-29). Dit het natuurlik 'n politieke bedoeling gehad. By al die state was daar 'n hoop op bevryding uit die mag van Babel, miskien opgewek deur binnelandse moeilikhede in die Chaldeeuse ryk, ook by die Jode wat reeds in ballingskap was (Jer. 29) en by die wat nog in Juda was. Profete - valse profete - het die hoop aangewakker, maar Jeremia verkondig dat dit 'n ydele hoop is, Van die planne van die gesante na Jerusalem het inderdaad niks gekom nie. Sommige van die valse profete onder die ballinge is deur Nebukadnesar wreedaardig gestraf (Jer. 29:21-23). Wanneer ons lees dat Sedekia gesante na die koning van Babel stuur (Jer. 29:3), ja, selfs dat hy persoonlik na Babel gegaan het (Jer. 51:59), dan is dit na alle waarskynlikheid met die doel om Nebukadnesar tevrede te stel en hom die versekering van sy trou te gee.

Intussen bly daar in Jerusalem by baie van die leiers 'n gees van opstandigheid heers, waardeur Sedekia hom ondanks die waarskuwings van Jeremia (21:1-7; 37:3-17; 38:14-23; vgl. ook 2 Kron. 36:14-16) laat meesleep. Sonder twyfel het ook Egipte weer gestook. Ná enkele jare van onrus en kuiperye besluit Nebukadnesar om vir goed met Juda af te reken. In die negende jaar van Sedekia kom hy met sy hele leër teen Jerusalem, slaan daar sy laer op en bou skanse rondom die stad. Twee jaar het die beleëring geduur, met 'n kort onderbreking: die Egiptenare het onder farao Hofra gekom, nie hier nie, maar in latere verband wel by name genoem, 'n opvolger van Nego (Jer. 44: 30). Hy is dit ook wat Jerusalem tot opstand aangespoor het. As die Chaldeërs van hul koms verneem, breek hulle die beleg op om die Egiptiese leër te verjaag. Toe het die inwoners van Jerusalem weer moed gevat, maar Jeremia sê: dit is 'n ydeie hoop, die stad sal val (Jer. 37:5-10; kyk ook 2 Kon. 24:20).

Gedurende hierdie tyd van herademing vind waarskynlik ook die daad van Godontheiligende ontrou plaas deur slawe, wat die volk deur angs gedrewe wetsgehoorsaamheid plotseling vrygelaat het, weer terug te vat en opnuut onderdanig te maak (Jer. 34:8-22).

Nadat hulle die Egiptenare teruggedryf het, het die Chaldeërs weer voor die mure van Jerusalem verskyn, en volgehou tot die einde. Groot was die ellende in die stad; hongersnood en pes het die bevolking geteister (Jer. 38:2); water het hulle by die maat en in stomme smart gedrink (Eseg. 4:16 ,17); die mense lyk swart van die honger (Klaagl. 4:8); moeders het hulle kinders gekook en geëet (Klaagl. 4:10); mense het mekaar geëet (Jer. 19:9); lyke lê in die strate sonder dat iemand hulle begrawe.

Die Jerusalemmers het egter nie oorgegee nie! Maar in die elfde jaar van Sedekia het die beleëraars in die stad ingebreek. Dadelik trek die vorste van die Babiloniërs, die leëraanvoerders, seëvierend binne en setel hulle in die Middelste Poort (Jer. 39:3), waarmee krenkend-duidelik die bewys gelewer word dat die vyand nou heers.

Sedekia en sy krygsmanne vlug in die nag na die Vlakte, die laagtes by die Jordaanmonding en die Dooie See, dus in suidelike rigting. Die bres in die muur was in die noorde van die stad. waar dit nie deur 'n dal beveilig word nie. In die suide van die stad is nog geveg tot die aand. Toe het die koning gevlug, gedek deur die duisternis. Maar die HERE wou Sedekia in die hande van sy vyande oorgee (Eseg. 12:13). Die Chaldeërs het hom gevang. Sy hele leër is versfrooi. Sedekia word na Ribla gebring, waar Nebukadnesar (net soos Nego vroeër, 2 Kon. 23:33) sy hoofkwartier opgeslaan het. Daar het Nebukadnesar vonnis oor hom uitgespreek. Toe was die koning van Babel nie meer 'n vyand in die verte waarteen Sedekia kon rebelleer nie; nee, hy staan nou voor hom as sy regter, oog in oog! (Jer. 32:4). Die lot van Sedekia is swaarder as dié van Jojagin, wat mos nooit gerebelleer het nie. Tog word Sedekia nie gedood nie; hy moet aanskou dat sy seuns voor sy oë geslag word. Hulle was nog jonk! Sedekia self was nog maar twee-en-dertig jaar oud. Die slagting van sy seuns was die laaste ding wat hy op aarde gesien het, want Nebukadnesar het, miskien wel eiehandig - oorwinnaars het dit meermale gedoen - sy oë uitgesteek. Daarna word hy in boeie na Babel gebring, waar hy in die gevangenis gesterf het. (Sy dogters het in die verowerde stad agtergebly, Jer. 41:10.)

Ook baie ander Judeërs moet met hul lewe vir hul opstandigheid boet. 'n Maand ná die verowering van die stad kom Nebusaradan, die owerste van die lyfwag, om opdragte van die koning van Babel uit te voer: hy neem gevange die owerste van die lyfwag van Sedekia (wat dus blykbaar nie gevlug het nie), die hoëpriester en ander tempeldienaars, hoë offisiere wat nog in die stad was, en sestig mense uit Juda wat as vlugtelinge in Jerusalem was. Almal word na Ribla gebring en deur Nebukadnesar tereggestel. Aan die moordparty in die tempel (2 Kron. 36:17) het hulle ontkom, maar hulle val ten slotte tog. Die res van die volk wat in die stad oorgebly het, ook dié wat na die koning van Babel oorgeloop het - Nebukadnesar het hulle nie vertrou nie - is in ballingskap na Babel weggevoer. Dit is die tweede wegvoering in

die agttiende jaar van Nebukadnesar (Jer. 52:28-30; daar word ook getalle genoem). Ook Jeremia was onder die gedeporteerdes wat in Rama (Jer. 40:1) bymekaargemaak is om van daar na Babel gebring te word (Jer. 31:15), maar hy is vrygelaat (Jer. 39:11 e.v.).

Verder het Nebusaradan al die tempelskatte geroof: die koperpilare, Jagin en Boas (2 Kon. 7:21), die kopersee en die twaalf koperbeeste daaronder (Jer. 52:20; vgl. ook 2 Kon. 16:17); wat nie vervoer kon word nie, het hy stukkend gebreek om tog die koper te kan saamneem. Dit was so baie dat dit nie geweeg kon word nie. Al die tempelgerei wat by die eerste wegvoering oorgebly het (Jer. 27:18-22), is na Babel gebring: die koper van die afspoelwaentjies, die potte en die skoppe en die messe en die komme en die rookpanne en al die kopergereedskap waarmee die diens verrig is; verder skottels, vuurpanne, potte; die kandelaars en die bekers, alles van suiwer goud en suiwer silwer. Daarna het Nebusaradan die huis van die HERE en die huis van die koning - die paleis en die tempel wat Salomo gebou het - met vuur verbrand, ook al die groot huise van Jerusalem. Die mure van die stad is omgegooi.

Dit is die einde van die koninkryk van Juda.

Nie sonder waarskuwing het dit gekom nie. Vroeg en laat het God na hulle gestuur deur die diens van Sy boodskappers, want Hy het medelye met Sy volk en met Sy woning gehad. Maar hulle het die boodskappers van God uitgelag en sy woorde verag en met Sy profete gespot, totdat die grimmigheid van die HERE teen Sy volk opgekom het, totdat daar geen genesing meer was nie.

## § 418 Die Lagisbriewe

'n Onmiskenbare getuienis van die wanhopige stryd wat Jerusalem gevoer het, kry ons uit die "Lagisbriewe". Dit is militêre rapporte wat op skerwe (ostraka) geskryf is en in die veertigerjare van ons eeu in die puinhope van Lagis gevind is. Lagis was 'n vesting in die suidweste van Juda en van strategiese betekenis reeds lank voordat die Israeliete Kanaän binnegetrek het. Josua het die stad ingeneem (Jos. 10:23); Rehabeam het die vesting versterk (2 Kron. 11:9); Sanherib het daar sy hoofkwartiar gehad (2 Kon. 18:14); by sy strafekspedisie na Jerusalem het Nebukadnesar ook Lagis en die naburige Aseka geneem (Jer. 34:7).

Uit die briewe wat leesbaar oorgebly het, verneem ons dat die ligseine (vuurtekens, Jer. 6:1) van Aseka nie te sien is nie - omdat Aseka reeds geval het en dus nie meer seine uitsend nie? Ook word in die briewe gespreek oor 'n profeet en oor betrekkinge met Egipte. Dit pas in die tyd van Sedekia, maar die briewe is te abrupt om daar iets bepaalds uit te kan aflei.

## § 419 Oorsigte

*Die laaste konings van Juda*

| | |
|---|---|
| Josia | sneuwel by Megiddo. |
| Joahas, | seun van Josia; sterf in Egipte. |
| Jojakim, | seun van Josia; eers vasal van Nego, daarna van Nebukadnesar. |
| Jojagin, | seun van Jojakim; hy gee oor; eerste wegvoering (597). |
| Sedekia, | seun van Josia; sterf in Babel; tweede wegvoering (586). |

*Geslagsregister (gedeeltelik) van Jesus Christus*

Josea

| | | |
|---|---|---|
| Joahas<br>(Sallum) | Jojakim<br>(Eljakim)<br>Jojagin | Sedekia<br>(Mattanja) |

(Jegonia)
Sealtiël
Serubbabel
Jakob
Josef + Maria
Jesus

## § 420 Gedalja (2 Kon. 25: 22-26; Jer. 40:7-43: 7)

Oor die armsalige klompie mense wat in Juda agtergebly het, het Nebukadnesar 'n landvoog aangestel, naamlik Gedalja, die seun van Ahikam, die seun van Safan. Sy vader, Ahikam, het behoort tot die vertrouelinge van koning Josia (2 Kon. 22:11); later, onder Jojakim, het hy Jeremia beskerm toe dié se lewe bedreig is (Jer. 26:24). Gedalja het die vertroue van die koning van Babel gehad (Jer. 39:14); as aanhanger van Jeremia, d.w.s. as 'n godvresende Judeër, het hy geen rebellie voorgestaan nie, maar op oorgawe aangedring, nie omdat hy 'n landverraaier was nie, maar omdat, soos Jeremia gedurig verkondig het, dit die wil van die HERE was. So 'n man was in die oë van die koning van Babel geskik om landvoog oor die agtergeblewenes te wees.

Hy vestig hom in Mispa, noord van Jerusalem in Benjamin geleë, 'n bekende plek uit die vroeë geskiedenis van Israel (Rigt. 20:1; 1 Sam4 7:5; 10:17), waarskynlik 'n plek wat gedurende die oorlog nie te erg verniel is nie. Jeremia voeg hom daar by hom. By hom kom ook die vlugtelinge uit Moab, Ammon en Edom terug en die leërowerstes wat met Sedekia gevlug het en van hom af verstrooid geraak het.

Hierdie versameling van Judeërs by Gedalja moet plaasgevind het teen die einde van die somer, as die druiwe en olywe ryp is. Jerusalem is mos geneem in die vierde maand (2 Kon. 25:3); in die vyfde het Nebusaradan gekom om die stad te verwoes; die sesde en veral die sewende maand, Tisri, is die maand van die wynoes, tewens die maand van die Groot Versoendag en die Huttefees. Van hierdie feeste kon nou niks teregkom nie, maar hulle het groot hoeveelhede wyn en somervrugte ingesamel en dit was 'n bewys van die guns van God oor Sy arme volk. Jeremia het ook aan hulle verkondig: So spreek die HERE: AS julle rustig in hierdie land bly, sal Ek julle bou en nie afbreek nie, en julle plant en nie uitruk nie; want Ek het *berou* oor die onheil wat Ek julle aangedoen het.

Van hierdie goeie vooruitsigte het egter niks gekom nie. Onder die leërowerstes was een verraaier. Dit was Ismael, uit die koninklike geslag. Hy was seker afgunstig omdat nie hy nie, maar Gedalja as voog aangestel is. 'n Ander owerste, Johanan, het Ismael wel gewantrou en Gedalja gewaarsku; hy wou Ismael stilletjies doodslaan. Gedalja het dit verhinder, hy kon Johanan nie glo nie. Tog het Johanan gelyk gehad!

Ismael het geheul met Baälis, die koning van Ammon. Die het natuurlik politieke oogmerke gehad, naamlik om die Judese grondgebied in te lyf. Daartoe moes Gedalja uit die weg geruim word. By 'n maaltyd het Ismael Gedalja verraderlik vermoor. Dit was 'n ernstige misdaad, want Gedalja is deur die koning van Babel aangestel! Nog erger maak hy dit as hy ook Chaldeeuse soldate in Mispa om die lewe bring. Ismael het besef dat hy moes vlug. Met die mense uit Mispa as sy gevangenes - die dogters van die koning, van Sedekia, was ook daarby (Jer. *41:*10) - wil hy na Ammon gaan, maar Johanan agterhaal hom. Hy kan egter net sy gevangenes red en Ismael self het met agt van sy manne ontsnap en weggetrek na Ammon.

Die groepie wat oor is, staan nou onder leiding van Johanan. Sy plan is om na Egipte te vlug. Ondanks sy poging om Ismael te straf, is hy tog bang vir die wraak van Nebukadnesar. Jeremia waarsku om nie na Egipte te gaan en nie vir die koning van Babel bang te wees nie,

maar Johanan en al die vermetele manne onder hulle het nie geluister nie en tog na Egipte gegaan. Hulle het Jeremia, teen sy sin, saamgeneem.

## Die Profete Tydens die Laaste Jare van die Ryk Juda

### § 421 Jeremia

Van die profete wat tydens die laaste jare van die ryk Juda opgetree het, is Jeremia die vernaamste. Sy lewensgeskiedenis val saam met die geskiedenis van die ondergang van Juda. Daarom vind ons in sy profetiese boek so baie historiese besonderhede wat in die boeke Konings en Kronieke nie vermeld staan nie.

Jeremia was die seun van 'n priester, Hilkia, uit Anatot in Benjamin, waar hy grondbesit gehad het (32:7 e.v.; 37:12). Hy is tot profeet geroep in die dae van Josia (1:6). Op bevel van die HERE het hy nie 'n vrou geneem nie en geen seuns of dogters gehad nie (16:2). Hy was 'n man met 'n baie gevoelige gemoedslewe wat diep verdriet gehad het oor die rampe wat sy volk deur eie ongehoorsaamheid moes ly. Hy hoor die hulpgeroep van die dogter van sy volk uit 'n baie ver land: Is die HERE nie in Sion nie? Of is sy Koning nie daarin nie? Dan sê hy: Vanweë die verbreking van die dogter van my volk is ek gebreek, is ek in rou. Die smart oor sy volk het hom so diep geskok en sy roeping om die vreeslike oordele van die HERE aan te kondig, het hom so seer teen die bors gestuit dat hy, soos Job, sy geboortedag vervloek het (20:14-18). Tog kon hy aan die roeping nie ongehoorsaam wees nie (20:9).

In die dae van Josia (6:3) het Jeremia getuig teen die afgodery in Juda voor die reformasie. Ná die reformasie bly daar by die volk nog baie sondes oor, soos egbreuk (5:8), bedrog en afpersing (6:6, 13; 8:5; 9:2), uitwendige vormdiens (6:20; 7:21-23). As Jojakim koning word, word die reformasie van sy vader ongedaan gemaak en keer die afgodery weer ongebreideld terug. In dié tyd voel Jeremia hom genoop om te sê: "Nou drie-en-twintig jaar lank het ek julle toegespreek, vroeg en laat, maar julle het nie geluister nie" (25:3). Daarom gee die HERE bevel aan Jeremia om die prediking van daardie jare op 'n boekrol te skryf. Barug het dit toe vir hom gedoen (36:2), maar as die rol aan koning Jojakim voorgelees word, verbrand hy dit!

Ná al die ongehoorsaamheid van koning en volk trek die koning van Babel teen Juda op.

Tot die vlugtelinge wat skuiling in Jerusalem soek, behoort ook die Regabiete (kyk § 339). Hulle was troue dienaars van die HERE (2 Kon. 10:15), en op bevel van hul voorvader Jonadab het hulle nooit wyn gedrink nie en ook nie in huise nie maar in tente gewoon. Dit kan beskou word as 'n reaksie teen die kultuurlewe, waarin hulle 'n gevaar vir die opregte godsvrug gesien het. Op bevel van die HERE bied Jeremia hierdie vlugtelinge wyn aan (35:1 e.v.), maar hulle weier volgens die gebod wat hul voorvader Jonadab beveel het. Hulle het dus geluister na die gebod van hul vader! Maar Ek - so is nou die toepassing van die HERE - Ek het met julle gespreek, vroeg en laat, maar julle het na My nie geluister nie!

Jeremia kon nie anders as om voort te gaan met die aankondiging van die naderende oordeel nie. Soos 'n oostewind sal Ek - sê die HERE- hulle verstrooi voor die vyand; met die nek, en nie met die aangesig nie, sal Ek hulle aankyk in die dag van hulle ondergang.

By die mense ontstaan 'n heftige ontstemming teen Jeremia en sy boeteprediking, en hulle wil hom doodmaak. Dan word Jeremia, die man met die gevoelige gemoedslewe, kwaad. Hy sê tot God: Maar, HERE, U ken hul hele plan teen my om my dood te maak; doen geen versoening oor hulle ongeregtigheid en delg hulle sonde nie uit voor U aangesig nie, ja, laat hulle tot 'n val kom ... (18:17-23).

Pashur, hoofopsigter in die huis van die HERE, het van die profesieë van Jeremia verneem. Hy

gebruik sy mag as hooggeplaaste tempeldienaar om Jeremia gevange te neem, slae te laat toedien en in die blok te sit (20:2). Om in daardie marteltuig te sit, is 'n pynlike ervaring veral vir iemand wat net vantevore houe ontvang het. Die volgende dag word Jeremia vrygelaat; dan sê hy Pashur sy oordeel aan!

Ook onder Sedekia bly Jeremia waarsku, maar moet steeds meer vyandigheid ondervind. Hy geraak in heftige stryd met die valse profete, wat verlossing uit die mag van Babel voorspel (hoofstukke 27 en 28). 'n Ydele hoop het in Jerusalem opgevlam toe daar gesante uit ander lande gekom het, natuurlik om rebellie teen Babel te beraam (§ 417). Jeremia moes toe stroppe en jukke maak om dié op sy nek te sit. Met hierdie sinnebeeldige handeling wil die HERE dat Jeremia op treffende wyse moet aantoon hoe èn Juda èn die lande wat gesante gestuur het, almal onder die juk van Babel sal moet buk. Een van die valse profete, Hananja, het die juk van die nek van Jeremia afgeneem en dit verbreek en in teenwoordigheid van die hele volk gesê: So spreek die HERE: SO sal ek verbreek die juk van Nebukadnesar, die koning van Babel, in nog twee jaar, van die nek van al die nasies. Dit was 'n sterke bestryding van die profesie van Jeremia (vgl. 1 Kon. 22: 11). Uit homself het Jeremia niks om te antwoord nie: hy het weggegaan, maar daarna kry hy 'n openbaring van die HERE om vir Hananja te sê dat hy in die plek van die houtjukke wat hy verbreek het, self maar ysterjukke moet maak, want so hard sal die juk van Nebukadnesar wees, en dit sal kom! En wat Hananja self betref - Jeremia sê vir hom dat hy leuens praat en afval van die HERE verkondig; in dieselfde jaar sal hy nog sterwe! En hy het in daardie jaar gesterwe, in die sewende maand! Dit was 'n treffende teken, maar dit is nie verstaan nie.

Ook by die ballinge wat reeds met Jojagin na Babel weggevoer is, was daar 'n ydele hoop, deur valse profete soos Agab en Sedekia opgewek. Jeremia skryf aan hulle 'n brief en sê daarin dat hulle hul maar moet skik om in Babel te bly, dat hulle maar huise moet bou en tuine plant en nie na die valse profete luister nie, want hulle sal daar sewentig jaar moet bly (29:1).

Tydens die beleëring van Jerusalem het die beleëraars 'n kort tyd weggetrek om die oprukkende Egiptenaars te verjaag. Van die geleentheid wil Jeremia gebruik maak om 'n erfdeel in Benjamin in ontvangs te neem. As hy die poort wil uitgaan, dink die wag dat hy na die Chaldeërs wil oorloop. Die stadsowerhede het toe baie kwaad geword vir hom, hom geslaan en hom in die gevangenis gesit. In die huis van Jonatan, die skrywer, het hulle 'n verskriklike gevangenis ingerig: daar was gewelwe, d.w.s. ondergrondse bakke om water te bewaar. Dit was daar koud en vogtig, ook gevaarlik: in die donker kon *n mens maklik in so 'n bak val. Jeremia het daar baie dae moes bly (37: 11-16).

Een van dié dae laat koning Sedekia hom heimlik haal om hom te raadpleeg. Jeremia kan nie anders sê as dat Sedekia in die hande van die koning van Babel sal val nie. Tog het Sedekia Jeremia nie na die gewelwe terug laat bring nie maar, op sy versoek, hom 'n minder verskriklike plek van bewaking toegewys. Daar het hy elke dag 'n sny brood uit die Bakkerstraat gekry, so lank as daar brood in die stad was!

Gedurende sy verblyf in daardie gevangenis ontvang Jeremia nog 'n troosvolle belofte van die HERE (32:1-44). Op bevel van die HERE koop hy 'n stuk grond wat in Anatot geleë is. Hy het dus in die voorhof van bewaking (37:21) 'n sekere vryheid van beweging gehad. Die transaksie het plaasgevind voor die oë van al die Jode wat in die voorhof van bewaking gesit het, en die koopbrief met bybehore moes in 'n erdepot gesit word, dat dit baie dae kan bly bestaan. Hiermee het die HERE afgebeeld hoe daar later weer 'n ordelike samelewing in Juda sal wees wanneer Hy die ballinge weer na hul land teruggebring het.

In die voorhof van bewaring het Jeremia nog wel kontak met sy medemense, en aan die hele

volk, d.w.s. aan almal wat daar by hom verbygeloop het, gesê dat oorgawe die enigste middel is om lewendig daarvan af te kom, maar dat almal wat in die stad bly, sal omkom deur die swaard of die honger of die pes (38:1-13). Die volksleiers wat die verset wou volhou, vind dat van dié woorde 'n demoraliserende invloed uitgaan: Jeremia maak die hande van die krygsmanne wat nog in die stad oor is, slap. Hulle eis sy dood by die koning. Sedekia gee toe; hy sê: Kyk, hy is in julle mag, want die koning kan niks teen julle doen nie! Indien ooit sien ons Sedekia hier in al sy swakheid. Hulle het Jeremia toe in 'n leë waterput laat afsak. Een van die dienaars van die koning, 'n Kusiet-'n Ethiopiër dus en donker van kleur - met die naam Ebed-Meleg, pleit by die koning vir die behoud van Jeremia. Ook nou weer gee Sedekia toe en beveel hy dat Jeremia uit die put gehaal moet word, wat Ebed-Meleg met groot sorgsaamheid doen. So kom Jeremia dan weer in die voorhof van bewaring.

Nog een keer het Sedekia hom in die geheim geraadpleeg, maar Jeremia het geen ander boodskap as die bekende nie: As u vrywillig uitgaan na die koning van Babel, sal u siel lewe en sal hierdie stad nie met vuur verbrand word nie. Ter wille van sy verbete krygsowerstes het Sedekia dit nie durf doen nie.

Spoedig daarop het die Chaldeërs in die stad ingebreek. Hulle spioenasiediens was blykbaar goed, want hulle het alles van Jeremia geweet en hom uit die gevangenis bevry sonder om hom kwaad te doen, Jeremia is toe met die ander oorgeblewenes onder die hoede van Gedalja gestel, en na dié se vermoording het Johanan hom saamgeneem na Egipte. Ook daar het hy nog geprofeteer (hfst. 44).

Die prediking van Jeremia was altyd weer dat die volk van die HERE gehoorsaam moes wees aan die verbond van die HERE. Dán was daar behoud, anders ondergang. Die feite het sy prediking bewaarheid. Maar hy het ook verkondig van 'n nuwe verbond, waarby God Sy wet in hul binnenste gee en dit op hul hart skrywe (31:31-33); dit is die verbond van die genade en die versoening deur die bloed van Christus.

## § 422 Sefanja

Sy optrede val in 'n vroeëre periode en is net met die eerste optrede van Jeremia gelyktydig, naamlik onder koning Josia. Hy preek teen die Baäldiens en die verering van die leër van die hemel op die dakke van die huise. Sy optrede moet dus geplaas word voor die groot reformasie van Josia in sy agttiende jaar. Jeremia het sy amp begin in die dertiende jaar van Josia.

Die voorvaders van Sefanja word tot in vier geslagte genoem, wat by geen ander profeet gedoen word nie: Sefanja, die seun van Kusi, die seun van Gedalja, die seun van Amarja, die seun van Hiskia. Daar word egter nie gesê: koning Hiskia nie. Ons ken geen seun van Hiskia met die naam Amarja nie. Daar is geen genoegsame grond om hom vir 'n profeet van koninklike afkoms te hou nie, al het hy wel met vrymoedigheid teen vorste en prinse gepreek (1:8; 3:3).

Sefanja kondig die gerig aan, wat met "die dag van die HERE" oor Juda en oor heidene soos die Filistyne, die Moabiete, die Ammoniete en die Kusiete kom; selfs die val van Ninevé het hy aangekondig, wat nog in die dae van Josia werklikheid geword het. In die gerig sal die HERE Jerusalem "met lanterns deursoek" om alle oortreders te tref. Van die ontstellende ongeregtigheid in die opstandige, besoedelde, verdrukkende stad teken hy 'n beeld in skril kleure (3:1-4). Sy profesie eindig egter met 'n heilsaankondiging van universele strekking: God sal aan die volke rein lippe gee, sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep, en onder al die volke sal Sion 'n roem en 'n lof wees: die Koning van Israel, die HERE, is by haar.

## § 423 Nahum

Nahum is 'n tydgenoot van Sefanja en profeteer ook die val van Ninevé. Sy hele profetiese geskrif is aan die val van Ninevé gewy, die bloedstad, wat louter bedrog, vol geweld is. Nahum weet ook van die val van No-Amon, aan die Nyl, ook Thebe genoem, die Thebe "met die honderd poorte", 'n koningstad ver in die suide van Egipte. Dit was Assurbanipal wat die stad verower het. Hy verkondig ook heil en sien met profetiese blik op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring.

## § 424 Obadja

Sy geskrif is 'n profesie teen Edom, 'n aankondiging van gerig. Die sonde van Edom is veral dat hy met genot die onheil van Jerusalem aanskou het en op die kruispad gestaan het om die vlugtelinge te vang en uit te lewer. Edom kan dit gedoen het tydens die berowing van Juda deur die Arabiere en die Filistyne in die dae van Joram (2 Kron. 21), maar met meer waarskynlikheid kan ons dink aan die val van Jerusalem iii 586. In hierdie geval is Obadja 'n tydgenoot van Jeremia in sy latere optrede.

Edom sal om sy leedvermaak gestraf word, want "die dag van die HERE is naby ..." Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en die koninkryk sal aan die HERE behoort.

## § 425 Tabel van die konings van Juda en Israel

Saul
Dawid (1009-970)
Salomo (970-931)
Die Ryk geskeur (931)

| **Juda** | **Israel** |
|---|---|
| Rehabeam (17 jaar) | Jerobeam (22 jaar) |
| Abia (3 jaar) | |
| Asa (41 jaar) | |
| | Nadab (2 jaar) |
| | Baesa (24 jaar) |
| | Ela (2 jaar) |
| | Simri (sewe dae) |
| | Qmri (12 jaar) - Tibni |
| | Agab (22 jaar) |
| Josafat (25 jaar) | |
| | Ahasia (2 jaar) |
| | Joram (12 jaar) |
| Joram (8 jaar) | |
| Ahasia (1 jaar). Hy èn Joram van Israel is deur Jehu gedood (841) | |
| Atalia | Jehu (28 jaar) |
| Joas (40 jaar) | Joahas (17 jaar) |
| | Joas (16 jaar) |
| Amasia (29 jaar) | |
| | Jerobeam II (41 jaar) |
| Ussia = Asarja (52 jaar) | |
| | Sagaria (6 maande) |
| | Sallum (1 maand) |
| | Menahem (10 jaar) |
| | Pekahia (2 jaar) |
| | Peka (20 jaar) |
| Jotam (16 jaar) | |
| Agas (16 jaar) | Hosea (9 jaar) |
| Hiskia (29 jaar) | **Einde van die ryk, 722** |
| Manasse (55 jaar) | |
| Amon (2 jaar) | |
| Josia (31 jaar) | |
| Joahas (drie maande) | |
| Jojakim (11 jaar) | |
| Jojagin (drie maande) | |
| Sedekia (11 jaar) | |

Verwoesting van Jerusalem, 586.

# AFDELING IV - Die Volk in Ballingskap en sy Terugkeer

# Die Ballingskap

## § 426 Die lewe van die Jode in die ballingskap

Die getalle van die weggevoerde Jode na Babilonië was - na ons maatstawe gemeet - nie so geweldig groot nie. By die eerste wegvoering onder Jojagin was tienduisend (2 Kon. 24:14) of agttienduisend (2 Kon. 24: 16) manne betrokke. Vir ander wegvoerings vind ons getalle in Jer. 52:28-30 tot 'n totaal van vierduisend-seshonderd; hierby is die vroue en kinders inbegrepe. Gewoonlik word geskat dat vyftigduisend Jode na Babilonië gekom het.

Uit Eseg. 3:15 blyk dat hulle-of 'n deel van hulle - bymekaar gewoon het in Tel-Abib by die Kebarrivier, 'n rivier of kanaal in die omgewing van Nippur, ten suide van die hoofstad Babel. Esegiël het daar 'n huis gehad en kon die oudstes ontvang (8:1). Die ballinge het dus 'n georganiseerde samelewing kon behou. Hulle kon huise bou en tuine plant; Jeremia het hulle aangeraai om dit ook maar te doén, want hul hoop op spoedige terugkeer is ydel, soos hy hulle per brief geskryf het (29:5). Vermoedelik het baie Jode gaan handel dryf, wat hulle trouens in hul vaderland ook reeds gedoen het en, blykens die waarskuwings van die profete, soms op oneerlike manier.

Daar was dus 'n sekere aanpassing by die nuwe omstandighede. Tog het baie daar ook maar verdriet gehad, soos blyk uit Psalm 137. Hulle het daar ook voor 'n geestelike krisis te staan gekom. Die weg-gevoerdes was die vernaamstes en aansienlikstes van die volk. Tot die laaste toe het hulle gedink dat die HERE hulle op wonderbaarlike wyse sou verlos (Jer. 5:12, 13; 21:2), want hulle was mos die volk van die HERE! (7:4). Maar die HERE het hulle nie verlos nie. Jerusalem is verwoes, en hulle self is ballinge. Terwyl hulle daar sit te midde van pragtige heidense tempels waar die gode van hulle oor-wïnnaars vereer word, kon die vraag opkom: Is die HERE onse God dan waarlik die Magtige, wat ons altyd geglo het? Uit die prediking van Esegiël kan hulle verneem dat hul ondergang nie 'n gevolg is van enige swakheid van die HERE hulle God nie, maar dat dit 'n straf op hul sondes is. Uit die volvoering van die so dikwels aangekondigde straf blyk juis dat God die Magtige is en dié God sal hulle ook in die ballingskap nie verlaat nie. Hy sal hulle verlos "en hulle sal weet dat Ek die HERE is"(hfst. 36).

Deur die prediking kon die ballinge in hulle geloof volhard. Dit was vir hulle egter nie moontlik om hul geloof deur offer en tempel-gang te toon nie; hulle het dit toe gedoen in strenge wetsonderhou-ding. Die sondes wat die toorn van God opgewek het, het hulle vermy. Afgodediens het by die ballinge nie voorgekom nie. Sabbat en besnydenis is streng onderhou, ook die rituele reinheidswette. Hierin was 'n sterk afweer teen heidense invloede geleë, en dit het die Jode gehelp om hul identiteit as volk te bewaar.

Die duur van die ballingskap word gewoonlik gestel op sewentig jaar, maar dit moet nie as 'n presiese getal opgevat word nie. Die eerste wegvoering (Jojagin) was reeds in 597 en Daniël behoort tot 'n nog vroeëre geselskap van weggevoerdes (vgl. § 415); die tweede wegvoering by die val van Jerusalem, waarmee die eintlike ballingskap begin, val in 586. Die terugkeer begin in 538; Cyrus, wat in 539 die Babiloniese ryk verower en geërf het, het die Jode toe laat terugkeer. Die getal sewentig wat in Jer. 25:11, 12 en 29:10 genoem word, het meer betrekking op die duur van die Chaldeeuse ryk. Daarmee val die ballingskap grotendeels saam, maar dit het effens later begin. Ook die getal sewentig uit 2 Kron. 36:21 is 'n afgeronde getal met simboliese betekenis. Daar staan dat die land vir sy sabbatte vergoeding moes kry. Gedurende die ballingskap het die land gerus vir die rus wat dit nie gehad het op die sabbatte toe Israel in sy land gewoon het nie (Lev. 26:35). Die vergoeding van al die verwaarloosde sabbatsdae en sabbatsjare word dus deur God geëis in die vorm van een lang sabbat van

sewentig jaar. So ernstig bedoel God dit *met* Sy sabbatsgebod! Geen wonder dat die Jode in die ballingskap begin het om die sabbat streng te onderhou nie. Jesus het daaroor later nog met die Fariseërs gebots.

Terwyl hulle in Babel is, het die Jode dus die val van die magtige ryk van Nebukadnesar aanskou.

Nebukadnesar self het lank en voorspoedig geregeer (605-552), maar ná sy dood het verswakking ingetree. Sy seun Evil-Merodag (§ 416) het in konflik met die priesters van Mardoek geraak en is vermoor. Ná hom het 'n skoonseun van Nebukadnesar enkele jare geregeer; sy seun en opvolger is ook vermoor. Toe het Nabonidus hom van die troon meester gemaak. Hy het weer langer geregeer, tot 538, maar kon die stabiliteit van die ryk nie herstel nie. Hy was nie 'n kragtige regeerder nie, maar meer 'n versorger van tempels en oudhede en 'n vereerder van die maangod, Sin. Daardeur het hy ook in moeilikhede met die priesters van Babel geraak, wat Mardoek vereer het. Ten slotte trek hy hom terug in Teima in Arabië en laat die regering aan sy seun Belsasar oor (Dan. 5:1). Die ergste van alles was egter dat in dié tyd 'n jong volk, die Perse, tot ontwikkeling gekom het. Hul eerste koning, Cyrus (Kores), het die hele Medië onderwerp en Babel. bedreig. Nabonidus het steun gesoek by Egipte en die Klein-Asiatiese ryk Lidië (koning Croesus), maar Cyrus het die hoofstad van Lidië (Sardis) ingeneem. 'n Paar jaar later was Babel aan die beurt (Dan. 5:30). (Later, onder Cambyses, die seun van Cyrus, het Egipte gevolg.)

Hierdie gebeurtenisse was van groot invloed op die stemming van die Jode. In dié tyd het die profesieë van Jes. 40-46, waarin die profeet sê dat die HERE Kores, sy gesalfde, by sy naam genoem het, ter wille van Jakob, Sy kneg (45: 1 e.a.), groot betekenis vir die ballinge gehad.

Verder handel ons oor die ballingskap deur enkele groot manne uit dié tyd te bespreek.

## § 427 Die profeet Esegiël

Esegiël was, net soos Jeremia, van priesterlike afkoms, maar ter-wyl Jeremia in Jerusalem is gedurende die regering van die laaste koning, Sedekia, is Esegiël onder diegene wat saam met Jojagin weggevoer word en bly hy met ander ballinge aan die Kebarrivier. Totdat Jerusalem ingeneem word, waarvan hy berig ontvang (33:21), is hy in die gees gedurig met die stad van die vadere besig. Hy getuig van die straf wat op die sonde moet volg. Hy sien selfs in 'n visioen watter goddelooshede hulle in Jerusalem doen (hfst. 8-11). In simboliese handelinge vertoon hy aan sy medeballinge wat in Jerusalem sal gebeur, soos die vlug van die inwoners en selfs van hul koning in die nag. Om dit af te beeld, moet hy 'n gat in die muur maak en met 'n pak goed op sy skouer deur die gat na buite gaan (12:1-16). God maak hom daarmee tot 'n sinnebeeld vir die huis van Israel. Ook het hy in gelykenisse (hfst. 17) en allegorieë (hfst. 23) op treffende wyse gepreek. Hy moes hom met liggaam en siel aan sy ernstige taak wy, óók met sy liggaam, deur bv. met stomheid geslaan te word (3:26) of dae lank op sy linkerkant en daarna op sy regterkant te lê. Ook die plotselinge dood van sy vrou - "die lus van sy oë" - is diensbaar aan sy prediking (24:16-17). Ook ander profete moes huweliks- en gesinslewe diensbaar maak aan hulle roeping, soos Jesaja (8:3), Hosea (1:2) en Jeremia (16:2).

Nadat Jerusalem ingeneem is, bring Esegiël heilsprediking. As die heidene in die rampe van Israel 'n bewys wil sien van die swakheid van die HERE, sal die HERE Sy grote Naam gaan heilig, en die nasies sal weet dat Hy die HERE is! Hy sal Sy volk terugbring na hul land en hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee (36:26). Die heilsprofesieë vind hul hoogtepunt in die groot visioen van hfst. 40-48, waarin die herstelde volk rondom sy nuwe tempel aan Esegiël getoon word.

## § 428 Daniël aan die koninklike hof in Babel (Dan. 1)

Reeds gedurende die regering van Jojakim is Daniël saam met 'n aantal jong seuns uit die koninklike geslag en uit die edeles van Juda na Babel geneem (§ 415; 2 Kron. 36:5,6; Dan 1:3). Deur die owerste van sy hofdienaars, Aspenas, het Nebukadnesar die voortreflikstes, sowel wat liggaamlike gestalte as intellektuele aanleg betref, laat uitsoek, sodat hulle in sy paleis kon dien. Onder hulle was Daniël, Hananja, Misael en Asarja. In die vreemde land is hul name aller-eers verander in Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego. Verder moet hulle eet van die spys van die koning en drink van die wyn wat hy gedrink het. Hierdie voorskrif het die vier vriende egter in konflik gebring met die spys- en reinheidswette waarmee hulle grootgeword het. Boonop was daar geen noemenswaardige verskil tussen die vleis en die wyn wat in die tempels en in die paleis bedien is nie. Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die spys van die koning te ver-ontreinig nie. Dit verras ons dat 'n seun van 'n volk wat so diep in afgodery en onreinheid weggesink het, hom so trou betoon! Al mag die dinge wat hy weier, dan tot die uitwendige kant van die gods-diens behoort, juis in daardie dinge kan hy hom handhaaf en sy selfstandigheid bewaar. In sy verdere lewe het hy bewys dat dit uitinge van 'n opregte godsvrug was.

Daniël vra vergunning om gedurende 'n proeftyd van tien dae met sy drie vriende groente te eet en water te drink. God bewerk dat Aspenas dit toestaan. Ná die tien dae het die vier seuns 'n beter voor-koms gehad as al die ander wat die spys geëet het wat deur die koning voorgeskrywe was. Ook in die verdere leerjare was God met hierdie vier seuns en het Hy aan hulle wetenskap en verstand in allerhande geskrifte en wysheid gegee, sodat hulle aan die einde van die leertyd van drie jaar al die ander leerlinge oortref het; ja, Nebukadnesar het bevind dat hulle al die geleerdes en besweerders van sy hele koninkryk tien maal oortref het. So het Daniël en sy vriende dan aan die koninklike hof in Babel 'n eervolle plek ingeneem.

## § 429 Die droom van Nebukadnesar oor die groot beeld (Dan. 2)

In die kringe van die "Chaldeërs" (geleerdes, magiërs) tree Daniël en sy vriende skitterend op die voorgrond deur sy verklaring van die droom van Nebukadnesar oor die groot beeld. Die droom het groot indruk op die gemoed van Nebukadnesar gemaak, en hy wil weet wat die droom beteken. Hy het daarvoor sy mense: geleerdes, besweerders, towenaars en Chaldeërs. Die laaste naam is hier nie die volksnaam nie, maar dui, net soos die voorafgaande name, 'n groep geleerdes aan of is 'n samevatting van almal. Die koning vra egter nie net die uitlegging nie, maar om hulle te toets, eis hy ook van hulle om te sê wat die droom was. Teen hierdie toets was die magie nie bestand nie. Die koning het hulle met die dood bedreig, en hy wil hierdie bedreiging nou ten uitvoer bring. Ariog is reeds op pad om die wyse manne van Babel te gaan haal: hulle moet in stukke gekap word! Hy kom ook by Daniël en sy metgeselle. Hulle is nie gevra om die droom bekend te maak nie, maar by die teregstelling word hulle nie oorgeslaan nie. Nebukadnesar was baie streng en wreed. Maar Daniël het Ariog 'n slim en verstandige antwoord gegee en uitstel verkry. Die tyd van uitstel gebruik hy en sy vriende om barmhartigheid van God af te smeek, sodat hulle nie met die orige wyse manne van Babel omgebring sou word nie. Hoe dit kon gebeur, het hulle nie omskryf nie, maar aan God oorgelaat. God het dit so gedoen dat nie net Daniël en sy vriende nie maar ook al die Chaldeërs aan die vreeslike doodstraf ontkom. Hy het in 'n naggesig die geheim aan Daniël geopenbaar.

Daniël verskyn nou voor die koning; hy vertel eers die droom en gee daarna die betekenis. Daarby gee hy duidelik te kenne dat dit hier nie gaan om 'n gewone droom en dat hy self nie 'n droomuitlêer is soos daar in die koninkryk so baie was nie - nee, dit is 'n Goddelike openbaring: die Openbaarder van die geheime het aan Nebukadnesar bekend gemaak wat sal

gebeur. Die koning self het daaroor gelê en nadink. Daniël sê dit en openbaar daarmee die gedagtes van die koning. Hoe die gedagtes was - of hy besorg was oor die toekoms van sy ryk ná sy dood, of dat hy verwaande gedagtes gekoester het oor die betekenis van sy ryk in die toekoms - word nie gesê nie, maar die saak wat Nebukadnesar in sy gedagtes aan die orde gestel het, is inderdaad belangrik, en God self wil Hom daaroor ook uitspreek. Die geskiedenis het in die ryk van Nebukadnesar 'n hoogtepunt bereik. Nebukadnesar self staan óp daardie hoogtepunt. Is daardie glans en heerlikheid van Babel nou die uitgangspunt vir alle verdere verwagting en ontwikkeling? Nebukadnesar het stellig so gedink. En nou kom God in hierdie droom om te sê dat nie die ryk van Nebukadnesar nog 'n ander ryk ná hom die betekenis het nie; iets heeltemal anders is dit wat die loop van sake en die bestemming van die wêreld sal bepaal.

In sy droom het die koning - so sê Daniël - 'n groot beeld gesien, 'n vreeslike, skrikwekkende beeld. Die beeld was nie aantreklik of mooi nie, hoeseer dit ook geglans het. Die geskiedenis van die wêreld, volgens sy tydvakke in die beeld voorgestel, is inderdaad vol verskrikking. Die hoof was van goud; dit is Nebukadnesar self! Daarna kom daar ander koninkryke, voorgestel in die bors van silwer, die buik van koper, die bene van yster, die voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei, wat nie wou meng nie. Die wêreldse magte is dus aan die agteruitgaan! Maar daar kom iets anders, van buite af, son-der toedoen van mense: 'n klip wat die beeld omstamp en verbrysel sodat daar geen spoor meer van gevind is nie, en die klip self het die hele aarde gevul! Dit beteken dat die God van die hemel 'n ander koninkryk sal verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, maar wat die ander koninkryke sal verbrysel en self vir ewig sal bestaan. Hierdie ewige koninkryk is heeltemal van ander geaardheid en ander herkoms as die aardse koninkryke. Dit is die koninkryk van God! Dit maak 'n einde aan alle aardse glorie. Nie in die lyn van die gedagtes van Nebukadnesar sal die wêreld kulmineer nie; die koninkryk van God sal triomfeer.

Deur dit in die geheim van 'n droom aan Nebukadnesar te open-baar, deur dit in 'n naggesig aan Daniël te verklaar, deur dit in die Heilige Skrif te laat opneem, het God dit ook aan ons van vandag verkondig. Hoe die vervulling presies in vervulling gaan, weet ons nie. Dit kan ons aan God oorlaat. Hoeveel mensegeslagte die verskriklike beeld nog moet aanstaar, al is dit ook maar sy voete van yster en klei, weet ons nie, maar oor die einduitslag hoef ons nie in twyfel te verkeer nie: die oorwinning behoort aan God en aan almal wat tot Sy koninkryk behoort.

Hierna het Nebukadnesar aan Daniël groot hulde bewys, meer as wat hy kon aanvaar: die spysoffer en die reukoffer. Hy het hom aan-gestel as heerser oor die hele provinsie Babel en as hoofowerste oor al die wyse manne van Babel. Ook sy metgeselle het hoë poste gekry. Daniël self bly 'aan die koninklike hof.

Nebukadnesar het erken dat die God van Daniël en sy metgeselle die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse is.

## § 430 Die goue beeld in die dal Dura (Dan. 3)

Hoewel die verklaring van sy droom oor die groot beeld nie besonder vleiend vir Nebukadnesar was nie, skyn die gedagte van 'n *beeld* hom tog nie los te laat nie. Hy gaan nou so 'n beeld maak, heeltemal van goud. Die beeld in sy droom het net 'n hoof van goud gehad, en dit was hy! Hy maak nou die hele beeld van goud en hou hom dus maar aan die skitterende hoogtepunt waarop hy self staan. Die hede is goed, en daaraan wil hy hom verlustig.

By die inwyding van die beeld moet alle hoogwaardigheidsbekleders teenwoordig wees, en

op die teken van allerlei musiekinstrumente moet hulle die beeld aanbid. Hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word. So 'n oond was bo oop; daar kon die rook uitgaan en die veroordeeldes in-gegooi word; onder was 'n deur om te stook en blykbaar kon 'n mens daardeur ook in die vuur kyk. (Vir die vuurdood wat deur Nebukadnesar toegepas is, vgl. Jer. 29:22.)

Sadrag, Mesag en Abednego het die gebod van die koning oortree, en Chaldeeuse manne (Babiloniërs) het hulle by die koning aangekla. Hulle sê nadruklik dat die skuldiges Jode is en dan ook nog Jode wat deur die koning met hoë posisies beklee is. Haat en jaloesie speel in hierdie aanklag seker 'n minstens ewe groot rol as godsdienstige ywer.

Daniël word in hierdie verhaal nie genoem nie. Daar hoef ons geen oorsake voor te soek nie. God lei elkeen se weë, en voor hierdie beproewing het Hy alleen die drie vriende geplaas.

Die drie vriende word deur die koning ter verantwoording geroep, maar hulle beswyk nie, nòg voor beloftes nòg voor dreigemente. Of God hulle sal kan verlos - wat die koning ontken (v. 15) - het geen invloed op hul houding nie; hulle sal in geen omstandighede voor die beeld kniel nie!

Bewonderenswaardig is die trou van hierdie drie manne. Maar Nebukadnesar word baie woedend. Hy laat die oond sewe maal warmer maak as wat eintlik nodig was. Die oond was nou so verhit dat die sterk manne wat die drie vriende moes ingooi, doodgebrand het! Maar - en hier begin die wonder eintlik al - die drie vriende val lewend in die oond. Nebukadnesar is daarby en kyk, maar is verskrik as hy sien: die drie manne brand nie dood nie! Hulle wandel in die vuur! En hulle is nie drie nie, maar vier! Ook was die manne geboei, maar waar is die boeie? Hulle loop los! Het die boeie dan ver-brand, maar verder niks nie? En die vierde man lyk soos 'n gode-seun! Verbaas kom die magtige koning nader en roep die manne: "Knegte van die allerhoogste God." Hy erken weer die hand van die God van die gode (2:47). Hy sê vir hulle: "Gaan uit en kom hier!" Toe het hulle uitgegaan - sekerlik ook maar deur dieselfde deur wat gedien het om die vuur te stook en waardeur Nebukadnesar gekyk het. Ander veroordeeldes sou die kans nooit kry nie, maar hierdie manne wel. Almal kom nou nader om die wonderbaarlik bewaarde manne te sien. Hulle is nou weer drie. Die engel is weg (v. 28). God het die engel gestuur as bewys van Sy bemoeienis met Sy troue diensknegte. Daardie engel was seker al by hulle voordat Nebukadnesar hom gesien het (vgl. 6:23); die manne is deur die teenwoordigheid van die engel gerusgestel in hul gevaarlike situasie. God kon ook sonder tussenkoms van 'n engel deur Sy almag die vriende gered het. Maar God bly nie ver nie. Hy is naby, deur Sy engel (vgl. § 435). As die grotes van die koning die manne besien, blyk dit dat hulle geen letsel het nie, nie die minste nie; hulle ruik nie eens na vuur nie.

Nebukadnesar is weer net so opgetoë oor die mag van die God van Sadrag, Mesag en Abednego as in die vorige geskiedenis en het selfs bevel gegee dat met eerbied oor Hom gespreek moet word. Wie dit nie doen nie, sal stukkend gekap word en van sy huis sal 'n mishoop gemaak word. Hierdie laaste maatreël dien om so iemand met die grootste skande en smaad te oorlaai (vgl. 2 Kon. 10:27).

## § 431 Die droom van Nebukadnesar oor die groot boom (Dan. 4)

In hierdie geskiedenis is Nebukadnesar self aan die woord; hy vertel wat hy ervaar het en dat dit hom ook behaag om self te verkondig watter tekens en wonders die allerhoogste God aan hom gedoen het.

Ek, Nebukadnesar, so vertel hy, was rustig en voorspoedig in my paleis. Sy tyd van oorlog en veldtogte is dus blykbaar verby: hy rus nou op sy louere, en dan juis kom die verpletterende voorspelling wat hy in 'n droom ontvang.

Hy droom dat daar 'n groot boom is, van ver af sigbaar; ook is dit vol vrugte en onder hom het die diere sy skaduwee gesoek, ja, alle vlees is daardeur gevoed; 'n boom dus waarvan almal afhanklik was. Maar daar kom 'n bode, 'n heilige, d.w.s. 'n bomenslike wese, wat bevel gee dat die boom omgekap moet word; alleen die penwortel bly oor en word selfs beskerm deur 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld.

As Daniël hoor wat die koning aan hom vertel, verstaan hy deur Goddelike verligting oombliklik wat dit beteken, en dit is so vreeslik dat hy verstom staan. Hy moet egter, sê Nebukadnesar, nie aarsel nie, maar sê wat hy weet.

Dan praat Daniël en sê: Die groot boom is u, o koning, wat ook groot en sterk is en onder wie se heerskappy almal staan. Maar soos die groot boom omgekap is, so sal u ook verneder word; die koning sal 'n dier word, hy sal saam met die diere in die veld wees en plante eet; hy sal dan ook uit die mensdom verstoot word en deur die dou van die hemel natgemaak word, net soos die boom se penwortel.

Die groot boom is dus 'n beeld van Nebukadnesar. Dit blyk reeds in die bewoording waarin oor die omgekapte boom gespreek word: sy hart sal anders word as dié van 'n *mens* en 'n dierehart sal aan hom gegee word. Hierdie woorde pas, streng genome, nie by 'n boom nie en ook nie by 'n penwortel nie, ook nie as daar staan dat die penwortel saam met die diere aan die plante van die aarde deel sal hê nie, want dit het die penwortel al. Die spreker gaan met hierdie woorde al oor van die beeld (die boom) na die bedoelde persoon (Nebukadnesar). Daarom het die droom Nebukadnesar ook so verskrik. En nou sê Daniël dit ronduit: Dit sal met u gebeur, o koning!

Daar is egter een ligpunt: die penwortel bly bewaar. Hierdie "dier-word" is tydelik, sewe tydperke. Dis 'n maatreël, 'n strafmaatreël van die Allerhoogste, sodat die magtige koning, wat telkens weer vergeet wat hy reeds twee keer moes erken, tóg weer erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens - in hierdie geval die koningskap van Nebukadnesar, en dat Hy dit gee aan wie Hy wil. Nebukadnesar het dus sy koningskap van God gekry, en vandat hy erken dat die hemel heers, sal sy koningskap bestendig wees.

Hiermee is die droom verklaar en is aan Nebukadnesar meegedeel wat hom sal oorkom.

Uitbundige lof van die koning oor die wysheid van Daniël hoor ons hierdie keer nie. Die boodskap was ook nie vir die koning bemoedigend nie!

Maar Daniël sê nog iets. Dit behoort nie meer tot die verklaring van die droom nie. Dit is 'n waarskuwing, 'n raadgewing wat uit die hart van hierdie raadsman van die koning kom: Breek met u sondes deur geregtigheid; breek met u ongeregtigheid deur genade te bewys aan die ellendiges. Hier word aan die grootste maghebber van sy tyd die altyd geldende evangelie verkondig: bekering, bekering! Dan is daar uitkoms! Terselfdertyd teken Daniël in hierdie paar woorde 'n skerp beeld van die lewe van Nebukadnesar: dit was vol sonde en ongeregtigheid, 'n lewe van eieroem en glorie sonder om aan die ellendiges genade te bewys. Die HERE hoor hulle geroep (Ps. 9:13), maar Nebukadnesar het dit nie gehoor nie!

Nebukadnesar het blykbaar die raad van Daniël in die wind geslaan, want dit alles het inderdaad oor hom gekom.

Twaalf maande het God gewag. Daar wandel Nebukadnesar rond op die koninklike paleis van Babel. Hy sien niks as prag en praal, rykdom aan tempels en bouwerke. Sy hart swel van trots en hy sê: Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?

Hy vergeet dat dit die Allerhoogste is wat die koningskap uitdeel! Terwyl hy nog praat, hoor die trotse koning 'n stem uit die hemel wat hom in die rede val en sê: Koning Nebukadnesar,

jou word aan-gesê dat die koningskap jou ontneem word! Daar hoor hy weer die-selfde woorde uit die droom wat hom so verskrik het; en nou is dit nie 'n droom nie maar werklikheid. 'n Waansin waarin hy hom verbeel dat hy 'n bees is, kom oor hom. Van hoogmoedswaan verval hy in 'n geestessiekte waarin hy dink hy is 'n bees en waarin hy maak soos 'n bees. Maar so 'n verdwaasde mens kan in die samelewing nie geduld word nie! Hulle verstoot hom; hy merk ook niks daarvan nie. Hy wil dier wees: hy eet plante soos die beeste, die nag deur lê hy in die veld, nat van die dou. Hare en naels groei, beestelik lê hy daar. Geen mens kan iets met hom aanvang nie.

Sewe tydperke gaan oor hom heen, 'n tyd deur God bepaal. Dan keer sy verstand weer in hom terug. Hy slaan sy oë op na die hemel en loof die Allerhoogste. Hy doen dit in breë bewoording en dit klink asof hy dit ook volmondig doen: By die Allerhoogste is alle mag; mense is niks nie. Niemand kan God se hand afslaan nie en sê: Wat doen u? Hy erken dit ook van homself, want as hy weer op sy troon sit, dink hy aan sy trotsheid en sê hy: Nou prys ek, Nebukadnesar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al Sy werke is waarheid en Sy paaie is reg, en Hy kan verneder dié wat in hulle trotsheid wandel.

## § 432 Slotbeskouing oor Daniël 2-4

In Daniël 2-4 staan drie geskiedenisse waarin Nebukadnesar op die voorgrond tree, en in al drie kom hy tot die erkenning dat die God van Daniël groot en magtig is (2:47; 3:28, 29; 4:34-37). Die volk van God is in verdrukking onder die wrede slae van Nebukadnesar; hy hoor die geroep van die ellendige nie. Maar die God van die volk raak die onderdrukker aan, en dié moet die trotse hoof buig - die laaste keer die diepste - ná die gevoelige slag wat hy gekry het. Al het die volk van God deur sy sondeskuld in die mag van die ver-drukker geraak - die God van die volk toon sy mag aan die verdrukker. Dit kon die ballinge bemoedig: bo die koning van Babel staan hulle God, die Allerhoogste, wat ewig lewe, die Koning van die hemel, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is.

## § 433 Beltsasar en Belsasar (Dan. 5)

Beltsasar is die Babiloniese naam van Daniël (1:7). Belsasar is 'n opvolger van Nebukadnesar en - die laaste! Meer as veertig jaar het Nebukadnesar geregeer en dit was die glansperiode van die Nieu-Babiloniese of Chaldeeuse ryk. Sy opvolgers - eers sy seun, Evil-Merodag (2 Kon. 25:27), daarna sy skoonseun, Nergal-Sareser (die rabmag uit Jer. 39:13) en daarna dié se seun - kon die mag van Babel nie handhaaf nie. In die Ooste het 'n jong volk magtig geword: die Perse. Hul voorlopers was die Meders, wat saam met Babel die Assiriese ryk vernietig het, maar hulle is opgeneem in die ryk wat Kores, die Pers, gestig het, die Medo-Persiese ryk. Sy oog was gerig op Babel, maar eers verslaan hy Croesus van Lidië, by wie Babel steun gesoek het. Intussen het in Babel 'n nuwe koning - nie uit die huis van Nebukadnesar nie - opgestaan, nl. Nabonidus (al was hy miskien getroud met 'n dogter van hom), wat òf om politieke òf om argeologies-religieuse redes lank buite Babilonië, in die Arabiese Teima, vertoef het. Gedurende dié jare was sy seun Belsasar, van wie ons in Daniël 5 lees, belas met die regering in Babel. Nadat Nabonidus in die hande van Cyrus (Kores) geval het, hou Belsasar nog 'n kort tyd stand in die koninklike burg. Ook dit val egter in die hande van die vyande, en dan word Belsasar gedood. Daniël 5 eindig met die woorde: in dieselfde nag (die nag van die fees en die hand op die muur) is Belsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood. Die ligsinnige fees wat in hierdie hoofstuk beskryf word, het dus plaasgevind terwyl die vyande die stad aangeval het en die onder-gang van die eens so magtige ryk baie naby was.

'n Groot fees was dit wat Belsasar in die haglike omstandighede aangerig het. Sy duisend

maghebbers was aanwesig, ook sy vroue en by-vroue. Terwyl hulle drink en fees vier, kry Belsasar die gods-lasterlike idee om by die fees gebruik te maak van die goue en silwerkomme en skale wat uit die tempel van die HERE in Jerusalem buitgemaak is. Hieruit blyk dat die tempelskat van Jerusalem nie 'n vergete klompie voorwerpe was onder al die roofgoed wat in Babel opgehoop was nie, maar dat die vorste van Babel met hierdie skatte baie gespog het; nou wil hulle in hul dwase oormoed daaruit drink! Dis dieselfde komme en skale en potte wat God beveel het om gemaak te word vir die offerbloed wat voor Hom uitgegiet, vir die wierook wat vir Hom aangesteek moes word. Nou sal die onsedige manne en vroue daaruit drink! Dis heiligskennis! Te meer omdat hulle daarby hulle gode prys! (v. 4).

Hoewel Belsasar nie 'n seun van Nebukadnesar was nie, is dit tog wel verklaarbaar dat in hierdie verhaal van "sy vader Nebukadnesar" gespreek word (v. 2; kyk ook v. 11, 18, 22). Afgesien van die moontlikheid dat sy moeder 'n dogter van Nebukadnesar was, kan ons dit vergelyk met die aanduiding: "Jehu, die seun van Omri", soos ons dit aantref in Assiriese inskripsies.

Nouliks is die goue en silwervoorwerpe uit die tempel voor die gaste neergesit of die koning sien 'n snaakse ding: op die muur teen-oor hom verskyn 'n hand, net 'n hand; die vingers van daardie hand skryf op die kalk van die muur, en die skrif is duidelik sigbaar in die lig van die kandelaar wat daar staan.

Die koning sien die rug van die hand. Dit was 'n bomenslike ver-skynsel: die los hand sonder 'n mens. Die koning word bleek van skrik, sy knieë knik, angstige gedagtes vervul hom, en hardop roep hy om sy besweerders en waarsêers. Hy kan die skrif nie lees nie, maar hulle moet dit vir hom lees en verklaar. Hy sal hom wat dit doen, met purper, d.w.s. koninklik, beklee, hom 'n goue ketting om sy hals hang (vgl. Gen. 41:42); ook sal dié wyse as die derde in rang in die koninkryk heers. Belsasar was miskien nie so geletterd nie, maar die geleerdes aan sy hof kan die skrif ook nie lees nie. Dit was dus 'n ongewone skrif of tekens. Nou word die saak nog geheimsinniger en nog meer beangstigend. Nie net die koning nie, maar ook die duisend maghebbers word verskrik, en die vreugde van die fees is weg!

Op dié gerig tree die koningin die feessaal binne. Hierdie koningin is nie die gemalin van Belsasar nie, want sy vroue is reeds in die feessaal, maar die koningin-moeder. Sy praat soos iemand wat goed met Nebukadnesar bekend is en herinner Belsasar daaraan dat Daniël ook nog daar is, 'n wyse wat deur Nebukadnesar tot owerste van die geleerdes aangestel is omdat die gees van die gode in hom was. Dit skyn asof Daniël ná die dood van Nebukadnesar op die agtergrond geraak het, maar die ouere koningin-moeder onthou hom nog. In haar woorde lê iets van 'n verwyt aan die koning dat hy die gunsteling van sy vader so heeltemal kon vergeet.

Daniël word geroep, en die koning maak dieselfde beloftes as hy die skrif op die muur kan lees. Maar Daniël stel geen prys op die gawes en geskenke nie. Wat sal dit ook baat om die derde in rang te wees in 'n koninkryk wat op sy laaste bene waggel? Want Daniël het intussen die skrif al gelees en van sy God verneem watter boodskap hy moet bring. Voordat hy egter met die verklaring voor die dag kom, dien hy die koning met groot vrymoedigheid 'n ernstige bestraffing toe: God waarsku nie om veronagsaam te word nie. Om Sy waarskuwing nie in ag te neem nie, verswaar 'n mens se straf. Dit is nou die geval met Belsasar. Daniël herinner hom aan wat sy vader Nebukadnesar moes ervaar,' naamlik dat hy vanweë sy hoogmoed deur God uit die mense verstoot is. Daniël skroom nie om die ontstellende vernedering ronduit te noem nie: hy het saam met die wilde-esels geleef en moes plante eet soos die beeste, totdat hy erken het dat God die Allerhoogste is. Dit was 'n ernstige waarskuwing, ook vir Belsasar. Maar, sê Daniël, u, sy seun, het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles weet! Dit het hom betaam om hom te verneder, maar hy het juis sy hart verhef teen die HERE van die hemel, wat geblyk

het toe hy die tempelgerei laat haal het om daaruit te drink terwyl hulle roem en lof bring aan hul afgodsbeelde van silwer en goud, koper, yster. hout en klip; maar die God in wie se hand sy asem is en voor wie al sy paaie is, het hy nie geëer nie!

Uit hierdie felle en onverskrokke uitgesproke strafpredikasie blyk dat Belsasar skuldiger is as Nebukadnesar. Die strafaankondiging is daarom ook nie voorwaardelik nie (vgl. 4:27), maar onverbiddelik.

Dit blyk uit die verklaring van die skrif op die muur.

Daniël lees dit voor: *Mene, mene, tekel, ufarsin.* Dit is Aramese woorde, woorde in die algemene en wyd verspreide taal van daardie tyd! Dis dieselfde taal waarin hierdie verhaal geskryf is. Wat doen Daniël dus? Hy lees die vreemde skrif, onleesbaar vir die geleerdes van Babel, voor in Aramees. Dit is die eerste bewys van sy kennis. Maar as die vreemde skrif deur hom oorgebring is in woorde wat elkeen wat daar in die saal was, wel ken, dan bly dit nog raaiselagtige woorde. Ons kan die Aramese woorde in Afrikaans vertaal en dan klink hulle ook vir ons raaiselagtig. Die Afrikaanse woorde lui: *Getel, getel, geweeg en brokstukke.* Daniël verklaar nou verder wat met hierdie woorde bedoel word. Met *mene (getel)* word bedoel: God het u koningskap getel en daar 'n einde aan gemaak. Met *tekel (geweeg)* word bedoel: U is op die weegskaal geweeg en te lig bevind. Dus: die tydsduur van die koningskap van Belsasar is ten einde, sy jare is getel; en wat die waarde, die deugdelikheid van die koning betref, voldoen hy nie aan die eise wat God aan konings stel nie (vgl. bv. Dan. 4:27; verder Spr. 16:12; 20:8, 26; 29:14; 31:4). Met *peres* (die enkelvoud van *farsin;* u = en) word bedoel: u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.

Daniël het nie net die woorde op die muur vertaal nie, maar ook gesê wat die resultaat is van die tel en die weeg en die brokstukke. Die skrif op die muur verkondig die einde van Babel. Dit het onmiddellik gekom, want in dieselfde nag is Belsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood, ongetwyfeld by die inneming van Babel. Daarmee het die wêreldmag uit die hande van Babel oorgegaan in dié van die Perse (539 v.C).

## § 434 Babel

Met die oorgang van die wêreldmag van die Chaldeërs na die Perse het die stad Babel nie dadelik verdwyn nie, al was sy glansperiode verby. Die eerste Persiese konings het die stad nog as residensie verkies, maar Xerxes het dit kaal geplunder, die mure gesleg, die tempels gesloop. *As* Alexander die Grote ná die Perse optree, wil hy Babel weer tot hoofstad van sy ryk maak, maar deur sy vroegtydige dood kon hy hierdie plan nie volbring nie, en daarmee het Babel se laaste kans om weer groot te word, verbygegaan. By die plek waar Babel gelê het, is nou net 'n halte van die trein na Bagdad. So is ook voorsê: 'n plek van boskatte en veldduiwels, mense sal daar nie woon nie (Jes. 13:19-22). Hierdie voorsegging word weer vervul as die sondemag, deur Babilon afgebeeld, vir ewig ondergaan en die engel uitroep: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste . . . (Openb. 18:2).

Babel is nie net 'n stad nie, maar as stad van mag en glorie en afgodery ook die simbool van die sonde. Die stad behoort tot die aller-oudste stede (Gen. 10:10) en het van ou tye af in 'n reuk van heiligheid gestaan, maar dan heiligheid in heidense en afgodiese sin. Reeds die eerste Gode ongevallige optrede van die ná-sondvloedse mensheid word met Babel in ver-band geplaas. Tog was Babel aanvanklik geringer as ander ou stede, soos Ereg (Oeroek) en Akkad, wat die opperheerskappy in Babilonië gehad het voordat Babel dit gekry het. Babel het dit gekry deur sy Amoritiese dinastie, waarvan Hammoerabi die vernaamste koning is. Hy is bekend om die wette-kodeks wat hy nagelaat het; ook het hy die plaaslike god van Babel, Mar-doek, tot hoofgod van die hele Babiloniese land verhef, wat hy tot die ondergang van Babel gebly het. Hammoerabi bou 'n tempel vir Mardoek, E-SAG-ILA (= huis van die opheffing van die hoof, d.w.s. bedehuis). Ook begin hy met die bou van 'n tempeltoring, E-TEMEN-AN-KI (= huis van die grondslag van hemel en aarde), 'n sg. sikkoerat, wat bestaan uit telkens kleiner bouwerke bo-op mekaar, "waarvan die spits tot aan die hemel reik" (Gen. 11 :4).

Babel het as magtige staat nie altyd bly staan op die hoogte waarop Hammoerabi dit gebring het nie. Hetiete het die stad verwoes. Daarna het die Kassiete in Babel geheers. Die Elamiete het die Kassiete verjaag. 'n Glans-punt was weer dat Nebukadnesar I (12de eeu) die Elamiete oorheers het. Maar altyd hou Babel sy posisie as heilige

priesterstad! En ook het Babel hom altyd verweer teen die Assiriese oorheersing, veral sedert die Aramese Chaldeërs in Mesopotamië binnegedring het en hulle in Suid-Babilonië gevestig het. Die gesante van Merodag-Baladan in die dae van Hiskia is 'n bewys van die Chaldeeuse diplomasie (of kuiperye). Merodag-Baladan (= Bero-dag-Baladan) was ook 'n Chaldeër. (In *Merodag* kan die naam Mardoek herken word.) Die woede van die Assiriërs het eendag so hewig geword dat koning Sanherib Babel laat verwoes het. Sy seun Esar-Haddon het die stad egter weer opgebou. Tot oppermag kom Babel weer as die Assiriese ryk ten einde is en Nebukadnesar (II) koning van Babel word.

Wat die opgrawings in Babel aan die lig gebring het. is net die Babel van Nebukadnesar, maar dit is dan ook Babel in sy mees skitterende verskyning - "die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs" (Jes. 13:19). Die reste van die ouere Babel lê onder die teenswoordige grondwaterpeil en is daarom onbereikbaar vir graaf en pik.

Die stad lê aan weerskante van die Euf raat - die oudste deel aan die ooste-kant, waar die Etemenanki verrys, die jongste deel aan die westekant, met tempels en burgte in een waarvan 'n groot saal gevind is, wat die saal kan gewees het waar die hand op die muur verskyn het. Die twee stadsdele was verbind deur 'n groot en tegnies goed vervaardigde brug.

Baie skatte is nie gevind nie; groot plunderaars soos Xerxes het die op-grawers voorafgegaan. Maar volgens gevonde fondamente kan die bou van die stad gerekonstrueer word. Die meeste aandag trek die Prosessiestraat, waarlangs die gode (afgodsbeelde) van en na hulle tempels gery het. Die straat lê hoog en kom by die Isjtarpoort in die binnestad. Afskrikwekkende reliëfwerke wat leeus en drake vertoon, moet die toeskouers ontsag ingeboesem het. Die straat voer na die nuwe Etemenanki, waaraan Nebukadnesar as kroonprins eiehandig gewerk het, en na Esagila waar, soos geglo, die gode vergader het om die lotgevalle van elke nuwe jaar vas te stel. Verder lei die Prosessiestraat weswaarts na die brug.

Die stad het geweldig dik mure gehad; hulle was onneembaar hoog. Maar die val het gekom!

Die stad wat in die oë van die wêreld die heilige stad was, was in die oë van God die by uitstek onheilige stad, die bron van afgodery, selfverryking, eieroem, ónderdrukking en wreedheid. Die HERE noem die stad: "Die Hart van my teëstanders" (Jer. 51:1), die sentrum van die vyandskap teen God. Ook as die stad verwoes is, bly sy naam die simbool van afgodery (hoerery, Openb. 19:2) en van die gruwels van die aarde (17:5).

## § 435 Daniël en Darius (Dan. 6)

Darius is 'n bekende Persiese koningsnaam. Uit die profane geskiedenis ken ons drie Persiese konings met daardie naam. Die eerste van die drie word ook in die Ou Testament genoem, o.a. verskeie kere in die boek Esra. Hy is Darius I Hystaspes, wat geregeer het van 522-485 v.C. en opgevolg is deur sy seun Xerxes of Ahasveros, van wie ons in die boek Ester lees. Hy is nie dié Darius uit Daniël 6, wat uitdruklik Darius die Meder genoem word nie. Darius die Meder was trouens die *seun* van 'n Ahasveros (Dan. 9:1), 'n ander een as Xerxes. Darius die Meder (en ook sy vader Ahasveros) is alleen uit die Bybelse geskiedenis bekend. Hy is volgens Daniël 9:1 koning gemaak oor die koninkryk van die Chaldeërs. Hy het dus nie koning geword deur verowering of deur reëlmatige opvolging nie; moontlik is hy deur Cyrus aangestel. Lank het hy ook nie geregeer nie; hy was reeds twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het, en ons lees oor hom slegs van sy eerste jaar (9:1; 11:1). Die ryk waar-oor hy honderd-en-twintig landvoogde aanstel, is dan ook nie die hele Persiese ryk nie, maar die koninkryk van die Chaldeërs. Dit was 'n administratiewe maatreël "sodat die koning nie skade sou ly nie", dus om die belastings noukeurig te kan invorder. Honderd-en-twintig is in hierdie verband 'n groot getal en die distrikte dus klein. Die nuut verowerde gebied kon op dié manier deur die nuut aangestelde koning sorgvuldig gefynkam word. Ook geld dadelik in hierdie nuwe gebied die wet van die Meders en Perse, naamlik dat 'n eenmaal uitgevaardigde wet onherroeplik is.

Oor die honderd-en-twintig landvoogde staan drie ministers, aan wie die landvoogde rekenskap moes gee. Een van die drie ministers was Daniël, wat ná die gebeurtenis in die laaste nag van die lewe van Belsasar weer op die voorgrond gekom het en wie se verdienstes blykbaar ook deur Darius die Meder ingesien is. Toe Daniël bo die ministers en landvoogde

uitmunt, het Darius die plan opgevat om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

Nou ontwaak die afguns jeens hom. Die ander ministers en die landvoogde het gesoek om 'n grond vir 'n aanklag teen Daniël te vind. Hulle soek dit eers met betrekking tot die regering, dus in Daniël se ampswerk. Maar hulle kan niks vind nie. Dis groot lof vir Daniël: hy was getrou, en geen nalatigheid of verkeerde handeling was by hom te vinde nie! Daar was geen grond vir 'n aanklag teen hom by die koning nie!

Die vyande van Daniël sal 'n ander plan moet maak. En hulle maak 'n ander plan! Hulle sê: Ons kan niks teen hom vind nie tensy in sy godsdiens! Maar Daniël was as godsdienstige man tog ook onberispelik? Het hy nie al God se gebooie bewaar nie? Sekerlik! Maar dit was sy godsdiens! En die vyande maak nou hulle godsdiens; daaraan moet Daniël nou beantwoord. Hulle verlei die koning om 'n gebod uit te vaardig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan die koning, in die leeukuil gegooi sal word. Die koning het die bedoeling nie deursien nie, maar hy was ydel genoeg om hom te laat verlei sodat hy die gebod uitgevaardig het.

Die gebed van Daniël, wat hy drie maal op 'n dag tot sy God gebid het, is daarmee ook verbied. Nou is daar konflik tussen Daniël en die koning, tussen Daniël en die staat, konflik op godsdienstige gebied. In wese is dit dieselfde konflik waarvoor Daniël en sy vriende te staan gekom het toe hulle die onreine spys van die koninklike tafel moes eet (1:8); dieselfde konflik waarvoor die vriende gestaan het toe hulle die goue beeld moes aanbid (Dan. 3).

Daniël verneem die bevel, maar hy het tot sy God gebid, net soos hy tevore gedoen het. Hy word deur sy vyande op heter daad betrap, en hulle gaan nou met die aanklag na die koning. Toe die koning dit hoor, kom hy agter wat die bose plan was, en dit het hom baie mis-haag. Hy wou Daniël verlos en het die hele dag daarvoor moeite gedoen. Maar die gebod is uitgevaardig en onherroeplik. Die aanklaers hou aan. Toe het die koning bevel gegee om Daniël in die leeukuil te gooi, maar eers sê hy nog aan Daniël: Mag jou God wat jy gedurig-deur vereer, jou verlos! Vol besorgdheid het hy 'n slaaplose nag deurgebring en vroeg in die môre, toe dit lig word, opgestaan en haastig na die leeukuil gegaan. Hoe verbaas en verblyd was die koning toe hy sien dat Daniël nog lewe. Die leeus het hom nie leed aangedoen nie, ja, Daniël het nie eens 'n angstige nag deurgebring nie, want 'n engel van God was daar by hom om die bek van die leeus toe te sluit. Die engel het hom gerusgestel in sy gevaarlike situasie. God kon ook sonder tussenkoms van 'n engel, deur Sy almag alleen, Daniël gered het. Maar God bly nie ver nie, Hy is naby deur Sy engel (vgl. § 430).

Darius het toe bevel gegee om Daniël uit die kuil op te trek en om die aanklaers van Daniël met hulle kinders en hulle vroue in die leeukuil te gooi. Hulle is deur die leeus verskeur. Darius het toe, net soos Nebukadnesar, die mag van die God van Daniël erken.

Daniël was verder voorspoedig onder die regering van Darius die Meder en daarna onder die regering van Kores, die Pers. Tot in die derde jaar van Kores was Daniël profeties werksaam (10:1).

## Die Terugkeer uit die Ballingskap

### § 436 Die edik van Kores (Esra 1:1-4)

Die begin van die boek Esra (wat gelyk is aan die slot van Kronieke) maak melding van 'n edik van Kores waarin hy die Jode opdra om na Jerusalem terug te keer en die huis van die HERE, die God van Israel, te bou. Kores is Cyrus, die Pers, wat Babel in 539 verower het. Die sewentig jaar wat God vir die nieu-Babiloniese ryk bestem het, was toe verby, en God het ag gegee op Sy volk om hulle na die land van hul vaders terug te bring (Jer. 29:10). Terstond in

die eers-te jaar van sy regering oor Babel (hy was reeds baie eerder koning van die Perse) het Kores die edik uitgevaardig.

Dit is 'n groot verandering in die gebeurtenisse. Die Perse het heeltemal anders opgetree as die vorige wêreldheersers, die Assiriërs en die Babiloniërs. Tog is dit nie die enigste oorsaak van die edik nie. Daaraan gaan nog iets vooraf: die HERE het die gees van Kores op-gewek om die edik uit te vaardig. Die HERE het Kores by sy naam geroep, nie omdat Kores die HERE geken het nie, maar omdat die HERE hom wou gebruik.

God het aan Kores groot oorwinnings gegee, sodat hy die stigter van die Persiese ryk kon word, en God het dit gedoen ter wille van Israel (Jes. 45:1-8). Kores het dit ook erken en gesê: Die HERE, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee en Hy het dit aan my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is. Dit is die deur God opgelegde taak aan Kores om ná die wrede heerskappye van Assirië en Babel weer 'n vors te wees wat vrede bring, om 'n *herder* te wees (Jes. 44:28). Dit beteken nog nie dat Kores iemand was wat, soos bv. Hiskia, die HERE gevrees het nie. Wat Cyrus vir die Jode doen, het hy ook vir Babel gedoen en daar die diens van die gode van Babel weer ingestel. Wat Cyrus se eie godsdiens was, is nie seker nie, maar in sy land van afkoms het, miskien juis in of kort voor sy tyd, Zarathoestra (Zoroaster) opgetree as stigter van die Persiese godsdiens, die Mazdeïsme. Darius het Ahura Mazda wel vereer, soos blyk uit sy monument in Behistun, waarop hierdie god afgebeeld staan. Cambyses, die seun van Cyrus, het so in Egipte gedoen en daar 'n tempel in ere herstel. Die doel van hierdie optrede was meer politiek as religieus van aard: die Persiese koning wou seker maak dat die gode van die onderworpe lande hom goedgesind sou wees (kyk § 358). Deur hierdie strewe is Cyrus 'n geskikte instrument in die hand van God om die Jode te laat terugkeer en die tempel te herbou (kyk ook § 44]).

Cyrus rig hom in sy oproep, wat hy deur sy hele koninkryk laat gaan het, tot enigeen wat tot die volk van Gód behoort, dus ook tot die ballinge uit die tienstammeryk (2 Kon. 17:6). Hy rig hom ook tot die mense in die woonplekke van die ballinge, tot die Babiloniërs: hulle moet die Jode ondersteun met silwer en goud en met goed en vee en met vrywillige gawes vir die huis van God wat in Jerusalem is. So iets het ook gebeur by die uittog uit Egipte (Ex. 3:21,22; 12:35, 36). Èn by die uittog uit Egipte èn by die terugkeer uit Babel staan 'n religieuse motief op die voorgrond: 'n fees vir die HERE hou in die woestyn (Ex. 5:1; 10:24; 12:31) en die huis van die HERE bou.

## § 437 Die eerste bereidwilliges (Esra 1: 5-2:30)

Alleen die familiehoofde van Juda en Benjamin het aan die op-roep van Kores gevolg gegee; verder priesters en Leviete. Hulle gaan omdat God hul gees opgewek het. Ook in hierdie opsig is die terugkeer die werk van God soos God ook die gees van Kores opgewek het. Hulle word ryklik met geskenke oorlaai. Ook het Kores die voorwerpe van die huis van die HERE, wat Nebukadnesar uit Jerusalem weggevoer en in die huis van sy god gesit het, uitgelewer. Dit was 'n groot skat van goue en silwervoorwerpe, tesame vyfduisend-vierhonderd in getal. Dit het dan ook offisieel toegegaan: die skatmeester van Babel het dit uitgelewer, en Sesbassar het dit in ontvangs geneem. Hy was die vors van Juda, en blykens 5:14 is hy deur Kores tot goewerneur oor die terugkerende ballinge aangestel. Die Jode kry dus nie hul vryheid terug nie, maar bly onderdane van die Persiese ryk. Verder verneem ons aangaande Sesbassar dat hy die fondamente van die huis van God in Jerusalem gelê het, maar dit is al wat ons van hom weet.

So het die ballinge dan uit Babel na Jerusalem opgetrek. Dit was 'n groot optog. Elf (Esra 2:2) of twaalf (Neh. 7:7) manne was die leiers. Die twee wat eerste genoem word, is Serubbabel

en Jesua, en net van hulle hoor ons later meer. Die families wat teruggekeer het, word in Esra 2 en in Nehemia 7 opgenoem. Eers word die manne van die volk van Israel genoem, die "leke" dus; dan die priesters (v. 36), die Leviete (v. 40), die sangers (v. 41), die poortwagters (v. 42) en die tempelbediendes (v. 43), waartoe ook die kinders van die dienaars van Salomo behoort (kyk 8:20). Onder die priesters was daar ook wat hulle stamboom nie kon vind nie; daarom is hulle onbevoeg ver-klaar vir die priesterskap (2:61, 62), totdat 'n priester met Urim en Tummin sou optree om oor hierdie saak 'n Goddelike uitspraak te lewer (v. 63) - so het die goewerneur, Sesbassar, beslis.

Die hele vergadering saam was twee-en-veertig-duisend-driehonderd-en-sestig. Verder was daar nog seweduisend-driehonderd-se-wen-en-dertig slawe en slavinne; dan nog perde, muile, kamele en esels. Ná 'n reis van minstens vyf maande (Esra 7:8), kom hulle by die huis van die HERE aan, d.w.s. by die plek waar dit gestaan het. Op dieselfde plek moet dit weer opgerig word, waarvoor hulle vrywillig en na hul vermoë bydra. Maar eers soek elkeen sy eie plek en stad in die land op.

## § 438 Die brandofferaltaar word gebou (Esra 3:1-45)

Nadat die teruggekeerde ballinge, wat "kinders van Israel" genoem word (v. 1), in hul stede gaan woon het, kom die sewende maand in sig. Dis die maand Tisri, 'n baie belangrike maand in die reeks van die godsdienstige plegtighede van Israel, want die tiende dag van daardie maand is die groot versoendag (kortweg "die dag" genoem), en van die vyftiende tot die twee-en-twintigste dag is dit huttefees (kortweg "die fees" genoem), terwyl die fees van die nuwe-maan van hierdie maand met besondere plegtighede gevier is (kyk Num. 29). Dis begryplik dat die kinders van Israel by die nadering van hierdie maand opgetoë raak en na Jerusalem gaan, hoe treurig die stad daar ook al mag uitsien. Niks is daar in gereedheid vir fees-vierings nie, maar Jesua en Serubbabel maak die nodigste ding reg: die altaar, die brandofferaltaar, op sy ou plek, en as die eerste dag van die sewende maand inderdaad aangebreek het, kan die gereelde aanbieding van die daaglikse offers, smôrens en saans, 'n aanvang neem. Dis die begin van die weerinstelling van die erediens. Verder hou hulle die huttefees, wat sonder tempel gedoen kon word; hulle hou die fees volgens die voorskrifte (Num. 29:12 e.v.).

In v. 3 word nog 'n besondere motief vir die bou van die altaar genoem: "omdat die skrik vir die volke van die lande op hulle gekom het". Die Israeliete het dus reeds ondervind dat die landsbevolking hulle vyandiggesind was. Dit was die mense wat in 2 Kon. 17:24 genoem word, en agtergeblewe Israeliete wat hulle vermeng het met intrekkers uit die omgewing (kyk Esra 9:1), mense wat natuurlik akkers en wingerde in besit geneem het, waardeur groot moeilikhede vir die teruggekeerdes ontstaan het. Die vrees vir hulle het die kinders van Israel beweeg om die HERE met erns te soek en Sy diens waar te neem.

Die manne wat by die bou van die altaar die voortou geneem het, is Jesua en Serubbabel, ook genoem in 2:2. Jesua is die seun van Josadak, die hoëpriester, wat in ballingskap weggevoer is (1 Kron. 6:14, 15); hy tree later onder die teruggekeerdes as hoëpriester op en word in Hag. 1:1 Josua genoem. Serubbabel was die seun van Sealtiël en die kleinseun van Jegonia (Matt. 1:12), d.i. Jojagin; hy was dus 'n nakomeling van Dawid in die regte lyn en sou reg gehad het op die troon, maar van 'n troon van Dawid is daar nie meer sprake nie (Jer. 22: 30.) Tog kry hierdie Dawidseun nog 'n leiersposisie. Die leiers van die teruggekeerde volk is dus 'n koningseun en 'n priesterseun.

## § 439 Die fondament van die huls van die Here gelê (Esra 3:7-13)

Die altaar is die eerste wat vir die erediens nodig is, maar hiermee kan die Jode nie volstaan

nie. Hulle moet tempel bou! Werksmense, dipkappers en skrynwerkers word aangestel en betaal om die werk te begin. Die klipkappers het materiaal genoeg - in die puin van die verwoesting en in die rotsagtige bodem - maar die skrynwerkers nie: hout, sederhout, moet aangevoer word uit Fenicië. Dit gebeur weer het soos in die dae van Dawid en Salomo (2 Sam. 5:1; 1 Kon. 5:i-11), en ook nou weer word dit betaal met lewensmiddele; Fenicië het altyd die landbouprodukte van Kanaän nodig gehad (Hand. 12 . ;.0). Die hout word oorsee in vlotte na Jafo, die hawe in Palestina, gebring; hiervoor moes Kores sy toestemming verleen.

Onder leiding van Serubbabel en Jesua en onder die daaglikse toesig van die Leviete is die werk aangepak, Ook Sesbassar het verantwoordelikheid vir die werk gedra (5:16). Die lê van die fondament van die tempel is feestelik gevier: die priesters staan in ampsgewaad (2:69) en blaas op trompette, net soos by die oorbring van die ark na die tent wat Dawid daarvoor reggemaak het (1 Kron. 15:24). Die Leviete het simbale gehad, die volk het gejuig en God geloof. Die oues, wat die eerste huis gesien het, het egter hardop gehuil. Hulle leef meer in die verlede met sy bitter leed. Vreugdegeroep en weeklagte het hulle met mekaar vermeng tot een luide geroep wat tot ver weg gehoor is.

## § 440 Vertraging in die tempelbou (Esra 4)

Tydens die tempelbou kry Serubbabel besoek van mense wat hom by die werk wil help; hulle stel hul bekend as mense wat deur Esar-Haddon, die koning van Assirië, na die land Israel gebring is. In 1 Kon. 17:24 e.v. lees ons van 'n koning van Assirië wat mense uit Babel en ander plekke van die Assiriese ryk na Samaria ingevoer het. Moontlik was daardie koning Esar-Haddon, waarskynliker egter was dit Sargon, wat Samaria verower het en in sy annale meedeel dat hy vreemde mense na Israel gebring het. Ook Asnapper ('n latere koning van Assirië, nl. Assurbanipal) het van sy onderdane na Israel gebring. Daar het dus verskillende deportasies plaasgevind. Hoe die gedeporteerdes hulle gedra het, word in 2 Konings 17 vertel; hulle het allerlei afgode gedien. Tog sê hulle hier dat hulle, net soos die gode, die God van Israel soek en aan Hom offer. Dit kan waar wees, maar word tog in sinkretistiese sin bedoel: nog 'n god by dié wat hulle reeds het! Die geskiedskrywer sê egter in die begin van hierdie verhaal dat hulle teëstanders van Juda en Benjamin (1:5) is, en dit blyk uit die vervolg ook so te wees. Wat die mense beweeg het om hulle hulp aan te bied, word nie gesê nie. Uit hul latere gedrag kan ons aflei dat dit afguns was. Die terugkeer van die ballinge na hul stede is deur hulle natuurlik nie verwelkom nie, want daar moet plek vir hulle ingeruim word, en dit moet moeilikhede gegee het, veral met betrekking tot die besit en die gebruik van die grond. Die teruggekeerdes het egter die steun van Kores gehad, en daarom kon die teëstanders min teen hulle uitrig; nou wil hulle probeer om met hulle saam te werk om op dié manier invloed op die gang van sake te kry.

Serubbabel het die saak met Jesua en die familiehoofde bespreek, en hulle het gesamentlik besluit om die aanbod af te wys. Dit mag eksklusief skyn, maar daardeur is die Joodse godsdiens vir sinkretisme bewaar!

Toe het daardie mense - die volk van die land (v. 4) - kwaad geword en die Jode afgeskrik om nie te bou nie. Een van die middele wat hulle gebruik het, is omkopery, en hulle het daarmee soveel welslae gehad dat die hande van die volk van Juda verslap is, en die werk aan die huis van God het opgehou - so lees ons in v. 24, wat aansluit by v. 5. Blykbaar het selfs Kores voor die aandrang van die teëstanders van Juda en Benjamin beswyk, want die bou is gestaak tot die tweede jaar van Darius, 'n opvolger van Kores. (Tussen v. 5 en 24 word verhaal van nog meer teenstand van die vyande van die Jode. Dit het later plaasgevind onder Ahasveros (v. 6) en Artasasta (vs. 7 e.v.), opvolgers van Darius.)

## § 441 Voltooiing van die tempelbou (Esra 5 :1-6 :19)

Die werk aan die bou van die tempel het lank stilgestaan. Die fondament is gelê in die begin van die regering van Kores oor Babel. Tien jaar ná die verowering van Babel het Kores gesneuwel (529). Hy is opgevolg deur sy seun Cambyses, wat agt jaar geregeer het. By dié se dood was daar moeilikhede met die troonopvolging en op-stande in verskillende dele van die Persiese ryk, maar Darius, wat tot 'n jongere tak van die Persiese koningshuis (die Achaemeniede) behoort het, het alle teenstand oorwin en word koning van Persië (522). In die moeilike beginjaar van die regering van Darius kan ons die optrede van Haggai en Saggaria plaas - twee profete wat deur hul op-trede die ontmoedigde volk van Juda aangespoor het om die tempel te bou. Ook in hierdie periode moes daar moeilikhede oorwin word, wat nou nie gekom het van die kant van die volk van die land nie (4:4), maar van die owerheidspersone self, van Tattenai, die goewerneur wes van die Eufraat.

Toe Serubbabel en Jesua met die hulp van die reeds genoemde profete weer met die tempelbou besig was, kom Tattenai en Setar-Bosenai, wat waarskynlik sy sekretaris was, na hulle met die vraag: Wie het julle bevel gegee om hierdie huis te bou? Hierdie vraag was nie onredelik nie. Tattenai was die goewerneur van Wes- Eufratanië, 'n groot gebied, baie groter as waaroor Sesbassar as goewerneur aan-gestel was (5:14) en wat dit ook ingesluit het. In die woelige tye by die begin van die regering van Darius moes die rykskontrole skerp wees. Die muur waarvan Tattenai praat, is wel 'n tempelmuur, maar hy weet dat tempelburgte gevaarlike versetsentrums kon wees. Die Jode het hom geantwoord dat hulle bou op bevel van Kores, die vroeëre koning. Tattenai het toe 'n brief aan Darius gerig waarin hy verslag doen van sy bevindinge in Jerusalem en vra dat nagesoek word of dit alles is soos die Jode sê. Toe het koning Darius bevel gegee om so 'n ondersoek in te stel, en in Agmeta, 'n somerverblyf van die Persiese konings in die provinsie Medië, is inderdaad 'n skrif-rol gevind met die opskrif: *Oorkonde,* en waarin opgeteken was dat Kores in sy eerste jaar bevel gegee het om die godshuis in Jerusalem te bou; hy het selfs voorskrifte gegee oor die hoogte en die breedte, oor die struktuur van die gebou en bepaal dat die onkoste deur die huis van die koning gedra moet word; ook moes die tempelskatte wat Nebukadnesar weggevoer het, teruggegee word.

Uit hierdie oorkonde blyk dat die Jode volkome reg gehad het. Darius handhaaf die bevele van Kores - dit was immers die wette van die Meders en die Perse! - en herhaal hulle: Tattenai moet die bouwerk toelaat en die onkoste betaal uit die inkomste van die koning, in die besonder uit die belasting van Wes-Eufratanië, en selfs die offerdiere en ander offermateriaal - koring, sout, wyn en olie - verskaf!

Wat beweeg Darius om dit so te doen? Hy wil dat die God van die hemel welgevallige offers sal ontvang en dat die Jode vir die lewe van die koning en sy seuns kan bid! Hy soek dus ook sy eie belang. Ongetwyfeld word in ander tempels van sy groot ryk ook vir hom gebid. Darius wil dat dit ook in Jerusalem gedoen word. Hoewel die tempeldiens in Jerusalem op hierdie wyse in sekere opsig ingetrek word in die Persiese staatsgodsdiens - soos dit ook op koninklike verordeninge en koninklike gelde rus - gebruik God dit alles om Sy tempel weer te laat bou: " . . . uitlanders sal jou mure bou en hulle konings sal jou dien" (Jes. 60:10). Trouens, God wil die voorbede vir konings en owerhede (Jer. 29:7; 1 Tim. 2:1,2).

Met strenge strawwe van God self, wat Sy Naam daar in Jerusalem laat woon, bedreig Darius elke koning en volk wat die godshuis in Jerusalem probeer verwoes. Toe het Tattenai sorgvuldig gehandel soos die koning beveel het. Die Jode het goed gevorder, en in die sesde jaar van Darius was die tempel gereed!

Die inwyding van die nuwe tempel is met vreugde gevier. Groot offers is daarby geoffer: honderd bulle, tweehonderd ramme, vier-honderd lammers. In vergelyking met die offers wat

gebring is toe die tempel van Salomo gereed was, is die getalle egter baie klein (1 Kon. 8:63). Groot rykdomme soos Israel in Salomo se dae geken het, het die teruggekeerde ballinge nie besit nie. Verder het hulle twaalf bokke geslag as sondoffer vir die hele Israel volgens die getal van die stamme van Israel. Natuurlik was die twaalf stamme nie meer daar nie, net Juda en Benjamin, maar dié het hulself beskou as die voortsetting van die twaalfstammige volk Israel.

### § 442 Paasfeesviering en ongesuurde brode (Esra *6 :*19-22)

Die tempel was gereed in die maand Adar, dit is die laaste maand van die jaar. Daarna, op die veertiende dag van die eerste maand, het die ballinge die pasga gehou. Dit was 'n besondere paasfees: die eerste in die nuwe tempel! Aan die paasfees het ook deelgeneem elkeen wat hom van die onreinheid van die nasies van die land af-sonder om die HERE saam met die teruggekeerde ballinge te soek. Samewerking met die volk van die land as 'n geheel is afgewys (4:2), maar die enkeling wat hom van heidense smette suiwer en die God van Israel soek, word opgeneem.

Op die paasfees volg ook nou, net soos vroeër (Ex. 12:15), die fees van die ongesuurde brode sewe dae lank, met blydskap, want die HERE het hulle verbly en die hart van die koning van Assirië om-gewend om hulle hande te versterk in die werk van die huis van die God van Israel. Die "koning van Assirië" is Darius, die koning van Persië, wat koning van Assirië genoem word omdat hy erfgenaam is van die Assiriese mag. (So word in Neh. 13:6 Artasasta koning van Babel genoem.) Die gunstige wending in die lot van die ballinge het dus wel plaasgevind deur middel van koninklike besluite, maar dit is die HERE wat van hierdie middel gebruik gemaak het en alles bestier het. Die koning se hart is mos in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil (Spr. 21:1).

### § 443 Die profeet Haggai

Haggai het geprofeteer in die tweede jaar van Darius. Die teruggekeerde ballinge was bemoeilik in die opbou van die tempel (Esra 4:4), maar afgesien daarvan was hulle eie ywer ook nie te groot nie. Hulle het meer moeite gedoen vir hul eie huise. Daarvoor het die HERE hulle met droogte gestraf. Haggai tree nou op om hulle te bemoedig. Toe het Serubbabel en Josua (= Jesua) weer moed gevat, en onder die bemoedigende boodskap van die HERE deur die mond van Haggai: "Ek is met julle", het die volk die tempelbou voltooi.

### § 444 Die profeet Sagaria

Sagaria is 'n tydgenoot van Haggai en profeteer net ná hom. Ook hy wek op tot tempelbou. Bekend is die "gesigte" van Sagaria - agt in een nag; daarin openbaar God in diepsinnige beelde aan hom die toekoms van Israel en van die volk van God. Die agt gesigte is: (i) die bruin, vos en wit perde; (ii) die vier horings; (iii) Jerusalem gemeet; (iv) Josua beklee met feesklere; (v) die goue kandelaar en die twee olyfbome; (vi) die vlieënde boekrol; (vii) die vrou in die efa; (viii) die vier strydwaens.

## Die Jode onder Ahasveros

### § 445 Die begin van die regering van Ahasveros (Esra 4:6)

Koning Darius (521-485), onder wie se regering die bou van die nuwe tempel tot stand gekom het, is opgevolg deur een van sy seuns, naamlik Xerxes of Ahasveros (485-464). Sy moeder, Atossa, was 'n dogter van Cyrus. In die begin van sy regering moes hy 'n veld-tog na

Egipte onderneem en dus deur Palestina trek. Dis waarskynlik van hierdie geleentheid dat die teëstanders van Juda en Benjamin (4:1) - die volk van die land (4:4)- gebruik gemaak het om hom te nader en 'n aanklag by hom in te dien teen die inwoners van Juda en Jerusalem. Die protes moet betrekking gehad het op die opbou van die stad Jerusalem, want die tempel was reeds gereed. Omdat uit die boek Nehemia blyk (hfst. 3-7) dat die mure en poorte eers opgebou is onder die opvolger van Ahasveros - Artasasta - kan ons aanneem dat die protes van die vyande van die Jode geslaag het. Met die oog op die opstandigheid van Egipte het Ahasveros seker 'n gevaar gesien in 'n sterk Jerusalem wat, net soos in vroeër tye, by Egipte kan aansluit.

Die eerste ervaring wat die Jode van Ahasveros gehad het, was dus nie baie bemoedigend nie.

## § 446 Die fees van Ahasveros (Ester 1)

In sy derde jaar het Ahasveros in die vesting Susan, die ou Elamitiese hoofstad, 'n groot maaltyd berei vir al sy vorste en dienaars. Tot die genooides behoort allereers die leërmag - die offisiere. Die koning het mos pas 'n tog na Egipte onderneem; die grense van sy ryk gaan nou in die suide tot by Kus (Ethiopië). Ook maak hy hom klaar om 'n groot veldtog teen Griekeland te onderneem. Die maaltyd waarvan ons nou hoor, is seker aangerig tydens die beraadslaginge oor hierdie groot onderneming. Hierby het die koning sy heerlikheid en grootheid, ook in militêre opsig, vertoon. Ná al die beraadslaginge en parades, wat honderd-en-tagtig dae geduur het, volg 'n volksfees in die tuin van die paleis. Daar was alles weelderig ingerig en kon elkeen eet en drink uit die koninklike oorvloed. Op die sewende dag van daardie fees, toe die hart van die koning vrolik was van die wyn, wil hy hê dat koningin Vasti met die koninklike kroon op ook op die fees verskyn om haar skoonheid aan die volke en die vorste te toon, want sy was mooi van aansien. Maar Vasti het geweier! Dit was 'n opsienbarende daad, en die koning het woedend geword. Hy vra sy raadsmanne wat om te doen. Hul woordvoerder, Memugan, vestig die aandag op die verstrekkende gevolge van die weiering van Vasti: alle vroue sal nou hul mans verag en ongehoor-saam wees. Hy beveel aan dat die koning die koninklike waardigheid aan Vasti moet ontneem en 'n bevelskrif uitvaardig dat elke man in sy huis baas moet wees. So het die koning toe gedoen.

## § 447 Ester word koningin (Ester 2:1-18)

In die plek van Vasti moet 'n nuwe koningin gekies word. Op enige van sy onderdane se dogters kon die koning aanspraak maak, en baie meisies is toe in die vesting van Susan byeengebring. Een van hulle was Ester, 'n Joodse meisie wie se eintlike naam Hadassa was. Sy was 'n wees, maar is opgepas deur Mordegai. Die vader van Hadassa, Abigail, was die oom (van vaderskant) van Mordegai. Mordegai en Ester was dus neef en niggie. Mordegai was 'n agter-kleinseun van Kis, 'n Benjaminiet, wat tot die ballinge van die eerste wegvoering (onder Jojagin) behoort het. Kis was 'n bekende naam in die stam van Benjamin (1 Sam. 9:1). Hierdie familie het nie aan die edik van Kores (§ 436) gevolg gegee nie, maar in ballingskap gebly, en Mordegai het selfs in Susan beland.

Toe Ester deur die koninklike beamptes ontdek is as 'n meisie wat mooi van aansien was en met baie ander meisies in die vrouehuis opgeneem is, het Mordegai dag vir dag voor die vrouehuis gewandel om te verneem na die welstand van Ester en wat met haar sou gebeur. Hy het ook kans gesien om boodskappe na haar te stuur, en op sy bevel het Ester haar volk en afkoms nie te kenne gegee nie. (Van Mordegai was wel bekend dat hy 'n Jood was, 3:6.) Deur hierdie maatreël het hy Ester, as sy getrou wou wees aan die Joodse wette, belet om dit te wees. Hy het dus nie dieselfde respek vir die wet gehad as wat Daniël vroeër betoon het nie. Trouens, alleen met veronagsaming van baie Joodse voorskrifte was dit vir Ester moontlik

om as haremvrou uit te hou! Hierdie agtergeblewe Jode was nie van die tipe van Daniël nie.

Wanneer dit die beurt van Ester is om uit die vrouehuis na die paleis te gaan sodat die koning haar kan ontmoet, is die koning opgetoë oor haar, en hy maak haar tot koningin in die plek van Vasti. Dit was in die sewende jaar van sy regering - dus vier jaar nadat Vasti verstoot is. Dis lank! Waarskynlik val die beraamde aanval op die Grieke tussenin. Die Perse was hierin nie voorspoedig nie en ly neer-lae by Salamis (485), Plataeae en Mycale (479).

## § 448 Mordegai in die poort van die koning (Ester 2 :19-23)

Mordegai blyk 'n man te wees wat orals durf indring. As sy jeugdige niggie in die harem is, wandel hy dag vir dag voor die voorhof van die vrouehuis; en as sy in die paleis is, sit hy in die poort van die koning. Hy wil weet wat met haar gebeur; hy voel hom verantwoordelik vir haar. Die poort van die koning is 'n druk plek; daar is baie dienaars van die koning wat in- en uitgaan in verband met hul pligte; daar is baie mense by wie Mordegai kan verneem na die dinge wat hy wil weet; daar hoor hy baie, daar sien hy baie. Hy het daar ook opgemerk dat Bigtan en Teres, drumpelwagters, d.w.s. manskappe van die koninklike lyfwag, kwaad was vir die koning, dat hulle bose samesprekings voer en planne beraam om die hand aan koning Ahas-veros te slaan. Hy het Ester dit laat weet, dat sy dit aan die koning moes meedeel. Die koning het die saak laat ondersoek en inderdaad so bevind. Bigtan en Teres is toe opgehang. Die voorval is in die kroniekboek opgeteken.

## § 449 Haman gunsteling van koning Ahasveros (Ester 3)

Dat die koning sommige gunstelinge het, is 'n verskynsel wat aan Oosterse howe dikwels voorkom. Hulle kan veral as die koning self nie 'n selfstandige persoonlikheid is nie, groot invloed verkry. Gunstelinge en vroue speel dan met hul paleis-intriges 'n belangrike rol in die loop van die gebeurtenisse.

Ahasveros staan in die profane geskiedenis deur die berigte van die Griekse geskiedskrywer Herodotus bekend as ligsinnig en wispelturig, en dit word deur wat ons in die Ou Testament oor hom lees, nie weer-spreek nie. So het hy Haman "groot gemaak", d.w.s. tot aansien ver-hef. Bepaalde verdienstes van Haman wat die rede van die verheffing kon gewees het, word nie vermeld nie. Die enigste rede is 'n persoonlike geneentheid van die koning vir hom, wat egter ook plotseling in die teendeel kan omsit. Natuurlik sal ook Haman van sy kant deur vleiery en na die mond pratery sy bes gedoen het om by die ydele koning in die guns te kom.

Haman word aan ons voorgestel as "Agagiet". Wat 'n Agagiet is, weet ons nie. Dis egter verleidelik om die woord af te lei van Agag, die koning van Amalek, die verbitterde vyand van Israel (Deut. 25:17-19), teen wie Saul moes optrek om hom en sy volk met die ban-vloek te tref (§ 198). As hierdie afleiding reg is, laat die skrywer van die boek Ester die ou teenstelling Amalek-Israel weer opleef in die teenstelling Haman-Mordegai en dan treffend noukeurig vir sover dit Israel betref. naamlik weer in 'n Benjaminiet soos ook Saul was.

Op bevel van Ahasveros moet alle mense voor Haman buig en neerval (proskunesis), net soos voor die koning self (kyk 1 Kron. 29:20; 2 Sam. 14:4).

Mordegai weier om aan Haman dié eer te bewys. Hy deursien die houding van Haman en het 'n afkeer van sy gunsbejag, Aan sy durf om orals in te dring, paar hy blykbaar ook onbuigsaamheid en onversetlikheid. Hierdeur kom hy in groot moeilikhede. Haman beskou hom as 'n brutale Jood en kan sy onwilligheid om hom op die voor-geskrewe manier te groet, nie verdra nie. In sy woede wil hy al die Jode verdelg. Vir hierdie plan moet, volgens heidense begrippe, 'n heeltemal *gunstige* dag uitgesoek word, gunstig in die sin van begunstig deur die lotsbeskikking van die gode, Dit moet vasgestel word deur die priesters, die

towenaars, die magiërs, wat beweer dat hulle die wil van die gode met hul towerkunste kan uitvors. Hulle werp die lot, die Pur. Dit was toe die eerste maand in die twaalfde jaar van koning Ahasveros. Ester was dus reeds vyf jaar koningin. Vir die Jode is die eerste maand, die maand Nisan, die maand van die paasfees, die fees van die uittog uit Egipte, die fees van die verlossing. Juis in daardie maand werp die heidense priesters die lot om Israel te verdelg. Die lot val op die *dertiende* van die twaalfde maand. Lank moet Haman sy woede intoom. Die HERE het ook Sy mag oor die heidense kunste betoon, sodat daar baie tyd voorlê en daar baie kan gebeur voordat die onheilsdag aanbreek.

Natuurlik het Haman die toestemming van die koning nodig, maar dit verkry hy maklik. Hy bied die koning geld aan: tienduisend talente silwer, maar die koning sê: Die silwer word jou geskenk; ook die volk om daarmee te doen soos goed is in jou oë. Watter volk dit is, het Haman nie gesê nie, en die koning het daarna nie gevra nie. Daar word net gesê: een volk is daar in die ryk wat verstrooid en afgesonder is tussen al die ander volke; wat ander wette het as die ander volke.

Haman het dus wel oog gehad vir Israel se eie karakter (Num. 23:9). Maar juis daarom is die volk onduldbaar, want in sy eiendommelikheid hou dit die wette van die koning nie.

Een Jood het een wet van die koning oortree. Haman maak daar-van dat alle Jode alle wette oortree. Sonder ondersoek gee die koning sy gunsteling verlof om te maak soos hy wil; hy gee hom sy seëlring.

Haman dikteer die bevelbriewe: al die Jode moet verdelg, doodgemaak en uitgeroei word, seuns en grysaards, vroue en kindertjies, op een dag, naamlik op die dertiende Adar. Die hardlopers - hiermee word die beroemde Persiese poswese aangedui - versprei die briewe in alle rigtings, sodat die mense in al die gebiede gereed kan wees om die Jode op die genoemde dag te vermoor. As aansporing kry hulle verlof om die besittings van die vermoorde Jode te roof.

Die stad Susan verneem natuurlik die eerste van die koninklike besluit. Dit het daar verwarring veroorsaak, nie alleen by die Jode nie maar by almal. Die Jode het 'n plek in die samelewing verower; waarom moes hulle in massa gedood word? Die despotiese willekeur van die koning bring groot beroering teweeg, maar die twee vriende, Ahasveros en Haman, sit en drink!

## § 450 Die bemiddeling van Ester (Ester 4:1-8:2)

Oral was daar groot ontsteltenis onder die Jode; hulle het die rou-kleed ("saq") aangetrek, geween en gevas, in "sak" en as gesit. Saq is die naam van die growwe, onsierlike materiaal waarvan die roukleed gemaak is. Ook Mordegai het sy klere geskeur, 'n roukleed aangetrek en as op sy hoof gestrooi. So trek hy dwarsdeur die stad met luide en bitter geskreeu. As hy by die poort van die koning kom, mag hy in die rouklere nie ingaan nie, maar hy weet om die aandag te trek van die harempersoneel en berig te stuur na die koningin om haar bemiddeling by die koning in te roep. In sy mededelinge aan Ester sien ons weer hoe baie Mordegai weet: hy weet ook vir watter prys die Jode verkoop is.

Ester het bedenkinge: die guns van Oosterse vorste is grillig; die koning het haar al dertig dae nie begeer nie. As sy ongeroepe na hom toe gaan, sal sy gedood word - tensy die koning sy goue septer na haar uitsteek. Mordegai stuur haar weer 'n boodskap, 'n dringende boodskap, vol dreiging. Hy is 'n man wat aanhou en deursit. Ester sal, al is sy koningin, tog nie veilig wees nie. Verlossing en redding sal daar kom, maar as sy swyg, sal sy daarin nie deel nie. "Wie weet," so sê hy, "of jy nie net met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie! "

Ester gee toe. Sy sal na die koning gaan. Maar omdat sy doen wat in stryd is met die paleiswet en sy haar dus in groot gevaar begewe waaruit alleen God haar kan red, vra sy dat Mordegai en al die Jode in Susan moet vas, drie dae lank, sodat die HERE kan sien dat Sy volk in nood hulle voor Hom verootmoedig.

Op die derde dag, die laaste dag van die vas, gaan sy in koninklike gewaad na die saal waar die koning op sy troon sit, om voorspraak te wees vir haar volk. In spanning verskyn sy voor die ingang van die saal. "As ek omkom, dan kom ek om," het sy gesê. Sy is bereid om haar lewe te offer vir die saak van haar volk. Maar spoedig word die spanning gebreek: die koning sien Ester in die voorhof staan en is verheug oor haar verskyning; hy steek haar die goue septer toe en vra wat sy wil hê en bemoedig haar met die gebruiklike oordrywing (vgl. Mark. 6:23) dat, al was dit ook die helfte van sy koninkryk, dit aan haar gegee sal word. Nou lê die wêreld vir Ester oop, maar sy kom nie nou reeds met haar versoek voor die dag nie. Sy wil hê dat Haman self daarby moet wees, sy wil hom oorrompel met haar beskuldiging sodat hy nie kans kry om die koning se guns deur mooi-pratery te behou nie. Daarom nooi sy die koning èn sy vriend om by haar maaltyd aan te sit. Die koning neem die uitnodiging aan. Nou weet Ester met sekerheid dat die koning haar goedgesind is. Op dieselfde dag nog gaan Ahasveros en Ester na die maaltyd wat Ester berei het, en terwyl hulle wyn drink, vra die koning wat die bede van Ester is. Hy begryp wel dat sy die gevaar wat aan haar ongeroepe verskyning voor sy troon verbonde was, nie getrotseer het net om hom na die maaltyd te nooi nie.

Nog deins die koningin terug! Sy soek uitstel, waaruit die koning kan aflei dat haar versoek en bede wel baie belangrik moet wees. Sy vra of die koning en sy vriend die volgende dag weer by haar na die maaltyd wil kom wat sy sal berei; en dan, so verbind sy haarself, sal sy die koning antwoord op sy vraag.

Vir Haman was dit 'n groot dag: saam met die koning aan die maaltyd van die koningin sit! En genooi word om nog 'n keer te kom! En getuie te wees van 'n besondere versoek wat die koningin tot die koning sal rig! Sy eersug word in hoë mate gestreel. As hy by die huis kom, praat hy trots met vrou en vriende oor sy hoë posisie -maar, daar is een ding wat vir hom 'n doring in die oog is: die onbeskaamde Jood daar in die poort van die koning! Dié staan nie vir hom op nie, maar kyk hom onbevrees aan! Toe sê sy vrou, Seres, vir hom: Laat 'n galg van vyftig el hoog maak, en sê môre vroeg aan die koning dat hulle Mordegai daaraan moet ophang. Vir Haman is dit 'n goeie raad, en hy het die galg solank laat maak.

In dieselfde nag - die nag tussen die twee maaltye - kon die koning nie slaap nie. Daarom laat hy vir hom uit die kronieke voorlees. Daarby kom hulle by die sameswering van Bigtan en Teres wat deur Mordegai ontdek is. Die koning vra watter eer en verhoging Mordegai daarvoor te beurt geval het. Die antwoord is dat niks met hom gebeur het nie. As die koning sien dat daar reeds iemand in die voorhof is, vra hy wie dit is. Die dienaars antwoord dat dit Haman is.

Hy het dus al vroeg gekom om aan die koning te sê dat Mordegai opgehang moet word. Die toestemming van die koning is nodig, maar Haman is daar so seker van dat dit gegee sal word dat hy nie eens vra nie maar sê dat dit moet gebeur. Die hoof van die koning is egter vol ander gedagtes. Hy dink nog aan die voorgelese kronieke en aan Mordegai en hoe hy hom sal beloon en vereer. Noudat hy sy vriend Haman sien, met wie hy alles bespreek, vra hy hom: Wat moet met die man gedoen word aan wie die koning eer wil bewys? Die selfsugtige Haman dink: Dit is ek! In sy antwoord spreek hy dus uit wat hy vir homself wens: die koninklike kleed, 'n perd met 'n koninklike kroon op sy kop, en dan so oor die stadsplein ry terwyl voor hom uitgeroep word: So word gedoen aan die man aan wie die koning eer wil bewys!

Hoe ydel en eersugtig is Haman! Feitlik streef hy na die eer van die koning self. Dis nie 'n bewys van opregte vriendskap nie!

Toe sê die koning: Doen so aan Mordegai!

Hoe ontsteld Haman hierdie bevel moet aangehoor het, kan ons ons lewendig voorstel. Maar oombliklik gaan hy die bevel uitvoer. Teenwerpings kan hy nie maak nie. Uitdruklik het die koning gesê dat hy geen woord van wat hy gespreek het, onvervuld mag laat nie. Hier sien ons die despotiese mag van die Persiese koning: selfs aan sy hoogste gunsteling gee hy die grilligste opdragte - en daar is nie 'n sweem van verset nie.

Haman het sy selfgekose opdrag vervul. Daarna gaan hy na sy huis, treurig en met bedekte hoof, want hy voel hom diep verneder en beskaam. (Dan bedek die Oosterling sy hoof, 2 Sam. 15:30; Jer. 14:4.) Van sy bose plan om Mordegai te laat ophang, het niks gekom nie -- al staan die galg wel klaar. Sy vrou en vriende aan wie hy by die huis alles vertel wat hom oorgekom het, sien die saak donker in, en die ergste vir hulle is dat die man wat die oorsaak van sy vernedering is, 'n Jood is, want, so sê hulle, nou kan jy niks teen hom uitrig nie en sal jy heeltemal voor hom val! 'n Jood is blykbaar in hulle oë iemand met wie 'n mens versigtig moet wees. Lank het hulle die saak met mekaar bespreek, totdat die hofdienaars van die koning kom om Haman gou na die maaltyd van die koningin te bring. Dit is tog weer 'n ligpunt in sy lewe! Die tweede maaltyd by die koningin! Dié maaltyd waar sy met haar bede en versoek sal kom en hy, Haman, mag daarby teen woord ig wees! Die tog oor die stadsplein in die môre, voor Mordegai uit, moet hy tog maar beskou as 'n los insident. Die maaltyd in die aand is 'n bewys van sy hoë posisie.

Nadat hulle geëet het en wyn gaan drink, kom die vraag van die koning, weer in dieselfde rojale bewoording: Wat is jou bede, koningin Ester? Dit sal jou toegestaan word. En wat is jou versoek? Al was dit die helfte van die koninkryk - daaraan sal voldoen word!

Nou moet Ester praat!

En sy praat - eerbiedig, want sy begin met die woorde: "As ek genade in u oë gevind het, o koning, en as die koning dit goedvind" - maar ook heftig bewoë - "laat my lewe my geskenk word op my bede en my volk op my versoek." Dis 'n bede om behoud vir haarself en haar volk, want hulle is verkoop om verdelg, gedood en uit-geroei te word. Die gevaar wat dreig, is fel en groot; daar is geen kans dat dit minder erg sal wees as wat sy vrees nie.

Sal die koning inderdaad medelye hê met die volk wat bedreig word? Hy het nie eens ondersoek watter volk dit is nie! Alleen weet hy nou dat sy mees geliefde vrou (2:17) ook tot die bedreigde volk behoort. Ester pleit met volle oorgawe, sodat sy die lewe mag behou en dan ook haar volk saam met haar.

Ester het nog 'n pyl op haar boog! As die koning haar volk so maklik kan laat verdelg, laat hy dan weet dat dit 'n ramp sal wees wat die grootste onder al die verliese van die koning sal wees. Hier-die woorde is nie 'n smeekbede om ondanks eie waardelooshe id tog begenadig te word nie; dis 'n argument om die Jode te spaar, want hulle verdelging sal vir die koning 'n skadepos wees. As dit by die koning dus aan medelye sou ontbreek, laat hy dan tog minstens op sy voordeel bedag wees.

Die hewig bewoë en tegelykertyd so saaklike woorde van Ester maak 'n diep indruk op die koning. Hy vra wie dit dan bewerk het, "wie se hart hom ingegee het om so te maak! " Uit hierdie woorde blyk wel dat dit vir hom 'n bose plan is. Dat hy self ook 'n hand daar-in gehad het, skyn nog sy aandag te ontgaan. Ester gee hom dan ook nie die skuld nie. Dis net Haman! Sy wys hom aan en sê: Die teë-stander en vyand is hierdie slegte Haman!

Dis die groot moment!

Daarvoor moes Haman na die maaltyd kom!

Die oë van die koning en die koningin is op hom gerig. Hy skrik. Sal die koning nou sy goeie gesindheid jeens hom heeltemal laat vaar? Die woede van die grillige koning vertel dit duidelik vir hom. In toorn staan die koning op om na die tuin van die paleis te gaan. Hy moet vars lug kry. Wyn en woede knyp sy keel toe. Terwyl hy uitgaan, bly Haman by Ester agter. Hy begryp dat die onheil oor hom by die koning vas besluit is. Nou smeek hy Ester om die behoud van sy lewe. Hy val voor haar neer op die rusbank waarop sy sit. Nadat die koning weer inkom, gee hy 'n verkeerde uitleg aan wat hy sien. Ester sê nie dat die koning hom vergis nie. Die dienaars begryp dat Haman nou die dood skuldig is en bedek sy gesig. Om die koning te mag sien, is 'n teken van guns. Haman het dit nou verbrou. Die dienaars loop op die bevele van die koning vooruit, hulle weet mos hoe gehandel moet word! Ook Harbona, een van die sewe hofdienaars (1:10). Hy maak die koning opmerksaam op die galg wat Haman vir Mordegai laat maak het - dieselfde man wat daardie môre sulke hoë eerbewyse ontvang het. Die vingerwysing is genoeg; onmiddellik sê die koning: Hang Haman daaraan op. Die hofdienaars skyn ook baie gretig om die ondergang van Haman te bevorder. Die afguns aan die koninklike hof was baie groot!

Die bemiddeling van Ester het Haman ontmasker, maar daar is nog meer vir haar te doen.

## § 451 Die teenmaatreëls van Ester en Mordegai (Ester 8:3—10:3)

Die besittings van 'n ter dood veroordeelde het aan die koning toegeval (vgl. 1 Kon. 21:16). Ahasveros het die huis van Haman, d.w.s. al sy besittings, aan Ester gegee, en sy het die beheer daarvan aan Mordegai opgedra. Ook het Ester aan die koning vertel dat sy Mordegai se niggie was. Toe het die koning die seëlring wat hy van Haman afgeneem het, aan Mordegai gegee en hom aan sy hof op-geneem.

Ondanks dit alles bly dieselfde groot gevaar die Jode bedreig; die verdelgingsbevel bestaan altyd nog. Ester vra die koning dat dit herroep word, maar dit kan nie; dis 'n wet van die Meders en Perse. Hoe hierdie probleem opgelos moet word, laat hy aan Ester en Mordegai oor. Hulle het geweet wat om te doen. Die eerste bevel kan nie herroep word nie, maar met die magtiging aan hom verleen, vaar-dig Mordegai 'n tweede bevel uit, waarin die Jode toegestaan word om hulle te verenig ter verdediging teen alle aanvallers. Dit kon die vyande bedagsaam maak, sodat hulle geen aanvalle op die Jode sou loods nie; dit kon ook tot gevolg hê dat daar slagoffers onder die Perse sou val. En daar het geval! Daar was bekende Jodehaters, bv. die seuns van Haman; hulle is gedood en baie ander Persiese burgers; in Susan alleen vyfhonderd man en in die ander provinsies vyf-en-sewentigduisend. As Ester meen dat daar nog gevare dreig, kry sy van die koning verlof om die vyande nog 'n dag te vervolg. Op die tweede dag val daar driehonderd slagoffers.

Blykbaar was daar 'n belangrike aantal haters van die Jode in die Persiese ryk, maar Ester het nie saggies met hulle gehandel nie! "Benjamin is 'n wolf wat verskeur" (Gen. 49:27).

Die herinnering aan hierdie gebeurtenisse is op bevel van Mordegai jaarliks gevier op die "Purimdae", die veertiende en die vyftien-de dag van die maand Adar.

Op die Purimfees word behalwe die boek Ester ook Ex. 17:8-16 gelees (die oorwinning op Amalek), op grond van die tradisie dat Haman 'n nakomeling van Agag (1 Sam. 15:8) sou wees.

## § 452 Die betekenis van die geskiedenis van Ester

Die boek Ester is die laaste boek in die Ou Testament wat oor die geskiedenis van die Jode

handel. Voorafgaande boeke gaan egter verder as die tyd van Ahasveros, naamlik Esra en Nehemia (vgl. § 453 e.v.). In die boek Ester waarin die posisie van die Jode, oor die algemeen beskou, vernederend is - want hulle is nog altyd ballinge in 'n vreemde land - word duidelik geskilder hoe God oor Sy volk waak, dit uit doodsgevaar verlos, ja, hulle in staat stel om hul haters te oorweldig. 'n Joodse meisie, 'n dogter uit die stam van Benjamin, word koningin van Persië, en Mordegai, haar neef, word die tweede in rang onder koning Ahasveros. Met hierdie glanspunt eindig die geskiedskrywing van die Jode in die Ou Testament.

Daar is opgemerk dat die Naam van God nie in die boek Ester voorkom nie. Die boek is egter vol van God, van Goddelike leiding en voorsienigheid. Hy bestuur die kleinste besonderhede - ook die slaaplose nag van Ahasveros, wat aanleiding gee om die kronieke te laat lees.

Die plan van Haman - of hy nou 'n nakomeling van Agag is of nie - is nie 'n bedreiging van enkele Jode in Susan nie, maar van al die Jode in die hele ryk, in alle provinsies en onder alle volke, ook in Palestina! Agter die plan van Haman werk die Satan, wat die volk van God wil uitroei om, indien moontlik, te verhinder dat die heil sou kom wat God deur hierdie volk wil skenk. Maar dat Mordegai op die stoel van Haman sit, verkondig die sege van God. Nie net 'n episode uit die worstelstryd tussen God en Satan nie, maar ook 'n mylpaal van triomf in daardie stryd, word vir ons in die geskiedenis van Ester geteken. Sy is die aandster (die naam Ester beteken miskien "ster") van die donker nag waarin Israel nou vir eeue verdwyn uit die bladsye van die Skrif, totdat die blink môrester verskyn in Christus. die wortel en die geslag van Dawid (Openb. 22:16). Haar glorie is die rehabilitasie van Benjamin se verwerping in Saul.

## Die Jode onder Artasasta

### § 453 Esra gaan na Jerusalem (Esra 7 en 8)

Toe Ahasveros in 464 vermoor is, is hy opgevolg deur sy seun Artasasta (= Artaxerxes), wat geregeer het van 464 tot **424.** In die sewende jaar van hierdie koning van Persië het Esra uit Babel opgetrek en in Jerusalem gekom. Hy was uit die hoëpriesterlike geslag, 'n afstammeling van Aäron in die lyn van Eleasar (kyk Ex. 6: 22). In sy geslagsregister vind ons dan ook name van bekende hoëpriesters soos bv. Sadok uit die tyd van Dawid (2 Sam. 8:17; kyk ook

1 Kron. 6:8) en Hilkia, wat tydens die reformasie van Josia die wetboek gevind het (2 Kon. 22); verder nog Seraja, wat deur Nebukadnesar by Ribla neergeslaan is (2 Kon. 25:18-21). Esra was ook Skrifgeleerde, vaardig in die wet van Moses. Dit was sy lus om die wet van die HERE te ondersoek en te betrag en ook om Israel die insettinge en verordeninge te leer.

Hoewel Esra deur die koning gestuur is (7:14), was dit ook sy eie wens om te gaan. Hy sê dat die koning al sy begeertes ingewillig het (v. 6) en sien daarin 'n besondere leiding van die God van die vaders (v. 27, 28).

Enkele jare tevore was Artasasta nie so welwillend jeens die Jode gesind nie. Dit was toe hy die brief van Rehum (4:8) gekry het, waarin hierdie staatsamptenaar van die koning sy vors waarsku teen die opbou van Jerusalem (4:12), want dit is 'n rebelse stad. Die koning moet die waarskuwing opvat as 'n bewys van sy trou, hy "eet die sout van die paleis" (sout waarborg trou; Num. 19:19;

2 Kron. 13:5). Laat die koning maar in die kroniekboek nasoek - so staan in die brief - of Jerusalem nie altyd opstandig was nie. Die koning het dit nagesoek en gevind dat dit so was.

As daar in die kroniekboeke staan dat daar in Jerusalem magtige konings was wat oor die hele gebied wes van die Eufraat geheers het, dan moet dit betrekking hê op Dawid en Salomo. Maar kan dit in die Persiese kroniekboeke staan? Ons moet aanneem dat die konings uit die Ou-Testamentiese tyd sorgvuldig was met hul staatsargiewe en dat veroweraars die argiewe, wat dikwels in tempels - die tuiste van skrywers en geleerdes - bewaar was, gespaar en oorgeneem het.

Artasasta luister na die wenk van Rehum en verbied die opbou van Jerusalem. Dit is wel begryplik omdat Artasasta in die begin van sy regering met groot moeilikhede te kampe gehad het. Die togte van Xerxes teen die Grieke het misluk, en in Egipte was opstand. 'n Sterk vesting soos Jerusalem altyd gewees het, kon 'n nuwe gevaar beteken!

Dat Artasasta nou jeens Esra so welwillend is, word deur hom tereg beskou as 'n werking van God in die hart 'van die koning. Hy kry egter geen opdrag om die mure van Jerusalem te bou nie, net om sorg te dra vir die diens van die huis van God, waarvoor hy silwer en goud mag saamneem. Daarvoor moet hy offerdiere koop om op die altaar in Jerusalem geoffer te word. Artasasta doen dit om hom te vergewis van die guns van God. In die brief wat hy aan Esra as introduksie by die owerhede in die Wes-Jordaanland gee en waarin die taak van Esra omskryf word (v. 11-26), staan dit duidelik: Waarom sou daar 'n toorn kom oor die koninkryk van die koning en sy seuns? Dis dieselfde motief wat ook Darius beweeg het (6:10). Die verowerde gebied moet gepasifiseer word deur die god daarvan gunstig te stem. Daarom moet Esra sorg dat die land volgens die wet van sy God geregeer word (v. 25, 26).

'n Taamlik groot getal Jode, priesters en ander mense, gaan met Esra saam; op grond van die genoemde getalle kan die totaal op tienduisend mense geskat word, 'n belangrike versterking van die teruggekeerde Jode in Juda en Jerusalem. Met reg kan dit die twee-de terugkeer (458) genoem word. Esra versamel hulle by Ahawa, een van die baie besproeiingskanale in Babilonië. Daar het hulle gevas en gebid om 'n voorspoedige reis, want Esra was skaam om van die koning militêre begeleiding te vra. Hy het vir die koning gesê dat die hand van God ten goede is oor almal wat hom soek, en dié geloofsbelydenis wil hy nie weerspreek deur perderuiters van die koning te vra nie. God het hulle verhoor en veilig gelei. Ná 'n reis van vyf maande (7:9) het hulle behoue in Jerusalem aangekom. Offers word gebring, o.a. twaalf bulle vir die hele Israel (vgl. die twaalf bokke, genoem in 6:17); daarna word die bevelskrifte van die koning in-sake die regspraak (v. 25) aan die landvoogde deurgegee, en dié het die volk en die huis van God ondersteun. So was die koms van Esra in Jerusalem van groot betekenis vir die erediens en die volkslewe.

## § 454 Die werk van Esra in Jerusalem (Esra 9 en 10)

As Esra goed en wel in Jerusalem is, kry hy besoek van die owerstes van die volk. Hulle bring onder sy aandag dat die Jode, priesters en Leviete inkluis, hulle nie afgesonder het van die volk van die lande nie, maar van hul dogters vir hulself en vir hul seuns geneem het, sodat die heilige geslag hom met die volke van die lande vermeng het. Toe Serubbabel in Jerusalem gekom het, wou hy niks van gemeenskap met die volk van die land weet nie, maar nou - dit is tagtig jaar later - het die strenge houding heeltemal verslap. God het die vermenging van ouds af verbied (Ex. 34:15-16; Deut. 7:3). Deur die wetsgetroue optrede van Esra het die gewetens weer wakker geword, en die owerstes, wat ook self aan hierdie ontrou skuldig staan, kom nou eerlik met die saak voor die dag.

As Esra die ding hoor, is hy verslae oor die troubreuk, en van ontsetting het hy sy klere geskeur en sy hare uitgepluk. Hy sit spraakloos tot die tyd van die aandoffer; dan staan hy op, buig op sy knieë en bid. Sy gebed is 'n diepe skuldbelydenis (9:6-15) oor die oortreding van die gebooie van die HERE.

Die gebed van Esra maak 'n groot indruk op die volk, wat ook met 'n groot geween begin ween het. By monde van Seganja onderneem hulle om die vreemde vroue weg te stuur en vra daarby die kragtige leiding van Esra. 'n Volksvergadering word byeengeroep; al die manne van Juda en Benjamin (1:5) moes kom en het gekom, want die oproep was streng. Elkeen wat nie binne drie dae in Jerusalem was nie, dié se hele besitting sou deur die banvloek getref word (gekonfiskeer word) en hy self uit die vergadering van die (teruggekeerde) ballinge uitgesluit word. Ook die jaargety was geen beswaar nie: dit was al ver in die negende maand; dan begin die winter in Palestina met sy koue en reën. Maar die saak kon nie uitgestel word nie, en die hele volk het op die plein van die huis van God gesit en bewe van-weë die saak self en vanweë die reënbuie.

Esra spreek die vergadering toe; hy wys hulle op hul sonde en eis dat hulle die eer aan God moet gee (deur skuldbelydenis, Jos. 7:19) en dat hulle hul moet afsonder van die volke van die land en van die vreemde vroue. Dit was 'n swaar eis, want dit kon nie anders gedoen word as deur die vroue weg te stuur nie, maar in opregte erns met die suiwerheid van die heilige geslag het Esra die eis gestel. Dit kon ook baie stryd met die volk van die land oplewer, maar die in-vloed van die reformatoriese ywer van Esra was so groot dat die hele vergadering hardop gesê het: Só, volgens u woorde, is ons verplig om te handel. Daar was verset by 'n klein minderheid (10:5), maar "die seuns van die ballingskap", d.w.s. die (teruggekeerde) ballinge, het dit gedoen.

Die wegstuur van die vreemde vroue is egter nie deur elke man op eie houtjie gedoen nie; dit is amptelik op las van die owerstes deur 'n kommissie van familiehoofde, met Esra as voorsitter, verrig. Dit was tog 'n saak van die volk as geheel waarin Esra moes handel volgens die wet van sy God (7:14), Die kommissie het drie maande gesit; hulle het seker elke geval op meriete behandel (vgl. egter § 462).

## § 455 Nehemia kom in Jerusalem (Neh. 1 en 2)

In die twintigste regeringsjaar van Artasasta gaan Nehemia na Jerusalem. Esra was toe reeds dertien jaar daar.

Van Nehemia word nie, soos van Esra, 'n lang geslagsregister gegee nie, net die naam van sy vader word genoem. Ook neem hy nie, soos Esra, baie ballinge saam nie; hy gaan alleen. In die land van sy ballingskap het hy tot 'n hoë posisie geklim: hy was skinker van die koning (vgl. Gen. 40:1). Tog het hy die land van die vaders en sy volksgenote wat daarheen teruggekeer het, 'n warm hart toegedra. Hy was 'n innig vrome man.

Eendag kry Nehemia in Susan besoek van sy broer Hanani uit Juda. Hy vra hom hoe die toestand van die Jode in Juda en Jerusalem is. Hy noem hulle "die vrygeraaktes wat oorgebly het uit die gevangenskap" (vgl. Jes. 10:21, 22; Rom. 9:27). Miskien het Nehemia iets goeds verwag, omdat Esra reeds so lank daar was. Die antwoord wat hy kry, is egter baie teleurstellend: die oorgeblewenes wat vrygekom het uit die gevangenskap daar in die provinsie, verkeer in groot ellende en in smaad, en die muur van Jerusalem lê stukkend en sy poorte is met vuur verbrand. Van die pogings tot opbou (Esra 4:12) het dus niks gekom nie; die vyande het daarin geslaag om dit te verhinder en wat reeds gedoen was, blykbaar weer verwoes. Ook Esra kon nie daarin slaag nie: hy het meer aandag bestee aan die geestelike suiwering van die volkslewe; daarvoor was hy Skrifgeleerde! Hierin kom Esra en Nehemia egter ooreen dat wantoestande en teenspoede hulle tot gebed en verootmoediging beweeg (vgl. Esra 9:6-15 met Neh.1:5-11).

Nehemia het diep gebuk gegaan onder sy verdriet oor die vrygeraaktes en sy smart was op sy gesig te lees. Toe hy dan ook voor die koning staan om hom wyn te gee, sien die koning dit;

en omdat Nehemia nie gewoonlik voor hom bedroef was nie, vra die koning hom: Waarom is jou aangesig so bedroef; jy is tog nie siek nie? Artasasta sien self dat dit iets anders is; hy sê: Dit is niks anders as hartseer nie. Die koning van Persië, anders so 'n grillige despoot, tree hier voor ons as 'n meevoelende mens. Dit maak Nehemia openhartig, en hy uit sy klag vrymoedig: Die stad waar my vaders begrawe is, lê woes, en sy poorte is deur vuur verteer!

Vriendelik vra die koning: Wat is dan jou begeerte?

Nehemia vertel hierdie gebeurtenisse self. Hy vertel aldus: "Toe het ek tot die God van die hemel gebid." Maar tegelykertyd moet hy ook die koning antwoord gee. Hy kon nou nie op vormlike manier bid nie, maar uit sy hart het 'n biddende gedagte tot God opgestyg. Dit was 'n "skietgebed", en so 'n skietgebed kan ook opreg en vroom wees - al is daar ook ander skietgebede. Die goeie luim van die koning bied aan Nehemia die kans van sy lewe. Hy bid dat God mag gee dat hy die kans goed gebruik en dat daaruit iets goeds mag voort-kom. Tegelykertyd antwoord hy die koning: As die koning dit goedvind en as u dienaar welgevallig is in u oë, stuur my dan na Juda, na die stad waar my vaders begrawe lê, dat ek dit kan opbou. Toe vra die koning: Hoe lank sal jou reis duur, en wanneer sal jy terugkom?

Dit het seker sy bedoeling as Nehemia daarby vertel dat die koningin langs die koning gesit het, want hoewel die laaste vraag van die koning klink asof hy bedenkinge begin opper, volg daar tog: En die koning het dit goedgevind om my te stuur. Nehemia kry briewe van vrygeleide en perderuiters en 'n brief aan die koninklike houtvester (in Juda) dat hy aan Nehemia die benodigde hout vir die bou van die poorte moet lewer.

Nehemia sien hierin (net soos Esra, 7:6) die goeie hand van God. Hy was bang dat "hierdie man", soos hy die koning noem (1:11), ongenaakbaar sou wees en niks sou toestaan nie; maar hy ondervind: Die koning se hart is in die hand van die HERE SOOS waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.

So het Nehemia dan in Jerusalem gekom en is daar deur die koning as goewerneur aangestel (5:14; 8:10).

## § 456 Nehemia bou die mure en poorte van Jerusalem op (Neh. 2-7)

As Nehemia drie dae in Jerusalem is (2:11; vgl. Esra 8:32), onderneem hy 'n verkenningstog, alleen en by nag; hy wil nie te gou laat blyk watter groot planne hy het nie, want die vyande is reeds ontstemd oor sy koms. Die vyande is die volk van die land (Esra 4:4) wat nydig is, omdat hulle van die Joodse gemeenskap uitgesluit word. In Nehemia se tyd is hulle aanvoerders Sanballat en Tobia en ook nog Gesem, die Arabier. Sanballat was 'n invloedryke man en daarom besonder gevaarlik vir die Israeliete (2:10). Sy naam is 'n verhebreeuste Babiloniese naam, waaruit kan blyk dat hy hom-hoewel Horoniet, d.w.s. afkomstig van Bet-Horon in Efraim, dus Israeliet - heeltemal aangesluit het by die heidendom van die oorheersers; die naam Sanballat gewaag naamlik van die lewewekkende krag van Sin, die maangod. Uit die papiri van Elefantine (kyk § 464) blyk dat hy stadhouer van Samaria was en dus ook oor militêre mag kon beskik. Deurdat sy dogter getroud was met 'n kleinseun van die hoë-priester Eljasib, wat origens 'n getroue medestander van Nehemia was (3:1; 13:28), het hy ook relasies met Judese families gehad. Sy handlanger was Tobia, die Ammonitiese kneg. Gesem (of Gasmu, 6:6) was 'n Arabier; moontlik die goewerneur van die Arabiese provinsie van die Persiese ryk, wat die Suiderland en Edom ingesluit het. Nehemia het dus magtige teëstanders gehad.

Op sy verkenningstog ontdek Nehemia hoe ontredderd die toe-stand van Jerusalem se mure is; op sommige plekke kon sy rydier weens die puin nie verder gaan nie. Nadat hy teruggekeer het, het hy met die leiers van die volk oor sy planne gepraat: Laat ons die mure

van Jerusalem opbou! Om hulle te bemoedig, vertel hy van die hand van God wat goed oor hom was en ook van die woorde van die koning. Hy weet om die geesdrif van die volk op te wek - soos ook Esra dit kon doen (Esra 10 :1 e.v.). Die volk roep uit: Ons sal ons klaar-maak en bou!

Die vyande, Sanballat en Tobia en Gesem, bespot hulle, ja, erger nog, maak hulle verdag deur te sê: Wil julle teen die koning rebel-leer? Daarvan het Rehum hulle ook by Artasasta aangekla (Esra 4:7 e.v.), maar Nehemia het nou dié se steun en medewerking! Dit maak sy posisie baie sterker, maar hy vertrou ook op God en sê vir sy vyande: Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk. Terselfdertyd lê hy nadruk op die eksklusiewe houding wat hy, net soos Serubbabel (Esra 4:3), inneem, met die woorde: Maar julle het geen deel of reg of gedagtenis in Jerusalem nie. Daardie houding is in hier-die geval die enigste wat die Jode in daardie omstandighede tot behoud van hulle selfstandigheid kon aanneem (Ps. 139:21).

So begin die Jode dan met verenigde kragte om die mure op te bou. Twee-en-veertig groepe bouers word opgenoem. Die werk gaan voorspoedig voort en was in twee-en-vyftig dae gereed: Jerusalem het weer mure! Daarna is die poorte ingesit (7:1). Die vyande kon die werk van Nehemia nie verhinder nie, maar wel moes die bouers met die-een hand werk en met die ander die werpspies hou, want die vyande het dit nie by spotterny en verdagmakery laat bly nie: hulle het 'n sameswering gesmee om teen Jerusalem te veg en daar verwar-ring te stig. Nehemia het toe wagposte opgestel en vir hulle gesê dat hulle nie bang moes wees nie, maar moes dink aan die grote en gedugte HERE. "Veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vroue en julle huise! "

God het die plan van die vyande, waar inmiddels ook nog Asdodiete bygekom het, verydel. Toe het die vyande met lis begin en geprobeer om Nehemia in 'n val te lok, naamlik dat hy na die dal Ono sou kom vir beraadslaginge. Tot vier maal toe het hulle dit geprobeer, maar die antwoord van Nehemia was telkens: Ek doen 'n groot werk, sodat ek nie kan afkom nie. So het hy aan hulle bedoelinge om hom kwaad te doen, ontkom. As die lis misluk, begin hulle weer met laster: Nehemia sou profete aangestel het om in Jerusalem uit te roep dat hy koning in Juda is. Nehemia verklaar dit egter vir versinsels. AI die pogings van die vyande het op niks uitgeloop nie: die mure is vol-tooi en die poorte ingesit en gegrendel, sodat die mense veilig in die stad kon woon. Jerusalem was maar dun bevolk (7:1). Reeds by die eerste terugkeer het baie Jode in hulle stede gaan woon, omdat die lewensomstandighede daar aangenamer en beter was as in die verwoeste stad. Tog moes Jerusalem, ook met die oog pp verdediging, sy nodige inwoners hê. Die volk het toe die lot gewerp om een uit tien daartoe te bring dat hy in die heilige stad sou gaan woon (Neh. II).

Toe die stad gereed was, het daar 'n plegtige inwyding van die mure plaasgevind (12:27 e.v). Vir hierdie geleentheid moes die mure gereinig word, wat seker met offerbloed of reinigingswater (kyk Num. 19) gedoen is. Die eintlike inwyding het geskied deur 'n pro-sessie van twee kore wat dankliedere gesing het en op simbale, harpe en siters gespeel het. Die twee kore het op die mure in teenoorgestelde rigting gegaan en by die huis van God bly staan. Daar is toe groot offers gebring. Deur hierdie plegtige seremonies was Jerusalem met reg, ook in rituele opsig, 'n *heilige* (11:1, 18) stad. Tegelykertyd is manne aangestel om toesig te hou oor die kamers waar die voorrade van offergawes en eerstelinge en tiendes bewaar is, so-dat priesters en Leviete en sangers gereeld hul regmatige aandeel daar kon kry (12:44-47). By hierdie heiliging van die stad en die versorging van sy priesterskap behoort ook dat die volksvergadering heilig gehou moet word: Ammoniete en Moabiete en al die mense van gemengde bloed is toe uit Israel afgesonder (13:1-3).

## § 457 Sosiale misstande (Neh. 5)

Midde-in die verhaal van die bou van die stad staan die klagtes van die volk, veral deur vroue geuit, oor armoede, honger en gebrek. Hierdie berig staan hier seker op sy juiste plek, want juis die gemeenskaplike en alle tyd opvorderende arbeid kan die oorsaak wees dat misstande pynlik geword het. Almal moet hier by die mure saamwerk; vir eie bedryf is nie tyd nie, en die een kan dit beter vol-bring as die ander.

Wat is die klagtes?

Die eerste is voedselgebrek. Dit is die klag van arm mense met baie kinders. Hulle roep om koring, sodat hulle kan eet en lewe. Hulle werk saam met ander mense wat wel iets het om te eet. Die werk aan die mure was nie loonarbeid nie, maar vrywillige samewerking in die algemene belang. In dié omstandighede stem die armoede tot bitterheid. Die toestand van dié mense wat wel iets het om te eet, is egter ook nie rooskleurig nie: hulle moes, om koring te kan koop, hul lande en wingerde en huise in die hongersnood verpand. Blyk-baar was die gebrek aan voedsel aan mislukking van die oes te wyte. Dan is daar nog 'n ander oorsaak van die armoede: die belasting aan die koning! Al die wingeweste van die Persiese ryk moes tot die staatsonkoste bydra. Dit was die saak waar die koning die meeste belang by gehad het (Esra 4:13). Die belasting het swaar op die onderdane gedruk.

Wat hierdie toestande egter so droewig maak, is die omstandigheid dat daar in die volkslewe die teenstelling van arm en ryk is. Daar was rykes wat die pandgelde aan die armes kon verstrek en daardeur aanspraak op die verpande goedere kon maak. Hierdeur is die posisie van die armer mense nog meer versleg en het dié van die rykeres al meer oorheersend geword. Dit was vroeër in die dae van die konings ook reeds so (Amos 2:8 e.a.; Jes. 5:8). Begryplik is die klag: ons vlees is soos die vlees van ons broers en ons kinders is soos hulle kinders, en tog moet ons nou ons seuns en ons dogters tot slawe verneder, en van ons dogters is al verneder sonder dat ons daar iets aan kon doen, en ons lande en ons wingerde behoort aan ander. Dit is die klag van die armes teen hulle *broers* (v. 1). Selfs hul kinders moes hulle verkoop as slawe aan ryk volksgenote (kyk ook 2 Kon. 4:11). Om jou kinders so te verkoop, word nie uitdruklik in die wette van Moses toegelaat nie; wel reken die wet met die moontlikheid dat dit kon gebeur - in die ou Ooste was dit gebruiklik -en stel beperkende bepalinge (Ex. 21:1-11; Deut. 15:12-18; vgl. ook Amos 2:6; 8:6). Tereg voel die arm Jode uit die dae van Nehemia dit as 'n vernedering; veral vir die dogters was die vernedering groot, omdat hulle deur hul here as by-vroue beskou is.

As Nehemia hierdie klagtes hoor, is hy baie verontwaardig. Hy belê 'n groot vergadering en verwyt die edeles en leiers dat hulle deur op woeker uit te leen, nie in die vrees van God wandel nie. Hy beveel dat hulle die verpande goedere aan die oorspronklike eienaars moet teruggee. Dit het die rykes toe ook gedoen! Nehemia kon dit met alle vrymoedigheid van die Jode eis, omdat hy self altyd onbaatsugtig opgetree het (5:14-19).

## § 458 Die samekoms by die Waterpoort (Neh. 8 :1-13)

As die mure voltooi is, word daar 'n groot volksvergadering gehou. Dit was op die eerste dag van die sewende maand. Volgens die wet was dit 'n rusdag (Lev. 23:24), waarop ook 'n samekoms gehou moes word (Num. 29:1). Die hele volk het soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom. Nou tree Esra, die Skrifgeleerde, weer op die voorgrond, en vandat dit lig geword het tot die middag het hy uit die wet voorgelees. Hy het op 'n houtver-hoog gestaan (Salomo op 'n koperverhoog, 2 Kron. 6:13) en die volk het eerbiedig opgestaan. Leviete was tussen die volk om te ver-duidelik wat Esra lees, om dit in Aramees, die taal van die volk, te vertaal.

Die voorlesing van die wet het 'n diep indruk op die volk gemaak, en hulle het geween, maar Nehemia, die goewerneur, en Esra, die priester, het gesê dat daardie dag, die eerste van die sewende maand, nie 'n dag was om weemoedig te wees nie, maar om verblyd te wees in die HERE. Hulle sê: Gaan, eet lekker spys en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie. Dit was 'n dag wat heilig is aan die HERE; op so 'n dag pas dit nie om bedroef te wees nie. So het die volk dan geëet en gedrink en aan die armes porsies gegee en groot vreugde bedrywe.

### § 459 Die huttefees (Neh. 8 :14-19)

By die ondersoek van die wet blyk dat die kinders van Israel op die fees wat in die sewende maand val, in hutte moes woon (Lev. 23:39-43; Deut. 6:13-15). Toe het hulle die huttefees gevier met 'n blydskap soos sinds die begin van hul volksbestaan nog nooit gedoen is nie. Hulle het takke op die gebergte gaan haal: olyftakke, olienhouttakke, mirtetakke, palmtakke e.a. en hutte gemaak op die dakke en op die erwe en op die voorhowe van die huis van God en op die plein van die Waterpoort en van die Efraimspoort. Daagliks het Esra uit die wetboek van God voorgelees, en volgens verordening is die fees besluit met 'n vuuroffer aan die HERE (Lev. 23:36).

By vroeëre reformasies het die nadruk op die paasfees geval (2 Kron. 30:26; 35:18); nou val dit op die huttefees. Sindsdien het hierdie fees 'n groot plek in die Joodse godsdiens ingeneem (Joh. 7).

### § 460 Vas-en biddag (Neh. 9)

Die huttefees het geduur van die vyftiende tot die twee-en-twintigste dag van die sewende maand. Twee dae later word tog die belydenis van sondes gedoen waartoe die volk hulle gedronge gevoel het, maar waartoe die feesdae nie geskik was nie (8:10). Hulle het gevas in rouklere en met grond op hul hoof as teken van droefheid (Job 2:12; Ester 4:1). Gedurende 'n vierde deel van die dag het hulle in die wetboek gelees en gedurende 'n vierde deel belydenis gedoen en die HERE hulle God aanbid. In die aanbidding loof hulle God om al Sy heilsweldade wat Hy nieteenstaande die afvalligheid van Israel bewys het; en as God Sy volk, wat nie na die profete wou luister nie, in die hand van die volke van die lande oorgee, het Hy in Sy grote barmhartigheid hulle tog nie volkome vernietig nie. Maar - so moet hulle die gebed besluit - "ons is vandag slawe, slawe in die land van ons vaders, en die opbrings van ons land is vir die konings wat oor ons heers na hulle willekeur. Ons is in 'n groot benoudheid! "

## Israel wag op vrymaking.

### § 461 'n Vaste verbond op 'n verseëlde stuk (Neh. 10)

Hoe groot die invloed van die optrede van Esra was, blyk veral hieruit dat die volk hom plegtig, onder eed en met beswering, ver-plig om in die wet van God te wandel. Hulle noem dit 'n vaste verbond, op skrif gestel en verseël met die seëls van owerstes, Leviete en priesters. Dit is 'n opreg bedoelde verbondsvernuwing, soos ook vroeër in die koningstyd gedoen deur Jojada (2 Kron. 23:16), Hiskia (2 Kron. 29:10) en Josia (2 Kron. 34:31). Uit die feit dat sulke verbonde telkens herhaal moes word, blyk dat hulle maar kortstondig van waarde was. So het dit ook gegaan met hierdie vaste verbond op die verseëlde stuk (§ 462). Die vastigheid kan alleen van God kom en van die *nuwe* verbond wat Hy met die huis van Israel en met die huis van Juda sal sluit (Jer. 31:31).

Die eerste verseëlaar (ondertekenaar, sou ons sê) van die verbond is Nehemia, die goewerneur; verder priesters, Leviete en hoofde van die volk. Hulle lê die volgende beloftes af: Geen ondertrouery met die volke van die land nie; onderhouding van sabbat en sabbatsjaar; instandhouding van die erediens deur tempelbelasting (v. 33); opbrings van eerstelinge en tiendes; lewering van brandofferhout.

## § 462 Die tweede verblyf van Nehemia in Jerusalem (Neh. 13)

Nadat hy twaalf jaar in Jerusalem was, het Nehemia weer na die Persiese hof teruggekeer. Die koning het nie bedoel dat hy Susan vir goed mog verlaat nie (2:6). Nehemia se hart was egter in Jerusalem, en hy het weer verlof van die koning gevra en verkry om daarheen terug te gaan.

Daar was ook wel weer iets vir hom te doen!

In sy afwesigheid het Tobia 'n kamer in die voorhowe van die huis van God ingerig. Tobia was, soos uit 6:17-19 blyk, 'n onvermoeide intrigant en net soos Sanballat (13:28) deur huwelik met vername Joodse families verwant (6:17-19). Die kamer wat hy deur bemiddeling van Eljasib (wie se kleinseun met die dogter van Sanballat getroud was) verkry het, moes seker diens doen vir sy koopmanswerk. Nehemia was daaroor erg ontstemd en het al die goed van Tobia uit die kamer gegooi.

Nehemia verneem egter van nog baie erger misstande: die bewaring van die tiendes en die versorging van Leviete en sangers, wat tog goed gereël was (12:44-47), is skromelik verwaarloos. Die Leviete en die sangers het Jerusalem gevolglik verlaat en na hul eie grond gevlug. Daardeur is die tempeldiens veronagsaam, en die volk het teësinnig geword om die tiendes in te bring. Die "vaste verbond" (§ 461) is gou vergeet! Weer het Nehemia die saak reggestel.

Ook sien hy in Juda mense wat op die sabbat die parskuipe trap en vragte koring, op esels gelaai, in Jerusalem inbring. Ook het Tiriërs vis en allerhande koopware op die sabbat in Jerusalem ver-koop. Dit - so sê Nehemia - is nou net die sonde waarmee ons vaders God vertoorn het! Hy laat die poorte nou gedurende die hele sabbat sluit, sodat geen koopman kon inkom nie. Leviete moet dan op die sabbat die poortwagters wees. Die bewaking van die stadspoorte is gewoonlik 'n militêre aangeleentheid, maar in hierdie geval is dit 'n godsdienstige saak, en daarom moet die Leviete hulle reinig om by die stadspoorte te sorg dat die sabbat geheilig word.

Hoe hardnekkig die Jode is, blyk uit die gemengde huwelike wat ondanks die maatreëls van Esra nog altyd voortbestaan (§ 454). Op straat hoor Nehemia dat die kinders Asdodies of die taal van watter volk ook al praat. Dit leer hulle van hul moeders, want die Jode het met Asdodiese, Ammonitiese en Moabitiese vroue getrou; Joods kon die kinders nie eens praat nie. Nehemia vererg hom oor hierdie ver-menging op taalgebied. Ook die taal behoort tot die suiwerheid van die volkslewe! Hardhandig tree Nehemia op. Hy slaan die manne en pluk hul hare uit. Hy besweer hulle met die woorde van Deut. 7:3: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee nie, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself neem nie. Selfs Salomo, sê hy, was teen die vreemde vroue nie opgewasse nie!

Esra en Nehemia het baie gedoen om die volkslewe van die terug-gekeerde ballinge in die regte bane te lei en het daarby uitgegaan van die Mosaïese wet. Dat hieruit later wettisisme en formalisme voort-gekom het, is nie hulle skuld nie. Hulle het die regte uitgangspunt gekies. Nehemia is daarvan heilig oortuig en bid dat God sy liefde-diens wat hy aan die huis van God bewys het, tog nie sal uitdelg nie (5:19; 13:14; 22). Sy boek, die boek waarmee die historiebeskrywing in die Ou Testament sy eindpunt bereik - die volgende boek, Ester, handel

oor wat reeds vroeër onder Ahasveros gebeur het -eindig met hierdie bede.

## § 463 Die profeet Maleagi

Maleagi het later as Haggai en Sagaria opgetree, want die tempel en die tempeldiens is weer herstel (1:7; 2:1; 3:10); hy bestraf die volk juis oor hul traagheid ten opsigte van die tempeldiens. Ver-der moet hy stry teen dieselfde sondes as dié waarteen ook Esra en Nehemia moes optree: die gemengde huwelike (2:11) en nalatigheid in die opbrengs van die tiendes (3:8; vgl. Neh. 13:10 e.v.).

Ook het Maleagi positief die heil voorsê, die koms naamlik van die HERE na wie die volk soek, dit is die Christus, en die koms van sy boodskapper, wat die weg voor Hom uit sal baan - deur Maleagi die profeet Elia genoem (4:5). Die boodskapper is Johannes die Doper (Luk. 1:17). So begin die Nuwe Testament met die vervulling van die laaste belofte van die Ou Testament.

## § 464 Elephantine

Dal daar by die ondergang van die koninkryk van Juda ook Jode na Egipte gevlug het, weet ons uit die Ou Testament (Jer. 43:7; 44:1). Uit argeologiese vondste in Egipte weet ons iets meer van hulle, veral van die Jode wat hulle in Elephantine gevestig het.

Elephantine is die (vergriekste) naam van 'n eiland in die Nyl met 'n gelyknamige stad daarop, ver in die suide van Egipte, by die Numbiese grens, teenoor Syene (Eseg. 29:10; 30:6), teenswoordig Aswan. Daar is die eerste katarak in die Nyl en daar is goedere uit Afrika, soos ivoor, opgelaai om noordwaarts vervoer te word.

In Elephantine is beskrewe skerwe (ostraka) en papiri gevind waaruit blyk dat daar 'n belangrike Joodse gemeenskap was. Toe Cambyses, die seun van Kores, Egipte verower het (525), het hy al die Egiptiese tempels verwoes, maar dié van die Jode in Elephantine het hy gespaar. In dié tyd was die tem-pel dus reeds daar, moontlik deur die vlugtelinge vir Nebukadnesar gebou. Farao Hofra was die Joodse vlugtelinge gunstig gesind, sodat die bou moontlik was. Dit was 'n groot tempel met vyf poorte, met suile van klip en 'n dak van sederhout. Die diens in die tempel was egter nie net aan Jahu, die HERE, gewy nie, maar ook aan ander gode. Genoem word Asjam-Bet-el en Anat-Bet-el, ook Anat-Jahu genoem. Die naamsbestanddeel "bet-el" is blykbaar 'n aanduiding van die godheid of van God self. Die naam Cherem-bet-el is dan nie 'n godenaam nie, maar beteken cherem (= heilige terrein, huis) van God. Die naam Anat laat aan Oegarit dink en dui 'n vroulike godheid aan. Die godsdiens van hierdie Jode - vir 'n deel soldate in Persiese diens - was dus sinkretisties!

Die Joodse tempel was naby die Egiptiese tempel van Chnoem. Die Egiptiese priesters wat hulle seker geérger het aan die offerande van skape (Gen. 43:32; 46:34), het bewerk dat die Joodse tempel tog verwoes is!

In die papirus waaruit ons hierdie kennis put, vra die Jode van Elephantine die hulp van Jerusalem en Samaria om die tempel weer te kan opbou. Hulle noem daarby ook die name van die seuns van Sanballat, wat nader aangedui word as die goewerneur van Samaria. Hy was die aartsvyand van Nehemia! Het die Jode in Elephantine dit nie geweet nie?

Hierdie gebeurtenisse het plaasgevind onder die opvolger van Artasasta uit die Ou Testament, naamlik Darius II (424-404).

Die tempel is inderdaad herbou, onder Artaxerxes II, die opvolger van Darius II.

# Donker Eeue

## § 465 Die einde van die Persiese ryk

Met die vermelding van die Joodse kolonie in Elephantine (§ 464) het ons reeds die grense van die Bybelse geskiedenis (kyk § 1) oorskry: met Nehemia behoort hierdie handboek af te sluit. Om egter 'n brug te lê na die Nuwe Testament wil ons die geskiedenis van die Jode ná Nehemia in baie kort trekke beskryf. Dié geskiedenis hang ten nouste saam met die wêreldgeskiedenis en is vir Juda donker eeue, veral in hierdie opsig dat daar nie nuwe

openbaringe was nie.

Ná Artasasta, van wie ons in die Ou Testament lees, het nog vier konings oor die Persiese ryk geregeer: Darius II (424-404); Artaxerxes II (404-358); Artaxerxes III (358-338) en Darius III (338-330).

Onder die regering van Axtaxerxes II het Egipte hom vry geveg van die Persiese oorheersing en gedurende sestig jaar sy onafhanklikheid gehandhaaf. Dit het waarskynlik ook die ondergang van die Jode in Elephantine tot gevolg gehad, want hulle moes nou die Persiese beskerming ontbeer. Ook het baie "satrape" (stadhouers) in die weste ,van die ryk opstandig geword, maar die koning kon dit onderdruk. Sy opvolger het met kragtige hand die teuels van die bewind gevat en Egipte weer onderwerp. In Griekeland het egter intussen 'n nuwe vyand opgestaan in Filippus van Macedonië, wat die hegemonie oor al die Griekse stede verwerf het. Toe Darius III aan die regering gekom het, het die seun van Filippus, Alexander die Grote, die aan-val op die Persiese ryk begin. In 'n reeks veldslae het hy die hele ryk onderwerp.

### § 466 Alexander die Grote.

Alexander was 'n leerling van Aristoteles en 'n vurige yweraar vir die Griekse kultuur; wat hy oor die hele wêreld wou uitbrei. Natuurlik kon hierdeur die Oosterse kultuur nie uitgewis word nie. So het daar 'n vermenging van kulture ontstaan wat bekend staan onder die naam "die Hellenisme", waarin die Griekse kultuur die oorwig gehad het. Een van die verskynsels daarvan was die ontwikkeling van 'n algemene taal, die sg. *koinê,* waarin later ook die Nuwe Testament geskryf is.

Persoonlik kon Alexander sy ideale nie uitwerk nie; hy het, jonk nog, in Babilon siek geword en gesterf (323), maar die vloedgolf van Griekse wetenskap, wysbegeerte, godsdiens, taal en literatuur het losgebreek en die wêreld van die laaste eeue voor Christus deurdrenk.

### § 467 Die Jode onder die Ptolemeërs

By die dood van Alexander was daar geen opvolger nie; sy generaals, die Diadoche, het die ryk - nie sonder rusies nie - onder mekaar verdeel. So het verskillende ryke ontstaan, o.a. die ryk van die Ptolemeërs (Egipte) en die ryk van die Seleucide (Sirië). Altwee die ryke het aanspraak gemaak op Palestina, wat in 301 deel van Egipte word. Daarmee kom die Jode onder die gesag van die Ptolemeërs, wat nie te ondraaglik vir hulle was nie. In Egipte self het toe ook baie Jode gewoon, wat die stad Alexandrië wat deur Alexander gestig is, tot 'n Joodse sentrum gemaak het. Hulle is egter vergrieks en het ook Grieks gepraat; vandaar dat die Ou Testament toe in Alexandrië in Grieks, naamlik in die bogenoemde *koinê*, vertaal is (die Septuagint of ver-taling deur die sewentig).

### § 468 Die Jode onder die Seleucide

Die Seleucide was van mening dat Palestina tot hulle ryk moes behoort. Hulle het verskeie oorloë met die Ptolemeërs gevoer en ten slotte die oorhand gekry. In 198 ná die slag by Paneas (by die Hermon) kom die Jode onder die gesag van die Seleucide, wat 'n verslegting van hul posisie beteken het. Dit het hulle veral begin voel toe Antiochus IV Epiphanes koning was (175-163). In sy dae het Rome 'n gevaarlike vyand geword wat al die dele van die vroeëre ryk van Alexander verower en ingelyf het. Antiochus het vir die verdediging van sy ryk geld nodig gehad en het daarby die oog op die tempelskatte in verskillende stede geslaan. Ook wou hy innerlike eenheid in sy ryk bewerkstellig en die Hellenisering - reeds die ideaal van Alexander -in sterk mate deurvoer. Vir wetsgetroue Jode was dit onaanneemlik. Daar

was egter ook ander Jode wat Helleens gesind was. Tot hulle behoort selfs die hoëpriester van dié dae, wat prakties ook die wêreldlike hoof van die Jode was. Sy naam Josua het hy vergrieks na Jason. Sy opvolger, Menelaüs, was 'n nog groter aanhanger van die Seleucide.

Kulturele sentra van die Hellenisme, soos die gimnasium, en militêre sentra, soos die Akra of burg, is in Jerusalem opgerig. Dit het die Jode tot ver-set geprikkel. Antiochus, wie se oorloë teen Egipte deur Rome belet is, het die Jode daarvan verdink dat hulle met die Ptolemeërs heul en krasse maatreëls getref. Die Joodse godsdiens, wat hy as die kragbron van die verset beskou het, het hy verbied; sabbat en feeste het hy afgeskaf en in die plek daarvan heidense altare opgerig; die tempel is ingerig vir die Zeus-kultus, en varkvleis is op die altaar geoffer. Met brute geweld het Antiochus sy maat-reëls deurgevoer. Hy het die Jode gedwing om op die heidense altare te offer; die besit van wetsrolle is met die dood gestraf; vroue wat hul kinders besny het, is gedood. Dit alles moes tot opstand lei, en dit het gekom!

## § 469 Die Makkabeërs

Mattathias, 'n priester in Modin in die bergland van Efraim, het 'n Siriese amptenaar, wat 'n Jood gedwing het om 'n offer op 'n heidense altaar te bring, doodgeslaan!

Dit was die teken tot die opstand.

Wetsgetroue Jode het hulle rondom Mattathias en sy vyf seuns versamel en die land deurgetrek om die heidense altare om te gooi. Ná die dood van die reeds bejaarde Mattathias het sy seun Judas die leiding geneem. Die Siriese soldate wat in die land was, kon die opstand nie keer nie. Antiochus was in 'n oorlog met die Parte verwikkel en kon nie nuwe troepe stuur nie. Judas, wat die bynaam "Makkaab" (= strydhamer) gekry het, het moed met taktiek gepaar en die saakgelastigde van Antiochus, Lysias, 'n verpletterende neerlaag toegedien. Daarna het hy Jerusalem binnegetrek, die Zeus-kultus verwyder en die tempeldiens herstel (164). Hierdie gebeurtenis word jaarliks deur die Jode herdenk op die Hanukkafees, die fees van die tempelwyding, soos dit in Joh. 10:22 genoem word.

Hoewel die ideaal van godsdiensvryheid hiermee bereik is, was Judas die Makkabeër hiermee nie tevrede nie. Hy het voortgeveg om ook staatkundige vryheid te verkry. In die stryd het hy gesneuwel, maar sy broer Jonatan het dit voortgesit. Troonopvolgingsmoeilikhede ná die dood van Antiochus het sy strewe begunstig.

Ná Jonatan het sy broer Simon die Siriese besetting, wat nog altyd op die Akra was, verjaag. Die priesters en die volk het hom toe nie net as hoëpriester nie, maar ook as vors erken (141). Hiermee kom die dinastie van die Hasmoneërs (so genoem na Hasmon, 'n voorvader van Mattathias) aan die bewind. Tot hierdie dinastie het die volgende vorste behoort:

1. Johannes, seun van Simon, bygenaamd Hyrkanus (I) van 135 tot 104. Sy regering was nog 'n glorietydperk in die Joodse geskiedenis. Hy het selfs die Edomiete weer onderwerp en Samaria verower. Die Edomiete het hy gedwing om hulle te besny, en die tempel van die Samaritane op die Gerisim het hy verwoes.

2. Aristobulus I, seun van Johannes Hyrkanus. Hy het maar een jaar ge-regeer en in dié tyd Galilea by sy ryk gevoeg.

3. Alexander Janneüs, broer van Aristobulus. Hy het die ryk nog meer uitgebrei, sodat dit so groot was as die ryk van Salomo! Hy was egter 'n baie wrede koning en het die in daardie tyd ontstane groep van die Fariseërs teen hom in die harnas gejaag. Die saamvoeging van priesterskap en koningskap in een hand was nie na hulle sin nie. Onder hul leiding het die volk teen hom in opstand gekom, maar hy het dit in bloed gesmoor. In 77 sterf hy.

4. Alexandra (Salome). Sy is die weduwee van Alexander Janneüs en het hom opgevolg as

koningin, terwyl haar seun Hyrkanus hoëpriester geword het. Sy sterf in 67. Dan word 'n burgeroorlog om die opvolging gevoer tussen haar seun Hyrkanus en sy broer Aristobulus. Hy wen die stryd.

5. Aristobulus II, Hy regeer van 67 tot 63. In sy tyd verskyn daar 'n nuwe persoon op die toneel, naamlik Antipater, stadhouer van Idumea, 'n man vol slim planne. Hy dink dat hy dit beter sal kan uitvoer as die swak Hyrkanus regoer en nie Aristobulus nie. Daarom beweeg hy Hyrkanus om die stryd rnet Aristobulus te hervat Ook sluit hy 'n bondgenootskap met Aretas van Arabië. Altwee die strydende broers roep die hulp van Rome in. Rome kies ten slotte ten gunste van Hyrkanus, maar skaf die koningskap af.
6. Hyrkanus II (63-40), Hy word slegs hoèpriester. Later het Caesar hom *weer* die titeï van vors (etnarg) toegeken. Hy word oorskadu deur Antipater, wat sy doel bereik het: die Romeine stel hom aan tot prokurator oor Juda en hy oefen, ook deur sy sluheid, die eintlike gesag uit.
7. Antigonus. Hy is 'n seun van Aristobulus. Met behulp van die Parte, sterk vyande van Rome, het hy Hyrkanus verjaag en in sy plek opgetree. Die Parte gee hom die koningstitel. Nou was die breuk tussen Rome en die Hasmoneërs, wat vroeër die guns van die Romeine geniet het, volkome. Die guns van die Romeine het toe ten deel geval aan die seun van die inmiddels gestorwe Antipater, Herodes. Hy gaan na Rome en kry dit reg dat hy as koning van Juda aangestel word (37 v.C). Wel moet hy sy koninkryk ontworstel aan die mag van Antigonus en die Parte, maar met Romeinse hulp geluk dit hom. Antigonus is onthoof. Dis die roemlose einde van die so glorieryk begonne dinastie van die Hasmoneérs.

Hiermee het ons by die Nieu-Testamentiese tyd aangeland. Nie onder die Joodse dinastie van die Hasmoneërs nie, maar onder die koningskap van Herodes, die Edomiet, is Christus gebore.

## Aanhangsels

### § 470 Bybelse chronologie

Sowel die Ou Testament as sommige geskrifte van die ou Oosterse volke bevat chronologiese gegewens. Vir die Ou Testament verwys ons na die vermelding van die leeftye van aartsvaders (lees § 29!), geslagsregisters en die regeringsduur van rigters en konings van Juda en van Israel; verder na tekste soos Gen. 15:13 en 16; Ex. 12:40; Rigt. 11:26; 1 Kon. 6:1 (kyk ook Hand. 7:6; Gal. 3:17). Wat Egipte, Babilonië-Assirië en ander lande betref - daarvan het koningslyste tot ons gekom met die name en die regeringsduur van die konings.

Hierdie gegewens verskaf ons kort chronologieë van bepaalde tyd-perke wat nie sonder leemtes aaneengeskakel kan word tot een deur-lopende chronologie nie.

Deur die aanraking van die volke met mekaar (meestal oorloë waarvan die gevonde inskripsies berig) kan ook vasgestel word watter konings van verskillende lande in die ou dae tydgenote was, al kan die presiese tyd van die tydgenote nie vasgestel word nie. So blyk uit die reeds genoemde Amarnabriewe watter Egiptiese, Babiloniese, Assiriese, Mitanniese en Hetitiese konings tydgenote van mekaar was. Deur die aanraking van Israel met sy omrmgende volke kan ons vasstel watter heidense konings tydgenote van bepaalde konings van die volk van God was. Hiskia - om 'n voorbeeld te noem - was tydgenoot van vier Assiriese konings: Tiglat-Pileser, Salmanas-sar, Sargon en Sanherib. Die opstelling van 'n vergelykende chronologie tussen Israel en die omwonende volke is nie so eenvoudig as 'n mens uit bostaande sou wil aflei nie, maar in breë trekke kan dit darem tog gedoen word.

'n Moeilikheid op homself is om die tydstippe waarop die voor-Christelike gebeurtenisse plaasgevind het, volgens ons Christelike jaartelling te dateer. Hier het die astronomie egter die geskiedwetenskap ten opsigte van verskillende periodes uit die geskiedenis gehelp. Veral die Nieu-Assiriese periode - en daarmee ook die geskiedenis van die koningstyd in Israel en Juda - kan deur die hulp van die astronomie in getalle van die Christelike jaartelling gedateer word. Assiriese berigte maak naamlik melding van 'n sonsverduistering gedurende die regering van die Assiriese koning Asjur-Dan, een van die voorgangers van Sanherib. Volgens astronomiese berekeninge moet hierdie sonsverduistering wat in Assirië sigbaar was, plaasgevind het op 15 Junie 763 v.C. Dit is 'n vaste uitgangspunt van waar vorentoe en agtertoe berekeninge gemaak kan word.

Hieronder volg enkele jaartalle uit die geskiedenis van Israel en sy bure soos dit by benadering vasgestel kan word.

| | |
|---|---|
| Tyd van die aartsvaders | ongeveer 2000-1700 v.C. |
| Jakob na Egipte | ongeveer 1700 |
| Hyksos-bewind in Egipte | ongeveer 1720-1550 |
| Nieu-Egiptiese ryk | ongeveer 1550-950 |
| Toetmoses III (18de dinastie) | 1490-14 36 |
| Ramses II (19de dinastie) | 1298-1232 |
| Merneptah (19de dinastie) | 1234-1227 |
| Woestynreis van Israel | 1440-1400? of twee eeue later? (kyk § 82, 146) |
| Tyd van die rigters | ongeveer 1225-1025 |
| Saul, Dawid, Salomo | 1025-931 |
| Skeuring van die ryk | 931 |
| Val van Samaria | 721 |
| Inval van Sanherib (Hiskia) | 701 |
| Val van Ninevé | 612 |
| Nieu-Babiloniese ryk | 612-539 |
| Nebukadnesar | 586-538 |
| Val van Jerusalem | 605-562 |
| Ballingskap | 586 |
| Persiese tyd | 539-333 |
| Cyrus (Kores) koning van Babel | 539-529 |
| Terugkeer uit die ballingskap | 538 |
| Cambyses | 530-522 |
| Darius I | 522-486 |
| Xerxes (Ahasveroe) | 486-465 |
| Terugkeer (tweede; onder Esra) | 458 |
| Artaxerxes (Artasasta) | 465-424 |
| Verowerings van Alexander die Grote | 336-323 |
| Griekse tyd | 333-63 |
| Opstand van die Makkabeërs | 167 |
| Die Romeine verower Palestina | 63 v.C. |

## § 471 Mate en gewigte

Vir lengtemate neem die Israeliet sy uitgangspunt in die menslike liggaam en wel in die hand: 'n handbreedte (Ps. 39: 6) is die eenheid en staan gelyk met vier vingers; drie handbreedtes is 'n span, en twee span is 'n el; ses el is 'n roede (Eseg. 42:16). Die el is die afstand van die elmboog tot die punt van die middelvinger.

Afstandsmate is: 'n dagreis (Num. 11:31) en ook die uitdrukking: "'n kort ent pad" (Gen. 35:16; 48:7; 2 Kon. 5:19); dit kan met *myl* of, in navolging van Siriese en Arabiese vertalings, met *parasang* vertaal word.

As vlaktemaat word 'n woord gebruik wat "juk" beteken, d.w.s. 'n stuk grond wat 'n span osse in een dag kan ploeg. In Jes. 5:10 lui die vertaling: *morg;* in 1 Sam. 14:14: *aanvoorsel.*

Van die inhoudsmate is die *log* die kleinste; dit word net in Lev. 14 (die reinigingswet vir melaatsheid) genoem en wel as maat vir olie. Net een keer word in die Ou Testament melding gemaak van 'n *kab* (2 Kon. 6:25). Volgens Josefus was 'n kab = 4 log. Log word geskat op 'n halwe pint. Dikwels lees ons van 'n *hin* as maat vir olie of wyn of water, dus steeds vir vloeistowwe. Een hin = drie kab = twaalf log.

Daar is ook nog 'n maat met die naam *sea,* in Afrikaans steeds vertaal met "maat" (kyk Gen. 18:6; 1 Sam. 25:18; 2 Kon. 7:1); volgens Josefus is dit die derde deel van 'n efa. Met die efa kom ons by die groter mate. 'n Efa bevat net soveel as 'n bat, maar die bat word gebruik vir vloeistowwe, die efa vir droë goed. Die inhoud is 72 log of ses hin. Die grootste maat is die homer, naamlik tien efa. Die woord homer beteken eintlik "eselsvrag". Net so groot as die homer is die *kor,* wat sowel vir vloeistowwe as droë goed gebruik word (1 Kon. 5:11). Die homer mag nie met die gomer verwar word nie: 'n gomer is die tiende deel van 'n efa (dus: een homer = honderd gomer), vgl. Ex. 16:36.

Uit bostaande volg: 1 homer of 1 kor = 10 efa of 10 bat = 60 hin = 180kab = 720log.

Die eenheid van gewigte is die *sikkel* (Hebr. sjèkèl). Soos ons woord *gewig* van die woordwortel *weeg* kom, so is aan die Hebreeuse woord (wat ons nie vertaal nie, maar net verafrikaans) dieselfde betekenis *weeg* inherent. Die gewig van hierdie sikkel kan geskat word op ongeveer twaalf gram. Toe daar later muntstukke gemaak is, het "sikkel" die naam geword van 'n geldstuk wat dieselfde gewig gehad het. Sestig sikkels word 'n mine genoem (1 Kon. 10:17) en sestig mines is 'n talent. Die sikkel word verdeel in 20 gera (Eseg. 45:12) en die helfte van 'n sikkel heet beka (Ex. 38:26).

## § 472 Die indeling van die jaar

Die jaar bestaan in die steeds terugkerende kringloop van seisoene (Gen. 8 :22); as die verskillende oeste ingesamel is, is die jaar verby (Ex. 23:16) en begin 'n nuwe. Hierdie jaarwisseling val in 'n droë en warm seisoen. Daarop volg die reëntyd, die vroeë reën; dit is die saaityd (gars, koring). In die winter wat dan volg en waarin mense soms vuur moet maak (Jer. 36:22), skiet die graan op. Ná die winter, wat ongeveer drie maande duur, volg die laat reën: die graan vorm are, die bloeisels word gesien, vyeboom en wingerdstok bloei (Hoogl. 2:11). Die gars word eerste ryp, later die koring; dan volg die oes van vye, dadels, olywe; die laaste dié van druiwe. Dit is die einde van die "landboujaar".

Die gewone tydmeter is die maan (Ps. 104: 19a). Die opeenvolging van sy vier skyngestaltes (= lunasies) maak 'n maand. Die verskyning van die nuwe maan word met basuingeskal bekend gemaak (Ps. 81:4).

Een jaar is ongeveer twaalf maande. Ongeveer! Om 'n bietjie nou-keuriger te wees, kan ons sê: twaalf en een derde maand (19 sonjare = 235 lunasies). Dit blyk in die loop van 'n aantal jare dat die seisoene nie meer "op tyd" kom nie! Hulle kom telkens later: ná drie maal twaalf maande (van vier lunasies) is daar reeds 'n verskil van 'n maand! Daarom word skrikkelmaande ingevoeg, d.w.s. sommige jare kry dertien maande (7 keer in 19 jaar). Die owerhede is belas met die amptelike reëling daarvan; die Talmoed bevat uitdruklike voorskrifte daarvoor.

By die uittog uit Egipte, by die begin van die selfstandige volksbestaan, het God beveel dat die maand waarin hulle uit Egipte getrek het, vir hulle die begin van die maande moes wees (Ex. 12:1). 'n Nuwe tydvak het mos vir Israel aangebreek.

Die maand van die uittog was die maand Abib (Deut. 16:1; Ex. 13:4). Hierdie naam Abib is 'n Kanaänitiese naam en beteken "koringaar". Nie alle Kanaänitiese maandname word in die Ou Tes-tament gebruik nie; behalwe Abib slegs nog Sif (1 Kon. 1:6), Etanim (1 Kon. 8 . 2) en Bul (1 Kon. 6:38). Die Israeliete het die maan-de eenvoudig getel: eerste maand, tweede maand, ens. Later het Babiloniese name in gebruik gekom.

In die maand Abib moes die eerstelingsgerf van die oes na die priester gebring word (Lev. 23:10); in dié maand begin dus die oes. Die maand wat dus op bevel Van God as eerste getel moes word, is dus nie die eerste van die bo beskrewe landboujaar nie, maar val daar midde-in. Verder het God ingestel dat by die uittog die eerste paasfees gevier moes word. Hierdie paasfees, die uittogfees, is die begin van 'n reeks feeste: sewe volle weke later (50 dae) moet daar 'n nuwe spysoffer wees, die "fees van die weke". Eers in die (Griekse) Nieu-Testamentiese tyd kom die naam Pinkster hiervoor (= vyftigste) in gebruik (Hand. 2:1). Daarna volg die vrugteoes en die huttefees (Lev. 23:24). Inmiddels het die sewende maand dan aangebreek: die einde van die landboujaar. Maar die paasfees is die begin van die feeste, van die fees- of kultusjaar. Daar is dus twee jaarindelings: een volgens die landbou en een volgens die feessiklus of erediens. Hoe hulle langs mekaar loop, word in die volgende tabel verduidelik.

| ***Die Maande volgens getal*** | ***Kanaani-tiese name*** | ***Babiloniese name*** | ***Ooreen-koms met Chr. kalender*** | **Landbou** | **Kultus** |
|---|---|---|---|---|---|
| eerste | Abib | Nisan | Mrt./Apr. | laat reën | Paasfees (14de) |
| tweede | Sif | Ijjar | Apr. / Mei | | |
| derde | | Siwan | Mei/Junie | koringoes | "Pinkster" |
| vierde | | Tammus | Junie/Julie | | |
| vyfde | | Ab | Julie/Aug. | vye, olywe, dadels | |
| sesde | | Elul | Aug./Sept. | | |
| sewende | Etanim | Tisri | Sept./Okt. | wynoes | Groot versoendag (10de) huttefees (15de-22ste) |
| agtste | Bul | Margeswan | Okt./Nov. | vroeë reën, saaityd | |
| negende | | Kislew | Nov./Des. | winter | |
| tiende | | Tebet | Des./Jan. | | |
| elfde | | Sebat | Jan./Febr. | | |
| twaalfde | | Adar | Febr./Mrt. | laat reën | |

aanvoorsel § 471
aap § 239
aardbewing § 364
Aäron § 84, 363
Abana § 324
Abarim § 126
Ab § 472
Abdon § 165
Abednego § 428
Abel § 24
Abel-Bet-Maaga § 232
Abel Mehola § 279, 280
Abia (seun van Samuel) § 189; I Sam. 8:2
Abia (seun van Jerobeam) § 255
Abia (seun van Rehabeam) § 259, 260
Abib § 91, 472
Abiëser § 156
Abigail § 206 (vrou van Dawid); § 447 (oom van Mordegai)
Abihu § 102, 110 Abimeleg (koning vau Gerar) § 55, 65
Abimeleg (seun van Gideon) § 159
Abimeleg (priester) § 203
Abinadab § 183 (van Kirjat-Jearim)
Abinadab (seun van Saul) § 211
Abiram § 116, 271 (1 Kon. 16 : 34)
Abisag § 234, 237
Abisai § 208, 232
Abisalom § 259
Abjatar § 179, 203, 209, 222, 229, 231, 234
Abner § 201, 208
Abraham § 55 ens.
Abram § 41 ens.
Absalom § 229
Achaemeniede § 441
Ada § 26
Adad § 34
Adad-Nirari III § 348
Adam § 28; 'n stad § 130
Adar § 472
Adma § 47, 53
Adonaj § 87
Adonia § 234, 237
Adoni-Besek § 148
Adoniram § 249
Adoni-Sedek § 139
Adoram § 249
Adriël § 202
Adullam § 73, 203
Afek § 181, 209, 284, 351
Afrika § 304
afspoelwaentjies § 240, 385
Agab § 270 ens.
Agab ('n valse profeet) § 421
Agag § 198
Agagiet § 449
Agan § 135
Agas § 379
Agis § 203, 208
Agitofel § 225
Agjo § 222
Agmeta § 441
Agor § 135
Agsa § 153
agttal § 31
Agur § 243
Ahasia (van Israel) § 305
Ahasia (van Juda) § 313, 315, 335
Ahasveros § 435, 445
Ahawa § 453
Ahia § 248, 255
Ahia = Ahimeleg? § 203
Ahikam § 420
Ahimaás § 229, 230
Ahimeleg § 179, 203, 222
Ahinoam (vrou van Saul) § 197
Ahinoam (vrou van Dawid) § 206
Ahitub § 222
Ahura Mazda § 436
Ahussat § 65
Ai § 135, 136
Ajalon § 139
Akaba § 115, 304
Akkad § 434
Akra § 468, 469
Alexander die Grote § 434
Alexander Janneüs § 469
Alexandra § 469
Alexandrië § 467
algemene genade § 35
allegorie § 59, 427
altaar § 33
Alyattes § 201
Amalek § 97, 198, 449
Amalekiete § 209
Amarja § 422
Amarna § 139, 146
Amarnabriewe § 219, 470
Amasa § 229, 231, 232

Amasia (koning van Juda) § 354
Amasia (priester) § 366
Amenemope § 243
Amenofis IV § 139
Amittai § 367
Amminadab § 178
Ammon § 206, 224, 417
Ammoniet(e) § 53, 160, 193, 221, 301, 302, 415
Ammonities § 456
Amnon § 227
Amon (Eg. sonnegod) § 90, 258
Amon (koning van Juda) § 404, 407
Amontempel § 258
Amos § 288, 366, 369
Amos (vader van Jesaja) § 402
Amrafel § 47
Amram § 84
Anat § 464
Anatot § 237
Aner § 47
Anoe § 34
antimoon § 336
Antiochus Epiphanes § 468
Antipater § 469
Araba § 239, 304
Arabië § 245
Arabiere § 301, 313
Arad § 121
Aram § 264, 271, 279, 324, 327
Arameërs § 221, 224, 281, 415
Aramees § 395, 433, 458
Aramees-Efraimitiese oorlog § 380
Aram-Naharajim § 62, 153
Ararat § 33; 2 Kon. 19: 37
Arauna § 233
Aretas § 469
argiewe § 453
Ariog § 47, 429
Aristoteles § 466
ark van Noag § 31
ark (van tabernakel en tempel) § 103, 222
Arnon § 123, 162
Arpagsad § 29
Artasasta § 453, 464
Artaxerxes § 453, 465
Asa § 261
Asahel § 215
Asarja (= Ussia) § 359, 360
Asarja (profeet) § 262; 2 Kron. 15:1
Asarja (hoofpriester) § 363; 2 Kron. 26:20
Asarja (vriend van Daniël) § 428
Asasel Lev. 16 : 8, 10, 16
Asdod § 173, 182, 361, 393, 394
Asdodies § 462
Asdodiete § 456
Aseka § 201, 418
Asenat § 77
Aser § 70
Asjera § 151, 256, 276, 347
asjerabeeld § 409
Asjur-Dan § 470
Askelon § 148, 167, 394
Asnappar § 389, 440
Aspenas § 428
Assirië § 324
Assoean § 464
Assurbanipal § 12, 389, 406, 413, 423
Asterte § 151, 211, 246, 256, 409
Astartes § 187
astraalreligie, astraaldiens § 404, 409
astronomie § 470
Atalia § 311, 315, 331, 341
Aton § 12
Atossa § 445
Auga's § 245
Avaris § 76, 115
baard § 224
baasvegter § 201
Baäl, Baäls § 151, 187, 252, 305, 385, 409
Baäl Berit § 159
Baäl Salisa § 323
Baäl Sebub § 305
Baälis § 420
Babel § 38, 405, 426, 434
Baëna § 217
Baësa § 256, 263, 264
Bagdad § 434
Bakkerstraat § 421
Balak § 124
balseming § 79
bama § 256
ban, banoffer, banvloek § 121, 133, 135, 198, 454
banier § 122
Barak § 155
Barug § 421
Barsillai § 229, 231, 236, 299
Basan § 123
bat § 471

Batseba § 225
Bedan § 192
beeld (van God) § 8
begrafnis § 61
beka § 471
Bela § 47, 53
Belsasar § 426, 433
Beltsasar § 428
Benaja § 222, 234
Ben Ammi § 53
Benhadad § 264, 281, 328, 330, 348, 353
Benjamin § 250
Bera § 47
Berg van Bederf § 246
Berg van God § 86, 88
berggode § 284
Berodag-Baladan § 394, 406
Berossus § 34
berou (van God) § 31, 105, 198, 420
Berseba § 58, 59, 189, 279
Besaleël § 103
Beser § 144
besnydenis § 51, 60, 73, 88, 131, 426
Bet-el § 45, 73, 147, 194, 252, 317, 319, 366, 389
Bet-Haggan § 335
Bet-Horon § 456
Betlehem § 165, 220, 403
Betlehem-Juda § 174
Bet-San, Bet-Sean § 148, 211, 258, 280
Bet-Semes § 77, 182, 183, 354
Betuel § 62
Bidkar § 291, 334
Bigtan § 448
Bileam § 124
Bilha § 70
Bilkies § 245
bitumen § 38, 47, 84
bloedwraak, bloedwreker § 144, 216, 223, 228
blok § 421
Boas (tempelpilaar) § 240
Boas § 175, 178
Boek van God § 106
Boek van die Opregte § 139, 213
Boek van die Verbond § 101, 410
Bogim § 151
bokamer § 321
borstas § 103
Bos van Efraim § 229
Boses § 196
brief (van Elia) § 311, 314
brief (van Jehu) § 337
brief (van Jeremia) § 421
brief (van Sanherib) § 396
bruidsjonker § 168
bruilof § 167
Bubastis § 258
Bul § 472
Caesar § 469
Cambyses § 436, 441, 464
Chaldeere § 415, 434
Chaldeera (magiërs) § 429
charisma § 153, 156
Chnutn § 464
Christelike jaartelling § 470
Christus § 469
chronologie § 29, 80, 82, 146, 188, 470
Croesus § 426, 433
Cyaxares § 413
Cyrus § 426, 433
Dagon § 173, 182, 211
dak § 190, 299, 305
Dal van dio Terpentynboom § 201
Damaskus § 221, 264, 281, 297, 324, 330, 348, 367, 379, 384
Dan § 70, 143, 252
Daniël § 415, 428
Dan-se-Laer § 149, 166
Darda § 243
Darius § 136, 441, 465
Darius die Meder § 435
Datan § 116
Dawid § 178, 199, 235
Dawidsburg § 219
Debora § 62, 155
dekaloog § 100
dekaloog (kultiese) § 108
Delila § 172
demonie, demonisme § 1?4, 200, 203, 210
deportasiepolitiek § 389
dertiende § 449
despoot § 189
Deuteronomium § 410
Diadóche § 467
Dilmoen § 17, 34
Dina § 70, 73
Dioldetianus § 122
dodebesweerders § 404
Doëg § 203

Dooie See § 47, 302
dorsvloer § 79, 294
Dotan § 74, 327
droefheid § 68
droom § 75, 77, 429, 431
Dsjebel Moesa § 99
Dudhalia § 47
duif § 33, 34
Dura § 430
duur van die ballingskap § 426
Ea § 34
Ebal § 137
Ebed-Meleg § 421
Ebenhaèser § 181, 187
Ebsan § 165
Eden § 15
edik § 436
Edom, Edomiete § 119, 221, 312, 357, 417, 469
eerstelinge § 323
efa § 444, 471
efod § 103, 158, 204, 222
Efraim § 77, 164, 229
Efraimspoort § 459
Efrat § 73
Efraüet § 184
Efron § 61
Egipte § 445
Eglon § 154
Ehud § 154
Ekron § 148, 182, 201, 263, 305, 394
ekstase § 294
E-Kur § 39
Ela § 265, 336
Elam § 47
Elanitiese Golf § 304
Elat § 93, 304, 361, 381
el Chaliel § 46, 302
Eldad § 113
Eleasar § 110, 120, 179
Eleasar (van Kirjat-Jearim) § 183
Elefantine § 456, 464
Eli § 179
Elia § 2, 127, 271, 291. 306, 317, 463
Eliam § 225
Eliëser § 49, 62, 88, 304
Elifas § 243
Elim § 94
Elimeleg § 174
Elisa § 279, 288, 307, 317, 351, 352
Elisabron § 318
Eljakim § 414
Eljasib § 456, 462
Elkana § 184
Ellasar § 47
Elon § 165
El Sjaddai § 86
Elul § 472
Enakiete § 142
Endor § 210
Engedi § 207, 302
Engel § 2, 397, 430
Engel van die HERE § 50, 86, 166, 233, 306
Enlil § 34
Enos § 28
Er § 73
Ereg § 434
Ericha § 124
Eridu § 34
Er-raha § 99
Esagüa § 39, 434
Esar-Haddon § 389, 397, 406, 440
Esbaál § 214
Esegiel § 427
esebbegrafnis § 415
Eseon-Geber § 239, 304
eselsvrag § 471
Eskol § 47, 115
Esra § 453
Ester § 447
Etam § 91, 93, 169
Etan § 243
Etanim § 472
Et-Baal § 271
Etemenanki § 39, 434
Ethiopiërs § 257
etnarg § 469
et Tell § 136
Eufraat § 15
Eva § 22
Evil-Merodag § 4 16, 426
fabel § 159, 354
Fara § 34
Fariseërs § 469
Fanpar § 324
Fenicië § 222, 239, 439
Filippus van Macedonië § 465
Filistyne § 152, 160, 166, 220, 263, 301, 313, 361, 383, 393

Gaäl § 159
Gad § 70, 79, 204, 233
galbanum § 103
Gal-ed § 71
Galilea § 384
Gam § 36
Garstang § 134
Gasa § 148, 171, 172
Gasmu § 456
Gat § 182, 201, 203, 208, 237, 346, 361
Gat-Hefer § 367
Geba § 194, 264
gebiedster § 261, 338, 341, 416
Gedalja § 420
Gehasi § 321, 325, 329
gehenna § 379
Ge-Hinnom § 379
geloofsgehoorsaamheid § 324
gelykenisse § 427
Gelykveld § 361
gera § 471
Gerar § 55, 64
geregtigheid § 8
Gerisün § 137, 159, 469
Gersom § 149
Gerson § 144
gerabs § 21, 240, 241
Gesem die Arabier § 456
Geser § 148, 239
Gesur § 227
Gesuriete § 209
geswel § 182
getal(le) § 276
getallesimboliek § 79
Getuienis § 344
Gibea § 150, 193, 197
Gibeon § 138, 215, 222, 232, 237
Gibeoniete § 36, 223
Gibbeton § 263, 265
Gideon § 156
Gihon § 219, 234, 399
GUboa § 197, 209
Gilead § 71, 74, 299, 384
Gileadiete § 378
Gilgal § 131, 193, 198, 231, 232, 317
Gilgamesj § 34
Giljon § 174
gimnasium § 468
Girsiete § 209
Gittiete § 220, 229
God sien § 72
godslastering § 110
godsoordeel § 182
godsverskyning § 279
goëlery § 404
Golan § 144
Goliat § 201
gomer § 95, 471
Gomorra § 47, 53
Gosan § 384, 387
Gosen § 78, 378
graf § 254, 352, 363
groot versoendag § 438
Gur § 335
Habiri, Habiroe § 82, 146, 159
Habor § 384, 387
Hadad, die Edomiet § 239
Hadad § 160
Hadadeser § 221, 297, 324
Hadad-Rimmon § 385
Hadareser § 224
Hadassa § 447
Hadoram § 249
Haggai § 441, 443
Hagar § 50
Hagila § 208
hakskeen § 20, 66
Halag § 384, 387
Haman § 449
Hamat § 115, 297, 367
Hammoerabi § 73, 100, 434
Hamutal § 417
Hanameël § 177
Hanani § 261, 264, 455
Hananja § 421, 428
handelsvoorregte § 285
handoplegging § 126
Hanna § 179, 184
Hanukkafees § 469
Hanun § 224
Hara § 384
Haran § 41, 413
Harbona § 450
hardlopers § 344
Harod § 157
Haroset § 155
Harris (papirus) § 77
Hasael § 279, 330, 331, 342, 346
Hasor § 140, 155, 239
Hatsjepsoet § 82

Hawila § 245
Heber § 29, 155
Hebreër § 47, 196
Hebron § 46, 61, 115, 142, 144, 214, 229
heilige boomstam § 151, 256, 271, 299, 347, 404
heilige stad § 456
heiligheid § 8
heiligheidswet § 110
Heket § 90
Helam § 224
Heliopolis § 77
Heman § 243
hemel § 2, 4
Hemor § 72, 73, 159
Henog § 2, 26, 28
henoteïsme § 372
Heret § 204
Hermon § 127, 130
Herodes § 267, 469
Herodotus § 449
Hesbon § 123
Hesron § 178
Hetiete § 61, 152, 219
heuning § 167, 196
Hewiet(e) § 73
Hiël § 271
Hieronymus § 47
Hilkia § 421, 410
hin § 471
Hinnom § 379
Hinnomdal § 234
Hira § 73
Hiram § 222, 240
Hiskia § 385, 392 ens.
hisop § 91
Hobab § 111
Hoekpoort § 361
hoer, hoereer, hoerery § 115, 243, 311
Hofni § 179
Hofra § 417, 464
homer § 471
hongersnood[1] $ 322, 323
Hooglied § 243
hoofopsigter § 421
hoogtes, hoogtediens § 256, 261, 299, 311.'355, 365, 393, 404
Hor § 120
Horeb § 86, 279
Hores § 205, 208
horing § 294
horing van die altaar § 234
Horma § 115, 12l
Hosea § 97, 115, 370, 386
Hulda § 410
Hur § 97
"Huisbelofte" § 222, 234
Huram § 240
Hurriete § 76
Husai § 229
huttefees § 252, 438, 459
huwelik § 370, 454
Hyksos § 76
jaar § 472
Ikabod § 181
Immanuel § 383
Indië § 304
Indiese oseaan § 304
inspirasie (organiese) § 41, 79
inspraak (profetiese) § 199
inwyding (tempel) § 242
Irad § 26
Isai § 178, 199
Isak § 51, 57 ens.
Isboset § 214
Isebel § 271, 290, 336
Isjtarpoort § 434
Ismael § 50, 420
hrsel § 72
Issaskar § 70, 79
Itamar § 110, 179
Issaskar § 70, 79
ivoor § 267
jaar § 472
Jabal § 26
Jabbok § 71, 162, 299
Jabes § 150, 193, 211, 214
Jabin § 140, 155
Jabne § 361
Jael § 155
Jafet § 36
Jafo § 240, 439
Jagin § 240
Jahas § 123
Jahaseël § 302
Jaïr § 160
Jambres § 89
Jannes § 89
Jarmoek § 71
Jason § 468

Jebus § 219
Jebusiete § 142
Jedidja § 226
Jefta § 160
Jegar-Sahaduta § 71
Jegonia § 419
Jehiskia § 399
Jehoram (= Joram) § 311; 2Kon. 8:16
Jehu (koning) § 279, 291, 329 ens.
Jehu (die seun van Hanani, 'n profeet) § 265, 298
Jehusywer § 342
Jeragmeëliete § 209 Jered § 28
Jeremia § 177, 415, 421
Jerigo § 129, 133, 134, 154, 271, 318
Jerobeam § 239, 248, 250 ens.
Jerobeam II § 366 ens.
Jerubbaal § 156
Jemsalem § 139, 148, 219
Jesaja § 364, 383, 402
Jesua § 437
Jeter § 88
Jetro § 85, 98
Jibleam § 148
Jisreel § 79, 157, 209, 278, 289
Jisreel in Juda § 206
Joab § 215, 219, 222, 232 ens.
Joahas (koning van Israel) § 342, 347
Joahas (= Ahasia; koning van Juda) § 313, 414
Joas koning van Israel § 348, 349
Joas koning van Juda § 341, 349 ens.
Joas vader van Gideon § 156
Job § 400, 401 Joël (seun van Samuel) § 189; 1 Sam. 8:2
Jogebed § 84
Jojada § 341, 345
Jojagin § 416
Jojakim § 415
Johanan § 420
Johannes Hyrkanus § 469
Jona § 367, 371
Jonadab § 227, 339
Jonatan § 194, 205, 211
Jonatan (priester in Dan) § 149
Jonatan (seun van Abjatar) § 229, 234
Jonatan (die skrywer) § 421
Jonatan (Makkabeër) § 469
Joram (Juda) § 293, 311
Joram (Israel) § 307 ens.
Jordaan § 130, 324
Josef § 74 ens.
Josadak § 438
Josafat § 270, 293, 299 ens.
Josafat (kanselier) § 222
Joseba § 341
Josefus § 245
Josia § 408 ens.
Josua § 97, 113, 126, 438 ens.
Josua (van Bet-Semes) § 183; 1 Sam. 6:14
Josua (Jason) § 468
Jotam § 159, 365
Jubal § 26
jubeljaar § 175
Juda § 70, 73, 79, 135, 178
Judas ("Makkaab") § 469
kaalkop § 319
kab § 471
Kades § 115, 116
Kain § 24, 155
Kajafas § 299
Kakebeenhoogte § 169
Kaleb § 115, 142
kalf (die goue) § 104
Kalkol § 243
kalwerdiens § 252, 342, 34?, 373, 379, 389
Kamos § 160, 246, 310, 409
Kanaán § 36
kandelaar § 117
kanselier § 222
karavaan § 74
Kariërs § 344
Karkar § 297
Karkemis § 412
karkoere § 322
Kannel § 198, 272
karmelgrotte § 133
karst § 203
katarak § 464
Kebarrivier § 426
Kedes § 144
Kedor-Laomer § 47
Kehat § 144
Kehila § 204
kelkwaarsêery § 78
Kenan § 28
Keniet(e) § 155, 209
Kenissiet § 142
kennis § 8
Kenyon § 134

"Ketterkoning" § 82
Keturene § 85
Kibrot-Hattaáwa § 113
Kidron, Kidrondal § 234, 409
Küeab § 227
Kinders van die Ooste § 243
Kis § 190, 447
Kislew § 472
Kison § 155, 277
Kirjat-Arba § 46
Kirjat-Jearim § 149, 183
klaaglied § 412
Klein § 268
klere § 20
klere skeur (vgl. rou) § 317, 324, 454
klippilaar § 256, 271, 307
koinê § 466
kolokwinte § 322
koningin-moeder § 336
koningsreg § 189
koningswet § 191, 247
konstabels § 282, 283
koper § 239
koperslang § 122
kor § 471
Korag § 116
Kores § 426, 433, 436, 441
Kosbi § 124
kosmogonie § 12
kraai(e) § 33, 34, 273
Kreti en Pleti § 220, 222, 229
Krit § 273
kroon § 211
kultuurtaak § 15, 27
Kus § 114, 262, 397, 446
Kusan Risataim § 153
Kusiet(e) § 114, 230, 257, 262, 313, 421
kwartels § 95, 113
kyklomantie § 78
Labajoo § 159
Laban § 62, 70
Laeveld § 361
Lagai-Roï § 50, 62
Lagis § 359, 395, 418
Lais § 143, 149
Lameg § 26, 28
lamp § 219, 311, 313, 321
Lappidot § 155
Lea § 70
leërmagte (hemelse) § 327
leërskare § 184; (van die HERE) § 132, 187
leeu, leeus § 389, 435
Legi § 169
Lemuel § 243
Lesem § 143
Levi § 70, 73, 79, 106
leviraatshuwelik § 73, 174
Libanon § 240
Libiërs § 262, 433
Libna § 313, 397
Lidië § 433
Lig § 3
links § 154
Lodebar § 223
Lofdal § 303
Log § 471
losser, lossingsreg § 175
Lot § 37, 44, 46
lunasie § 472
Lus § 45, 69, 256
lykverbranding § 211
Lysias § 469
Maäga § 259, 261
maat § 328, 471
magie, magiërs § 124, 404, 429, 449
Magir § 79, 223, 229
Maglon § 174
magnificat § 185
Magpela § 61, 63
Mahalalel § 28
Mahanaim § 72, 214, 299
Makkabeërs § 469
Makkeda § 139
Maleagi § 463
Malkisua § 211
Mamre § 47
Manasse § 77, 404 ens.
manna § 95, 113, 131
Manoag § 166
mantiek § 404
Maon § 206
Maqueda § 245
Mara § 93, 174
Mardoek § 12, 39, 426
Maresa § 262
Margeswan § 472
Mari § 49
Maria Magdalena § 23
Maria § 185
Marib § 245

Masjdjid-el-Anbia § 61
Massa § 96
masseba § 69, 71, 151, 256
Mattan § 344
Mattanja § 417
Mattathias § 469
Mazdeïsme § 436
Medad § 113
mededingster § 185
Meders § 413, 433
Medië § 387, 426
Medo-Persiese ryk § 433
meel § 322
Mefiboset § 217, 223; 2 Sam. 21:8
Megiddo § 148, 239, 258, 412
Mehujael § 26
melaats § 114, 263, 324, 325, 328
melancholie § 200
Melgisedek § 48, 139
Memugan § 446
Menahem § 267, 375, 376
mene § 433
Menelaüs § 468
Menelik § 245
menseoffer § 310
Merab § 202, 223
Merari § 144
Meriba § 96, 118
Merodag-Baladan = Berodag Baladan § 394; 2 Kon. 20 : 12, Jes. 39:1
Merom § 140
Mesa § 268, 308
Mesag § 428
mesasteen § 268
Mesopotamië § 62
Metusael § 26
Metusalag § 28
meubilering § 321
Meüniete § 302
Middelaar-Koning § 189
Middellandse See § 304
Midian § 85
Midianiete § 156
Miga § 149, 223, 249, 403
Migael § 127
Migaja § 259
Migal § 202, 216
Migmas § 194
Migron § 200
Milka § 62
Milkom § 160, 226, 246
Millo § 159, 239, 248, 399
mine § 471
Mirjam § 84
Misael § 428
Mispa § 71, 150, 161, 187, 191, 264 420
Mispe § 204 (1 Sam. 22:3)
Moab § 53, 152, 154, 308, 417
Moabiete § 221, 301, 302, 415, 456
Moabities § 462
Modin § 469
moederbelofte § 20
Molog § 246
mologdiens § 404
monogaam § 62
Moorddal § 379
Mordegai § 447
More § 44
morg § 471
Moria § 60, 219
Moses § 84 ens.
muis § 182
musiek § 190, 200, 222, 508
Mycalae § 447
naak § 16
Naam van God § 86, 87
Naäma § 239
Naäman § 324
Nabal § 206
Nabonidus § 426, 433
Nabopolassar § 413
Nabot § 289, 334
Nadab § 102, 110, 263
Naema § 26, 30
Naftali § 70, 79, 384
naggesig § 429, 444
Nagson § 178
Nahas § 193, 224
Nahor § 29, 62
Nahum § 423
Najot § 202
Nanna, Nannar § 39, 41
Naomi § 174
nasireër § 166, 184
Natan § 222, 234, 416
Natoef § 134
natuurverbond § 35
neanderdaknens § 133, 134
Nebat § 248
Nebo § 127

Nebukadnesar § 413, 415, 426
Nebusaradan § 417
Negeb § 45, 111, 209
Nego § 412
Nehemia § 455
neolithicum § 133
Nergal-Sareser § 433
Nünrod § 38, 40
Nimsi § 279
Nimsiede § 332, 346, 347
Nimurta § 40
Ninevé § 12, 40, 297, 367, 422
Ningal § 42
Nippur § 426
Nisan § 472
Nisir § 34
Noag § 28, 31
No-Amon § 423
Nob § 203
nuwemaansfees § 321
Nuzi § 49, 50, 68, 71
Obadja § 276, 424
Obed-Edom § 222
Oded § 262, 382
Oegarit § 151
Oeroek § 434
Oesdoem § 54
Og § 123
Ofel § 325
offers § 110
Ofir § 239, 245, 304
Ofra § 156, 159
ogdo-on § 31
Oholiab § 103
Omri § 265
Omriede § 332
On § 79
Onan § 73
onderwys in die wet § 300
ongesuurde brode (fees van) § 91, 411
Ono § 456
oorskryffout § 264
Oreb § 157
ordaai § 116, 153, 277
organiese inspirasie § 41
Ornan § 233, 240
Orontes § 297
ostraka § 267, 418, 464
paal § 75, 135
paasfees, pasga § 91, 131, 392, 411, 442
Paddan-Aram § 69
Padi § 394
Palestina § 152
Palmstad § 154
Palti § 202
Paneas § 468
paniek, paniekstemming § 129, 139, 155, 157, 182, 187, 196, 328, 397
papiri § 84, 456, 464
Paradys § 15, 240
parallelisme § 57
Paran § 58, 111
parasang § 471
Pashui § 421
patriarge § 28
Peka § 378 ens.
Pekahia § 376, 378
Peleg § 29
Peninna § 184
Pentapolis § 54
Pentateug § 390
Peres § 73, 178
Perdepoort § 344
Perse § 433
Personele Unie § 218
pes § 397
Petor § 124
Pi-Beset § 258
Pigol § 59, 65
Pinehas § 124, 125, 145, 150, 179
Pireaton § 165
Pisga § 127
Pitom § 81
Plataeae § 447
Pniël, Pnuel § 72, 157, 252
poësie (Hebr.) § 57
poort § 177, 369, 448
poswese § 449
Potifera § 77
Potifar § 74 ens.
proefgebod § 15
profeet, profete § 55, 190, 202, 232, 294
profeteer § 113, 202
profetes § 155
profeteseuns § 286, 288, 317, 326, 332
Prosessiestraat § 434
proskynesis § 132, 182, 343, 449
Psammetichus § 413
Ptolemeërs § 467
Ptah § 12

Pua § 81
Pul § 376, 377
Punon § 122
Pur § 449
Pura § 157
Purimfees § 451
raaisel § 167, 243
Raamses § 81, 82
raas § 277
Rabba § 224
rabsake § 395
rabsaris § 395
Raema § 245
Rafidim § 96
Ragab § 129, 178
Ragel § 70, 190
Ram § 178
Rama § 179, 184, 189, 190, 264, 417
Ramataim § 184
Ramman § 385
Ramot in Gilead § 144, 293, 332
Ras-es-Sufsafeh § 99
Ras Sjamra § 151, 271
Re § 90
Rebekka § 62
Refaim(dal) § 220
Refaïete § 123
Regab § 217, 339; 1 Kron. 2:55
Regabiete § 421
regspraak § 300
Rehabeam § 247, 250
Rehob § 258
Rehobot § 65
Rehu § 29
Rehuel § 85
Rehum § 453
reiniging § 456
Resin § 380
Reson § 239, 281
restourasie (tempel) § 345
Ribla § 414, 417
Rimmon § 160, 324, 385
Rispa § 197, 215, 223
roede § 471
Roepersfontein § 170
Rogel § 234
Rooi See § 304
Rots van Skeiding § 206
rou, -gebruike, -klere § 61, 227, 292, 450, 460
rouklag § 254
Rut § 174
"ryksdag" § 236
Sabbat § 95, 116, 426, 461, 462
sabbatsgebod § 103, 109
sabbatsviering § 321
Sabdi § 135
Sadok § 179, 222, 229, 231, 236
Sadrag § 428
Safan § 410, 420
Saf at § 279
Sagaria § 345, 360, 373, 441, 444
Saïr § 312
Sais § 387
sakrale prostitusie § 261, 409
Salamis § 447
Salem § 48, 139, 219
salf § 190, 414
Sallum § 375, 414
Salma § 178
Salmaneser § 297, 343, 387
Salmon § 178
Salmuna § 157
Salome § 469
salwing § 199, 279, 332
Samaria § 266, 267, 469
Samaritane § 390, 469
Samgar § 154, 181
Samuel § 179, 180, 184
Sanballat § 456
Sanherib § 39, 393 e.v., 434
"saq" § 450
Sardis § 426
Sarfat § 274
Sargiete § 135
Sargon § 136, 387, 389, 393, 440
sarkofaag § 123
Saul § 190
Sawe § 48
sea § 471
Sealüel § 438
Seba § 157, 232, 245
Sebaot § 184
Sebaste § 267
Sebastije § 267
Sebat § 472
Seboïm § 47, 53
Sebudda § 417
Sebulon § 70, 79
Sedekia § 294, 416, 417, 421

Seëb § 157
seël § 365
See van die Vlakte § 367
Seevolke § 152, 219
Sef anja § 422
Seganja § 454
Segub § 271
Seïr § 72, 358
seksagesimaal § 135
Sela § 73
Selag § 29
Seleucide § 467
Selün § 124
Sem § 36
Semaja § 250, 257
Semer § 266
"sendingboek" § 371
Sene § 196
senotaaf § 61
septuagint § 79, 467
Serag § 73, 262
Seraja § 222
Sered § 123
Seres § 450
Serubbabel § 416, 437, 438
Senija § 208, 215
Sesbassar § 437
Set § 28
Setar-Bosenai § 441
Sewende dag § 95
Siba § 223, 231, 299
sibbolet § 164
Siddim § 47
Sidon, Sidoniërs § 271, 417
Siëne § 464
Sif § 472
Sif iete § 206, 208
Sifra § 81
Sigem § 44, 72, 73, 137, 144, 147, 247, 248, 251
Sigri § 381
Sihon § 123
sikkel § 471
sikkoeraat, siqquraat § 39, 434
Siklag § 209
Silo § 143, 179, 255, 317
Siloam § 399
Siloatonnel § 399
Silla § 26
Silpa § 70
Simea § 227
Simeï § 231, 236, 237, 299
Simeon § 70, 73, 79
Simon (Makkabeër) § 469
Simri § 124, 265, 336
Simson § 166, 181
Sin (maangod) § 39, 426
Sin (woestyn) § 95, 115
Sinai § 86, 99
Sinai-skiereiland § 304
Sinear § 38, 47, 135
sinkretisme § 347, 355, 389, 390, 440, 464
Sion § 219
Sippar § 34
Sippora § 85
Siqquraat § 39
Siriërs § 281, 297
Sisera § 155
Sittim § 124, 129
Siwan § 472
Sjamasj § 34
Sjeba § 245
Sjefela § 73, 361
sjibboiet § 164
Sjoe § 12
Sjoebad § 42
Sjurippak § 34
skaamte § 16
skandseuns § 256, 261, 299
Skeba § 244, 245
skeermes § 184
Skelfsee § 92, 115, 122, 239
skeidsregter § 179
skeur (klere) § 410
skietgebed § 455
skilde § 257
skinker § 455
skoen § 177
skouerkleed § 103, 158, 196, 209
skrikkelmaand § 472
skuldoffer § 182
slang § 18
slangebeswering § 89
slawe § 417
slawerny § 457
sluier § 62, 73
So § 387
Soan § 76, 115, 239
Soar § 54
Soba § 221, 224

Sobag § 224
Sobi § 226, 229
Sodom § 47, 53
Sumeriërs § 17, 34
soewereiniteit § 401
Sofag § 224
Sogo § 201
Sohelet § 234
soldatekoning § 233, 266
Solem § 321
solidariteitsgedagte § 133, 145
sondoffer § 441
sonpilaar § 261, 409
soorte § 5
Sorea § 166
Sorek § 182
som § 159, 318, 453
Soutdal § 357
Soutpüaar § 54
Soutsee § 47
soutverbond § 260
speen § 383
spelonke § 203
Spruit § 222
spyswette § 428
Steekdoringdorsvloer § 79
Steenbokrotse § 207
Stefanus § 61, 79
storaksgom § 103
storm § 317
stratigrafie § 267
Sua § 73
Suezkanaal § 304
Suf § 184
Suidland § 45, 111
suiweringseed § 192
Sukkiete § 257
Sukkot § 72, 157; (in Egipte) § 91
Sultansbron § 318
Sumer § 42
Sunem § 209, 321
Sur § 50, 93, 125
Susan § 446, 447, 449
swaershuwelik § 73
swaweltjie § 34
taal § 38, 462
Taánag § 148, 258
Tabeal § 380
Tabera § 112
tabernakel § 103
Tabor § 155, 157
Tabrimmon § 264
tafel (toonbrode) § 103
talent § 471
Tamar § 73, 178, 227; 2 Sam. 14:27
Tammus § 472
Tanis § 76, 115, 239
tardeema § 208
tarsisskepe § 239, 304
tartan § 395
Tattenai § 441
Taylorprisma § 394
Tebes § 159
Tebet § 472
Tefnakti § 387
Teima § 426, 433
teken § 383
Tekoa § 369
tell § 124
Tel-Abib § 426
Teleilat Ghassoel § 54
tell-Balata § 159
tell es Soeltan § 124
Teman § 243
tempelmusiek § 235, 242
tempelprostitusie § 73, 256
tempeltoring § 39, 434
tent van samekoms § 107
teofanie § 52, 86, 132, 156, 297
teofore eiename § 255, 324
teogonie § 12
teokrasie, teokraties § 151, 158, 189, 195, 392, 408
Tera § 29, 41
terafim § 71, 73, 149
Teres § 448
tetragrammaton § 87
Thebe § 258, 423
Tiamat § 12
Tibni § 266
Tideal § 47
tiendes § 48, 69
tien maal § 71
Tifsag § 376
Tiglat-Pileser § 362, 377
Tigris § 15
Timna § 73, 167
Timnat-Serag § 144
tipe § 189, 235
tiran. § 182

Tirhaka § 397
Tirsa § 255, 264
Tirus § 222, 271, 417
Tisbe § 272
Tisri § 472
Tob § 161
Tobia § 456, 462
Tofet § 379
Tola § 160
tonnel § 219
towerheks § 210
triomfboog (van Titus) § 103
troos § 28
Tubal-Kain § 26
Tyropoiondal § 219
uitgiet (water) § 187
uitspansel § 4, 12
Ur § 39, 41, 42
uraeus § 89
Urartu § 33
Uria § 225, 379, 385, 415
Uriël § 259
Urim § 126
Urim en Tummim § 103, 1%, 204, 437
Ussa § 222, 407
Ussia (= Asarja) § 359, 360
usurpator § 263, 271, 337
Uta-napisjtim § 34
varkvleis § 468
vas, vasdag § 187, 290, 292, 302, 372, 450, 460
Vasti § 446
veldduiwels § 434
Veld van die swaardskerptes § 215
verbond § 49, 108, 193, 461
verbond (Noagities) § 31, 35
verbondsark § 150, 240
Zarathoestra § 436
Zeuskultus § 468, 469
Zin § 115
Ziusudra § 34
Zoroaster § 436
verbondsboek § 410
verbondsmaaltyd § 71
verbondsvemuwing § 108, 147, 461
vergeldingsteorie § 275
vis § 462
visioen § 294, 295, 427
Vlakte (die) § 304, 417
vlieë § 305
vloek § 124, 149
volketafel § 37, 79
volkstelling § 233
voorhof § 302
voortekens § 404
vredeoffer § 102, 193
Vriend van God § 302
vrystede § 144
vuuroffer § 459
vuurteken § 418
waarheidsgevoel § 294
waarsêers § 404
Wadi es Sant § 201
Watzinger § 124
watergebrek § 308
Waterpoort § 458
werpmasjiene § 361
wetboek § 410
wetsgetrouheid § 447
wetsonderhouding § 426
wierook § 103
wierookaltaar § 261
wierookbrand § 314
wilde-esel § 50, 433
wondergeloof § 318
wydingspreuk § 242
Xerxes § 434, 445
Xisouthros § 34
yster § 152, 194, 201, 326